# DIE NUWE BYBEL

## Boek 1 - Die Liefde

## Boek 2 - Die Wysheid

## Boek 3 - Die Bekragtiging

Boek gedruk deur Dogter van Sion *Tweede druk: Desember 2013*

*Adres: Posbus 1130, Hartebeespoort, 0216*

*Webadres: www.nuweopenbaring.co.za*

*Epos: dogtervansion@gmail.com, Tel: 012 376 4304, Sel: 078 140 6677*

# DIE NUWE BYBEL
## (met die Heilige Name)

## Boek 1 - DIE LIEFDE

## INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| Voorwoord | MY Anker van Verlossing | 5 |
| Hoofstuk 1 | KONINGIN VAN DIE HEMELE | 27 |
| Hoofstuk 2 | Gehoorsaamheid | 67 |
| Hoofstuk 3 | MY Genade | 84 |
| Hoofstuk 4 | MY Barmhartigheid | 96 |
| Hoofstuk 5 | Die Heiligheid van die Huwelik | 106 |
| Hoofstuk 6 | Die Vergifnis van Sondes | 185 |
| Hoofstuk 7 | Die Wedergeboorte | 207 |
| Hoofstuk 8 | Die NUWE JERUSALEM | 226 |
| Finale appèl | | 298 |
| Voltooi | | 299 |
| Nuwe Bybeltaal skeppings | | 303 |

**DIE NUWE BYBEL**

**HEILIG**

**is Hierdie Boek van Boeke,**

**DIE NUWE BYBEL, want**

**elke woord op hierdie bladsye**

**is**

**ELOHIM SE HEILIGE WOORD,**

**DIE STEM VAN DIE MEESTER,**

**JULLE SKEPPER**

**VAN EWIGHEID TOT IN EWIGHEID**

**WIE**

**julle hierdie**

**NUWE BYBEL**

**bied as 'n**

**ANKER VAN VERLOSSING**

**vanuit duisternis en angs.**

***Geopenbaar deur***

DIE GENADE VAN ELOHIM DIE MEESTER


IN SY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE.

DIE HEILIGE TRILOGIE VAN DIE BYBEL-CORPUS:

Net soos wat die Nuwe Testament die Ou Testament volg, en beide die Bybel tot sover bekend gevorm het, so word deur ELOHIM se Heilige wil die volgende NUWE BYBEL bygevoeg om alles te voltooi en dit vorm dus:

DIE HEILIGE TRILOGIE

Ou Testament - Nuwe Testament - NUWE BYBEL




Inderdaad het die

mensdom nog nie daarin geslaag om die nodige volwassenheid te bereik om die direkte weg na ELOHIM te neem nie, nie deur DIE OU TESTAMENT of DIE NUWE TESTAMENT nie, hoewel dit moontlik gemaak is deur die MEESTER se WERK van verlossing in JAHSHUA DIE GESALFDE wat die unieke ware weg geopen het na ELOHIM. Was die nodige volwassenheid bereik, sou die mensdom 'n lewende NUWE BYBEL gevorm het vir alle tye en ewigheid deur in ELOHIM SE EWIGE LIEFDE te lewe en so ELOHIM se EWIG HEILIGE EN VOLMAAKTE WIL vervul het.

Soos wat dinge egter is, is ELOHIM DIE MEESTER gelei om in te gryp in die gebeure van hierdie Aarde met hierdie NUWE BYBEL, nie net om die mensdom te red van die onvermydelike, selfopgelegde ondergang nie, maar ook om hom te lei op die pad na die uiteindelike doel van die Skepping vir alle mense op Aarde, naamlik om ELOHIM SE VOLMAAKTE BEELD te word.

## 'n Algemene fout

Dit is 'n algemene fout om te glo dat die laaste verse van die Openbaring aan Johannes vir ewig 'n einde gestel het aan die teks van die hele BYBEL. Die waarskuwing daarin vervat om nie iets by hierdie profesie by te voeg nie, is duidelik – en elkeen kan maklik oortuig word dat dit slegs betrekking het op hierdie boek van profesie alleen en nie die hele BYBELTEKS nie. Inderdaad is eerder die teendeel waar, want in Johannes 16:12-13 het JAHSHUA gesê:

"EK het nog baie dinge om aan julle te sê, maar julle kan dit nie nou dra nie, maar wanneer die Gees van Waarheid gekom het, sal (die Gees) julle in die hele waarheid lei."

Dit is net so 'n algemene misvatting dat alle openbarings in JAHSHUA DIE GESALFDE vir ewig geëindig het. Nêrens in die Bybel kan so 'n eis gegrond of bewys word nie.

ELOHIM se onpeilbaar EWIGE WYSHEID het geen grense nie! As daar enige beperking in sy skepping was, sou ELOHIM nie ewig of oneindig kon wees nie. ELOHIM SE EWIGE LIEFDE stroom uit in die oneindigheid van die heelal in, net soos wat dit uitstroom deur hierdie NUWE BYBEL na al SY kinders op hierdie Aarde in `n ondenkbare OORVLOED VAN GENADE, waaruit almal sal kan put, die wat hul sal wend tot die mees vurige en genadige Liefde, waardeur hy

SY HEMELE,

DIE KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE,

sal bereik.

# DIE HEILIGE Voorwoord van ELOHIM die MEESTER vir DIE NUWE BYBEL

ELOHIM DIE MEESTER SPREEK:

DIE NUWE BYBEL

is

MY GENADE

aan die mensdom

in die maalkolk van MY Teenpool

EN IS MY GENADE

aan elke siel in 'n menslike gewaad

EN IS

MY ONEINDIGE LIEFDE

aan elke mens,

ongeag sy afkoms, geloof, eienskap, rang, en ligging, want alle mense is MY kinders en kom vanuit MY VADERLIKE HART en almal sal hierdie NUWE BYBEL benodig vir hulle redding, verlossing, en hul verheffing tot

MY DIE SKEPPER
VAN HEMELE EN DIE AARDE.

1 LIEFDE
IS DIE GROOTSTE KRAG
IN DIE HEMELE
EN OP DIE AARDE.
2 EK JAHWEH,
giet
DIE LIG VAN ALLE LIGTE
met hierdie
NUWE BYBEL

sodat jy, mens van hierdie Aarde en kind van MY LIEFDE, MY GENADE EN MY MEDELYE, julle oë kan oopmaak en besef waarom hierdie NUWE BYBEL so 'n dringende behoefte is as `n

VERDERE DAAD VAN GENADE

van julle

ELOHIM EN HEMELSE VADER,

WIE vir ewig brand met LIEFDE vir julle en julle ook so in LIEFDE onderhou - die mees vurige LIEFDE, spreek EK JAHWEH - terwyl EK skaars een jota of tittel van hierdie LIEFDE ontvang, nie eers van die kinders wat MY liefhet nie, want hulle het MY nie lief soos wat EK liefgehê wil word nie.

3 Want julle mensekinders wat MY liefhet, wat kerke vir MY bou en wat voortdurend tot MY bid, julle lei nie 'n lewe van LIEFDE op so 'n wyse dat julle Liefde suiwer genoeg is voor MY HEILIGE AANGESIG nie;

4 want julle lees nie die bestaande Bybel met die suiwer sintuie van MY HEMELE nie, julle het nie in julle hart die HEILIGE LIEFDE gevoel wat deur al die Bybelse woorde en letters dring nie en het julle lewe nie dienooreenkomstig ingerig nie,

5 want as julle dit gedoen het, sou julle nie dié uiterlike gewels van MY LIEFDE opgerig het nie, maar in plaas daarvan die ware innerlike kerk van MY LIEFDE in julle hart en julle sou nie verwaand op `n troon gesit het asof niks anders in MY SKEPPING bestaan behalwe die Liefde-gesprinkelde gewels nie, julle sou nie eis dat julle alleen korrek is in geloofsake wat op MY betrekking het nie, julle sou julle nie as die enigste gevolmagtigde van MY HEILIGE wil en soos die skrifgeleerdes van weleer, besluit wat reg of verkeerd is voor MY DIE MEESTER nie! Julle gelowiges voel selfs dat dit gepas is vir julle om te oordeel en te bepaal wat MY HEILIGE STEM is en hoe en waar

die STEM VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER aangehoor kan word, en nou gaan julle MY, JULLE ELOHIM, MEESTER EN SKEPPER VAN DIE HEMELE EN AARDE ook sensor, deur te besluit of EK 'n NUWE BYBEL mag publiseer al dan nie, julle gaan bepaal of hierdie NUWE BYBEL VAN MY LIEFDE, GENADE EN BARMHARTIGHEID van MY af kom al dan nie!

6 Voorwaar, julle het altyd gepoog om julle verstand bo MY ondeurgrondelike wysheid te stel en nog steeds glo julle dat julle lief is vir MY JULLE ELOHIM EN SKEPPER! Wat is oor van julle nederigheid voor MY? Wat bly van julle belydenis oor wat julle so dikwels bid: "Vader, laat slegs U HEILIGE wil op die Aarde geskied, net soos in die Hemele!"?

7 Kyk self waar julle staan, sonder dat EK dit vir julle moet vertel! Julle staan beslis nie voor DIE POORT VAN MY HEMELE nie! Julle het die verkeerde rigting geneem. Julle het in die Bybel dit ingelees wat julle die meeste gepas het en julle het julleself as regters aangestel, nie net oor julle mede-skepsels nie, maar selfs oor MY JULLE SKEPPER!

8 Besef julle nou waarom EK JAHWEH, julle 'n NUWE BYBEL moet gee deur MY GENADE EN BARMHARTIGHEID? - EK moet 'n NUWE BYBEL in julle hande plaas, nie omdat EK dit fundamenteel wou gehad het nie, maar omdat julle, mensekinders, deur julle blindheid, hardkoppigheid en oorslimmigheid, iets anders wou gehad het as wat EK JAHWEH wou hê. En julle verstaan nog nie wat dit beteken om

*ELOHIM bo alles lief te hê*

*en jou naaste soos jouself nie!*

*(Volgens Markus 12:30-31)*

9 Dus is MY NUWE BYBEL dit wat nodig is vir kinders wat stadig is om op skool te leer, naamlik 'n kruk en 'n hulpmiddel, maar

ook van tyd tot tyd 'n streng woord om hulle gehoorsaam te maak.

10 Voorwaar, spreek EK JAHWEH, MY NUWE BYBEL is dus 'n werk van GEDULD vanuit MY GENADE EN MEDELYE vir julle, sodat julle die HEILIGE POORT VAN MY HEMELE kan bereik en nie aanhoudend verdwaal op die pad na MY in die onkruid wat julle self gesaai het nie. Maar wie hom ookal sal vererg vir hierdie onvermoeide openbaringe, sal nog meer verstrengel raak in die onkruid van sy aangewese Teenpoolvermoëns, en sal bly hang waar sy eie ongehoorsaamheid hom gebring het.

11 Maar elkeen wat deur MY GENADE gered wil word van die vervuilende onkruid van eiewysheid, wat een van die ergste eienskappe van MY teenpool op hierdie Aarde is, moet in die diepste nederigheid en suiwerste Liefde vir MY DIE MEESTER, induik in hierdie MY NUWE BYBEL VAN GENADE, wat elkeen na MY Hemele sal bring, insoverre hy elke woord van hierdie NUWE BYBEL tot op die laaste tittel sal nakom.

12 Die NUWE TESTAMENT moes gekoppel word aan die OU TESTAMENT, na aanleiding van MY AARDSE LEWE IN JAHSHUA DIE GESALFDE en MY DOOD AAN DIE KRUIS OP GOLGOTHA, sodat julle mensekinders kon besef wat die LIEFDE VAN JULLE ELOHIM EN VADER VAN HEMELE EN AARDE vir julle bewerkstellig het.

13 Die paar wat werklik in MY voetspore gevolg het, het inderdaad daarin geslaag om die saad van MY LIEFDE te versprei, maar die wêreld wat julle gemaak het, het altyd oor MY SAAD VAN LIEFDE getrap: Dis geen wonder dus dat 'n wêreld van duiwelse onkruid oraloor floreer en nie sal ophou om te floreer, tensy julle hiervoor uitreik nie, naamlik vir:

MY NUWE BYBEL.

14 Daardie duiwelse onkruid sal slegs vermenigvuldig waar daar

geen LIEFDE is nie. Oral waar MY LIEFDE in MY kinders se harte woon, sal die LIG WAT UITVLOEI VANUIT MY VADERLIKE HART eindeloos en vir ewig die vermenigvuldigende SAAD VAN MY EWIGE LIEFDE tevoorskyn bring, om sodoende die hel in en om die mens op te los.

15 Julle sal saamstem, mensekinders van hierdie Aarde, dat julle eerstens die vonk van LIEFDE vir MY en julle naaste, insluitend jouself, sal moet aansteek, sodat julle MY kan begin liefhê in julle OORGEERFDE GODDELIKE VONK van julle hart, met die vurigste vuur van barmhartige LIEFDE.

16 Daarom kan die eerste volume van hierdie NUWE BYBEL geen ander titel as dié van

DIE BOEK VAN LIEFDE dra nie.

DIE NUWE BYBEL - MY Anker van Verlossing vir alle mense op hierdie Aarde. Aan almal met `n menslike aangesig

1 Dit is die eerste keer op hierdie Aarde dat die LIEFDE se oorspronklike beginsel aan die mens geopenbaar word deur MY, JULLE ELOHIM EN SKEPPER van ewigheid tot ewigheid sodat julle kan weet wat die LIEFDE werklik is, waar en hoe LIEFDE onuitputlik uitvloei en dat julle kan opstaan en loop na die LIEFDE, sodat elkeen wat 'n menslike aangesig het, nog steeds in die laaste oomblik gered kan word, voordat hy in uiterste duisternis verval.

2 Tog is dit nie die enigste ding wat nodig is om julle te red van die nag en angs nie, nee, MY HEILIGE WIL, wil ook dat julle kinders, wat afkomstig is van die ALLERHEILIGSTE VAN MY VADERLIKE HART, opgewek word uit die helse vlaktes van julle wese en dat julle gelei word na MY huis in MY Hemele.

3 Hierdie NUWE BYBEL is dus van uiterste belang vir julle, o mensdom, ongeag julle ras en kleur, of watter volk julle aan behoort en die land waarin julle woon, ongeag watter geloof julle bely.

4 Inderdaad, hierdie NUWE BYBEL sal julle anker van verlossing word wat EK DIE SKEPPER EN MEESTER van alle lewe, uitgooi na julle, die mensdom van hierdie Aarde, as 'n gawe van MY GENADE, MY MEDELYE EN MY EWIGE, ONEINDIGE LIEFDE.

5 Julle moet dus hierdie HEILIGE ANKER VAN VERLOSSING van julle ELOHIM inderdaad aangryp, want EK kan nie en behoort dit nie vir julle te doen nie. Julle moet dus self hierdie ANKER VAN REDDING VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER aangryp, en vasklou DAARAAN, en terwyl julle julle oë oprig na MY, JULLE VERLOSSER, laat julle uitgetrek word uit hierdie dwarreling van julle eie skepping, wat julle by die rand van die gapende afgrond van die hel gebring het, - want julle sal met geweld in

daardie inferno gesleep en ingesluk word, as julle nie hierdie HEILIGE ANKER aangryp om redding nie.

6 As EK JAHWEH, julle so te sê, met MY Mag vasgemaak het aan hierdie ANKER VAN MY GENADE, MEDELYE EN LIEFDE - en werklik, niks sou vir MY makliker gewees het as dit nie – sou daar geen sin daarin gewees het om julle te skep nie, daar sou geen behoefte gewees het om Lewe en `n Siel in julle te blaas nie, of om MY ERFLATING VAN EWIGHEID in julle hart te plaas nie.

7 Want, as EK julle aan hierdie HEILIGE ANKER VAN VERLOSSING vasgemaak het, sou julle mense niks anders as stukke vrot dryfhout gewees het en nie mense toegerus met alles uit MY nie, met wat EK IS, JULLE ELOHIM, MEESTER EN SKEPPER, en wat EK AS JULLE ELOHIM VAN EWIGE LIEFDE VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID, het nie.

8 Probeer tog om te verstaan wat EK van weleer gesê het as JAHSHUA, naamlik dat julle die KONINKRYK VAN DIE HEMELE met krag na julle moet aantrek, dit wil sê, klou aan hierdie ANKER VAN VERLOSSING deur MY HEILIGE HAND uitgegooi, sodat julle gered kan word van die maalkolk van die hel. En as julle dit nie wil doen nie, sal EK julle nie dwing om die ANKER VAN DIE REDDING VAN MY GENADE, MEDELYE EN LIEFDE te neem nie. Julle moet en sal julle vrye wil wat heilig is, hou, aangesien dit uit MY spruit, want julle is meer as verrotte hout en moet vry besluit, hetsy vir MY, ELOHIM DIE MEESTER, of vir die hel.

9 MY LIEFDE verbied MY om te peuter met julle Ewige vrye wil. Slegs deur die beoefening van julle vrye wil kan julle MY HEMELE bereik, op geen ander manier nie.

## Die Vrye Wil, kern van MY HEILIGE erflating in die hart van die mens

10 As julle maar net geweet het, o mensekinders, wat die wese van die menslike natuur is, sou julle meteens volmaak geword het! Dit kan EK JAHWEH, JULLE ELOHIM EN SKEPPER julle vertel, mensekinders van hierdie Aarde, want EK alleen weet wat die wese van die menslike natuur is en wat julle in staat stel om MY VOLMAAKTE BEELD te word.

11 Julle mag dalk 'n aanduiding van julle ware aard hê. Dit kan julle kry wanneer julle Liefde vir MY, JULLE ELOHIM EN SKEPPER, opvlam, aanvanklik 'n flou asemteug, maar hierdie vlietende bewustheid is ver te min vir die sekerheid wat nodig is om die selfgemaakte sluier van julle wêreldse blindheid te deurdring, wat verhoed dat julle geestelike helderheid bereik. Hierdie mislukking is die gevolg van julle gebrek aan LIEFDE vir JULLE SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE.

12 Enige tyd gedurende jou aardse lewe kan jy duidelik voel waarom jy by uitstek 'n mens is, want op enige tydstip van jou lewe kan jy jou vrye wil uitoefen net soos wat jy voel.

13 Is julle mensekinders dan nie vrye skepsele nie? Is julle dan nie toegerus met vermoëns wat geen ander skepsel het nie?

14 As dit dan so is, behoort jy te erken dat jy deel in 'n GENADEGAWE en dat hierdie unieke en onbeperkte GENADEGAWE onmoontlik gegee kon word deur enigiemand anders as JOU SKEPPER nie, en deur HOM alleen is jy daarmee geseën bo alle ander wesens van SY EWIGE SKEPPING.

15 Die bewustheid van hierdie GENADEvan MY moet jou werklik in 'n toestand van nimmereindigende LIEFDE vir MY plaas. Maar EK sê: Nie om MY ontwil moet jy MY, JOU SKEPPER, onbepaald en vuriglik liefhê nie, maar om jou eie onthalwe,

want slegs dan kan MY GENADE in julle in werking tree, naamlik dat EK, JOU ELOHIM EN SKEPPER oneindig is, onbegrens en onbeperkte oorvloed is van die suiwerste HEILIGE GEES.

16 Want dit is waarom EK HY IS, VIR WIE alles moontlik is, want EK IS IN MY ALLES en kan te eniger tyd ALLES van MYSELF WAT EK IS EN AL WAT EK WIL uitgee.

17 Daarom is EK ELOHIM die MEESTER, want omdat EK IS, HET EK DIE VOLLE MEESTERSKAP IN ONBEPERKTE OORVLOED EN EWIGE VOLMAAKTHEID. Dit beteken - en jy beter in jou hart daarop let - dat EK nie eers vir 'n enkele teug van MY EWIGE WESE effens sal afwyk van die VOLLE TOT STAND GEBRINGDE VOLMAAKTHEID IN MYSELF nie.

18 Want as dit nie die geval was nie, dan

sou niks vanuit MY kon kom as LEWE nie,

niks sou homself kon voortplant as LEWE nie,

niks sou ooit kon bestaan as LEWE nie,

niks, as vermenigvuldigende LEWE, sou kon vorder

en ontwikkel tot hoër vorms van bestaan nie!

Nooit sou jy 'n lewendige en onsterflike SIEL gehad het nie!

Nooit sou 'n Gees in jou gewerk het nie!

19 Probeer dus om hierdie LIEFDE VAN JOU ELOHIM te verstaan, Wie as die EWIG GROOTSTE GEES IN VOLMAAKTHEID, jou, o mensekind, toelaat om uit te tree as:

ERFGENAME VAN SY EIE VOLMAAKTHEID

IN SY EWIGE LEWE AS EWIGE LEWE!

20 Julle, o mensekinders, ontvang dus 'n verdere nalatenskap van MY, naamlik die EWIGE LEWE. Julle is EWIG, net soos EK is! En ewig is MY LIEFDE teenoor jou. Want MY LIEFDE is nie 'n

verbygaande vlam nie! Dit kan nie kortstondig wees nie. MY LIEFDE kan nie 'n kortstondige opwelling wees nie, want MY LIEFDE is volmaak.

21 MY LIEFDE vir julle, o mensekinders, is dus oneindig en ewig.

## Die Heilige vonk met MY Ewige volmaaktheid / Die erfdeel van die Ewigheid uit MY.

22 EK het julle, o mensekinders, geskep deur wat EK IS AS EWIGE GEES VAN VOLMAAKTHEID, vry te stel en in julle te plaas.

23 Daarom is julle, o mensekinders, MY geseënde kinders. EK JAHWEH het julle toegerus, KINDERS VAN MY LIEFDE, met 'n GAWE VAN MY GENADE deurdat EK julle die VOLMAAKTE VRYHEID toegeken het wat EK SELF IS VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID. Hierdie GAWE van MY GENADE omvou in julle die waardevolste ding:

'N HEILIGE VONK

WAT EWIGE VOLMAAKTHEID INSLUIT.

24 Hierdie EWIGE GLOEIENDE KOOL VAN MY VOLMAAKTHEID werk onfeilbaar binne-in jou. Dit vul die onsterflike siel wat EK julle gegee het en wat nie vernietig kan word nie. Want dit is met MY, DIE EWIGE ELOHIM verenig. DIT IS 'N GEES UIT MY, 'N GEES VAN MY HEILIGE GEES. Dit is dit MY EWIGE ERFLATING aan jou, wat jou in staat stel om die doel van MY skepping te bereik: - om MY VOLMAAKTE BEELD te word!

25 Maar wat se erfgename van MY HEILIGE ERFLATING het julle geword? Daar is net een antwoord: Die mees onwaardigste erfgename! Die ondoeltreffendste, onbetroubaarste trustees van die edele vermoëns wat EK julle geskenk het! En EK kan

selfs daarby sê, met betrekking tot 'n hele aantal van julle: Moedswillige erfgename het julle geword, wat nie net MY HEILIGE ERFLATING deurbring nie, maar dit selfs verpand aan MY Teenpool, geklee in sataniese menslike gelaat, en dit dan werp op die duiwelse skaal teen MY om sodoende die HEILIGE DOEL VAN MY SKEPPING te dwarsboom!

26 EK JAHWEH sê vir julle: As EK nie so nou en dan nuwe impulse in sommige van MY aardse kinders geplaas het nie, sou MY HEILIGE ERFLATING nie langer werkend gewees het in hierdie menslike ras nie. Hierdie gevaar, wat die kinders van MY EWIGE LIEFDE voortdurend veroorsaak het deur hul slegte lewenswyses, sodat MY GAWES VAN GENADE maar net verwelk het in die mens, terwyl hy wegdryf van sy eindbestemming, naamlik om `n VOLMAAKTE BEELD VAN MYSELF te word, - hierdie ontwrigting sê EK, is die rede waarom EK ELOHIM DIE MEESTER, van tyd tot tyd met geweld moet ingryp in die verloop van gebeure op hierdie Aarde.

27 Maar voordat EK weer sal inmeng, soos wat EK een keer gedoen het met die Groot Vloed, ten einde die duisternis te verhoed om MY HEILIGE ERFLATING heeltemal in die harte van MY aardse kinders te versmoor, sal EK eers die mensdom 'n barmhartige UITSTEL verleen, dus deur MY oneindige LIEFDE EN GENADE, die mensdom 'n laaste kans gun om al die verkeerde dinge te staak en so hulself in die diepte van hulle harte te raadpleeg om so MY HEILIGE EWIGE NALATENSKAP, die geskenk van MY DIE EWIGE LIEFDE, op te spoor en te ontbloot.

28 En probeer verstaan dat die huidige tyd `n UITSTEL en `n vooraf waarskuwing is! Mag die regte lig opkom in julle harte, o mensekinders, wat julle sal toon waarom EK JAHWEH julle hierdie NUWE BYBEL gee as 'n anker van verlossing in die nag en die nood van julle harte, waarin MY GODDELIKE ERFLATING

begrawe lê!

29 Lei dus 'n lewe van LIEFDE, sê EK vir julle, want slegs die LIEFDE bring die LIG in die nag van julle hart!

30 Want die nag in julle harte is deur julle eie toedoen en het geen ander oorsaak as julle liefdeloosheid in alle dinge nie. Julle swoeg aan sonder die regte mate van LIEFDE, deur van alles gebruik te maak vir die uitsluitlike doel om julle selfsugtige begeertes te bevredig en nie te dink in terme van suiwer, barmhartige LIEFDE nie, maar deur julle moedswillige eieliefde, saad na saad van die duiwelse onkruid te saai wat opspruit in die vorm van die mees aakligste eienskappe in die mensdom, waarin die hartlike Liefde van MY HEILIGE GODDELIKE ERFLATING heeltemal ontbreek.

31 Hierdie NUWE BYBEL VAN MY GENADE moet dus oor die hele wêreld versprei word om al die KINDERS VAN MY EWIGE LIEFDE in al die volke van die mensdom te bereik, sodat MY HEILIGE ERFLATING in die harte van die mensdom vrygestel kan word, sover as wat dit nog moontlik is.

32 Dit is waarom EK JAHWEH smeek dat elke mensekind deur middel van hierdie NUWE HEILIGE BYBEL VAN MY, van plan sal verander en omdraai na die LIEFDE; om hom te weerhou van dade wat die ware LIEFDE van MY in hom sal onderdruk, maar in plaas daarvan net te doen wat geskik is om die ware LIEFDE in mense se harte aan te steek, om MY HEILIGE ERFLATING vry te laat en te verseker dat die LIEFDE seëvier oor die duiwelse blindheid, sodat die mensdom deur die LIEFDE opwaarts kan begin na die HEMELE VAN MY VOLMAAKTHEID, in stede van om verlore te gaan in 'n helse dood van geil boosheid.

33 DIE MEESTER is van plan om julle harte te beweeg met hierdie NUWE BYBEL deur te vertel dat EK nog altyd die roer van die mensdom se skip in MY hand gehou het en EK nie sal

toelaat dat die mensdom in die afgrond van die hel induik nie. Wat EK JAHWEH bring met hierdie NUWE BYBEL as 'n GESKENK VAN MY GENADE aan al die kinders van MY LIEFDE, - voorwaar sê EK JAHWEH - is die hele

LEËR VAN MY HEMELE

wat gereed staan om julle te help om nie 'n speelding van die hel te word nie.

34 EK DIE ALMAGTIGE sê: MY tyd het nog nie gekom om met MY ALMAG in te gryp nie. Om die waarheid te sê, EK verkies eerder om daardie oomblik uit te stel en daarom beroep EK MY tot alle beskikbare middele van die barmhartige LIEFDE deur die GEES VAN MY HEMELE in 'n poging om MY aardse kinders se sintuie na die HEILIGSTE toe te wend, wat deur MY GENADE rustend binne hulself lê.

35 Hierdie tyd op Aarde is werklik 'n TYD VAN GENADE soos wat daar nog nooit was nie. Want MY KONINKRYK VAN LIEFDE, GENADE EN MEDELYE lê wyd oop, deur middel van hierdie NUWE BYBEL aan die ganse mensdom, en wat EK JAHWEH, deur MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE deurstuur, en wat deur die KRAG VAN MY LIEFDE Sy opruk na hierdie Aarde begin het teen alle hel en nie sal ophou alvorens LIG op Aarde sal heers in die harte van alle mensekinders wat van goeie wil is nie, totdat 'n nuwe Aarde met 'n NUWE MENSSOORT VAN LIEFDE sal juig omdat hulle MY HEILIGE ERFLATING binne hulself opgespoor het en dat hulle op die regte pad is.

36 Julle, kinders van die Aarde, wil nie glo dat julle werklik in staat is om volmaakte dinge soos EK, JULLE ELOHIM EN SKEPPER te bereik nie, en tog hang die waarheid voor julle oë, naamlik dat julle die toerusting het om ware KINDERS VAN ELOHIM te word en op te staan deur MY HEILIGE ERFLATING binne-in julle, om eendag 'n VOLMAAKTE BEELD VAN MYSELF te

word.

37 Hierdie vooruitsig behoort jou in staat te stel om deur te breek deur die swaar kleed van jou menslike gewaad en jou te weerhou daarvan om jou selfgeskepte en selfveroorsaakte wêreldse omstandighede te aanvaar, wat jou wel kan laat sê, soos wat baie mense alreeds in hulle blindheid doen: "GOD is dood!" Natuurlik, " is ELOHIM dood" vir hom wat homself met ope arms in die kloue van MY Teenpool werp, en wat dag na dag dieper afgetrek word in buitenste duisternis in, ver van ELOHIM verwyder.

38 Tog sê EK JAHWEH: Niemand kan so diep val en nie redbaar bly in MY lig nie!

39 'n Paar het tog daarin geslaag om die HEILIGE ERFLATING lewend te hou binne hulself, nie net tot voor MY Groot Vloed nie, maar ook voor MY MENSWORDING op Aarde in JAHSHUA DIE GESALFDE. Hierdie haglike situasie het nog voortgegaan, ten spyte van MY BEDIENING, tot aan die WEG VAN DIE KRUIS, waar EK vir die Jode gesê het, wie 'n ander Messias verwag het,

"MY KONINKRYK is nie van hierdie wêreld nie!"

40 Die Jode het verlang na 'n Messias wat hul aardse eis van vryheid en mag sou opneem, maar nie vir MY nie,

DIE MESSIAS VAN DIE HEILIGE GEES,

wat na hulle gekom het vanaf die KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE om in hul hart die EWIGE FUNDAMENTELE WET VAN DIE LIEFDE, waarmee alles in die hele heelal geskep en onderhou word, te anker.

41 MY uitverkore volk Israel moes al lankal begryp het watter wêreld die regte een is, want weer en weer het hulle bewus geword van MY HEILIGE WIL deur middel van hulle profete en was die hoogste van alle gebooie aan hulle geleer:

WEES LIEF VIR ELOHIM BO ALLES,

EN

JOU NAASTE SOOS JOUSELF!

42 Voorwaar, EK JAHWEH, die ewig ALMAGTIGE, het so dikwels probeer om MY uitverkore volk nader aan MY te bring deur sagte LIEFDE en `n lam se geduld, het hulle voortdurend vermaan en onderrig in die basiese gebooie van MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID, maar hulle het aangehou sondig teen daardie duidelike EWIGE GEBOOIE VAN MY HEILIGE GEES, - dikwels het hulle verander in `n gruwel voor MY oë, sodat die selfopgelegde gevolg slegs 'n lewe in slawerny van MY Teenpool kon wees. Tog het EK aangehou om hulle te bevry vanuit die selfopgelegde kettings van onderdanigheid en hulle gedurig oorlaai met GAWES VAN MY GENADE, en het hulle opnuut deur noodsaaklike toetse en proewe gelei om hulle volwasse te maak vir die WARE KONINKRYK VAN MY EWIGE LIEFDE.

43 Dit kan dus aanvaar word dat MY volk Israel volwasse moes word om DIE HOOGSTE DOEL op Aarde te bereik, en tog het hulle weer gefaal, en het selfs in die aangesig van hulle ELOHIM in 'n menslike gewaad misluk, het HOM nie herken deur SY HEILIGE WOORDE IN JAHSHUA, DIE VERLOSSER EN MESSIAS nie, maar het bewys dat hulle nie volwasse genoeg was om die DIREKTE GENADE VAN OPENBARING DEUR ELOHIM HOMSELF te herken en te verstaan nie, en in hul onwilligheid om hulle verwagtinge vir hierdie wêreld af te staan, het hulle MY, JAHWEH GEINKARNEER, vasgespyker aan die kruis van wêreldse skande en eerloosheid, en sodoende onwetend die kruis van verbrokkeling en verspreiding onder al die volke van hierdie Aarde aanvaar, deur hulself onder die YSTERWET VAN GEREGTIGHEID VAN MY ORDE te plaas, wat volgens MY WARE

LIEFDE alles teruglei na MY, ELOHIM DIE SKEPPER:

DIE WET VAN SONDE EN VERSOENING

44 Kyk, mensekinders van hierdie tyd hier op Aarde, julle is nou in dieselfde situasie as MY uitverkore volk Israel gedurende daardie dae! Want EK JAHWEH het vir bykans tweeduisend jaar profete van MY LIEFDE gestuur om MY HEILIGE WOORD te verkondig hier en daar oor die hele wêreld, en niemand kan sê dat hy nog nooit gehoor het van 'n ELOHIM VAN LIEFDE nie, en diegene wat opsetlik alles verwerp wat van ELOHIM kom, sal binnekort nie meer in staat wees om voor te gee dat hulle nog nooit gehoor het van die STEM VAN DIE MEESTER, HULLE ELOHIM EN SKEPPER nie.

45 Dieselfde gebeur nou as wat dit in daardie dae was toe EK deur MIRIAM, MY MOEDER VAN WELEER, alreeds die menslike gewaad gedra het as die SEUN VAN DIE MENS en hier en daar begin het om in MY HEILIGE WOORD te verskyn. Want EK JAHWEH ELOHIM het weer na hierdie Aarde gekom IN MENSLIKE GEWAAD en verskyn reeds hier en daar deur HAAR IN MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE, IN WIE EK na hierdie Aarde teruggekeer het.

46 Binnekort sal julle moet bewys - soos die mense van Israel van ouds, - of julle volwasse geword het en MY kan herken IN EN DEUR MY HEILIGE WOORD, of julle bereid is om MY te volg al dan nie, of julle verder gered wil word of verkies om geoordeel te word onder die onverbiddelike en volmaakte doeltreffende WET VAN SONDE EN VERSOENING.

47 Bepeins hierdie baie versigtig voordat julle verder gaan met die lees van hierdie NUWE BYBEL VAN MY LIEFDE EN GENADE en sê aan diegene wat weens hul nalatigheid of roemsug dink dat hulle beter weet en nie die regte aandag aan hierdie NUWE BYBEL wil gee nie, naamlik alles wat baie duidelik daarin

gemerk is, sodat niemand later kan ontken dat hy ooit gehoor het van hierdie BYBEL VAN MY GENADE nie.

48 Voorwaar, EK JAHWEH is nie net julle ELOHIM, SKEPPER EN MEESTER nie, maar meer nog julle EWIGE EN HEMELSE VADER. Jy behoort dit reeds te herken deur die feit dat jy vir ewig toegerus is met alles wat jy nodig het van MY. Jy behoort dit ook te herken deur MY HEILIGE STEM, wat nooit opgehou het om met jou te praat nie, maar jy let skaars op, laat staan nog om dit te ontvang. Dat EK jou HEMELSE VADER VAN ONEINDIGE LIEFDE is, word bewys deur die einste vaardigheid waarmee jy MY kan herken, MY volg en MY VADERLIKE HART kan bereik.

49 Vroeër het profete die WEG GEBAAN VIR MY MENSWORDING op Aarde, en 'n aartsengel, in die menslike gewaad van Johannes die Doper, het 'n onmiskenbare getuienis gegee van HOM WIE uit die Hemele gekom het. En elkeen wat 'n suiwer en skoon hart gehad het, kon wel besef WIE na hierdie Aarde gekom het.

50 Vandag is dit die Gees in menslike gewaad Wie in daardie dae aan MY JAHSHUA-SY gewandel het as die ROTS VAN GELOOF WIE, soos van weleer, die SLEUTELS VAN DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE vandag in SY hande hou en diegene na die POORT VAN DIE HEMELE sal lei deur MY HEILIGE WIL, hulle wat MY HEILIGE OPROEP sal volg en gereed is om slegs MY ALLEEN HEILIGE WIL te bereik!

51 EK JAHWEH IS DIE POORT VAN DIE HEMELE MYSELF, hierdie keer op Aarde in MY MOEDER VAN WELEER, MIRIAM, IN WIE EK teruggekeer het na hierdie sondige Aarde om MY HEILIGE BELOFTE na te kom, naamlik dat die koring van die kaf geskei sal word, en die kop van die slang vergruis sal word wanneer EK ELOHIM DIE MEESTER sal sê: "Tot hier toe en nie verder nie!", en MY HEILIGE AMEN sal spreek vir die hele menslike ras.

52 'n TYD VAN GENADE is dus verleen aan al die siele op die Aarde, sodat hulle oor hulle redding kan besluit, hetsy deur na MY kant toe te tree en om gelei te word deur MY HEILIGE ARM, of om met MY Teenpool kant te kies en sodoende onder die OORDEEL te kom.

53 Tog sê EK JAHWEH: Laat dit ver van MY wees om JULLE REGTER te wees, want EK IS LIEFDE, soos wat julle behoort te weet! Maar uit LIEFDE vir haar kinders, kan LIEFDE nie terugstaan en kyk hoe blindheid in duisternis verander in die harte van die mensdom en hoe die LIG VANUIT DIE HEMELE die risiko loop om heeltemal geblus te word nie. Dit is waarom EK JAHWEH, as jul LIEFDEVOLLE HEMELSE VADER, alles sal doen om die ergste te voorkom: DIE OORDEEL.

54 En sodat julle sal weet dat EK slegs LIEFDE is en dat alles wat EK doen, gedoen word uit LIEFDE, gee EK aan julle, KINDERS VAN MY LIEFDE, as julle VADER IN DIE HEMELE EN OP AARDE hierdie;

NUWE BYBEL

Waarin EK MYSELF openbaar as

HY WIE EK IS

VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID:

JULLE ELOHIM, MEESTER, SKEPPER,

en

VADER VAN EWIGE LIEFDE

IN

DIE HEILIGE NAAM VAN NAME

JAHSHUA

55 deur HULLE WIE, volgens MY HEILIGE WIL, julle sal lei na die

NUWE JERUSALEM en in MY HEMELE VAN EWIGE LIEFDE:

MIRIAM

MY MOEDER VAN WELEER EN

KONINGIN VAN DIE HEMELE

en

PETRUS

MY ROTS VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID

Wie gekroon word met hierdie NUWE BYBEL VAN MY volgens MY HEILIGE WIL, by die reeds bestaande BYBEL. Die konsep van kroning beteken egter altyd die verhoging vir 'n spesiale doel, as dit 'n ware kroning is.

57 Wat deur gelykenisse in die OU TESTAMENT geopenbaar is oor die BEGIN VAN MY HEILIGE WOORD EN MY SKEPPING, en gelei is deur 'n toetsnasie van hierdie menslike ras tot by die PROFESIE VAN JESAJA oor MY MENSWORDING, en van daar af deur MY aardse lewe as JAHSHUA DIE GESALFDE, tot die NUWE TESTAMENT en uiteindelik in hierdie NUWE TESTAMENT na die OPENBARING AAN JOHANNES, met die uitbeelding van die uitsig van die NUWE JERUSALEM, volgens MY PLAN VAN DIE SKEPPING, word nou van getuig in hierdie,

NUWE BYBEL

DIE KRONING

vir die hoogste doel:

om julle te lei, mensekinders van hierdie Aarde, na

MY HEILIGE VADERHART

58 Wat hierdie NUWE BYBEL vir julle inhou, mensekinders, sal sekerlik elke mensehart wat MY liefhet, oorweldig. Maar elke mensesiel moet eers probeer om 'n,

WARE KIND VAN MY LIEFDE TE WORD

deur

DIE BOEK VAN LIEFDE

wat EK gaan begin, na hierdie VOORWOORD,

deur

DIE KONINGIN VAN MY HEMELE

59 Dit openbaar EK JAHWEH,

o mensekinders,

as JULLE HEMELSE VADER

VAN EWIGE LIEFDE

JAHSHUA

# HOOFSTUK 1 –

## DIE KONINGIN VAN DIE HEMELE: DIE HEILIGE LIG VAN LIEFDE VAN MY HEMEL

1 Dit is MY Heilige Wil,

kinders van hierdie Aarde,

dat julle LIEFDE sal word,

DIE vurigste, genadigste

JAHSHUA- MIRIAM-LIEFDE

net soos wat

EK JAHWEH, JULLE HEMELSE VADER

JAHSHUA

hierdie LIEFDE van EWIGHEID tot EWIGHEID is.

2 Want hierdie LIEFDE, MY kinders, los nie net alles op nie, maar verlos jou van al die bande van die duisternis waarin jy vasgevang is deur die oerewige Wet van Sonde en Versoening, wat nie net 'n onverbiddelike wet vir elke siel, ongeag haar oorsprong is nie, maar ook die grootste WET VAN DIE LIEFDE, waarsonder daar geen versoening vir enige skuld is nie, ongeag sy gewig.

3 Dit moet dus duidelik wees dat 'n kind van hierdie Aarde MY hemele slegs deur LIEFDE kan bereik en gevolglike dade van LIEFDE. Hierdie LIEFDE sal egter nooit eie-liefde, gretig vir haar eie voordeel wees nie, want so 'n liefde is die van MY teenpool - Satana.

4 Ware LIEFDE moet bereid wees om te dien, net soos 'n teer bruid haar gade sal dien en dit is die LIEFDE wat EK JAHWEH in jou hart geplaas het.

5 Jy het egter hierdie suiwer put van MY JAHSHUA- MIRIAM-LIEFDE binne-in jou laat opdroog deur te dien onder MY teenpool wat haar bes doen om jou heeltemal vas te gryp met haar duiwelskloue.

6 Daarom het EK JAHWEH teruggekeer na hierdie duister Aarde om aan julle die HEILIGE LIG VAN MY HEMELE, wat DIE HEILIGE VUUR VAN MY JAHSHUA- MIRIAM-LIEFDE is, te bring!

7 Want die LIEFDE moet nie net straal vanaf julle aangesigte nie, maar ook julle hele wese inderdaad verander sodat julle onherkenbaar vir julleself sal word, deurdat julle reeds hier op Aarde kinders van MY hemele word!

8 Begin dus onmiddellik om aan jouself te werk met al jou energie om alles binne jouself te onderdruk wat nie in MY Hemele kan ingaan nie!

9 En dit is onontbeerlik vir elke menslike siel voor sy tot ruste gaan in die nag om nederig voor MY DIE MEESTER te kniel, en self in gebed te vra: "MY ELOHIM EN MEESTER, het EK hierdie dag op `n wyse deurgebring dat U kan juig oor MY, U sondige kind, of het EK nuwe sondes op MY laat kom deur MY nalatigheid en liefdeloosheid met betrekking tot MY naaste?" As elke siel haarself dit elke aand afvra, sal sy gou 'n groot verligting binne-in haar hart bemerk, want nou streef sy daarna om nie meer te sondig nie en voortaan nie meer die grootste LIEFDESGEBOD van haar ELOHIM EN MEESTER te oortree nie, naamlik:

WEES VIR ELOHIM BO ALLES LIEF

EN JOU NAASTE SOOS JOUSELF!

10 Want aan elkeen wat hierdie gebod opneem, o MY kinders, sal die Goddelike GENADE van 'n ware kind van sy ELOHIM EN MEESTER reeds hier op Aarde toegestaan word.

11 Verder moet jy nooit jou daaglikse werk begin sonder om MY DIE MEESTER, te dank vir alles wat EK julle gegee het in MY oneindige Liefde nie. Hierdie dank moet spruit uit die mees innerlike van jou hart met die vaste voorneme om 'n ware JAHSHUA- MIRIAM-KIND te word.

12 Dus, seën en wees lief vir almal, sê EK JAHWEH, sodat die LIG weer kan kom na die Aarde! Hierdie HEILIGE LIG VAN MY HEMELE moet nie net straal uit elke hart wat werklik bo alles lief is vir MY, ELOHIM die MEESTER nie, maar dit moet vanaf jou versprei deur MY hele skepping tot by die mees afgeleë dele.

13 Want dit is LIEFDE, niks buiten LIEFDE wat EK DIE MEESTER, aanhoudend en vir ewig aan julle mensekinders gee nie. Maar wat bied julle MY in ruil? Julle hele hart? Nee, sê EK JAHWEH, selfs dié wat huil "MEESTER, o MEESTER!" en ontelbare gebede stamel, is nog ver weg!

14 Alleenlik 'n ware gebed komende uit die bodem van die hart - 'n ware uitroep – word aangeneem, maar nie net 'n uiterlike beweging van die lippe of 'n dreuning van eindelose smeekgebede nie; EK JAHWEH sal dit nie ontvang en nie daaraan aandag skenk nie, want dit is 'n uiterste gruwel voor MY HEILIGE AANGESIG. Neem kennis, mensekinders, dat 'n opregte gebed tot MY, JOU ELOHIM EN HEMELSE VADER moet 'n gebed wees, nie net met volle erns nie, maar ook met die mees gloeiende Liefde waartoe jou hart in staat is!

15 Begin dus leer hoe om so 'n ware gebed te verwoord, wat 'n gebed van die hart moet wees, net soos wat 'n algebraïkus begin om sy tafels van vermenigvuldiging te leer, en aanhou totdat dit die soort van gebed is wat dit behoort te wees, naamlik `n gebed van Liefde vanuit die hart wat deur MY DIE MEESTER aanvaar sal word, as jy gereed is om 'n nuwe lewe hier op Aarde in die diepste nederigheid te begin met MY,

ELOHIM EN MEESTER BINNE MY HART SE OERGRONDPOOL MIRIAM!

16 Hierdie nuwe lewe moet 'n lewe van Liefde wees, net soos die lewe wat EK DIE MEESTER as voorbeeld een keer in JAHSHUA DIE GESALFDE gestel het, net soos wat EK dit nou weer doen in die KONINGIN VAN MY HEMELE, WIE na vore sal kom op hierdie Aarde wanneer EK JAHWEH dit so sal besluit.

17 Maar hou ook in gedagte dat die LIEFDE gepaard gaan met strengheid, of anders sou dit nie WARE LIEFDE wees wat elke menslike siel wil red nie!

18 Vandaar dat MY strengheid in WIE EK DIE MEESTER, na hierdie Aarde teruggekeer het, in werklikheid MY grootste Liefde en Genade is. Of kan jy jou indink dat 'n kind van MY LIEFDE gered kan word van die afgrond van die duisternis met 'n blote sussende, liefkosende liefde? Dit is onmoontlik vir iemand om dit te glo!

19 Laat niemand dus aanstoot neem met die strengheid van MY MOEDER VAN WELEER, MIRIAM, WIE nie net die vrou bo al die vroue is nie, maar ook die man bo alle mans is!

20 Wat dit egter impliseer, sal slegs duidelik word vir die kind van MY LIEFDE wat genoegsaam volwasse is om die taal van sy ELOHIM en die MEESTER te verstaan.

21 Waak en bid dus en vra aanhoudend om nie 'n slagoffer te word van Satana nie, wie in die glansryke kleed van MY Teenpool gewikkel is, en kyk op na MY DIE MEESTER in die KONINGIN VAN MY HEMELE en dan sal jy Satana herken, wie jou in stukkies wil skeur soos 'n wolf in skaapsklere; want groot is die mag van MY teenstander en wees dus daarom op die uitkyk om nie heeltemal as prooi in haar kloue te val, waarin sy jou vir eeue gevange sal hou nie!

22 Maar julle kan dit alles vermy deur die LIEFDE wat sal en moet gloei in julle harte om MY GENADE werksaam te maak in julle.

23 Ontwikkel dus LIEFDE, die vurigste en barmhartigste JAHSHUA- MIRIAM-LIEFDE teenoor elke siel sodat

DIE HEILIGE LIG VAN LIEFDE

van

MY HEMELE in jou hart ontvlam.

## ELOHIM IS LIEFDE

24 Inderdaad sê julle, mensekinders dikwels dat ELOHIM LIEFDE is, asof julle weet wat LIEFDE is; tog EK ELOHIM DIE MEESTER sê aan julle: Julle weet nie, julle het maar 'n geringe idee van MY LIEFDE, EWIGE LIEFDE.

25 Wees nie teleurgestel dat EK dit ferm aan julle sê nie, julle wat dink julle weet dat EK LIEFDE is, maar julle weet regtig nie! EK sê selfs: "Jy kan nie nou weet wat LIEFDE ten slotte is nie, ook kan jy nie weet dat EK daardie Liefde is nie!"

26 Jy kan dan beswaar maak deur te vra hoe EK ELOHIM DIE MEESTER jou die gebooie van LIEFDE kan gee en terselfdertyd sê dat jy nie weet wat LIEFDE is nie.

27 Die antwoord op die raaisel is danig duidelik as EK jou vertel dat:

28 LIEFDE nie 'n vermoë of 'n konsep of enigiets anders is nie, Liefde is 'n toestand van bestaan.

29 Selfs vir MY, JOU SKEPPER, is dit in hierdie geval nie so maklik om aan jou, in die taal van die verganklike beperkte aardse mens, te verduidelik wat die wese van LIEFDE is nie.

30 En soos EK reeds gesê het dat LIEFDE 'n toestand van bestaan is, is dit dus baie maklik om te verstaan dat elkeen in hierdie toestand van " LIEFDE " in staat sal wees om te weet wat LIEFDE is; wat beteken dat 'n mens dit moet wees en heeltemal in hierdie toestand van " LIEFDE " moet leef om te begryp en te weet wat LIEFDE werklik is; met ander woorde, die hart moet oorloop van LIEFDE, ja, die hele siel moet deurtrek en gevul word met LIEFDE om LIEFDE aan te gryp!

31 Trouens, LIEFDE is in MY, ELOHIM DIE MEESTER EN SKEPPER, die wesenlike permanente toestand! LIEFDE IS MY EWIGE OERTOESTAND VAN BESTAAN, LIEFDE IS MY GEES - DIE GEES VAN VOLMAAKTHEID. LIEFDE is MY ALLESDEURDRINGENDE KRAG, MY ALMAG.

32 Nog meer, LIEFDE is terselfdertyd MY HART, MY GEESTELIKE HART, MY VADERLIKE HART, waaruit slegs LIEFDE eindeloos uitgestort kan word van ewigheid tot ewigheid.

33 Daarom is MY hele Skepping en alles wat EK DIE MEESTER doen, LIEFDE.

34 Daarom is ook julle, o mensekinders, kinders van MY LIEFDE. Vanuit LIEFDE is jy geskep en LIEFDE is jou basiese natuur, en wat jou ookal omring en wat jou ookal dien in hierdie lewe is niks anders as LIEFDE nie.

35 Dus IS ALLES LIEFDE!

En let daarom op, kinders van MY LIEFDE; want julle het nog nie besef dat alles LIEFDE is nie, dat julle geskep is vanuit LIEFDE, dat julle deur en deur LIEFDE is nie, - julle weet nog nie wat LIEFDE wesenlik is nie en waarom julle ELOHIM LIEFDE is nie. Dit is nog steeds onbereikbaar by julle, omdat julle nog nie in julleself hierdie toestand van volmaakte Liefde voortgebring het nie.

36 Dit is waarom EK ELOHIM DIE MEESTER aan julle die gebooie van die LIEFDE moes gee, sodat julle geleidelik kan ontwikkel tot MY EWIGE OERTOESTAND van "LIEFDE", dit is waarom, met die diepste HEILIGE ERNS, EK die MEESTER julle in die voorafgaande eerste hoofstuk moes vermaan deur die KONINGIN VAN LIEFDE, om die brandendste, en genadigste LIEFDE te word.

37 Let dus op dat die LIEFDE 'n toestand van bestaan is, naamlik die hoogste, goddelike toestand. Liefde is die OERTOESTAND en die ewige toestand van jou ELOHIM en Skepper, waarvolgens ELOHIM EWIGE LIEFDE is.

38 ELOHIM en EWIGE LIEFDE is EEN. Tog is daar in MY ewige toestand van "EWIGE LIEFDE", wat MY HEILIGE GEES is, 'n binneste OERPOOL - 'n OERGRONDPOOL – waarin en waaruit LIEFDE Haarself vir ewig vernuwe. Hierdie OERGRONDPOOL van MY LIEFDE is die bron van MY vermoë om LIEFDE ewiglik en permanent uit te giet, en om uit LIEFDE niks anders as LIEFDE te skep nie.

39 Dit is 'n uiterste geheim en diepste misterie van onverstaanbare dimensies vir julle, 'n OPENBARING OOR MYSELF wat nog nooit voorheen aan die mensekinders gegee is nie! Probeer om ten minste breedweg te verstaan dat dit wat ek gee is DIE LIEFDE VAN JULLE ELOHIM vir julle mensdom!

40 En waarom gee EK aan julle, o mensdom van die huidige tyd, hierdie byna selfonthullende OPENBARING VAN MYSELF?

41 Laat EK verduidelik, Kinders van MY LIEFDE:

42 LIEFDE in HAAR EWIGE OERTOESTAND VAN JUL ELOHIM EN SKEPPER is diep in Haar OERGRONDPOOL bedroef deur die vyandige toestand van dinge wat julle, mensekinders, as kinders van MY LIEFDE, teweeggebring het op julle planeet "Aarde" en LIEFDE is, by wyse van spreuke, ontroer asof

uitgedaag om hierdie negatiewe toestand van "hel" op te los.

43 LIEFDE in Haar ware volmaaktheid is ook die grootste krag, aangesien almal en alles LIEFDE is, en dit stel MY DIE SKEPPER in staat om te bereik wat vir jou, die mens, onmoontlik is! As die LIEFDE op hierdie uitdaging moes optree soos die mens, sou Sy dadelik die teentoestand van "hel" uitgewis het deur Haar ALMAGTIGHEID. Omdat LIEFDE VANUIT MY egter volmaakte LIEFDE is, ontwikkel Sy op ander paaie as wat die kortsigtige menslike verstand sou neem.

44 Want Liefde ontwikkel vir ewig langs die HEILIGE PAAIE VAN VOLKOME, WARE LIEFDE en kan en sal nooit enigiets vernietig nie, want soos jy geleer het - alles is gemaak uit LIEFDE, sodat selfs die teentoestand van "hel" basies nog steeds die kiem van LIEFDE bevat.

45 Dit is waarom LIEFDE nooit tot stand sal kom met wapens van vernietiging nie, want die LIEFDE kan nie en sal nie dit wat LIEFDE geskep het, ongedaan maak nie. Slegs die dwalende menslike verstand vernietig die buitengewone wat hy onvanpas vind, maar besef nie dat deur dit te doen, hy met die onvernietigbare LIEFDE bots, wat egter nooit vlug na die verderf nie, maar eerder kyk na die aanwending van nuwe intermediêre lewensfases met betrekking tot LIEFDE deur Haar ALMAG. Dit gebeur in die meeste gevalle deur 'n verandering van hierdie aardse lewe vir 'n ander lewe - 'n verandering wat julle mense, volgens jul huidige volwassenheid steeds "dood" noem – met die verwagting dat die afgewykte denke geleidelik beweeg vanuit sy volgehoue teentoestand "hel " na 'n meer volwasse toestand van liefdesbestaan. Dit is die WET VAN LIEFDE - DIE WET VAN GEREGTIGHEID, genoem die WET VAN SONDE EN VERSOENING - wat niks vernietig nie, maar met Haar HEILIGE BALSEM alles terugplaas in die regte volgorde! Dit sal aan julle

geopenbaar word, o mensekinders, uit MY GENADE in hierdie NUWE BYBEL tot in die volste besonderheid; maar wag en luister na wat MY LIEFDE nog aan julle te vertel het, hoe Sy uit Liefde die teentoestand van die hel sal uitfaseer wat julle veroorsaak het.

## Die Wonder van alle Wonders – Die geheim van MY Menswording

46 Bedroef in HAAR HEILIGSTE OERWESE, het die OERGRONDPOOL van MY LIEFDE sterk gedruk om voort te gaan in die wêreld van die mensdom om haar teentoestand van "hel" die hoof te bied. Dit het beteken dat ELOHIM HOMSELF die grootste opoffering sou maak vanuit LIEFDE, om hierdie teentoestand van "hel" te oorkom en te ontbind.

47 Soos genoem, kan ELOHIM enigiets doen vanuit LIEFDE, en dus was HY in staat om voort te gaan om so 'n opoffering deur die wonderlikste, fundamentele beginsel van SY EWIGE LIEFDE, die selfopofferende TOTALE BARMHARTIGHEID VAN SY LIEFDE, wat almal en alles uiteindelik sou teruglei na HOM.

48 'n Skudding, tot nou toe `n onbekende in MY HELE SKEPPING, het die hele ruimte van MY ONEINDIGE SKEPPING gevul toe EK, ELOHIM, die ALMAGTIGE MEESTER toegegee het aan die drang van MY HART SE OERGRONDPOOL - die OERGRONDPOOL van EWIGE LIEFDE - om voort te gaan en te tree op die ster van die sondige mensdom, as HY wat alle MAG in die Hemele soos op Aarde het, sodat die mens, as 'n kind van MY VADERLIKE HART, MY kon herken as EWIGE LIEFDE en voortaan sy lewe sou rig deur MY enigste voorbeeld, deur weg te draai van die Teenpool van MY EWIGE LIEFDE, aan wie hierdie Aarde toegewys is vir haar lossing tot aan die tyd wanneer al die wesens gered sal wees.

49 Maar hoe kon dit moontlik wees? Omdat dit onmoontlik

gelyk het, het MY Teenpool nooit verwag van ELOHIM DIE ALMAGTIGE om haar sigbaar te konfronteer op "haar Aarde" nie. Sy was dus baie seker dat sy stil-stil kon aangaan om die kinders van MY EWIGE LIEFDE vir ewig weg te lok. Inderdaad, hoe sou dit moontlik kon wees dat EK, DIE ALMAGTIGE GEES VAN HEMELE EN AARDE, in 'n sigbare en tasbare vorm direk onder `n kleingeestige mensdom kon instap, wat niks anders as die brute materie kon onderskei nie? - As die ALLESDEURDRINGENDE ALMAGTIGE GEES, die alles in alles van die EWIGE KRAG- slegs vir iemand met 'n geleidelik ontwaakte geestelike oog waarneembaar en herkenbaar - sou dit vir ewig onmoontlik gewees het om MY ten toon te stel as 'n mens aan die mensdom in die totale ALMAG VAN MY WESE; want niemand sal ooit die ALMAG in MY, ELOHIM DIE MEESTER EN SKEPPER kon verdra het nie.

50 Tog het die drang van MY HART SE OERGRONDPOOL volgehou om redding en verlossing te bring aan die sondige aardse kinders, weg vanaf die Teenpool se krag, deur die mees barmhartige daad van EWIGE VADERLIKE LIEFDE: Deurdat EKSELF neergedaal het op hierdie ster van alle sondes.

51 So moes hierdie pad van redding en verlossing geneem word deur die GROOTSTE VAN ALLE WONDERWERKE; 'n raaisel in MY SKEPPING wat beide die hoogste WYSHEID van MY HEILIGE GEES en die grootste GENADE uitgeput het: Naamlik dat EK, ELOHIM, DIE MEESTER EN ALMAGTIGE SKEPPER VAN ALLE BESTAAN, MYSELF sou inkarneer in 'n aardse menslike kleed, om sigbaar te wees aan die mensdom en om draaglik te wees vir sy aardse krag.

52 Gevolglik moes 'n geboorte op Aarde voorberei word, sodat EK DIE MEESTER menslike vlees kon aanneem, om dus sigbaar te word as ELOHIM en daarby in staat om op te tree vir die

redding van alle aardse kinders.

53 Dit is dus vanselfsprekend aan almal wat MY wou volg en hoor, dat so 'n geboorte nie die normale weg van aardse voortplanting kon volg nie, maar op `n ander wyse moes voortgaan.

54 So het EK JAHWEH deur MY naaste dienaars aangekondig, wie julle aartsengele noem, deur dit wat julle tans van hulle af weet, dat EK DIE ALMAGTIGE vir 'n beperkte tyd sigbaar sou verskyn aan die sondigste wesens van MY Hemele, naamlik diegene wat eens weggedraai het van MY EWIGE KONINKRYK VAN DIE GEES en nou die inwoners is van 'n klein ster van MY skepping, 'n ster wat deur MY GENADE EN MEDELYE geskep is om te dien vir hul verlossing van hul ou sonde van afvalligheid.

55 Saam met hierdie aankondiging het EK JAHWEH 'n vraag gestel aan al MY hoër engele of enigeen van hulle 'n oplossing gehad het hoe hierdie edel en die grootste werk van genade bereik moes word: 'n Hemelse toets, so te sê, vir MY hoogste diensknegte om te sien hoe ver hulle self gevorder het in die GEES VAN MY ALMAGTIGE WYSHEID.

56 Tog het EK, die ELOHIM VAN HEMELE EN AARDE, WIE nog nooit eers vir MY engele van die naaste sfere permanent sigbaar was nie, baie goed geweet dat deur hierdie vraag, die hemelse geeste gekonfronteer was met heeltemal nuwe bodem in die Hemele; ja, hulle het hulself afgevra hoe ELOHIM, WIE selfs nie eers ten volle sigbaar aan hulle verskyn nie, duidelik sigbaar en waarneembaar kon verskyn in 'n wêreld waarvan die inwoners nie eens die geringste mate van hemelse geestelikheid kon bemeester nie. Want het ELOHIM DIE MEESTER nie aan sy grootste profeet op Aarde, Moses, gesê nie:

*"Jy kan MY aangesig nie sien nie, want die mens kan MY nie*

*sien en bly leef nie" (Eksodus 33:20)!*

57 Verbystering het al MY engele getref, hoewel hulle geweet het dat EK JAHWEH 'n oplossing het die oomblik wanneer EK belowe of iets aankondig, maar hul ontsteltenis was eerder `n gevolg van hul diepste nederigheid en 'n brandende Liefde vir MY, wat julle, o mensekinders, nie die vaagste benul van het nie, want julle weet nog nie wat vurige Liefde kan wees nie!

58 Maar in hul brandende Liefde en mees salige nederigheid was hulle in besit geneem deur `n tot nou toe onbekende hartseer deur die vreeslike gedagte dat hulle ELOHIM se nabye WET VAN GENADE vir die redding van die sondige menslike ras op Aarde, hulle kon ontneem van HULLE ELOHIM SE ASEM wat hulle gevul het met permanente geluksaligheid. En 'n geweeklaag het opgegaan in byna nimmereindigende hemelse klaagsange; die droewige engele het verenig in enorme, ontelbare kore, smekend dat EK nie MY hemele sou verlaat nie en om eerder 'n ander manier te kies om die menslike ras van die klein ster "Aarde" weer terug te bring in die HEMELSE KONINKRYK VAN LIG EN LIEFDE in. Soos nimmereindigende, dreunende orkane, het die klaende kore regdeur alle hemelse sfere weerklink en het MY bereik; - die hemele het in 'n geweldige geweeklaag verander vir hulle ELOHIM EN SKEPPER.

59 EK JAHWEH kan nie aan julle bekend maak hoe lank hierdie geweeklaag in MY hemele aangegaan het nie, want julle kan dit weens julle huidige aardse begrip van tyd nie verstaan nie.

60 Omdat dit gelyk het asof daar geen einde aan hierdie wanhoop van MY engele sou kom nie, het EK JAHWEH een vraag, die vraag bo al die vrae, regdeur MY hemele gefluister, en wat niemand kon antwoord, tensy hy LIEFDE was soos EKSELF van ewigheid tot ewigheid nie. En hierdie vraag wat deur die hemele vibreer het, wat alle geeste aangespreek het

wat vanuit MY HEILIGE GEES voortgekom het, was:

61 Wat is ware LIEFDE - volmaakte LIEFDE? - Is ware en volmaakte LIEFDE nie meer bedag oor alles as oor Haarself nie? Sal SY nie graag vanuit LIEFDE HAARSELF wil offer vir almal nie? Dit het as 'n eggo geklink teenoor die sleutelvraag van alle vrae deur MYSELF gestel!

62 MY engele se treurende kore het bedaar en het vir 'n baie lank stilgebly, `n baie lang tyd –

## DIE KONINGIN VAN LIEFDE IN DIE GLORIE VAN MY HEMELE

63 Toe word die geestelike harte van MY engele, woonagtig in die hoogste sfere van MY hemele, stadig gevul met die HEILIGE GEES van MY LIEFDE, wat hulle in 'n wonderlike toestand van hemelse blydskap geplaas het, waarvoor julle mensdom geen woorde het nie.

64 In hierdie wonderlike toestand van hemelse geluksaligheid, het die hemelse sfere skielik verhelder in hul reeds glinsterende kleure in soortgelyke onbeskryflike kleure en skakerings van harmonie wat slegs engele ken.

65 En gedurende hierdie pragtige vertoning van kleure, waarteen die mooiste reënboog op Aarde maar 'n swak vergelyking is, het daar die wonderlikste ligte geflits, heeltemal onbekend aan die mens, en wat selfs vir die engele van MY hoogste hemele as 'n ongewone wonderwerk verskyn het.

66 In hierdie wonderlike vertoning van alle hemelse kleure het 'n gesig van allesdeurdringende skoonheid, genade en lieflikheid uitgesprei verskyn, en tog met edele erns, wat die hoogste saligheid en prag uitgestraal het, watter lig en glorie daar ookal in MY Hemele was, uitgestraal het, 'n gesig wat geen engelgees, nie eens die hoogste engel in sy heerlikheid, sy eie

kon noem nie.

67 Want dit was

MY HEILIGE WEERKAATSING

vanuit die mees geheime uithoeke van

MY HART SE OERGRONDPOOL

VAN EWIGE LIEFDE:

DIE KONINGIN VAN LIEFDE EN VAN ALLE HEMELE!

68 En sonder dat HAAR pragtige gelaatstrekke beweeg het, sonder dat die HEILIGE MOND VAN MY HEILIGE LIEFDE geopen het, sonder die geringste waarneembare beweging in die ALLERHEILIGSTE, het daar 'n geruis van hemelse klanke vanuit hierdie HEILIGE AANGESIG gestroom, wat beide musiek en woorde was: Hemelse musiek van waarneembare woorde, wat nie net deur die geestelike ore van MY hemelse geeste ontvang is nie, maar wat ook die harte van al die engele met 'n geluksalige trillende opgewondenheid gevul het, en gesê:

"MY HEILIGSTE OERLIEFDE

sal gebore word op die ster van alle sondes deur MY JULLE KONINGIN, om die ALLERHEILIGSTE GEWAAD VAN JULLE ELOHIM EN VADER aan te neem.

69 Hy sal eers `n baba wees, nie anders as die van ander mense van die sondige Aarde nie, maar ELOHIM SE HEILIGE GEES VAN WYSHEID sal in Sy ALMAGTIGHEID gebore word en binne-in hierdie baba groei op so `n wyse dat Hy in die keur van Sy lewe die grootste verlossende offer sal bring, tesame met Sy terugkeer na die Hemele. Tog sal die dinge wat daardeur opgelos word, 'n raaisel bly vir so lank as wat dit die HEILIGE WIL VAN ELOHIM is.

70 Laat die LIEFDE VAN JOU ELOHIM EN MEESTER dus uit Sy

OERGRONDPOOL optree in SY ALLERHEILIGSTE WYSHEID en wees DIT WAT SY vir ewig is en sal bly: DIE ONPEILBARE WYSHEID VANUIT DIE LIEFDE vir alles wat vanuit SY LIEFDE gekom het.

71 EK, MYSELF AS DIE EWIGE IN SY MEES INNERLIKSTE VADERLIKE HART sal voortgaan volgens SY HEILIGE WIL IN ALLE WYSHEID as EWIGE LIEFDE BO ALLE LIEFDE om HOM en MY EIE SELF te gehoorsaam vir ewig ter wille van DIE MEES VOLMAAKTE LIEFDE!

72 So en slegs so sal WARE LIEFDE vir ewig wen, en wie ookal van SUIWER LIEFDE geval het in die nag van MY Teenpool, sal teruggelei word huistoe. Oorwin met MY, as julle wil wees soos EK, LIEFDE BO ALLE LIEFDE! "

## Die uitstorting van MY Heilige Gees

73 En hierdie verruklike gesig van kleure van EWIGE LIEFDE ontbind geleidelik in 'n allesdeurdringende stilte van merkbare, EWIGE LIEFDE wat almal en alles deurdring met die salige sekerheid dat hulle getuie was van die ALLERHEILIGSTE KONINGIN VAN EWIGE LIEFDE in 'n spel van die hoogste geluksaligheid deur die GENADE VAN ELOHIM, DIE MEESTER.

74 Hierdie ervaring van MY hoogste en naaste engele het hulle met so 'n vreugde vervul dat klanke van blydskap, wat waarlik harte en geeste in 'n mees verhewe toestand gebring het, verrys en oorgegaan het in dreunende salige kore van EWIGE LIEFDE, en 'n aanduiding versprei het van die komende verlossende Liefde oor alle terreine van die lewe en het in baie duister menslike harte 'n voorgevoel van ELOHIM SE GEREGTIGHEID opgewek.

75 So 'n uitstorting van die HEILIGE GEES VAN LIEFDE, onsigbaar vir die menslike oë, het nog altyd en is nog steeds nodig om die

siele wat vasgevang is in die sfere van die duisternis, behorende aan die gevalle Gees, vir die ingryping van ELOHIM "van bo", voor te berei. Want sonder so 'n onsigbare geestelike uitstorting van MY LIEFDE, sou nie een enkele profeet van MY hemele op Aarde kon optree en ten minste 'n paar oop ore en begrip onder die mensdom vind nie.

76 Om die waarheid te sê, so 'n uitstorting van MY HEILIGE GEES vind voortdurend plaas in 'n oneindige verskeidenheid van skakerings; want sonder so 'n aanhoudende vloei van MY HEILIGE GEES in die hele oneindige skepping in, sou niks kon lewe nie; sou daar geen lewende siel gewees het nie; sou daar geen GODDELIKE VONK van MY binne siele geroer het nie, want die oorgrote meerderheid van die siele van MY aardse kinders is baie gemaklik in die velde van MY Teenpool Satana en niks binne-in hulle is so in kontak met MY, HUL ELOHIM EN SKEPPER, sodat hulle sonder MY BLYWENDE INVLOED in staat is om te ontsnap van die ewige dood nie.

77 Slegs deur MY HEILIGE GEES- hou dit goed in gedagte, MY aardse kinders - is daar geen ewige dood nie, maar slegs ewige lewe!

78 En selfs daardie kinders van MY LIEFDE wat MY ernstig soek, ten spyte van hulle dikwels sterk begeerte om MY, hulle ELOHIM, ten volle te herken en aan te gryp, is hulle siele nog so gevul met allerhande ongoddelike eienskappe, dat die toestand van hulle siele 'n gruwel voor MY HEILIGE AANGESIG is, sodat hulle Liefde vir MY by verre te swak is, ja, magteloos om te lewe sonder die ondersteuning van MY HEILIGE GEES.

79 Vanuit sulke menslike siele wat op soek is na MY, maar wat dikwels geaffekteer is met die ergste Teenpool-eienskappe, kom die baie godsdienstige dwepers voort, wat nie `n goeie gebalanseerde geestelike beeld van MY GODDELIKE EIEN-

SKAPPE kan bedink nie, maar net `n somber verwronge beeld as gevolg van beide ekstremistiese houdings, geïnspireer deur oormatige en vreeslik oordrewe idees oor MY KONINKRYK en die hartseerste afwykings van onbeheerde hartstogte. MY HEILIGE GEES moet hierdie menslike siele in die besonder deur die mees pynlikste beproewings lei, aangesien dit die enigste weg is vir hulle om ontslae te raak van dit wat nooit in MY Hemele mag ingaan nie.

80 Selfs MY Teenpool en alles wat onder haar beteueling gelei word, sou magteloos wees sonder die voortdurende invloei van MY HEILIGE GEES in haar gebied van ondergeskikte siele, aangesien - soos reeds gesê - geen lewe moontlik sou wees sonder MY HEILIGE GEES nie.

81 Trouens, alles - selfs die hel – word bedryf deur die krag verkry uit die strome wat voortspruit vanuit MY HEILIGE GEES wat noodsaaklik is vir alle lewe; alles word bevoordeel deur MY ONEINDIGE LIEFDE EN GENADE, want niks sou sterk gewees het, sou kon rus en herstel van sy kragte wanneer benodig, sonder die aanhoudende vloei van MY HEILIGE GEES nie.

82 Dus alles – met 'n paar uitsonderings– sal die prooi word vir die ewige dood as EK JAHWEH EN SKEPPER dit nie deurlopend in stand sal hou deur die onsigbare vloei van MY HEILIGE GEES nie. Dit is onsigbaar vir die menslike oog, sowel as vir al julle menslike ondersoekmetodes, en sal vir ewig so bly vir wie ookal angstig is om MY HEILIGE GEES te ondersoek. Dit sal julle laat verstaan, o mensekinders, op watter voete van klei alles staan wat, deur julle huidige graad van geestelike volwassenheid, wetenskap en navorsing genoem word.

83 Waarlik, MY HEILIGE GEES VAN ALOMTEENWOORDIGHEID, waardeur alles tot stand gekom het en voortgaan om so te doen vir alle tye, wat vir ewig alles in die lewe onderhou en dit

laat opvaar na MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID en waardeur almal vir ewig kan lewe, sal slegs die duidelikste waarneembaar en verstaanbaar wees as 'n heilige waarheid vir die menslike siel, wanneer hierdie siel begin om in die diepste nederigheid, MY HEILIGE GEES te ontvang, terwyl sy gereed is om in volmaakte Liefde te lewe volgens die ewige GEBOOIE VAN MY HEILIGE WIL.

84 So 'n begrip vir MY HEILIGE GEES deur middel van 'n absolute suiwer, onvoorwaardelike en brandendste Liefde vir MY en die naaste, kan selfs 'n siel wat ryp is in die volmaakte Liefde, tot die sig van MYSELF bring, aangesien 'n hoë graad van suiwer en ware Liefde 'n geleidelike samesmelting met MY HEILIGE GEES laat plaasvind en die WEDERGEBOORTE IN MY HEILIGE GEES moontlik maak, wat die siel sodoende met MY, HAAR ELOHIM EN SKEPPER verenig.

85 Die feit dat 'n vaste geloof in MY, ELOHIM DIE MEESTER EN SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE, die heel eerste graad van suiwer Liefde vir MY moet wees, waarsonder geen vordering van die siel moontlik is nie, behoort vanselfsprekend te wees vir elke menslike siel, tensy sy reeds dood is, vasgevang in die blindheid van die materiale slawerny en gereduseer tot 'n blote pion van MY Teenpool.

86 'n Sterk en standvastige geloof in MY, ELOHIM EN SKEPPER VAN ALLE LEWE IN DIE HEMEL EN OP AARDE, is die mees voor die hand liggende stadium van werklikheid vir 'n ware mensekind, toegerus met 'n lewende siel, wat begin verenig met MY, haar SKEPPER.

87 Die geloof van 'n PETRUS DIE ROTS is die boonste sport van die Hemelse leer op Aarde wat bereik kan word, maar wat onmoontlik lyk hier onder op Aarde, maar tog, selfs die vloeistof element dra die swaar menslike liggaam, gemaak van

soliede materie.

88 Tog, die sege oor die aardse materie is oorwin deur die GEES IN MY VERLOSSENDE LIGGAAM JAHSHUA DIE GESALFDE, een met MY DIE EWIGE HEILIGE GEES; en MY OPSTANDING van die vlees van hierdie Aarde was die ywer van die EWIGE SUIWER LIEFDE VAN MY HEILIGE GEES, wat in hierdie hoogste graad van volmaakte LIEFDE die SUIWER GEES is wat alles deurdring en onderhou, en indien nodig, alles oplos wat nie GEES UIT MY EIE is nie.

89 Dit is wat gebeur het tydens MY OPSTANDING toe EK DIE SKEPPER EN MEESTER VAN ALLE LEWE alles deur MY HEILIGE GEES opgelos het wat die gevolg van die Oersonde was, die skeiding van MY HEILIGE GEES, en dit het die ergste innerlike deel van die materie van die Aarde geword en wat EK in MY JAHSHUA-LIGGAAM geïnkorporeer het as die opeenhoping van al die verlossende krag van al MY kinders, 'n taak wat geen geskape Gees ooit sou kon bereik nie.

90 Saam met die stromende bloed van MY JAHSHUA-LIGGAAM, was die verloste Oersonde materieel oor hierdie Aarde uitgestort, weggesmelt vanaf MY aardse JAHSHUA-LIGGAAM vir tyd en ewigheid, terwyl MY HEILIGE GEES deur die OPSTANDING, die Oersonde van die val geestelik ontbind het na niks. Dit beteken dat alle voorheen gevalle Geeste van MY Hemele vrygekoop is van hul skuld, maak nie saak of hulle op daardie tydstip in 'n aardse kleed beklee was, of sommige wat nog steeds in `n tussenstadium gehou was nie, en dus, deur middel van MY KRUISIGING, is die grootste belediging teen MY HEILIGHEID EN MY GODHEID vrygestel van die WET VAN SONDE EN VERSOENING om vir ewig vrygestel te word van hierdie klipsteenharde WET VAN GEREGTIGHEID, sodat VOLMAAKTE LIEFDE vanuit Liefde vervul het wat onmoontlik gelyk het. DIE

HEILIGSTE SEGE VAN DIE LIEFDE is uitgedruk in MY laaste HEILIGE WOORDE aan die Kruis op Golgota:

"Dit is volbring!"

91 Julle weet nou, o mensekinders, dat MY weg na Golgota en MY KRUISIGING verewig is deur MY OPSTANDING vanuit die skuldoorsaak van MY aardse kinders, die grootste DAAD VAN GENADE VAN MY EWIGE LIEFDE EN VAN MY HEILIGE GEES, ter wille van julle. Daarom is een hoofstuk van hierdie NUWE BYBEL, geopenbaar deur MY MOEDER MIRIAM VAN WELEER getiteld: "DIE GENADE".

92 Voor dit sal egter eers onthul word waaraan alreeds aangeraak is in hierdie hoofstuk, naamlik die implikasies van DIE HOOGS HEILIGE DAAD VAN MY GEBOORTE OP AARDE IN JAHSHUA DIE GESALFDE, nadat 'n kort openbaring sopas as 'n oorgang gegee is na hierdie hoogste openbaring, rakende die aard van MY HEILIGE GEES en Haar permanente werking in tyd en ewigheid.

93 Wie kwaadwillig die spot dryf met MY geboorte in JAHSHUA DIE GESALFDE deur die HEILIGE GEES, om dit as 'n fabel te beskou, behoort stomgeslaan te word op sterkte van wat EK JAHWEH nou gaan openbaar, sodat elkeen wat nog ietwat van 'n suiwer hart het, krag kan verkry om bekwaam te raak om 'n lewe van LIEFDE te leef deur MY EWIGE HEILIGE EN VOLMAAKTE WIL.

Lewe en die siel, die Gawes van MY GENADE.

94 Voordat jy egter hierdie openbaring kan verstaan met jou sintuie wat al te veel vasgevang is in wat ookal jou goddelose wêreldse wysheid jou laat glo, is dit noodsaaklik vir julle mensekinders van hierdie tyd, om te leer wat `n menslike geboorte eintlik is.

95 Eerstens, die geboorte van 'n menslike kind is onmoontlik sonder MY HEILIGE GEES, die gewer van alle lewe, onontbeerlik om 'n menslike liggaam te pas met 'n lewende siel, en dit toe te rus met 'n GODDELIKE VONK waardeur die kind alleenlik sy gehalte van "menswees" geskenk word, of anders sou EK nooit vir Moses aangesê het om vir die Bybel te skryf dat die mens na MY Beeld en Gelykenis geskep is nie.

96 Wat die mens doen vir die geboorte van 'n kind, is maar 'n sekondêre proses, en tog is dit 'n WET VAN GENADE vanuit MY LIEFDE wat hom in staat stel om indirek 'n mede-skepper te word. Die behoefte vir twee wesenlik verskillende faktore om in die proses verbind te word is 'n verdere DAAD VAN GENADE, naamlik dat die SUIWER LIEFDE, wat ontstaan uit die Hemele, maar wat later deur die val besoedel is, wel die hemelse sedelike oorwig kan herwin in die menslike geslagsgemeenskap sover as wat die egpaar 'n hemelse aspek in hul vereniging plaas deur hulle benadering tot en voltrekking van die daad.

97 Hierdie hemelse aspek sal slegs verkry word indien beide in alle reinheid na MY, HUL ELOHIM EN SKEPPER sal opkyk, aangesien die sap van MY HEILIGE GEES slegs daardeur getap kan word, wat Hemelse SUIWERHEID en KWALITEITE kan veroorsaak om aktief in die daad te word. Andersins sal die fundamentele stroom van MY HEILIGE GEES, onontbeerlik vir enige lewende menslike wese, meng met die negatiewe sensuele vloeistowwe uit die wêreld van MY Teenpool.

98 Dus kan julle self sien hoe ver julle geroep is om wesenlike mede-skeppers van die ware lewe in MY Skepping te wees, en dat julle die hoë verantwoordelikheid wat julle verkry het, moet waardeer en moet aanvaar, aangesien dit van julle afhang om `n kind se lewe voor te berei om goed te ontwikkel, - minder goed of sleg.

99 LEWE in die nuut ontwikkelende kind rus in MY HAND alleen en is 'n GAWE VAN JULLE ELOHIM EN SKEPPER wat EK alleen kan gee. Die LEWENDE SIEL van `n nuwe menslike wese is terselfdertyd `n GESKENK VAN MY GENADE, maar in hierdie geval word julle ook betrek, omdat dit slegs van julle afhang watter soort siel EK DIE MEESTER sal inkarneer in die verwekkingsproses van twee verenigde partye. Oorweeg hierdie inligting baie versigtig en oordink dit ernstig in jou hart!

100 Miskien word julle nou bewus, o mensekinders van hierdie Aarde, van die feit dat julle tydens die oomblik van geslagsgemeenskap, reeds die lot verseël het van 'n siel in 'n nuwe mens; inderdaad, volgens MY HEILIGE WIL, slegs 'n paar oomblikke na 'n normale en gesonde verbinding word 'n siel reeds gegee aan die verenigende paar, of as 'n GESKENK VAN MY GENADE, of as 'n GESKENK VAN MY BARMHARTIGHEID. Dit sal 'n GESKENK VAN MY GENADE wees as die LIEFDE van die paarmaats ten minste `n sweempie van Goddelike eienskappe toon, hoe groter en wonderliker die LIEFDE vir MY, hoe groter en wonderliker kan MY GENADE wees. Dit sal 'n genadige geskenk van MY LIEFDE wees wanneer die paartjie geen ander doel het as eieliefde nie, wat maar altyd slegs een resultaat lewer, naamlik 'n sterker onderdanigheid aan die onheilige kwaliteite van MY Teenpool! En tog stel EK JAHWEH met MY BARMHARTIGHEID almal tevrede wat in uitsluitlike eieliefde gemeenskap het, deur vir hulle uit die Koninkryk van die gevalle siele, `n siel vir 'n nuwe kind te kies wat die mees geskikte

meting sal wees vir die graad van ouerlike liefde en 'n toets vir hul ware vordering.

101 Daar is egter 'n uitsondering hierop wat nie willekeurig is nie, maar wat die saak van verlossing dien. Hierdie uitsondering is gebaseer op 'n HEMELSE ASPEK VAN OPOFFERING, wat net 'n groot gees van MY Hemele in staat is om aan te pak, deur die menslike lewe in te gaan, ten einde 'n swaar skuldgeteisterde siel te red van die onbreekbare harde Wet van Sonde en Versoening, om haar te red vir MY Hemele. Hierdie besondere aspek sal elders in die komende volumes van hierdie nuwe Bybel opgeneem word.

102 Op hierdie stadium is dit belangrik vir julle om te weet dat julle mensekinders 'n gesamentlike verantwoordelikheid het in die skeppingsproses en ontwikkeling van nuwe lewe op hierdie Aarde en dat sonder MY GENADE en BARMHARTIGHEID, geen LEWE, nog minder die geskenk van 'n lewende SIEL aan die mens, moontlik sou wees nie.

103 Die feit dat die GAWE VAN `N SIEL deur MY GENADE, kort na die geslagsgemeenskap van twee menslike maats plaasvind, as die noukeurige voltooiing van 'n onveranderlike skeppingsproses wat lei tot 'n nuwe mens, is nie net bedoel om vir jou 'n nuwe vooruitsig oop te maak nie, maar ook om as 'n impuls te dien om te streef na MY GENADE in suiwer hemelse LIEFDE, dus om 'n nuwe menslike ras te skep, waarin die LIG VAN MY HEMELE sal skyn en niks meer prooi sal val vir die onpeilbare duisternis nie.

104 Reeds op hierdie stadium is dit maklik om te besef, net op grond van hierdie aanvanklike openbaring oor die menslike lewe, op watter duiwelse aspekte die heersende opvattings oor geboorte en lewe gegrond word, wat die DAAD VAN BARMHARTIGHEID VAN HIERDIE NUWE BYBEL op sigself

noodsaaklik gemaak het.

105 Hoe dit ookal sy, wanneer julle deur MY GENADE nog verder bekendgestel sal word aan die geheimenisse van die lewe en julle meer sal hoor oor die samestelling en die ingewikkeldheid van die siel, sal julle sidder oor julleself en die las van julle verantwoordelikheid vir ware lewe. Julle sal dan besef dat die lewe heilig word, die oomblik wanneer julle in ware suiwer Liefde begin opkyk na MY, JULLE SKEPPER. Terselfdertyd sal julle paniekerig word met die gedagte van hoe meer of minder verkwistend julle so ver met julle lewe was, met die netto resultaat dat, in plaas van om in die hemelse sfeer te lewe, die meeste van julle die riole verkies het.

106 Wees daarom verheug oor wat hierdie NUWE BYBEL ookal aan julle sal openbaar, maar wees vir tyd en wyl tevrede met wat EK JAHWEH julle in hierdie eerste volume as 'n Hemelse inleiding gee en verwag groot dinge wat ten doel het om jou lewe en wese te verander.

107 Wat julle o menskinders, ookal bydra vanuit julleself tot die ontluikende lewe is slegs julle wil, wat afstam van die wonderlike eienskap van MYSELF, naamlik die volkome vrye wil, wat in julle geval geneig is om maar net in een rigting te gaan, naamlik om julle eieliefde te bevredig, wat voor MY, ELOHIM EN SKEPPER - WIE suiwer LIEFDE is in wat HY ookal doen - niks meer is as 'n primitiewe drang van selfvoldaanheid om maar te doen wat die selfsugtige, plesiersoekende siel komplimenteer nie.

108 Selfs dit wat blyk jou eie bestanddeel te wees, naamlik die vermenigvuldiging en groei van saad vir voortplanting aan die manlike kant, en aan die vroulike kant, die ontwikkelende menslike vrug wat die liggaam vir 'n nuwe mens vorm, is weer net GAWES VAN MY SKEPPING aan julle, o mensekinders, wat

die produk van 'n voorlopige, tot nou nog vir julle ondenkbare proses is, ontwikkel vanuit eindelose, komplimentêre kreatiewe bevindinge van MY WYSHEID.

109 Vir hierdie aardse boumateriale van die menslike liggaam, wat na MY EIE BEELD EN GELYKENIS gevorm word, die krag wat baie fyn in die voortplantingsaad geplaas is- is Liefdeskeppings van MY ONDEURGRONDELIKE WYSHEID, tog het hulle nie ontstaan vanuit MY aanvanklike KREATIEWE WIL nie, maar stam van die dringende noodsaaklikheid af om te voorkom dat julle gevalle gees, wat eens van MY EWIGE KONINKRYK VAN LIEFDE weggedraai het, te red van `n onverlossende val na die ewige dood.

110 EK JAHWEH het julle afkerige en vyandige gees laat val deur julle vrye wilskrag, tot by die uiterste beperking van redding en terugkeer. EK het slegs ingegryp toe julle verblinde gees ook hierdie moontlikheid verkwis het en nie meer oop was om te redeneer nie. Die val van julle gees het so ver gegaan, dat niemand anders behalwe EK DIE SKEPPER nog binne-in julle gees die spore van die lewe vanuit MY kon herken. Dit was die droefgeestige toestand van duisternis en bestemming van julle verblinde gees – wat eens vanuit MY ontstaan het!

111 Uit so 'n diep gevalle Gees kon slegs boustene sonder 'n duidelike lewensbewustheid geneem word vir die redding en terugkeer na die voormalige hemelse toestand, of ten minste met so 'n bietjie lewenskrag, dat nóg 'n menslike vormboukrag, nóg 'n voortplantingslewenskrag, opgemerk kon word. Dit was die laagste graad van geestelike lewenskrag.

112 EK DIE SKEPPER was dus daartoe gelei om een van die grootste wonders te skep, om so 'n diep gevalle Gees tot 'n nuwe geestelike lewe op te wek en te reël vir die moontlike terugkeer na sy verlore hemelse vaderland, dit is MY

KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE, wat ontstaan het uit die HEILIGE GEES VAN EWIGE VOLMAAKTHEID!

113 Dienooreenkomstig het EK DIE MEESTER

DIE WONDER VAN DIE SIEL geskep,

`N TUSSENTYDSE REALM

VAN ONEINDIGE WONDERS

tussen

MY HEILIGE GEES

VAN VOLMAAKTHEID

en

die gevalle gees vanuit MY.

114 Ten spyte van al die wonders wat tot dusver verseël en onverstaanbaar gebly het vir julle, is hierdie koninkryk van die siel slegs 'n asem van die skepping, maar hierdie asem van MY LIEFDE moes 'n belangrike kenmerk van MY HEILIGE GEES bevat sowel as die somtotaal van al die eienskappe van die gevalle gees, as die laasgenoemde enigsins sou kon terugkeer na sy hemelse oorsprong en niks blootgestel sou bly aan die ewige dood en sy waardeloosheid nie.

115 'n Weergalose wonder – dit sal julle hopelik erken as julle enigsins nog 'n sin vir JULLE ELOHIM EN SKEPPER SE WERK het! EK gaan voort met MY openbaring in die hoop dat onder die honderde duisende van vandag se lewende menslike siele, daar hier en daar tenminste een of meer helderder siele is wat, danksy hierdie OPENBARINGE VAN MY LIEFDE EN GENADE, sal poog om 'n dieper selfbegrip te bereik!

116 Vir HIERDIE WONDER VAN DIE SIEL om voldoende lewenskrag te kon bymekaarmaak om die proses van terugkeer van die gevalle gees te bewerkstellig, moes die ASEM VAN

EWIGE LEWE vanaf MY in die SIEL geplaas word.

117 Tog was dit nie genoeg nie; vir die terugkeerproses van die gevalle gees moes die SIEL bevestig word met 'n groot verskeidenheid funksionele en evolutiewe stelsels – waarvan baie min tot nou toe bekend is aan julle soekende mensdom - om al die gewese oneindige vermoëns en eienaardighede wat onttrek is van die `gevalle gees' weer te laat herleef, wat byna verdwyn het en waarvan slegs `n sweempie van oor was.

118 Ten slotte was dit ook nodig om in die siel die wonderlikste eienskap van MY te anker, wat eens geskep het en nou alles onderhou, en WIE alleen die herklim stap vir stap moontlik kon maak, naamlik die LIEFDE. Want wat sou 'n siel sonder Liefde gewees het? 'n Siel sonder Liefde sal minder wees as die ellendigste stuk verrotte hout.

119 Maar selfs met MY LIEFDE sou 'n SIEL nie in staat gewees het om die finale doel te bereik naamlik vir die gevalle gees om terug te keer na MY HEMELSE KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID nie, as EK nie ook

BINNE-IN DIE SIEL

'N VONK VAN GENADE

VAN MY EWIGE SELF

NAAMLIK

'N ERFLATING VAN MY GODDELIKE SELF

geplaas het nie, waardeur 'n siel alleenlik bewus kan raak van haar goddelike bestemming en hard daarna kon streef om met MY te verenig.

120 'n Siel bestaan dus uit alles wat nodig is om die gevalle gees terug te bring na MY DIE SKEPPER, haar ELOHIM EN VADER. Dit bevat alles, vanaf die geringste krag van die gevalle gees tot die

HEILIGE GODDELIKE VONK VAN MY EIE SELF en kan, danksy die gehalte vanuit MYSELF daaraan verleen, vir ewig leef en kan dus beslis die doel bereik wat EK vir haar gestel het, selfs al sou dit oneindige lang tye neem. Die doel sal bereik word, sowaar as wat EK ELOHIM, DIE MEESTER, DIE SKEPPER EN DIE EWIGE WYSHEID is: Elke gevalle gees sal weer na MY terugkeer! Dit mag dalk selfs vroeër as in die verste ewigheid gebeur, as julle mensekinders begin om MY werklik lief te hê en begin bewus raak van waar julle gekom het en met hoeveel LIEFDE EN GENADE EK DIE MEESTER julle aantrek en julle weë lei.

121 Hierdie openbaring het julle die wonderlike werking van die siel getoon, waardeur elkeen wat nog nie so dood in sy gees is soos die diepste gevalle gees nie, behoort te verstaan dat wonders op wonders van MY GENADE-LIEFDE hom deurdring en omring en dat dit inderdaad hoog tyd is dat hy MY SY SKEPPER sal liefhê met die volle ywer van sy hart, sodat hy gelei kan word deur MY GENADE na sy ware bestemming en om deel te neem aan MY EWIGE KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID.

## ELOHIM se grootste Offer

122 Besef julle nou, MY aardse kinders, waarom hierdie NUWE BYBEL geskryf moes word? Vir geen ander rede as om julle byna dooie geestelike oë na die werklike wêreld te draai nie, sodat julle nie die risiko sal loop om ten volle blind te word aan die einde van julle aardse lewe en bestaan voor MY EWIGE LIG nie! Bevry julleself dus op grond van die krag van MY OPENBARINGS vanaf die onvrugbare gewoontes van hierdie blinde wêreld, wat julle wegtrek van ware geluk wat EK DIE MEESTER gereed hou vir julle, in soverre as wat julle begin luister na hierdie HEILIGE WOORD VAN MY!

123 Moet nie ly deur wat EK as JAHSHUA DIE GESALFDE gesê het oor die ongehoorsames nie, wat ook op julle van toepassing

is, naamlik:

*"... Want hulle kyk sonder om te sien, luister sonder om te hoor of te verstaan." (Matthèüs 13:13).*

124 Julle hedendaagse mense is so gretig om as vooruitstrewende denkers bekend te staan. Dink julle dit is so vooruitstrewend om dag na dag die hoer van hierdie wêreld se basuin te blaas en net soos die "bou van die toring van Babel" alewig nuwe torings van egomanie vir hierdie kortstondige bestaan op te rig, sonder om na te dink oor die volgende dag van die EWIGE LEWE nie?

125 Solank as wat julle nie bereid is om julle siel, soos sy was, 'n heilsame stoot te gee om uit die vlak groef van hierdie wêreld te kom nie, sal julle mensdom geslag na geslag verstrengel raak in die strikke van gebeurtenisse. Julle noem dit geskiedenis; maar EK JAHWEH, sê: Voorwaar, al julle wêreldse geskiedenis is die grootste gruwel voor MY, JULLE ELOHIM VAN EWIGE VOLMAAKTHEID! En as dit nie 2000 jaar gelede die mees ontsettende gruwel geword het nie, sou EK JAHWEH nie nodig gehad het om in te tree in die aardse bestaan as JAHSHUA DIE GESALFDE nie! Maar EK het vir julle as die MESSIAS VAN DIE GEES gekom, want - soos voorheen gesê - MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE was diep ontsteld deur die verskriklike dwaasheid van MY kinders op die Aarde.

126 En kyk, MY aardse kinders, EK MYSELF was gehoorsaam aan MY EIE SELF! EK JAHWEH het geluister na die HEILIGSTE STEM van MY OORSPRONKLIKE BRON VAN EWIGE LIEFDE en het die grootste offer ter wille van julle gemaak, deur te inkarneer in die vlees van julle Aarde, sodat aan julle bewys kon word waartoe LIEFDE EN BARMHARTIGHEID in staat is, en julle terselfdertyd vrygestel kon word van die OEREWIGE WET van MY Goddelike Orde, naamlik die Ewige Wet van Geregtigheid

van Sonde en Versoening. EK JULLE ELOHIM EN SKEPPER, het hierdie taak reggekry deur julle ou skuld op MY te neem, julle Oersonde van julle afvalligheid van MY, deur die totaliteit van hierdie Oersonde as MY SIEL in MY HEILIGE JAHSHUA-LIGGAAM te plaas, 'n liefdesproses van skepping ter wille van die LIEFDE, ten einde nie MY kinders aan die ewige dood af te staan nie.

127 Slegs EK, MEESTER EN SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE, kon hierdie DAAD VAN GENADE EN BARMHARTIGHEID bereik deur middel van MY BRANDENDE LIEFDE vir alles wat geskep is vanuit MY ALLERHEILIGSTE, DIE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE.

128 EWIGE LIEFDE het MY, ELOHIM EN SKEPPER egter vooruitgegaan, en die grootste WERK VAN GENADE, BARMHARTIGHEID EN REDDING van die hele Skepping ingelei. EWIGE LIEFDE het die pad vooruit gelei na julle Aarde soos DIE MOEDER VAN MYSELF hier onder - inderdaad, die MOEDER VAN ELOHIM, soos wat soveel mense onwetend met eerbied van HAAR sê; - want slegs hier in hierdie NUWE BYBEL word vir die eerste keer geopenbaar hoe hierdie GEBEURTENIS VAN BARMHARTIGHEID EN GENADE werksaam geword het.

129 Julle het deur MY openbaring tot dusver geleer dat in MY skepping MY HEILIGE GEES die volle werklikheid is en nie 'n onwerklike godsdienstige illusie, soos wat die oorslim wêreldse wyse mense dikwels meen nie.

130 Dit was dus die HEILIGSTE VLOEI VAN MY GENADE wat die heiligste noodsaaklike deel van MY EWIGE LIEFDE - MY HART SE OERGRONDPOOL in staat gestel het om geïnkarneer te word in die suiwerste, nog bestaande genelyn op Aarde - die raarste genelyn wat afgesonder was, spreek EK JAHWEH - om dus gebore te word in 'n menslike gewaad as die EEN WAT SY VAN EWIGHEID AF WAS, MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE

LIEFDE wie EK JAHWEH benoem het met die mooiste klinkende naam op die Aarde: MIRIAM.

131 HEMELE in HAAR OERGRONDPOOL het dus na die sondige Aarde gekom en hierdie HEMEL moes suiwer bly om die HEILIGSTE HOUER te word vir HOM WIE na julle Aarde moes kom om te bereik wat onmisbaar was vir julle redding. Hierdie HEMEL moes beskerm word teen alle versoekings en aanvalle aangevoer deur MY Teenpool op Aarde en dit het so gebeur dat, na aanleiding van die eerste beskerming deur die voorbeeldige heilige liefde van HAAR ouers, SY onder die voogdyskap van MY uitverkore volk se tempel geplaas is, tot tyd en wyl EK ELOHIM, DIE MEESTER MYSELF sou inkarneer deur MY HEILIGE GEES in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, in die suiwerste menslike gewaad.

## DIE HEILIGE DRIE-EENHEID/ ELOHIM se Heilige Sfeer van aksie

132 Na al die openbarings wat tot dusver aan julle gegee is oor die aard en werking van MY HEILIGE GEES, sal julle dit nie moeilik vind om te begryp dat 'n suiwer geestelike verwekking kan plaasvind nie, en EK JAHWEH sê aan julle: As julle, o mensekinders, eendag suiwer sal word, ja suiwerste LIEFDE word, om niks anders as LIEFDE te wees nie, dan sal alles van julle afval wat dit nou nog nodig maak om in `n menslike liggaam van vlees te wees, en dan sal julle anders voortplant as nou.

133 Net soos wat uitstortende LIEFDE 'n presiese voortplantingsproduk van die LIEFDE is, verewig LIEFDE haarself deur ewiglik nuwe dade van LIEFDE voort te bring, so moet dit nog makliker wees om die GEES te begryp - en bo alles, dat die GEES vanuit MY - geestelik sal voortbring en baar, en dat hierdie voortdurende genererende GEES VAN ELOHIM voort

kan bring en baar wat ookal HAAR HEILIGE WIL is.

134 Voortplanting en baar soek egter altyd na 'n aanvullende pool, hetsy materieel of geestelik. Hierdie wet van komplementêre polariteite was reeds werksaam in MY oeroorspronklike bron, en aangesien EK ELOHIM DIE MEESTER MY EIE AANVULLENDE POLARITEIT binne-in MYSELF het in MY OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, kan alles verwek en gebore word deur MY HEILIGE GEES, onder 'n wilskrag aspek van MY EIE SELF, en intree in die skepping as 'n verskynsel.

135 En daar is nog 'n verdere ewige wesenlike wet van MY, waarby twee aanvullende pole 'n werksfeer benodig, andersins sal daar chaos wees. Julle kan dus daaruit verstaan, hoe onsinnig die bewering deur 'n klomp sogenaamde wetenskaplikes is, wat beweer dat die heelal uit chaos ontstaan het. Enige mens wat 'n bietjie verstandelik wakker is, sal besef dat – wat slegs hierdie wet van die polariteite betref - MY skepping absolute orde is en dat die wil vir orde noodsaaklik is vir die ware lewe van elke skepsel. Daaruit kan maklik raakgesien word dat alle aspekte van lewe 'n basiese neiging tot orde toon.

136 In die materiële wêreld, is die sfeer van aksie vir enige aanvullende polariteite, altyd 'n deel van materie of 'n som van materiële deeltjies. Die Noord- en Suidpool sou ondenkbaar wees in hulle onderlinge verhouding sonder die Aarde; dit geld ook vir elke liggaam van die heelal tot die kleinste struktuur van materie.

137 In die geestelike wêreld egter, korrespondeer die werksfeer van die aanvullende pole met 'n geestelike werksfeer.

138 MY EIE sfeer van werking is dus MY oneindige ewige skepping; wat absoluut een is met MY, ELOHIM DIE MEESTER, SKEPPER EN VADER van Hemel en Aarde en met MY

OERGRONDPOOL VAN LIEFDE, rustend en werksaam binne-in MY. Hier is die feit van die HEILIGE DRIE-EENHEID duidelik aan julle, o mensdom, geopenbaar! Want SY IS HEILIG, dus 'n VOLMAAKTE DRIE-EENHEID - volmaak in HAARSELF en in harmonie (konkordant) in elke dryfkrag tot manifestasie - alles is dus volmaak in MY oneindige ewige skepping. MY skepping sou nie oneindig of ewig kon wees sonder DIE ABSOLUTE VOLMAAKTE DRIE-EENHEID nie. Vandaar die absolute EENHEID van MY DRIE-ENIGE SKEPPING in en uit HAARSELF tot in die oneindigheid.

139 Julle menslike werksfeer egter, tussen haar aanvullende pole - manlik en vroulik - is 'n afgeskeide sfeer, wat eenheid volgens MY BEELD moet bereik. Slegs julle is verantwoordelik vir hierdie afgeskeide sfeer van lewe en dade deur dit wat reeds gesê en geopenbaar is ten opsigte van die ou sonde of oersonde van die gevalle gees.

140 Julle kan MY JULLE ELOHIM werklik dankbaar wees, dat EK julle nie vir ewig in hierdie afgeskeide polariteit gelaat het nie - wat die ewige dood sou beteken, - maar het aan al die kinders van die mens en die gevalle gees die BARMHARTIGE GELEENTHEID gegee om die volmaakte hemelse toestand deur MY LIEFDE, GENADE, GEDULD EN BARMHARTIGHEID terug te kry.

141 MY absolute, suiwer, geestelike WERKSFEER is MY GEESTELIKE SKEPPINGSLIGGAAM. Hier moet EK beklemtoon dat die begrip "liggaam", wat uit julle woordeskat geneem is, absoluut niks te doen het met sy ooreenstemmende aardse materiële begrip nie; inderdaad, die uitdrukking "geestelike skeppingsliggaam" is slegs bedoel as 'n vergelyking met jou eie liggaam, net soos wat EK, as DIE MESSIAS VAN DIE GEES, JAHSHUA, DIE GESALFDE, met die mense in gelykenisse gepraat

het wanneer EK konsepte en wette van die hemelse Wysheid duidelik wou maak. Deur hierdie vergelyking het EK bedoel dat alles in MY SUIWER GEESTELIKE WERKSFEER in absolute eenheid funksioneer, net soos in 'n gesonde menslike liggaam. EK JAHWEH sal dit nog duideliker vir julle sê sodat julle beter kan verstaan: - Julle aardse menslike liggaam, uit materie gemaak, weerspieël MY GEESTELIKE SKEPPINGSLIGGAAM in alle opsigte, wat julle nog meer duidelik sal lei na die HEILIGE WAARHEID waarvolgens julle mensekinders NA MY BEELD EN GELYKENIS geskape is.

142 Daarom behoort dit nou duidelik aan julle deur te skemer dat julle nie net KINDERS VAN ELOHIM is nie, maar ook dat EK JULLE ELOHIM, JULLE VADER IN DIE HEMEL is, en dat HIERDIE ELOHIM EN HEMELSE VADER van julle nie net 'n vormlose "kosmiese energie" of selfs 'n "kosmiese wolk" is nie, soos wat sogenaamde "parapsigologiese* wetenskaplikes" of geleerde navorsers die gewoonte het om te sê nie, maar inderdaad

JULLE ELOHIM SKEPPER

EN HEMELSE VADER

IS DIE EEN WAT IS

VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID:

ELOHIM DIE MEESTER

en terselfdertyd.

die oerbron

van alle geestelike en materiële formering

en julle mees volmaakte model ooit!

*(*Wetenskap wat verskynsels soos telepatie en heldersiendheid bestudeer)*

143 So weet julle nou duidelik, o mensekinders, na wie julle

roep wanneer julle bid tot

ELOHIM, JULLE SKEPPER:

DIE MEESTER VAN EWIGE VOLMAAKTHEID

EN

DIE VADER VAN EWIGE LIEFDE.

144 Dit maak dit vir eens en altyd duidelik dat hulle wie MY as 'n persoonlike ELOHIM aanbid, nie eenvoudig is nie, maar eerder dat hulle blinde dwase is wat die EWIGE SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE in iets onwerklik verander, wie se "ontdekking" van die blindste dwaasheid dan nog onder die dekmantel van die hoogste geleerdheid beklee word.

145 Dit is egter MY HEILIGE WIL dat al julle wetenskappe MY openlik en oortuigend sal erken, om doeltreffend te werk ten einde die menslike ras te lei na verbetering en nie na sy ondergang nie. Met daardie einddoel voor oë, sal EK die geestelike roete neerlê wat gevolg moet word in die komende volume van hierdie NUWE BYBEL, getiteld "DIE BOEK VAN WYSHEID".

146 Na hierdie verduideliking, keer ons terug na MY EWIGE GEESTELIKE SKEPPINGSLIGGAAM, wat deur Haar ABSOLUTE EWIGE VOLMAAKTHEID, ook ONEINDIG BINNE-IN DIE EWIGHEID is, omdat absolute volmaaktheid - probeer om dit in die diepte van jou hart te begryp - ewig en oneindig onophoudelik moet wees in haar volmaaktheid, onbekend met dood.

147 As gevolg van die feit dat EK in jou siel - soos wat voorheen vermeld is - 'n vonk van al die eienskappe van MY geplaas het, moet die volmaakte werksfeer eers herstel word, waarvan julle julleself afgesny het deur julle afvalligheid van MY HEILIGE GEES, en het julle julleself belas met die dood, wat nie van MY

KONINKRYK af kom nie, maar van julle gevalle wêreld.

148 Dood is inderdaad die gevolg van 'n volmaaktheid wat verlaat is! As julle, o mensekinders, volmaaktheid in en om julle sal herstel, sal die dood as 'n beperking van julle aardse lewe oorwin word en sal van julle wyk!

149 Dit het EK JAHWEH in JAHSHUA DIE GESALFDE duidelik as voorbeeld deur MY OFFER OP GOLGOTA gestel! Want deur MY geboorte op Aarde moes MY VIR EWIG VOLMAAKTE SKEPPINGSLIGGAAM van suiwer gees verbind met `n liggaam onderworpe aan die wette van materiële beperking; die laasgenoemde is egter oorweldig deur die EWIGE LIGGAAM VAN MY HEILIGE GEES, waardeur EK DIE MEESTER opgestaan het uit die beperking van die aards-materiële "dood" deur MY SUIWER GEESTELIKE SKEPPINGSLIGGAAM, en daardeur aan alle mense op die Aarde bewys het, ook aan al die geeste van die totale Skepping, dat die ewige LEWE IN DIE GEES VAN ELOHIM alles kan bereik, insluitend die oplossing van materie met al sy gebreke, tekortkominge en sondes, soos dood en beëindiging!

150 En aangesien EK ELOHIM DIE MEESTER dit in julle wêreld, op Aarde, vir alle tye en ewigheid bereik het, het julle Aarde die AARDE VAN REDDING geword; en waarlik, dit kon slegs op die Aarde bereik word, want die oorspronklike gevalle gees van MY Hemele het die kern van die Aarde geword met al die moontlikhede van sonde.

151 Dit is die rede waarom, volgens MY HEILIGE WIL, hierdie Aarde van verlossing ook die Aarde van beregting is vir almal wat vanuit MY GEESTELIKE SKEPPINGSLIGGAAM af kom, van MY hoogste engele af tot by julle – die gevalle mensdom, sodat MY hele skepping opgewek kan word na 'n hoër graad van volmaaktheid, wanneer die hele toetsproses vir al MY skepsels op hierdie Aarde voltooi sal wees.

## Die Genade van DIE NUWE BYBEL / Die Draaipunt van Genade vir alle Lewe op Aarde

152 Kan julle nou uiteindelik besef, o mensekinders- selfs as julle dit nog nie ten volle begryp het nie- waarom julle op hierdie Aarde leef? Wil julle nog steeds aangaan om soos blinde dwase te leef, om slegs julle aardse liggaam, wat deur die dood beperk is, te bederf? Of sou julle nie eerder julle oë wou oopmaak om die EWIGE LEWE te kan ingaan nie? Hierdie NUWE BYBEL VAN MY sal julle daartoe help.

153 Begryp die genade van hierdie NUWE BYBEL waardeur julle opgehef kan word - indien dit julle wil is - van die onveiligheid en verwarring van julle voorgewende bestaan, wat met elke tree niks anders kan produseer as strikke deur julle eie toedoen nie- `n gevolg wat reg is en wat EK verdra, aangesien julle altyd julle oë wend na dinge wat maar net die teendeel van MY GEBOOIE is, die enigste wat lei tot ware en volmaakte lewe. Nou word hierdie NUWE BYBEL VAN MY GENADE in julle hande geplaas, en hy wat dit sal opneem, sal homself by `n draaipunt van MY GENADE in sy lewe bevind. Want alles wat nodig is vir `n ware lewe word in hierdie NUWE BYBEL gegee, wat jou in staat sal stel om `n streep te trek deur dit wat jou ookal in jou huidige lewensituasie gebring het, wat –soos julle self kan sien- slegs vernietiging voorspel.

154 Hierdie NUWE BYBEL beteken 'n draaipunt van Genade, nie net vir diegene wat tot dusver die Christelike geloof verklaar het en die taal praat wat in die eerste uitgawe van MY NUWE BYBEL gedruk is nie, maar ook vir al MY aardse kinders; want die NUWE BYBEL sal in al die belangrikste tale van die mensdom gedruk word en al MY aardse kinders sal hul pad na MY, DIE EEN EN ENIGSTE WARE ELOHIM vind; en al die vele split-gelowe moet ontbind en saamsmelt in die ware godsdiens van MY

EWIGE JAHSHUA-MIRIAM LIEFDE. Dit is MY HEILIGE WIL wat moet en vervul sal word volgens MY HEILIGE WOORD dat daar EEN HERDER EN EEN KUDDE sal wees.

155 Dit beteken - soos wat reeds grondliggend aan julle openbaar is - dat die toestand van MY VOLMAAKTHEID IN MY HEILIGE GEES VAN DIE EWIGE DRIE- EENHEID in alle opsigte op hierdie Aarde van verlossing bereik moet word.

156 Begin daarom self met alle erns op die vlak waarop jy is: Verwyder jou toestand van skeiding van MY, DIE VIR EWIG VOLMAAKTE EEN met MY HULP EN GENADE! Skep vir jouself die volmaakte werksfeer in alle opsigte! En EK sê, sonder enige beperking!

157 Inderdaad kan niemand volmaaktheid bereik as hy glo dat hy iets kan bereik deur sy eie wilskrag nie. Die mens se vrye wil is bestem om onmiddellik verstrengel te raak in die oerwoud van MY Teenpool, die oomblik wanneer die mens ophou om op te kyk na MY en MY VOLMAAKTHEID en nie meer vra: "O MEESTER, WAT IS U ALLEEN HEILIGE WIL?" nie.

158 Al julle wêreldse situasies wat ten Hemele skry doen dit, want hulle het ontstaan vanuit die diepe, geblinddoekte wanbegrip van julle Teenpool dade, en hierdie wêreldsituasies het daadwerklik hulp nodig van die EWIGE HEMEL VAN MY VOLMAAKTHEID.

159 Maar sodat julle dadelik kan begin om die regte en die volmaakte weg te neem nadat julle hierdie draaipunt van Genade bereik het, danksy MY NUWE BYBEL, gee EK JAHWEH julle nou al die nodige riglyne om julle op die reguit pad na MY te help hou.

## ELOHIM, Die MEESTER se genade en barmhartigheid voor die komende oordeel.

160 Voor die publikasie van hierdie NUWE BYBEL van MY, het van MY aardse kinders, wie MY herken het in MY MOEDER, MIRIAM VAN WELEER, en MY gevolg het hier na onder in MY LIGSIRKEL VAN HEMEL EN AARDE, al die nodige riglyne ontvang deur middel van MY HEILIGE STEM, "DIE STEM VAN DIE MEESTER", en in sommige gevalle ook direk vanaf MY in MY MOEDER VAN WELEER, want almal kon hulle na HAAR wend vir al hulle persoonlike probleme. Dit was 'n tyd van ongewone genade vir almal wat MY erken het in MY HEILIGE WOORD en in MY MOEDER MIRIAM - 'n tydperk van GENADE wat nie herhaal sal word nie. Wie nie die HEILIGE riglyne wat gedurende hierdie tyd van GENADE ontvang was, hartlik in dade omgesit het nie, het slegs homself te blameer dat hy hierdie unieke geleentheid vermors het. Dit was die tyd van die GENADE van MY EERSTE BARMHARTIGHEID nadat EK en deur MY HEILIGE STEM aan die lig gebring en uitgeroep het dat EK DIE MEESTER, SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE, DIE MESSIAS EN VERLOSSER, JAHSHUA MESSIAS DIE GEKRUISIGDE, teruggekeer het na hierdie Aarde in die menslike gewaad van JULLE VERLOSSENDE MOEDER, MY MOEDER VAN WELEER, MIRIAM. En diegene wat op hul beurt daarin geslaag het om MY Heilige riglyne in lewende aksie om te sit wat gegee was deur MY MOEDER VAN WELEER, MIRIAM, was gekies vir die kern van die MY HEILIGE LIGSIRKEL in die komende tyd van die duisternis op hierdie Aarde.

161 Na afloop van die tyd van die Genade van MY eerste Barmhartigheid, het daar nou, met hierdie NUWE BYBEL, die tyd van die GENADE VAN MY TWEEDE BARMHARTIGHEID aangebreek. Dit beteken dat alles voortaan in hierdie NUWE BYBEL beskikbaar sal wees in terme van riglyne vir alle tye op Aarde, alles wat die mensdom sal benodig vir hulle redding en

hul ware bestyging deur MY helpende HEILIGE HAND. Dit is nou so te sê aan julle oorgelaat om in hierdie tweede fase in te haal, deur middel van hierdie GAWES VAN GENADE, naamlik alles wat misgeloop is tot nou toe, want geen bykomende tyd om die verbeurde geleenthede te herstel, word in die DERDE FASE VAN BARMHARTIGHEID van MY GENADE beplan nie, want dit sal die tyd van OORDEEL wees. Dan kan almal net soveel van MY GENADE verwag as wat hy bates het om te wys, wat hom sal bevorder op die leer wat lei tot MY Hemele, naamlik vrugte van ware LIEFDE.

162 Mors dus geen tyd nie en skakel MY HEILIGE RIGLYNE in alle erns in werke van LIEFDE, soos uiteengesit in hierdie NUWE BYBEL, om te kwalifiseer vir MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE wat reeds in die termyn van MY tweede fase van BARMHARTIGHEID is, en as ware kinders van MY LIEFDE om die NUWE JERUSALEM op Aarde te bereik gedurende die derde tydperk van barmhartigheid. Dit kan selfs gebeur dat baie mense wat as nuwelinge met hierdie NUWE BYBEL, wat met die mees brandende Liefde en hoogste erns in die gees daarvan gaan, ook aanvaar sal word in die KERN VAN MY HEILIGE LIGSIRKEL VAN DIE MESSIAS; slegs daardie sal egter betrokke wees wat egter gereed is om MY DIE MEESTER IN MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM, in absolute gehoorsaamheid te volg.

163 Nou is alles is gereed vir julle, MY aardse kinders, in MY GENADE EN BARMHARTIGHEID.

Begryp dit!

# - Hoofstuk 2 -

Gehoorsaamheid is Liefde bo alle Liefde

GEHOORSAAMHEID IS LIEFDE BO ALLE LIEFDE

EN

ALLEENLIK DIT SAL JOU

NA MY HEMELE LEI.

VADER,

Nie my wil nie,

maar

LAAT ALLEEN U HEILIGE WIL

geskied

IN DIE HEMELE SO OOK OP AARDE

1 Vra julleself dus af of julle gehoorsaamheid aan MY, julle ELOHIM EN SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE, MY, DIE ALMAGTIGE, toelaat om te sê:

Dit is volbring,

die grootste werk van verlossing

op hierdie Aarde,

wat 'n heel somber ster in die heelal was tot op hierdie oomblik, toe EK JAHWEH SELF begin skryf het deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE!

2 Want as julle gehoorsaam was aan MY, julle MEESTER, kon of sou situasies op Aarde nooit die vlak bereik het waarin dit nou werklik in die alledaagse lewe is nie! Ongelukkig moet EK

JAHWEH verder vir julle mensekinders sê dat hierdie toedrag van sake die gevolg van julle werke is, wat nooit onder die heilige belydenis gedoen is wanneer julle almal al te dikwels onbesonne gemompel het: "VADER, laat U WIL geskied op die Aarde, net soos in die Hemele"!

3 Want hierdie heilige belydenis is inderdaad 'n verbintenis! Jy sal dus voortaan tweekeer moet dink voordat jy dit weer uitspreek indien jy, ten spyte van jou huidige kennis, nie gereed is om MY HEILIGE WIL te laat geskied soos wat EK dit wil laat geskied nie.

4 Want jou werke is tevergeefs as hulle nie gedoen word deur jou oë op te hef na MY DIE MEESTER nie. Waar is jou smeking, jou ondersoekende vraag wat aan MY DIE MEESTER gestel moet word: "VADER, wat is U ALLEEN HEILIGE WIL?"

5 Slegs wanneer 'n aardse kind na MY toe kom in die diepste nederigheid en met 'n vaste voorneme om ALLEEN MY HEILIGE WIL te vervul, sal hy binne-in homself, op die daad, 'n aanduiding ontvang van wat MY HEILIGE WIL elke oomblik is.

6 Onthou dus, kinders van hierdie Aarde, dat 'n kind van MY LIEFDE slegs deur DIE HEILIGE POORT VAN MY HEMELE kan deurgaan wanneer hy MY DIE MEESTER in absolute gehoorsaamheid volg!

7 Julle weet nou wat gedoen moet word as julle ontslae wil raak van julle sondige aardse gewaad.

8 Dit is vrugteloos om te sê: "MY ELOHIM EN MY MEESTER, maar EK het U lief!", want dit is maar ydele praatjies en het niks te doen met gehoorsaamheid nie, die enigste manier waardeur 'n kind in MY Hemele kom!

9 Word dus reeds hier op hierdie Aarde burgers van MY Hemele, deur MY Liefdesgebod onwrikbaar te volg:

WEES LIEF VIR ELOHIM BO ALLES

EN VIR JOU NAASTE SOOS JOUSELF!

10 Wat dit beteken behoort en moet duidelik wees vir elke siel, tensy sy swaksinnig is. Hierdie Liefde is gehoorsaamheid wat geen moeite ontsien nie en wat angstig is om haar naaste te dien met daardie Liefde wat EK JAHWEH in die hart van elke aardse kind geplaas het.

11 Daar is egter een ding wat EK JAHWEH moet sê: Pasop vir die gooi van die helse klippe op diegene van MY kinders wie se harte met blindheid geslaan is en wat nie bereid is om MY HEILIGE WIL na te kom nie! Want julle ken hulle skuldlas nie, terwyl EK DIE MEESTER dit wel ken.

12 Omvorm dus om LIEFDE te word, die mees brandende, die mees barmhartige JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE wat behoort te straal uit elke hart wat bereid is om MY DIE MEESTER te volg vir sy eie saligheid! Julle weet nog steeds nie wat dit beteken om Genade te verkry nie! As julle dit geweet het, sou julle nie vir 'n oomblik gehuiwer het om te word wat julle veronderstel is om te wees nie, naamlik ware kinders van julle HEMELSE VADER JAHSHUA, WIE nie net op die Kruis van Golgota doodgebloei het nie, maar nou weer vir julle ly in die menslike gewaad van SY MOEDER VAN WELEER, MIRIAM, WIE nou die VERLOSSENDE MOEDER vir al die kinders van hierdie Aarde is. Want EK JAHWEH het so ver gegaan as om MYSELF te ontneem van MY ALLERHEILIGSTE vir inkarnasie in 'n gewone mens en tog van ongekende grootsheid, want

13 SY is die KONINGIN VAN MY HEMELE WIE die ou Slang se kop sal vermorsel op hierdie Aarde vir al HAAR kinders!

14 Wees egter versigtig om nie DIEGENE aan te val WAT ALLEENLIK MY HEILIGE WIL uitvoer nie, want die boemerang sal met dieselfde intensiteit na hom terugkom wat dit met 'n

duiwelse opset werp na diegene wat maar die bodes van MY HEILIGE WIL is!

15 Dus, pasop, sê EK DIE MEESTER weereens: Nooit sal 'n kind van MY LIEFDE, wat MY met sy hele hart opgeneem het, vuur en vlam van die hel spoeg nie, maar sal Liefde wees vir elke siel om haar in staat te stel om volwasse te word onder die omringende strale van Liefde.

16 Nog 'n belangrike aspek: 'n Siel moet haarself nooit bo ander plaas nie, in ag genome die vordering wat sy reeds gemaak het, want het EK JAHWEH nie gesê:

*"Elkeen wat homself verhoog, sal verneder word*

*en wie homself verneder, sal verhoog word nie?"*

*(Matthèüs 23:12)*

17 Want ware dienende Liefde sal sê: MY ELOHIM EN MY MEESTER, niks het EK vir U gedoen nie en EK is maar die nutteloosste dienskneg of waardeloosste diensmaagd en EK is ten volle bewus daarvan dat U ALLEEN, O MEESTER, DIE WARE OUTEUR van alles is!

18 Leer jouself dus nederigheid, want sonder die nederigste Liefde sal geen mensekind ooit MY Hemele ingaan nie!

19 Oordink ook dat EK DIE MEESTER nooit sal of kan toelaat dat kinders van MY Liefde DEUR DIE HEILIGE POORT VAN MY HEMELE gaan, as hulle nie die grootste en belangrikste gebod van hulle ELOHIM EN MEESTER geleer het en nie in MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, DIE ENIGSTE ELOHIM EN SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE, WIE eens op hierdie Aarde geloop het as JAHSHUA DIE GESALFDE, herken het nie!

## Ware denke / Die ware hart se denke / Die stem van die gewete

20 EK JAHWEH weet presies dat julle, o mensekinders van hierdie Aarde, wie eens in MY Hemele gewoon het voordat julle moedswillig van MY, JULLE ELOHIM EN SKEPPER weggedraai het, nou in julle swaar aardse vlees is en uitsluitlik julleself te blameer het dat julle baie stadig en onhandig is in denke van Waarheid, veral wanneer julle moet besin oor die betekenis van Ware Geestelike Lewe wat julle eens verlaat het! Nou is julle afgestomptheid maar die gevolg van jul voorheen vrye gees wat homself ingedruk voel in die styfpassende onderbaadjie van die gevalle kragte wat julle materie noem, wat onmiddellik verlore gaan in die ondeurdringbare ruigte van julle grootliks verminderde geestelikheid, wat oor die algemeen sal terugval tot geestelike akrobatiek van "as" en "maars", maar nooit 'n sinvolle gevolgtrekking sal kan aanbied nie.

21 Julle, o mensekinders, het dus vergeet wat ware denke is, soos wat dit voortgebring word vanuit MY Hemele. Ware denke is om uit te gee vanuit die geestelike sentrum van jouself, naamlik die hart, en nie in die eerste plek van die brein as geheue en omsetter nie.

22 Daarom moet die denkproses nie in die brein ontspring nie, maar in die hart; hierdie korrekte proses koppel jou onmiddellik en direk met MY, JOU SKEPPER, WIE- soos julle weet – beheer oor julle geneem het in die klein deeltjie van die ERFLATING VAN MY VOLMAAKTE SELF vir julle redding. So gou as wat hierdie ware opregte hartsdenke voortreflik geword het in 'n aardse kind, begin EK DIE MEESTER meer en meer in te vloei in sy siel in en kan haar deur MY HEILIGE WIL lei tot volmaaktheid. Inderdaad, MY EIE DENKE - DIE DENKE VAN JULLE ELOHIM EN SKEPPER - sal geleidelik die oorsaak wees vir die suiwer denke

in die siel se verstand; laasgenoemde sal dus geleidelik vrygestel word van die selfgemaakte strikke wat deur die vorige verkeerde denkprosesse veroorsaak was, die sogenaamde strikke van die noodlot sal begin uitrafel, persoonlike swakhede sal kragtig oorkom word en die weg sal oopgemaak word wat reguit opwaarts lei na MY VADERLIKE HART.

23 As julle bekende kundiges in anatomie, of julle hart- en breinspesialiste in staat was om die korrekte struktuur en funksies van die hart en brein te ontdek, sou hulle al lankal daartoe gelei gewees het om hierdie die voortreflikste en heiligste waarheid te herken wat EK JAHWEH nou aan julle openbaar het.

24 Die ware hartsdenke kan die beste gestimuleer word deur gloeiende Liefde vir MY, want om LIEF TE WEES VIR MY, volgens die hoofgebod: "Wees vir ELOHIM Lief bo alles en jou naaste soos jouself!", skeur die siel weg, nie net van die ou sukkeldraffie nie, maar dit maak die siel los en verfris haar heel onverwags, en beloon haar geleidelik met skatte van MY Hemele.

25 Streef dus daarna om so 'n hartsdenke aan te leer en te beoefen, waarvoor EK DIE MEESTER jou die wonderlikste advies gee deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE! En wanneer jy 'n bietjie meer geleer het hoe om daarmee om te gaan, sal dit vir jou duidelik word, waarom EK DIE MEESTER weer moes kom in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, al was dit dan net ter wille van die feit dat julle in die korrekte denkpatroon kom.

26 Want die ware en korrekte denke vanuit LIEFDE- vanuit die HEILIGE GEES – is onontbeerlik vir die redding van die gevalle wêreld, soos wat lig onontbeerlik is vir elke skepsel om te gedy!

27 Geleidelike rypwording van 'n menslike siel kan die beste

bereik word indien die regte sleutel gedraai word om in te willig tot die wonderlikste funksionele stelsel wat EK, jou ELOHIM EN SKEPPER binne-in jou opgestel het om korrek te dink, om te kommunikeer met MY binne-in jou hart en om voorsiening te maak vir 'n voortdurende wisselwerking tussen hart en brein. So lank as wat die rypwordingsproses nog nie begin het nie, is die siel verskrompeld onder 'n kombers van louheid en traagheid, en gekniehalter deur haar oppervlakkige daaglikse roetine, bly sy onontvanklik vir enige lering van ELOHIM en van die Hemele. Dit is die hoofrede waarom die bose die goeie oorwin, waarom MY HEILIGE STEM altyd preek vir doelbewuste geslote ore en waarom - soos in hierdie hoofstuk - gehoorsaamheid nie onmiddellik aanvaar word as LIEFDE BO ALLE LIEFDE nie, onontbeerlik vir die redding van die hele menslike ras.

28 Dus moet EK DIE MEESTER weereens met onverfloude geduld en minsaamheid vir julle 'n deeglike verduideliking byvoeg deur MY ROTS VAN GELOOF van die HEILIGE WOORDE deur MY MOEDER VAN WELEER, MIRIAM, sodat hierdie BARMHARTIGE WOORDE VAN MY LIEFDE nie tevergeefs gespreek word nie en dat MY HEILIGE LIG uiteindelik sal skyn oor julle, kinders van hierdie Aarde!

29 MY HEILIGE WOORDE kan jou waarlik net in jou hart bereik en alleenlik vanuit jou hart kan dit uitreik en 'n lewendige en vrugbare daad word. As jy probeer om dit met jou verstand aan te gryp, sal jy mislei word na die blinde stegies van MY LIEFDE EN WYSHEID se Teenpool en jy sal oor hulle stry tot jou eie nadeel.

30 Die beste voorbeeld daarvoor is die twee heilige woorde wat ware geestelike vooruitgang van alle lewe bepaal:

"LIEFDE" en "GEHOORSAAMHEID."

31 Want as jy dink in terme van wêreldse liefde, het jy 'n verkeerde tree gegee, het jy in die ware hel getree. Dieselfde is waar rakende die beginsel van gehoorsaamheid: Wees gehoorsaam aan die wêreld en jy word dadelik gekonfronteer met die afgryslikste tirannie en geweld wat dag na dag duisende mense van hierdie Aarde in slawerny en gevangenskap plaas sowel as talle vorme van ongekende lyding.

32 Wat DIE LIEFDE VAN JOU ELOHIM EN SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE beteken, is nou voldoende aan julle geopenbaar, sodat julle onmiddellik en sonder voorbehoud betrokke kan raak in ware Liefde. Owergesetsynde, as EK JAHWEH julle al die werke van MY EWIGE LIEFDE in MY ONEINDIGE SKEPPING wou wys, sê EK JAHWEH dat 'n duisend aardse lewens nie genoeg sal wees vir jou siel om hulle almal te sien nie, en daar is nie 'n toestel wat deur julle vindingryke denke voortgebring is wat alles sal kan opneem nie; tog is een van daardie wonderlike werke van MY inderdaad daartoe in staat, en EK, jou SKEPPER het dit selfs binne-in jou geplaas! Dit is jou hart: JOU HEILIGDOM VAN MY - waarin EK SELF IS as die GLOEIENDE VLAM VAN MY VOLMAAKTHEID, wat julle mense onwillig is om as sodanig te erken, ten spyte van MY dikwelse aanmoediging van daar om geen boosheid te doen nie! Oppervlakkig ignoreer julle hierdie STEM VAN DIE GEWETE, en vra julleself nie eers af of EK, ELOHIM, DIE MEESTER nie dalk HY IS WIE waarskuwend in jou klop om te voorkom dat jy verkeerd doen nie.

33 Daar sien julle weer hoe verkeerd julle denke is wanneer slegs die brein betrokke is! Selfs diegene wat behoort te weet en na wie EK reeds verwys het, wil nie, en hulle kyk na MY HEILIGDOM binne-in julle, dit is julle hart, om niks anders te wees as 'n funksionele orgaan vir die bloedsomloop van julle liggaam nie. O kortsigtige en tog hoogmoedige mense, ondeurdringbaar is julle vir die LIEFDE VAN JULLE ELOHIM EN

SKEPPER!

34 Ons sal later terugkeer na die innerlike HEILIGDOM saak en eers die huidige hoofstuk deeglik ontbloot wat ingelei is deur MY HART SE-OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE. Met die eerste oogopslag lyk hierdie inleiding 'n bietjie kort, en tog, vanaf die volmaakte diepte van MY Heiligheid, dra dit alles oor wat nodig is om elke menslike siel in staat te stel om 'n geheel nuwe wêreld, DIE WERELD VAN VOLMAAKTE LIEFDE, te ontdek. Daarom is dit nodig om aan julle duidelik te maak wat EK bedoel deur gehoorsaamheid, maar dit sou so maklik vir julle gewees het om dit self uit te vind, as julle siel maar net met die regte Liefde vir MY gevul was!

35 Besef tog, MY aardse kinders, dat wat julle ookal doen, of julle baie intelligent is al dan nie, of julle Christen, Jood, Moslem, Hindoe, Boeddhis of ateïs is, vir julle blote natuurlike bestaan en welvaart kan julle nie anders as om maar te berus by MY HEILIGE GEES VAN ORDE nie en wat jy ookal onderneem, kan nie hierdie ORDE omseil nie, of julle daarvan bewus is of nie!

36 Geen menslike siel kan dit ontwyk nie, naamlik dat sy vir haar noodsaaklikhede die HEILIGE GEES VAN MY ORDE EN WYSHEID gehoorsaam moet wees!

37 Laat elkeen wat weier om hierdie feit te erken, MY VRAAG beantwoord: Kan jy leef sonder slaap? Kyk, jy kan nie "ja" sê nie! As jy probeer om beswaar te maak, sal jy gou vind dat dit maar 'n dwase eiewysheid is, want niemand kan hierdie vraag bevestigend beantwoord nie! Elke skepsel, sonder uitsondering, moet vir sy loutere lewensonderhoud bly by die basiese orde, waarvolgens 'n rus nodig is na die uitputting van liggaam, siel en gees. Niemand kan hierdie wesenlike wet van orde verander nie, of dit selfs tydelik vermy nie, en as hy sou probeer, sou hy

binnekort aan die einde van sy opstand kom weens 'n gebrek aan fisiese krag en sal hy moet buig onder MY ORDE.

38 Maar dink nou eers 'n bietjie in jou hart na oor al die wonderlike dinge wat EK DIE SKEPPER daar moes stel om dag en nag vir julle ondankbare mense te skep! En julle dink nie `n oomblik daaraan wanneer julle opkyk na die son, die maan en die sterre, om julle Liefde vir MY, DIE GEWER VAN ALLE GAWES uit te stort volgens die maat wat EK DIE MEESTER dit aanhoudend vir julle doen nie.

39 Dit gebeur met al MY WERKE VAN LIEFDE, waarsonder julle nie kan vooruitgaan of optree nie. In plaas daarvan om MY te oorweldig met julle Liefde daarvoor, het julle arrogant die reg aangeneem om willens weg te breek van die wonderwerke van die lewe en eerder die terugslae, wat deur julle roekelose optrede veroorsaak is, te aanvaar. Dit het julle van geslag tot geslag gedoen, mensekinders, om vanuit selfsugtige kortsigtigheid meer vir julle beperkte aardse bestaan te kry as wat deur MY VOLMAAKTE HEILIGE WIL voorsien is!

40 Inderdaad wil julle onverskillig die hande lê op alles waarmee EK DIE MEESTER die Aarde geseën het vir julle geestelike opwaartse styging, al MY GAWES VAN GENADE in die minerale-, plante - en diereryk - hoe meer, hoe beter - sonder om in die minste te dink om julle siel te verryk met MY LIEFDE wat onuitputbaar en gratis tot julle beskikking is!

41 So wil julle ook onder julle wellustige beheer, selfs die voortplantingsproses kry om slegs julle wellus te bevredig, sonder om te dink aan die vanselfsprekende, hoogsheilige skeppende betrokkenheid en sonder om te dink aan julle broers en susters op die Aarde, net soos in die Hemele.

42 Want jou naaste broers en susters loop nie net hier onder in die menslike kleed nie, maar woon in nog groter getalle in die

mees verskillende sfere van rypwording tussen Hemele en Aarde en in die Hemele self, in afwagting vir 'n geleentheid om geïnkarneer te word vir 'n nuwe lewe van beproewing op Aarde, om so vrygelaat te word van die Wet van Sonde en Versoening, om in staat gestel te word om hul geestelike opwaartse styging voort te sit. Hulle is julle broers en susters sedert julle val van MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE, aan wie julle gekoppel is volgens julle opgehoopte skuld in vorige lewens.

43 In plaas van om in julle harte te bepeins oor wat EK hier in hierdie aardse lewe aan julle gegee het, naamlik 'n lewe van verlossing van al julle skuld, tekortkominge en swakhede, en - met die barmhartige voortplantingsvermoë - selfs die voorreg van medeverlossing van al julle verwante siele tot by die finale verlossing van julle Ewige skuld teenoor alle wesens, maar deur julle willekeurige dade, wil julle julle saak selfs buite die aanvanklike skuld van julle eerste val van MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID druk!

44 Voorwaar, sê EK JAHWEH aan julle almal: Hou op om nog dieper in die sonde te val! Hou op om in te meng met die heilige groeiproses van MY Skepping, voordat julle die beker met julle skuld laat oorloop en MY dwing om, ten spyte van al MY LIEFDE vir julle, voort te gaan met die oordeel soos in die tyd van die Groot Vloed!

45 So kan julle reeds vanuit hierdie paar voorbeelde sien hoe vinnig julle denke dwaal tot julle nadeel wanneer julle optree vanuit die sterkte van julle breingolwe alleen, deur MY DIE MEESTER te ignoreer en nie MY advies in julle hart in te neem nie.

46 As EK JAHWEH julle sou toelaat om vrylik oor die gebied van julle basiese lewensnoodsaaklikhede te besluit soos wat julle

wil, in plaas van die basiese en belangrikste funksies van julle liggaam vas te maak aan die VOLMAAKTHEID VAN MY HEILIGE WIL, sê EK JAHWEH met oortuiging, dat die mensdom binne een jaar sal uitsterf!

47 Dus behoort julle geleidelik te besef dat julle in die vernaamste velde van die lewe nie anders kan as om MY VOLMAAKTE WIL te gehoorsaam nie, want julle wysheid kan nie met MYNE vergelyk word nie en sulke wonders van die lewe, wat gedurig in julle liggaam plaasvind en wat vir julle lewe noodsaaklik is, kan nooit julle maaksel wees nie.

48 Dit behoort dus nou na julle, MY aardse kinders, deur te skemer dat julle MY DIE SKEPPER gehoorsaamheid skuld, al is dit slegs om julle eie onthalwe! En as julle geleidelik daarvan bewus raak, dan behoort julle MY ook bo alles te begin liefhê, terwyl julle ten volle verstaan dat

GEHOORSAAMHEID

IS

LIEFDE BO ALLE LIEFDE!

49 Maar die volmaaktheid van MY LIEFDE vir julle is duidelik vanuit die blote feit dat EK nie gehoorsaamheid aan julle opdwing nie, dat EK selfs nalaat om julle vir julle ongehoorsaamheid te straf, en net toelaat dat julle verplig is om te vergoed vir elke fout, vir al julle verkeerde dade, deur die outomatiese inwerkingstelling van 'n ongeskrewe wet, die Wet van Sonde en Versoening, vir julle eie behoud!

50 Bowendien strek EK DIE MEESTER VAN EWIGE LIEFDE, selfs MY HEILIGE ARM uit na julle toe, hierdie keer deur MY TERUGKEER NA DIE AARDE IN MY HART SE-OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, om julle heeltemal te bevry van die barmhartige Wet van Sonde en Versoening! Trouens, uit MY

LIEFDE EN BARMHARTIGHEID neem EK selfs meer as 99 treë in julle rigting, sodat julle nie eers een hele tree in MY rigting hoef te gee nie - begryp dit!

## EK EN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE / MY TERUGKEER DEUR DIE KONINGIN VAN DIE HEMELE / DIE JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE / DIE JAHSHUA-MIRIAM-KERK

51 En deur wie anders kon EK ELOHIM DIE MEESTER, weer kom in MY LIEFDE vir julle, mensekinders van hierdie Aarde, as slegs deur DIE KONINGIN VAN MY HEMELE, MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, WIE alreeds een keer MY JAHSHUA-liggaam vir MY gegee het! Wie anders kan julle omhels met so 'n VERLOSSENDE LIEFDE as EK alleen in MY OERGRONDPOOL VAN LIEFDE VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID?

52 EK DIE MEESTER kon deur niemand anders terugkeer na hierdie Aarde van verlossing nie, as deur DIE LIEFDE, wat eens as MY AARDSE MOEDER MIRIAM aan MY, die ELOHIM EN SKEPPER, MY JAHSHUA-LIGGAAM geskenk het!

53 Net soos met elke effek of uiterlike verskynsel, hetsy in die geestelike of materiële sfeer, daar 'n oorsprong en oorsaak is, waar ook die kragte rus wat daardeur vertoon word, het 'n soortgelyke proses plaasgevind met die aanvang van MY skepping, waarin MY EIE AANVANKLIKE OORSAAK (wat niks te doen met die tyd en die ruimte van julle aardse begrippe nie) gewortel is en sal vir ewig in MY OERGRONDPOOL gewortel bly. Slegs daar lê die OORSAAK EN GEVOLG VAN MY LIEFDE en in dieselfde OERGRONDPOOL VAN MY LIEFDE, wat terselfdertyd die OERGRONDPOOL EN SENTRUM VAN MY VADERLIKE HART is, is ook alle moontlikhede van verlossing geanker. Daarom moes MY HART SE OERGRONDPOOL MY noodwendig

voorafgaan ten tye van MY aardse vleeswording bykans 2000 jaar gelede om MY JAHSHUA-LIGGAAM vir MY te gee in die lig van die verlossing van die mensdom van sy oersonde en eerste val van die Hemele. Dit moes in hierdie tyd ook so plaasvind, naamlik dat EK DIE MEESTER weer na die Aarde gekom het in hierdie HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE VAN MY vir die verlossing van alle skuld van die ewigheid.

54 EK en MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE is een vir alle ewighede, net soos JAHSHUA en MIRIAM in naam een is en sal vir ewig so bly, waarom die alleenlik en suiwer verlossende Liefde ewig is en genoem sal word:

JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE,

waarom ook die ware kerk van die hart genoem sal word:

JAHSHUA-MIRIAM-KERK

waarin EK, DIE HERDER, met EEN ENKELE KUDDE van al die aardse kinders, die gevallenes sal opwek en hulle weer sal omhels in MY EWIGE LIEFDE, terwyl die "verlore seun" - SATANA – sal terugkeer na MY BOESEM VAN EWIGHEID.

55 EK JAHWEH herhaal dus nog een keer: MY terugkeer na die Aarde, wat belowe is aan beide MY apostels van weleer en almal wat nog altyd in MY, JAHSHUA DIE GESALFDE geglo het, en wat altyd gereed was om MY te volg onder die gedaante van 'n hemelse, geestelike raaisel, kon slegs in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE voorgekom het.

56 Of dit nou destyds was, toe die rede van die blindes se ontsteltenis die feit was dat die OERGRONDPOOL VAN DIE EWIGE MESSIAS 'n baie eenvoudige minderjarige maagd was met die naam MIRIAM, wat nog noot `n man beken het nie en nogtans geboorte gegee het aan MY DIE MEESTER, of nou huidig, wanneer MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE

LIEFDE 'n gewone moeder op Aarde is en tog MY MOEDER van weleer, nou weer die VERLOSSENDE MOEDER vir die hele mensdom - 'n feit waarby die blindes van die huidige tyd maar kan aanstoot neem so dikwels as wat hulle wil, - dit het absoluut geen invloed op die HEILIGE WAARHEID dat EK DIE MEESTER hierdie keer nooit weer na die Aarde kon terugkeer, as dit nie in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE was nie!

57 Die blindheid van die menslike siele kan nie geleidelike opwaartse styging voortbring nie, maar slegs verlossende, vurige Liefde van MY HART SE OERGRONDPOOL; want SY bevry die blindes van alle skuld en maak die weg na MY Hemele vir hulle oop.

58 En EK herhaal vir die derde keer: Deur middel van niks en niemand anders kon EK DIE MEESTER na die Aarde toe terugkeer nie, behalwe deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, verordineer deur MY HEILIGE WIL; nie deur hom deur wie EK DIE MEESTER spreek en skryf nie, naamlik MY ROTS VAN GELOOF VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID. Want Hy is die beliggaming van MY WERKSFEER van MY Self, en is dus onvernietigbaar, maar ook nimmereindigend in krag en invloed van MY HEILIGE WOORD; wat die poorte van die hel nooit sal oorwin nie; op wie MY JAHSHUA-MIRIAM KERK gebou sal word in die harte van alle mensekinders en sal alle tydperke van die Aarde oorleef, en daarom is Hy DIE ROTS VAN DIE MEESTER, DIE DERDE IN MY HEILIGE DRIE-EENHEID.

59 Sy getroue gehoorsaamheid in die menslike gewaad van die visserman Petrus, het hom laat haas na MY en hy het MY herken as DIE MESSIAS, toe niemand MY nog herken het as HY WIE gekom het om die mensdom te verlos nie. Daarom het EK hom "Kephas, die Rots" genoem. Dit was sy getroue

gehoorsaamheid wat hom op die water laat loop het om by MY aan te sluit in die sterk geloof dat alles moontlik is deur MY DIE MEESTER - almal van julle, o mensekinders, behoort hom na te volg om te bereik wat regverdig is voor MY HEILIGE AANGESIG- en 'n identiese getroue gehoorsaamheid is aktief in sy huidige menslike gewaad, wat hom motiveer as die derde aktiewe beginsel van MY HEILIGE DRIE-EENHEID om vir MY in MY HART SE-OERGRONDPOOL VAN LIEFDE die weg en die grond voor te berei waarop die JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE die NUWE JERUSALEM en die ware millennium sal fundeer, naamlik die KONINKRYK VAN LIEFDE waarin die duisternis van hierdie Aarde opgelos sal word in bevryding, waardeur LIG oral op Aarde sal skyn.

60 Ontwaak dus van jul sluimering in die geloof, kinders van hierdie Aarde, en laat almal van julle ware rotse van gelowige gehoorsaamheid word, sê EK DIE MEESTER, sodat geen mag langer die duisternis op Aarde sal kan vermeerder as gevolg van julle foute en swakhede nie, maar dat DIE MAG VAN EWIGE LIEFDE op hierdie Aarde eerder sy HEILIGE LIG sal uitstraal om die hele mensdom te verlig!

61 Kyk, o mensekinders, julle ontsien geen pogings in julle gehoorsaamheid vir julle eie gerief nie, want in hierdie verband is julle angstig om die behoeftes van julle wêreldse tegnieke te gehoorsaam en volg moeitevol en tot op die letter die aanwysings en operasionele instruksies van alles wat aan julle deur tegnologie aangebied word vir julle gerief, genot en plesier, sonder om eers te vermoed dat die reëls van julle wêreldse tegnieke effektief is, slegs omdat dit onderhewig is aan MY HEILIGE GEES EN VOLMAAKTE WIL.

62 Ruk julleself dus reg, mensekinders van hierdie Aarde, ter wille van julle eie heil, en word gehoorsaam aan DIE GEES VAN

EWIGE LIEFDE wat eens geskep het en steeds alles onderhou en alles opwaarts lei na MY, DIE KRUIN VAN ALLE KRUINE, ELOHIM VAN ALLE EWIGHEID, SKEPPER EN VADER VAN ALLE DINGE IN DIE HEMEL EN OP AARDE!

63 En besef so dat EWIGE LIEFDE nie moontlik is sonder LIEFDE BO ALLE LIEFDE nie, dit wil sê, GEHOORSAAMHEID, en dat die hele skepping van Hemele en Aarde sy oorspronklike oorsaak het in die EWIGE VOORSKRIF:

GEHOORSAAMHEID

is

LIEFDE BO ALLE LIEFDE

alleenlik waardeur julle in

MY Hemele kom.

# - Hoofstuk 3 -

## Volg die MEESTER van alle siele, JAHSHUA DIE GESALFDE, in absolute gehoorsaamheid. MY GENADE.

1 MY GENADE is 'n addisionele gawe van MY LIEFDE aan al die aardse kinders wat MY DIE MEESTER JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, in absolute gehoorsaamheid volg, WIE in hierdie tyd weer teruggekeer het na die Aarde in die menslike gewaad van MY HART SE OERGRONDPOOL.

2 Vir gehoorsaamheid is Liefde bo alle Liefde, soos hierbo gemeld. Maar wat dit presies beteken, sal net geopenbaar word aan daardie aardse kinders wat gereed is om MY DIE MEESTER sonder die geringste huiwering te volg. Want EK JAHWEH, is DIE MEESTER VAN ALLE SIELE en weet nie net al te goed wat die begin en die einde van die ketting van skuld van elke siel is nie, maar weet ook alleen wat die regte oplossing is vir 'n siel om van die opgehoopte skuld ontslae te raak.

3 Buig dus onder MY HEILIGE WIL en aanvaar wat EK JAHWEH verordineer het vir 'n siel wat bereid is om MY DIE MEESTER te volg; juig inderdaad, sê EK JAHWEH, om die geleentheid te kan hê om in hierdie Genade te deel wat alreeds hier op hierdie Aarde is, in plaas van om deur so baie tussenstadiums te gaan voor MY VADERLIKE HART bereik word: Want absolute gehoorsaamheid en die gloeiendste Liefde is die sleutel tot MY VADERLIKE HART, watter sleutel alleenlik die poort van MY Hemele vir elke siel sal oopmaak!

4 Daar kan en moet nooit enige afwyking van MY verordining wees nie, anders kan julle nie deel hê aan MY GENADE nie, wat aan 'n kind geskenk word insoverre EK JAHWEH sy uiterste erns en poging kan sien om MY ALLEEN HEILIGE WIL te vervul.

5 Hou dit dus in gedagte, kinders van hierdie Aarde, want met

MY DIE MEESTER sal slegs "ja" of "nee" doen, daar kan nie 'n "ja -maar", ook nie 'n "ja-miskien" wees nie, maar slegs 'n "óf dit óf die ander", want kan jy jou indink dat EK 'n NUWE JERUSALEM moet bou met twyfelagtige of onwillige aardse kinders? Sekerlik nie!

6 EK JAHWEH het kinders van MY Liefde nodig wat bereid sal wees om vir MY DIE MEESTER, deur die vuur van MY HEILIGE GEES te gaan, om dan te staan as ware pilare van MY LIEFDE, wat selfs die sterkste storm van MY Teenpool nie in staat sal wees om af te breek nie. Die hoekstene van MY NUWE JERUSALEM staan alreeds. Nou berus dit by jou of jy aan die kinders van MY Liefde wil behoort wat wil deelneem aan die bou van hierdie heerlike grenslose stad, waar wedersydse Liefde daardie Liefde is wat EK JAHWEH af na julle toe, na hierdie Aarde gestuur het.

7 Daarom is dit vir julle om te besluit, MY aardse kinders, om ware kinders van JULLE ELOHIM EN MEESTER te word, of om kinders van MY Prins van Duisternis, "Satana" te bly, wat almal van julle alreeds so styf onder haar vlerke hou, dat slegs die mees meedoënlose werk aan julle, tesame met MY GENADE, julle daaruit sal kan bevry!

8 Laat elke siel dus van dag tot dag voortgaan om 'n deeglike selfondersoek te doen met behulp van 'n dagboek wat gehou behoort te word, om jou sodoende te help om volwasse te word en om te sien hoe ver elkeen dit in homself oorkom het wat 'n gruwel voor MY HEILIGE AANGESIG is! Of kan jy moontlik glo dat traagheid, luiheid, onvriendelikheid, nuuskierigheid, verwaandheid, of neerkyk op 'n ander siel, eienskappe is van MY, eienskappe van jou ELOHIM EN MEESTER? Sekerlik nie!

9 Laat elke siel dus bekeer tot wat MY HEILIGE LIEFDE sal beveel en verordineer, want LIEFDE is die meetsnoer waarmee EK

JAHWEH elke siel meet om te sien of sy ryp genoeg geword het om 'n tree hoër na MY VADERLIKE HART gelig te word! Het EK JAHWEH nie alreeds tydens MY aardse lewe as JAHSHUA DIE GESALFDE gesê dat EK die louwarm uit MY mond sal spuug nie? - en dit is vandag nog so, en dit sal altyd so bly!

10 Oorkom louheid, wat 'n kenmerk van MY Teenpool is en word werkers van MY HEILIGE GEES, om daardeur MY ware kampioene in hierdie donker wêreld te word, want MY GENADE is waarlik groot, sê EK JAHWEH, onbegryplik groot gedurende hierdie tyd op Aarde deur die terugkeer van

JULLE ELOHIM EN MEESTER

JAHSHUA DIE GESALFDE

DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA!

11 Want sonder MY GENADE, sou die vrye lewe van julle menslike ras al lankal uitgesterf het.

12 Sonder MY GENADE sou julle Aarde van die sterre gewees het sonder siele in menslike kleding.

13 Want MY LIEFDE is 'n deurlopende stroom na julle, mensekinders, maar sal alleen nie genoeg wees om julle op te wek vanuit die dofheid van julle blinde onbesonne lewens tot in die LIG VAN MY HEILIGE GEES nie.

14 Daarom moet MY GENADE die deurlopende stroom van die Liefde van MY HART SE OERGRONDPOOL aanvul en op die regte pad hou om die siele onder julle op te hef wat ontwaak het met die LIG VAN LIEFDE VAN MY HEILIGE GEES om geleidelik hul ware bestemming te herken; want die selfveroorsaakte krag van die Teenpool-magte is so sterk in elke menslike siel, selfs al het sy ontwaak tot die LIG, dat sy nie immuun is teen enige versoeking van die koninkryk van duisternis, of gewaarborg is teen die risiko van 'n insinking nie.

15 Slegs deur MY GENADE, as die nodigste addisionele geskenk van MY LIEFDE, het dit dus moontlik geword om alle lewe te verlos uit die kloue van duisternis.

16 Daarom sou alle lewende dinge sonder MY GENADE 'n prooi vir die mag van die prins van die duisternis geword het;

17 Sonder MY GENADE, sou daar geen verlossing van siele van die duisternis gewees het nie;

18 sonder MY GENADE sou geen ster van verlossing, genoem "Aarde" bestaan nie;

19 Sonder MY GENADE sou daar geen mensdom gewees het wat opgestyg het na 'n hoër vlak van volwassenheid nie;

20 Sonder MY GENADE sou die evolusionêre proses in MY skepping tot stilstand gekom het.

21 Probeer om te verstaan, as julle dit begeer, mensekinders van hierdie Aarde! EK JAHWEH sê uitdruklik "begeer om te verstaan", want die wil van 'n siel wat werklik MY GENADE wil verstaan, is op sigself die eerste swak impuls van lewe in die rigting van 'n hoër bewuswording.Waar hierdie swak impuls van die wil ookal ontbreek, heers die diepste nag steeds in die siel. Ten einde MY LIG in die diepste nag aan te skakel, word nog 'n verdere geskenk benodig deur MY LIEFDE, wat in die volgende hoofstuk uitgespel sal word.

## Die MEESTER se oorvloed van Genade

22 Daar was van tyd tot tyd, o mensekinders, 'n paar oor-slim "wyses" onder julle wat gedink het om hul mening te verkoop dat dit heel moontlik was om hierdie Aarde in te dink sonder menslike wesens! Daaruit kan jy sien wat 'n gees wat aan homself oorgelaat is, kan produseer, want EK JAHWEH sê:

23 Sonder die mens sal MY HELE SKEPPING ondenkbaar wees vir MY ELOHIM EN SKEPPER, net soos die lewe sonder kinders ondenkbaar sal wees vir 'n egte vroulike siel.

24 Wat sou EK, ELOHIM DIE SKEPPER, MEESTER EN VADER, sonder MY kinders wees - sonder julle, MY aardse kinders?

25 Want julle mensekinders is MY EIE WEERKAATSING in 'n skepsel. Dit is waar dat julle julleself vir die oomblik omring met die nag van `n embrio, `n wesenlike waarheid wat julle denk-beeldige lewens nie kan oorsien nie, nietemin is julle, o mensekinders van hierdie wêreld, kinders van MY EIE SELF en EK JAHWEH EN SKEPPER is dus JULLE HEMELSE VADER WIE alles ter wille van julle geskape het.

26 Dit is vir julle wat MY SKEPPING sigbaar geword het as DIE SKEPPING VAN MY LIEFDE.

27 As julle, o mensekinders, begeer om dit te verstaan - EK JAHWEH sê weer ten sterkste "begeer om te verstaan", laat die eerste straal van MY LIEFDE in julle vrugte dra as ware lewe in MY HEILIGE GEES!

28 Julle was eens in MY HEMELE GEBORE, DIE KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE, as 'n gees uit MY HEILIGE GEES! Maar omdat julle deur julle eie vrye wilskrag, deur MY toegelaat, julleself met nag omring het, wat nie uit MY VOLMAAKTE GEES voortkom nie, maar die gevolg is van julle opsetlike val van MY HEMELE in hierdie selfgekose en selfgeskape nag, sal julle in MY HEILIGE GEES wedergebore moet word.

29 Julle weet nou wat dit beteken om wedergebore te word. Selfs Nikodémus, 'n leier van MY uitverkore volk van weleer, kon skaars verstaan wat dit beteken om wedergebore te word, alhoewel EK dit aan hom deur MY DIE SKEPPER, SE HEILIGE MOND verduidelik het! Dit kan julle ook toon in watter diepe nag die siele van MY uitverkore volk beland het, en waarom DIE

VERLOSSINGSWERK VAN MY LIEFDE nodig was- waaroor die volgende hoofstuk van die Boek van Liefde meer inligting sal verskaf.

30 Hierdie nag heers nou nog, bykans twee duisend jaar later, onder die meerderheid van MY aardse kinders, soos wat EK alreeds in daardie dae voorspel het, en so het MY GROOTSTE GENADE tans op Aarde 'n onontbeerlike daad van MY EWIGE LIEFDE GEWORD: DIE WEDERKOMS VAN JULLE MEESTER, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, weereens in 'n menslike gewaad. En – soos wat alreeds duidelik geopenbaar is - in die menslike gewaad van geen ander as die EEN in WIE, soos MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, dit alleen moontlik was.

31 Tog sal MY GENADE nooit uitgeput word vir MY aardse kinders as die heilige doel van die skepping bereik moet word nie. Hoe ongelooflik dit ookal vir al MY engele gelyk het, dat tot by die publikasie van hierdie NUWE BYBEL van MY, MY terugkeer na hierdie Aarde in die menslike gewaad van die KONINGIN VAN DIE HEMELE skaars die dawerende gejubel gekry het wat hulle verwag het, was hierdie verloop van gebeure nie net deur MY DIE MEESTER verwag nie, maar volmaak toegelaat in MY BARMHARTIGE PLAN van redding vir hierdie blinde mensdom.

32 Want EK JAHWEH het goed geweet dat MY lot in die menslike gewaad van MY AARDSE MOEDER MIRIAM nie veel sou verskil van dié van die Seun van die mens, JAHSHUA DIE GESALFDE nie, en dat juis daardie aardse kinders wie se lippe nooit ophou om te roep "MEESTER, MEESTER! " en "o ELOHIM, hoe lief het EK U nie!" altyd voorgee om beter te weet as EK JAHWEH MYSELF, hoe EK MY HEILIGE WIL in beslissende optrede plaas.

33 Dit was hulle wat reeds in daardie dae van beter geweet het, wat gedink het dat DIE MESSIAS onder hulle met groot prag en praal as die Verlosser moes verskyn en nie in die skamelste armoedigheid van 'n stal gebore kon word nie. En vandag weet hulle weer van beter, deur te beweer dat EK JAHWEH verplig is om na die Aarde toe te kom met donder en weerlig op 'n wyse wat hulle dink. Die feit dat die voorspelde "weerlig" MY skielike teenwoordigheid kan wees op Aarde in MY ALLERHEILIGSTE, en die "donder" die KRAG VAN MY HEILIGE STEM, val buite die begrip van hierdie oor-wyse, ywerige dwepers, wat net so blind is as die Fariseërs, wat vyandigheid teenoor MY in JAHSHUA DIE GESALFDE getoon het, MY gelaster het en MY op die kruis van Golgota laat vasspyker het.

34 Die huidige situasie is dus presies dieselfde as in daardie dae, maar dit sal nie so ontvou nie.

35 Want aan die einde van MY AARDSE OMSWERWING IN DIE MENSLIKE GEWAAD VAN MY AARDSE MOEDER MIRIAM, sal die kop van die slang vertrap word en die NUWE JERUSALEM sal opgerig word op die Aarde in die heerlikheid van MY Hemele.

## Die Genade van MY terugkeer

36 Die terugkeer van julle ELOHIM en MEESTER sou nie alleen plaasvind nie, maar saam met 'n hele leër van MY hoogste Hemele. Dit is die afdaling van MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE op hierdie donker Aarde as die LIGSIRKEL VAN DIE GESALFDE, DIE LIGSIRKEL VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER, DIE SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE. EK JAHWEH kan hierdie plan op hierdie Aarde deur niemand anders implementeer as deur die EEN WIE MY ROTS van EWIGHEID TOT EWIGHEID is en WIE van MY die sleutels van die Koninkryk van die Hemele ontvang

het: PETRUS, WIE tydens MY lewe op Aarde as JAHSHUA DIE GESALFDE, altyd aan MY sy geloop het saam met die EWIGE LIEFDE.

37 Hierdie eerste boek van die NUWE BYBEL is nog nie bedoel om so 'n groot geheim te openbaar nie. Wees daarom vir nou tevrede met hierdie stelling, want inderdaad, sê EK JAHWEH, wat reeds aan julle geopenbaar is, is te groot om ten volle te begryp, maar dit moes gesê word, sodat die verlossende proses vir die hele mensdom en die selfs groter daad van skepping wat daarop sal volg, aan die gang kon kom.

38 Wie ookal die kern van alles begin te verstaan, behoort ook te besef dat diegene wat gereed is om aan MY Heilige Arm te stap in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, deeglik getoets sal moet word vir hul gehoorsaamheid teenoor MY DIE MEESTER, wat alleen sal waarborg dat MY HEILIGE WIL vervul sal word en dat hierdie DAAD VAN GENADE EN REDDING ten volle bereik sal kan word vir die hele mensdom, sodat daar weer LIG op Aarde kan wees en dat hierdie ster se nuwe skeppingstydperk kan begin met Die NUWE JERUSALEM.

39 Daarom kon MY WEDERKOMS na die Aarde nie voortgaan met 'n skielike fllitsende openbare verskyning van MYSELF in MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM nie. 'n Verreikende verlossende daad moes voorafgegaan word in die menslike gewaad van MY MOEDER VAN WELEER, WIE op die oog af met enige gewone ma ooreenkom, 'n daad waaroor die meeste van julle aardse kinders nie die vaagste benul het nie, tesame met 'n onderrig- en `n proeftydperk vir die menslike siele wat - terwyl hulle van die mees verskillende Hemele en intermediêre fases van die onsigbare koninkryk van siele tussen Hemele en Aarde kom - vir die KERN VAN MY LIGSIRKEL op Aarde en die NUWE JERUSALEM aangewys is.

40 En hierdie proses, wat nog nie voltooi is nie, is beide 'n VERLOSSINGSDAAD en 'n VERLOSSINGSDRAMA vir MY in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, vandaar dat MY MOEDER VAN WELEER, MIRIAM in hierdie tyd van verlossing op Aarde die VERLOSSINGSMOEDER vir alle aardse kinders is.

41 'n Buitengewone GENADE is dus uitgestort op al die ware gekose siele wat, sonder uitsondering, deur verskeie rypwordingsfases en aardse lewens gegaan het tot die huidige een en wat selfs nou, in hul menslike gewaad, belaai is met skuld en verlossingswerklaste, aangesien hulle regstreekse opleiding en leiding ontvang deur MY HEILIGE ARM in MY MOEDER VAN WELEER, MIRIAM ten einde hulle te bewys as ware dissipels en kampioene van Liefde vir die NUWE JERUSALEM in die beslissende oomblik van MY wêreldwye openbare verskyning onder hierdie blinde mensdom in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, vir sover hulle hierdie GENADE in al haar grootheid kan verstaan.

42 En MY GENADE dek 'n omvattende verskeidenheid van genadegawes vir die hele mensdom.

43 Hierdie NUWE BYBEL behels ook om dié van oor die hele wêreld bymekaar te maak wat in hierdie tyd van Genade op Aarde van MY Hemele af kom, dit wil sê, van MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE, en van verskeie ander vlakke van geestelike volwassenheid in 'n menslike gewaad om die LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE vir die redding van die menslike ras te vorm.

44 Nie 'n gees van MY Hemele nie, nóg 'n siel uit die intermediêre sfere, wat vergestalt is in 'n menslike gewaad gemaak van die growwe materiaal van die gevalle gees, weet enigiets van sy vorige lewe nie, en slegs MY GENADIGE OPENBARING deur MY MOEDER VAN WELEER, kan aan die gekose kind bekendmaak waarvandaan hy gekom het en watter

foute, tekortkominge en swakhede in die huidige aardse gewaad weggegooi moet word, oorkom moet word of onderwerp moet word in die lig van toekomstige take, ten einde MY HEILIGE WIL vir die redding van die mensdom te vervul.

45 Aan die ander kant, ignoreer die mensdom grootliks hoe sy redding vanuit blindheid en duisternis voorberei word deur MY GENADE, volgens MY HEILIGE WOORD van weleer, deur te sê dat die weë van die mense nie MY weë is nie.

46 Verskriklik inderdaad, hartverskeurend verskriklik sal die ontwaking dan wees, wanneer die algemene mensdom sal besef hoe verkeerd die weg is wat hulle gevolg het en wat se sonde aanhoudend gepleeg is deur hulle doof te hou vir MY HEILIGE WOORDE VAN LIEFDE EN VERMANING, want die Aarde is tot nou toe gespaar van die ontbering van sulke swaarkry wat die kinders van die mensdom van die huidige tyd geneig is om voort te bring in hul blindheid en dwaasheid, deur die mag van hulle vrye wilskrag.

47 Tog sal MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE, soos eens die ark van Noag, met die innigste Genade gereed wees om diegene te aanvaar wat hul foute erken het en goeie wil sal toon, nadat hulle hul doof gehou het vir MY HEILIGE STEM om hulle na DIE NUWE JERUSALEM te lei.

48 EK JAHWEH verhef weereens MY HEILIGE STEM en sê:

49 Laat staan julle verkeerde weë, MY kinders van hierdie Aarde, waar en wie jy ookal is! Al julle weë sal lei tot die mees vreesaanjaende afgrond van die hel, sê EK JAHWEH! As julle dit nie wil herken nie, nie eers op sterkte van hierdie NUWE BYBEL nie, sal julle dit op die harde manier moet leer, en EK JAHWEH sê vir julle: Hierdie harde manier sal vir jou liggaam en siel die ellendigste gevolge met "'n geween en gekners van tande"

beteken, wat jou eie maaksel sal wees, nie Myne nie!

50 MY GENADIGE REDDENDE ARM is uitgestrek na jou met hierdie NUWE BYBEL deur MY GENADE en deur MY uitstorting van LIEFDE, deur MY WEDERKOMS na die Aarde, en wil nie net almal red wat hierdie heilige woorde hoor nie, maar om hom hoër en hoër te lei tot die absolute geluksaligheid in MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID.

51 EK JAHWEH, het reeds gesê dat MY GENADE 'n wye verskeidenheid van GENADEGAWES vir al MY aardse kinders dek en veral vir diegene wat bereid is om hul menslike swakhede met al hul foute, tekortkominge en swakhede af te skud en om MY HEILIGE WIL te volg op MY weë van VOLMAAKTHEID.

52 In hierdie verband sal hierdie hele multivolume NUWE BYBEL wemel van verwysings na MY EINDELOSE GAWES VAN GENADE en elkeen kan vir hom daaruit aflei en aanvaar, wat sy ware welstand, redding en opgang ookal sal dien.

53 Een ding sal egter uit die staanspoor duidelik wees, naamlik dat elke aardse kind wat verlang om volmaak en 'n WARE BEELD VAN MYSELF te word, gelei sal word aan die HEILIGE ARM VAN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE op so 'n wyse, dat ná Hy sy erns bewys het, EK sy weë sal gelykmaak, waardeur in die meeste gevalle die las van skuld wat op hierdie Aarde gebring is, geleidelik sal verminder en op die ou end heeltemal opgelos sal word deur MY GENADE, vir sover die gewillige aardse kind nie sal wankel of struikel in die vervulling van MY HEILIGE WIL nie, dus in alle opsigte gehoorsaam aan wat EK DIE MEESTER VAN ALLE SIELE, hom gelas om as die enigste regte ding te doen. So sal DIE WEË VAN MY VOMAAKTHEID geleidelik die weë van MY gehoorsame kinders word, en hulle lewens sal begin floreer deur LIEFDE wat

instroom in die harte wat oop is vir MY, en hulle siele sal juig oor MY oorvloedige GAWES VAN GENADE.

54 Vir `n mens wat in jare gevorderd is, beteken dit beide bevryding van alles wat nie voor MY HEILIGE AANGESIG kan staan nie en DIE GENADE om na die aardse lewe, in te gaan deur DIE POORT VAN MY HEMELE NA DIE KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE, en in spesiale gevalle die buitengewone GENADE om gespaar te word van enige verdere inkarnasie op Aarde.

55 Vir die jeug van die huidige menslike ras, sal gehoorsaamheid teenoor MY DIE MEESTER EN SKEPPER, die mees wonderlike leiding behels in die rigting van 'n ware, onbelemmerde lewe en die toestaan van GENADEGAWES vir spesifieke take, om as gewillige verteenwoordigers te werk, as instrumente van MY HEILIGE WIL met die bou van MY NUWE JERUSALEM op Aarde.

56 Soos wat enige bereidwillige menslike siel maklik kan verstaan, kan MY OORVLOED VAN GENADE slegs verkry word as 'n stel toetse suksesvol volgens MY HEILIGE WIL geslaag word. Tog is MY TOETSE vir 'n siel wat geïnkarneer is en wat geslaag moet word, nie onbillik nie, soos dikwels die geval onder julle mense op Aarde, maar hou niks anders in vir die aardse kind, as om met die kortste pad volwasse te word om 'n ware BEELD VAN MYSELF te word nie, wat DIE HEILIGE DOEL VAN MY SKEPPING is.

# - Hoofstuk 4 -

## Die Sleutel tot die werklike begrip van die Hemelse Waarhede

## DIE BARMHARTIGHEID

## VAN JOU

## ELOHIM EN SKEPPER

## VAN HEMELE EN DIE AARDE

## EN

## SY OFFER

1 MY Barmhartigheid is die grootste Genade wat EK DIE MEESTER, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, kan verleen aan 'n aardse kind wat bereid is om MY in absolute gehoorsaamheid te volg in MY HART SE OERGRONDPOOL MIRIAM gedurende hierdie huidige tyd op Aarde. Want wat sou julle op hierdie ster "Aarde" gewees het, MY kinders, sonder MY barmhartigheid? - EK JAHWEH sê: Die mees skuldigste wesens, gebonde aan geestelike dood, sonder enige hoop op verlossing!

2 Maar EK, die EWIGE HEMELSE VADER, sal nie toelaat dat enige van MY kinders uiterste ondergang ten prooi sal val nie. Herken daarin die groot Barmhartigheid van julle ELOHIM en Skepper, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, wat nie net Homself geoffer het aan die kruis van Golgota vir julle skuld en julle sondes nie, maar Homself weereens offer om die las van julle sondes op hom te neem wat aanhou uitroep na die Hemele in HAAR WIE nie net MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM is nie, maar ook julle MOEDER

VAN VERLOSSING, wat beteken dat SY deur HAAR OPOFFERENDE LYDING julle skuld dra en verlos.

3 Maar die ware betekenis hiervan sal slegs aan 'n aardse kind geopenbaar word wanneer hy sy hart tot suiwer LIEFDE verander het, niks anders as die mees brandende, barmhartige JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE nie.

4 Hieruit is die sleutel in julle hande om die deur oop te maak vir 'n ware begrip van die hemelse waarhede, wat nie net 'n werklikheid word vir elke aardse kind wat gereed is om vir MY DIE MEESTER, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, IN MY HART SE OERGRONDPOOL MIRIAM bo alles lief te wees en sy naaste soos homself nie, maar ook om hom na MY Hemele te bring.

5 Moet nie aanstoot neem van mekaar nie, maar verdra mekaar eerder in LIEFDE, wat hoort en moet groei binne 'n hart wat reeds werklik vir MY lief is en in alle harte wat gereed is om MY lief te hê!

6 Hierdie LIEFDE is die grootste krag op Aarde en sal julle beskerm teen die onvermydelike: Die OORDEEL.

7 Meer nog, het EK JAHWEH nie reeds tydens MY aardse lewe gesê dat om ELOHIM lief te hê bo alles en jou naaste soos jouself, die hoogste gebod is nie?

8 Daaruit volg dit dadelik dat almal jou naaste is en jy weet nie wanneer en hoe EK DIE MEESTER jou Liefde en jou geduld sal toets nie; want die oorwinnaar alleen sal die kroon dra!

9 Want dit is nie per toeval dat EK JAHWEH teruggekeer het na hierdie Aarde in MY BARMHARTIGHEID en MY BRANDENDSTE LIEFDE vir julle nie. Verwerp dit nie, sodat vir elke siel oopgemaak kan word:

DIE POORTE VAN DIE HEMELE

want LIEFDE moet in elke hart triomfeer!

10 Word daarom:

LIEFDE

die brandendste, genadigste

JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE

net soos EK die MEESTER daardie LIEFDE is

in MY MOEDER VAN WELEER, MIRIAM

## Die hoogtepunt van GENADE is die Liefdesoffer van Barmhartigheid / die Genade van Barmhartigheid deur die MEESTER se geboorte en die werking van die LIEFDE op Aarde.

11 Liefde is die grootste Krag, het EK DIE MEESTER gesê en Genade is 'n addisionele geskenk van MY LIEFDE.

12 Genade bevat nou 'n toprang, 'n toppunt wat die onmoontlike moontlik maak.

13 Hierdie hoogtepunt van GENADE is BARMHARTIGHEID en Barmhartigheid kan in sigself uitgeput word in die vervulling van die uiterste in die hoogste LIEFDE wat OFFER is. Daarom is OFFER UIT LIEFDE die Liefdesoffer van BARMHARTIGHEID ter wille van LIEFDE.

14 Hierdie OFFER VANUIT LIEFDE raak slegs moontlik wanneer LIEFDE die mees brandende barmhartige Liefde is. Liefde wat nie gereed is vir of in staat is tot selfopoffering nie, het nog nie die hoogste graad van Liefde bereik nie.

15 Julle sal miskien nou geleidelikaan beter verstaan watter diep waarheid en noodsaaklikheid in MY DIE MEESTER SE HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE lê Wie julle gedurig

vermaan:

16 Word die brandendste en barmhartigste LIEFDE! Let wel, 'n tyd sal aanbreek vir almal wat MY volg in MY HART SE OERGRONDPOOL MIRIAM om 'n offer te maak indien die mensdom gered moet word.

17 Toe EK DIE MEESTER 'n menslike gewaad aangeneem het deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, was dit die eerste barmhartige stadium van MY GENADE.

18 Die tweede fase van MY BARMHARTIGHEID op Aarde was MY LIEFDESWERKING IN MY HEILIGE GEES aan julle, o mensekinders, SUIWER LIEFDE VAN MY HEMELE, om julle te onderrig en bewys te lewer, sodat julle bevry kan word van die blindheid om aan te sukkel in swakheid, van foute en julle skuld, en om in staat te wees om op te vaar na MY Hemele, DIE KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE.

19 Baie is geskryf en oorgedra rakende MY AARDSE LEWE EN DADE in JAHSHUA DIE GESALFDE, deels deur MY dissipels en apostels wat dit in MY Naam gedoen het, maar ook deur godsdienstige gelowiges, en later deur fanatici; tog was niks volledig en volmaak aangeteken en oorgedra rakende MY AARDSE LEWE nie. Een rede daarvoor was dat heelwat omstandighede nie gunstig daartoe was nie, nog 'n rede was dat selfs 'n paar dissipels en apostels van MY nie in MY HEILIGE GEES MY WOORDE EN MY DADE begryp het nie, dus nie in staat was om die tradisie in alle volmaaktheid te begin en dit deur te gee aan hul huidige en toekomstige geslagte nie. Dit het die deur oopgemaak vir die deurmekaar weergawes en wanvoorstellings, sodat gou na MY AARDSE LEWE in JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE MESSIAS, VERLOSSER EN GEDRUISIGDE VAN GOLGOTA, daar geen volmaakte erfenis van MY HEILIGE WERKE VAN LIEFDE gelaat is nie.

20 Die onvolmaakte erfenis van MY HEMELSE ONDERRIG EN AARDSE LEWE het 'n geweldige verskerwing van MY ONDERRIG teweeggebring, 'n tendens, wat, nadat die suiwerste Liefde wat EK van MY Hemele na die Aarde gebring het, verdraai is tot louter bespotting, wat die mees misplaaste afwykings en innerlike twis veroorsaak en het en wat 'n vreeslik mismaakte JAHSHUA-LIEFDE tot gevolg gehad het, in vergelyking met die oorspronklike een. Daarom het EK nog altyd deur alle tye van julle menslike ras gesien, deur aankondigings met steeds nuwe gereedskap van MY GEES EN LIEFDE, die ware Gees van MY LIEFDE, deur dikwels van die hoogste engele te kies wat vrywillig 'n menslike gewaad geneem het om hierdie taak volgens MY HEILIGE WIL uit te voer. Tog het net 'n paar bewuste menslike siele hierdie nuwe openbaringe aanvaar, want as gevolg van hulle geestelike traagheid, het die grootste deel van MY aardse kinders gewoond geraak aan die botsing van godsdienstige interpretasies. Sodat hierdie gewoonte kon dien as 'n grondslag vir hul krag, het diegene wat die leierskap en krag ingepalm het in MY JAHSHUA ONDERRIG deur slim interpretasies van MY WOORDE, hierdie godsdienstige mengelmoes in onbuigbare vorms gewerp en aan julle opgedis as "heilige waarhede” in "rigiede dogma”.

21 Maar wie, ten spyte van hierdie onbuigbare vorme van geloof, die SUIWER LIEFDE van MY Onderrig in hul hart gehou en in die diepste nederigheid geleef het, naamlik die Liefde en barmhartigheid vir hul naaste – was dikwels beloon deur MY met die GAWE VAN DIE INNERLIKE WOORD vanuit MY HEILIGE GEES – maar sou onmiddellik die donder van MY Teenpool in die aanmatigende kerkinstellings van dwangdogma uitlok, en sou ly onder bedreiging, vervolging, aanklag en oordeel om dikwels op die brandstapel of aan die galg te eindig.

22 Julle mag vra, vandag se kinders van MY LIEFDE, waarom MY

ALMAGTIGE LIEFDE nooit by sulke geleenthede ingemeng het nie, dan sê EK DIE MEESTER: Dit sal ook aan julle geopenbaar word in hierdie NUWE BYBEL; maar huidig kan julle dit nie in 'n paar woorde verduidelik kry nie. Wag nog 'n rukkie tot na julle opleiding in die suiwer denkwyse volgens MY Heilige Gees.

23 In die ongeskrewe, maar onmerkbare werkende Wet van Sonde en Versoening, is daar 'n tendens van geregtigheid wat dikwels weerspieël word in baie betekenisvolle digterlike uitdrukkings soos: "Die waarheid sal seëvier", "Die kruik gaan te water totdat hy breek", "ELOHIM se meule maal stadig maar fyn en deeglik".

24 In hierdie strekking van geregtigheid lê die taak van die een engel wat, volgens MY HEILIGE WIL, 'n tyd gelede geïnkarneer is as MY skryfkneg, om die moeisame werk van skryf onder die voorspraak van MY HEILIGE GEES, die volledige verhouding van die grondbeginsels van MY skepping en van MY lewe op Aarde ongeskonde neer te pen. EK het hierdie engel laat grootword onder daardie godsdienstige gesag op Aarde, wat nog altyd verkondig het om die uitsluitlike besitter van die enigste waarheid te wees, sodat die krake van hierdie kruik van geloof wat so ooglopend is, deur die DIE LIG VAN MY SON VAN WAARHEID beskyn sal word sodat dit onherstelbaar sal raak. Dit sal bereik word wanneer hierdie DIE NUWE BYBEL van MY deur baie aardse kinders as die hoogste skat van MY LIEFDE erken sal word.

25 Dit sal dan duidelik word waarom die tweede fase van MY BARMHARTIGHEID alleen nie die nodige verandering en verbetering van die mensdom kon bring nie. Dit sal ook duidelik word waarom MY GEDULD op MY ONDEURGRONDELIKE HEILIGE WEE nodig gehad het om juis in hierdie tyd neer te lê onder die voete van MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM as die

"MOEDER VAN VERLOSSING van alle aardse kinders", die verlossende en versoenende proses vir alle oortredings teen MY ONDERRIG VAN EWIGE LIEFDE. Wag en kyk!

## GOLGOTA-OFFER EN OPSTANDING, die hoogtepunt van MY Barmhartigheid / Ontbinding van die oersonde van alle mensekinders / Die Nuwe Tempel deur die Offer van Verlossing van EWIGE LIEFDE

26 Die derde en hoogste stadium, die HOOGTEPUNT VAN MY BARMHARTIGHEID in die menslike gewaad van MESSIAS EN VERLOSSER, JAHSHUA DIE GESALFDE, moes die bereiking van MY Barmhartigheid wees vir die hele menslike ras. Nie net omdat die gevallenes vrygekoop en verlos is deur MY KRUISIGING van die ou en die oorspronklike skuld van die Val nie, maar omdat die HEILIGE GEES VAN DIE WAARHEID MY aardse kinders keer op keer herinner om MY KONINKRYK VAN EWIGE LEWE EN LIEFDE te herken, sodat die hunkering na die EWIGE KONINKRYK VAN MY HEMELE, te midde van die heersende foute op Aarde, oorweldigend sal word wanneer die duisternis onder die mense steeds groter sal word.

27 Dus deur middel van hierdie derde fase van MY BARMHARTIGHEID, moes MY LIEFDE al die harte en sintuie vul van MY aardse kinders, tot in die verste tye op Aarde, waardeur gewaarborg word dat MY ONDERRIG VAN EWIGE LIEFDE, na MY aardse lewe in JAHSHUA DIE GESALFDE, nooit in die vergetelheid sal raak nie, en dat die KRAG VAN MY HEILIGE GEES weer en weer sal opvlam as 'n ligbaken gedurende die donkerste tye op Aarde.

28 Aan die Kruis op Golgota, het die vloei van MY HEILIGE JAHSHUA-BLOED- wat met MY vleeswording deur die suiwer onskuld van MY HART SE OERGRONDPOOL MIRIAM, al die skuld

van die gevalle geeste uit die Hemele opgeneem, en wat gesuiwer was deur MY aardse lewe,- gestort op die grond van julle verlossende ster en sodoende julle oersonde opgelos. Dus is hierdie laaste en hoogste toestand van Barmhartigheid bereik en kon EK DIE MEESTER met die woorde "Dit is volbring!" MY aardse reddende JAHSHUA-LIGGAAM verlaat in die KRAG VAN MY HEILIGE GEES WIE Ewige mag oor lewe en dood het en WIE, in hierdie finale stadium van MY BARMHARTIGHEID vir die mensdom, werklik as die KRAG VAN EWIGE LEWE verskyn.

29 Op daardie tydstip was dit dus moontlik vir MY JAHSHUA-LIGGAAM om op te staan sonder skuld, heeltemal suiwer in MY HEILIGE GEES, dadelik met MY GEES, en dit saam te neem as 'n suiwer houer na MY Hemele; tog het die feit dat EK DIE MEESTER MY aardse liggaam nie voor die derde dag na die kruisiging na MY geroep het om uit die dood op te staan in die GLORIE VAN MY HEILIGE GEES nie, om sodoende terug te keer na MY KONINKRYK VAN DIE EWIGE LEWE na MY inkarnasie en die grootste offer van die EWIGE LIEFDE, het die belofte vervul dat EK DIE MEESTER 'n nuwe tempel in drie dae sou oprig nadat die ou een afgebreek is!

30 Die ou tempel is afgebreek deur die feit dat die oersonde van MY kinders verlos is en die bondgenootskap tussen MY en MY volk Israel, wat geweier het om MY te herken, opgehou het om te bestaan.

31 DIE NUWE TEMPEL is opgerig deur die VERLOSSENDE OFFER VAN EWIGE LIEFDE deur MY DIE MEESTER VAN EWIGE LIEFDE, en almal kan dit deur suiwer Liefde betree, sowel as hy wat in sy eie hart die TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES opgerig het!

32 Dit was werklik onbelangrik of die werklike mure van die ou tempel in Jerusalem wel ineengestort het, want dit was in elk geval net 'n kwessie van tyd en sou kort daarna deur MY

HEILIGE WIL plaasvind, net soos wat die bondgenootskap tussen MY DIE MEESTER en MY ongehoorsame en onwillige volk van Israel, ontbind moes word met die verspreiding van hierdie ongelowiges onder al die nasies van hierdie Aarde.

33 DIE NUWE TEMPEL is deur die OFFER VAN LIEFDE verhoog en nooit sou 'n ander tempel soos die ou een weer op Aarde gebou word nie! Maar in hulle nog onverfynde liefde, het die mensdom nie net een nie, maar ontelbare tempels volgens die styl van die ou een opgerig, dit witgekalk van binne en buite in MY HEILIGE NAAM "JAHSHUA" en MY HEILIGE ONDERRIG VAN LIEFDE in nuwe vorms van rigiede godsdienstige beperkings gegiet, en blindelings heeltemal die teenoorgestelde van MY HEILIGE WIL gedoen waarvoor EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, doodgebloei is aan die Kruis.

34 Dit het dus onvermydelik geword dat deur MY HEILIGE WIL, MY WARE TEMPEL weer op Aarde verhoog sou word en die ware GEES VAN GOLGOTA en van MY EWIGE LIEFDE, opnuut bekendgemaak en vervul sou word.

35 EK het tot dusver verskeie periodes van blinde menslike geskiedenis laat verloop, sodat alle mense op hierdie Aarde kan besef wat gebeur wanneer MY HEILIGE WIL nie tot in die fynste besonderhede gevolg word nie. Gevolglik moet die mensdom die beker van sy wandade dreineer tot op die droesem, aangesien dit die enigste manier is om hul tot hul sinne te bring!

36 MY HEILIGE OFFER VAN GOLGOTA was onvoldoende om MY aardse kinders te lei - wie oor die algemeen vandag dieselfde is as destyds - op die gereinigde ware HEILIGE WEG VAN LIEFDE. En MY EWIGE LIEFDE ken geen beperking nie, soos wat EK DIE MEESTER reeds gesê het!

37 En EK DIE MEESTER het in MY BARMHARTIGHEID neergebuig

deur toe te laat dat die HEILIGE VERLOSSINGSOFFER VAN GOLGOTA opgevolg word deur 'n verdere OFFER VAN MY BARMHARTIGHEID, wat EK DIE MEESTER reeds tydens MY aardse lewe in JAHSHUA DIE GESALFDE beloof het, toe EK vooruit gesien en die groot traagheid en liefdeloosheid van die mens oor die hoof gesien het, naamlik,

MY WEDERKOMS na hierdie Aarde.

38 Hierdie NUWE BYBEL VAN MY BARMHARTIGHEID is nie net 'n HEILIGE GETUIENIS van MY direkte en op die man af gesprek met julle, mensekinders van hierdie Aarde, in MY HEILIGE WOORD vir julle verlossing nie, maar ook van wat reeds 'n lewende werklikheid is: DIE WEDERKOMS VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, volgens die oeroue belofte.

39 In die eerste hoofstukke van hierdie NUWE BYBEL het julle die basiese vermenigvuldigingstafel gesien wat enigiemand wat begerig is om die HEILIGE POORT VAN DIE HEMELE in te gaan, WAT EK DIE MEESTER op hierdie Aarde van verlossing in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE geplaas het, as 'n beginsel moet bemagtig; en julle sal in die volgende gedeelte die hoër vermenigvuldigingstafel van EWIGE LIEFDE vind wat ten volle bemeester moet word vir julle redding. Luister dus nou!

# Hoofstuk 5 -

## ELOHIM DIE MEESTER deur die KONINGIN VAN DIE HEMELE oor die Heiligheid van die Huwelik

## WARE HUWELIK SOOS WAT DIT GEHEILIG IS VOOR MY

## ELOHIM DIE MEESTER

1 Het EK DIE MEESTER, nie al tydens MY lewe in JAHSHUA DIE GESALFDE gesê dat julle een liggaam behoort te wees nie, julle wat volgens die wet trou? Hoe lyk dit egter in werklikheid? Nooit, sê EK DIE MEESTER sal 'n huwelik geregverdig wees voor MY, as dit nie gesluit was terwyl MY seëning afgesmeek is nie, en as die gemeenskaplike lewe saam nie `n aanvang geneem het met die ferme besluit om 'n LEWE VAN LIEFDE te lei volgens MY grootste en sterkste gebod nie: Wees vir MY lief bo alles en jou naaste soos jouself!

2 Maar hoe ver weg was jy eintlik al die tyd? Nie net dat jy nie jou maat in die LIEFDE dra nie, maar nog erger, jy verslaaf jou gade en reduseer 'n vrou tot 'n objek van jou wellustige begeertes, sonder om in die minste om te gee oor die feit dat jy daardeur `n baie groot fout begaan!

3 Want EK DIE MEESTER, het mense die seksuele instink gegee sodat hulle volgens MY HEILIGE WIL kan vermeerder, smekend vir MY Seën, in plaas van om hierdie impuls in die riool van sonde te vermors! Want nooit kan enige huwelik geregverdig wees voor MY, indien dit gesluit word vir die uitsluitlike doel van selfbevrediging nie; Inderdaad nooit, sê EK DIE MEESTER!

4 Want heilig is julle semen/saad, manlike siele, en dit behoort slegs in 'n houer geplaas te word wat bereid is om voor MY DIE MEESTER te kniel, in MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM, en om te bid vir MY HEILIGE SEËN, sodat julle eenheid in ware suiwer

Liefde geseën kan word; want slegs dan kan julle ware kinders van JULLE ELOHIM EN MEESTER wees, wat gereed is om alle sataniese eienskappe wat hierdie daad mag hê, te verlos en te heilig.

5 Daarom is dit MY HEILIGE WIL dat niemand meer in hierdie opsig sal struikel nie, maar dat die ware huwelik op Aarde opgerig sal word soos wat dit behoort te wees, naamlik vir die redding van alles wat geval het; want in geen geval kan Goddelike GENADE funksioneer so lank as wat die kosbaarste ding op Aarde verkwis word nie.

6 Want EK DIE MEESTER sê: Aaklig is die lot van die verontreinigde, deur die wellus van dié wat laer gesink het as diere, wat slegs paar volgens die orde wat EK DIE MEESTER in hulle geplaas het.

7 Ruk julleself dus reg, manlike siele wat gesondig het, en herstel wat julle verloor het deur middel van 'n nuwe LEWE VAN LIEFDE in MY HEILIGE ORDE!

8. Aan julle vroulike siele sê EK DIE MEESTER: Pasop om 'n manlike siel te verlei en te verlok om hom te laat volhard in wat 'n gruwel voor MY HEILIGE AANGESIG is, want die daaropvolgende loon sal verskriklik wees. Want het EK DIE MEESTER nie dikwels gesê dat slegs 'n LEWE VAN LIEFDE julle in MY HEMELE kan bring nie?

9 Wees dus lief vir mekaar, man en vrou, terwyl julle altyd vir MY seën vra, sodat julle hele wese geseën kan word, en julle huwelik geheilig word deur

MY

DIE SKEPPER VAN ALLE DINGE

JAHSHUA DIE GESALFDE

DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA

JULLE HEMELSE VADER

JAHSHUA

10 Ten einde hierdie doel te bereik, luister nou na die volgende:

## OORSPRONG EN BETEKENIS VAN DIE HUWELIK

11 MY HEILIGE GEES VAN EWIGE VOLMAAKTHEID, WIE alles geskep het, alles besiel en onderhou, en WIE aanhou skep in die oneindigheid van MY EIE SELF van ewigheid tot ewigheid, is nie tevrede met hierdie permanente skeppingsvermoë tot in die oneindigheid nie; MY HEILIGE GEES wil woon in 'n mees luisterryke woning, wat 'n volmaakte woning beteken deur MY HEILIGE GEES.

12 Binne-in julle, o mensekinders, kinders van MY EIE SELF, wil EK ELOHIM DIE MEESTER woning maak. Hierdie woning binne-in julle behoort uiters pragtig en luisterryk te wees! Dit moet die glans van alle glansrykheid wees! Trouens, kinders van MY Liefde, vir hierdie doel het EK JULLE ELOHIM EN SKEPPER alles wat nodig is in julle geplaas, sodat julle MY woning pragtig kan voorberei binne-in julleself! Hiervoor het EK talle boustene van MY HEILIGE GEES VAN VOLMAAKTHEID in julle geplaas.

13 Maak dit jou nie gelukkig om te verneem dat EK DIE MEESTER dit gedoen het nie? Moet EK nog steeds vra of jy bereid is om 'n woning voor te berei en te werk in jouself vir MY? Waarom huiwer jy om dit te doen? Glo jy MY nie?

14 As julle nie bereid is om MY JULLE SKEPPER te glo nie, sê EK vir julle: Gaan weg van MY en glo in die Prins van die Duisternis wat julle met illusies vir die gek hou tot aan die einde van julle aardse lewe om sy hel op Aarde in stand te hou; tog, na hierdie aardse lewe sal julle moet besef dat julle op die verkeerde pad was. MY BARMHARTIGHEID vir julle blindheid kan dan niks

anders vir jou doen nie, maar om jou `n ander lewe op hierdie aarde te gee om jou oë te open.

15 Maar vir julle, MY kinders, wat glo in MY HEILIGE WOORD of begin glo, gaan EK nou alles openbaar wat julle in staat behoort te stel om nie net 'n pragtige woning vir MY te word nie, maar:

'N TEMPEL VIR MY HEILIGE GEES

16 Let op, MY geliefde kinders, wie met MY wil wandel op die HEILIGE WEE VAN JULLE ELOHIM EN HEMELSE VADER VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID, dat aan die begin van hierdie BARMHARTIGE SKEPPING OP AARDE EK dit opgestel het wat julle in staat stel om binne 'n enkele aardse lewe 'n tempel vir MY HEILIGE GEES op te bou:

DIE HUWELIK

17 Soos wat julle reeds uit hierdie NUWE BYBEL geleer het, het almal van julle in MY KONINKRYK VAN DIE HEILIGE GEES julle eie volmaakte aktiwiteitsfeer gehad, wat die vroeëre HEMELSE HUWELIK genoem kan word. In MY LIEFDE vir julle het EK alles maklik, baie maklik gemaak vir julle, sodat julle deur julle heilige vrye wil, vanuit MY GEES 'n EWIGEDURENDE TEMPEL VAN MY HEILIGE GEES kon bou; want in MY Hemele het al die boustene van MY HEILIGE GEES ontbloot gelê, sigbaar vir julle geestelike oë. Julle het begin om julle TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES te bou en 'n hele paar van julle was naby aan voltooiing, maar in plaas daarvan om na MY HEILIGE STEM te luister, het julle geluister na wat besig was om die egoïstiese stem van MY eersgeskape gees Satana te word, wat julle haar hemele belowe het, sonder enige gehoorsaamheid aan MY.

18 EK, JAHWEH het in julle harte weerklink en MY eerste geskape gees in die uiterste vryheid laat doen wat sy graag wou, en julle was ook vry om te doen wat julle ookal behaag het; want die vryheid van elke geskape Gees kom voort vanuit

MY, DIE EWIGE VOLMAAKTE EEN; hierdie vrye wil van julle is heilig vir MY en EK sal nooit inbreuk maak daarop nie! Hoe kan 'n hemele ooit volmaak en skitterend wees met net die geringste inbreuk op 'n skepsel se vryheid?

19 So het EK DIE MEESTER toegelaat dat julle absolute vryheid in al julle weë het, gekyk en waargeneem wat julle met hierdie kosbare geskenk van JULLE ELOHIM EN SKEPPER gedoen het; al wat EK gedoen het, was om julle te vermaan, in die sagte onopvallende manier van MY EWIGE SUIWER EN HEMELSE LIEFDE, om nie MY HEILIGE WEË te verlaat nie.

20 Of moes EK DIE EWIGE LIEFDE eerder die kinders van MY HEILIGE GEES vermaan het met 'n donderende stem, sodat hulle baat kon vind by al MY majesteit? In so 'n geval sou EK SELF die EWIGE HEILIGE FUNDAMENTELE WET VAN LIEFDE verontagsaam het, as EK DIE MEESTER 'n sterk indruk in MY Hemele wou maak. MY LIEFDE, van oorsprong uit MY EWIGE HART SE OERGRONDPOOL, is waarlik WARE LIEFDE; in MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE bly dit vir ewig ware, suiwerste, heiligste LIEFDE.

21 Julle kan 'n asemtog van hierdie vir ewig suiwer, teer en heilige LIEFDE herken in die oneindige vorme van die Natuur rondom julle; tog kan julle dit die beste herken in die suiwer opregte ervaring van LIEFDE.

22 Daarom moet julle dus weet dat ware LIEFDE nooit met krag en geweld verbind kan word nie; nooit, sê EK DIE MEESTER, selfs nie eers met 'n spoortjie daarvan nie.

23 Hierdie delikate skakerings van die suiwerste LIEFDE van MY HEMELE word rugbaar in die subtiele skakerings van sonop en sononder op julle Aarde, in die wonderlike verskeidenheid van blomme wat op julle ster van verlossing groei en in die eindelose melodieuse vibrasies van al die siele wat sug na

redding in beide julle menslike- en dierewêreld, maar ook in die plant- en minerale koninkryke, sonder dat julle daarvan bewus word; tog suiwerste, teerste HEMELSE LIEFDE word baie sterk en heilig weerspieël in die oë van 'n menslike siel wat gevul is met MY HEILIGE GEES en uiteindelik ook in die ligte oomblikke wanneer MY HEILIGE GEES die siele verlig van twee mense wat mekaar liefhet met 'n ware hemelse gloed, om sodoende 'n aanduiding te gee van wat die hiernamaals waarskynlik gaan wees.

24 Sulke fyn skakerings van suiwer LIEFDE gee maar 'n geringe idee van MY HEMELE, wat selde lank duur, aangesien die gevalle gees van MY Hemele, beliggaam in verharde materie, sy tol eis van elke siel, solank as wat hierdie siel nie geheel en al in MY HEILIGE GEES wedergebore is en daardeur vir tyd en ewigheid verlos is van sy onderdanigheid aan die wêreld van materie nie.

25 Vra julleself nou af, kinders van MY Liefde, julle wat wegkwyn in die slawerny van materie, hoe dit kon gebeur het dat julle die wêreld van suiwer gees in MY HEMELE verlaat het, waar julle nie net deur verganklike dinge van suiwer Liefde omring was, en van tyd tot tyd daarmee gevul was nie, maar boonop met die EWIGDURENDE EWIGE LIEFDE VAN VOLMAAKTHEID!

26 Kan julle dit begryp, MY aardse kinders? Kan julle verduidelik hoe julle so blind in MY HEMELE kon word, deur julle rug te draai op die KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE EN VOLMAAKTHEID? Is julle nie verward deur die feit dat julle MY HEMELE vir die hel op Aarde verruil het nie? Wat is die rede, die ware rede daarvoor? Julle sal in staat wees om die antwoord vir julleself te ontdek, maar slegs wanneer julle weer suiwer LIEFDE geword het; tog is dit slegs moontlik deur geheel en al in MY

HEILIGE GEES wedergebore te word. Dit is waarom EK DIE MEESTER julle moet kom help om te verstaan.

27 Daarom, luister!

## Die eerste Besluit van 'n Geskape Gees

28 MY VOLMAAKTHEID word bereik en is onveranderlik vir alle ewigheid in MY HEILIGE DRIE-EENHEID. Dus, vir alle ewigheid kan slegs die absoluut volmaakte vanuit MY ontstaan, sonder om ooit die geringste spoor van onvolmaaktheid te toon.

29 Julle kan dan vra hoe onvolmaaktheid in die skepping voorkom, as slegs Ewige volmaaktheid vanuit MY kan voortkom?

30 MY ANTWOORD op hierdie vraag sal julle die oplossing gee wat julle beide hoop en versekering sal gee vir julle moontlike terugkeer na MY HEMELE, die KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE EN VOLMAAKTHEID.

31 Dieselfde moment wanneer 'n GEES VAN VOLMAAKTHEID van MY ELOHIM DIE SKEPPER, as 'n geskape gees uitgaan, word hy voor die keuse geplaas om te besluit of hy volmaak soos EK DIE SKEPPER wil bly al dan nie. Dit hang van NEDERIGHEID af: NEDERIGHEID, nie om na homself te kyk as oorspronklik geskape volmaaktheid nie, maar eerder om te begin om MY, ELOHIM DIE SKEPPER onmiddellik as EWIGE LIEFDE EN VOLMAAKTHEID lief te hê, en MY te herken AS HY WIE hom geskape het en hom vir alle ewigheid sal onderhou.

32 Vrye wil, synde die belangrikste kenmerk van volmaaktheid, sal dus die volmaak geskape gees wat vanuit MY voortgekom het, onmiddellik konfronteer met die behoefte om vrylik te kies tussen eieliefde en Liefde vir MY in die nederige erkenning dat hyself 'n gees is wat geskape is deur MY. Daardeur word LIEFDE

NEDERIGHEID in die aangesig VAN ELOHIM DIE SKEPPER; NEDERIGHEID gee dan WARE LIEFDE weer.

33 As die keuse van die vrye, geskape gees egter geneig is na homself, sonder om MY lief te hê, dan verander DIE OORSPRONKLIKE SUIWER EN VOLMAAKTE LIEFDE in eieliefde, terwyl DIE WARE LIEFDE-NEDERIGHEID aspek in hoogmoed verander. Die volgende fatale tree wat deur so 'n volmaak geskape gees gegee word, sal misvormde beelde van die Liefde en gees voortbring.

34 Bepeins gedurig in julle hart hieroor, sodat dit vir julle duidelik sal word hoe en waarom onvolmaaktheid en die absolute onvolmaakte, die Bose, uiteindelik binne MY skepping verskyn het, alhoewel EK, ELOHIM DIE SKEPPER, SELF EWIGE VOLMAAKTHEID IS!

35 Julle sal dan geleidelik verstaan waarom MY EERSGESKAPE GEES SATANA volmaak in alle opsigte soos EK, DIE SKEPPER was, toegerus met al die eienskappe van MY VOLMAAKTHEID, glansryk in haarself, binne MY EIE GLANSRYKHEID, en so vrylik selfvoldane eieliefde gekies het om 'n Teenpool van MYSELF te word.

36 Die latere Oergeeste wat vanuit MY HEILIGE, VOLMAAKTE DRIE-EENHEID voortgekom het, toegerus met dieselfde noodsaaklike volmaaktheid, kon 'n beperking op MY EERSGESKAPE GEES se eieliefde geplaas het, aangesien hulle getuies was van MY EWIGE SKEPPENDE VOLMAAKTHEID.

37 Maar geestelike vryheid laat enige besluit toe, anders sou vryheid maar net `n woord wees.

38 MY EERSGESKAPE GEES SATANA het vir haar eie mag in die verleende GLANSRYKHEID VAN MY HEILIGE GEES gekies. Dit beteken dat sy vir haar eie self besluit het. Die gevolg daarvan was vir haar onvoorspelbaar, maar tog was dit vir MY duidelik

tot op die laaste en verste gevolge.

39 Die rede vir hierdie onvoorspelbaarheid van MY EERSGESKAPE GEES SATANA, ten spyte van al haar toegekende mag, krag en heerlikheid, is dat EK, SKEPPER EN GEES VAN ALLE GESKAPE GEESTE, HY IS WIE EK IS, en - soos julle alreeds gehoor het – DIE ONUITPUTLIKE BRON VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID TOT IN ONEINDIGHEID, wat vir ewig om MYSELF 'n suiwer geestelike grens van MY SFEER vorm wat niemand kan oorsteek nie. Hierdie HEILIGE SFEER word gevorm deur MY DRIE-EENHEID, wat bestaan uit MYSELF, DIE EWIGE ELOHIM, SKEPPER, MEESTER EN HEMELSE VADER JAHSHUA, MY ALLERHEILIGSTE – MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, en die onvernietigbare, ewigdurende WERKENDE SFEER VAN MY HEILIGE GEES, waarop MY ALMAG rus en sy aktiwiteit uitoefen.

40 Net so het die besluit van MY EERSGESKAPE GEES 'n sfeer van haar eie-ek voortgebring, wat aanvanklik slegs 'n sfeer van wilskrag was, en nog nie 'n sfeer van werking en invloed nie. Die eerste gevolg van hierdie self-voortgebringde individuele sfeer, was dat MY EERSGESKAPE GEES haarself van MY HEILIGE DRIE-EENHEID afgeskei het. Die kind van MY HEILIGE DRIE-EENHEID het begin om so haar eie weë te hê.

41 Maar in alle billikheid aan hierdie kind van MY HEILIGE DRIE-EENHEID, moet dit gesê word dat EK ELOHIM DIE MEESTER onsigbaar en ontoeganklik gebly het vir hierdie hoogste kind Satana van MY HEILIGE GEES, en dat haar sig daardeur op haar eie self gerig was. Nogtans het MY ONBEPERKTE LIEFDE vir hierdie kind van MY HEILIGE DRIE-EENHEID, MY EERSTE GEES, haar omhul met alles wat binne MY ONEINDIGE ALMAG gelê het!

42 En omdat MY HEILIGE GEES VAN DRIE-EENHEID, hoewel

onsigbaar, al meer waarneembaar is in die gees se innerlike kern - wat die GEESTELIKE HART is - en slegs aanskoulik kan word deur LIEFDE vir MY, word die Gees se vryheid van keuse slegs ten volle gerespekteer, terwyl sy die moontlikheid oophou om haar eie werksfeer met MYNE te verenig.

43 Sy benodig hierdie OORSPRONKLIKE BEGINSEL om LIEFDE in staat te stel om te bloei en te floreer in 'n eindelose verskeidenheid. EK DIE SKEPPER kon nie bekostig om hierdie OORSPRONKLIKE BEGINSEL ongeldig te laat verklaar deur 'n nog groter LIEFDE teenoor MY EERSGESKAPE GEES SATANA, DIE EERSTE KIND VAN MY HEILIGE DRIE-EENHEID te betoon nie. Die gevolg sou 'n verarming van LIEFDE gewees het, geestelike luiheid en 'n groeiende gebrek aan wilskrag; geen vrye geeste nie, maar geeste in gebondenheid sou uiteindelik in MY Skepping ingetree het, strooipoppe wat nie in staat sou wees tot ware LIEFDE nie en hulle sou ontdaan van die wil tot ware LIEFDE gewees het.

44 Hierdie OORSPRONKLIKE BEGINSEL VAN MY DRIE-EENHEID wat werksaam is in MY, was veronderstel om eindeloos in MY Skepping op te tree deur MY EERSTE GEES SATANA, toegerus met alle mag en heerlikheid van MY. Om hierdie rede is twee verdere OERGEESTE toegeken aan hierdie eersgeskape Gees om te korrespondeer met MY EIE NOODSAAKLIKE DRIE-EENHEID, beide geskep vir die oneindigheid van MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE in die volheid van MY MAG.

45 Dus moes 'n tweede DRIE-EENHEIDS BEGINSEL MY EWIGE EN ONEINDIGE SKEPPING vul en deurdring; tog was 'n verdere skeppende beginsel nog onmisbaar daarvoor en moes geïntegreer word as DIE ORDE VAN MY HEILIGE SKEPPING in die geestelike werksaamhede van MY EERSGESKAPE GEES SATANA,

naamlik die fundamentele waarborg van MY EWIGE OEREIENSKAPPE, waarsonder EK nie ELOHIM kon wees IN MY EIE GEBIED VAN ORDE nie, en waarsonder die beginsel van voortplanting, of enige skeppende daad nie bereik kon word nie, en ook sou niks die wesenlike asem van die Ewige Lewe kon ontvang nie:

46 Neem deeglik kennis hiervan, mensekinders van hierdie wêreld, en julle sal verstaan waarom julle nooit iets vir ewig kan skep nie- maar slegs kortstondig, en dat al julle werk en arbeid iewers moet eindig. Die vermoë en eienskappe van MY GODDELIKE SELF alleen sal langdurigheid voortbring! En dit kan bereik word binne 'n ware en volmaakte huwelik, soos wat later verduidelik sal word. Laat ons nou eers voortgaan met MY GEESTELIKE OERSKEPPING.

## DIE HEILIGE DRIE-EENHEID / Die Orde van ELOHIM se Heilige Sewe Oerkwaliteite en van die aangewese sewe Oergeeste

47 Daar is twee heilige kardinale getalle wat alles in die EWIGE ORDE VAN MY SKEPPING regeer: Die "drie" en die "sewe".

48 As enigiets vorm en lewe moet aanneem, moet hierdie heilige rangskikkende en vername getalle inherent wees in wat ookal gaan voortkom as vorm en lewe. Die "3" is primêr en ewiglik onafskeibaar, soos in MY HEILIGE DRIE-EENHEID; die "7" is vir ewig geanker in MY HEILIGE OEREIENSKAPPE en moet dus ook vir ewig geanker word in alles wat poog om soos EK te word, naamlik 'n BEELD VAN MYSELF.

49 Wie hy ookal is, óf 'n Gees van MY suiwer geestelike hemelse sfere, of 'n siel in 'n aardse menslike kleed met 'n vonk van MY HEILIGE GEES, hy plaas homself opsetlik in 'n toestand

van skeiding van MY, ELOHIM DIE EWIGE SKEPPER, indien hy geen ag sal slaan op wat gesê is, en veral as hy dit goeddink om heeltemal op sy eie weg te gaan, terwyl hy grootliks MY EWIGE OORSPRONKLIKE ORDE ignoreer. Hou dit in gedagte, julle jong mense van hierdie Aarde, wat in die onverskillige blindheid van julle skyn-ideale aanstorm, sonder om aan MY ORDE aandag te skenk, waardeur julle `n prooi word vir die chaos van die hel, dikwels saam met baie van julle maats.

50 Ewemin sou EK DIE MEESTER ELOHIM of die HEILIGE DRIE-EENHEID kon bestaan of sou enigiets kon lewe en voortbestaan, as EK nie in MYSELF vir ewig hierdie HEILIGE ORDE was nie; ook sou MY HEILIGE LIGSIRKEL VAN HEMEL EN AARDE nie bestaan het of na die Aarde gebring kon word in hierdie tyd nie, as die HEILIGE GRONDBEGINSEL VAN MY ORDE nie 'n absolute werklikheid was deur MY WEDERKOMS IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE nie, saam met die ROTS VAN MY ONEINDIGE WERKSFEER, en MY HEILIGE STEM deur MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM nie. MY EWIGE ROTS PETRUS sou nie onvermoeid al MY aardse kinders kon onderrig in MY HEILIGE SEWE OEREIENSKAPPE nie, veral hier deur hierdie NUWE BYBEL.

51 Dit was noodsaaklik in MY GEESTELIKE OERSKEPPING om aan MY EERSGESKAPE GEES SATANA, in aanvulling tot die twee OERGEESTE reeds genoem, om te voldoen aan die beginsel van MY DRIE-EENHEID, verder sewe OERGEESTE toe te wys wat toegerus is met dieselfde eienskappe as MY SEWE HEILIGE OEREIENSKAPPE, wat is en vir ewig sal bly:

LIEFDE, WYSHEID, VRYE WIL,

ORDE, ERNS, GEDULD,

en BARMHARTIGHEID

52 Sit die meer bekende konsep van "OER-AARTSENGELE" in die

plek van hierdie sewe OERGEESTE en die hemelse verborgenheid oor hulle sal begin lig.

53 Alle verdere ontwikkeling van MY SKEPPING sou dan bepaal word deur die vrye besluit onder die HEILIGE VRYE WIL van MY EERSGESKAPE GEES SATANA; want, soos reeds aangedui, in haar aanhoudende selfaanskouing, sy vir haar eie krag en heerlikheid geval het, wat sy as haar eie almag beskou het, en het geweier om MY, DIE EWIGE SKEPPER as DIE VADER VAN ALLES WAT IS, te aanvaar: Haar egotisme (ekkerigheid), haar eieliefde, het die drie-eenheid sfeer wat EK haar geskenk het, so sterk deurtrek, dat selfs die twee OERGEESTE wat EK aan haar toegeken het, `n prooi geword het vir die uiters gevaarlike Liefde en verlore was vir DIE WEG VAN VOLMAAKTHEID IN MY SKEPPING; - tog was dit nie al nie.

54 Soos wat MY EERSGESKAPE GEES SATANA - en haar twee bygevoegde OERGEESTE – wat die nuwe DRIE-EENHEID VIR MY VOLMAAKTE SKEPPING gevorm het - die hoedanigheid van die Ewige OERSKEPPING geskenk is om die oneindigheid van MY skepping te vul, in nimmereindigende heerlikheid, met al die werke van EWIGE LIEFDE, het daar nou 'n oneindige sfeer van self-verheerlikte, eieliefde ontwikkel.

55 Wat moontlik was vir MY, ELOHIM VAN EWIGE LIEFDE EN ALLE VOLMAAKTHEID, in MY werke van Ewige Liefde, het nou ewe moontlik geword vir MY EERSGESKAPE GEES SATANA - as werke van eindelose eieliefde: Want aan haar is die krag gegee vir ewigdurende werke van skepping vanuit MY, DIE EWIGE, die krag wat sy egter gebruik het, maar geskoei op eieliefde, en het daardeur geleidelik in MY aangesig 'n Teenpoolsfeer gebou wat uiteindelik verander het in `n teenpoolwêreld.

56 Maar EK DIE MEESTER het glad nie ledig gesit en kyk hoe hierdie skeppingsproses ontwikkel nie; nie in die minste nie!

57 Die OERGEESTE VAN MY SEWE OEREIENSKAPPE het intussen hulleself, deur hul eie vrye wil, herken as KINDERS VAN EWIGE LIEFDE, en het daarom besluit om DIE EWIGE LIEFDE in alle volmaaktheid te dien en om DIE VADER te volg WIE hulle al die mag, krag en heerlikheid vergun het.

58 Aangesien MY SEWE OEREIENSKAPPE die GRONDSLAG VAN EWIGE LEWE is, kan niks permanent voortbestaan naas MY KONINKRYK VAN EWIGE LEWE wat gekies het om die weë van MY VOLMAAKTHEID te laat vaar nie; dit kan net so lank bestaan as wat MY LIEFDE, GEDULD EN BARMHARTIGHEID tesame met MY GENADE, 'n addisionele geskenk van MY LIEFDE, dit sal toelaat. En EK DIE MEESTER sal altyd alles toelaat om te bestaan tot tyd en wyl dit nodig sal wees om na MY terug te keer, waarvoor MY LIEFDE alles sal laat vaar, selfs as 'n opperste offer benodig sou word.

## Die Suiwering van die Hemele

59 Nou, die SFEER VAN VOLMAAKTHEID VAN MY HEILIGE DRIE-EENHEID, of MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE - dit is MY HEMELE - was nie geskei van die drie-eenheid sfeer van MY eersgeskape Gees Satana, wat intussen MY Teenpool geword het nie. Dus het die geeste van die twee drie-eenheid sfere sy aan sy gewerk en onder mekaar; ware Liefde en eieliefde het mekaar ontmoet, sodat hierdie situasie in MY Hemele `n toets geword het vir alle geeste wat uit ware, volmaakte Liefde voortgekom het.

60 Ten einde MY sfeer oor te neem en die krag VAN MY VOLMAAKTE EWIGE LIEFDE te breek, en dit tot haar eie sfeer van eieliefde by te voeg, het MY eersgeskape gees Satana 'n tipe leërmag op die been gebring van haar eiewillige

liefdesgees, alles vir selfverheerliking en het daarna gestreef om die hele Hemele te wen met al die middele wat gegee was deur die krag en vermoëns wat EK DIE SKEPPER aan haar en haar drie-eenheid sfeer geskenk het.

61 In teenstelling hiermee het die leërskaar van die geeste van die sfere van MY DRIE-EENHEID en van MY SEWE OER-GEESTE gestaan: Almal kinders van MY VOLMAAKTHEID met die HEILIGE WIL om MY DIE SKEPPER en VADER VAN ALLE DINGE, in die VOLMAAKTE LIEFDE te volg.

62 Hierdie "konfrontasie" van die ware, volmaakte Liefde met eieliefde moet nie verstaan word as 'n botsing van sigbare gevegslinies in vegtende slagordes teenoor mekaar nie. Hierdie kontras het geblyk uit al die dade van wilsuiting wat eienskappe van MY VOLMAAKTE LIEFDE en die van Teenpool-liefde oorgedra het. In MY Hemele was hierdie effekte nie so merkbaar soos wat hulle vandag op julle Aarde is nie; hulle het eksperimenteel geestelik vorm aangeneem op 'n wyse waarvan julle op hierdie Aarde geen benul van het nie, want hulle was suiwer geestelike kwaliteitsmerkers. Mens kan hulle ongeveer vergelyk met 'n mens op julle Aarde wat oor hoë verstandelike vaardighede beskik en wat ongelooflike resultate kan toon, maar wat min, indien enige ware hartlike liefdesgevoelens kan toon, en in plaas daarvan 'n afwyking van die suiwer Liefde, wat roemsugtige eieliefde in verwaande hoogmoed is: Verseker om hoog bo al die ander uit te toring.

63 Ware, suiwer LIEFDE wat in diepste nederigheid vibreer, terwyl sy ook weet dat sy niks is en vir niks goed is sonder ELOHIM SE LIEFDE EN GENADE nie, kan nie en sal haar nooit ophef tot selfverheerliking nie, en omdat sy nooit sal probeer om met eieliefde te worstel nie, maar eerder sal poog om haarself uit die verkeerde wending van haar hart te laat kom en

haarself terugbring na ware Liefde, sal sy dikwels haarself in 'n oënskynlike nadeel voor die Teenpool-eieliefde bevind.

64 Nou, die KRAG VAN WARE LIEFDE berus op die altyddurende ORDE VAN DIE GODDELIKE SEWE OEREIENSKAPPE in die HEILIGE DRIE-EENHEID wat hulself slegs sal manifesteer wanneer daar die risiko van 'n moontlike nadelige ondergang vir al die kinders van MY Skepping is. Dit is die oomblik wanneer EK DIE MEESTER VAN DIE SKEPPING sal inmeng.

65 Gevolglik het EK DIE MEESTER slegs een keer in MY Hemele ingemeng, toe die Teenpoolsfeer van MY eersgeskape Gees, SATANA so sterk geword het binne MY Skepping, as gevolg van die listige planne van haar eieliefde leërmag, dat die goddelike toestand van Ware Liefde ontsteld was oor die Teenpoolsfeer van selfsugtige Liefde.

66 Tog was MY HEILIGE TUSSENKOMS nie 'n stryd om mag of 'n oorlog volgens die menslike sin van die woord nie, maar slegs 'n onttrekking van MY GENADE van diegene wat, ten spyte van MY LIEFDE se oneindige geduld, nie bereid was om vir hulself die verkeerdheid van hul voorneme te erken nie.

67 Hierdie onttrekking van MY GENADE het in die eerste plek vir al die geeste van die Teenpoolsfeer die verlies van die EWIGE LIG van MY EWIGE LIEFDE beteken, wat 'n val van die LIG VAN EWIGE LIEFDE na die duisternis beteken het!

68 Selfgekose en selfveroorsaak was hierdie val na ligloosheid, in duisternis in; want gedurende die hele evolusie van die intrede van MY EERS-GESKAPE GEES SATANA in hierdie val in die duisternis in, in `n tydsverloop wat geensins in terme van aardse tyd bereken kan word nie, het EK nooit opgehou met vermanings vanuit MY LIEFDE EN GENADE tot beïnvloeding van die gevalle geeste om weg te breek van eieliefde nie.

69 Hierdie hemelse terugblik was nodig vir hierdie Bybel-

hoofstuk oor die ware huwelik, ten einde die redes te verstaan en te aanvaar vir die skepping van man en vrou op hierdie Aarde van verlossing deur MY Barmhartigheid. Want nou eers het julle geleer hoe en waarom eieliefde in MY Skepping verskyn het as 'n Teenpoolontwikkeling teenoor ware volmaakte Liefde en hoe sy ontwikkel het- nie net as 'n Teenpoolkrag teen MY ALMAG nie, maar selfs as 'n Teenpoolsfeer soortgelyk aan MY KONINKRYK VAN ONEINDIGHEID EN EWIGHEID.

## Evolusie van 'n Sfeer van Skepping vir Redding

70 Om hierdie uitgebeelde eieliefde, wat veroorsaak was deur die eiewillige ongehoorsaamheid van MY EERSGESKAPE GEES SATANA, om te keer, te ontbind en te verdryf, - om sodoende MY skepping van die geestelike infeksie te reinig, wat ongehoorsaamheid bewys het, moes 'n ander skeppingsfeer gemaak word van die duisternis, waarin al die ongehoorsame Kinders van MY LIEFDE hulleself in moedswil opgesluit het, sodat voorsiening gemaak kon word vir hul bevryding vanuit hierdie toestand van selfgekose gevangenskap.

71 'n Wet het nodig geword as 'n voorvereiste vir hierdie verlossende sfeer, ten einde elke gees te gradeer in verhouding tot die selfveroorsaakte skuld, soos bewys deur die val van die LIG VAN MY SKEPPING VAN EWIGE LIEFDE, en dit weer te laat opstaan en terugkeer na MY HEMELE VAN EWIGE LIEFDE, DIE KONINKRYK VAN JULLE ELOHIM, SKEPPER en MEESTER, deur die toepassing van die GEREGTIGHEID VAN MY LIEFDE.

72 En hierdie wet is gesmee vanuit die VOLMAAKTHEID VAN MY ONTASBARE WYSHEID, LIEFDE EN BARMHARTIGHEID, as

DIE WET VAN SONDE EN VERSOENING

73 Hierdie wet ken geen letters of paragrawe nie, aangesien sy suiwer geestelik is. Sy het geen verklaring nodig nie, ook kan sy nie op verskillende maniere toegepas word nie; sy benodig geen aansoek nie, want sy werk volmaak vanuit MY HEILIGE GEES.

74 Soos julle vandag sou sê, werk sy ten volle outomaties. Aangesien julle nog nie in MY HEILIGE GEES wedergebore is nie, kan julle dit skaars verstaan, net soos julle nog nie die oorsaaklike wet of so baie ander wette van MY VOLMAAKTHEID ten volle kan begryp nie, waarvoor geen prokureurs, of howe van geregtigheid, en geen wetskrywers nodig is nie, want in die geval van nood is EK DIE MEESTER ook 'n volmaakte Regbank.

75 Die uitspraak sal egter nie uitgespreek word deur die Regbank van MY VOLMAAKTHEID nie, maar eerder deur die skuldige self.

76 MY GENADE EN MY BARMHARTIGHEID streef altyd daarna om die skuldige sy eie selfgekose oordeel te spaar, waarvoor EK DIE MEESTER hom onderrig, vermaan, en poog om in te trek in MY HEILIGE WEE met die mees onvermoeide LIEFDE EN GEDULD, selfs al sou dit vir eeue aangaan, soos wat dit in die geval van MY EERSGESKAPE GEES SATANA gebeur het! 'n Selfveroorsaakte oordeel sal slegs werk in die uiterste geval, maar dan volg MY BARMHARTIGHEID onmiddellik. Want EK IS ABSOLUTE LIEFDE EN EWIGE LEWE en red almal eerder as om wat ookal of wie ookal te veroordeel!

77 Daarom, Kinders van MY LIEFDE, pasop om 'n uitspraak oor julleself te vel onder hierdie VOLMAAKTE WET, of om die oordeel oor julleself te vel; want hierdie WET VAN SONDE EN VERSOENING, wat suiwer geestelik is, is hoogs sensitief, mens kan selfs sê, hipersensitief. Dit ontsteek met die geringste oortreding teen die LIEFDE en onderwerp die oortreder

onmiddellik. Hierdie onderwerping kan slegs verlig word deur `n selferkenning van 'n mens se skuld, 'n opregte berou en 'n ernstige nakoming van MY LIEFDESGEBOOIE; maar die volle vrystelling van hierdie Wet van Sonde en Versoening sal slegs werk deur MY GENADE.

78 Daarom moes dit nou al by julle ingesink het waarom julle aardse lewe niks anders as nag en angs is nie; want julle maai net wat julle gesaai het! Noudat julle weet dat hierdie WET VAN VOLMAAKTHEID hipersensitief is en dat enige oortreding teen die LIEFDE, selfs die geringste, aangeteken word en die oortreder bind, behoort julle te besef dat 'n misdryf teen die HEILIGE GEES VAN ELOHIM hard slaan.

79 Dit beteken nie dat julle moet bang wees vir hierdie hipersensitiewe en onontwykbare WET VAN VOLMAAKTE LIEFDE nie, hoegenaamd nie, sê EK DIE MEESTER! Inteendeel behoort dit julle te verhoog tot op daardie vlak van WARE LIEFDE, waar volmaakte LIEFDE uit LIEFDE poog om niks anders as LIEFDE te wees nie, waardeur dit nie versoek kan word om te oortree teen die LIEFDE TOT ELOHIM en alle medeskepsels nie, en die effek van DIE WET VAN SONDE EN VERSOENING te vermy.

80 Maar elkeen, wat ten spyte van hierdie leer, nie die suiwerste LIEFDE word nie, het net homself te blameer as hy gebind word deur hierdie volmaakte werkende wet, wat vir die graad van sy reiniging nodig is en selfs, indien nodig, vir die ontsteking van die OORDEEL VAN MY LIEFDE as 'n onvermydelike gevolg van sy hardkoppigheid. Tog is MY GENADE EN BARMHARTIGHEID in staat om selfs die mees verstokte hardkoppigheid uit te wis deur die OFFER VAN VERGEWENDE LIEFDE.

81 Toe EK DIE MEESTER die fisiese dood oorkom het aan die

Kruis van Golgota, het die oomblik aangebreek waar die heftigste hardkoppigheid in MY Skepping gebreek sou word, naamlik die tot nou toe onwrikbare hoogmoedige geloof van MY Teenpool Satana om "die meester van hierdie wêreld" te wees! Tot op die laaste oomblik van MY Lyding aan die Kruis van Golgota in MY menslike kleed, het sy versterk gevoel in haar verstoktheid en hoogmoed, deur die gedagte dat sy MY, ELOHIM, DIE MEESTER EN SKEPPER IN JAHSHUA DIE GESALFDE op MY knieë gedwing het; maar 'n paar oomblikke later het DIE KRAG VAN MY HEILIGE GEES IN JAHSHUA DIE GESALFDE haar die waarheid getoon van WIE eintlik die MEESTER van hierdie ster "Aarde " is, wat nou waarlik in die aangesig van MY teenstander die "ster van verlossing" vir die hele gevalle skepping geword het deur die feit dat EK DIE MEESTER oor lewe en dood, die bande van die dood gebreek het, en sodoende die poorte van die hel wyd oopgegooi het, die koninkryk van MY Teenstander, waarin geblyk het dat almal wat aan haar oorgegee was, blykbaar vasgevang was vir alle ewigheid.

82 Maar nou het MY LIG VAN OPSTANDING die dood en materie deurboor tot in die diepste hel, en sodoende aan almal wat blootgestel was, bewys dat WARE LIEFDE alle boeie kan afbreek en dat MY Teenstander verplig was om toe te gee aan die MAG VAN LIEFDE, aangesien LIEFDE, in absolute gehoorsaamheid tot ELOHIM, niks anders doen as om ELOHIM SE ALLEEN HEILIGE WIL te vervul nie, waardeur LIEFDE EN GEHOORSAAMHEID, LIEFDE BO ALLE LIEFDE word.

83 Die mag en die hardkoppigheid van MY Teenstander was nou gebreek, sodat elke gewillige siel uit haar heerskappy kon kom!

84 Deur MY OPSTANDING VAN GOLGOTA, sou MY EERSGESKAPE GEES EN TEENPOOL SATANA voortaan gestroop

word van haar troefkaart "dood", tot op hede die sterkste teenkrag tot EWIGE LEWE. Op Golgota is haar krag afgegradeer na 'n skadukrag,- slegs in stand gehou deur diegene wat onwillig is om in 'n ELOHIM VAN EWIGE LEWE te glo, WIE in JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE MAG VAN SY LIEFDE oor die dood en materie gedemonstreer het, sodat SY KINDERS VAN LIEFDE Hom kon volg en terugkeer na SY KONINKRYK VAN LIEFDE EN EWIGE LEWE. Dood en materie, die twee belangrikste bates van die ongehoorsame en gevalle Gees, is op Golgota van hul mees misterieuse krag gestroop deur DIE KRAG VAN DIE GEES, WIE EEN IS MET ELOHIM DIE ALMAGTIGE.

85 EK DIE MEESTER wou die wêreld van materie skep vir MY EERSGESKAPE GEES SATANA, om haar van haar vaste idee te bevry dat sy self Almagtig is; maar tog het EK hierdie wêreld grootliks saamgestel met haar eie eienskappe van ongehoorsaamheid en hoogmoed waarin sy dit as materiële goedere herwin wat haar ontroue en ongehoorsame Gees eens voortgebring het, met die groot verskil vir haarself dat EK VADER EN MEESTER VAN EWIGE LIEFDE, MY ONEINDIGE LIEFDE geplaas het in al die vorms wat deur die gevalle Gees veroorsaak is, waarsonder ook al haar innerlike skeppings heeltemal sou versteen het.

86 Kyk byvoorbeeld na die verskillende lewensvorme van die gewelddadige Gees in die veelvuldige spesies van wilde roofdiere, wat ten spyte van die wilde kenmerke wat in hulle bevestig is, nie ontneem is van skoonheid nie en wat selfs voordeel trek uit die SEËN VAN MY LIEFDE, met betrekking tot voortplanting, moederskap en gemeenskapslewe, om so te kwalifiseer - deur die LIEFDE - vir hoër vorms van lewe.

87 EK het alreeds aan julle verduidelik dat alles in MY Skepping LIEFDE is en sonder LIEFDE kan niks leef, bestaan of vermeerder

nie; selfs die hel is toegerus met sekere kenmerke van die LIEFDE, anders sou alles van ongehoorsaamheid tot volledige verstening geval het.

## Oorsprong van die "Uitverkore Volk"

88 So het EK DIE MEESTER, die grootste Barmhartigheid betoon, juis aan daardie groep geeste wat aangesluit het by MY EERSGESKAPE GEES SATANA, wie rondom haar versamel het as 'n groep gewillige engele, wat daarna gestreef het om in MY Hemele 'n aparte almag van hul eie te plaas. Hierdie was 'n groep engele wat toegerus was met wonderlike eienskappe vanuit MY, maar tog deur MY EERSGESKAPE GEES SATANA mislei tot selfverheerliking en was deur haar gedruk om MY DIE MEESTER te oortref: Sonder hierdie groep opponerende engele, wie deur MY GENADE toegerus was met die hoogste kwaliteite van MY LIEFDE, sou MY EERSGESKAPE GEES SATANA nooit daarin geslaag het om 'n Teenpool vir MY ALMAG te word nie.

89 Terwyl Ek besig was met die skep van die materiële wêreld, na die val van MY EERSGESKAPE GEES SATANA van MY Hemele, met haar hele Teenpoolskepping, het EK DIE MEESTER hierdie ondermynende groep van voormalige engele van MY KONINKRYK, nie net met al die vernaamste kenmerke van MY GENADEGAWES, insluitend hul menslike kleed, gelaat nie, maar hulle ook gegradeer volgens hulle rang onder MY eersgeskape Gees as die "uitverkore volk" tussen al die ander nasies op Aarde, want deur die WET VAN SONDE EN VERSOENING moes hierdie groep ook die swaarste las van die skuld van MY EERSGESKAPE GEES deel. Dit is waarom, in MY GENADE, hierdie swaar skuldbelaaide Teenpoolgroep direk deur MYSELF gelei was om hulle in staat te stel om op die kortste manier van die skuldlas wat van die Hemele afgebring is, ontslae te raak, en die

pad huiswaarts te vind na MY KONINKRYK VAN SUIWER LIEFDE; wat hulle nie aanskou het nie, selfs nie toe hulle nog 'n groep engele in die suiwer gesigskring van die HEILIGE GEES was nie. Sonder daardie hoër rang van "uitverkore volk" onder die nasies op die Aarde, sou hierdie Teenpoolgroep onder MY EERSGESKAPE GEES, as gevolg van die skuld wat op die hals gehaal was in die Hemele, nooit die pad terug na die verbeurde hemelse huis kon vind nie, maar sou volkome verbrysel gewees het onder hul skuldlas.

90 So het EK DIE MEESTER MYSELF in MY BARMHARTIGHEID onthul aan hierdie "uitverkore volk", eers as die WARE UNIEKE ELOHIM VAN HEMEL EN AARDE, en hulle deur MY Profete gelei in waarlik eindelose geduld, ten einde hulle skuldlas te verlig en om hulle deur beproewings te help om al hul swakhede te bemeester, om sodoende nie meer te struikel onder versoekings voor MY DIE MEESTER nie; om daardie rede het EK DIE MEESTER in MY grootste DAAD VAN BARMHARTIGHEID, vlees aangeneem in hierdie volk as hulle VERLOSSER EN MESSIAS.

91 Daarom kon die verlossing van die Oersonde van al die gevalle geeste deur MY JAHSHUA-BLOED, saamgeval het met die verlossing van die skuld van hierdie "uitverkore volk", as hulle MY maar net herken het, hulle ELOHIM in JAHSHUA DIE GESALFDE, in plaas van om MY aan die Kruis vas te spyker; Meer nog, MY EERSGESKAPE GEES en Teenpool, die eens hemelse gids en verleier van MY "uitverkore volk", sou onmiddellik ontneem gewees het van haar krag en sou haarself moes onderwerp in MY LIG tot haar ELOHIM EN SKEPPER, en haar Teenpoolmag sou beëindig gewees het.

92 MY "uitverkore volk" sou nooit verstrooi geword het as hulle nie in hul blindheid die verskriklike misdryf op Golgota begaan

het nie; nooit sou daar enige vervolging gewees het van MY dissipels en al die aardse kinders wat in MY geglo het nie; nooit sou MY Teenpool in staat gewees het om rasend teen MY te word nie, hetsy in 'n Herodes, in 'n Kajafas, of in 'n Nero nie. Nie net kon die menslike ras 'n ander rigting ingeslaan het nie, naamlik die een wat lei na die Hemele, maar ook sou die hele Skepping in geheel 'n trap hoër gelig gewees het.

93 Daarom kan hierdie "uitverkore volk" niemand behalwe hulself blameer vir hul tragiese lot onder die nasies van hierdie Aarde nie, net soos wat elkeen homself behoort te blameer vir sy lot as hy MY nie herken en erken as ELOHIM DIE MEESTER en MY nie wil volg nie.

94 Tog kan geen volk op Aarde meerderwaardigheid eis oor hierdie "uitverkore volk" deur die inperking van sy reg om te lewe, of deur die ontkenning van sy bestaan nie; want alle nasies en rasse dra in hulself 'n graad van skuld en 'n graad van genade om die pad na MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE EN VOLMAAKTHEID te herwin. Elke skuldige gees van MY Hemele is in 'n ooreenstemmende graad binne 'n volk en `n ras geplaas, waarin hy die beste en die vinnigste verlos sal word van sy skuld. Daar is geen guns voor MY HEILIGE AANGESIG vir enige volk of ras om oor enigiemand anders op hierdie Aarde te heers nie, want voor MY, ELOHIM DIE MEESTER en SKEPPER VAN ALLE LEWE EN DINGE, is almal gelyk en almal is MY KINDERS en dra in hulleself die goddelike vonk van MY ERFENIS, en slegs die MAG VAN MY LIEFDE behoort te gloei in elke mens se hart om te verenig en alles saam te bring in hierdie LIEFDE, maar ook om enige swakheid te oorkom met hierdie LIEFDE, om so 'n ware HEMEL OP AARDE te laat plaasvind.

## Take van Verlossing van die Huwelik

95 Kinders van MY LIEFDE, wend nou julle oë na binne, op sterkte van hierdie openbaring en herken dat daar ander redes is vir al die lyding op hierdie Aarde, as daardie valse redes wat deur julle intellek opgedis word, en vra julleself nou af wat julle kan doen om die oorsake van skuld deur bewustelike en aktiewe LIEFDE uit te wis, sodat die mensdom kan vorder na 'n nuwe ware tydperk van lewe.

96 Na al hierdie openbaringe behoort dit vir julle helder duidelik te wees wat elkeen van julle kan doen – afgesien daarvan watter argumente julle intellek ookal opgeroep het en wat slegs verwoesting voorspel vir julle– om so die GAWE VAN GENADE VAN JULLE ELOHIM EN SY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE vir julle volwassewording en opstanding in die LIEFDE korrek te begryp: DIE HUWELIK.

97 Want die huwelik is nie aan julle gegee deur julle ELOHIM EN HEMELSE VADER, vir die onthalwe van wellus nie, maar om te groei IN MY BEELD EN GELYKENIS. Meer nog, die huwelik is aan julle gegee om by te dra tot die redding van alles wat van MY Hemele in die diepte van die hel geval het deur hul eie skuld. Daarbenewens is die huwelik bedoel om vlees te gee aan 'n ewiglewendige siel, waardeur julle die skuldige geeste van die Hemele kan help om omhoog te styg na DIE WARE KONINKRYK VAN DIE LEWE.

98 Derhalwe, deur die diepste rede van MY LIEFDE EN GENADE, is die huwelik inderdaad iets heilig, die huwelik is oorheilig vir hulle wie dit korrek verstaan en dit uitleef volgens MY HEILIGE WIL. Tog sal elkeen wie dit ontheilig, deur dit in die modder van sonde te trek, nie net nog 'n skuldlas oor homself bring nie, maar deur die duiwelse aspekte van sondigheid sal hy MY Teenpool dien, wat hom in absolute duisternis van die lewe wil

werp.

99 Deur 'n ware en volmaakte huwelik te lei, ignoreer julle nie net die eienskappe van MY Teenpool nie, maar help julle ook om haar te verlos, want sy het `n houvas op elke swakheid van die menslike liggaam en siel, om laasgenoemde aan haar te onderwerp in die dwangbaadjie van die vlees en dus van die dood. Begin dus, o mensekinders, om uit te styg bo die materie en die dood deur dit te volg wat nou aan julle geopenbaar sal word vir julle ewige redding aangaande die HEILIGE HUWELIK deur MY EWIGEDURENDE LIEFDE.

## Die Heilige Basiese Voorvereistes vir 'n Heilige Huwelik

100 Die begin van 'n ware huwelik, soos geheilig voor MY ELOHIM DIE MEESTER, het nie nodig om te wag tot die tyd van die huwelik nie, maar vind plaas sodra die vleesgeworde siel bewus geword het, deur MY GEESTELIKE ERFENIS daarin, van haar roeping om op te staan en haarself te vervolmaak. Tog is hierdie oomblik nog steeds te flou om die siel te forseer op die weë van MY HEILIGE GEES. Dit is soos wanneer 'n hemelse gees wat pas van MY uitgegaan het en in haar eie toegeruste vrye wil moet besluit of sy MY bo alles sal liefhê en MY in absolute gehoorsaamheid sal volg, of om haar eie weë te volg, soos wat EK alreeds aan julle geopenbaar het.

101 Hierdie oomblik vind plaas volgens MY HEILIGE WIL, in elke siel, hetsy manlik of vroulik, maar die oomblik van hierdie gebeurtenis hang af van so baie gebeure in die siel dat dit nie hier gedemonstreer kan word nie: Al wat gesê kan word, is dat dit volgens MY GODDELIKE ORDE op die regte tyd sal gebeur. Daarom kan geen siel argumenteer dat MY HEILIGE HAND nooit gereed was om haar te help in haar vordering of haar bekering

nie.

102 Nou is hierdie NUWE BYBEL VAN MY bedoel om aan hierdie oomblik van ontwaking nie net 'n groter impak op die siel te verleen nie, maar meer om 'n tweede kans vir die siel se redding te wees vir ingeval die siel dit die eerste keer gemis het. Daarom word 'n spesiale GENADE na julle aardse kinders uitgestrek, juis in hierdie tye van buitensporige verkeerdhede tussen mans en vroue, om julle te red van die val in die dieptes van MY Teenpool en om julle te lei op die hoogvliegende weë van die ware huwelik.

103 Hoe gouer hierdie oomblik aanbreek vir 'n siel, hoe beter, aangesien sy dan al hoe gouer die HEILIGE WEË sal volg wat sal lei tot 'n ware en volmaakte huwelikslewe en op hierdie wyse 'n smartlike lot op Aarde ontkom. As 'n siel egter alreeds die verkeerde rigting geneem het voordat hierdie oomblik ontstaan, waarvan die omstandighede altyd MY HEILIGE WIL is, ter wille van die siel se eie volwassewording, is dit nie te laat vir alles nie en MY LEIDENDE HAND kan nog steeds aangegryp word. Dit is veral nou die geval in hierdie tyd, wanneer, DEUR MY TERUGKEER NA DIE AARDE IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, MIRIAM, MY HEILIGE ARM in enige situasie aangegryp kan word.

104 Oordink dus, MY kinders van hierdie Aarde, met alle erns oor dit wat alles hier geopenbaar, bekendgemaak en aan julle geleer word, sodat hierdie werklik heilige oomblik julle kan deurtrek met die volheid van MY LIEFDE om julle te verander - hetsy manlik of vroulik - in ware dissipels van JULLE ELOHIM EN MEESTER IN SY HEILIGE LIGSIRKEL VAN HEMEL EN AARDE, sodat die NUWE JERUSALEM op Aarde gebou kan word, waar 'n ware heilige huwelik geleef sal kan word.

105 Die ongetroudes wat hierdie oomblik in hul siel ervaar, sal

MY GENADE verkry deur gelei te word tot 'n ware en volmaakte getroude lewe, met dien verstande dat hulle gereed is om MY HEILIGE WIL te vervul in alles wat neergelê is in hierdie NUWE BYBEL. So 'n huwelikstaat sal geheilig word voor MY ELOHIM DIE MEESTER, en sal 'n JAHSHUA-MIRIAM-HUWELIK genoem word.

106 Aan die ander kant, as die oomblik in 'n getroude siel aanbreek, sal sy MY GENADE verkry deur haar eenheid te verhoog tot die toestand van ware huwelik voor MY HEILIGE AANGESIG.

107 Wie alreeds 'n ongelukkige huwelik beleef wanneer hierdie oomblik van GENADE sy/haar siel sal tref, hierdie siel sal net so deel in MY GENADE insoverre dat die voorwaardes van getroude lewe verander sal word, op voorwaarde dat hy/sy bereid sal wees om sy/haar gade in alle dinge te vergewe en absoluut gehoorsaam te wees, deur te doen wat verwag word van MY HEILIGE WIL en wat in hierdie NUWE BYBEL geskryf is.

108 Wie die bande van die huwelik deur egskeiding verbreek het, mag nietemin in sy siel getref word deur hierdie oomblik van GENADE deur MY GENADE, om sodoende gelei te word tot die beste van sy geestelike belange volgens MY HEILIGE WIL.

109 Laastens, selfs al daardie siele wat nog steeds heeltemal verdwaal is en op die paaie van die helse sondes was, kan steeds getref word deur hierdie oomblik van GENADE, insoverre hulle bereid sal wees om hul oë opwaarts te wend na MY DIE MEESTER IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE en om so 'n nuwe lewe te begin sonder om terug te val, al is dit net vir 'n enkele gedagte in hul ou foute en sondes.

110 Niemand is dus uitgelaat van MY allesomhelsende JAHSHUA-MIRIAM LIEFDE nie; almal kan gelei en gered word en

die hele Aarde kan gesuiwer word vir die NUWE JERUSALEM wat, volgens MY HEILIGE PLAN VAN DIE SKEPPING, gereed is om 'n werklikheid te word op hierdie Aarde van verlossing. Dink, kinders van die Aarde, oor wat dit beteken, besef in watter TYD VAN GENADE julle woon en wat gedoen word vir julle deur JULLE HEMELSE VADER VAN EWIGE LIEFDE in SY BARMHARTIGHEID!

111 Daar behoort dus net een ding te wees wat vir julle saak maak, naamlik om met heilige erns hierdie HEILIGE GEBOOIE aan te neem vir 'n ware huwelikslewe wat geseën en geheilig is deur MY, en om beslis weg te draai van alles wat die sondige wêreld van MY Teenpool nog probeer inprent in julle gedagtes.

## Die eerste Gebod vir `n Ware Geheiligde Huwelik

112 DIE EERSTE GEBOD vir 'n ware geheiligde huwelik volgens MY HEILIGE WIL stel vir elke siel, hetsy manlik of vroulik, vas:

113 Reinig julle gedagtes met MY JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE van alle heersende of stygende smerigheid van helse eieliefde, wat niks anders as haarself ken nie, en soek slegs selfbevrediging en nie kieskeurig is oor middele om die maat se liggaam en siel te onderwerp nie, nie eers die weerhouding van onsedelike aanranding, indien nodig nie.

114 Wend jou gesuiwerde gedagtes omhoog tot MY, ELOHIM DIE MEESTER, die vir ewig VOLMAAKTE, en hunker slegs na een ding: Om volmaak te word soos wat EKSELF is, waarna EK jou sal vul met die HEILIGE BALSEM VAN MY HEMELSE VOLMAAKTHEID om so jou gedagtes te bestendig, sodat hulle maar net vervulling wil geniet in die saligheid van hierdie ewige volmaaktheid; dit sal jou siel suiwer en stralend maak, sodat MY HEILIGE GEES gemaklik kan voel daarin en haar totaal kan

deurtrek en haar vul om haar wedergeboorte in MY HEILIGE GEES VAN EWIGE LIEFDE EN VOLMAAKTHEID te laat plaasvind.

115 Julle kan verseker wees, o, manlike of vroulike siel: Julle gedagtes is die aanvanklike vorme van die toestand van julle siel; pas dus op om onsuiwer, of nog erger, helse denkskemas in die wêreld in te projekteer. Want kyk: Alles wat julle omring en alle herlewende boosheid van hierdie wêreld wat julle omgewe, poog om mag oor julle te kry, en dit alles is maar uitgedrukte vorme van helse sieletoestande, aangesien alles na sy verwekker terugkeer soos 'n boemerang.

116 Neem daarom ware LIEFDE aan, suiwer LIEFDE, heilige LIEFDE, wat MY JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE is, sodat die denkskemas van hierdie mees heilige LIEFDE alles om julle kan deurdring en na julle kan terugkeer met MY SEËNING, om dus geleidelik alle uitgedrukte vorme van die hel op te los. Want Hemele en hel is selfgeskape toestande van die verstand en die siel.

117 Het EK nie alreeds in hierdie NUWE BYBEL gesê dat Liefde MY OERTOESTAND sedert die ewigheid was nie? Word ook so en skep in julle siel en in haar werksfeer 'n toestand van volmaaktheid van MY LIEFDE, en daardeur sal julle die eerste voorvereiste geskep het vir 'n ware huwelik wat geheilig moet word deur MY.

118 Enigeen kan hierdie eerste gebod vir 'n ware huwelik vervul indien hy/sy ernstig bereid is om 'n ware getroude lewe te lei en om deel te neem in MY GENADE, om sodoende terug te keer na die ware Ewige koninkryk van die lewe, dit is MY Hemele.

## Die tweede Gebod vir `n ware Geheiligde Huwelik

119 Die tweede Gebod vir 'n Ware Geheiligde Huwelik volgens MY HEILIGE WIL volg uit die eerste gebod en is neergelê vir elke siel:

120 Laat MY HEILIGE GEES in julle ten volle effektief ontwikkel deur julle gesuiwerde gedagtes, wat na niks anders behoort te kyk as maar na MY, JULLE ELOHIM EN SKEPPER, MEESTER EN HEMELSE VADER JAHSHUA, WIE in julle wil woon met al die glansrykheid van HOMSELF!

121 Bid met julle gesuiwerde gedagtes voortdurend vir hierdie GENADE van MY, waarna DIE MAG VAN MY LIEFDE van MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE op julle sal neerdaal in alle dinge!

122 Indien jy nog steeds ongetroud is terwyl jy dit deur MY HEILIGE GEES doen, word 'n ander siel met betrekking tot jou wil, volgens MY Orde en MY HEILIGE WIL ingestel tot die vereistes van suiwer ware LIEFDE om jou te ontmoet deur MY reëling, vooropgestel dat jy gehoorsaam is in al die gebooie hier aan jou uiteengesit, en dat jy al die toetse ondergaan en geslaag het vir `n ware volmaakte huwelik geheilig deur MY, en wat 'n terugval in die sfeer van die sondigheid van MY Teenpool uitskakel.

123 Daarom, geliefde siel, hoef jy nie te soek vir `n gepaste siel vir `n ware geheiligde huwelik nie; want nou sien jy net wat aanvaarbaar lyk volgens die huidige toestand van jou siel, met haar nog bestaande aspekte wat nie kan bestaan voor MY nie; tog sien EK JAHWEH EN MEESTER VAN ALLE SIELE 'n siel op 'n wyse waarop julle haar nie kan sien nie, en EK weet waartoe 'n siel in staat is, en of sy jou ware nakoming, aanvulling en ware geluk kan bring!

124 Daarom vertrou MY, JOU ELOHIM, SKEPPER EN HEMELSE VADER, WIE jou sal lei indien dit jou wil is; werp al jou laste op MY en reik jou hand uit na MY in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE; dan sal jy die HEILIGE POORTE VAN MY HEMELE bereik!

125 Fokus die hele tyd net op een ding: Hoe om 'n TEMPEL VAN MY HEILIGE GEES te word; en oorkom deur MY KRAG alles in jou wat nie hoort in hierdie tempel nie, en dan sal die tyd aanbreek wanneer EK DIE MEESTER in jou woning sal maak en sal die siel na jou toe lei na wie jy so lank verlang het en met wie jy 'n TEMPEL VAN MY HEILIGE GEES sal word!

126 Laat niks jou aandag aflei van hierdie doel nie, om watter rede ookal, selfs al lyk dit of MY belofte nie bereikbaar is nie; onthou dat hoe langer EK MY kinders beproef, hoe groter sal MY GENADE wees!

127 Net soos wat EK DIE MEESTER op wonderlike wyse op die korrekte tyd reël vir 'n sielsmaat vir elke aardse kind wat bereid is om MY vir hom te laat bestuur, so is EK ook bereid om elkeen van julle wat reeds `n huwelik op sy eie gesluit het, te lei, met dien verstande dat hy tot MY bid met 'n nederige en opregte hart. Want ware geluk wag nog steeds vir julle deur die genadige LIEFDE VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER IN SY MOEDER VAN WELEER. Daarom roep HAAR, WIE julle MOEDER VAN VERLOSSING is, in julle daaglikse gebede en EK DIE MEESTER sal met julle wees in HAAR, as julle gebed uit die diepte van julle hart kom en beier met die gloeiende begeerte om 'n TEMPEL VAN MY HEILIGE GEES te word.

128 'n Wonder kan dan plaasvind deurdat die BALSEM VAN DIE LIEFDE VAN JULLE MOEDER VAN VERLOSSING, MIRIAM, die harte byeenvoeg wat uiteengeskeur het, en sal heilige vrede versprei waar hel tot nou toe gewoed het, terwyl VERLOSSENDE

LIEFDE alles sal oplos wat taai en hard geword het; want HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE in Haar hemelse ywer, kan selfs die hardste hart transformeer tot 'n ware hart vol van LIG EN LIEFDE vanuit MY.

129 Een ding is egter verpligtend daarvoor: Wend julle oë onwrikbaar na MY, ELOHIM DIE MEESTER, en kyk nie langer na die aanloklike wêreld van MY Teenpool, wat nie bedoel is om julle langer in haar kloue vas te hou nie, want sy bring julle net ellende en hartseer en klou aan julle met so 'n onderdrukkende las, dat julle nooit MY Hemele daarmee sou bereik nie!

130 MY GENADE woon met julle, indien en wanneer julle julle huwelik in 'n TEMPEL VAN MY HEILIGE GEES wil omskep, maar julle moet eers bereid wees om met al julle mag te begin!

## Die Derde Gebod vir `n Ware Geheiligde Huwelik

131 DIE DERDE GEBOD vir 'n ware geheiligde huwelik volgens MY HEILIGE WIL volg uit beide die eerste en die tweede: Vir 'n ware suiwer LIEFDE van volmaaktheid met haar begeerte om 'n TEMPEL VAN MY HEILIGE GEES te word, vereis die vurige Heilige wilskrag om dit met alle mag te bereik en mag nie langer huiwer of iets anders begeer as die HEILIGE DOEL nie; dit is om 'n VOLMAAKTE HUWELIK so gou as moontlik te bereik, sodat nie 'n enkele dag op Aarde vermors word en as die wins van MY Teenpool verkwis word nie.

132 Ruk dus julle hart reg, MY aardse kinders wie so vas in die boeie van MY Teenpool vasgevang is, ja byna hopeloos in so baie gevalle; ruk julleself reg deur MY HEILIGE STEM gedurigdeur in julle hart te beweeg! Daardeur sal julle versterk word in die HEILIGE WILSKRAG om die eerste twee gebooie na te kom vir 'n ware geheiligde huwelik.

133 Laat MY HEILIGE WIL gloeiend in julle word as julle eie wilskrag, gefokus op niks anders as die bereiking van volmaaktheid nie, en om die vurigste, onderlinge LIEFDE en 'n TEMPEL VAN MY HEILIGE GEES te word!

134 Hierdie WIL van MY in jouself moet uitdrukking vind daarin dat jy nie langer daarteen sal optree nie. En dit beteken om nie meer terug te val in enige swakheid nie. Maar julle het geen idee wat swakheid in die aangesig van JULLE ELOHIM EN MAKER is, of hoe om dit raak te sien nie!

135 Die maklikste identifisering van enige swakheid wat in 'n siel kan opkom, is om jouself af te vra: MY ELOHIM EN MEESTER IN JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, WIE ook SY HEILIGE BLOED vergiet het vir MY, sou HY in my plek opgetree het soos wat ek dikwels in my blindheid opgetree het, en sal HY nou optree op die wyse wat ek nou van plan is om te doen? Die antwoord in jou hart sal sekerlik onmiskenbaar duidelik wees!

136 En as julle verder vra: Sou MY MOEDER VAN VERLOSSING, DIE MOEDER VAN DIE MEESTER, in my plek optree soos wat ek so dikwels gedoen het? Sou SY, ELOHIM SE HEILIGE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE optree, selfs net met 'n vae gedagte, op die wyse waarop ek, 'n sondige aardse kind, steeds geneig is om te doen? Kan die antwoord in jou hart ooit enigsins afwyk van wat reg en geskik is voor MY HEILIGE AANGESIG?

137 Met hierdie wenk het julle, Kinders van MY LIEFDE, die maklikste resep hoe om julleself te beskerm teen die val in enige swakheid en hoe om vas te hou in die HEILIGE WIL om nooit weer te sondig nie, hetsy in woord of in daad. Want as jy jouself hierdie vrae vra in enige ongemaklike situasie of versoeking, sal EK DIE MEESTER onmiddellik optree deur MY

HEILIGE GEES binne-in jou hart, deur in te fluister wat reg is voor MY HEILIGE AANGESIG en, vir jou welsyn en geluk, jou in staat sal stel om al die probleme wat jy mag teëkom, te oorwin en jou daardeur stap vir stap ophef na MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID.

138 So sal op julle manlike siele neerdaal - as julle opreg begeer om 'n Nuwe Aarde te skep met 'n Nuwe Mensdom, MY HEILIGE WIL wat sal verhoed dat julle voortplantingskrag uit MY vir nuwe potensiële lewe, ewiglik vermors word in die riole van voorhuwelikse- of buite-egtelike sondigheid, want hierdie voortplantingskrag is heilig en was nog nooit aan 'n siel gegee om as `n vlietende vervoering en 'n ontugtige sondigheid te dien nie!

139 Ook julle, vroulike siele, as julle soos hierbo aangedui vra, en met 'n suiwer hart MY WONDERLIKE LEIDING wil hê, sal julle ook so gevul word met die HEILIGE WIL vanuit MY om 'n HEILIGE HOUER vir MY EWIGE VOORTPLANTINGSLIEFDE te word.

140 EK DIE MEESTER het hierdie gebooie vir 'n heilige huwelik ingestel op die basiese beginsel waarby die ware huwelik nie hoef te wag vir sy formele sluiting om te begin nie. Trouens het dit reeds begin met 'n siel se heilige vasberadenheid, nadat sy bewus geword het van haar Goddelike erfenis om na volmaaktheid te streef, met haar tweeledige komplement wat nog saamgevoeg moet word, deur MY, DIE EWIGE MEESTER VAN ALLE SIELE.

141 Dit beteken baie duidelik dat 'n siel wat na so 'n volmaaktheid streef, reeds geestelik getroud is met die sielsvennoot wat deur MY gekies is voor sy hom of haar eers gesien het! Hierdie suiwer geestelike eg het volle vertroue en onwrikbare geloof in MY, HULLE MAKER EN HEMELSE VADER,

waardeur volmaakte saligheid slegs direk uit MY HANDE kan kom; so 'n houding sal van die begin af so 'n geestelik gekontrakteerde huwelik seën, veral as al die gebooie vir 'n heilige eenheid nageleef en vervul word.

142 Vanaf sy ontstaan sal so 'n geestelik gekontrakteerde huwelik absoluut in getrouheid wees. 'n Siel volwasse genoeg vir 'n geestelike eenheid sal haar vennoot se siel met haar geestelike oë sien en reeds onwankelbaar saam met hom of haar lewe, haar visualiseer en in die hart verlang na volmaaktheid en eenwording met die sielsvennoot deur MY verleen, om so tesame 'n TEMPEL VAN MY HEILIGE GEES te vorm! Dit sal bereik word in elke siel wat volwasse is vir 'n geestelike eenheid, hetsy manlik of vroulik.

143 Aangesien tydens so 'n volwassewording van 'n siel, haar gedagtes gesuiwer is kragtens die eerste gebod vir 'n ware, geheiligde huwelik, word selfs die idee van ontrouheid ondenkbaar; egtelike getrouheid is uit die staanspoor van die geestelik gekontrakteerde eenheid die mees klaarblyklike fondament van 'n ware huwelik wat deur MY geheilig is en kan nie meer daarna tydens die wettige eg ontheilig word deur enige vorm van ontrouheid nie.

144 EK DIE MEESTER sê: Inderdaad is die sogenaamde "owerspelige liefdesverhoudings" wat so wyd geduld word in julle wêreld, duiwelstrikke wat deur MY Teenpool ingestel is vir daardie moedswillige siele vir wie niks heilig is nie, nie hulle gade nie, nóg MY HEILIGE WOORD!

145 Die vermoë om die geestelik gekontrakteerde eenheid in reinheid en heiligheid te lewe, selfs voordat EK DIE MEESTER die gekose siele byeengebring het, word toegestaan deur MY deur MY HEILIGE GEES vir wie ookal daarna streef en MY smeek om aan hom of haar so 'n hemelse eenheid te skenk. Beide

manlike en vroulike siele kan maklik op daardie stadium getrou bly aan mekaar, op grond van hul geestelike binding, voor die tande van hierdie wêreld se sterk versoekings; as hul agting ingestel is op MY, ELOHIM, SKEPPER EN HEMELSE VADER WIE na hierdie wêreld in SY HART SE OERGRONDPOOL MIRIAM teruggekgeer het, want alle kragte van Suiwer denke bring waarlik suwer geseënde vrugte voort.. –

## Redding word gemobiliseer om alles te oorwin wat die hel en sy riole van sonde dien

146 MY GENADE-begaafde huwelik, met die oog op die siel se wedergeboorte in MY HEILIGE GEES, kan nie vroeg genoeg geheilig word sodat al `n siel se kragte voldoende kan groei en ontwikkel binne `n ware, geheiligde huwelik nie, om sodoende haar eie deeltjies op te los wat eens van MY Hemele geval het en nou gebonde is aan die wêreld van MY Teenpool; onthou dat EK DIE MEESTER reeds daarop gewys het dat die gebied van die siel lê tussen die gevalle Gees wat eens vanuit MY voortgekom het en MY HEILIGE GEES VAN VOLMAAKTHEID.

147 Dus sal 'n siel, selfs al is sy vasgevang in haar liggaam, nie meer in die diepte van MY Teenpool ingetrek word nie, maar behou MY HEILIGE GEES in MY HEILIGE VONK binne-in haarself, opgesluit in 'n soort van `n tronk, opgemaak deur haar gevalle en gebonde eienskappe, inteendeel, sy sal nie net die gees binne haarself bevry nie, maar haarself ook oorgee om saam die vlug opwaarts na MY toe te begin, na MY VADERLIKE HART.

148 Nou kan julle sien, KINDERS VAN MY LIEFDE, dat 'n heiligmaking in die huwelik moontlik is en wat die eintlike doel is. Julle sal ook geleidelik besef hoe, deur die regte begrip van die huwelik as 'n kosbare GAWE VAN GENADE VAN JULLE ELOHIM, die mensdom en die hele Aarde verander kan word,

en waarom hierdie NUWE BYBEL waarlik julle heilige ANKER VAN VERLOSSING is om julle te red vanuit die blinde wêreld waarin julle leef.

149 Want as die huwelik in die volste onderwerping aan MY geleef word, deur gesuiwerde denke en 'n wilskrag wat gefokus is op volmaaktheid, sal sy vrugte waarlik in alle opsigte geseënd wees, geestelik, sielkundig en aards.

150 Steeds meer as gedagtes, sal optrede in die huwelik `n vername invloed op lewensverwekking hê.

151 Aan die ander kant sal 'n getroude lewe in die begeerlikheid van die vlees en sonder die gedagtes van suiwer Liefde gefokus op MY, maar net die vrugte van begeerte dra, in hul materiële lewe verwoed in hul losbandigheid vermeerder, net soos skadelike bakterieë.

152 Daarom hoef julle nie in die minste te wonder oor die hedendaagse mensdom wie se boosheid daagliks besig is om oral meer waarneembaar te word, en wat die Oordeel bewerk deur hul eie werke nie. En elke getroude paartjie wat toegee aan die versoekings en genietinge van hierdie Teenpoolwêreld, sal die roes van goedheid en waarheid, heiligheid en goddelikheid versnel, dienend as 'n selfvoldane instrument in die hande van MY Teenpool.

153 Daarom moet hierdie NUWE BYBEL, as die HEILIGE ANKER VAN VERLOSSING uit die moeras en duister van hierdie wêreld, DIE HEILIGE BYBEL vir alle mense word en veral DIE BYBEL VAN ELKE HUWELIK, as daar nog tyd is om die ergste van hierdie mensdom af te weer.

154 Met dien verstande dat die wilskrag van beide manlike en vroulike siele gefokus bly op MY, die ewig VOLMAAKTE SKEPPER, soos uitgewys in die eerste drie gebooie, kan die ergste van die onvermydelike Oordeel steeds vermy word en

alle lewe in die volmaakte rigting gekanaliseer word, dit is na MY DIE SKEPPER.

155 Daarom doen EK DIE MEESTER EN DIE SKEPPER van julle gees en siel, 'n beroep op julle: Begin julle wilskrag op MY fokus en heilig dit deur die vervulling van MY GEBOOIE, en MY SEEN sal op julle wees in alle dinge!

156 Vir julle, jong manlike en vroulike siele, los die versoekinge van die vleeslike lewe in die slykagtige riole van MY Teenpool en onthou in alle omstandighede wat EK DIE MEESTER julle hier in MY NUWE BYBEL geleer het!

157 En ook julle, mensekinders, wie die huwelik onbesonne ingegaan het, sonder om ooit te gevra het aangaande die ewige en heilige doel van die huwelik, laat alles staan wat maar net die vreugde van die vlees is, en wat geen vreugde van ware, ewige en heilige LIEFDE kan bring nie!

158 DIE HEILIGHEID VAN DIE LEWE met sy ware saligheid in hart en siel is nog steeds beskikbaar vir julle almal, en dit is nooit te laat om die verloop van 'n mens se huwelik te verander, vanaf die rigting van die hel na die van MY Hemele reeds hier benede nie. Want EK DIE MEESTER sal talle GENADEGAWES gee aan wie ookal sal begin om sy hand uit te reik na MY, en daar sal oorvloed vloei na wie ookal voldoen aan MY ALLEEN HEILIGE EN VOLMAAKTE WIL.

159 Deur die vervulling van MY HEILIGE WIL, maak julle dit dus jul eie en julle sal gou agterkom dat julle die velde van die egte saligheid en ware geluk sal bereik.

160 Sommige direkte wenke kan deur MY bygevoeg word aan wie dit ookal aanvullend nodig het by die eerste drie gebooie vir 'n ware geheiligde huwelik, maar laat ons intussen gaan na die volgende noodsaaklike gebod wat lui:

## Die vierde Gebod vir `n Ware Geheiligde Huwelik

161 DIE VIERDE GEBOD van die ELOHIM-georiënteerde Orde vir 'n ware geheiligde huwelik volgens MY HEILIGE WIL.

162 Sonder die wet van MY GODDELIKE ORDE werkend en behoudend waar julle ookal kyk, kan niks op die langtermyn voortbestaan of verder en hoër ontwikkel nie; op soortgelyke wyse kan LIEFDE nie geleef word sonder WYSHEID, sonder die HEILIGE WIL of sonder die HEILIGE ORDE nie.

163 Die uitstaande beginsel van MY HEILIGE ORDE met betrekking tot `n ware, geheiligde huwelik dateer vanaf die allereerste begin van die menslike ras, toe EK JAHWEH

een menslike paar

een egpaar

uit een vlees, een siel en een gees gemaak het, wie in gehoorsaamheid en met verwysing na MY, nie deur hul inkarnasie net hier was om weer tot een siel en een gees saam te smelt deur middel van 'n ware huwelik nie, maar ook om deur hulle gehoorsaamheid aan MY, 'n gelykenis van MY HEILIGE DRIE-EENHEID te word deur MY DIE SKEPPER in te sluit in die heilige verenigde gemeenskap van die huwelik, om daardeur deel te neem in die oorvloedigheid van MY ONUITPUTLIKE GENADEGAWES.

164 Die Paradys op Aarde was bedoel om voort te kom deur die heilige kreatiewe beginsel van MY DRIE-EENHEID te verplaas na die aardse vlak om so verlossing op die eenvoudigste manier te bereik van die Val van weleer vanuit MY Hemele, want deur gehoorsaamheid, wat die kern van LIEFDE is en wat MY ALLEEN HEILIGE EN VOLMAAKTE WIL vervul, die Edense eenheid van die eerste menslike paar, sou die begin van heilige, verlossende egtelike eenhede vir die volgende geslagte van die menslike ras

gewees het. Die huwelike van die mensekinders sou verlossende huwelike gewees het in 'n voortdurende paradys op Aarde - die Hemele op Aarde - deur hulle ELOHIM, SKEPPER EN HEMELSE VADER altyd teenwoordig te hê, wat die trekke van moedswilligheid wat die Val van die Geeste van die Hemele veroorsaak het, geleidelik in die mees liefdevolle, doeltreffende en heilige manier op te los. Paradys sou 'n hemelse en voortplantende bestendigheid op Aarde geword het, tot die effek dat hierdie "Ster van verlossing" baie gou sy doel sou vervul het, dit is om daarin te slaag om die hele gevalle wêreld terug te bring na MY Hemele.

165 Wel, soos julle weet, het die ongehoorsaamheid van die eerste menslike egpaar hul skorsing uit die Paradys tot gevolg gehad deur hul eie skuld, wat gelykstaande was aan die onwilligheid van ELOHIM, DIE EWIGE VOLMAAKTE om 'n nuwe tydperk van verlossing te begin of 'n nuwe mensdom te maak met ongehoorsame mense, sodat die gevolge van ongehoorsaamheid altyd aanvaar sal moet word, hoe bitter dit ookal is. Dit is ELOHIM SE GEREGTIGHEID, soos geopenbaar in die onpartydige WET VAN SONDE EN VERSOENING, die wet wat moet verhoed dat MY Skepping in onvolmaaktheid sal vasval.

166 Niemand mag ooit kla oor sy onregverdige lyding vir die ongehoorsaamheid veroorsaak deur die val van die eerste menslike paartjie nie; want julle ELOHIM EN SKEPPER is heilig, vir ewig heilig deur SY EWIGE VOLMAAKTHEID, terwyl onreg 'n eienskap is wat nooit binne VOLMAAKTHEID gevind kan word nie, selfs nie eers 'n spoor nie!

167 Tog, in die eerste mense wat toegerus was met `n vrye wil, met al die trekke van eiewil en moedswilligheid, dieselfde wat voorheen tot die eerste afvalligheid gelei het en die Val vanuit MY Hemele veroorsaak het, was 'n opstapeling van al die

onderskeie trekke van alle gevalle geeste, dit is die gevalle kinders van MY VADERLIKE HART, waartoe jy, leser van hierdie reëls, ook behoort!

168 Daarom, deur MY HEILIGE WIL, moes die eerste man op Aarde wat met 'n vrye wil toegerus was, gekonfronteer word met 'n eerste gehoorsaamheidstoets om sy vermoë te toets, om in 'n Paradys te lewe wat afgebring is na hierdie Aarde, as 'n gehoorsame kind in die lewende gemeenskap van sy metgesel wat gemaak was uit sy eie liggaam, siel en gees, - die vrou -, en om te bewys dat DIE GENADE VAN 'N LEWE onder die MY bestendige beskerming, erken was en MY HEILIGE WIL vervul is deur deel te neem aan MY EWIGE LIEFDE.

169 Julle mense van hierdie tyd beleef nou, op sterkte van MY NUWE BYBEL, 'n OOMBLIK VAN GENADE soortgelyk aan dié van weleer, toe Adam en Eva, die eerste getroude paartjie op Aarde, in die Paradys was; nou moet julle bewys of julle ernstig is omtrent julle bydrae om deur MY HEILIGE WIL 'n nuwe mensdom op Aarde te bewerk, en of julle bereid is om weereens MY GENADE te verloor, soos tydens die eerste keer, met die somber vooruitsig om onder die wiele van Oordeel te beland.

170 Maar dinge is vir julle makliker as vir die eerste menslike paartjie; want EK DIE MEESTER, deur middel van MY AARDSE LEWE IN JAHSHUA DIE GESALFDE en MY DOOD AAN DIE KRUIS VAN GOLGOTA, het julle Oersonde uitgewis wat gelei het tot die Val van MY Hemele, om sodoende die swaarste skuldlas van julle af te neem, sodat julle net een ding moet doen, naamlik om julle volgende sondes op te los deur die vervulling van MY HEILIGE WIL in 'n ware, geheiligde huwelik, en om met MY GENADE EN BARMHARTIGE HULP, daardie paradys op Aarde te skep waaruit die eerste getroude paartjie geskors moes word,

as gevolg van hulle ongehoorsaamheid.

171 MY HEILIGE LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE en hierdie NUWE BYBEL VAN MY GENADE is hierdie hulp wat julle in staat sal stel om so maklik en so vinnig as moontlik hierdie doel van die Paradys op Aarde te bereik.

172 Begin nou met 'n ware huwelik wat deur MY geheilig word vir sover hierdie GEBOOIE VAN MY LIEFDE EN GENADE vervul sal word. EK DIE MEESTER het die basiese beginsel van MY ORDE vir julle duidelik gemaak, naamlik dat `n ware, geheiligde huwelik slegs monogame kan wees. Dit is waar dat hierdie beginsel ingesluit is in die wetgewing van die sogenaamde Christelike nasies, maar julle weet maar al te goed deur ervaring wat die werklike situasie in hierdie verband is; julle laat nie eens blyk om op die verdediging te wees teen die strikke waarin MY Teenpool julle so styf vasgevang het, dat die basiese beginsel van MY HEILIGE ORDE aangaande ware, geheiligde huwelik, dit is monogamie deur MY HEILIGE WIL, op die punt is om heeltemal weggekalwe te word deur julle misdade, o mensdom van hierdie tyd!

173 Alles wat vanuit MY, JULLE ELOHIM EN SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE uitgegaan het, is volmaak, en alles wat sal voortkom uit of deur MY, sal vir ewig volmaak wees.

174 Wanneer hierdie EWIGE HEILIGE WAARHEID toegepas word op julle, o mensekinders, en in julle getroude lewe, moet dit vir julle tuisbring dat die volmaakte orde van die huwelik slegs deur MY herkenbaar is, en dat net EK ELOHIM DIE MEESTER aan julle kan openbaar op watter manier julle huwelik regverdig is BINNE MY VOLMAAKTE ORDE.

175 Alhoewel EK reeds `n goeie paar dinge aan julle geopenbaar het in hierdie NUWE BYBEL, met soveel helderheid soos wat nog nooit voorheen op Aarde gebeur het nie, sal EK

steeds meer doen vir julle redding en vir julle terugkeer na MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID.

176 Die feit dat EK DIE MEESTER julle dikwels "MY kinders" en selfs "Kinders van MY Liefde" noem, behoort dit vir julle duidelik te gemaak het dat julle geskape en gebore is deur MY DIE MEESTER. Maar hoe en met wie?

177 Laat EK julle vertel: EK JULLE ELOHIM het julle in MY EWIGE LIEFDE verwek! EK het ook aan julle geopenbaar dat LIEFDE MY EWIGE OERTOESTAND is, dat MY EWIGE LIEFDE ook 'n OERGRONDPOOL het, en dat sonder hierdie OERGRONDPOOL, geen Liefde uit MY VADERLIKE HART kan vloei van ewigheid tot ewigheid nie.

178 EWIGE VOORTPLANTING is alleen moontlik in MY SKEPPING deur die absolute en ewige eenheid van JULLE HEMELSE VADER met SY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, wat vir elke ontwaakte verstand beteken dat JULLE EWIGE HEMELSE VADER in HOMSELF SY rustende en aktiewe "vroulike" deel bevat.

179 Wanneer EK ELOHIM DIE MEESTER - vir Wie alles moontlik is, want LIEFDE EN WYSHEID vorm die mees volmaakte eenheid in MY - MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE buite MYSELF vir 'n gegewe skeppende doeleinde plaas, lei dit tot redding met en deur HAAR, WIE MY ALLERHEILIGSTE IS.

180 Let wel dat EK DIE MEESTER EN SKEPPER, aan die begin van MY Skepping vanuit MY VADERLIKE HART, deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, Geeste soos EK, of eerder soos ONS voortgebring het, wie- langs MY EERSGESKAPE GEES SATANA - geskape is as OER-AARTSENGELE aan die begin van MY GEESTELIKE SKEPPING! Hierdie openbaring gooi 'n nuwe lig op die ou Bybelteks wat skrifverklaarders nog altyd verbyster het.

181 Hierdie Oergeeste, wat MY HOOF OEREIENSKAPPE beliggaam het in `n volmaaktheid soortgelyk aan MYSELF, is as OER-AARTSENGELE die grondpole van MY WIL SE EIENSKAPPE, en lê sodoende die grondslag van MY Skepping vir alle ewigheid.

182 Tog, wou EK DIE MEESTER en EWIGE HEMELSE VADER ook kinders van MY eie hê - KINDERS VAN MY EWIGE LIEFDE - wat uit hul eie vrye wil, en deur hul LIEFDE vir MY, ewebeelde van MYSELF wou word.

183 Daarom, uit MY en MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE het ontelbare kinders in die skepping voortgekom - KINDERS VAN ONS LIEFDE - almal van hulle ENGELE VAN EWIGE LIEFDE. Tog moes elkeen van hierdie KINDERS VAN ONS LIEFDE ontwikkel vanuit sy waarlik aktiewe LIEFDE, tot 'n BEELD EN GELYKENIS VAN MYSELF vir beide van ons en hulle eie vreugde. Dit het gelei dat hulle in gelyke verhouding gegee is, om mekaar te voltooi, die "manlike" beginsel van ELOHIM EN VADER en die "vroulike" beginsel van die ewige voortbrengende OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE. Dit het beteken dat deur voortbrenging, hierdie HEILIGE SKEPPENDE BEGINSELS, MY ONEINDIGE SKEPPING vir ewig sou laat toeneem. Dit is maklik om te begryp dat hierdie proses plaasgevind het, en vir ewig sal aanhou, met die enigste verskil dat dit in MY HEMELSE KONINKRYK VAN DIE EWIGE GEES bereik word op 'n ander wyse as op julle materiële Aarde.

184 Hierdie openbaring toon ook dat MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, terselfdertyd DIE MOEDER IN MY, DIE MOEDER VAN ELOHIM is, - en ook in die huidige tyd JULLE MOEDER VAN VERLOSSING deur MY besluit om deur MY GENADE, MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE op julle Aarde van verlossing te plaas, sodat julle

teruggebring kan word na MY Hemele.

185 EK JAHWEH moes dit alles so duidelik aan julle openbaar sodat julle mensekinders van hierdie tyd, wat so radikaal van MY HEILIGE WIL afgewyk het, die ware, heilige betekenis van julle huwelikseenheid ten volle sal erken en verstaan.

186 Nou kan julle verstaan waarom die ware huwelik slegs geleef en geheilig kan word in `n enkelvoudige huwelik (monogamie), maar nie slegs deur die letter van die wet nie, maar vir ewig in die HEILIGE GEES VAN JULLE ELOHIM EN SKEPPER EN VAN SY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE!

187 Wat reeds in MY Hemele na vore gekom het van MY as wesenlik verskillend, óf "manlike" of "vroulike", en wat sou moes saamsmelt in BEELDE VAN MYSELF, is op julle Aarde as "man en vrou" geplaas; maar DIE VOLMAAKTE BEELD VAN MYSELF kan slegs bereik word deur die EENHEIDSVERBINTENIS as een vlees, een siel en een gees te heilig, en nooit anders nie!

188 Die wil en die verlange vir hierdie prestasie is in elkeen van julle geplaas, geliefde kinders van julle Hemelse Vader, gebore uit SY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE. Wie nie so 'n verlange voel nie, behoort baie dikwels op te kyk na MY, en MY met al sy LIEFDE te smeek om in hom hierdie suiwer begeerte van MY Hemele en hierdie heilige vasberadenheid te laat ontwaak; want hierdie hemelse eienskappe lê slegs in hom geblokkeer as gevolg van vele verskillende redes. In wie hierdie hemelse verlange ookal te sterk, buite die regte verhouding is, sodat hy nie in staat is om homself te beheer nie en dwaal op die paaie van suiwer Liefde, of sy huwelik verbreek ten spyte van plegtige verklarings van goeie bedoelinge of kort daarna, moet weet dat hy in besonder behoefte het aan MY GENADE EN HULP om van hierdie moeilike posisie onthef te word; en vir

hierdie tipe kind moet MY NUWE BYBEL inderdaad sy daaglikse brood word.

189 Daarom moet ware monogame huwelike met sy heilige gevolge die hoogste doel van julle aardse bestaan word, as daar weer lig op die Aarde moet bestaan en 'n menslike ras gebore moet word wat nie meer onderdanig sal wees aan MY Teenpool en haar hel hier onder nie. Selfs die volke op hierdie Aarde wat nie eens die beginsel van die heilige monogamie gewettig het nie, behoort van nou af hulle wette in alle opsigte aan te pas volgens die voorskrifte van hierdie NUWE BYBEL.

190 Baie dinge moet nog waargeneem en vervul word om die volmaakte vlak van monogamie deur MY HEILIGE ORDE te bereik, sodat EK die betrokke huwelik kan heilig.

191 Die jonger geslag mag nou vra, wanneer sal dit die regte tyd vir ons wees om volgens U ORDE te trou? EK DIE MEESTER het reeds gesê dat julle 'n direkte leiding van MY sal kry, insoverre julle daarna sal streef om 'n TEMPEL VAN MY HEILIGE GEES te word. Neem dus MY leiding, wanneer julle julleself ingestel het op hierdie heilige onderneming. Maar neem dadelik kennis daarvan dat dit in teenstelling met MY ORDE sou wees om `n huwelik af te dwing, sonder om die minimum middele van bestaan te hê wat benodig word vir 'n ordentlike lewe op hierdie Aarde van verlossing. Dit is waar dat EK in MY menslike kleed as JAHSHUA DIE GESALFDE eenkeer gesê het dat julle nie bekommerd moet wees oor die dag van môre nie, tog beteken dit nie dat julle moet sit en speel nie; want die geestelike sin van hierdie JAHSHUA-WOORD moet dieper gesoek word, of andersins sou dit die Bybelwoord weerspreek het wat sê dat julle julle brood in die sweet van julle aangesig sal eet.

192 Daarom moet julle manne 'n ambag aanleer, net soos EK

DIE MEESTER in MY aardse lewe gedoen het, en dit beoefen met Liefde en sorg en met bestendige verwysing na MY, ten einde 'n getroude lewe te lei waarin julle werklik geseën sal word; net soos wat julle, o vroue, 'n heilige besorgdheid behoort te hê om alles te leer wat nodig is om 'n sorgsame ma en huisvrou te wees in 'n geseënde huwelik. Indien dit gedoen word, hoef julle inderdaad nie bang of bekommerd te wees oor die dag van môre nie, want dan, en slegs dan, sal EK DIE MEESTER teenwoordig wees as die EEN WIE julle verstandig lei, sonder dat julle ontneem sal word van dit wat julle nodig het om van te lewe.

193 Aan die ander kant behoort julle te weet dat 'n slordige huwelik nooit voor MY HEILIGE AANGESIG geregverdig kan word nie en sal nooit MY seën of leiding kan ontvang nie. Wanneer die strewe om regverdig volgens MY ORDE te lewe egter herkenbaar is, sal die bronne van MY GAWES van MY onuitputlike EWIGE OORVLOED voortdurend vloei.

194 MY KINDERS VAN LIEFDE sal alles hê wat hulle nodig het, insoverre hulle MY met die brandendste LIEFDE sal volg en in alle opsigte aan MY HEILIGE EN VOLMAAKTE WIL voldoen!

195 So kan julle inderdaad sonder aardse bekommernisse leef, met dien verstande dat julle julleself slegs bekommer oor een ding, naamlik om volmaak te word volgens MY ORDE en MY HEILIGE WIL.

196 Met betrekking tot die liefdeseenheid in 'n ware, geheiligde huwelik, beteken dit om die Liefde te laat styg tot by MY VLAK in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE. Dit beteken om julle nie te verlustig in die begeerlikheid van die vlees nie, maar om verenigende LIEFDE te heilig deur sintuie wat deur MY gesuiwer is. Soos alreeds uitgewys, moet die ware huwelik bevorderlik wees vir die bou van 'n TEMPEL VIR MY

HEILIGE GEES volgens MY HEILIGE WIL.

197 EK DIE MEESTER het reeds vir julle manne aan die begin van hierdie hoofstuk gesê, deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE:

198 Heilig is julle semen en dit moet slegs geplaas word in 'n houer wat gereed is om saam met jou te kniel voor MY, DIE MEESTER in MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM, biddend en smekend tot MY om MY HEILIGE SEEN aan julle toe te staan vir eenheid in ware, suiwer LIEFDE.

199 Voorwaar, EK voeg verder by dat dit noodsaaklik is vir die heiliging van die huwelik en die vervulling van sy volmaakte sin en doel.

200 Kniel en bid dus voor 'n daad van verwekking, voor MY, DIE MEESTER, in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, sodat EK in julle hart en sintuie kan plaas wat korrek is voor MY, JULLE HEMELSE VADER JAHSHUA, om julle sodoende te weerhou daarvan om te dryf na sataniese aspekte, terwyl julle paring bedoel is om, met die korrekte graad van suiwer Liefde, 'n ware samesmelting van hemelse eienskappe te wees, waardeur, in 'n behoorlike bewustheid van MY in MY OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, verlossing daardie aspekte binne-in julle sal bereik wat verlos en gelig moet word tot in MY LIG VAN VOLMAAKTHEID, sodat julle 'n tempel van MY HEILIGE GEES kan word.

201 So sal die vrug van julle heeltemal suiwer verwekkende Liefde waarlik geseën word, aangesien dit nie 'n laer aspek van sensuele bevrediging van instink sal ontvang nie, sodat hierdie suiwer vrug van julle geheiligde liefde 'n siel sal ontvang wat hunker na 'n verhewe vlug - 'n siel wat, deur julle rein en geheiligde liefde, werklik 'n ware kind van MY EWIGE LIEFDE kan word.

202 Oordink dit, Kinders van MY Liefde, dat deur julle gedagtes en aksies julle alleen verantwoordelik is vir die voorvereistes wat die skenking van MY seën bepaal! EK ELOHIM DIE MEESTER, die ewig VOLMAAKTE WESE, is onomkoopbaar. Net soos wat daar geen agter- of sydeure is waardeur 'n mens in MY Hemele kan inglip nie, so is daar ook niks - absoluut niks nie, sê EK DIE MEESTER – om MY HEILIGE SEEN te verwerf op `n ander wyse as slegs deur die vervulling van MY HEILIGE WIL nie; ook kan 'n siel nie wegkruipertjie voor MY speel nie, om so te probeer om sy werklike gedagtes weg te steek, ook kan seremonies MY nie oorhaal om MY HEILIGE SEEN te verleen aan enigiemand of enigiets sonder gehoorsaamheid aan MY HEILIGE WOORD nie. EK kan ook nie oorgehaal word deur die prosedures van godsdienstige fanatici wat ewig die HEILIGE WETTE VAN MY SEEN wil ophef nie.

203 MY HEILIGE SEEN bereik slegs diegene wat leef of ten minste probeer om die LIEFDE VAN ALLE LIEFDE te leef, met al die erns waartoe hy volgens sy volwassenheid in staat is.

204 Bepeins voortdurend hieroor, Kinders van MY Liefde, veral met betrekking tot die huwelik, indien laasgenoemde geseën en geheilig moet word!

205 Tog sal MY SEEN oorvloedig oor julle vloei as julle gehoorsaamheid ten volle beoefen, wat DIE KERN VAN LIEFDE is, en sodoende suiwer, heilige Liefde binne julle huwelik.

206 Paar daarom slegs na 'n baie nederige gesamentlike gebed, terwyl julle julle oë ophef na MY in MY HART SE OERGROND-POOL VAN EWIGE LIEFDE! Roep na MY in die KONINGIN VAN LIEFDE om met julle te wees in MY HEILIGE GEES sodat al julle gedagtes gesuiwer en geheilig kan word; want het EK nie reeds deur MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM gesê dat julle voortbrengende saad heilig is nie, en dat die geheim van

voortbrenging daarom nie net heilig is nie, maar allerheilig?

207 Laat niemand sê dat hy huweliksgemeenskap met sy lewensmaat het sonder die heilige doel van voortplanting nie! Want dan leef julle julle huwelik ter wille van losbandigheid!

208 EK DIE MEESTER, JULLE SKEPPER van alles wat heilig is in julle, sê vir julle, Kinders van MY Liefde:

209 Selfs as julle huweliksgemeenskap het sonder die heilige bedoeling om `n menslike vrug te verwek, moet julle eenheid tog 'n heilige, ja, 'n allerheilige voortplantingsdaad wees. Julle behoort te weet dat deur geslagsgemeenskap, julle nie net 'n materiële vrug kan verwek nie, maar julle kan ook hemelse suiwerheid van EWIGE LIEFDE verwek vir al diegene wat daarna smag om deur julle 'n nuwe menslike kleed vir 'n lewe van beproewing en verlossing op Aarde te kry en om in staat te wees om nader te styg aan MY KONINKRYK VAN EWIGE VOLMAAKTHEID. Julle kan ook, deur die reinheid van julle gedagtes wat geseën is deur MY, in julle heilige geslags-gemeenskap geseënde verlossende gedagtes en kragte genereer vir al die skuldiges wat vasgevang is in die boeie van MY Teenpool.

210 Julle behoort te weet wat julle nie geweet het nie en nie kon geweet het tot nou toe nie, aangesien EK ELOHIM DIE MEESTER nog nooit met julle, Kinders van MY Liefde, gespreek het oor hierdie waarlik, heilige onderwerp soos hier in MY NUWE BYBEL nie:

211 Daar is in die menslike wese `n stelsel en `n misterie van voortplanting, nie net ter wille van menslike voortplanting nie, maar ook vir die verbreiding/voortplanting van die HEILIGE GEES, wie se suiwerste heilige semen deur MY HEILIGE GENADEVONK in die hart van alle mense rus, wat nie net wag vir sy eie ontwaking en ontplooiing nie, maar ook vir die

verbreiding/voortplanting daarvan.

212 Want soos wat EK DIE MEESTER reeds bekend gemaak het - DIE HEILIGE GEES wat vanuit MY voortgaan, is die wesenlikheid wat in en deur Liefde alles deurdring, ewiglik onderhou, skep en ontwikkel! Daarom kan EK DIE SKEPPER nie tevrede wees met voortplanting bloot in die gevalle wêreld van materie nie, wat net die materiële, liggaamlike koevert van gees en siel betref nie, maar dit is MY WIL dat voortplanting met die uiterste intensiteit bereik word van die wesenlikheid wat deurdring, vir ewig alles onderhou, skep en genereer, naamlik: DIE HEILIGE GEES.

213 So het julle dus binne-in julleself, MY aardse kinders, so 'n wonderlike en geheimsinnige stelsel van voortplanting vir die voortplantende HEILIGE GEES; julle is egter nog nie in staat om dit te begryp nie, en dit oorskry die begrip van julle sintuie; want julle verstaan nog nie eens die wonder van julle liggaam as 'n tempel van MY HEILIGE GEES nie! Hierdie openbaarmaking is 'n daad van GENADE ter wille van julle redding en opgang, sodat julle opgewonde kan word (tensy julle reeds in `n volle geestelike dood verval het) wanneer julle met julle lewensmaat paar met wie julle, volgens MY HEILIGE WIL, een vlees word, 'n saamgesmelte siel en gees.

214 En LIEFDE, suiwerste, nederigste, brandende, en barm-hartige JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE is die enigste genererende impuls vir die voortplanting VAN MY HEILIGE GEES SE GENADEVONK binne julleself.

215 Julle kan nou stadigaan, in die flou skynsel van julle ontwakende siel deur MY HEILIGE GEES, die rede verstaan waarom EK DIE MEESTER julle gevra het - as julle WARE KINDERS VAN MY LIEFDE wil word- om neer te kniel voor die vereniging vir die heiligste en om nederig te bid voor MY, DIE

MEESTER in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, want hierdie eenheid is inderdaad een van die grootste GAWES VAN MY GENADE, wat julle so ver misverstaan, verdraai, verontreinig het en wat maar baie min as heilig beskou het.

216 Gevolglik behoort die HEILIGE GEES VAN MY EWIGE LIEFDE vurig in julle te brand, in plaas van die hunkering na die vlees van die kortstondige houer vir die Gees. As die Gees oorneem, sal die vleeslike materiële van die menslike kleed ook geheilig word, en die inwonende siel sal verbeter word deur die GEES VAN WARE LIEFDE, in plaas daarvan om na die afgrond van bederfbare materie gesleep te word, wat die angel van die dood verteenwoordig.

217 Sodra julle bewus word van die prioriteit waarby julle in julle liefdeseenheid-GEES gaan paar MET GEES in WARE LIEFDE, is die paring van 'n menslike paartjie geheilig in MY HEILIGE GEES; die voortplantingsproses word opgelig na die suiwer sfere van MY HEILIGE GEES, terwyl dit vrygestel word van die somberheid van instink, en al die heerlikhede van MY HEILIGE GEES kan, volgens die reinheid en heiligheid van die parendes, vloei in die vormende vrug van menslike lewe, wat dan nie meer net 'n liggaamlike vrug is nie, maar ook 'n vrug van MY HEILIGE GEES VAN DIE VOLMAAKTE LIEFDE.

218 Dit is die ORDE VAN MY HEILIGE WIL, vir alle mensekinders wat deur hul huwelik 'n TEMPEL VIR MY HEILIGE GEES wil oprig, met die doel om BEELTENISSE VAN MYSELF te word!

219 Binne hierdie HEILIGE ORDE is die liefdevolle verbintenis van 'n parende egpaar regverdig en kuis voor MY HEILIGE AANGESIG wanneer EK DIE MEESTER, dit sal aandui aan die so gesuiwerde en geheiligde harte van MY regverdige en heilige liefdevolle kinders, wie dan ware KINDERS VAN MY LIEFDE geword het.

220 Dit is vanselfspreeklik dat geen hindernisse van watter aard ookal, opgelê kan word aan hierdie HEILIGE ORDE nie, en wie ookal poog om enige op te lê, sal MY ALLEEN HEILIGE WIL oortree, wat nie 'n huwelik aan julle mensekinders toegestaan het ter wille van seks nie, maar vir die voortplanting van MY HEILIGE GEES op Aarde in die Kinders van MY Liefde, sodat LIG weer kan versprei in alle harte en siele!

221 Inderdaad breek LIG alreeds deur in elke siel wat MY NUWE BYBEL lees en gereed is om MY HEILIGE GEBOOIE te volg; en tog sal nog meer LIG invloei in elke menslike siel wie sy oë sal wend na sy lewensmaat met die heilige vasberadenheid om nie voort te plant ter wille van 'n blote sensuele bevrediging nie, maar ter wille van die volmaakte LIEFDE in MY HEILIGE GEES. Dan sal DIE LIG VAN MY HEILIGE GEES vloei in die geseënde bottende vrug met alle hemelse eienskappe, sodat siele wat gebonde is in vlees en materie, geleidelik in MY HEILIGE GEES wedergebore sal word.

222 Waarlik, dit is hoe huwelike werk wat in die Hemele gesluit is, wat nie die Hemele hierna beteken nie, maar eerder 'n hemelse toestand van ware, volmaakte LIEFDE, wat deur elke getroude paartjie bereik kan word wat strewe om met MY ELOHIM EN SKEPPER te verenig, WIE se permanente toestand "LIEFDE" is, soos julle geleer het uit hierdie NUWE BYBEL.

223 Streef ten alle koste na so 'n hemelse huwelik, volkome volmaak voor MY DIE MEESTER en wat EK sal seën deur die toekenning van `n oorvloed van MY GENADE; nie net ter wille van voortplanting nie, maar ook vir die vrugbaarheid van MY HEILIGE GEES, met wie se krag sulke huwelike kinders aan die mensdom kan gee wat toegerus is met die eienskappe van MY EWIGE VOLMAAKTHEID!

224 Ten slotte voldoen hierdie ware hemelse huwelike aan die

HEILIGE DOEL VAN MY SKEPPING, naamlik dat die mensekinders van hierdie Aarde BEELDE VAN MYSELF word.

225 Draai julle dus weg, mensekinders, van die duiwelse "seksfuifpartye" van MY Teenpool, wat julle sintuie en heilige aspekte tot so 'n verwardheid betower, dat julle as mensekinders, die doel van julle ware bestemming en van wat reg is voor julle ELOHIM EN SKEPPER, op hierdie Aarde van verlossing verloor!

226 Voorwaar, julle is en word altyd meer, nie net medeverantwoordelik vir die mensdom se huidige nood nie, sê EK DIE MEESTER, maar dra ook die primêre verantwoordelikheid vir al die ellende op Aarde, as julle nie hierdie demoniese maalkolk, wat julle sintuie tot so 'n mate mal maak, sodat julle nie meer daaroor beheer het en ook nie oor julle heiligste eienskappe nie, om sodoende DIE WETTE VAN MY HEILIGE ORDE van voortplanting oneffektief te maak, ten nadeel van die mensdom se opgang!

227 Maar as julle nie wil wegbly van hierdie duiwelse maalstroom nie, moet EK DIE MEESTER julle blootstel aan Oordeel, soos wat EK eens moes gedoen het in die tyd van Hanog en Sodom en Gomorra!

228 Julle moet nou julle kant bring om so 'n oordeel te voorkom, aangesien EK DIE MEESTER in MY LIEFDE EN GENADE aan julle hierdie BYBEL VAN MY GENADE gegee het om julle in staat te stel om, nie net uit hierdie maalstroom te ontsnap nie, maar ook om vir eens en vir altyd verhoog te word tot in DIE LIG VAN MY HEMELE.

229 Julle sal maklik kan agterkom watter soort sintuiglike gif voortspruit uit hierdie maalstroom; al wat julle hoef te doen is om MY in die stilte van julle hart te besoek in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, en EK DIE MEESTER sal

julle sintuie inprent met MY HEILIGE LIG, sodat julle kan onderskei tussen wat van MY Teenpool kom en wat vanuit MY Hemele kom.

230 Nooit, kan EK julle vertel, nooit sal enigiets van MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID kom wat julle nog dieper in materie sal bind as ooit tevore nie! Met betrekking tot julle huwelikslewe, nog nooit kon enigiets van die GODDELIKE VOLMAAKTHEID julle verlei om op so 'n manier op te tree, dat julle dieper en dieper sou val in die sonde van die vlees nie!

231 Verskerp daarom julle sintuie deur MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-LIG en reinig hulle daardeur tot volmaaktheid! Julle sal dan maklik in staat wees om byvoorbeeld die sluheid van MY Teenpool te identifiseer in die sogenaamde "seksuele voorligting", waardeur alles opgehemel word wat die sintuie se ingesteldheid sal versterk op losbandige vleeslike wellus en wat willens die proses van voortplanting stuit, terwyl die oë van tieners gladnie gevestig is op die behoeftes van MY GODDELIKE ORDE of die HEILIGHEID VAN DIE LEWE nie.

232 Wie ookal onderrig gee en die wilde begeerte van losbandige wellus bevorder deur geboortebeperking te begunstig, op watter wyse ookal, terwyl daar geld gemaak uit hierdie duiwelse maalkolk, sondig erg voor MY HEILIGE AANGESIG en teen MY EWIGE ORDE, en sal nie anders as om die bitter vrugte van hulle werke te oes nie!

233 Het EK DIE MEESTER nie aan die begin, deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE gesê dat die nood groot is van diegene wat verkrag is vir die wellus van hulle wat laer as diere gesink het?

234 Vandat geslagsgemeenskap net ingestel is op basiese selfbevrediging en wellustigheid, is die delikate strome van MY HEILIGE LIEFDESGEES afgeskakel, en hemelse eienskappe kan

nooit in hierdie siele invloei nie, ook kan MY HEILIGE SEEN nie verkry word nie; want die instinktiewe impuls is die primêre motief in hierdie siele, wat slegs geslagsgemeenskap het ter wille van wellus, om die onbeteuelde drang van die paring instink te ervaar wat wulpsheid beloon. Voorwaar sou dit beter gewees het vir sulke losbandige siele en vir die hele mensdom dat hulle sonder nakomelinge sou bly as hierdie tipe siele wat dieselfde lae vlak is, inderdaad laer as dié van diere, wat op hulle manier in MY ORDE leef. Dit is waarom daar 'n geleentheid aan hulle gegee moet word, soos nou deur middel van hierdie NUWE BYBEL, om hul oë na MY te wend en weg te breek van die verlokking van blote sensualiteit.

235 Hoe verskriklik die gevolge van ongebondenheid in man en vrou is, kan gesien word in julle onmiddellike omgewing; neem 'n onbevooroordeelde blik rondom julle, en moenie in die selfmisleidende blindheid of fantasie verval nie; want hetsy dit geestelike huise of tehuise vir gestremdes is, kriminaliteit, ondermynende dade van geweld of oorloë, - hierdie is alles hoofsaaklik te wyte aan die verderflike losbarsting van instinkte wat MY HEILIGE ORDE verontagsaam! Verskriklik is dus die nood van die siele wat verwek is sonder ware liefde, as waarlik ellendige siele vir hierdie aardse lewe, deur die blote werking van die instink, en dit sal aangaan tot op die dag wanneer die duiwelse seksmaalkolk tot 'n einde sal kom.

236 Die hele mensdom sal ly onder 'n ongeseënde naakte sensuele lewe, en na homself toe trek, selfs meer as voorheen, die gevolge van losbandigheid, wellustigheid, verkragting en dies meer; deur geslagsgemeenskap te hê, sonder8 om julle oë na MY op te hef, die ewige VOLMAAKTE, deur julle hand nie na MY te reik nie, maar na MY Teenpool en haar hel, wat alreeds - soos julle kan sien – byna ten volle meester van julle wêreld is!

237 In hierdie kommerwekkende tye het hierdie NUWE BYBEL van MY nou verskyn, as die enigste effektiewe anker van verlossing vir julle, MY aardse kinders, soos wat EK so dikwels beklemtoon vir 'n ware heilige rede; want julle kan nog steeds die stuur van julle gratis reddingsboot omdraai, om so weg te stuur van die Hel, en in stede daarvan op te vaar na MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE. Gaan voort, sê EK DIE MEESTER weer `n keer!

238 In die geheiligde geseënde eenheid van twee siele wat die hul oë ophef na MY IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, sal die GESEENDE VOG VAN MY HEILIGE GEES vloei in die menslike vrug wat hom/haar in die regte verhouding sal deurtrek om so die OER-EIENSKAPPE VAN JULLE ELOHIM, naamlik LIEFDE, WYSHEID, WILSKRAG, ERNS, ORDE, GEDULD EN BARMHARTIGHEID ontplooi.

239 Groot, inderdaad groot, is julle verantwoordelikheid, Kinders van MY Liefde, wat reeds deur MY HEILIGE HAND gelei word, sowel as joune wat wakker gemaak is deur hierdie NUWE BYBEL VAN MY GENADE EN BARMHARTIGHEID om MY waarlik te volg. Baie groot is julle verantwoordelikheid inderdaad, omdat julle geroep is as gevolg van die boosheid wat die mensdom na homself toe getrek het deur die verontagsaming van MY HEILIGE ORDE, om dus 'n groter poging aan te wend in `n korter tyd as wat normaalweg daarvoor gegee is, om te doen wat EK julle aanmaan om te doen deur hierdie onderrig van MY.

240 Juis binne die lewenspan van die huweliksliefde moet julle die weg lei deur die beste voorbeeld te stel! Julle moet julle eenheid in heiligheid lewe soos wat dit eenmaal geleef gaan word in MY NUWE JERUSALEM op Aarde, en selfs in julle huidige eg moet julle groot laste van verlossing op julleself

neem, ten einde 'n sondige mensdom te help om uit MY Teenpool se slyk opgehef te word.

241 Niks moet julle weghou daarvan om te help dra wat EK DIE MEESTER op julle sal plaas deur DIE KONINGIN VAN MY HEMELE WIE, as MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE weer 'n menslike kleed op Haarself geneem het, ten einde te verlos en daardeur uit te wis vir alle tye saam met MY ROTS, die grootste bloedskuld ooit aangegaan na MY DOOD AAN DIE KRUIS en MY OPSTANDING, en WIE, daarbenewens, ook julle eie foute en swakhede moet dra so lank as wat julle nie volwaardige verlossers geword het wat bekwaam is om op hierdie Aarde te werk as selfstandige dissipels van MY LIEFDE nie.

242 Die ongetroudes onder julle wat gereed is om MY HEILIGE WIL te volg, sal 'n ware lewensmaat toegestaan word deur MY GENADE EN MY LEIDING na 'n tydperk van beproewing om julle erns en gehoorsaamheid te toets in die vervulling van MY WIL; en julle sal nie net getuies wees van MY HEILIGE LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE gedurende die huidige tyd nie, maar ook mede-verlossers in hierdie wêreld van duisternis en mede-stigters van die NUWE JERUSALEM op Aarde.

243 Diegene onder julle wat vir 'n geruime tyd getroud is, kan ook modelle word vir hierdie gevalle wêreld, as julle bereid is om alles reg te stel deur hierdie HEILIGE GEBOOIE.

244 Die eerste het 'n makliker taak om MY HEILIGE GEBOOIE met alle erns en konsekwentheid te volg, aangesien hulle verlossingslas ligter is as dié van die laasgenoemde, insoverre dat hulle nog nie teen MY HEILIGE ORDE gesondig het nie. EK DIE MEESTER vermaan julle sagkens: Wees geduldig, vestig julle oë permanent op MY in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE en werk standvastig aan die ontwikkeling van

julle volmaaktheid, en EK sal julle op die mees wonderlikste wyse seën en lei!

245 Wanneer julle deur MY GENADE julle ware metgesel ontvang het vir julle huidige lewe op Aarde, leef dan 'n lewe van LIEFDE in die vervulling van MY HEILIGE GEBOOIE, waar elkeen werklik die ander voltooi en mekaar dra in sy/haar individualiteit, en laat julle gelei word in julle daaglikse gebed wanneer julle kniel voor MY DIE MEESTER, in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, ten opsigte van alles wat nog weggewerp, oorkom of verander moet word. Laat dus in almal, en veral in die heilige eenheid, die begeerte geld om een te wees met MY HEILIGE GEES in julle, wie julle dan kan deurtrek en vul in 'n geseënde voortplanting van nuwe lewe vir die NUWE JERUSALEM op Aarde!

246 Die regverdige beperkings wat op julle heilige geslagsgemeenskap opgelê is, sal deur julle eie wil ingegee word onder MY gesag in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, sodat dit reg is voor MY HEILIGE AANGESIG vir julle volwassewording, om BEELDE VAN MYSELF te word.

247 En in hierdie verband gee EK DIE MEESTER julle in die volgende 'n waardevolle wenk uit MY LIEFDE EN GENADE:

248 Deur julle vrye wil, verleen deur MY, is julle waarlik "die kroon van MY Skepping" en kan dus en behoort in alle opsigte so hoog as die Hemele staan bo die diereryk, waarin die paring instink regeer word deur 'n ingebore streng periodisiteit wat deur 'n doelgerigte orde vasgestel is, terwyl julle drang vir seksuele prestasie en voortplanting, as gevolg van julle voortplantingskrag, in geen manier vooraf gekondisioneer of beperk is nie, maar is heeltemal vry. Dit is juis hierdie vryheid om julle gedagtes en julle wilskrag te bemeester - soos wat EK DIE MEESTER absolute volkome vryheid is, en dus ELOHIM - wat

julle bemagtig, kinders van MY Liefde, om uit te styg bo elke ander skepsel om BEELDE VAN MYSELF te word.

249 Hou daarom jou seksuele drang in toom – wat ontstaan het vanuit MY EWIGE MAGTE VAN VOLMAAKTHEID binne-in jou - deur jou vrye wilskrag en vestig dit op MY, JOU ELOHIM EN SKEPPER, en jy, hetsy man of vrou, sal 'n vrye en volmaakte meester van jou vrye wil word.

250 Dit is wat die HEILIGE WOORD in sy volste betekenis bedoel: "... en EK sal julle die kroon van die lewe gee!" Hierdie "kroon van die lewe" is volmaakte saligheid in alles, wat gereed lê vir wie homself ookal sal verloën en die seën van MY HEILIGE GEES ontvang!

251 Julle huwelik wat volgens MY HEILIGE WIL tot stand gebring is, is 'n wonderlike GAWE VAN DIE GENADE VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER, om julle in staat te stel om hierdie doel van selfverloëning te bereik. Julle het reeds MY seën vooruit in verhouding tot julle gewilligheid, as julle maar net met die heiligste erns wil begin. Juig dus daaroor, omdat EK julle pad skoonmaak na die kruin en julle MY leiding gee!

252 Dit is dus baie duidelik uit bogenoemde, Kinders van MY Liefde, dat 'n ware, geheiligde huwelik inderdaad nie net 'n kortsigtige liefdesverhouding volgens die opvatting van julle wêreld is nie, maar 'n verhouding wat die grootste erns vereis om behoorlik te begryp, naamlik om dit te sien in die lig en doel van die Skepping. Om dus so 'n ware geheiligde huwelik te bereik – is die nakoming van 'n verdere gebod selfs meer bindend hier, as op alle ander terreine van die menslike lewe. Dit is

## Die vyfde Gebod vir Ware Geheiligde Huwelik

253 DIE VYFDE GEBOD van Heilige ERNS, waarsonder niks in die hele skepping bereik kan word nie; dit geld ook vir julle aardse aktiwiteite. Want dit is kommerwekkend om te sien hoeveel aardse kinders ernstig glo dat die bevrediging van die sintuie die eerste doel van die huwelik is! Julle sogenaamde vooruitgang in alle aspekte van seks blyk nie alleen julle opinie hierin te bevestig nie, maar maak die huwelik ook die voorwerp van winsgewende saketransaksies.

254 Hierdie OPENBARINGE VAN MY GENADE behoort in elke aardse kind, nie net 'n diep en Heilige Erns op te wek na die begeerte vir `n getroude lewe volgens MY HEILIGE GEBOOIE nie, maar ook die vervulling daarvan met uiterste erns. En waar dit ookal sal gebeur, sal EK DIE MEESTER onmiddellik teenwoordig wees om so 'n kind te lei deur MY EWIGE LIEFDE.

255 Maar ook julle, MY reeds getroude kinders - soos wat EK reeds beklemtoon het- is op geen wyse uitgesluit van MY LEIDING nie; inteendeel, julle kan inderdaad MY SEEN in elke opsig ontvang, indien dit julle wil is!

256 Roep MY dus in julle erns, wat werklik heilig moet wees, kragtens die gebooie wat geopenbaar is, en toon MY julle Heilige Erns! So sal julle gou tot julle vreugde agterkom dat dinge begin verander.

257 En EK DIE MEESTER plaas hierdie erns onder die besondere aandag van diegene wat geskei geleef het, sodat die enigste uitkoms van hul ongelukkige huwelik in egskeiding gesoek word.

258 EK DIE MEESTER sê nou vir julle dat daar feitlik niks meer afstootlik voor MY HEILIGE AANGESIG is as so 'n begeerte nie! Daar is skaars enige rede wat belangrik genoeg is voor MY om

so 'n doelwit te regverdig, want het EK DIE MEESTER nie gesê dat die ware JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE in staat is om selfs die hardste ys te smelt, en om selfs die hardste hart van sy verkeerde idees weg te draai nie en om die oë na MY te wend nie.

259 Wat ookal na 'n oortuigende rede vir julle lyk, o mensekinders, om so 'n doelwit te ondersteun, kan nietemin tot verlossing gedra word deur opoffering en Barmhartigheid, indien julle ware, Heilige Erns van wilskrag verdra sal word voor MY DIE SKEPPER VAN DIE EWIGE LEWE en die Maker van julle huwelik!

260 Wie egter nie bereid is om die kruis van sy lewe te dra nie, kan nie die kortste pad na MY Hemele neem nie. Het EK nie alreeds deur MY ROTS PETRUS gesê dat julle alles op MY kan werp nie? Wat anders kan EK DIE MEESTER dus vir julle doen?

261 Sedert ewighede en nou weer skenk EK aan julle, mensekinders van hierdie Aarde, MY GENADE EN MY BARMHARTIGHEID in alle dinge, en verlaat julle nie, ten spyte van julle aanhoudende foute, verkeerde handelinge en alle soorte gruwels, maar dit is ook MY HEILIGE WIL dat julle nie van mekaar sal skei nie en dat egskeidings op Aarde binnekort aan 'n verlede sal behoort wat julle nie meer graag aan herinner sal wil word nie!

262 Hoe dit ookal sy, as julle julleself nie steur aan hierdie HEILIGE WIL VAN MY nie, sal julle werklik vir julleself, deur julle verkeerde gedagtes en handelinge, 'n lewende graf grawe wat julle vir die hel sal insluk!

263 Vir julle ander wat bewaarders van die korrekte wetgewing en saakwaarnemers van die wet behoort te wees, sê EK DIE MEESTER aan julle: Moenie medepligtig wees aan die grawe van so 'n duiwelse begraafplaas nie! Moenie julleself beskikbaar

maak vir die saak van MY Teenpool nie, maar word eerder die bewaarders en saakwaarnemers van julle ELOHIM EN MEESTER SE WET, sodat EK DIE MEESTER dit nie eendag nodig sal hê om te sê: EK ken julle nie, omdat julle MY nie wou ken nie! Skep moed om julle basiese beginsels en wette van die land in lyn te bring met MY, JULLE ELOHIM EN MEESTER, selfs indien dit verander moet word, dan sal MY GENADE met julle wees. Maar nie solank julle julleself by MY Teenpool skaar nie!

264 Dit is absoluut noodsaaklik om hierdie Vyfde Gebod te vervul, om die Heilige Erns in sy volle omvang en gevolge aan te neem tot en met die laaste asemteug van julle menslike liggaam, as julle voor MY, JULLE SKEPPER wil bestaan en MY SEEN EN GENADE wil ontvang! Want voorwaar, EK DIE MEESTER sê vir julle: Die heiligste erns van MY EWIGE LIEFDE is instrumenteel in die handhawing, redding en terugbring huis-toe, na die volmaakte saligheid van MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE!

265 Daarby word julle ook in elke opsig die

Heiligste Erns!

266 In hierdie toestand van Heiligste Erns sal julle mensekinders geleidelik meer bedoelings van MY HEILIGE EIENSKAPPE leer en bemeester, waarsonder julle beslis lankal tot 'n prooi vir MY Teenpool sou geval het, met geen hoop op redding deur middel van verlossing en barmhartige LIEFDE EN GEDULD nie.

## Die sesde gebod vir ware geheiligde huwelik

267 Die sesde gebod vir 'n ware geheiligde huwelik omvat die toepassing van Godgeoriënteerde GEDULD, waardeur 'n ware doel slegs haalbaar sal word, en in die besonder MY Skepping se hoofdoel van die HEILIGE HUWELIK, binne MY

VOLMAAKTHEID.

268 Sonder geduld, geen volmaaktheid nie! Geduld is 'n wet van volmaaktheid op sigself, voortspruitend vanuit MY, DIE EWIGE SKEPPER VAN VOLMAAKTHEID!

269 Kyk rondom julle en julle sal moet besef dat selfs in die kleinste dingetjies julle nie anders kan as om te bly by en julle te skik volgens hierdie wet van volmaaktheid nie! Dit kom daarop neer dat julle nie eers kan voortbestaan sonder om te voldoen aan hierdie wet nie! Julle kan nie peuter met die behoorlike rypwording van natuurlike vrugte nie, ook nie met julle omgewings- en die lewenstoestande wat ondergeskik is aan MY HEILIGE WIL nie, sonder die gevaar om skade aan julleself te berokken, ook kan julle nie 'n ware huwelikslewe lei sonder MY, JULLE ELOHIM EN SKEPPER nie!

270 Aangesien die meeste van MY mensekinders egter ontoeganklik is vir hierdie argument, word hulle gedruk om die doel van volmaakte Liefde en `n gelukkige huwelik op te offer met hul eerste vlaag van Liefdesiekte. Maar in plaas daarvan dat hulle hul oë ophef na MY, met die eerste tekens van 'n gevoelige skeuring, met die gevolglike verwarring wat oorgelaat word om te ontwikkel tot volledige vervreemding, of die ergste van alles – eers word 'n pinkie en dan die hele hand uitgereik na MY Teenpool; en kort daarna word die hele siel met haar liggaam aan haar oorgegee! En in baie gevalle onderwerp beide man en vrou hulle aan MY Teenpool "SATANA" vir hul volkome ondergang.

271 In die meeste gevalle egter, is een van die partye nugterder en sal dan al die wee van hierdie huwelik moet dra. Aan hom/haar bied MY NUWE BYBEL spesiale hulp vir sulke lyding, wat selfopofferende Liefde in staat stel om in goddelike geduld sy of haar huwelik te herskik in die lig van MY ORDE, om `n eenheid

te word in beproewing en bevryding.

272 Indien die lydende party heeltemal oorgee aan MY, MY GEBOOIE onderhou in alle dinge met die ernstigste vasberadenheid en gereed is om die offer van ondersteunende Liefde te aanvaar, dit is om sy of haar lewensmetgesel in volmaakte geduld te dra, met al sy of haar gebreke en swakhede, dan kan groot dinge nog bereik word: óf die herstel van 'n ware, geheiligde eenheid, of deur die offer van blywende Liefde die toestaan van MY GENADE om op te staan na hierdie aardse lewe, tot die eerste trap van MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE.

273 Soos julle kan sien, kan 'n huwelik in elk geval nog steeds deel hê in MY GENADE, met dien verstande dat die gade wat gereed is vir lyding en selfopoffering, sy of haar absolute geloof in MY ELOHIM DIE MEESTER bely, alles in MY hande plaas en begin om MY HEILIGE STEM te volg. Dit word in die huidige TYD VAN GENADE op Aarde al hoe makliker teweeggebring deur MY TERUGKEER in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE en kan in elke geval die vrugte van MY GODDELIKE GENADE dra.

274 Geduld het vanuit LIEFDE gekom! Trouens is daar geen ware LIEFDE sonder geduld nie! Geduld is in wese dieselfde as LIEFDE, aangesien dit een van die hoogste OEREIENSKAPPE VAN ELOHIM is. MY LIEFDE sal nooit EWIGE LIEFDE wees, as Geduld nie een van die mees barmhartige eienskappe was nie. Julle sal skaars in staat wees om te verstaan as EK julle vertel dat daar selfs in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE nog steeds 'n sentrale punt van GEDULD is.

275 Of julle in die nag die gewelf van die Hemele bewonder met sy ontelbare sterre, of julle oor berge en valleie kyk, en of julle die groot uitgestrektheid van die see bepeins, oral sal julle MY

LIEFDE in GEDULD teëkom. Want alles wat julle sien, is lewend, EWIGE LEWE en nêrens EWIGE DOOD nie, selfs al blyk dit dat menige vorme van lewe "dood" is; tog is dié vaste vorms, soos die berge, nogtans EWIGE LEWE; want dit omvat daardie lewe wat, vanuit die diepste wysheid, vir verlossing moet wag tot aan die einde van julle ster van verlossing "Aarde". Julle kan 'n idee kry van die geweldige lewende krag wat daarin opgesluit is, deur die kernenergie wat vrygestel word van die digste materie; tog vra julle, o mensekinders, nie vir MY DIE SKEPPER, of dit MY HEILIGE WIL is dat julle hierdie rustende "kernenergie" vrystel wat vir hul regte verlossing wag nie!

276 EK DIE MEESTER sê vir julle: moet nie peuter met MY SKEPPINGSPLAN nie, en ingeval julle nie seker is of julle vrye wil met Myne gaan bots in MY WERK nie, word julle goed aangeraai om in die diepste nederigheid na MY toe te kom om MY te vra wat om te doen, of anders loop julle die risiko om onbedag julle oordeel te aktiveer deur julle eie toedoen, MY kinders!

277 Wees geduldig in alle dinge, net soos wat EK geduldig is met julle, en altyd wag om te sien of julle bereid is om MY LIEFDE te herken!

278 EK IS GEDULD VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID, net soos EK LIEFDE VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID IS!

279 As dit nie die geval was nie, kon niks van ewigheidswaarde enige vordering gemaak het nie! Wees daarom geduldig in julle getroude lewe, hou mekaar in ware geduld van MY LIEFDE, verloor nooit julle humeur nie, maar wag totdat julle metgesel die regte insig vanuit suiwer LIEFDE verkry, om dit wat nie kan standhou voor MY HEILIGE AANGESIG nie, sodanig te verander of te verwerp.

280 En wees die grootste geduld met jouself, wie ookal die

ander dra; want daardeur word julle volwasse om sulke Kinders van MY Liefde te word wat EK kan gebruik as ware instrumente en pilare van MY EWIGE LIEFDE. Probeer om nooit blindweg op te tree nie, om so geen siel te benadeel nie, hetsy joune of jou naaste s`n, want EK het reeds die wonder van die siel aan julle bekend gemaak en dus kan slegs ware LIEFDE met eindelose geduld die wonder van die opheffing van 'n mens se eie siel en 'n naaste s`n van die binding van skuld en swakheid na die trappe van die hemelse leer bereik, wat lei na MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID!

281 Aangesien die uiterste geduld slegs te vinde is in MY, DIE MEESTER VAN DIE EWIGE LEWE, en EK alleen die grootste werke van geduld, ter wille van verlossing, kan bereik, kan julle daaruit verstaan dat nie net MY LIEFDE, eens in JAHSHUA DIE GESALFDE, vir julle gekom het nie, mensekinders, maar ook MY GEDULD, omdat EK geweet het dat EK weer na julle toe sou moes kom, mensekinders van hierdie sondige Aarde, ten einde MY WERK VAN VERLOSSING te volbring vir julle.

282 Voorwaar, sê EK JULLE ELOHIM EN MEESTER, in die lig van al julle tekortkominge wat vir ewig hulleself herhaal en elke dag erger word, o mensekinders, het MY GEDULD, ter wille van julle, byna haar einde bereik! En tog sal MY GEDULD nooit toelaat dat sy self weggevoer word soos julle s`n nie, o, mensekinders. Nee, MY kinders, MY GEDULD het altyd en sal vir altyd heers; sy weet hoe om nog 'n hoër graad van MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE tevoorskyn te bring: Volmaakte sagmoedigheid en barmhartigheid!

283 Dit lei ons van MY SEWEVOUDIGE GODDELIKE WESE na die sewende en laaste gebod vir 'n ware geheiligde huwelik.

284 Op die Kruis van Golgota het EK in JAHSHUA DIE GESALFDE aan julle bewys, o mensekinders, hoe DIE LIEFDE VAN ALLE

LIEFDE geleef moet word in volkome sagmoedigheid en barmhartigheid, om sodoende op te staan uit die beperkinge van die aardse lewe, na die ware KONINKRYK VAN EWIGE LEWE.

285 Dit moes julle gelei het, o mensekinders, om MY HEILIGE NAAM "JAHSHUA" aan te gryp vir die ware uitdrukking van julle ELOHIM EN SKEPPER en SY EWIGE LEWE, en daarom kan EK slegs in "JAHSHUA" julle HEMELSE VADER wees, WIE julle nie net verlos het deur SY SAGMOEDIGHEID EN BARMHARTIGHEID van die skuld van julle val van MY Hemele nie, maar WIE op dieselfde tyd, deur SY DOOD AAN DIE KRUIS, julle die vryheid verleen het om soos KINDERS VAN SY EWIGE LIEFDE te wees, vry van die mag van die Teenpool op hierdie ster van verlossing "Aarde" genoem, as dit julle wil is.

286 As julle, o mensekinders, bereid is om binne julle huwelik hierdie sewende gebod van sagmoedigheid en barmhartigheid in praktyk te stel deur die opheffing van julle oë na MY aan die KRUIS VAN GOLGOTA, sal alles vir julle moontlik wees; julle sal in staat wees om alles te oorkom wat nie ware LIEFDE is nie; julle sal in staat wees om dit te doen en op te staan uit enige binding om die "kroon van die lewe" te verkry, wat die EWIGE LEWE is!

287 Sodat julle, o mensekinders, hierdie "Kroon van Lewe" al hoe makliker kan verkry, het EK DIE MEESTER IN MY GENADE, weer na hierdie Aarde in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE teruggekeer as julle MOEDER VAN VERLOSSING, sodat julle MY STERK EN HEILIGE ARM in Haar kan aangryp.

DIE SEWENDE GEBOD vir `n ware geheiligde huwelik lees daarom:

Wees BARMHARTIG in jou huwelik!

288 EK sê: Wees barmhartig soos EK, tot op die laaste vesel van jou siel! Want jy kan jou volwassenheid inderdaad self herken, slegs wanneer jou liefde kan ontwikkel tot barmhartigheid om daardeur die vurigste, ware LIEFDE te word, in staat om te vergewe en kwyt te skeld, net soos wat EK aan die Kruis van Golgota gedoen het!

289 Liefde is nog steeds koud en nader aan eieliefde as ware LIEFDE, wanneer sy nie barmhartig is en gereed vir selfop-offering nie!

290 Slegs deur Barmhartigheid word LIEFDE die ware, brandendste en vurigste LIEFDE - ter wille van die LIEFDE - en kan dan absoluut enigiets dra! Hierdie ware en barmhartigste LIEFDE kan nie net enige verlossende las op haarself neem nie, maar kan ook haarself offer vir die foute en tekortkominge van die ander vennoot, egter ook vir alle ander mensekinders. Hierdie hoogste lyn van LIEFDE deur Barmhartigheid is verlossende LIEFDE.

291 EK DIE MEESTER het hierdie Liefde aan julle bewys, o mensekinders van hierdie Aarde, sowel as aan alle engele en hemelse geeste in MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE, net soos MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM dit nou aan julle bewys, deur dieselfde graad van opoffering.

292 Slegs deur so `n verlossende barmhartigheid kan die ergste van die onvermydelike Oordeel van julle afgeweer word, mensekinders van hierdie Aarde ; want die gruwels van die huidige tyd is so groot, dat hulle nie deur die mens afgeweer en opgelos kan word nie, maar slegs deur MY DIE MEESTER, met

die hoogste Engele van MY Hemele. Dit is waarom EK DIE MEESTER weer teruggekom het in MY ALLERHEILIGSTE, ten einde, met die grootste genade, die swaarste skuld te verlos deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE.

293 Aanvullend is daar die LEERSKARE VAN MY HEMELE wat na hierdie Aarde toe gekom het om te help om alles te verlos wat moontlik is. Die meerderheid van hulle moet eers ingelig word in MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE oor die harde werklikheid van hierdie sondige wêreld, en meer dikwels moet hulle gered word deur die verlossingswerk van MY MOEDER VAN WELEER van die skuldlas van hul eie foute wat in hulle menslike kleed gepleeg is, sodat die HEMELSE KERN VAN MY LIGSIRKEL OP AARDE ferm kan staan wanneer die Oordeel hierdie Aarde sal laat sidder soos nog nooit tevore nie.

294 Kinders van MY Liefde, word mede-lossers deur die beoefening van die vurigste barmhartigheid! Dit moet neerkom op 'n oneindige kruin van ware LIEFDE in julle net soos in MY, JULLE SKEPPER!

295 As dit waar word, sal julle uitstyg bo julleself, ook in julle huwelik; want met barmhartigheid kan julle alles wat groot opdoem in julle lewe en onmoontlikheid lyk, maklik bevry. Julle weet nou dat julle in julle MOEDER VAN VERLOSSING en KONINGIN VAN MY HEMELE die helderste kalklig van Barmhartigheid het, SY WIE in HAAR huidige menslike kleed die bloedvergieting van alle tye uit Barmhartigheid dra; want so 'n skuld kan slegs verlos word deur die HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE; want die bloedskuld van die mensdom het reeds in MY Hemele begin, met die val van ware Liefde in eieliefde en vir dieselfde ek-georiënteerde geestelike rede vervolg is op die Aarde, as die misdaad van Golgota; maar dit het nie daar geëindig nie, maar het ook verwoesting onder al

die Apostels en alle ware kinders van MY Liefde bewerk; inderdaad, hierdie bloedvergieting van MY Teenpool, met haar ook aardse gewortelde drie-eenheid van die selfvergoddelikte egotisme (selfgenoegdoening), sou nooit geëindig het nie, as EK DIE MEESTER in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE nie hier die streep van verlossing getrek het om weg te doen met die bloedvergieting van alle tye nie! Dit is wat bedoel word met die profesie wat sê dat die Slang se kop vermorsel sal word - wat beide geestelik en op Aarde verstaan moet word.

296 Maar hierdie grootste daad van genade van universele wonder, wat in afsondering aangaan, weg van julle menslike oë - wat uit nuuskierigheid net `n risiko sal wees vir die uiteindelike resultaat - sal slegs openbaar gemaak word in verdere volumes van hierdie NUWE BYBEL, wanneer dit bereik word en julle harte in staat sal wees om dit te begryp!

297 MY vroeë aankondiging van hierdie gebeurtenis aan julle het ten doel om julle te stimuleer, Kinders van MY Liefde, om te werk as mede-lossers in julle werksfere deur die hoogste voorbeeld, wat deur julle HEMELSE VADER JAHSHUA in sy HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE gestel is, ten einde op julle skaal te bereik wat julle MOEDER VAN VERLOSSING bereik in die grootte.

298 Uiterste Barmhartigheid alleen kan die mensdom red en verlos wat vasgevang is in die strikke van MY Teenpool in die springgety van hoogmoed en ydelheid. Dit dien geen doel om die selfgemaakte kettings af te skud met die duurste materiële middele nie; want sulke middele, wat gevorm is uit eieliefde vir self-handhawing oor die medemens, kan daardie kettings maar net nog stywer vastrek.

299 Die enigste uitweg word voorgestel deur die HEILIGE GEES VAN EWIGE LIEFDE, WIE, verhogend tot absolute

Barmhartigheid, enigiets kan doen en in is staat om die hardste ys, sowel as die mees getemperde staal op te los, of - wat nog harder is as beide - selfs `n versteende hart van 'n duister siel.

300 Indien jy 'n eenheid met MY HEILIGE GEES sou bereik in die stilte van jou hart en deur middel van 'n lewe volgens MY HEILIGE GEBOOIE, sal jy in staat wees om tot jou voordeel die energie van genoemde Barmhartigheid stadig los te laat, wat nie net veel sterker as kernenergie is nie, maar dit plaas julle selfs in 'n posisie om die geeste, wat gevange is in die besonder digte materie, te bevry en om hulle op die weg na MY KONINKRYK VAN DIE GEES te plaas, terwyl kernenergie wat gebonde gehou word in die atomiese struktuur van materie, julle leed sal aandoen. Op daardie manier kan julle as ware Kinders van MY Liefde inderdaad werklik behulpsame mede-lossers word.

301 Danksy julle diep betrokkenheid in materie, waarvoor julle, o mensekinders, gewoond is om met mekaar te veg, om voortdurend mee te ding vir rykdomme van materie, en oorloë te veg met moorddadige wapens wat gemaak is uit hierdie materie, met die oog op die beheer van daardie rykdomme, sluit julle aan by die geeste wat gebonde is in materie en daarom is julle in vir 'n verskriklike ontwaking!

302 Daarom versoek EK JAHWEH, WIE DIE MEESTER VAN DIE SKEPPING is deur EWIGE LIEFDE EN BARMHARTIGHEID, jou met al die erns VAN MY HEILIGE STEM:

Neem hierdie NUWE BYBEL van nou af as jou daaglikse brood en word sodoende die hoogste en suiwerste LIEFDE: BARMHARTIGHEID!

303 So sal jy met MY HULP bevry word indien dit jou wil is; ook sal almal, insluitend jouself, van die selfgemaakte kettings van materie bevry word!

304 Begin deur die beoefening van volmaakte Barmhartigheid in jou huwelik, straal haar uit op jou hele gesinslewe en dra haar oral uit onder jou naaste! Jy sal weer asemhaal, sê EK DIE MEESTER, terwyl jy sal agterkom dat jou daaglikse vryheid toeneem; jy sal in vervoering wees oor die wyse waarop alle beperkings van jou doelwit geleidelik sal ontknoop en begin oplos, en dit sal nie lank duur voordat jy sal besef hoe alles, selfs in die buitesfeer van jou aardse lewe, besig is om te verander nie.

305 Tog moet julle hierdie werk van hartstogtelike en liefderyke genade doen met die diepste erns en sonder om buitengewone dinge te verwag; want die wonderlike ding is eenvoudig net dat julle MY HEILIGE STEM volg, en dat die STROME VAN MY GENADE julle kan help om ontslae te raak van julle kettings.

306 Wanneer EK JAHWEH dus die toevlug neem tot sulke buitengewone wonderwerke deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, soos wat EK een keer bereik het in JAHSHUA DIE GESALFDE, sal dit te laat wees vir 'n hele klomp van julle! Want as EK DIE MEESTER julle, o mensekinders, slegs op sterkte van wonderwerke kan oortuig dat

EK weer teruggekeer het na hierdie Aarde,

en dat

EK IS WIE EK IS,

dan sal julle in julle gees in 'n groot mate reeds onder die Oordeel wees en belemmer in julle vrye wil. Dan kan julle nie meer die direkte roete deur die smal POORT VAN DIE HEMELE NA MY KONINKRYK kan neem nie, maar sal gewerp word op die taamlik pynlike lang kronkelende sypad waar julle deur stap vir stap bitter swaarkry in staat sal wees om julle blindheid stadig af te werp, wat julle verhoed het om MY te herken in MY NUWE

BYBEL en MY op die nippertjie van tyd gevolg het.

307 Voorwaar, met hierdie NUWE BYBEL is die pad van verlossing nou maklik vir julle en so duidelik voor julle oë gekarteer dat julle daarvoor moet gryp! Of wil julle uit pure louheid en blindheid aan julle selfgemaakte kettings vashou? Wat anders kan EK DIE MEESTER vir julle doen, as om maar net weer `n beroep op julle te doen, as 'n afsluiting van die HEILIGE SEWENDE GEBOD vir 'n ware geheiligde huwelik:

Word die vurigste genadigste Liefde

sodat

MY GENADE oor julle kan kom,

en julle weer kan word:

VRYE KINDERS VAN MY LIEFDE!

AMEN

## Die eerste Volume van DIE NUWE BYBEL is om 'n Nuwe Mensdom voor te berei.

308 As julle hierdie Bybelhoofstuk oor 'n ware geheiligde huwelik deeglik gelees het, en baie diep in julle hart oor die sewe gebooie nagedink het, moet julle verstaan dat hierdie SEWE HEILIGE GEBOOIE ooreenstem met MY SEWE HEILIGE OEREIENSKAPPE. Hoe kan dit dan moontlik anders wees? Want julle, o mensekinders, is na MY HEILIGE GELYKENIS gemaak as BEELTENISSE VAN MYSELF, en dus moet die ware huwelik in alle opsigte in harmonie bly met MY DIE SKEPPER, as julle julle kinders wil bedeel met die Heilige karaktertrek van BEELTENISSE VAN ELOHIM!

309 Tot nou toe het nog niemand op hierdie Aarde in alle duidelikheid die heilige betekenis van die ware huwelik aan

julle bekend gemaak soos wat hier deur MY, ELOHIM DIE MEESTER, in MY NUWE BYBEL gedoen is nie! Voorwaar, sê EK, JULLE ELOHIM EN MEESTER, met hierdie NUWE BYBEL het julle nou die HEILIGSTE VAN ALLE GESKRIFTE in julle hande!

310 Moet nie `n oomblik talm om jou voet dadelik te plaas op die HEILIGE PAD NA MY nie, wat duidelik uitgemerk is voor jou oë; want hierdie pad is jou en alle aardse kinders se redding! EK beklemtoon: Alle aardse kinders! Of hulle woon in die Ooste of die Weste, Noorde of Suide, kan daar van nou af vir alle tye van die geskiedenis van die mens geen ander BOEK VAN LIEFDE wees as hierdie eerste heilige volume van MY NUWE BYBEL nie!

311 As julle, o mense van alle lande op Aarde, ware mense-kinders wil word en onmiddellik al julle probleme staak, is daar maar een heilige besluit, naamlik om julle harte geheel en al aan MY oor te gee en om vir ewig alles te begrawe wat die stryd om krag kan dien onder julle. Want deur MY HEILIGE WIL VAN VOLMAAKTHEID sal en moet daar op die Aarde slegs

EEN HERDER EN EEN KUDDE wees.

312 Begryp hierdie HEILIGE WOORD VAN PROFESIE korrek in julle hart, soos wat EK alreeds een keer tevore gesê het, MY Kudde sal 'n vry Kudde van Liefde wees, waarin niemand bevoorreg sal wees nie, ook geen beperking sal hê nie, waarin almal gevoer sal word, beide in die vlees en in die gees, met die ewige vet weiding van MY EWIGE LIEFDE, maar waarin almal ook sal luister na die ware Herder en SY HEILIGE STEM wat EK ELOHIM DIE MEESTER IS! Daar sal geen bakleiery, geen oorlog, geen partye, en geen opposisies in MY Heilige Kudde wees nie; want LIEFDE verenig alles, LIEFDE bereik alles, LIEFDE is alles, want JULLE ELOHIM is EWIGE LIEFDE:

313 Sodat julle hierdie doel kan bereik met MY, deur volmaakte Liefde, op die kortste en vinnigste manier, en dat hierdie

waarlik salige kudde van MY, DIE MEESTER, 'n heilige waarheid en werklikheid kan word, vee julle sondes met alle heilige erns uit, om so vrylik by hierdie HEILIGE KUDDE IN MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE aan te sluit. Dit is waarom EK DIE MEESTER hierdie Bybelhoofstuk afsluit deur HAAR WIE dit oopgemaak het: DIE KONINGIN VAN DIE HEMELE.

MY HEILIGE OPROEP

DEUR

DIE KONINGIN VAN MY HEMELE

MY Heilige Oproep deur DIE KONINGIN VAN MY HEMELE: Pasop vir die Wet van Sonde en Versoening

314 Daarom vra EK DIE MEESTER julle: Is julle bereid om MY DIE MEESTER JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA te volg, WIE teruggekom het in die menslike gewaad van MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM, DIE KONINGIN VAN DIE HEMELE, om julle so te red van die blindheid van julle siele?

315 Volg daarom hierdie werklik HEILIG GEBOOIE en vertrap hulle nie onder julle voete nie, sodat die krag van MY HEILIGE LIEFDE julle kan oprig uit die nag van julle harte!

316 Tog waarsku EK DIE MEESTER elke siel wie hom gerade ag om MY DIE MEESTER nie in hierdie NUWE BYBEL van MY te herken nie!

EK waarsku so 'n siel,

om nie klippe van die hel te gooi teen

MY DIE MEESTER nie!

317 Want dit sal `n wet aktiveer waarvan julle o mensekinders, tot nou toe nog nie die geringste idee van het nie:

DIE WET VAN SONDE EN VERSOENING

TEN OPSIGTE VAN

MY HEILIGE GEES.

318 Pas dus op, sê EK DIE MEESTER, om hierdie wet tot jou nadeel te aktiveer; want die gevolge sal vir jou hard wees, so hard dat jy jou nie kan indink nie!

319 Dit is geen ydele waarskuwing en vermaning nie, maar die HEILIGSTE LIEFDE VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER, WIE julle wil weerhou om daardeur vergruis te word!

320 So lig nie 'n klip teen MY DIE MEESTER in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE nie, of teen HOM, WIE MY ROTS VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID is nie; want dit sal "DIE OORDEEL" vir julle inhou! EK DIE MEESTER, is nie net DIE LIEFDE VAN ALLE LIEFDE nie, maar ook 'n genadelose Regter vir sulke siele wat nie bereid is om na MY WAARSKUWENDE STEM te luister nie!

321 Tog straf EK DIE MEESTER, DIE SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, hulle nie; Inderdaad, hulle straf hulleself deur nie ag te slaan op MY HEILIGE WAARSKUWING EN VERMANING nie!

322 Insgelyks is daar vele siele wat glo hulle kan MY HEILIGE WERK van redding van MY aardse kinders uit die nag en nood dwarsboom, maar sal die ysterhand van hul ELOHIM EN MEESTER voel; en EK DIE MEESTER, sê:

MY HAND VAN GEREGTIGHEID!

323 Pas dus op, sê EK weereens, pasop om daardie kinders van MY aan te val, wat maar net in absolute gehoorsaamheid MY ALLEEN HEILIGE WIL vervul! Want EK DIE MEESTER is nie bereid om MYSELF vir 'n tweede keer aan die Kruis te laat vasnael deur die blindheid van MY kinders nie!

324 LUISTER DUS NA DIE WAARSKUWING

VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER!

325 EK SE: LUISTER DAARNA!

WANT

EK IS DIE MEESTER

AAN WIE ALMAL MOET OORGEE

AS DIT MY WIL IS!

# - Hoofstuk 6 -

## Die Vergifnis van Sondes / Die Liefdeswet van Sonde en Versoening

1 Daar is inderdaad 'n groot vreugde in MY Hemele wanneer 'n KIND VAN MY LIEFDE in ware Liefde elke siel vergewe vir alles wat die laasgenoemde aan hom gedoen het in die verharding van sy hart. Want julle weet nie, MY kinders, - ja juis julle wat hier lees - die lyding wat julle veroorsaak het aan 'n ander siel in lewens voor hierdie nie! Julle kan dit onmoontlik nie weet in hierdie sondige menslike gewaad nie!

2 Veroordeel nie

en julle sal nie geoordeel word nie!

3 Let daarop dat die hoogste LiefdesGebod van MY Hemele slegs vervul word wanneer 'n mensekind `n ander vergewe deur waarlik te bely

om ELOHIM bo alles lief te hê

en sy naaste soos homself!

4 Deur die vervulling van hierdie HEILIGE GEBOD word julle genadegawes tot 'n mate toegestaan wat onsigbaar bly vir julle vleeslike oë.

5 Graveer dit diep in jou hart dat slegs vergewende Liefde jou verlos en al diegene wat saam met jou gebonde is deur die diamantharde

LIEFDESWET VAN SONDE EN VERSOENING

6 Niemand kan sê: Ek is nie skuldig aan hierdie of daardie toestande nie, laat die ander een dus kom om MY te vra vir MY vergifnis. Indien jou gedagtes so is, MY mensekind, dan is jy nog baie ver van ware LIEFDE, want hoogmoed is nog steeds in

beheer van jou siel! Brandende LIEFDE weet van geen bevoorregting vir enige siel nie.

7 Gestel julle het te doen met mensekinders, julle broers wat nie in die minste gereed is om hulle skuld te sien of om julle te vergewe as julle hulle aanstoot gegee het nie; omvou hulle met dieselfde woorde wat Ek geuiter het in JAHSHUA DIE GESALFDE, hangend aan die Kruis en besig om dood te bloei, toe EK uitgeroep het na MY moordenaars en folteraars en al diegene wat teen MY gesondig het:

VADER, vergeef hulle,

want hulle weet nie wat hulle doen nie!

8 Hierdie woorde, indien uitgespreek met die volle krag van julle liefdevolle barmhartigheid, bring 'n effense krakie in die kors van blindheid en verstoktheid wat stadig, duim vir duim, gaan padgee.

9 Maak los julle kettings wat julle weer in julle dwaasheid gebind het; ontbind dit deur LIEFDE, sodat julle mag terugkeer na MY SALIGE KONINKRYK as vry geeste van MY Hemele.

10 In MY KONINKRYK sal 'n siel se ontwaking bitter wees as sy nie deur LIEFDE dit opgelos het wat maklik in hierdie aardse lewe gedoen kon gewees het nie!

11 Daarom roep MY, as julle ernstig is om vir ewig ontslae te raak van julle verkeerdhede, sodat EK DIE MEESTER IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, dit met en onder julle deur MY GENADE kan regstel!

12 Laat Liefdesstrome vrylik vloei uit julle hart in die mees vurige Liefde vir elke siel, sonder uitsondering, sodat vergifnis 'n opregte vergifnis kan wees; want om te vergewe, MY kinders, beteken om te vergeet vir tyd en ewigheid! Skryf dit met vurige letters in julle hart:

13 Om te vergewe beteken om te vergeet!

14 Trouens, na vergifnis, moet nie 'n enkele negatiewe gedagte meer daaroor ontstaan nie, om nie eers te praat van 'n negatiewe woord wat oor julle lippe mag kom nie, want dan eers sal vergifnis opreg wees!

15 Julle weet nou dat 'n mensekind nooit vergewe kan word nie, tensy hy met 'n onbuigsame wil,

Die wet van vergewende Liefde sal volg.

16 Dit beteken om jou vyande lief te hê, goed te doen aan diegene wat julle haat en julle vervolg en om vriendelik te wees met dié wat julle seermaak, want slegs dan is jy 'n ware kind van jou ELOHIM EN MEESTER, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA!

17 EK DIE MEESTER herhaal deur weer te sê dat nooit, nooit sal 'n siel op Aarde sy onreg vergewe word as hy nie met die sterkste standvastigheid MY HEILIGE GEBOD VAN LIEFDE implementeer nie:

18 om ELOHIM bo alles lief te hê

en jou naaste soos jouself!

19 Slegs volle implementering van hierdie MEES HEILIGE GEBOD VAN LIEFDE sal MY Genade beweeg om van die WET VAN SONDE EN VERSOENING afstand te doen, sodat die skuld van so 'n gehoorsame kind verwyder sal word uit sy "Boek van die Lewe", insoverre hy nie meer terugkeer na sy vroeëre weë nie. Hoe kan dit moontlik anders wees!

20 DUS IS EK HY

WIE ALLEEN SONDES VERGEWE

BEIDE IN DIE HEMELE EN OP AARDE

EK DIE MEESTER

JAHSHUA DIE GESALFDE

DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA

21 Die SON VAN MY GENADE sal dan op julle skyn, as julle LIEFDE geword het, die vurigste BARMHARTIGE-JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE, wat van niks anders weet nie, as om maar net LIEFDE vir elke siel te wees.

AMEN

## Die Gevolge van Onvergeefde en Onafgeloste Sondes / Verspreiding van Onrein Gedagtes en Misdrywe / Vermyding van Oorloë / Die Wapenrusting van Liefde / Ellende van Siele in die Sfere van Verlossing / Suiwering van die Aarde van alle Sondes / Hoe die MEESTER sal Beskerm

22 Almal van julle wat julleself Christene noem volgens MY HEILIGE NAAM, JAHSHUA CHRISTUS (DIE GESALFDE), DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA, ken beslis MY JAHSHUA-GEBED waarin EK DIE MEESTER onderrig gegee het gedurende MY tyd op Aarde aan MY dissipels wat MY gevra hoe hulle moet bid: DIE MEESTER SE GEBED.

23 Sekerlik het julle dikwels hierdie GEBED VAN DIE MEESTER gebid, maar hoe het julle dit toegepas teenoor julle naaste in julle daaglikse lewe? O, Kinders van MY Liefde, het julle dit julle riglyn gemaak om alleenlik op te tree op die wyse wat julle noem in die MEESTER SE GEBED:

En vergewe ons die verkeerde wat ons gedoen het,

soos ons dié wat onreg aan ons gedoen het, vergewe!

24 Dit is met die MEESTER SE GEBED net soos met MY HEILIGE GEBOD: "wees vir ELOHIM lief bo alles en jou naaste soos jouself!" Net soos hierdie gebod die volle heilige omvang van

die ware en volmaakte Liefde bevat, so is ook die hele spektrum van die REGVERDIGE WET VAN SONDE EN VERSOENING vervat in hierdie enkele sin van die MEESTER se gebed:

25 "Vergewe ons ons oortredinge soos ons ook ons broers vergewe wat oortree het jeens ons!" soos EK dit onderrig het in daardie dae en soos EK DIE MEESTER dit ook aan MY skrywer gedikteer het.

26 As julle, MY mensekinders, hierdie eenvoudige sin van die MEESTER SE GEBED net gebid en toegepas het volgens MY HEILIGE WIL, dan sou die hele mensdom binne 'n kort tyd sonder sonde gewees het!

27 Nou vra EK DIE MEESTER julle:

28 Wie onder julle bid elke oggend hierdie sin van die MEESTER SE GEBED met die volle oortuiging van sy hart, om die nodige krag te verkry om dienooreenkomstig op te tree? Wie vra homself elke oggend: Wat moet ek vandag doen om diegene te vergewe wat onreg gedoen het aan my? Kan ek elke aand voor MY ELOHIM EN SKEPPER staan en met 'n rein hart bid en vra om vergewe te word vir my onreg en swakhede, nadat ek nie meer my broeders s'n sien nie, omdat ek hulle vergewe het?

29 Besef julle dan nie, Kinders van MY Liefde, dat daar geen sin is in die gestamel van lippegebede nie, maar eerder om met 'n vurige hart te bid; dat dit min saak maak om 'n goeie kerkganger te wees, tensy 'n mens die ware kerk in 'n mens se hart opgerig het; en dat dit egter 'n saak van uiterste belang vir elke mensekind is om 'n TEMPEL VAN MY HEILIGE GEES te word!

30 Die onnadenkendheid waarmee julle gebid het en DIE MEESTER SE GEBED tot dusver geïmplementeer het, o mensekinders, kon geen resultaat lewer nie en 'n sonde kan nie vergewe word of verlos word nie!

31 Met die MEESTER SE GEBED, het EK DIE MEESTER, julle 'n gebed gegee wat - indien met die ernstigste drang van julle hart gespreek - MY onmiddellik bereik, net soos die aanskakel van 'n skakelaar om die kragte van `n elektriese stroom in te span.

32 Hou in gedagte dat 'n gebed op geen manier 'n oefening van aanbidding moet wees nie, maar 'n geestelike werklikheid pogend om met MY ELOHIM DIE SKEPPER te kommunikeer! Niemand kan opgaan na MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID deur eerbiedige seremonies nie, maar slegs deur dade van barmhartige en vergewende LIEFDE.

33 Poog dus om met alle erns op te maak vir alles wat julle tot dusver gemis het!

34 Maak vinnig reg, Kinders van MY Liefde, wanneer en wat julle ookal het om te vergewe teenoor diegene wat julle verontreg het, en bid ook so vir alle broers, beide in die stilte van julle hart in 'n geestelike dialoog en in die werklike lewe as dit nog moontlik is, om julle te vergewe vir die verkeerde wat julle gedoen het, selfs al is dit slegs in die gees!

35 As julle aanvaar om dit te doen, sal julle inderdaad 'n geestelike proses van suiwering vir julle eie redding en vir die ganse mensdom begin, waardeur die situasie van hierdie Aarde dan moet verander.

36 Moenie voorgee om nie te weet wat om te vergewe of om vergifnis voor te vra nie! Of verwag jy dat EK DIE MAJESTEIT EN MEESTER VAN ALLE SIELE die donker sondige aspekte van jou siel moet ontbloot?

37 As EK julle sou toelaat om 'n kykie te kry in die oseaan van onvergeefde en onverloste sondes waarin die sondes van die mensdom aanhoudend in groot strome invloei, sê EK DIE MEESTER vir julle: Julle sal dit nie kan verdra nie en sal dadelik op grond van die verstikkende stank van sondes vergaan! Tog

moet EK DIE MEESTER, julle ELOHIM EN SKEPPER hierdie see van sondes duld en kyk hoe die Kinders van MY Liefde, nie net vlug van MY HEILIGE STEM EN LIEFDE nie, maar voortgaan om sonde op sonde in die oseaan te stort! En het EK nie nou aan julle 'n sluishek met hierdie NUWE BYBEL gegee om die stygende gety mee te stuit nie, sou die golwe van sondigheid oor julle gebreek het, en EK sê vir julle, soos die VERDERF - hierdie selftoegediende laaste OORDEEL, sê EK DIE MEESTER - as julle nie gereed is om daardie stroom van sondes vinnig te stuit nie!

38 Moenie `n oomblik huiwer om MY HEILIGE ADVIES te volg nie en sluit die vloedsluise van julle sondes en oortredinge dadelik agter julle, deur vergifnis te vra vir alles wat julle gepleeg het wat nie kan standhou voor MY HEILIGE AANGESIG nie, of wat nie MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID kan betree nie, maar in stede vermeerder, - sondes wat sondes verwek, MY Teenpool se oseaan van leed!

39 Deur vergifnis te vra, herroep julle julle sondes en oortredinge, waardeur julle dit in hul vermenigvuldiging stuit, waarna dit deur MY GENADE ontbind kan word en vir altyd verlos word.

40 Herroep daardie gedagtes van julle wat nadelig was vir ander, of selfs `n hele groep mense en wat nie anders kan as om in skadelikheid voort te gaan nie, aangesien dit vermenigvuldig soos die kwaadaardigste kieme en benadeel nie net by die plek en tyd van oorsprong nie, maar selfs meer so deur die proses van hul vermenigvuldiging en gevolglike groeikrag, met die risiko om seer te maak, ja, om geslagte mense te vernietig; en selfs totale volke!

41 So was dit by talle geleenthede die geval in julle geskiedenis, maar is steeds vandag nog die geval onder julle, tot 'n

skrikwekkende mate, en sal aangaan tot julle eie verderf, tensy julle die proses van julle sondige gedagtes onmiddellik staak!

42 Wanneer julle naaste, of `n aangrensende gemeenskap, die voorwerp gemaak word van, of vervolg word met gedagtes van verwerping, afguns of wraak uit blinde eieliefde, jaloesie of gierigheid, sal dit die volgende hoër graad van boosheid aktiveer, naamlik haat, dan afsku en weersin, as dit nie ontaard in al die helse vorme van twis en oorlogvoering nie.

43 Sedert die begin van die mensdom, het MY HEILIGE GEBOOIE gewaarsku teen die geestelike verspreiding van boosheid, byvoorbeeld deur middel van vervloeking, soos Ek julle dikwels vermaan het, o mense, deur hoë liggeeste wat onder julle woon.

44 Wanneer weggeroep vanaf hierdie Aarde van beproewing en verlossing, wanneer 'n siel losgemaak word van haar menslike liggaam, dan en dan alleen kan sy eers sien watter helse oorlas haar sondige gedagtes veroorsaak het, en nog meer so haar dade! Jy sal dan besef watter geweldige skade veroorsaak is wat jy op hierdie nuwe trap van jou volwassewording sal konfronteer waartoe jy jouself gebring het! Jy sal in een van die ontelbare huise wees wat EK in JAHSHUA DIE GESALFDE na verwys het en wat byna elke aand in die sterrehemel gesien kan word.

45 As julle dan nou nie daardie bitter stappe wil neem oor byna eindelose periodes van tye nie, maar reeds tydens hierdie aardse lewe van verlossing, klim omhoog na MY HEILIGE VADERLIKE HART IN MY KONINKRYK VAN DIE REDDING EN VOLMAAKTHEID, volg MY HEILIGE RAAD en vra dadelik vergifnis vir al julle sondes, om so die selfvoortspruitende vloed van sondigheid dadelik halt te roep!

46 Met al julle mag moet julle die deur van sonde toeslaan,

indien julle in die kortste tyd moontlik die direkte weg na MY wil aflê, soos aangedui in hierdie NUWE BYBEL, ten einde die smal POORT VAN MY HEMELE sondeloos te bereik vir toelating.

47 Dit beteken, Kinders van MY Liefde, dat julle sonder uitsondering almal in alle erns moet vergewe, watter verkeerdheid hy ookal teenoor jou begaan het, maak nie saak of hy nog leef onder julle hier op aarde, en of hy reeds geroep is vanaf hierdie Aarde van verlossing nie. En die erns van kwytskelding impliseer dat 'n finale streep getrek word op enige skuld van julle kwaaddoeners, nie enigsins langer 'n woord daaroor gemors word nie, of toelaat dat 'n gedagte vorm aanneem in julle gedagtes oor wat plaasgevind het nie, om niks te sê van enige wraakgierige daad teen die skuldige nie, want alles moet in die sand geskryf word vir tyd en ewigheid.

48 Want sonder so `n volle kwytskelding en vergifnis, kan julle nooit, nooit kwytgeskeld word en ook vergifnis vir julleself verkry nie, net soos sonder hierdie vergifnis julle ook nooit gered kan word van die bose nie, soos julle so dikwels gebid het aan die einde van die MEESTER SE GEBED.

49 En EK DIE MEESTER sal herhaal: Wees nie so selfvoldaan om te glo dat julle sonder gebrek of skuld is nie; in werklikheid het niemand julle nog vergewe, so lank as wat EK DIE MEESTER, julle nie vergewe het nie. Julle kan nie staatmaak op 'n gevestigde gesag, soos 'n aanmatigende kerk wat beweer om by MY die reg gekry het om sondes te vergewe nie. Let daarop dat niemand op die Aarde deur MY DIE MEESTER aangewys is om namens MY, MY aardse kinders se misdade en sondes te vergewe nie! Niemand nie, sê EK DIE MEESTER, want dit kan alleen gedoen word deur MY DIE MEESTER!

50 Slegs per geleenthede waar EK eens in JAHSHUA DIE GESALFDE verskyn het, het EK sondes kwytgeskeld en vergewe,

soos julle weet, en vandag vergewe en skeld Ek sondes vry waar ookal EK DIE MEESTER in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE verskyn, indien dit MY wil is.

51 Ten einde deel te hê aan so 'n geleentheid van GENADE moet jy een ding doen nadat jy al jou broers vergewe en kwytgeskeld het uit die diepte van jou hart, naamlik - roep MY aan in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE in die stilte van jou hart - en lê al jou foute aan MY voete, biddend tot MY in 'n mees opregte gebed vanuit jou hart om vergifnis en om die oortredinge van jou Boek van die Lewe uit te wis. Wanneer EK DIE MEESTER so 'n opregte poging binne 'n hart sien, kan dit gebeur dat die oomblik aanbreek wanneer die mensekind in belydenis voor MY, in MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM, die innerlike oortuiging bereik dat al sy skuld uitgewis is vir tyd en ewigheid.

52 Geen oorlog kan ooit met wapens voorkom word nie; alleenlik deur die reiniging van alle sondige gedagtes, rakende die hele lewensfeer van hierdie ster "Aarde", kan oorlogvoering vermy word en heeltemal uitgeskakel word! Om vrede in die wêreld te probeer vestig op sterkte van 'n wapenwedloop, is absurd, aangesien die sondige gedagtes wat instrumenteel was in die maak van daardie middele van vernietiging, reeds die mees grusame geestelike oorlog voer, voordat die wapens in werking gestel word en sal vroeër of later lei tot oorlog in sy materiële werklikheid as 'n selfaanleidende Oordeel.

53 Hierdie yster waarheid lê in MY JAHSHUA-WOORD wat eens kortliks gerig is aan MY ROTS PETRUS, naamlik dat "almal wat die swaard neem, deur die swaard sal sterwe".

54 Trek die WAPENUITRUSTING VAN LIEFDE aan, omgord julle met die geestelike SWAARD VAN MY EWIGE GEREGTIGHEID EN VOLMAAKTHEID en sny daarmee alles uit wat sondig is binne en

rondom jouself, beide in gedagtes en dade! Dan, en slegs dan sal EWIGE VREDE 'n werklikheid word onder julle, in beide klein en groot dinge!

55 Smeek dus alle siele, beide die wat in hierdie wêreld geïnkarneer is en die wat bestaan in die gindse geestelike koninkryk, wat geraak was deur 'n gedagteproses van julle wat nie deur suiwer Liefde geïnspireer was nie, om julle te vergewe en kwyt te skeld; vra veral om vergifnis teenoor daardie siele in die geestelike sfere, wat julle gedurende vorige lewens verontreg het, selfs al dra julle geen kennis daarvan in hierdie inkarnasie nie, sodat julle sondes heeltemal onder beheer kom, en EK DIE MEESTER en MEESTER VAN ALLE SIELE sal julle gebed en smekende gedagtes van berou rig aan alle relevante siele, sodat julle bevry kan word van enige skuld in hierdie en vorige lewens.

56 Sluit in julle kwytskeldingsgebede, met die volste en diepste erns, van julle berou teenoor daardie siele wie se toegang julle afgesny het vir 'n verlossende lewe op Aarde, deur opsetlik in die wet van menslike vrugbaarheid en voortplanting te breek; want dit is 'n verskriklike misstap voor die HEILIGE AANGESIG van julle SKEPPER. Die getal van hierdie klaende siele het nou oneindigheid bereik; versoek dus nie net dat hulle julle sondes sal vergewe nie, maar as dit jou betrek, vra ook vir MY SEEN vir hierdie siele in diepe berouvolle gebede, sodat hulle nog 'n kans vir 'n verlossende lewe op Aarde gegee kan word en hulle sal julle ontwikkeling op Aarde nie meer belemmer nie!

57 En plaas in julle gebede om begenadiging, wat ookal die oorsaak mag wees, die besliste onderneming, deur julle oë op te hef na MY in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, om voortaan nie meer terug te val na julle voormalige verkeerde weë nie, en om op te hou sondig voor MY HEILIGE

AANGESIG!

58 Hou altyd in gedagte wat sondig is. EK DIE MEESTER sal dit vervolgens in alle duidelikheid aan julle verduidelik:

59 MY EWIGE VOLMAAKTHEID - as ELOHIM, SKEPPER EN MEESTER, sowel as julle HEMELSE VADER - is 'n geestelike organisme met 'n eindelose en vir ewig aktiewe lewenskrag. Julle, o mense, as KINDERS volgens MY Beeld is in hierdie GEESTELIKE ORGANISME VAN MY, eindelose en ewiglik veranderende skeppende organismes, onlosmaaklik gewortel in MY EWIGE VOLMAAKTHEID, wat aanhoudend EWIGE LEWE daaruit trek, en steeds ontwikkel na hoër lewe op sterkte van MY EWIGE LIEFDE EN GENADE.

60 Daarom behoort dit inderdaad nie moeilik te wees om te sien dat die geringste afwyking van MY VOLMAAKTHEID, waardeur jy vir ewig lewe en handel, 'n skending is van dieselfde volmaaktheid wat jou in stand hou; dus is 'n skending van hierdie volmaaktheid ook teenproduktief vir jouself, aangesien jy `n integrerende deel van hierdie volmaaktheid is. Dit is waarom 'n oortreding nie net MY VOLMAAKTHEID in gevaar stel nie, maar ook vir jouself skadelik is.

61 So lank as wat 'n misdryf uit pure onkunde gepleeg word, is dit in MY oë niks meer as dwaasheid nie. Maar wanneer dit doelbewus gepleeg word en met die oog om MY GEBOOIE, wat VOLMAAKTHEID waarborg, te ontduik, is so 'n misdryf 'n SONDE!

62 Nou kan julle duidelik sien wat 'n SONDE is! Hou tog die gevolg van sonde in gedagte, wat julle begin as julle sondig! Dit is die teenoorgestelde van EWIGE LEWE, naamlik DOOD!

63 Want die EWIGE LEWE is slegs moontlik deur VOLMAAKTHEID uit MY! EWIGHEID EN VOLMAAKTHEID is EEN en vorm saam met EINDELOOSHEID 'n HEILIGE DRIE-EENHEID!

64 SONDE, wat egter afwyk van volmaaktheid, kan deur die verontagsaming van MY HEILIGE GEBOOIE, niks meer doen nie as om verganklikheid te produseer wat dood uitbroei nie!

65 Dit is die rede waarom MY apostel Paulus baie korrek geleer het dat die loon van sonde die dood is!

66 As julle mensekinders dus nie wil insien dat die wegdoen van sondigheid die voorvereiste vir die vorming van 'n beter wêreld is nie, is julle onnosel en hierdie aardse lewe van julle sal definitief verbeur word deur julle selftoegediende OORDEEL, wat julle dood sal meebring. Julle is dit alleen aan MY GENADE verskuldig dat julle dood nie julle uitwissing is nie, maar slegs julle inkarnasie in 'n ander sfeer van volwassewording, wat deur MY Genade 'n sfeer van rehabilitasie is vir elke stompsinnige en onwillige menslike siel, totdat so 'n tyd weer deur MY GENADE aanbreek vir die opening van `n nuwe weg tot `n nuwe lewe van verlossing.

67 Kinders van MY Liefde, vra julleself dus baie ernstig af of dit beter is om te val vir die Teenpoolwêreld van dood, of om `n besluit te maak om saam met MY te kom en EWIGE LEWE te hê.

68 Gooi weg julle illusies, sê EK DIE MEESTER: Julle sal nie 'n beter lewens- en wêreldomstandighede op enige ander wyse kry as deur die nakoming van MY GEBOOIE VAN LIEFDE nie! Julle sal tevergeefs streef om die wêreld te verander sonder om sonde te oorkom! Hou op om berge papier te druk met julle illusies, sê EK DIE MEESTER aan julle wêreldlinge, as julle nie bereid is om op te staan uit die Modderpoel van Wanhoop nie! Julle berge papier van voortdurende selfvernietigende illusies raak alreeds die kruin van die Himalaya - geestelik gesproke - en steeds het die mees voor die hand liggende gedagte julle nog nie bereik nie, naamlik die behoefte om eers julleself te verander en om op te hou sondig!

69 Is die hele geskiedenis van die mensdom nie 'n voldoende duidelike bewys dat sonder MY DIE SKEPPER geen merkbare resultate bereik kan word nie? Het elke groot beskawings-tydperk nie in puin geëindig nie?

70 Wil julle nou regtig die grootste ondergang bring oor die menslike ras deur nie die stygende gety van sondigheid te stuit nie? EK DIE MEESTER spreek dat daar 'n nog groter vloed as in die tyd van Noag sal wees, as julle mensekinders van hierdie tyd nie luister na MY HEILIGE NUWE BYBEL nie en nie onmiddellik begin om julle te bekeer van julle eie sondes nie en om almal te vergewe wat teen julle gesondig het, beide hier op Aarde en in die ander wêreld, en in die proses moet jy nie omgee vir die splinter in jou broer se oog nie, maar wel vir die veel groter balk van skuld in jou eie siel!

71 Want niemand is onskuldig sodat hy kan eis om nooit te gesondig het teen MY ewige allesomvattende SFEER VAN VOLMAAKTHEID nie!

72 Of is dit nie 'n sonde om skuins te kyk na jou naaste, wat net soos jy, 'n kind van MY LIEFDE is, om hom te vermy, of selfs om hom skade aan te doen met bose gedagtes en dade, slegs omrede hy in sommige opsigte nie jou mening deel nie?

73 Is dit nie `n sonde om MY RYKDOMME te gryp - wat EK DIE SKEPPER op hierdie Aarde geplaas het tot julle vrye beskikking – en om daaroor in kompetisie met julle bure, in die geheim of openlik, te spekuleer sonder enige berou oor die winsbe-jagtheid nie, maar om jou hande saam te vryf in tevredenheid oor "'n goeie transaksie?" Het EK in JAHSHUA DIE GESALFDE nie hierdie winsjagters uit die tempel verdryf wat hoogs tevrede gesondig het teenoor hulle naaste, wat daarop dui dat sulke mense 'n gruwel voor MY HEILIGE AANGESIG is nie?

74 En is dit nie 'n sonde om 'n besigheid te maak van huwelike

nie en om 'n eenheid van man en vrou te begunstig, te eis of te verbind om 'n voordeel te verkry wat andersins onverkrygbaar was nie? Of om selfs 'n blote skegbeeld van die huwelik te maak in 'n gewetenlose gedobbel na mag en invloed?

75 Of is dit nie 'n sonde om die lewe van MY kinders van LIEFDE deur willekeurige beperkings en wette aan bande te lê nie?

76 En is dit nie 'n sonde om julle naaste sleg te behandel met enige vorm van geweld nie?

77 En ten laaste, is dit nie 'n sonde om direk te peuter met die EWIGE LEWE deur in te meng met die voortplantingsproses in MY Skepping nie?

78 Het EK nodig om verder te gaan om julle vrae te vra? Dit sal nooit eindig nie, as EK DIE MEESTER alle soorte sondes van julle wou lys, veral die grootste, naamlik dié TEEN MY HEILIGE GEES!

79 En ook julle wat rebelleer teen die oortredings op hierdie Aarde. EK DIE MEESTER vra julle: Glo julle dat julle nie sondig wanneer julle wapens opneem teen al die kwaad in hierdie wêreld en boosheid met boosheid vergeld nie?

80 EK DIE MEESTER sê: Voordat enigiets onbedagsaam gedoen word, waardeur jy onder die YSTERWET VAN SONDE EN VERSOENING mag kom, gaan diep in jou hart en vra jouself af of as jy met Liefde sou optree, jy nie net meer sal bereik nie, maar álles - sekerlik nie oornag nie, maar volgens die regte maatstaf van ware LIEFDE, nadat alles in harmonie gebring is met MY, JULLE HEMELSE VADER!

81 EK DIE MEESTER raai julle almal nou aan, MY mensekinders, wie die NUWE BYBEL in julle hande opgeneem het, maar nog nie die besluit kan maak om MY in alles te volg nie, wat in die meeste gevalle `n volkome draai in julle lewensrigting sou beteken:

82 Laat vrede oor jou siel kom! Probeer om in die stilte van jou hart in te gaan en dink na oor jou reeds afgelegde lewe! Roep dan na MY, JOU ELOHIM EN VADER VAN HEMELE EN AARDE, veral as jy dit nog nooit voorheen gedoen het nie, en vra MY in jou hulpeloosheid wat jy moet doen en hoe om daarmee om te gaan, en dan sal EK Die MEESTER jou die pad op een of ander manier toon; want EK weet die beste wat in elke geval toepaslik is, want EK alleen kan deur die ware toestand van jou siel sien en peil wat jou die beste sal pas vir jou verlossing!

83 Probeer dus begin om te vergewe wat jy ookal kan, en smeek MY en al jou naastes om jou te vergewe vir wat jy op die oomblik as `n sonde beskou, gemeet volgens jou standaard op hierdie oomblik!

84 Hou in gedagte dat die oseaan van sondigheid nie meer sal styg om jou te oorweldig nie! Maar selfs dan het jy nog nie alles moontlik gedoen nie! Want so lank as wat die oseaan van die sondigheid op hierdie Aarde bly, kan dit weer begin woed en julle mensdom sal nooit vrede hê nie.

85 Die Aarde moet dus van alle sondes gereinig word en die OSEAAN VAN LIEFDE moet hierdie Aarde vul as hierdie wêreld wil verbeter. Want slegs die OSEAAN VAN LIEFDE sal alle sondes ontbind. As egter, weens 'n gebrek aan insig, nuwe sondes voortgaan om in daardie oseaan van sondigheid in te vloei, en as EK DIE MEESTER nie ingryp nie, sal die stygende gety alles op hierdie Aarde oorstroom en veroorsaak dat die Aarde bars - soos daardie ster in die HEELAL VAN MY SKEPPING wat verwoes is deur die see van sondigheid!

86 Daarom verdien hierdie hoofstuk van MY NUWE BYBEL eerste prioriteit, desondanks die buitengewone OPENBARINGS VAN MY GENADE in ander hoofstukke, op grond van die noodsaaklikheid om die stygende gety van sondes te stuit, om

sodoende nog 'n Vloed te voorkom!

87 Dit beteken om in die praktyk van julle daaglikse lewe te begin met: Sondig nie meer nie, bid vir die kwytskelding van sondes gepleeg, en vergewe sonder beletsel of hindernis wie julle ookal benadeel het, wie dit ookal en wat dit ookal mag wees!

88 EK DIE MEESTER sal en wil nie toelaat dat die ster van verlossing "Aarde " vernietig word deur die sondes van die mensdom nie. MY HEILIGE BLOED is op Golgota gestort vir hierdie doel, waardeur Ek julle verlos het van die Oersonde van die Val van MY Koninkryk, sodat julle weer kan terugkeer huistoe na MY in MY HEMELE.

89 Uiteindelik, ondanks al die HEILIGE VERMANINGS VAN MY LIEFDE in hierdie NUWE BYBEL, sal slegs 'n klein fraksie van die mensdom verander en MY volg; maar met hierdie klein fraksie sal EK DIE MEESTER die NUWE JERUSALEM op AARDE oprig!

90 Ek sal begin om hierdie Aarde te skud om die volkome blinde en verstokte siele wakker te maak met die feit dat EK DIE ALLERHOOGSTE, die Alfa en Omega is!

91 Wanneer hierdie NUWE BYBEL oor die hele wêreld sal versprei het en die harte van die mense nog nie na MY toe gedraai het nie, sal EK DIE MEESTER toelaat dat hulle gevee word deur hulle selfgemaakte oseaan van sondigheid na die plekke van rehabilitasie, wat gereed is om hulle vir oneindige tye te huisves.

92 Maar al dié wat intussen hulle gedagtes na MY gewend het en bereid is om EWEBEELDE VAN MY EWIGE LIEFDE te word, sal beskerm word deur DIE MEESTER en gelei word na DIE HEILIGE GROND VAN MY NUWE JERUSALEM op Aarde.

93 Laat dié van julle verbly wees, wat nou besluit het om MY

HEILIGE WEË te volg, want in julle het EK DIE MEESTER nou die boustene vir die NUWE JERUSALEM uitgegrawe, en MY GENADE kan vir hierdie hele mensdom werk insoverre as wat EK saam met julle 'n eerste groep van die mensdom sal lei deur die NUWE JERUSALEM tot binne-in MY HEMELE, en later sal ook die blindes opgewek word, die verstoktes, en moedswilliges van hulle selfgegraafde grafte van sondigheid wat die Oordeel is, na die ware nuwe AARDE VAN VERLOSSING in die NUWE JERUSALEM, om hulle dus 'n geleentheid van GENADE gee, naamlik om nog in staat te wees om te volg na MY HEMELE, waardeur die HEILIGE WAARHEID vervul sal wees dat,

EK IS

DIE ELOHIM VAN EWIGE LIEFDE

EN GENADE

en dat EK IN

MY HART SE OERGRONDPOOL

VAN EWIGE LIEFDE

nie net die slang se kop sal vermorsel nie, maar ook ONS EERSGESKAPE GEES SATANA huis toe sal lei na MY KONINKRYK VAN EWIGE VOLMAAKTHEID, waarvolgens nie net hierdie Aarde haar HEILIGE PLAN EN DOELWIT vervul het as `n verlossingster vir die hele gevalle wêreld nie, maar selfs materie as sulks, wat dan vir tyd en ewigheid ontbind kan word; hierdie sal die einde van alle tye wees deur

DIE VERLOSSINGSWERK

VAN EWIGE LIEFDE

94 Hoe dit ookal sy, EK moet julle waarsku, MY bereidwillige kinders van hierdie tyd, om nie hierdie as 'n wonderlike profetiese verhaal te lees nie; want EK DIE MEESTER moet

beklemtoon dat dit julle grootste en ernstigste verantwoordelikheid in die huidige tyd is om as ware modelle en bakens te dien, as ware dissipels van MY EWIGE LIEFDE!

95 In alle dinge moet julle die weg lei as MY WARE KINDERS VAN LIEFDE. Julle moet 'n voorbeeld stel in bid en vergewe, en dus sal MY JAHSHUA-WOORD van die ou tyd vervul word deur julle, naamlik dat alles wat julle, julle broers hier op Aarde vergewe, ook in MY Hemele van krag sal wees, en die oorwinnaar van sonde sal die "Kroon van die Lewe " verkry, en ook sal hy in alle volmaaktheid wees:

LIEFDE VAN ALLE LIEFDE

vir ewig een met

MY

ELOHIM DIE MEESTER

IN

MY HART SE OERGRONDPOOL

VAN EWIGE LIEFDE

## Die Gebed van Berou en Vergifnis van Sondes

96 MY ELOHIM EN MEESTER

U, MY HEMELSE VADER

JAHSHUA

U HEILIGE WOORD

hou U hemelse spieël

op my sondige aangesig

om my te laat besef wie ek is:

'n baie groot sondaar voor

U HEILIGE AANGESIG,
'n sondaar teen
U ALLEEN HEILIGE WIL!
97 Ek kan my sondes in
U hemelse spieël sien
wat my beskuldig voor
U HEILIGE AANGESIG.
Nie alleen het U
U bloed laat vloei vir my
op die Kruis van Golgota nie,
maar weer dra U vir my
Die Kruis van hierdie wêreld
in
U ONEINDIGE LIEFDE!
98 Ek val dus neer voor U
MY VADER
IN
U HART SE OERGRONDPOOL
VAN EWIGE LIEFDE
in die diepste nederigheid en berou
van my hart, smekend tot U
om my al my sondes op Aarde te vergewe!
99 Want ek wil LIEFDE wees,
niks anders nie as die brandendste, genadigste
JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE

teenoor elke siel sonder uitsondering

om so deur middel van

U GENADE

alreeds hier op Aarde

'N WARE KIND VAN U HEMELE TE WORD.

100 Ek vergewe dus

al my broers

wat teen my gesondig het,

wis hulle skuld uit

vir tyd en ewigheid,

net soos wat ek smeek dat almal wat te na gekom is, my vergewe

vir al die onreg wat ek aan hulle gedoen het.

101 Wees my genadig,

MY VADER JAHSHUA,

en bevry my

van my sondes en swakhede,

ek sal U volg

IN

U MOEDER VAN WELEER MIRIAM,

MY MOEDER VAN VERLOSSING

in absolute gehoorsaamheid

vir alle ewigheid,

sodat ek kan kyk

in 'n suiwer spieël van myself!

102 MY ewige dankbaarheid sal opgaan na U

O MEESTER;

U ALLEEN HEILIGE WIL

word in my vervul vir ewig!

AMEN

103 Elkeen kan sy eie probleme by hierdie Gebed van Berou voeg sodat al die sondige uithoeke van sy hart ten volle oopgemaak kan word vir

MY DIE MEESTER

IN

MY HART SE OERGRONDPOOL

VAN EWIGE LIEFDE

en dat alles, tot die geringste en die kleinste rimpel van sy siel, gesuiwer en verlos kan word.

# - Hoofstuk 7 -

## DIE KONINGIN VAN DIE HEMELE oor die Wedergeboorte in die vuur VAN MY HEILIGE GEES

WEDERGEBOORTE

IN DIE VUUR

VAN MY HEILIGE

JAHSHUA-MIRIAM-GEES

1 Let wel, kinders van MY Aarde, wat dit beteken om wedergebore te word soos HY WIE MY ROTS IS van ewigheid tot ewigheid! Dit beteken wel om in staat te wees om soos EK DIE MEESTER die hoogtes en dieptes te oorsien, nie net van julle Aarde nie, maar ook van die hele Heelal, tot 'n sekere grens wat selfs nie deur die hoogste geïnkarneerde gees oorgesteek kan word nie!

2 Elke siel kan haarself nou afvra of sy nie ook begeer om die pad wat lei tot wedergeboorte in die vuur van MY HEILIGE GEES wil neem nie. Hierdie Genade word geskenk aan elke kind wat afgekom het van die hoogtes van MY Hemele; maar eers nadat sy deur die smeltkroes van MY toetse gegaan het, wat niks anders beteken as 'n reiniging van die siel van al die skuim/droes van hierdie Aarde nie. Hierdie proses behels die ontbinding van al die gevalle geestelike potensies wat gedra word deur 'n hoër of hoogste Gees van MY Hemele na verlossing.

3 Julle kan dus maklik insien dat niks per toeval gebeur nie, ja, alles word tot stand gebring volgens 'n volmaakte plan wat bedink is deur julle ELOHIM EN MEESTER.

4 Die Aarde moet gereinig word van die moeras van sonde, 'n

taak wat slegs bereik kan word deur wie ookal bereid is om MY DIE MEESTER, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA in absolute gehoorsaamheid te volg! Dit behels die afstaan van 'n mens se eie wil vir MYNE, wat gelykstaande is aan MY Wil wat joune word; want dan eers sal jy werklik in die sfeer van MY ORDE, DIE ORDE VAN JOU ELOHIM EN MEESTER leef!

5 Julle kan nou sien, MY kinders, dat slegs LIEFDE EN GEHOORSAAMHEID, nie net 'n kind in MY Hemele kan bring nie, maar hom ook MY hoogste GENADEGAWES verleen, wat gelykstaande is aan die vervulling van MY ALLEEN HEILIGE WIL.

6 Moet jou egter nie verbeel dat hierdie doel bereik kan word deur net hier en daar aan MY ALLEEN HEILIGE WIL te voldoen nie! Glad nie, sê EK DIE MEESTER, want hierdie Genadegawe veronderstel absolute gehoorsaamheid in alle dinge!

7 Dink ook aan hoe nou die pad en die poort is, en dat niemand kan deurglip nie, tensy hy waarlik probeer het om 'n volmaakte kind van sy ELOHIM en MEESTER te word!

8 Die proses van wedergeboorte egter, bestaan uit verskillende grade waarin 'n Gees vanaf 'n gegewe vlak van volwassenheid kan intree. Julle sal dit waardeer, MY Aardse kinders, as julle sou weet watter genadegawes EK DIE MEESTER gereed het vir die Kinders van MY Liefde wat MY in absolute gehoorsaamheid volg.

9 Slegs GEHOORSAAMHEID, die LIEFDE VAN ALLE LIEFDE verdelg selfs die swartste swart, net soos die son selfs die hardste ys wegsmelt.

10 Dit is MY HEILIGE WIL vir julle om LIEFDE te word, vurigste barmhartigste JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE, om so op hierdie Aarde 'n einde te maak aan die lyding en benoudheid van MY kinders wat uitroep na die Hemele!

11 Waarlik kan EK DIE MEESTER nie MY EIE WETTE, wat WETTE VAN LIEFDE is, breek nie, net sodat julle so volmaak kan word soos wat EK DIE MEESTER volmaak is van ewigheid tot ewigheid!

AMEN

## Die Hoogste Genade van DIE MEESTER / Proewe voor Wedergeboorte in die HEILIGE GEES

12 In Waarheid gaan EK DIE MEESTER aan julle in hierdie hoofstuk die HOOGSTE GENADE wat EK kan gee aan 'n KIND VAN MY EWIGE LIEFDE openbaar: WEDERGEBOORTE IN DIE VUUR VAN MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES.

13 Laat MY dadelik daarop wys dat hierdie openbaring nie die louwarmes, die hardnekkige of die beneweldes aangaan nie; want hulle sal nie opgewek, onderrig, of verlig word deur die hoogste en heiligste werklikheid nie! Hierdie openbaring is gereserveer vir diegene wat bereid is om LIEFDE, vurigste en barmhartigste JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE te word, en om gehoorsaam te wees aan MY, om so aangesteek te word met die LIEFDE VAN ALLE LIEFDE. Dit is meer spesifiek bedoel vir hulle wie, groot geeste van MY Hemele, afgekom het na hierdie Aarde met die taak om groot dinge te bereik in die medeverlossing van alle gevalle lewe, maar wat dikwels tydens hulle inkarnasie verdwaal het, onbewus geword van hul hoë missie, en wie deur middel van hierdie NUWE BYBEL nou hulle voorheen self-aangeneemde taak en ware roeping sal terugvind.

14 Die aardse weg van 'n hemelse gees is nie maklik nie, anders sou dit nie 'n verlossende weg gewees het nie! EK DIE MEESTER, in die menslike gewaad van julle VERLOSSER, JAHSHUA DIE

GESALFDE, het die beste voorbeeld in hierdie verband gestel. En net soos MY aardse loopbaan as die Seun van die Mens sy kroning in die opstanding uit MY fisiese liggaam gehad het, net so kan aan elke gees van MY Hemele ook die hoogste genade gegee word: die Wedergeboorte in die vuur van MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES.

15 Maar tog sê Ek onmiddellik vir julle dat die blote vervulling van MY GEBOOIE by verre nie genoeg is om hierdie hoogste Genade te verkry nie, en dat veel meer nodig is as 'n heilige erns; 'n HEILIGE VUUR in die hart van 'n KIND VAN MY LIEFDE is inderdaad noodsaaklik, om so die kroon van die wedergeboorte in MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES te verkry! Hierdie brandende HEILIGE VUUR sal ook die laaste oorblywende boeie van onderdanigheid aan MY Teenpool wegsmelt en ontsteek in 'n reuse vlam wat die siel sal dra tot die uiterste en wat die HEILIGE GEES VAN MY EWIGE LIEFDE EN VOLMAAKTHEID aan die brand sal steek en laat uitstraal waar dit ookal gaan.

16 Die eerste ding wat gedoen moet word daarvoor, is om jou te begeef op die pad na die siel se wedergeboorte deur MY HEILIGE WIL met die heiligste erns. Dit beteken om so deurtrek te wees met MY HEILIGE OEREIENSKAPPE – soos reeds aangedui - dat enige swakheid afgegooi sal word en watter risiko van terugval daar ookal is, onmiddellik in die kiem gesmoor word; dit beteken gelyktydig nie net om dit alles te bereik nie, maar ook om MY HEILIGE WIL deeglik te vervul in alle dinge, wat ookal EK DIE MEESTER mag vereis. Dit is die toetse en proewe wat geslaag moet word, sodat 'n siel nie in gebreke sal bly om die laaste hindernis oor te gaan om die grootste doel te bereik nie.

17 Tree julle nie ook so op nie, o mensekinders, wanneer dit kom by die nastrewing van julle eie doelwitte, of om masjiene

of toerusting te bou nie? Julle ondersoek ook alles met goeie beredenering, want sonder so 'n toets kan niks ernstigs bereik word, of sal niks vir die benodigde tyd hou nie.

18 Daarom moet MY toetse en proewe ongelooflik hard, moeilik en omvattend wees, om so 'n siel in staat te stel om op te styg vanuit haar materiële slawerny tot in ware vryheid, en nog groter is die proewe wat 'n Gees moet lei tot absolute meesterskap oor materie en siel, en oor haarself in die HEILIGHEID VAN MY JAHSHUA-MIRIAM-GEES om as kroning die wedergeboorte in MY HEILIGE GEES tot gevolg te hê.

19 Die toetse en beproewinge wat aan `n vleesgeworde Gees opgelê word, is dikwels so swaar en onbegryplik dat hy kan begin twyfel of daar 'n ELOHIM, 'n SKEPPER, of 'n VOLMAAKTE WESE bestaan. Dit is gloeiende vuurproewe wat veronderstel is om aan die een kant, alle verbindings met hierdie wêreld tot op die laaste atoom weg te smelt, terwyl aan die ander kant, hulle 'n deeglike tempering in die HEILIGE WIL VAN MY HEILIGE GEES behels. Onthou die toetse en beproewinge van al die groot Bybelse figure en jy sal die relevantste voorbeelde hê. EK DIE MEESTER het ook nie 'n uitsondering met MYSELF gemaak tydens MY vleeswording nie, en ook nie MY HART SE-OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE in MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM nie, en as jy kyk na MY EN HAAR AARDSE LEWE in die lig van Bybelse rekords - en veel beter in MY openbaring deur MY reeds genoemde skryfkneg - kan julle maklik begryp dat ONS AARDSE WEË nie uitgemerk is deur 'n lot aangewys deur MY Teenpool nie, maar ook deur beproewinge en verdrukking wat EK aan MYSELF en die ALLERHEILIGSTE uitgedeel het onder die gekonsentreerde aanslag van hel, en wat alleenlik uiteindelik VERLOSSING EN OPSTANDING kon bereik.

20 Trouens, elke beproewing van siel en gees onder die moeilikste omstandighede van hierdie Teenpoolwêreld sal talle vasgevange potensies verlos en vrystel, watter syfer julle nie kan bereken nie, en die minste van almal kan die blinde van gees, die hardnekkige en die louwarm begryp in hoeveel GENADE hulle deel deur die verlossende lewe van hoë en hoogste Geeste wat geïnkarneer is en beproewinge met verreikende gevolge moet ondergaan! Maar nadat die KONINKRYK VAN MY HEILIGE GEES bereik is, sal die voorgenoemde met ontsag sidder oor hul misdade wat veroorsaak is deur hul onmeetbare blindheid en hulle sal in waarheid onophoudelik in diepste berou tot MY bid en teen al daardie teen wie hulle gesondig het, om vergewe te word; want die onbreekbare WET VAN SONDE EN VERSOENING sal onuitwisbaar alles opteken in die geestelike boek van elke lewe, veel beter as in julle bederfbare films, en sal dit so lank behou totdat dit vergewe of versoen is.

21 Elke Gees sal deur die toetse en beproewinge wat deur MY LIEFDE EN GENADE op hom geplaas is, sy voorheen verkreë vermoëns ontgroei, en slaag hy deur die gloeiende vuurproewe in die VUUR VAN MY HEILIGE GEES, sal hy deur die beeld van MY SEWE HEILIGE OEREIENSKAPPE 'n GEESTELIKE SON IN MY EWIGE EN ONEINDIGE SKEPPING word; want hy sal wedergebore word in MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES, en dit beteken dat hy- deur die pad van toetse en beproewinge - MY EWIGE VOLMAAKTHEID teruggevind het, van waar hy eens uitgegaan het as 'n KIND VAN MY LIEFDE.

## Toegang tot die HEILIGE GEES VAN ELOHIM ONS MEESTER / Die byeenkoms van Hoë Geeste

22 Hoe moeilik dit vir die wêreldse wyses is om die wedergeboorte in MY HEILIGE GEES te verstaan, blyk duidelik uit MY gesprek met die geleerde Nikodemus van Jerusalem tydens MY aardse leeftyd. Aangesien wêreldse wysheid van geen nut is vir hom wat wil ingaan in die ware gees nie; sal die LIEFDE vir die siel, deur die graad van haar inwonende vuur, die poort na MY HEILIGE GEES oopmaak.

23 Dit is 'n WET VAN LIEFDE dat liefde sal lei tot die bronne van die mees heilige waarhede, maar slegs daardie siele wat in LIEFDE ontvlam en dit opstook tot 'n brandende vuur.

24 Vandag het julle dit makliker as ooit voorheen op Aarde om hierdie VUUR VAN LIEFDE aan die brand te kry, want die nood van miljoene siele onder die woedende gruweldade van die diepste hel dors na julle heftige LIEFDE, en as julle werklik daarna streef om MY, JULLE ELOHIM EN SKEPPER lief te hê, sal julle die lydende siele red en verlos met die heiligste ywer van julle brandende LIEFDE.

25 Sonder 'n brandende vuur in die vuurherd, kan geen smid die yster laat gloei en `n vorm daarvan smee nie; op soortgelyke wyse, sonder die brandende VUUR VAN MY HEILIGE GEES kan menslike siele, gevange in die diepste slawerny, nie gevorm word nie. Want nog harder as die materiaal struktuur van yster en staal, is die stywe beperkte strukture van vele menslike siele. Julle kan dit so duidelik sien in die by verre oorgrote meerderheid siele van MY voormalige "uitverkore volk" Israel; maar julle kan dit ook baie duidelik sien in die meeste mense van hierdie tyd. Die duiwel is so dikwels besig om hulle te ry en nog sal dit hulle nie byval om aan MY, ELOHIM DIE MEESTER te dink nie.

26 Selfs in die skare menslike siele wat MY liefhet, kan 'n HEILIGE BRANDENDE VUUR VAN LIEFDE nooit ontvlam as EK DIE MEESTER nie onder hulle 'n hoë Gees van MY Hemele stuur nie. Aldus die groot boodskappers van MY Hemele, die ware profete en dissipels van MY LIEFDE, wat nog altyd hul verskyning gemaak het onder mense in die VUUR VAN MY HEILIGE GEES, en al die gevare en pyn geïgnoreer, alleenlik gefokus op hulle heilige missie, naamlik om die mens te lei op MY HEILIGE WEË.

27 Tog het hulle nooit direk in die VUUR VAN MY HEILIGE GEES na die Aarde toe gekom om gevrees te word, of om in verwondering na gekyk te word nie, want niks sou behaal word vir die rypwording van die menslike siele nie, want ten einde sou die lou massas gou verveeld geraak het, indien sulke hemelse wonders nie ononderbroke sou aangaan nie.

28 Vandaar dat al die hoë Geeste van MY Hemele eers deur 'n onverbiddelike tydperk van toetse en beproewinge in hulle materiële liggaam moes gaan voor MY HEILIGE WIL hulle kon aanspoor dat die tyd aangebreek het om die sluimerende kole van hul hemelse GEES VAN LIEFDE te aktiveer. Tot dan moes hulle eers ervaring in hul fisiese liggaam insamel om hulle toe te rus met kundigheid en 'n gloeiende hart wat hulle in staat sal stel om in te skakel op die weg van opoffering en verlossing.

29 Gedurende die huidige tydperk op Aarde is daar nie net 'n groot aantal hoë geeste van die Hemele onder julle nie, o mense, sê EK DIE MEESTER - die meeste van hulle en die hoogste leef onder julle, en hierdie multivolume NUWE BYBEL VAN MY BARMHARTIGHEID word geskryf deur die twee Hoogstes. Tog is dit nie al nie! Wanneer hierdie eerste volume van MY NUWE BYBEL, "DIE BOEK VAN LIEFDE", oor die hele wêreld versprei het, sal die grootste voorbereidende werk vir die verlossing van die menslike ras deur hulle tot stand gebring

wees, terwyl deur MY HART SE-OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE in HAAR huidige inkarnasie die donkerste van die donker reeds ontbind en verlos sal wees.

30 EK het dit reeds gestel dat 'n hele leërskare van MY Hemele geïnkarneer het na die aardse lewe vir die verlossing van alle gewillige siele van die menslike ras.

31 Die versameling van alle hoë Geeste en engele vanuit MY Hemele het nou begin op hierdie ster van verlossing gedurende hierdie huidige tyd met hierdie "BOEK VAN LIEFDE" van MY HEILIGE NUWE BYBEL in MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE.

## Die komende Heilige Stryd van die Gees op Aarde

32 Wie ore het om te hoor sal deur hierdie HEILIGE WOORD van MY gewaarword watter HEILIGE STRYD VAN DIE GEES in voorbereiding is op julle Aarde; let op om nie aan die verkeerde kant te veg nie! Want MY HEMELSE LEGIOENE sal selfs die ergste magte van die duisternis oorwin, tensy laasgenoemde verkies om te kniel voor MY DIE MEESTER VAN DIE HEELAL, om te bely en te smeek om Genade.

33 Gestel julle kon die bodem van die "Dooie See" sien, waar die sondige gevolge van Sodom en Gomorra vandag nog sigbaar is, sal julle ten aanskoue sidder, en soveel te meer as julle 'n duidelike blik kon kry van al die skakels van julle huidige wêreldgeskiedenis met die Groot Vloed en so 'n blik op die bodem van die see kon kry van wat oorgebly het van die vloed! Dit sou 'n openbaring vir julle wees om die resultate van aanhoudende sonde te sien wat ophoop in 'n see van ongeregtighede, in die golwe waarin sondigheid self verdrink het!

34 Julle kan nou verstaan watter kolossale skouers nodig is om

sulke en soortgelyke laste van sonde te dra totdat hulle verlos word, en dat die karakter van 'n rots nodig is om te staan teen die storms van sondigheid. So EK sê dus weer: Wie ore het om te hoor, sal luister na MY HEILIGE STEM en besef waarom in die grootste en moeilikste tyd van verlossing MY HEILIGE WERK VAN VERLOSSING slegs bereik kon word met die sterk skouers van die "VROU VAN ALLE VROUE" WIE die swaarste las van verlossing dra saam met die "ROTS VAN DIE MEESTER"; daarom het EK DIE MEESTER, reeds gewys dat die "KONINGIN VAN LIEFDE" terselfdertyd die "MAN VAN ALLE MANS"is! Dit sal duidelik word wanneer die Nuwe Jerusalem op Aarde ingelui sal word!

35 Tot dan moet elke bereidwillige siel wie onwrikbaar aan MY HEILIGE KANT wil staan, probeer om in sy eie hartsentrum die VUUR VAN MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES aan die brand te steek en om dit op te wek tot 'n permanent brandende HEILIGE VLAM, wat elke steeds bestaande swakheid sal verteer en waarvan alle ander siele in die nabyheid nie net sal opwarm nie, maar self aan die brand sal raak en op hul beurt die brandendste, barmhartigste, en selfverterende LIEFDE word.

36 Die vuur van MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES verteer alles wat nie volmaak, hemels, in kort, dit wat nie onberispelik suiwer is nie! Om daardie rede is EK DIE MEESTER ook die EWIGE VUUR van MY VOLMAAKTE HEILIGE GEES en moet vir ewig so wees, want andersins sou daar geen suiwer HEMELE in MY KONINKRYK VAN VOLMAAKTHEID gewees het nie.

37 Omdat MY SKEPPING oneindig is en Haarself van ewigheid tot ewigheid in stand hou, kan julle julleself indink dat EK in MY OERVUUR VAN DIE EWIGE LIEFDE ondenkbaar sal wees vir julle aardse begrippe, en EK dus ook buite die sig is van selfs die meeste van MY geeste en engele. Julle behoort te weet dat die

skynende uitstraling en glans van die son geen bron van sy eie het nie, maar is bloot 'n weerspieëling van die SENTRUM VAN MY HEILIGE OERVUUR VAN LIEFDE en dat dit ook geld vir al die ander nog groter sonne van MY SKEPPING. Julle sal later meer hieroor hoor.

## Wedergeboorte in die Vuur van die HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES, 'n Geval van die Skepping in die Hemele en op Aarde

38 Maar een ding moet EK DIE MEESTER dadelik sê, veral vir diegene wat besluit om die volmaakte weg van LIEFDE te gaan, en om MY HEILIGE WIL sonder voorbehoud en vir alle ewighede te vervul:

39 WEDERGEBOORTE IN DIE VUUR VAN MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES sal elke gees wat op die weg is met MY GENADE en wat uiteindelik wedergeboorte bereik as die hoogste toekenning van MY GENADE in die HEILIGE GEES van MY EWIGE JAHSHUA-MIRIAM LIEFDE, gebring word op 'n vlak waar hy werksaam kan raak in MY EWIGE SKEPPING vir die take wat vir die WARE KINDERS VAN MY LIEFDE gehou word. Dit kan inderdaad nog te moeilik vir julle wees om nou te begryp en daar is geen noodsaak vir verdere besonderhede hier nie, maar wat julle maklik kan bedink is dat dit julle na onbekende toestande van saligheid sal bring.

40 Voorwaar, sê EK DIE MEESTER, hierdie weg wat geneem word in MY LIEFDE EN BARMHARTIGHEID is so wonderlik dat elkeen onmiddellik MY HEILIGE STEM moet begin volg tot in die kleinste besonderheid! Selfs al is die wedergeboorte in die VUUR VAN MY HEILIGE GEES die grootste Genadegawe en die hoogste doelwit om te bereik, maar nie haalbaar vir almal gedurende hierdie aardse lewe nie, nogtans sal die heilige

strewe in jou om suksesvol te wees met hierdie poging die VUUR VAN LIEFDE in jou aan die brand te steek en binnekort sal jou siel deeglik skoongemaak word, terwyl die wedergeboorte van die siel vir jou heeltemal nuwe kanale sal oopmaak waarvan jy voorheen nooit van kon gedroom het nie.

41 EK DIE MEESTER stort op 'n KIND VAN MY LIEFDE MY Genadegawes wanneer EK sien dat hy volhard in sy strewe om 'n BEELD VAN MYSELF te word. Sy weë sal wonderlik verlig word deur MY IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE; want wanneer Ek omring word deur Liefde van 'n aardse kind, sal EK hom omhels met die volle TOESTROMING VAN MY LIEFDE.

42 Selfs al kan niks bereik word sonder die toetse en beproewinge nie, nogtans sal MY LEIDING elke KIND VAN MY LIEFDE in staat stel OM GROOT DINGE TE BEREIK:

43 Daar is byvoorbeeld reeds 'n groot ding bereik met die deurvoering van 'n deeglike skoonmaak van jou siel deur die brandende vuur van jou LIEFDE, sodat EK in jou kan begin woon in die volheid van MY HEILIGE GEES. Dan sal niks jou enigsins langer bind nie: Nie die WET VAN SONDE EN VERSOENING, of enige aspek van hierdie Teenpoolwêreld nie; MY HEILIGE GEES sal in jou vermoëns vrylaat waaraan jy nog nooit voorheen gedink het nie en wat jou grootliks sal verras. Jou siel sal dan waarlik vry word. Jy weet nog nie wat dit beteken en wat die toestand van jou eie self is wanneer jy 'n vrye siel besit nie.

44 Neem 'n voorbeeld: 'n Siel was vir 'n lang tyd verslaaf aan verskeie gewoontevormende dwelms wat geen onmiddellike uitwerking op die liggaam se gesondheid het nie, maar dit in die lang termyn sal ondermyn, soos die verkeerde gebruik van alkoholiese drank, rook, en as 'n gevolg, 'n onbeheerbare drang vir alle vorme van opwinding. Vanaf die oomblik dat hierdie siel

bewus word van haar ware hemelse bestemming en hierdie gewoontes begin verminder, totdat sy dit geheel en al los, sal die sielpotensies, wat tot dusver dwelmbesmet geword het, geleidelik beskikbaar word vir die invloei van MY LIEFDE en MY HEILIGE WIL. Die siel sal sigbaar helderder en helderder word en sal binnekort begin te straal vanuit die liggaam, en kort voor lank sal die siel 'n volledige ander mens van haarself gemaak het. MY Teenpool sal dan nie meer 'n woning vind in so 'n siel wat nou, in plaas daarvan, 'n woning van MY HEILIGE GEES VAN LIEFDE geword het; alle gebondenheid sal verwyder word binne die siel en insoverre as wat sy begin om deeglik aan MY HEILIGE WIL te voldoen, sal 'n HEILIGE VUUR VAN LIEFDE binnekort in haar opvlam; die oorblyfsels van wat ookal nie behoort tot 'n suiwer siel nie, word dan weggesmelt en die siel is nie net gered van die wêreld van MY Teenpool nie, maar opgelig na MY JAHSHUA-MIRIAM-LIG wat haar voltooiing sal bevorder.

45 Waarlik sal 'n groot ding dan bereik wees! En uit hierdie voorbeeld kan julle sien dat dit nie so vergesog is vir 'n ELOHIM-geliefde kind se siel om op te staan tot wedergeboorte in die VUUR VAN MY HEILIGE GEES nie.

46 Hierdie wonderlike doel is inderdaad binne die bereik van elke gewillige siel. Dit gaan natuurlik nie sonder toetse, wat nie genoeg beklemtoon kan word nie; want sonder toetsing kan niks duursaam bereik word nie, wat des te meer geld vir alles wat bedoel is om vir ewig te hou in MY KONINKRYK. Maar wat dan bereik is, het EWIGHEIDSWAARDE.

47 Die gedagte daaraan moet julle gelukkig maak, o mensekinders, naamlik dat iets EWIG bereik kan word, in plaas van die vashou aan die verganklike en jou graf grawe met eindelose sorge oor aardse rykdom! Nietemin sal konsentrasie oor die opbou van Ewige rykdomme vir die siel en die gees

gladnie aardse welsyn uitsluit nie. Op geen manier nie, sê EK DIE MEESTER!

48 Al wat saak maak is: Om nie 'n slaaf van die verbygaande materiële goedere te word nie, of die hoogste prioriteit daaraan te gee om te werk vir die wêreld asof dit vir jou ewige saligheid sou bring nie. Om hierdie punt te verstaan, kan jy dink aan diegene wat EK DIE MEESTER ook bedeel het met materiële beloning, nadat hulle aan MY hulle hart sonder beperking gegee het en net een ding geken het: Om gehoorsaam te wees aan MY en ALLEEN MY HEILIGE WIL te vervul. Lees die Ou Testament sorgvuldig en jy sal bevestigend vind wat EK DIE MEESTER hier vir julle sê; tot aanvulling sal julle meer hieroor hoor in die laaste hoofstuk van hierdie NUWE BYBEL.

49 Weerhou jou van ongerymde vertolkings van MY EVANGELIE VAN LIEFDE, as dit die kern van die Heilige Waarhede mis! Inderdaad, het EK DIE MEESTER, nie hierdie ster van verlossing vir MY kinders geskep om hulle rug te keer na hierdie wêreld en gekke te word nie. Nooit sou die mensdom verlos kon word en MY HEILIGE LIG bereik het, as Kinders van MY Liefde hul in afsondering sou onttrek nie; Inteendeel, die LIEFDE moet vaardig die wêreld ingedra word in 'n tasbare, voorbeeldige optrede om dit so te verander, soos wat reeds breedvoerig in die vorige hoofstukke aangetoon is.

50 Hier is nog 'n voorbeeld om MY punt te staaf: Baie siele, druppend van godsdienstige gevoelens, sal wegtrek in `n oordrewe uitstorting van woorde, deur te beweer dat dit of dat hier en daar in die Bybel geskryf is en dat ELOHIM nooit iets nuuts sal byvoeg tot die Skrif nie en om daardie rede deesdae enige kontak met MY HEILIGE STEM weier. Daardeur sny hulle hulself geheel en al af van MY DIE MEESTER, en sodoende van die Ewige proses van opleiding en bevordering in MY Skepping;

meer dikwels as minder eindig hulle in 'n geestelike verstywing wat redelik dikwels sal lei tot fisiese lyding wat sal voorkom dat hulle besef dat hulle op die verkeerde pad is. Hulle sal Liefde predik, maar sal dit nie leef nie. Hulle kan glad nie begryp dat hulle MY, ELOHIM DIE MEESTER eintlik nie liefhet nie, maar dat hulle in hul selfsugtigheid geval het vir hulle vergesogte idees oor ELOHIM.

51 Sulke siele het dikwels in hierdie aardse lewe baie kenmerke van hulle soortgelyke ekstremistiese vorige lewens saamgebring; hulle is nie gereed om hulle - streng gesproke- goddelose eienskappe op te gee nie; hulle het nog altyd op hierdie Aarde as fanatici gewandel en sal nooit oortuig word deur 'n wonderwerk van watter aard ookal nie, maar sal dit eerder brandmerk as die duiwel se werk, soos wat gebeur het in MY aardse lewe as JAHSHUA DIE GESALFDE; en so sal hulle nie sien dat hulle die hand uitreik na MY Teenpool, wie se dissipels en instrumente hulle in werklikheid reeds geword het nie.

52 Julle het sekerlik teen hierdie tyd al 'n hele aantal sulke siele ontmoet het; moet nie met hulle in gesprekke betrokke raak nie! Slegs die vurigste en mees barmhartige LIEFDE kan daardie siele met tyd en die mees verdraagsame geduld ontsluit. 'n Enkele aardse lewe sal selde genoeg wees om iets waarneembaar te bereik in hulle, maar dit sal in die meeste gevalle net in MY KONINKRYK VAN SUIWER GEES gebeur.

53 EK DIE MEESTER moes julle hierdie voorbeeld gee, sodat julle, o Kinders van MY Liefde, nie ontsteld sal word en die PERELS VAN MY LIEFDE gooi vir wie dit nie sal herken nie.

54 Kyk, as jy heeltemal in die gees van MY HEILIGE LIEFDESGEBOOIE EN VERMANINGS ingaan en die suiwerste en vurigste LIEFDE word, soos verduidelik is in hierdie NUWE BYBEL, om MY DIE MEESTER dus toe te laat om jou te lei in die

VUUR VAN MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES wat lei tot die WEDERGEBOORTE, sal jy begiftig word met die vermoë om van siele se neigings gewaar te word, om so tot die regte gevolgtrekkings te kom en om op te tree in ware en suiwer LIEFDE. Julle sal dan op die weg wees, nie net om ware pilare vir MY NUWE JERUSALEM op Aarde te word nie, maar om ook die vlak te bereik waarvan EK in die begin gepraat het.

55 Op hierdie weg sal jy die nodige beproewinge moet deurgaan in die VUUR VAN MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES, deur vas te hou aan MY HEILIGE HAND in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE! Vrees tog nie daardie beproewinge nie, want hulle is maar proewe van MY LIEFDE en MY GENADE, aangesien niks behalwe MY LIEFDE jou sal omhels nie, en MY GENADE is bedoel om jou vir die hoogste bekwaamheid voor te berei, naamlik die hoogste prestasie vir 'n ware KIND VAN MY LIEFDE, op Aarde sowel as in die Hemele.

56 Inderdaad, die,

WEDERGEBOORTE

IN DIE VUUR VAN MY HEILIGE

JAHSHUA-MIRIAM-GEES

IS

'N SKEPPINGSGEBEURTENIS

IN DIE HEMELE EN OP DIE AARDE

57 EK DIE MEESTER sê dat dit inderdaad 'n baie rare gebeurtenis sal wees. En al MY Hemele verheug hulle tydens so 'n gebeurtenis; want 'n alles-deurdringende Hallelujah sal MY Hemele vul wanneer 'n Gees, wat eens van MY Hemele as 'N KIND VAN MY LIEFDE uitgegee is, op hierdie Aarde in die menslike gewaad van die gevallenes geklee, deur middel van sy siel se wedergeboorte in die vuur van MY HEILIGE JAHSHUA-

MIRIAM-GEES, sy oorspronklike goddelike kindskap in alle volmaaktheid herstel.

58 Want so 'n gees, as MY waarlik WEDERGEBORE KIND IN MY VOLMAAKTE LIEFDE, het die hel op Aarde inderdaad met al sy versoekings oorkom en sy weg gestry totdat alle bande van materiële swaartekrag afgegooi is; hy sal alle gevegte van beide toegelate en opgelegde beproewinge beveg het, om so te manifesteer as 'n ware KIND VAN ELOHIM EN MY EWIGE LIEFDE.

59 Daardeur sal dit bevestig wees dat EK ELOHIM, DIE MEESTER, nie net DIE ALMAGTIGE is nie, maar ook ELKE KIND VAN MY LIEFDE wat gegroei het om LIEFDE VAN ALLE LIEFDE te word, deur die onvoorwaardelike vervulling van MY HEILIGE WIL; so 'n kind sal dan almagtig wees voor MY Teenpool se wêreld, en die Dag van Skepping sal kom wanneer al die Geeste van MY Hemele wedergebore sal wees as KINDERS VAN MY LIEFDE; terwyl die Teenpool-Skepping, wat die gevalle Gees van MY Hemele is, nie meer sal bestaan nie.

60 Elke wedergeboorte wat in die vuur van MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES bereik word, is 'n enorme skeppende gebeurtenis met die oog op die tyd wanneer die volledige verlossing van alle gevalle en gevange lewe in die hele Skepping bereik sal wees.

61 Let ook daarop dat daar verskillende grade van weder-geboorte is, die hoogste wat ooreenstem met 'n Gees wat vanuit MY Hemele gegaan het met 'n vry aanvaarde taak in die wêreld van MY Teenpool, om in sy liggaam en siel oneindige lewenspotensies en aspekte van die Gevalle Gees te inkarneer, om gedra en onderwerp te word as 'n hoogste offer, en om uiteindelik opgelos te word in 'n ewige stryd met MY Teenpool, totdat wedergeboorte bereik word in die brandende vuur van

MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES.

62 Dit is nie moeilik om te verstaan dat 'n taak van kardinale belang binne MY Skepping daardeur bereik is nie en dit behoort ook nie moeilik te wees om uit te vind wie opgewasse is vir so 'n taak nie, behalwe MYSELF DIE MEESTER VAN DIE HELE SKEPPING.

63 Wedergeboorte in die vuur van MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES behoort vir almal van julle te wees, Kinders van MY Liefde, die hoogste en wonderlikste hemelse doelwit, wie se verkryging met 'n vurige hart, brandend in die Liefde vir MY en MY ALLERHEILIGSTE nooit uit die oog verloor moet word nie, aangesien dit werklik haalbaar is, dit kan EK DIE MEESTER julle verseker. En as julle julle oë gevestig hou op hierdie hemelse doelwit, sal julle nie net wankel of terugval nie, maar sal in staat wees om aan die verwagtinge te voldoen!

64 As julle na hierdie wêreld kyk in die perspektief van hierdie hemelse doelwit, sal julle geneig wees om dinge eerder geestelik as aards te sien, en julle sal op die ou end besef dat hierdie materiële wêreld `n illusie is voor die HEILIGE AANGESIG VAN JULLE ELOHIM EN SKEPPER; dit het sy skynbestaan slegs te danke aan sonde en word toegelaat om te bestaan op die Aarde as 'n ster van verlossing deur MY GENADE EN BARMHARTIGHEID, vir so lank as wat die laaste sonde nog nie afgebreek en ontbind is nie.

65 Julle sal sien, Kinders van MY Liefde - as julle ver genoeg gevorder het om geestelike sig in dinge te hê - dat oral deur hierdie skynwêreld, die ware volmaakte wêreld skyn van

MY EWIGE LIEFDE.

*Kom almal na MY toe*

*wie se werk hard is, wie se las swaar is*

*en Ek sal julle verligting gee*

*(Matthèüs 11:28)*

So het Ek eens gepraat as

DIE SEUN VAN DIE MENS

IN

JAHSHUA DIE GESALFDE

net soos wat Ek dit nou sê

aan jou deur

HAAR

IN WIE EK ELOHIM DIE MEESTER

weer gekom het na hierdie Aarde

AMEN

# - Hoofstuk 8 -

## DIE KONINGIN VAN DIE HEMELE en die Werklikheid van DIE NUWE JERUSALEM op Aarde

## DIE DIE NUWE JERUSALEM

## DIE WERKLIKHEID VAN

## DIE NUWE JERUSALEM

1 DIE NUWE JERUSALEM sal 'n lewende werklikheid op Aarde word so gou as wat EK JAHWEH, die kaf van die koring geskei het, dit beteken duidelik dat EK JAHWEH deur die onafwendbare OORDEEL van hierdie Aarde, al die van MY kinders sal wegneem wat onwillig is om MY DIE MEESTER te volg in gehoorsaamheid wat maar net LIEFDE is, die mees vurige barmhartige JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE aan elke siel. Hoe anders kan EK so 'n pragtige gebou op Aarde oprig waarin haat onbekend sal wees en waar almal mekaar in ware Liefde sal dra?

2 Julle, kinders van MY LIEFDE, word goed aangeraai om onder diegene te wees wat EK gemerk het met die HEILIGE SEEL VAN HULLE ELOHIM EN MEESTER, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA! Want die gruwel van die Oordeel gaan geen effek hê op daardie kinders van Myne nie en hulle sal die verheerlikte pioniers vir die WARE TEMPEL VAN HULLE ELOHIM EN MEESTER in SY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE op Aarde wees.

3 Laat niemand egter sê dat hierdie 'n blote fantasie is en niks te doen het met die konkrete werklikheid nie. Verwys net na die "Boek van boeke" wat sê dat 'n duisend jaar en nie heeltemal 'n duisend jaar nie, sal verbygaan voordat EK JAHWEH hierdie Aarde sal laat bewe in sy fondamente. En EK

voeg by: Julle sal daardeur geraak word, as julle nie dadelik begin verander en verbeter om sodoende gespaar te word!

4 Waarlik, julle wat onder die eerste is om hierdie NUWE BYBEL VAN MY in julle hande te hou, het nou die middel om met die grootste geskenk van MY die pad skoon te maak vir hierdie gelukkige verandering op hierdie Aarde, as julle daarmee omgaan met die diepste erns en al julle krag!

5 Aan julle magshebbers van hierdie wêreld, spreek EK JAHWEH: Pasop vir die loslaat van 'n kernoorlog, want die geween en gekners van tande op die Aarde sal `n vlak bereik wat julle skaars vir julleself kan indink! En die outeurs wat hierdie sataniese krag sal loslaat, sal in so 'n geval vergaan onder sy impak in `n ongekende onheil!

6 Want jy weet nie watter sataniese magte jy daardeur vrylaat nie, hulle ontsnap jou beheer deur middel van 'n kettingreaksie van onvermoede proporsies. Pas dus op vir die druk van die knoppie wat die vernietiging van julle ster "Aarde" sal veroorsaak, tensy EK JAHWEH ingryp! Want enige krag op Aarde bestaan net so lank as wat dit deur MY DIE MEESTER geduld word.

7 Julle magtiges van hierdie wêreld word dus vermaan om julle aan MY ALLEEN HEILIGE WIL te onderwerp vir die geestelike welsyn en redding van die mensekinders waaroor julle beheer voer en om ware regeerders te word van MY kinders op die Aarde, want slegs so kan die Brug van Liefde gebou word wat die Hemele en Aarde sal koppel.

8 Daar is geen doel om te strewe na mag en oorheersing oor die ander nie, omdat EK JAHWEH genoeg van MY kosbare skatte tot die beskikking van elke land vir sy eie gebruik en welstand geplaas het, en verder is julle so dikwels moderne teorie dat hierdie Aarde nie genoeg kos het om al MY kinders

voldoende te voed nie, ongegrond.

9 O, julle dwase, EK DIE MEESTER kan maar net sê! Is EK DIE MEESTER nie die gewer van alle gawes nie?

10 EK JAHWEH sê vir julle: Hierdie Aarde het meer as genoeg om nie net vir julle te voed nie, maar nog meer ontelbare kinders van MY - as julle dit maar net doelmatig gebruik het vir die welstand van almal!

11 Julle is goed in kennis gestel om MY DIE MEESTER te raadpleeg in MY HOOFKWARTIER op Aarde, maar julle sal slegs reaksie vind as EK JAHWEH die ware erns sal sien in die konsultant. Maar pasop om met duiwelse gedagtes te kom, want die reaksie sal dienooreenkomstig wees!

12 Want

EK IS HY WIE EK IS

VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID

JAHSHUA DIE GESALFDE

DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA

DIE SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE

AAN WIE

ALLES HOM MOET ONDERWERP

BEIDE IN DIE HEMELE EN OP AARDE

WANNEER DIT OOKAL MY WIL IS!

## Die tweesnydende swaard

13 MY kinders van hierdie Aarde, kan daar 'n wonderliker belofte wees as dat EK JAHWEH saam met julle 'n Hemel op Aarde sal bou? Wie se hart sal nie met volle ywer van Liefde klop vir MY DIE MEESTER, in MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE nie? Wie kan hierdie waarlik HEILIGE BELOFTE, in die duidelikste werklikheid gemaak deur SY ELOHIM EN SKEPPER, betwyfel, en nog sy eie weë najaag onder misleidende ideologieë en slagspreuke? Wie verkies die weë geplavei met moord, onderdrukking, slawerny en die ergste skuim van die hel teenoor die weg van innerlike bekering, waar hy hom met MY DIE ELOHIM VAN EWIGE LIEFDE EN BARMHARTIGHEID kan koppel?

14 Aan die einde van julle menslike weë is daar selde enigiets anders as vernietiging en totale uitwissing van die individuele bestaan! Maar aan die einde van DIE HEILIGE WEE VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER is daar die lewende werklikheid van DIE NUWE JERUSALEM.

15 En soos wat julle nou weet uit vorige openbarings,

Is 'N GEDAGTE VAN ELOHIM

alreeds 'n heilige werklikheid in al sy volmaaktheid.

16 Is julle, o mensekinders, so swaar vasgevang deur die verlokking van die hel dat julle nie meer nugter kan dink en MY HEILIGE WEE kan betree nie?

17 EK JAHWEH bied julle kinders van hierdie Aarde, nie net hierdie HEILIGE OPENBARINGE in die oorvloedigheid van MY GEDAGTES VAN VOLMAAKTHEID nie, maar EK gun hulle voortdurend aan elke KIND VAN MY LIEFDE as hy MY toelaat om 'n permanente woning in sy hart te maak.

18 Gaan nou diep in julle hart in en hou gemeenskap met MY,

JULLE MEESTER, ELOHIM EN SKEPPER, om `n vaste besluit te maak, indien julle nie reeds weet wat om te doen in die lig van hierdie NUWE BYBEL nie!

19 Want EK JAHWEH sê: MY NUWE BYBEL met sy duidelike belofte ten opsigte van die NUWE JERUSALEM is vir elke mensekind op Aarde

DIE TWEESNYDENDE SWAARD

en in die proses sal jy kwalifiseer deur jou eie toedoen as die bekende "koring" of "kaf en jy behoort te weet wat dit beteken! EK kan net byvoeg deur te sê dat wanneer hierdie sifting voltooi is, daar nooit weer enige kaf opnuut sal uitspruit in MY HEILIGE NUWE JERUSALEM nie! Dit sal gegooi word in die oond van geestelike suiwering wat nog steeds LIEFDE is, maar tog 'n LIEFDE van strenge erns soos in die WET VAN SONDE EN VERSOENING, - hierdie tipe Liefde sal diegene tref wie doelbewus kies om nie te luister nie!

20 Julle behoort te weet dat almal op Aarde, voor 'n datum wat EK reeds bepaal het, sal weet dat EK JAHWEH met hierdie NUWE BYBEL vir elke menssesiel 'n anker van verlossing uitgegooi het wat enigiemand kan vang, sodat hy nie 'n prooi word vir die magte van die duisternis nie, om dus so stewig geanker te word in MY HEILIGE GEES VAN EWIGE ALMAGTIGE LIEFDE. En niemand sal ooit kan argumenteer dat hy nie gehoor het van hierdie HEILIGE ANKER VAN VERLOSSING nie.

21 Elkeen wat hierdie HEILIGE ANKER VAN VERLOSSING gryp en dit vashou, sal daardeur geneem word tot in die HEILIGE REDDINGSARK VAN MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE, en dit sal alle gewillige kinders van MY LIEFDE veilig deur die dae van Oordeel terugbring tot in die NUWE JERUSALEM.

## Die Sentrum van die NUWE JERUSALEM op Aarde / Die nuwe Heilige Alliansie van ELOHIM DIE MEESTER met SY ware kinders

22 Die NUWE JERUSALEM is die HEILIGE DOEL VAN DIE SKEPPING op hierdie Aarde van Verlossing, wat verleen word deur MY LIEFDE, GENADE EN BARMHARTIGHEID, die ware HEILIGE BETEKENIS BINNE DIE HELE SKEPPING.

23 Die NUWE JERUSALEM is op beide die geestelike en die aardse vlak die voleinding van MY IDEE VAN VOLMAAKTHEID op hierdie ster van verlossing aangaande die redding en terugkeer van almal wat eens van MY Hemele geval het.

24 Die NUWE JERUSALEM het reeds binne-in MY, JULLE SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE 'n geestelike werklikheid bereik tot op die laaste jota, en, op die regte tyd van volwassenheid, soos alles in MY skepping, sal dit 'n HEILIGE WAARHEID word vir almal wat van MY uitgegaan het of wat nog steeds moet gaan.

25 Dit is dus sinneloos om hierdie werklikheid van die NUWE JERUSALEM te ontken en geen wêreldse mag kan verhoed dat sy vorm aanneem nie. Wie ookal so 'n poging sal aanwend, sal onmiddellik onder die invloed kom van die Ewige WET VAN SONDE EN VERSOENING versus MY HEILIGE GEES.

26 Die NUWE JERUSALEM het vandag niks meer in gemeen met die ou Jerusalem in Palestina nie, ondanks die aanvanklike bestemming van die Bybelse Jerusalem om die kern en die SPIL VAN MY HEILIGE WIL vir hierdie Aarde te word; MY "uitverkore volk" het hierdie Genade vir ewig verbeur deur MY, HUL OU TESTAMENTIESE WARE ELOHIM, JAHWEH EN SKEPPER VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID, HUL MESSIAS IN JAHSHUA DIE GESALFDE op die kruis van Golgota vas te spyker, en het deur hierdie blinde daad die SONDE VAN ALLE SONDES TEEN MY

HEILIGE GEES gepleeg, en het hul verlossing uitgestel tot die laaste dag van GENADE vir alle gevalle geeste van MY KONINKRYK.

27 Die NUWE JERUSALM van hierdie tyd sal altyd sy hoof spilpunt hê waar EK JAHWEH is IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE op die EWIGE ROTS VAN MY HEILIGE GEES.

28 Trouens, die NUWE JERUSALEM is deur MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE in hierdie sluitingstyd van verlossing MY GEESTELIK VOLMAAKTE AKSIESFEER vir hierdie Aarde en al sy mensekinders, en hulle sal MY HEILIGE DOEL VAN SKEPPING wat aan hierdie ster toegeken is, besef.

29 En hierdie NUWE BYBEL is alreeds

DIE HEILIGE BOEK VAN BOEKE

vir

Die NUWE JERUSALEM!

30 Dit is dus duidelik dat

MY HEILIGE OPENBARINGS

met hul HEILIGE GEBOOIE slegs

DIE WET VIR DIE NUWE JERUSALEM is!

31 En net soos EK JAHWEH eens `n verbond gesluit het as die ELOHIM VAN ISRAEL met MY uitverkore volk - deur sy grootste profeet Moses - 'n HEILIGE VERBOND onder MY HEILIGE WETTE, sal EK JAHWEH dit ook sluit met alle mensekinders van hierdie Aarde, deur DIE WET VAN MY NUWE BYBEL, wat WARE KINDERS VAN MY LIEFDE wil wees,

'N HEILIGE VERBOND

IN

MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE

en skep sodoende

die onverganklike fondament van die

NUWE JERUSALEM

op die Aarde!

32 Dit beteken dat EK JAHWEH, deur hierdie HEILIGE VERBOND in MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE, 'n einde sal maak aan hierdie tydperk van duisternis van MY Teenpool, deur die totstandkoming van die NUWE JERUSALEM.

33 Die koms van die NUWE JERUSALEM op Aarde sal die magte van die duisternis laat verdwyn.

## DIE KONING VAN KONINGS IN DIE NUWE JERUSALEM

34 DIE LEUSE VAN MY HEILIGE STEM "DIE STEM VAN DIE MEESTER", "DAAR SAL WEER LIG WEES OP DIE AARDE", SAL WAAR WORD AS 'N HEILIGE WERKLIKHEID IN MY NUWE JERUSALEM:

DAAR SAL WEER LIG WEES OP AARDE!

35 EK JAHWEH is in die NUWE JERUSALEM, net soos EK in MY KONINKRYK is wat nie van hierdie wêreld is nie, maar is nou, deur middel van hierdie NUWE JERUSALEM, laat sak op hierdie Aarde, naamlik HY WIE EK IS, JULLE ELOHIM EN SKEPPER, JULLE HEMELSE VADER VAN EWIGHEID TOT IN EWIGHEID. - En dit is EK in hierdie eerste hemelse tydperk van die NUWE JERUSALEM, in HAAR, IN WIE EK JAHWEH na die Aarde teruggekeer het:

IN DIE KONINGIN VAN MY Hemele

36 EK JAHWEH sal dus in

MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE

IN

DIE NUWE JERUSALEM

KONING VAN DIE KONINGS wees

want vir die eerste keer op hierdie Aarde sal LIEFDE alleen heers in die NUWE JERUSALEM as die vir ewig HOOGSTE VAN MY HEMELE! En dit beteken dat geen wêreldse mag in die NUWE JERUSALEM sal regeer nie, maar slegs DIE EWIGE LIEFDE VAN ELOHIM IN SY HART SE OERGRONDPOOL.

37 Iets soortgelyk behoort reeds in daardie dae met MY "uitverkore volk" tot stand gebring gewees het, in die sin dat EK gepoog het om hierdie volk op te voed deur middel van MY profete om suiwer LIEFDE te word, om hulle so te lei deur MY EWIGE LIEFDE. Hierdie volk wou egter, ten spyte van MY waarskuwing, 'n koning volgens die wêreldse manier gehad het, waarna hulle nooit weer 'n ware KONING VAN LIEFDE kon kry nie. Israel het baie konings gehad; min van hulle het eers `n poging aangewend tot `n KONINGSKAP VAN LIEFDE, maar niemand het ooit 'n KONING VAN VOLMAAKTE LIEFDE geword nie.

38 En toe EK in JAHSHUA DIE GESALFDE die ou Jerusalem binnegekom en geroep het: "Dogter van Sion, berei julle voor om julle koning te ontvang!" het sommige werklik hulde aan MY gebring as hulle Koning en Verlosser, maar toe EK dan verkondig: "MY koninkryk is nie van hierdie wêreld nie", het niemand MY, DIE KONING VAN KONINGS gevolg nie, en EK JAHWEH IN JAHSHUA DIE GESALFDE het daarna die pad na Golgota aangepak onder spot en beskimping as die "Koning van die Jode".

39 Tans sal almal wat LIEFDE word, die vurigste barmhartige

JAHSHUA-MIRIAM-Liefde, op sterkte van MY NUWE BYBEL en wat die pad na die NUWE JERUSALEM onwrikbaar neem saam met MY, DIE KONING VAN KONINGS IN MY HART SE OER-GRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, getuie kan word van die verheerliking van die EWIGE LIEFDE op Aarde in die NUWE JERUSALEM, wat die KONING VAN DIE KONINGS sal oprig in die KONINGIN VAN LIEFDE en wat voortaan regeer sal word deur LIEFDE van ewigheid tot ewigheid.

40 Volmaakte lewe in die hele skepping is slegs moontlik en gewaarborg deur LIEFDE, soos geopenbaar, geleer, en bewys in hierdie NUWE BYBEL. LIEFDE as die werklikheid van 'n volmaakte en hemelse lewe op Aarde moet dus alles lei, as 'n gids op die hoogste plek in die NUWE JERUSALEM. Hoe kan dit enigsins anders wees?

EK JAHWEH

IN MY HART SE OERGRONDPOOL,

VAN EWIGE LIEFDE

kan nie anders wees as

DIE KONING VAN DIE NUWE JERUSALEM

sodat VOLMAAKTE LIEFDE mag regeer vir volmaakte lewe en bestaan in die NUWE JERUALEM vir die redding van alle mensekinders.

41 Waarlik, die NUWE BYBEL as julle anker van verlossing in die nag en angs van hierdie tyd, sal julle hoop en strewe na 'n volmaakte lewe en menswaardigheid op Aarde vervul.

42 Maar dit is jy wat hierdie anker van redding deur jou eie vrye wil moet aangryp; doen dit en roep uit na al jou broeders op Aarde, dat jy hierdie HEILIGE ANKER VAN REDDING gevind het!

43 Jy kan wel bydra tot die NUWE JERUSALEM, deur MY

HEILIGE WIL te vervul soos geopenbaar in hierdie NUWE BYBEL deur self 'n hoeksteen te word.

44 Dit is inderdaad noodsaaklik dat elkeen van julle, MY mensekinders wat graag die NUWE JERUSALEM wil binnegaan saam met MY in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, self so 'n hoeksteen word.

45 Die wêreld in sy huidige toestand is nie geskik vir die bou van die NUWE JERUSALEM nie, feitlik niks is herbruikbaar daarvoor nie! Alles moet opnuut geskep en hervorm word deur LIEFDE, wat geen woonplek gevind het in hierdie wêreld van die Teenpool nie.

46 'n Wêreld soos hierdie sonder LIEFDE, maar vol sonde, moet deeglik in sy fondamente geskud word, sodat die sondes van die wêreld hulleself gryp en 'n bewustheid oor die sondevrot siele aanbreek, dat daar geen ware lewe sonder LIEFDE is nie! Waarskuwingstekens bo, op, en binne die Aarde sal blits deur MY HEILIGE WIL.

47 Dienooreenkomstig sal EK JAHWEH toesien dat ongemak in die verblinde harte sal groei en geleidelik 'n dinamiese neiging opwek na die enigste krag in staat om wonders te bewerk; want luiheid en louheid sal nie sonder moeite voortgedryf kan word nie.

48 Die dag sal kom wanneer mense uit pure nood hulle selfgemaakte grense sal breek en ware NAASTELIEFDE sal beoefen, om uit chaos te ontsnap.

49 Die dag sal kom wanneer gierigheid vir wins self sal stop, net sodat mense lewend kan bly.

50 Die dag sal kom wanneer mense, in die aangesig van 'n wêreldwye duisternis, sal begin groepeer om nie te vergaan nie.

51 Ten slotte sal 'n dag kom wanneer mense sal gryp na die

HEILIGE ANKER VAN REDDING van hierdie NUWE BYBEL ten einde 'n manier te vind om die nag en angs te ontkom!

52 Die NUWE JERUSALEM sal 'n voorwerp van begeerte vir 'n groot aantal mense word. Mense sal begin besef dat, nie net baie dinge wat hulle tot dusver gedoen het, basies verkeerd was nie, maar dat alles vanaf die begin heeltemal verkeerd was! Tog sal dit te laat wees om alles so vinnig te verander, ten einde vir die foute en die gevolge daarvan te vergoed, want die groot magte van duisternis sal stappe neem om alles te onderdruk wat oorgebly het van die vrye wil, in die oorgrote meerderheid van die mensekinders wat MY, DIE ALMAGTIGE nie betyds wou aanroep nie.

53 In uiterste nood sal die mensdom dade doen wat uiteindelik die vonk sal wees vir hul selfgemaakte oordeel.

54 Dan sal EK JAHWEH die ware kinders van MY LIEFDE na veiligheid bring onder die skuiling van MY ALMAG, terwyl hulle so lank sal uithou as wat nodig sal wees vir die oprigting van die NUWE JERUSALEM op Aarde.

55 Intussen beter jy hierdie NUWE BYBEL as jou daaglikse brood inneem- geestelik gesproke - sodat almal van julle wat hierdie NUWE BYBEL herken as die WERK VAN BARMHARTIGHEID EN GENADE VAN JULLE ELOHIM EN HEMELSE VADER, kan grootword om MY ware kinders te word in hierdie kort tydperk van GENADE EN VERLOSSING:

56 So 'n grootword, so 'n rypwording van julle siele, is onontbeerlik om burgerskap toegestaan te word in MY NUWE JERUSALEM op Aarde. Net soos wat niks onsuiwer toegelaat sal word om MY Hemele binne te gaan nie, nie eens die kleinste teenstrydigheid met MY HEILIGE WIL nie, - want anders sou daar geen Hemele wees nie- kan ook niks die NUWE JERUSALEM binnekom wat nog nie gereed is om in absolute

gehoorsaamheid MY HEILIGE WIL en die GEBOOIE VAN MY GODDELIKE VOLMAAKTHEID te vervul nie.

57 Wat is die toepaslike kriteria in julle arbeidswêreld? Is daar enige verdraagsaamheid vir die onbekwame, die onbevoegde, die ledige?

58 Kan jy jou 'n HEMELSE KONINKRYK op Aarde indink wat gevul moet word met ledige dromers, MY kinders van hierdie Aarde? Julle beter dadelik sulke onnosele gedagtes wegwerp, want dit is onsinnig.

59 Nog meer as in julle aardse ondernemings, sê EK JAHWEH - die heel beste is wat nodig is vir MY Hemele en MY hele skepping, naamlik die mees vurigste werke in die LIEFDE VAN VOLMAAKTHEID, saam met WYSHEID en al die ander eienskappe van MY, om sodoende waardes van ware lewe vir alle ewigheid te skep.

## Die seëninge van die NUWE JERUSALEM

60 Hoe die NUWE JERUSALEM in die nabye toekoms van jou Aarde 'n volmaakte hemelse Koninkryk sal wees.

61 In hierdie NUWE JERUSALEM sal daar geen werkloosheid, geen honger, of enige soortgelyke negatiewe verskynsel wees nie, wat maar die onvermydelike is van 'n liefdelose gefabriseerde wêreld.

62 LIEFDE, egter, synde die Ewige fundamentele toestand van julle ELOHIM EN SKEPPER, is die grootste, eindelose, nimmereindigende skeppingskrag waaruit alles ontstaan en wat ewiglik die bron van alles sal wees, - inderdaad word die konsep van EWIGHEID en ONEINDIGHEID gedra deur die einste fundamentele aard van LIEFDE wat in hoofsaak beide EWIG en ONEINDIG is.

63 Dit is die rede waarom 'n gees wat vanuit MY gaan, EWIG is, want LIEFDE gaan vanuit MY en MY HART SE OERGRONDPOOL as die ewige, vloeiende, handelende, skeppende en handhawende krag.

64 Aangesien WARE LIEFDE alles is, alles sal gryp en aantrek, terwyl wat aangetrek is, in staat gestel word om opwaarts te styg tot in alle ewigheid en oneindigheid, is dit duidelik dat waar LIEFDE ookal heers en waar alles gedra en bymekaargemaak word in WARE LIEFDE, daar nooit enige werkloosheid, hongersnood of ander wonde kan wees nie.

65 Werkloosheid is slegs die gevolg van `n selfsugtige drang na kortstondige, vinnige opbrengste deur niks en niemand te ontsien nie, en daardeur die voortdurende waardes van EWIGE LIEFDE te minag.

66 DIE EWIGE WETTE EN BEGINSELS VAN JULLE ELOHIM EN SKEPPER is heeltemal vreemd vir julle hedendaagse "sakewêreld" en lyk irrasioneel vir julle wêreldse denke, maar julle gaan sien hoe julle "redelike wêreld" uitmekaar gaan breek in die groot maalstroom van julle selfveroorsaakte Oordeel en Verdoemenis, en dan sal julle nie net met leë hande gelaat word nie, maar ook met 'n leë siel, want sy kort LIEFDE.

67 Word daarom die vurigste en barmhartige JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE - wanneer EK JAHWEH jou onverfloud en aanhoudend roep deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, - sodat jy nie eendag as 'n bedelaar sal staan, verlate van LIEFDE, voor die HEILIGE HEK VAN MY NUWE JERUSALEM sonder hoop om ooit ingelaat te word, omdat jy geen KAPITAALFONDS VAN LIEFDE kon toon nie!

68 Tog is EK 'n onverbiddelike streng MEESTER VAN LIEFDE, WIE, by die hek van MY NUWE JERUSALEM, die ware onverganklike kapitaalfonds van die lewe notuleer, en wil nie

opgehou word deur 'n jammerlike telling van halfpennies van Liefde nie, maar neem genoeë daarmee om 'n vet KAPITAALFONDS VAN WARE LIEFDE te sien, en verleen net toegang tot die NUWE JERUSALEM aan diegene wie niks anders as LIEFDE is nie.

69 Poog gevolglik om julle kapitaal van Liefde te verbeter, om sodoende boustene van die NUWE JERUSALEM te word, om toegang te verkry as volle burgers, want die NUWE JERUSALEM sal die duidelikste realiteit wees,

'N KONINKRYK VAN LIEFDE

70 In hierdie rypwordingsproses van ware LIEFDE sal julle nie net vinnig begin om die fundamentele foute en swakhede van hierdie wêreld te herken en progressief daarvan weg te draai nie, maar julle sal, deur die mate van julle erns, in die onvermoeide werking van WARE LIEFDE, 'n oorsig kry van

DIE NUWE JERUSALEM SE SEËNINGE

71 Alles is geseënd in die NUWE JERUSALEM, omdat al Haar burgers in WARE LIEFDE sal lewe, en EK as die KONING VAN DIE KONINGS, sal permanent MY EINDELOSE SEEN aan al MY KINDERS uitdeel.

72 Dit beteken dat in alle opsigte MY NUWE JERUSALEM se kinders sal deel van MY ware, Ewige rykdom, en dit beteken in die besonder:

73 Dat die krag beskikbaar vir elke burger van die NUWE JERUSALEM vanuit MY HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES nooit sal ophou nie, maar vrylik sal voortborrel sonder om ooit te verminder.

74 Net soos 'n kragstasie wat sorg vir 'n groot aantal masjiene en instrumente met die nodige energie; in die NUWE JERUSALEM is EK MEESTER EN SKEPPER, is EK die EWIGE

KRAGBRON VAN LIEFDE wat elke menslike siel voed, sowel as alle ander behoeftes wat sy mag hê, met MY KRAG, MY ONOPHOUDELIKE, EWIGE VLOEIENDE ENERGIE VAN LIEFDE, op voorwaarde dat die menslike kind homself korrek gekoppel hou aan MY, en mits daar nooit 'n kortsluiting sal plaasvind tussen MY en die kind van MY JAHSHUA-MIRIAM LIEFDE nie.

75 Hierdie EWIGE KRAG EN ENERGIE wat van MY uitgaan is gratis, word ook nie geweeg of getel nie, anders sou dit geen krag van MY, DIE EWIGE LIEFDE gewees het nie. Jy ervaar dit reeds ten opsigte van jou lewensenergie wat jy vrylik van MY ontvang en waarvoor EK niks anders in ruil vra as LIEFDE van jou nie. Want as jy MY betaal vir MY WERKE met jou LIEFDE, sal 'n permanente ENERGIESTROOM VAN LIEFDE ontwikkel tussen MY en jou wat alles in en om jou sal dra na die grootste heer-likheid, en sal daardeur ook MY skepping verryk in die werke en gevolge van LIEFDE, sodat julle 'n voorsmaak van MY EWIGE LIEFDE in HAAR EINDELOSE OORVLOED kan ontvang.

76 Daar is natuurlik 'n oneindige verskil tussen 'n kragstasie van julle wêreld en MY, die EWIGE KRAGBRON en die EWIGE VERSKAFFER VAN ALLE ENERGIE, want julle kragstasies sal dadelik stilstaan sonder `n eksterne energie-inset, terwyl EK JAHWEH nooit sal stilstaan nie! Hoekom is dit so?

77 Dit is so, want EK is EWIGE LIEFDE en gryp MY eie self aan vir ewig in die Liefde in MY HEILIGE GEES, dus vermenigvuldig EK MYSELF vir ewig deur voortplanting; en om in wiskundige terme te praat, - eksponensieel tot in die oneindigheid.

78 EWIGE LIEFDE is die grootste ondenkbare en tog denkbare vermenigvuldiger, waarmee MY KINDERS SE LIEFDE tot in die oneindigheid vermenigvuldig kan word, om dus onuitputlik in staat te wees om energie en moontlikhede te ontwikkel wat julle nog beperkte verstand nie eers van kan droom nie.

79 EWIGE LIEFDE is terselfdertyd die syfer van alle syfers, dit is die eenheidsyfer van alle ontwikkelende ordes van belangrikheid, die "1", en word oneindig tot in die ewigheid saam met die "0" syfer van MY HEILIGE GEES, die syfer wat julle sommer uit julle kop "nul" noem, wat bewys dat julle nog glad en geheel nie verstaan wat die ware sin/wese van getalle en syfers is nie, nog minder die diepgaande betekenis van letters en woorde! Watter wiskundige onder julle sou dink om te eksponensieer met 'n "nul"? Wel, die realiteit van MY HEILIGE GEES is die eienaardigste wesenlikheid vir julle!

80 In MY NUWE JERUSALEM, sal MY HEILIGE GEES egter die grootste en die magtigste werklikheid wees wat alles sal bevorder, verhoog en versterk tot ewige en oneindige bestaan.

81 Hierdie vermenigvuldigende krag en mag van MY EWIGE LIEFDE tesame met MY HEILIGE GEES - uit "1" en "0" - is die ewige geheim van opwekking en groei van elke enkele saad. Dit alleen laat EWIGE LEWE toe, dit alleen verduidelik waarom die GEES verenig met LIEFDE en deur vermenigvuldiging ewige onuitputlike WERKE VAN LIEFDE kan voortbring.

82 Onthou wat EK JAHWEH in die gebooie gesê het oor die geheiligde huwelik, naamlik dat elke enkele saad heilig is, hoogheilig, en dat dit nie vermors moet word in die riool van onbeheerste sondigheid nie! Hier het julle nog 'n bewys daarvoor!

83 Trouens, alles in die NUWE JERUSALEM sal ontvou in die onuitputlike rykdom van wat EWIG en ONEINDIG is, aangesien die fundamentele beginsel van werklike LIEFDE, tesame met die werklikheid van die HEILIGE GEES, in die hoogste en heiligste bewustheid geleef sal word.

84 Moet dus nie versuim nie, maar begin dadelik, kinders van MY LIEFDE, om bewustheid oor en oor te oefen en so MY

dissipels in die WARE LIEFDE van MY HEILIGE GEES te word, en om voor te berei vir wat nodig is vir die NUWE JERUSALEM met MY DIE MEESTER, IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, op die onbreekbare basis van hierdie HEILIGE WAARHEDE.

85 Die NUWE JERUSALEM sal 'n Hemele op Aarde wees deur die blote feit dat alle siele, nadat hulle met hul swakhede weggedoen het, nuwe energie en vermoëns sal ontwikkel deur die samesmelting van hulle SUIWER LIEFDE met MY HEILIGE GEES, want die GEES wat vrygestel word van die GEESTELIKE VONK in elke hart, sal 'n siel vul met groot krag, sal impulse wat tot nou toe ongekend is, genereer, en mensekinders heeltemal oordoen, sodat 'n heeltemal nuwe mensdom na vore sal tree, saam met 'n nuwe Aarde.

86 In die NUWE JERUSALEM sal daar inderdaad 'n voortdurende stryd van die gees wees, maar nie vir hoogmoed of wins nie, maar sal slegs stry met 'n ander vir die bereiking van die BESTE en die HOOGSTE, die geheel en al HEMELSE en HEILIGE uit LIEFDE tot MY en aan MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE.

87 Kan julle julleself indink, kinders van MY LIEFDE, wat 'n eksponensiële geestelike krag vrygestel sal word deur die reünie van al die kinders van MY LIEFDE met MY DIE SKEPPER van alles ewig en oneindig in die mees vurige barmhartige LIEFDE? Dink julle dat MY Teenpool onder sulke omstandighede nog steeds haar truuks op 'n menslike kind sal probeer en iewers kom?

88 Wanneer huwelike in die NUWE JERUSALEM net geheilig sal wees deur MY Heilige Gebooie, wanneer alle sataniese aspekte in die vereniging van twee siele oorkom en verlos sal word, en wanneer die verwekking van nuwe lewe die ALLERHEILIGSTE

FUNKSIE IN DIE HUWELIK sal wees, dan sal LIEFDE dit heilig en bestendig tot 'n ewig eindelose verhoging, waardeur die mensdom stap vir stap sal styg, en die hele skepping saam met hulle trek.

89 Die wêreld van die NUWE JERUSALEM sal dan nie meer vergelykbaar wees met die huidige stand van sake nie, selfs tot by die atomiese vlak. En die huidige stand van dinge sal lyk soos 'n ongelooflike vervloë nagmerrie vir MY KINDERS VAN DIE NUWE JERUSALEM.

90 Julle beter julleself vir eens en vir altyd regkry, kinders van hierdie era, en poog om die GENADE VAN MY WEDERKOMS en van hierdie NUWE BYBEL VAN MY te sien, sodat ware lig weer kan skyn op hierdie droefgeestige Aarde, wat al MY engele en geeste uit die Hemele laat sidder, of dit nie heeltemal deur die hel ingesluk sal word nie.

91 Die lig van MY Hemele is gebring en op hierdie Aarde ontsteek deur MY in JAHSHUA DIE GESALFDE, maar dit het uitgeflikker uit die harte van MY aardse kinders, maar nou is dit weer aangesteek deur MY WEDERKOMS IN MY ALLERHEILIGSTE en hierdie NUWE BYBEL. Wees versigtig om nie toe te laat dat hierdie HEILIGE LIG VAN VERLOSSING weer uitsterf nie, en EK DIE MEESTER sal julle help om die vlam in 'n helverterende vuur op Aarde aan te steek!

92 Waarlik het die tyd gekom waar die profesie van MY Johannes van weleer vervul moet word rakende sy sewende visioen van die NUWE JERUSALEM. EK JAHWEH sal dit aan julle verduidelik soos wat dit met die oë van ware LIEFDE en ware GEES gesien en verstaan moet word, want slegs hy wat ten volle LIEFDE geword het, soos wat EK LIEFDE in alle dinge is, sal die sig van die ware GEES hê en sal nie net alleenlik letters, syfers en die buitenste verskynsels waarneem nie, maar sal die

ware wêreld van dit wat verborge lê, begin sien, en sy oë sal as te ware supermikroskope word wat verby die buitenste dop sal kan kyk tot in die innerlike kern, sonder om 'n instrument te gebruik daarvoor. Toegegee, julle woon reeds in 'n wêreld van idees, maar dit is projeksies van julle siele se talle boeie, ingegee deur MY Teenpool! Julle mag dalk soms dink dat hierdie siele in ware LIEFDE rypgeword het en het dus `n diep geestelike insig en versiendheid gekry, dat hulle nie meer "normaal" is en nie "ernstig" opgeneem moet word nie, maar EK JAHWEH vertel jou: Pasop om nie te val tussen die geestelike blindes wat heeltemal blind is nie, maar genees eerder jou siel deur suiwer ware LIEFDE in die vervulling van MY GEBOOIE!

### ELOHIM DIE MEESTER openbaar Hemelse waarhede oor Die NUWE JERUSALEM deur die Sewende visioen van SY voormalige dissipel Johannes in Openbaring

95 Luister dus hoe EK JAHWEH aan julle die suiwer hemelse waarhede van MY HEILIGE GEES sal verduidelik, soos in die sewende visioen weergegee deur MY voormalige dissipel in LIEFDE - Johannes!

94 Toe Johannes skryf:

*"En EK het 'n nuwe Hemele en 'n nuwe Aarde gesien, want die eerste Hemele en die eerste Aarde het verbygegaan, en die see was daar nie meer nie. En EK, Johannes het die heilige stad, die NUWE JERUSALEM, sien neerdaal van ELOHIM vanuit die Hemele, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is."*

*(Openbaring aan Johannes 21:1-2)*

kon hy deur MY GENADE 'n blik op die NUWE JERUSALEM kry wat EK nou oprig deur MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE wat EK JAHWEH op julle ster "Aarde” laat neerdaal het. En dat

dit "berei is soos 'n bruid wat vir haar man versier is" weerspieël die heilige waarheid dat MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, MY ALLERHEILIGSTE, is die totstandbrenging van die heilige vereniging met MY DIE MEESTER op hierdie Aarde van verlossing, in alle heerlikheid voor die oë van al Ons mensekinders in die kleed van hierdie wêreld, nadat die "eerste Hemele", dit wil sê, MY aardse lewe in JAHSHUA DIE GESALFDE, "verdwyn het", net soos wat "die eerste Aarde", dit is die eerste periode van MY ONDERRIG tot op die dag van die komende onvermydelike oordeel, en daar was nie meer see nie", beteken dat die see van trane en ellende wat van die oordeel sal opklink, bedaar het en opgelos sal word deur die LIEFDE in die NUWE JERUSALEM op Aarde!

95 En hoe hierdie groot LIEFDE EN WILSKRAG VERENIGING van al die mensekinders met MY in die NUWE JERUSALEM besef sal word, word geopenbaar deur die "groot stem", MY HEILIGE STEM, deur Johannes:

*"En EK het 'n groot stem uit die Hemele hoor sê: Kyk, die tabernakel van ELOHIM is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees, en ELOHIM Self sal by hulle wees as hulle ELOHIM!"*

*(Openbaring aan Johannes 21:3)*

96 Dit is duidelik dat EK JAHWEH permanent met MY ware kinders in die NUWE JERUSALEM sal "woon ", dit wil sê, 'n ewige woning in hul harte sal hê, soos wat EK alreeds in hierdie NUWE BYBEL geopenbaar aan die begin van die hoofstuk oor die geheiligde huwelik, as die doel van MY wilskrag. Dit herhaal met 'n groot klem dat `n ware geheiligde huwelik 'n belangrike voorvereiste is vir elke mensekind, om in staat te wees om by te dra tot die bou van die NUWE JERUSALEM.

97 Die groot implikasie van hierdie voorspelling blyk uit die

volgende vers van die Openbaring aan Johannes:

*"En ELOHIM sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie, en droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."*

*(Openbaring aan Johannes 21:4)*

98 EK sal elke las van MY ware kinders in die NUWE JERUSALEM wegneem, ook al die rou en swaarmoedigheid wat oorgebly het uit die vorige grusame tye, en die dood sal nie meer die vrugte oes van die boosheid wat die mens voorheen op Aarde gesaai het nie, en in die gevolg van dood was "rou en huil en pyn". En "die ou dinge het verbygegaan" beteken dat die tye van die oorlog en alle vorme van geweld op hierdie Aarde verby is.

99 En die tyd van die NUWE JERUSALEM op die Aarde sal aanbreek, wanneer MY Heilige stem geopenbaar sal word in hierdie woorde:

*"Kyk, EK maak alles nuut. En hy het vir MY gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar!"*

*(Openbaring aan Johannes 21:5)*

100 Hierdie "Kyk, EK maak alles nuut" gebeur eintlik vandag deur MY NUWE BYBEL! Wie ookal nog nie heeltemal geestelik blind is nie en met die oë van LIEFDE deur hierdie NUWE BYBEL blaai, sal dadelik besef dat alles wat nou die hel dien, oorwin sal word, en hy sal weet hoe alles nuutgemaak sal word deur MY HEILIGE VOLMAAKTE WIL, WAT EK MYSELF IS, JULLE ELOHIM VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID, soos wat MY Johannes so wonderlik aangeteken het:

*"En hy het vir MY gesê: Dit is verby EK is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde en EK sal aan hom wat dors het, van die fontein van die water van die lewe gee, verniet!*

*Hy wat oorwin, sal alles beërwe en EK sal sy ELOHIM wees, en hy sal MY seun wees ".*

*(Openbaring aan Johannes 21:6-7)*

101 Die "A" en die "O", die Alfa en die Omega, is die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet: Dit beteken dat dit alles bevat wat nog ooit gekom het en wat steeds in bestaan moet kom deur MY HEILIGE WOORD, uitgereik van MY DIE MEESTER EN SKEPPER, in MY oneindige skepping van ewigheid tot ewigheid. Die "dors" is elkeen wat smag na MY HEILIGE WOORD en daarna streef om dit te vervul met die mees brandende LIEFDE, en EK sal hom "verniet" 'n teug gee van die "fontein van die water van die lewe", dit wil sê, van die ewig onuitputlike waters van MY LIEFDE, wat vir ewig die "lewende water" sal wees wat EK hom sal gee, sonder om ooit iets terug te verwag. Wat "vry" aangebied word in die NUWE JERUSALEM, is reeds gesê, maar dit sal weer in detail in hierdie NUWE BYBEL bespreek word.

102 Een van die punte wat herhaaldelik in hierdie NUWE BYBEL gemaak word, blyk ook uit die laaste deel van die sewende vers van die Openbaring aan Johannes, naamlik dat die oorwinnaar MY erfgenaam sal word in alle dinge, dit wil sê, `n beroep word gemaak om MY HEILIGE OEREIENSKAPPE syne te maak en EK SAL SY ELOHIM EN HEMELSE VADER WEES, terwyl hy, deur homself te oorwin en MY HEILIGE wil te vervul, sal "MY seun" wees, wat ook van toepassing is op die vroulike geslag, want almal wie gehoorsaam is aan MY, is MY WARE KINDERS VAN LIEFDE.

103 Maar diegene wat nie bereid is om MY HEILIGE WEE te volg en sodoende hul eie ondergang voorberei in die "moeras wat brand met vuur- en swaelvlamme", beteken dat die allesvernietigende vuur aangesteek sal word deur 'n gevoellose

verbreiding van sonde, ongeregtigheid en die vuil skuim van alle sondes, die "swael", soos wat EK JAHWEH dit in daardie dae deur MY Johannes laat neerskryf het vir alle tye:

*"Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars. Hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel, wat die tweede dood is."*

*(Openbaring aan Johannes 21:8)*

104 Maar tog het EK ook aan MY Johannes getoon, vir al sy Liefde in sy dikwels moeilike beproewing en sy so moeilike vervulling van MY HEILIGE WIL, 'n prentjie van die volmaakte grootsheid van MY NUWE JERUSALEM:

*9 EN een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.*

*10 En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van ELOHIM neerdaal;*

*11 en dit het die heerlikheid van ELOHIM gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.*

*(Openbaring aan Johannes 21:9-11)*

105 Of EK as MYSELF spreek, of as die MEESTER, of deur een van MY SEWE ENGELE, om MY HEILIGE WIL aan julle bekend maak, kom dit op dieselfde neer, aangesien hierdie sewe engele die geestelike pilare en draers van MY sewe OEREIENSKAPPE is, en net soos EKSELF, niks anders doen as MY HEILIGE WIL nie. Dit was een van hierdie sewe Oeraartsengele, in hierdie geval Gabriël, wie, as MY Voorloperengel - wat ten tye van MY geboorte as die Seun van die mens MY aardse tydperk

aangekondig het - wat aan MY Johannes geopenbaar is, in die vroue as die "bruid van die Lam "die prestasie van EWIGE LIEFDE in die NUWE JERUSALEM as ELOHIM SE ALLERHEILIGSTE, na al die byeenbring van die mensdom se sondes in die "7 skale" wat leeggemaak is in die voltooide Oordeel, volgens DIE WET VAN SONDE EN VERSOENING, naamlik dat ELOHIM WIE as die SEUN VAN DIE MENS en die "LAM VAN ELOHIM" in sy EINDELOSE GEDULD EN BARMHARTIGHEID, ten spyte van SY dood aan die kruis van Golgota, nou vir die mensdom van hierdie Aarde SY HEMELE OP AARDE in die NUWE JERUSALEM bou.

106 En hierdie WERK VAN MY GENADE wat in MY HEERLIKHEID vanuit die Hemele op die Aarde neergelaat sal word, was getoon aan MY Johannes deur die Oeraartsengel van die verhewenheid waar die NUWE JERUSALEM in sy volle omvang sigbaar was.

107 Die vergelyking van die glans van die NUWE JERUSALEM met die "mees kosbare klip" in Johannes se visioen is nie simbolies nie, omdat MY lig selfs die donkerste lewenstof sal deurdring, dit is materie, om so die aardse materie te voed met `n lewenskrag waarsonder julle Aarde nooit nooit in staat sou wees om die ewige voortplantende "Moeder Aarde" te wees nie. En hierdie lig van MY, in sy lewenskeppende kapasiteit verander hier en daar die duister lewenstof van aardse materie in "edelgesteentes", wat die eienskappe van MY Lig laat blink en uitstraal in die grootste verskeidenheid van skakerings, en roep dikwels niks meer as die kleinste beeld van MY Hemele in julle edelgesteentes nie. Om die helder jaspis "die mees kosbare steen" in hierdie openbaring te noem, selfs al staan dit nie eerste in julle edelgesteente-klassifikasie nie, is nie verkeerd in die Openbaring nie, maar toon eerder dat julle mensdom tot dusver nie in staat was om die beste eienskappe van MY LIG te

identifiseer nie, net soos die "mooiste pêrel" van MY ALLERHEILIGSTE slegs gevind sal word deur diegene wat MY bo alles liefhet in MY HART SE OERGRONDPOOL.

108 Dit is net soos met alles wat julle oë tref, letters of syfers, vorme of tekens, werke of verskynsels van MY skepping: Nooit herken julle met die eerste oogopslag hul ware geestelike doel nie! In die meeste gevalle dwaal julle filosowe in hul geestelike gimnastiek ten opsigte van die verborgenhede van MY skepping, terwyl teorieë op teorieë julle hele bestaan verdrink soos 'n vloed, wat julle verhoed om MY DIE SKEPPER te bereik, om die kortste weg te vind om die leidrade te kry na alles deur MY GENADE. En hierdie kortpad is jou LIEFDE vir MY!

109 Dit is verantwoordelik vir die magdom wanvoorstellings wat vir eeue en selfs millennia geheers het tot vandag toe, en dit verklaar waarom so vele fassette nooit regtig aan 'n geestelike keuring onderwerp is nie, in die besonder wat betref julle grondbeginsels van wiskunde.

110 Dit is ook die lot van hierdie openbaring aan Johannes, waaraan geen geldige interpretasie ooit gegee is tot op hierdie dag nie, want die brein alleen is nie goed daarvoor nie. Tog het EK JAHWEH, van tyd tot tyd vele wenke gegee, sonder om ooit die volle prentjie bekend te maak, sodat die mensdom nie geestelik aan die slaap sou raak nie. In byna al die openbarings laat EK sommige duisternis, en sal die meeste dinge openbaar, maar net stap vir stap om jou in geestelike paraatheid te hou, alvorens jy in traagheid verval.

111 So het EK JAHWEH sekere geestelike "struikelblokke" in alle openbaringe aan die mens laat insit, wat bedoel is om julle te help om volwasse te word in al julle kwaliteite, insluitend hierdie NUWE BYBEL wat nie geheel en al vry is van sekere "struikelblokke" nie; tog is dit eintlik toetsstene om julle

vermoë te toets om 'n kind van MY LIEFDE te wees. Daarbenewens is MY Teenpool vry om julle in versoeking te lei, en sy sal haar bes doen om julle te vang, waar en wanneer sy kan. Wees daarom versigtig en wys dat na 'n eerste ondersoek van die NUWE BYBEL, julle reeds besig is om in ware Liefde te groei, en dat julle hierdie NUWE BYBEL aanvaar as 'n HEILIGE WERK VAN MY GENADE EN BARMHARTIGHEID, selfs al is daar 'n hele aantal punte wat nie in julle huidige raamwerk van die verstand inpas nie.

112 Pasop vir haakplekke, sê EK JAHWEH, wanneer julle MY Heilige woorde in MY NUWE BYBEL lees, en smeek MY vir die GENADE VAN VERLIGTING as daar iets is wat julle kan nie begryp nie! Dan sal MY LIG oor julle kom, en julle die nodige insig gee, julle sal dan in diepte verstaan en in 'n geluksalige gemoedstoestand alles as 'n kragtige HEILIGE WAARHEID van MY, julle ELOHIM en Skepper aanvaar, en julle sal bly wees oor die GAWES VAN GENADE wat aangebied word in elke HEILIGE WOORD van MY.

## Die NUWE JERUSALEM, belangrike Skema van orde volgens die Openbaring / SIN van 12 x 12 = 144

113 EK JAHWEH gaan julle nou aan MY HEILIGE HAND neem om julle deur die volgende verse van die openbaring te lei wat EK eens deur MY GENADE aan MY Johannes gegee het. Julle sal in die volgende vers sien dat die getal "12" `n belangrike rol speel, sowel as die vermenigvuldiging met sy eie waarde: 12 x 12 = 144.

*12 "En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel.*

*13 Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte.*

*14 En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam.*

*15 En hy wat met my gespreek het, het 'n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet.*

*16 En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend-vyf-honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk.*

*17 En hy het sy muur gemeet op honderd-vier-en-veertig el, volgens 'n mens se maat, wat die maat van 'n engel is.*

*18 En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas.*

*19 En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag;*

*20 die vyfde sardóniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrísopraas, die elfde hiasínt, die twaalfde ametís.*

*21 En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas."*

*(Openbaring aan Johannes 21:12-21)*

114 Soos julle kan sien, is die getal "12" herhalend in die NUWE JERUSALEM en die mate van die mure is gelyk aan `n man of 'n engel s`n, naamlik honderd-vier-veertig el; "12" was ook die

getal van die stamme van Israel en van MY Apostels, wie se name op die mure aangegee word en "12" was die getal van die poorte en engele daarop.

115 Maar jy mag vra, waar is daar enige verwysing in hierdie NUWE JERUSALEM na "7", die getal van MY HEILIGE OEREIENSKAPPE?

116 Inderdaad is die heilige "7" ook sigbaar en waarneembaar in die NUWE JERUSALEM. EK gaan dit vir julle ontsyfer.

117 Laat ons vir MY, ELOHIM DIE MEESTER, plaas as die syfer van alle syfers, as die ewig heilige, vernaamste en rangskikkende nommer "een" in die middel en laat ons MY ses oorblywende Oereienskappe egalig versprei op die simboliese teken van MY HEILIGE GEES, die sirkel. So is ons oë op 'n omtrek wat eweredig verdeel is in die gewone orde van MY EWIGE LIEFDE, die syfer "1" deur die ses oorblywende Oereienskappe van MY. Dit kan gevisualiseer word deur 'n sirkel by sy radius in ses gelyke omtreksgedeeltes te verdeel.


118 Laat ons dan vir MY as die getal "Een" verbind met die ander ses rangskikkkende gehaltepunte, eerstens op so 'n wyse dat die punte wat ooreenstem met ewe getalle, dan dié wat ooreenstem met onewe getalle, aan mekaar te koppel; so verkry ons twee gelyksydige driehoeke gerangskik rondom MY, die sentrale punt, wat die simbool vorm van daardie ster, wat MY "uitverkore volk" eens as 'n simbool van MY HEILIGHEID - HUL ELOHIM JAHWEH geneem het. As ons nou 'n tweede sirkel rondom die syfer "Een" trek, MY sentrale punt, met 'n radius wat die interseksiepunte van beide die gelyksydige driehoeke sal verbind, kry ons 'n binnekring met die ses rangskikkende punte van MY ses Oereienskappe wat georden word deur die getal "Een".

119 Ons het dus een van die vernaamste toonaangewende

sleutelposisies van MY HEILIGE GEES geopenbaar wat in elke gees van krag moet wees, naamlik dat die innerlike self in volmaakte orde moet straal deur die buitekant, terwyl die buitenste self die innerlike self moet weerspieël, sover as wat 'n gees in volmaakte harmonie moet leef en optree. Dit raak aan die raaisel van die getal "12", wat die volmaakte uitdrukking van die totale orde van enige gees en sy werke moet wees, indien hy dit ten doel het om vir ewig binne-in MY HEILIGE ORDE te leef.

120 Hou hierdie ontsyferde skets van MY BINNESTE EN DIE BUITENSTE ORDE in gedagte, terwyl julle dit oorweeg dat hierdie simbool nie geneem kan word as 'n ideologie van MY "uitverkore volk" nie, maar dat dit eerder die HEILIGE SKEMA VAN ORDE VAN JULLE ELOHIM, MEESTER EN SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE is, wat julle oral in werking behoort te stel!

Die NUWE JERUSALEM,


2
Gates
10 - 12
N
7
7
2
3
7 - 9
Gates
W
6
1
3
E
Gates
1 - 3
6
5
4
4
S
Gates
4 - 6
5

# Die NUWE JERUSALEM

## Die Fundamentele skema van Orde

121 Hierdie fundamentele skema van orde van MY HEILIGE GEES openbaar bykomend dit wat alreeds voorheen bekendgemaak is, naamlik dat die getal "12" as 'n Bybelse raaisel nie verminder moet word tot die twaalf seuns van Jakob nie, maar eerder dat die 12 stamme van Israel gewortel moes gewees het in MY ORDE, as hulle MY seën en leiding wou ontvang het.

122 Net so moet met die twaalf poorte van die NUWE JERUSALEM verstaan word dat hulle rus op MY ORDE, en die feit dat hulle georden is in drieë deur die vier winde van die Hemele, beteken dat MY HEILIGE GEES van die HEILIGE DRIE-EENHEID die NUWE JERUSALEM moet deurdring en onderhou in 'n absolute gelyke mate terwyl die twaalf engele, as uitdrukking van die binneste en buitenste orde, waak oor die twaalf poorte. Die mure van die NUWE JERUSALEM, wat in hierdie absolute orde opgerig is op "twaalf fondamente", weerspieël die vastigheid van WARE LIEFDE IN MY HEILIGE GEES, en die feit dat hulle die name van MY twaalf apostels toon, beteken dat die HEILIGE WET VAN MY ORDE deur hulle vervul was, net soos EK as die MESSIAS beklemtoon het dat EK nie gekom het om die wet af te skaf nie, maar om dit te vervul.

123 Die feit dat die NUWE JERUSALEM gelyk is in lengte, breedte en hoogte, beteken dat, ten opsigte van LIEFDE, WYSHEID en KRAG, dit nooit anders sal lewe nie, maar binne die orde van MY HEILIGE GEES en WIL, en die mure vertolk, met die gelyke mate van vermeerdering van 12 x 12 = 144, hulle harmonie met die gelyke dele van 'n mens of 'n engel as die

volmaakte uitdrukking van MY GELYKENIS.

124 Die muur van die NUWE JERUSALEM, soos waargeneem deur MY Johannes, kon gebou word van die kosbaarste steen jaspis, omdat jaspis gekristalliseerde LIEFDE is in die materiële wêreld, net soos wat die suiwer goud van die stad, die volmaakte suiwerheid van LIEFDE uitdruk, wat so voortreflik is dat wanneer dit met fisiese oë gesien word, dit soos suiwer glas lyk waardeur geopenbaar word dat SUIWER LIEFDE in die NUWE JERUSALEM kristal sal wees, soos die onsigbare HEILIGE GEES.

125 Dit vind ook uitdrukking in die beskrywing van die "strate van die stad" - waarmee alle vlakke van die lewe bedoel word, insluitende die nederigste, MY KINDERS VAN LIEFDE - wat van suiwer goud, deurskynend soos glas gemaak is.

126 Uiteindelik is al die "fondamente" van die stad deur die volmaakte orde versier met twaalf verskillende edelstene, wat beteken dat WARE LIEFDE in haar mooiste en suiwerste verskeidenheid, die NUWE JERUSALEM sal beklee.

127 Hierdie volmaakte orde van die NUWE JERUSALEM in die LIEFDE VAN MY HEILIGE GEES sal 'n mate van geloof weerspieël waar 'n sigbare tempel van ELOHIM nie meer nodig is nie, want waar MY HEILIGE ORDE vanuit MY LIEFDE in alles heers, daar is EK JAHWEH, nie net die sentrale punt, die Alfa en Omega van alle skeppings nie, maar ook DIE TEMPEL VAN ALLE TEMPELS, en almal is een met MY TEMPEL, want hy is in MY TEMPEL as 'n tempel van sy eie self.

128 Die volmaakte geestelike toestand het 'n eenvoudige realiteit in die NUWE JERUSALEM geword, nie net omdat EK ELOHIM DIE MEESTER en EWIGE SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE, daarin woon te midde van MY KINDERS VAN LIEFDE nie, maar ook omdat die HEILIGE WOORD dan vervul sal wees met

ELOHIM wat onder Sy kinders leef as EEN HERDER met SY KUDDE; buite sy simboliese betekenis, beteken dit wesenlik dat die hele mensdom een geword het in LIEFDE, met sy een ware ELOHIM EN SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE.

129 Dit het MY Johannes as volg beskryf:

*"En EK het geen tempel daarin gesien nie, want die MEESTER ELOHIM, die Almagtige, en die Lam is sy tempel."*

*(Openbaring aan Johannes 21:22)*

130 Tog word die grootheid en ontsaglike betekenis, wat glad nie vandag deur die mensdom begryp kan word nie, ook deur Johannes geopenbaar:

*"En die stad het geen behoefte van die son of die maan om daaroor te skyn nie, want die heerlikheid van ELOHIM het die stad verlig, en die Lam is die stad se lamp."*

*(Openbaring aan Johannes 21:23)*

131 Daardeur het Johannes iets verwag wat niemand in staat was om in sy tyd te begryp nie, en wat ook tot vandag toe slegs bedink kan word deur diegene wat in hul hart ware kinders van MY LIEFDE geword het. Inderdaad, wie onder julle mensekinders kan verstaan dat 'n stad geen sonlig nodig het nie en dat slegs die HEERLIKHEID VAN ELOHIM alles verlig?

132 Tog is dit 'n HEILIGE WAARHEID GEOPENBAAR DEUR MY DIE MEESTER EN SKEPPER!

133 Voorwaar, sê EK JAHWEH aan almal van julle wat wil MY onwrikbaar wil volg, alhoewel vele lesers ten hierdie tyd vir hulleself sal sê: "Tot nou toe het EK probeer om alles te glo, maar nou gaan dit my geloof te bowe" en sal hierdie NUWE BYBEL toemaak, selfs al maak hy dit later oop.

134 Voorwaar, hierdie is die eenvoudige waarheid. Trouens,

wie MY aangegryp het in die volmaaktheid van MY LIEFDE, het ook die LIG VAN ALLE LIG en sal skyn soos wat EK JAHWEH skyn.

135 'n Natuurlike son, soos wat in julle uitspansel is, is slegs nodig waar Liefde nog steeds so koud en swak is, dat dit skaars waarneembaar is, laat staan nog om self te skyn. En as EK julle laat lewe in die karigheid van julle Liefde, sê EK dat julle gladnie sou kon lewe nie, want julle sou oornag uitgesterf het deur julle eie duisternis!

136 Maar waarookal MY LIEFDE in 'n menslike kind ontwikkel tot vurige LIEFDE, sal WARE LIEFDE begin te skyn en straal en alles rondom verlig. Jy het beslis gelees dat MY grootste profeet Moses 'n driedubbele bedekking om sy kop moes draai toe hy van die berg Sinai afgekom het om met sy volk Israel te praat, want niemand anders uit die blinde kinders van Israel kon hierdie lig vanuit MY HEILIGE LIG verduur nie.

137 EK het reeds vir julle in hierdie NUWE BYBEL gesê hoe onbekwaam julle is om die vermenigvuldigingskrag van LIEFDE te bedink, sou al MY aardse kinders gevul wees met WARE LIEFDE! En julle was reeds deur MY Johannes vertel dat die NUWE JERUSALEM geen sonlig meer nodig gehad het nie, want MY GLANSRYKHEID het alles verlig.

138 Voorwaar, die oomblik wanneer al MY aardse kinders burgers van die NUWE JERUSALEM geword het, deur die volmaakte LIEFDE, die vurigste en barmhartige JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE, om daardeur met MY DIE MEESTER in alle volmaaktheid te verenig, sal die GLANSRYKHEID VAN MY LIG alles verlig, sodat daar geen son meer nodig sal wees nie. Dit is 'n waarheid, 'n heilige onbetwisbare waarheid!

139 Dit is ook 'n HEILIGE WAARHEID dat alle lig in MY oneindige skepping, die skyn van alle sonne en sterre, en selfs van die grootste sentraalsonne, 'n weerspieëling is van MY EWIGE LIG

VAN LIEFDE.

140 Mag hierdie HEILIGE WAARHEID 'n lig in julle wêreld van denkbeelde gee om julle 'n aanduiding te gee van hoever MY EWIGE LIEFDE vir julle en elke skepsel bo woorde en begrippe is.

141 Aan die ander kant is dit maklik om te verstaan dat die NUWE JERUSALEM nie met MY LIG verlig sal word soos wat jy 'n skakelaar aanskakel nie, want die NUWE JERUSALEM sal moet arbei om geleidelik te styg vanuit 'n eerste vlak van ware volmaakte Liefde, na die hoogste vlak van JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE, en tog sal sy vinniger styg as wat julle dink, veral omdat die NUWE JERUSALEM SY REGTE JAHSHUA-MIRIAM-VERLIGTING sal hê deur die LIEFDE VAN MY ALLERHEILIGSTE, want die "Lam" - dit wil sê die diepste nederigheid en die grootste gereedheid om te offer wat gemotiveer is deur genade en absolute gehoorsaamheid as LIEFDE BO ALLE LIEFDE - het ontbind in die GLANSRYKHEID VAN ELOHIM wat as 'n LIG BO ALLE LIG vir ewig sal skyn in die NUWE JERUSALEM.

142 En EK het ook gesê dat MY HEMELE op die Aarde laat sak is, om die NUWE JERUSALEM te bou, en waar MY HEMELE ookal is, sal die Hemele skyn deur die GLANSRYKHEID VAN ELOHIM, of anders was daar niks!

143 Hou dus hierdie skets van die NUWE JERUSALEM voortdurend in gedagte, wetend dat hierdie stad die NUWE AARDE sal wees en dat dit hoog tyd is om MY HEILIGE WIL te volg!

144 Julle sal nou makliker kan besef dat MY HEILIGE WOORD, hetsy in die ou of die NUWE BYBEL, of deur MY HEILIGE STEM in 'n menslike hart, in die diepte van die gees begryp moet word, vanuit MY HEILIGE GEES, andersins sal julle nooit by die HEILIGE WAARHEID uitkom nie, maar sal eerder verstrengel word in selfversinde illusies.

145 Julle word dus goed aangeraai om heeltemal in MY JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE in te tree, wat uitstraal uit elke bladsy van hierdie NUWE BYBEL, en volgens die erns van julle strewe sal julle omring en deurtrek word met MY HEILIGE GEES, WIE julle geleidelik sal bekendstel aan MY KONINKRYK wat nie van hierdie wêreld is nie.

146 Deur hierdie raad te volg sal julle dalk ook besef dat EK JAHWEH reeds vir 'n lang tyd tussen julle as die TEMPEL VAN DIE NUWE JERUSALEM was, soos wat MY Johannes dit in sy sewende visioen gesien het. Want waarookal die hoofkwartier is van MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE - DIE LIGSIRKEL VAN DIE GESALFDE – is EK JAHWEH ook teenwoordig as die TEMPEL VAN ALLE TEMPELS, - DIE TEMPEL VAN DIE NUWE JERUSALEM. En dit berus net by julle, MY mensekinders, om rondom hierdie HEILIGE TEMPEL VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER te versamel, om te luister en MY HEILIGE WIL te vervul, om sodoende die NUWE JERUSALEM te bou!

147 Wanneer julle kom na hierdie HEILIGE TEMPEL VAN MY, verwag nie om reeds vanuit die verte 'n paar pragtige geboue te sien nie, niks van die soort nie! Maar julle sal MY Lig waarneem wat skyn in MY HEILIGE STEM, wanneer EK met julle praat, indien dit MY wil is!

148 Dit kan selfs gebeur dat julle hierdie plek nogal teleurgesteld sal verlaat, sonder dat julle MY gesien het as die TEMPEL VAN ALLE TEMPELS, of MY waargeneem het in MY STEM, maar dan is dit julle wat geblameer moet word: Om nie in die diepste nederigheid te kom nie, of selfs vir die wat met boosheid in die hart kom, want dit is die hoofkwartier van MY LIGSIRKEL, net soos wat MY Johannes gesê het:

*"27 En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is*

*in die boek van die lewe van die Lam.."*

*(Openbaring aan Johannes 21:27)*

149 Inderdaad, MY HEILIGE GEES waai in die Hoofkwartier van MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE en sal alles uitsluit wat nie behoort aan die NUWE JERUSALEM nie. Slegs daardie nuwelinge wat bely dat hulle MY nie voorheen herken het nie en bely dat hulle MY in hul hart gevind het, deur middel van hierdie NUWE BYBEL, sal Genade vind voor MY en sal die geluksaligheid kan geniet om van nou af in MY lig te stap, soos reeds gesê:

*"24 En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die Aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin.."*

*(Openbaring aan Johannes 21:24)*

## Heilige aanbieding van Genade vir die Magtiges van hierdie Aarde

150 Hieruit kan julle sien hoe MY GENADE deur enige persoon verkry kan word en dat niemand uitgesluit word van die NUWE JERUSALEM op Aarde nie, en ook die heersers van hierdie Aarde wat reeds aangespreek is deur die KONINGIN VAN MY HEMELE kan nog steeds deel in MY GENADE, as hulle gereed is om bedagte heersers te word van die mensekinders wat aan hulle toevertrou is.

151 EK JAHWEH sê vir julle: Dit is 'n ongekende Genade wat julle aangebied word, magtiges van hierdie Aarde, sodat julle die onvermydelike oordeel kan ontkom. Gee ag en neem hierdie aanbod van MY GENADE VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER in alle erns op, voordat dit te laat is!

152 Niks sal gered kan word en oorgebring word na die NUWE JERUSALEM toe nie, behalwe LIEFDE en Haar werklike dade.

153 Gee ag hierop met alles wat julle het! Julle weet baie goed wat die grense van julle vermoëns is, en enige poging om daardie grense met geweld te breek, sou dwaas wees, want EK JAHWEH sal nie toelaat dat julle daarbuite spring nie; as julle julle kragte sou wil probeer, sal dit uiteenskeur, wat sy bron ookal mag wees! Daar is geen bron van enige krag wat kan voorgee om te bestaan voor die aangesig van MY, ELOHIM DIE MEESTER nie. Enige krag wat in MY VERDRAAGSAAMHEID geduld word, laat net MY mensekinders die uiterste van hulle vrye wil toe, sodat hulle ietwat ervaring kan kry, totdat hulle besef, of in hierdie lewe of 'n ander op Aarde, dat daar niks hoër en meer volmaak is as MY ALLEEN HEILIGE WIL nie, en dat hulle vrye wil slegs sy volmaakte doelwit vind in die KRAG VAN DIE LIEFDE.

154 Daarom, let op, julle die magtiges van hierdie Aarde! Maak die regte keuse, maar dink tog nie dat EK julle dit vertel omdat EK JAHWEH julle om die een of ander rede nodig het nie! Moenie so dwaas wees so iets te glo nie! WANT EK DIE MEESTER EN ALMAGTIGE SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE het niemand nodig nie! Inteendeel, almal het MY nodig, en veral julle, die "magtiges", om julle siele te red! Want EK sou graag wou sien dat julle siele gered word, daarom dat EK JAHWEH julle hierdie raad uit MY barmhartigheid gee! As die balansstaat van julle heerskappy geen bates van ware Liefde sal toon en as julle nooit gewen sal word deur hierdie NUWE BYBEL van MY nie, kan julle nie gered word nie, omdat julle so diep vasgevang sit in die web van die onbreekbare WET VAN SONDE EN DIE VERSOENING wat julle so sal vashou na hierdie aardse lewe soos 'n spinnerak - 'n web van skuld wat julle vir julleself gespin het! En niemand kan julle bevry van hierdie web nie, maar net EK die MEESTER deur MY GENADE, want nooit sal jy hierdie drade op jou eie ontwar nie!

155 EK DIE MEESTER EN ALMAGTIGE kan julle vertel dat daar voormalige magtiges van die Aarde is, wat gedurende hul leeftyd byna almagtig was, en wat nou na millenia, verstrik is in hierdie web van skuld, want in hul onverbeterlikheid van hart en siel hulle het nie tot hul sinne gekom en geen beroep op MY GENADE gedoen nie.

156 Vandaar dat MY OPROEP aan julle, die "magtiges" van hierdie Aarde, 'n HEILIGE AANBOD DEUR MY GENADE is, waardeur julle kan sien dat EK JAHWEH, so ver as moontlik, die onvermydelike oordeel wil verswak, want inderdaad vind EK geen behae in die komende oordeel nie en EK wil liewer almal van julle gered sien, sodat julle die NUWE JERUSALEM kan binnegaan.

157 Dit is waarom EK julle aanraai om nie die boog van skuld te oorrek nie, maar om eerder MY HEILIGE ARM aan te gryp! Om die boog van skuld uit pure koppigheid te oorrek, sou beteken dat julle deur julle eie toedoen die OORDEEL aktiveer wat sy veroorsaker met onverfloude krag sal verswelg. Aan die ander kant beteken "om MY heilige arm te gryp" om die OORDEEL uit stel vir so lank as MY GENADE nodig sal hê, om sodoende te vermy dat die hele Aarde 'n begraafplaas sal word vir al MY mensekinders!

158 Besluit daarom nou, julle "magtiges", sodat MY BARMHARTIGE ARM julle kan aangryp! EK JAHWEH kan intussen niks meer vir julle doen nie. Dit is nou vir julle om te besluit of EK JULLE ELOHIM, MEESTER EN SKEPPER, julle siele moet red of nie!

159 Elkeen wat nie bereid is om MY HEMELE in te gaan via die NUWE JERUSALEM nie, het slegs homself te blameer vir die gevolge. EK JAHWEH, in MY GENADE en uit die grootste BARMHARTIGHEID VAN MY EWIGE LIEFDE, het genoeg tyd

gegee vir waarskuwings en vermanings!

160 Wie ookal sal luister na MY HEILIGE STEM, na al die heilige woorde en gebooie in MY NUWE BYBEL, en sal klou aan MY HEILIGE ARM VAN HAAR in wie EK JAHWEH teruggekeer het na hierdie Aarde om die mensdom te red en te verlos, sal in staat wees om die NUWE JERUSALEM binne te gaan nadat die stormgety (tsunami) van MY Teenpool afgeloop het, en hy sal homself nie net kan verfris en herstel met

*"1 EN hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van ELOHIM en van die Lam,"*

*(Openbaring aan Johannes 22:1)*

wat die EWIGE RIVIER van MY HEILIGE GEES is, maar om ook die oorvloedige vrugte van die EWIGE ORDE te oes, dit beteken om gelukkig voorsien te word deur MY HEILIGE GEES, terwyl hy Ewige WERKE VAN LIEFDE totstandbring in `n eindelose verskeidenheid, soos toegelaat deur die HEILIGE GEES. Die leidrade wat EK julle gegee het om die geestelike taal te verstaan sal julle in staat sal stel om julle weg beter te vind deur die volgende vers van MY Johannes:

*"2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom/hout van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies."*

*(Openbaring aan Johannes 22:2)*

161 Die "hout van die lewe "beteken die krag van die wil wat saamgesmelt het met MY HEILIGE WIL VAN VOLMAAKTHEID en dus vrugte dra in MY ORDE volgens MY OEREIENSKAPPE. Die "blare van die hout " beteken die uiterlike gerigtheid van die wil wat "die bediening van die genesing van die nasies/heidene "

deur die openbaarmaking van MY GENADE aan die kinders van MY LIEFDE wat eens gebreek het met MY, maar wat MY weer gevind het, dus wie heeltemal een geword het met MY HEILIGE WIL om MY WARE KINDERS te word.

*"3 En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van ELOHIM en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien."*

*(Openbaring aan Johannes 22:3)*

162 Dit beteken dat niemand uitgesluit word van die NUWE JERUSALEM nie en dat almal MY DIE MEESTER sal dien, en waar die woord "dienskneg" niks te doen het met 'n slaafwerker nie, maar 'n WARE SEUN VAN MY LIEFDE aantoon wat - terwyl hy sy oë ophef na MY, ELOHIM DIE MEESTER toe - baie vrolik MY heilige wil sal vervul vir sy eie heil.

163 En die ware beloning van hierdie dienaars van MY in die NUWE JERUSALEM sal wees dat hulle toegelaat sal word om MY HEILIGE AANGESIG te sien; hulle sal sigbaar die SEEL VAN HULLE ELOHIM EN MEESTER op hulle voorhoof dra, en dus sal hulle MY Lig dra sodat - soos reeds gesê - in die NUWE JERUSALEM geen sonlig meer langer benodig sal word nie, en dat alles sal ontwikkel in die LIG VAN ALLE LIG, in MY HEILIGE LIG VAN EWIGHEID, en MY ware dienaars sal deur MY VOLMAAKTHEID van ewigheid tot in ewigheid regeer.

*"4 En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees.*

*5 En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die JAHWEH ELOHIM hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid."*

*(Openbaring aan Johannes 22:4-5)*

164 Hierdie heerskappy sal nie die minste ooreenkoms toon

met enige regeringstelsel van die wêreld nie, - en so kan jy, wie ookal 'n eerste verligting deur MY HEILIGE GEES het - raai dat MY HEILIGE STEM alles deur MY ware diensknegte sal doen, op so 'n wyse dat geen parlement of 'n verkiesing per stembrief nodig sal wees nie; want in die NUWE JERUSALEM sal MY WARE KINDERS gestem het deur die "absolute meerderheid" vir MY ALLEEN, HULLE ELOHIM, VADER EN SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE. Hierdie regering sal geen onopgeloste probleem ken nie, en dit sal nie 'n diktatorskap of 'n demokrasie wees nie, maar dit sal die REGERING VAN MY LIEFDE wees met die WYSHEID VAN ALLE WYSHEID wat sal regeer: MY EWIGE VOLMAAKTHEID sal regeer soos oral in MY SKEPPING:

*"6 EN hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die JAHWEH, die ELOHIM van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur.*

*7 Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar."*

*(Openbaring aan Johannes 22:6-7)*

165 So het EK JAHWEH aan MY Johannes die komende oordeel en die koms van MY NUWE JERUSALEM deur MY aankondigingsengel Gabriël getoon. Want dit is 'n HEILIGE EN EWIGE WAARHEID dat hy wie MY HEILIGE WOORDE vervul, geseënd is! As julle, o mensekinders van hierdie wêreld, slegs 'n klein aanduiding kan kry van die innerlike bewustheid van die werklikheid dat volmaakte saligheid gekoppel is aan die vervulling van MY HEILIGE WOORD, sal julle werklik anders optree as wat julle tot nou gedoen het, en julle wêreld sal nie meer die speelterrein van MY Teenpool met al haar onder-geskikte magte en kragte wees nie.

'n Beroep op die voormalige "Uitverkore Volk" / ELOHIM DIE MEESTER is nie stil nie / Openbaring aan Johannes was nie die laaste openbaring nie / DIE HEILIGE-GEBED deur die mees toegewyde Liefde vir ELOHIM DIE MEESTER

166 O mensekinders, julle wat reken dat julle op 'n Christelike manier dink, julle het hierdie Openbaring aan MY Johannes soveel keer gelees, en EK JAHWEH vra julle nou: Wie het al ooit probeer om soos MY Johannes te dink en op te tree soos wat daarin geskrywe staan?

*"8 En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het.*

*9 Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid ELOHIM!"*

*(Openbaring aan Johannes 22:8-9)*

167 Hierdie "Aanbid ELOHIM!" wat almal gelees het, elkeen wie ookal die Bybel met die regte erns in sy hande vasgehou het, sou lankal jou hele bestaan op hierdie Aarde verander het, as jy die aanduiding van MY hoë engel aan Johannes korrek opgevolg het. Sal jy dit nou doen soos MY Johannes, deur te kniel voor MY DIE MEESTER, met 'n danksegginsgebed met diep emosie en eerbied vir die komende NUWE JERUSALEM, en jy sal wel 'n groot ding bereik! Want hierdie aanduiding was nie vir MY Johannes alleen bedoel nie, maar vir almal wie hierdie openbaring gelees het tot vandag.

168 Dit is hoekom MY engel verder aan Johannes sê:

*"10 En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby."*

*(Openbaring aan Johannes 22:10)*

169 Hierdie opdrag beteken dat Johannes nie hierdie visioen van die NUWE JERUSALEM met die wonderlike ontsyferde profesie, vir homself moes hou nie, want dit was gesê dat die tyd van vervulling op hande was, en elkeen moes voor MY terugkeer na die Aarde `n besluit maak, sodat EK vergelding kon doen aan elkeen volgens sy werke.

*"12 En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees"*

*(Openbaring aan Johannes 22:12)*

170 DIE WET VAN SONDE EN VERSOENING was daardeur duidelik uitgebeeld in 'n paar woorde, maar dit moes uitgebreid in hierdie NUWE BYBEL bekend gemaak word, bloot omdat die mens nie bereid was om hierdie Openbaring aan Johannes met die nodige erns te aanvaar tot by punt dat hulle dit as voorligting vir hul optrede geneem het nie.

171 Die voorspelling deur MY engel, wat in die vorige vers van Openbaring gemaak is, het egter waar geword tot nadeel van die mensdom, naamlik dat die fundamenteel goddelose sou goddeloos bly, die onsuiwer het onsuiwer gebly, terwyl die vrome vroom gebly het en die afgesonderde heilig gebly het.

*"11 Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word."*

*(Openbaring aan Johannes 22:11)*

172 Hierdie voorspelling dui daarop dat volharding in boosheid en onreinheid, wat nie 'n waarskuwing vir verandering wil aanvaar nie, vir eeue sou aangaan. Dit het juis in hierdie tyd 'n tragiese werklikheid geword, en dit vorm een skakel van skuld na die ander in 'n nou byna oneindige ketting van skuld. Die stryd van die goeie en die heilige, wat ook deur hierdie

voorspelling sal aanhou, blyk nooit ooit op te hou nie, tog het EK JAHWEH baie uitdruklik deur MY engel beklemtoon, soos in die begin van hierdie Openbaring:

*"EK is die Alfa en die Omega, die eerste en die laaste, die begin en die einde."*

*(Openbaring aan Johannes 22:13)*

173 Dit impliseer en kondig die besluit van al die besluite op hierdie Aarde aan deur die toevoeging van:

*"4 Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad."*

*(Openbaring aan Johannes 22:14)*

174 Wie dus ookal MY ALLEEN HEILIGE WIL vervul, sal deur MY GENADE geluksaligheid bereik, en hy sal 'n volle aandeel in die eindelose verskeidenheid van die ware Ewige lewe hê, en sal eerste deur die POORT VAN DIE HEMELE kan gaan, tot in MY NUWE JERUSALEM, dit is die Hemele in al sy heerlikheid wat neergedaal het op Aarde, waardeur hy die trap na MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE bereik het.

175 Maar elkeen wat styf vashou aan MY LIEFDE EN WIL, maar verkies om rond te rol in die helse modder van hierdie wêreld, sal ook met sy vrye wil gelaat word so lank as wat hy wil, tog sal hy buite bly en 'n volle maat kry van die die Oordeel met al die gevolge daarvan:

*"15 Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen."*

*(Openbaring aan Johannes 22:15)*

176 En die aandrang deur MY om MYSELF, JAHSHUA, MY aartsengel na Johannes te stuur, met die opdrag om al hierdie

af te lewer aan die gemeentes wat begin vorm het, na MY onderrig tydens MY aardse lewe in JAHSHUA DIE GESALFDE, beteken dat dit vir alle tye duidelik behoort te wees dat EK JAHWEH hierdie visioen van MY Johannes nie as 'n persoonlike inspirasie bedoel het nie, met 'n moontlike debatteerbare karakter, soos wat dit julle sogenaamde "navorsingsbevindinge" welgeval wat julle deesdae het nie, maar 'n HEILIGE DOEL van ELOHIM DIE MEESTER, om die blinde mensdom te toon wat verwag moet word, indien hulle nie MY HEILIGE WEE volg nie, maar ook die belofte vir MY WARE KINDERS wat MY ALLEEN HEILIGE WIL vervul.

177 EK wat MYSELF in hierdie vers die wortel van Dawid se saad en "blink môrester" noem, was om te dui dat hierdie lyn van Dawid deur MY HEILIGE WIL EN GEES gevorm is as die groot suiweringlyn vir MY "uitverkore volk", waarin EK as die MESSIAS, JAHSHUA DIE GESALFDE, die "blink môrester" was wat hierdie volk tot by die laaste hart kon verlig het, as hulle MY net herken het!

178 Nou sê EK JAHWEH vir elke Israeli dat MY "blink môrester" nog nie in MY GENADE uitgeblus het vir julle nie, sodat julle nog MY HEILIGE lig kan hervind en dus julle uitwissing in hierdie tyd vermy! Maar gladnie anders nie, in geen geval deur die gebruik van die atoombom nie, sê EK: Allermins deur die bom van Satan!

*"16 Ek, JAHSHUA, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester."*

*(Openbaring aan Johannes 22:16)*

179 Pasop, julle kinders van MY vorige "uitverkore volk" van vandag, want julle sal julle moet wend na die leiers van MY HEILIGE LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE, en veral tot HAAR,

in wie EK JAHWEH terugkeer het na die Aarde! Inderdaad, is hulle nie, in 'n aardse perspektief, almal kinders van Dawid se wortel nie? Vergoed, sê EK JAHWEH, vir julle skuld met MY! MY GENADE sal verdraagsaam wees met julle!

180 Wie ookal MY HEILIGE GEESTE is en MY in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE gevind het, soos 'n bruid haar geliefde, sal dieselfde sê "Kom!" en elkeen wat dors na MY LIEFDE, sal MY nader in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, waardeur hy direk die HEILIGE WATER VAN DIE LEWE en EWIGE LEWE sal kry!

*"17 En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."*

*(Openbaring aan Johannes 22:17)*

181 En elkeen wat in so 'n brandende LIEFDE hierdie "Kom!" voorhou binne sy hart en die gebed tot MY in HAAR, in WIE EK na die Aarde teruggekeer het, sal MY dadelik in die HEILIGE GEES VAN DIE WERKLIKHEID hê, en dit kan ook gebeur dat EK skielik voor hom sal staan in die werklikheid van hierdie aardse bestaan! Begryp dit, want EK het vir julle gesê dat die tyd gekom het, wanneer die HEILIGE WAARHEID van hierdie openbaring aan Johannes vervul sal word!

182 EK JAHWEH het vir al die aardse kinders getuig aangaande die HEILIGE WAARHEID van hierdie profesie in die heilige visioen van MY JOHANNES VAN LIEFDE in die laaste verse van sy openbaring, en waar hy veral vermaan om niks by te voeg of daaruit te neem nie, maar MY HEILIGE VERMANING was te dikwels vertolk na aanleiding van persoonlike idees wat aangespoor was om op te tree teen MYSELF in MY hemelse boodskappers en gereedskap op hierdie Aarde wie MY NUWE OPENBARINGE EN VERKLARINGS in MY HEILIGE WOORD

verkondig, asof EK in MY Openbaring aan Johannes gesê het dat alle openbarings vir ewig klaar is! Diegene wat dit wel doen, moet bewus wees daarvan dat hulle uit hierdie "Boek van die profesie" van MY Johannes juis sy belangrikste belofte uitkrap, naamlik die NUWE JERUSALEM, en dat hulle hulself uitsluit van die seëninge van hierdie WARE HEMELE op Aarde! So verstaan hierdie verse korrek!

*"18 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal ELOHIM oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.*

*19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal ELOHIM sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."*

*(Openbaring aan Johannes 22:18-19)*

183 As sake so sou gestaan het, soos wat so baie mense sê wat hulself "Bybel-kenners" noem, naamlik dat MY OPENBARINGE aan MY aardse kinders vir alle tye klaar is; in so 'n geval - sê dat EK JAHWEH - kon die NUWE JERUSALEM nie op Aarde gevestig word nie, ook sou EK DIE MEESTER nie die menslike ras kon red nie, of kon terugkeer na die Aarde nie, en MY HEILIGE GEES sou moes opdroog, met `n gevolglike totale uitwissing van alle lewe!

184 Julle kan dus daardeur sien hoe kortsigtig julle siel nog is, om selfs vandag nog hierdie denkpatroon aan te neem! Verander julle denke, sê EK, en laat julle in beslag geneem word deur die rykdom van MY HEILIGE GEES in MY NUWE BYBEL, wat nie deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE en MY ROTS, PETRUS aan die mensdom gegee kon word nie, indien die aangeleentheid so sou gestaan het soos wat julle

geleer is om te glo met so `n eenvoudige uitkyk op die Skrifte!

185 Want soos wat EK JAHWEH destyds deur MY Johannes gesê het:

*"20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, MEESTER JAHSHUA!"*

*(Openbaring aan Johannes 22:20)*

EK JAHWEH kon net as 'n stomme gees teruggekeer het, indien, met MY HEILIGE GEES se openbaring aan MY Johannes, alles afgehandel en voltooi was! 'n Wederkoms van MY op hierdie Aarde sonder om iets te openbaar, is haas ondenkbaar, selfs vir `n dwaas!

186 Wanneer EK JAHWEH ookal MY heilige "Amen" uitspreek, beëindig dit wat EK in MY GENADE nou net openbaar het, dit is MY HEILIGE "laat dit so wees!" en daar kan inderdaad niks meer bygevoeg word nie. Nou het die eerse vertaler van hierdie Openbaring die fout gemaak met die beëindiging van hierdie teks met Johannes se vurige uitroep, waar EK DIE MEESTER JAHSHUA, dit beëindig het met dieselfde HEILIGE "AMEN" van MY: EN Johannes se plegtige uitroep moes afsonderlik gewees het soos hieronder; en dieselfde fout is toe verewig in alle verdere Bybeluitgawes tot vandag toe:

*"20 Hy wat van hierdie dinge getuig, sê: Waarlik, EK sal binnekort kom Amen –*

*21 Bid dat U kom, MEESTER JAHSHUA. Die Genade van onse MEESTER JAHSHUA DIE GESALFDE sy met julle almal Amen.!."*

*(Openbaring aan Johannes 22:20-21)*

187 EK JAHWEH sal hierby toevoeg: Wees vol vurige LIEFDE in alle dinge soos MY Johannes! En elkeen wat soos MY Johannes, sy eie "Amen" toevoeg by sy woord van Liefde of sy gebed, mag dit doen, met dien verstande dat - sê EK DIE MEESTER - hy dit

doen deur sy oë op te hef tot MY DIE MEESTER, en in hierdie tyd ook aan MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE op Aarde, maar nooit, sê EK, in 'n leë gemompel nie, want dan is ook 'n "Amen" 'n gruwel voor MY HEILIGE AANGESIG!

188 Pas dus op om enige woord uit te laat uit die HEILIGHEID VAN MY GEES en dit in onnadenkendheid te laat weggly! Let daarop dat elke HEILIGE WOORD van MY werklik VUUR VAN MY HEILIGE GEES is! Andersins sou niks ooit in MY skepping 'n werklikheid geword het wat deur MY WOORD gespreek is, en nooit sou MY HEILIGE WOORD 'n nuwe skepping gewees het nie, soos wat dit in werklikheid is!

189 Luister hierna en tree werklik op deur MY HEILIGE WOORD! Weet dat ELKE WOORD VAN MY heilig is en dus ook heilig wanneer jy dit met jou lippe uitspreek. Laat niemand dus MY HEILIGE WOORD ontheilig nie!

190 Elke woord van MY HEILIGE GEES kan in julle geheilig word, deur julle vasberadenheid om MY WIL te volg en dienooreenkomstig op te tree. Die HEILIGHEID, die ABSOLUTE HEILIGHEID van MY WOORDE kom voort uit hul identiteit met MY HEILIGE WIL, waardeur slegs HEILIGE SKEPPINGS VAN MY VOLMAAKTHEID voortkom.

191 Julle kan dieselfde bereik as julle in volmaaktheid leef volgens MY HEILIGE WOORDE, dit is deur werklik daarvolgens te handel, en dan sal hierdie NUWE JERUSALEM, wat EK geopenbaar het aan MY Johannes, beide in 'n HEILIGE VISIOEN en in 'n HEILIGE PROFESIE, soos pas verklaar, vinnig 'n volmaakte HEILIGE WERKLIKHEID word. As dit julle wil is, deurdring julleself volledig en in erns met die GEES VAN MY HEILIGE WOORDE en bid:

HEILIG HEILIG HEILIG

UITERSTE HEILIG

HEILIG HEILIG HEILIG

is U, o ELOHIM

ONS HEMELSE VADER

JAHSHUA

deur

U HART SE OERGRONDPOOL

VAN EWIGE LIEFDE

MIRIAM

in ons hart

in ons siel

in ons gees,

U HEILIGE GEES

VAN VOLMAAKTHEID

word vervul in ons,

met ons

deur ons deur

U ALLEEN HEILIGE WIL!

AMEN AMEN AMEN

193 Met hierdie Heilige-gebed, julle mensekinders, kan 'n wonderlike direkte kontak met MY JULLE ELOHIM EN HEMELSE VADER bereik word, op voorwaarde dat julle julle hart oopmaak in hierdie gebed in die mees toegewyde Liefde. Julle kan dit bereik, sê EK JAHWEH, as julle MY inderdaad liefhet, as julle MY werklik aangryp as die ENIGSTE EN EWIGE VADER VAN HEMELE EN AARDE, as JULLE HEILIGE VADER, en so diep in die mees ywerige JAHSHUA-MIRIAM LIEFDE sal ingaan dat jou woorde nie meer genoeg sal wees om jou Liefde vir MY te bely nie, wat

in die heiligste toewyding vir MY sal groei tot die geskreeu van die hart:

"UITERS HEILIG"

194 Hierdie is 'n hoër graad van jou LIEFDE vir MY, wat dus net 'n bietjie met MY brandende Liefde vir julle, kinders van MY beeld, begin ooreenkom, tog is dit maar 'n baie skugter begin vir hoër Liefde wat verder kan groei, verby al die fases van mondelingse uitdrukking tot by die woordelose eenwording met MY, DIE HEILIGE VADER, om bo alles ware GLOEIENDE LIEFDE te word.

195 Hierdie gloeiende Liefde lei geleidelik tot die skepping van 'n gebied van vereniging met MY, en die mees delikate strome van MY HEILIGE GEES sal begin om na julle toe deur te vloei, wat julle sal aangryp en deurdring. Dit is maklik om te verstaan dat geen strepie van 'n laer lewe in 'n siel geduld sal word nie, alvorens hierdie HEILIGE strome daarvoor sal uitreik nie. Hierdie suiwering word hoofsaaklik verkry deur die intensivering van ware Liefde tot die "UITERSTE HEILIGE" gewaarwording van MY ELOHIM-SELF, dan kan MY HEILIGE strome so 'n siel ongehinderd deurdring, sy hart vul en sy beste vermoëns voortbring, terwyl dit versterk word met MY EWIGE KRAG, DIE KRAG VAN JULLE ELOHIM EN SKEPPER.

## Ware betekenis van die plek "Armageddon" / Die moeder van die hoere / Die vorige en die huidige Babilon

196 Julle, MY mensekinders, wat die heilige waarhede van hierdie NUWE BYBEL angegryp het en bereid is om MY HEILIGE ARM IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE vir die res van julle lewe te neem, sal hierdie GODDELIKE KRAG nodig hê, nie net vir julle opwaartse klim nie, maar ook om as

MY dissipels die komende gebeure onvermoeid in MY HEILIGE GEES te weerstaan en te oorwin,

197 wanneer die onvermydelike oordeel - as die laaste barensweë voor die koms van die NUWE JERUSALEM - die mensdom sal teister, terwyl die Aarde geskud sal moet word deur bewings, aangesien die groot bekering van MY mensekinders gefaal het om te voldoen aan verwagtinge wat gegrond was op die GAWES VAN GENADE, wat oorvloedig gegee was aan julle deur JULLE ELOHIM EN MEESTER, JULLE HEMELSE VADER JAHSHUA.

198 Inderdaad sal hierdie NUWE BYBEL reeds daardie GAWES VAN GENADE versprei het, wanneer die groot dag, wat EK JAHWEH vroeër genoem het, sal plaasvind wanneer slegs 'n klein fraksie van MY mensekinders MY IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE sal volg.

199 Hierdie oomblik was ook deur MY Johannes gevisualiseer en kan opgespoor word in sy Openbaring:

*16 "En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon.*

*17 En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby!*

*18 En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie—so 'n geweldige groot aardbewing."*

*(Openbaring aan Johannes 16:16-18)*

200 Die geestelike sin van hierdie visioen het te doen met die mees ontstellende feit dat die meerderheid van mense, ten spyte van al die GAWES VAN GENADE en praktiese gebooie van

hul ELOHIM EN SKEPPER, nie gereed is om die ware pad wat bevorderlik is vir hul eie werklike opwaartse styging en redding nie, ja, dat hulle teen MY begin laster sodra hulle siek opvattings onwerkbaar uitdraai, dat hulle diegene vervolg wat 'n onwrikbare geloof in MY het, dat hulle die bloed van MY PROFETE vergiet- net soos wat hulle nie gebewe het deur MY HEILIGE BLOED op Golgota " op hulle en hul nageslag te laat neerkom " nie - en is haastig om by Armageddon byeen te kom om alle hel los te laat teen MY, ELOHIM DIE MEESTER.

201 Dit is waarom, aan die begin van hierdie Bybelhoofstuk, EK JAHWEH "die magtiges van hierdie Aarde" gewaarsku het om nie 'n kernoorlog te begin nie, wat 'n oorlog teen MY HEILIGE ORDE EN MY EWIGE LIEFDE sal wees en "die groot dag van ELOHIM die Almagtige", sal ontketen, net soos wat die blinde leiers van Hanog van ouds die Groot Vloed ontketen het deur hul eie toedoen, wat tipies is van die hel wat sy angel teen homself draai;

202 want sodanig is die fundamentele beginsel van die regverdige WET VAN SONDE EN VERSOENING, dat Hel nooit die Hemele kan verswelg nie, maar sal eerder haarself verswelg as sy ooit in haar helse verdorwenheid teen MY, DIE MEESTER VAN DIE SKEPPING sal opstaan!

203 Let op, julle Bybelkenners, dat die plek "Armageddon" geen geografiese konnotasie op hierdie Aarde het nie, maar beteken die diepste punt van duisternis in menslike dwaasheid, wat al die boosheid dra wat benodig word om die oordeel te begin, wat sy eie skuld sal oordeel teen MY ELOHIM DIE MEESTER, en sal daardeur DIE HEILIGE WEG VAN LIG oopmaak!

204 Dit is waarom MY Johannes 'n engel gehoor het wat sê:

*"Ja, O MEESTER, ALMAGTIGE ELOHIM, waaragtig en regverdig is U oordele."*

*(Openbaring aan Johannes 16:7)*

205 Hierdie "Armageddon", die diepste punt van menslike blindheid en boosheid, kan nie vermy word nie op grond van die "groot hoer" nie,

*"met wie die konings van die Aarde gehoereer het, en met die wyn van haar hoerery die bewoners van die Aarde dronk gemaak."*

*(Openbaring aan Johannes 17:1-2)*

206 So was dit die geval in die Babilon van ouds, die diepste punt van bedorwenheid en aardse wêreldmag, en so is dit in die huidige "Babilon", wat nie meer 'n plek aan die Eufraat is nie, maar omvou reeds die hele Aarde tot op die punt waar die "vrou" wie MY, Johannes, in sy visioen gesien het "wat sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings", alreeds byna al die mense en hul koppe dronk gemaak het!

*4 "En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery;*

*5 en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die Aarde."*

*(Openbaring aan Johannes 17:4-5)*

207 Oral waar jy kyk in die huidige wêreld, sien jy dat die "vrou", "die moeder van die hoere en al die gruwels op Aarde" alles besoedel, skaamteloos vergiftig sy selfs die siele van jong mensekinders, heers vanuit die hoogste sfere van mag oor alles op hierdie Aarde, oefen die mag uit van geld en oor die siele, sodat EK JAHWEH - as die "lam" - in die visioen van MY

Johannes, saam met MY volgelinge, die mag van al MY teenstanders omver sal werp;

*"Want hy is die MEESTER van die MEESTERS en die Koning van die konings en die wat saam met hom is, geroepe, uitverkore en getrou."*

*(Openbaring aan Johannes 17:14)*

208 Die omverwerping van vandag se nuwe en slanende "Babilon" kan nie gebeur sonder die onvermydelike oordeel nie, waarvoor in die visioen van MY Johannes, 'n engel uit die Hemele neergedaal het

*2 "En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,*

*3 omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die Aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die Aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.*

*4 En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.*

*5 Want haar sondes reik tot aan die hemel, en ELOHIM het haar ongeregtighede onthou."*

*(Openbaring aan Johannes 18:2-5)*

209 Dit sal gebeur op die einste dag en op die einste oomblik wat daargestel is en waarvan EK JAHWEH alreeds gespreek het!

*"Daarom sal haar plae kom in 'n enkele dag: dood en droefheid en honger; en sy sal met vuur verbrand word, want magtig is die MEESTER ELOHIM wat haar oordeel.*

*En die konings van die Aarde, wat gehoereer en weelderig met haar was, sal huil en weeklaag oor haar wanneer hulle die rook van haar verbranding sien, hulle sal ver weg gaan staan, bevrees vir haar pyniging, en sê: Wee, wee, o groot stad, jy magtige stad, Babilon! In een uur het jou oordeel gekom!. En die handelaars van die Aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hul ware nie meer koop nie... "*

*(Openbaring aan Johannes 18:8-19)*

210 Daarom sal almal met leë hande en 'n leë siel gaan, die wat met die hoer van alle sondes en alle mag gehoereer het; - moet dus nie MY HEILIGE WAARSKUWINGS in hierdie NUWE BYBEL geringskat nie, om nie geoordeel te word deur die regbank van julle eie sondes nie!

## HUWELIK VAN EWIGE LIEFDE IN DIE NUWE JERUSALEM

212 Elkeen moet juig oor MY WAARSKUWINGS, want hy kan van die oordeel ontsnap as hy MY HEILIGE ARM IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE geneem het. So 'n geleentheid is ook gesien en gehoor in die visioen van MY Johannes:

*"1 EN ná hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die MEESTER onse ELOHIM!*

*2 Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die Aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek.*

*3 En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid.*

*4 En die vier-en-twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en ELOHIM aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja!*

*5 En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse ELOHIM, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!*

*6 En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die MEESTER ELOHIM, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.*

*7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.*

*8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.*

*9 Toe sê hy vir my: Skryf—salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van ELOHIM."*

*(Openbaring aan Johannes 19:1-9)*

212 EK JAHWEH sal byvoeg vir al diegene wie MY in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE herken het en wat MY sal volg in MY HEILIGE WIL: Wees bly om te deel in hierdie MAALTYD VAN MY LIEFDE EN GEREGTIGHEID en om te behoort aan diegene wat toegelaat is in die NUWE JERUSALEM.

213 EK sal egter verder byvoeg: Versamel kragte in die GEES VAN DIE HEILIGE GEBED wat EK aan julle gegee het; berei voor deur die HEILIGE JAHSHUA-MIRIAM-GEES wat die direkte afsonderingsfeer met MY op julle plaas om versterk te word met al die KRAG VAN MY EWIGE LIEFDE, om deur die tyd van oordeel staande te bly en om as MY volk te skyn om te help om

hulle, wat bereid en gereed is om hul wêreldse blindheid te verruil vir die versiendheid in MY LIG, te red vir die NUWE JERUSALEM, sodat EK ELOHIM DIE MEESTER julle almal binnekort kan nooi na die REIN TAFEL VAN MY MAALTYD, waar DIE HUWELIK VAN EWIGE LIEFDE OP AARDE gevier sal word en wat die begin van die NUWE JERUSALEM sal inlui, want dan sal al die trane van verdrukking afgevee word, terwyl Die Hemele en die Aarde gevul sal word met die wonderlikste, nog nooit gehoor nie

Halleluja

214 Dan sal die oomblik ook aanbreek wanneer MY hele skepping 'n trap hoër gelig sal word, selfs 'n geweldige trap, want die voormalige "Babilon" op Aarde, op die diepste punt van duisternis, sal oorkom moet word en vir eens en vir altyd ontbind moet word, op die heilige sterkte van MY Wederkoms na die Aarde in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE vir die redding van alle gevalle geeste.

215 Die heiligste en mooiste klank "MIRIAM", die vreugdevolle geklingel van MY WEDERKOMS NA DIE AARDE sal verewig in MY HEILIGE GEES in die NUWE JERUSALEM, gevul met die beste, die beste en die mooiste dinge vir die hele menslike ras, wat tot gevolg sal hê, om dit wat vir "'n duisend jaar" gebind is, op te lig volgens die Openbaring aan Johannes, ook deur die vryvloeiende en effektiewe HEILIGE GEES VAN MY LIEFDE in die NUWE JERUSALEM. Die geestelike betekenis hiervan is dat alle lewe wat deur die oordeel gegaan het en wat toegeken is aan geskikte rypwordingsfere, gelei sal word deur SUIWER VERLOSSENDE LIEFDE tot by 'n vlak van ontwaking, waar dit kan besluit om MY DIE SKEPPER VAN ALLE DINGE te dien, eerder as MY HEILIGE WIL se Teenpool.

216 Die "eenduisend jaar" is geen kalenderjare nie, as jy onthou

dat Ek julle 'n paar leidrade gegee het oor die geestelike verborgenheid van getalle. Dus het die getal "1000", as die "1" met drie "000" `n geestelike betekenis van MY HEILIGE WIL in die absolute DRIE-EENHEIDSFEER van MY HEILIGE PRESTASIES, en die gedeelte in Openbaring "wanneer die duisend jaar voleindig is", beteken dat om MY HEILIGE WIL te vervul, dat 'n sekere aantal gebeure sal plaasvind tot dien effek dat "die draak, die duiwel, die slang en Satan "- figure wat vir MY Teenpool staan - losgelaat sal word in `n onvoorwaardelike proeftyd na "eenduisend jaar" suiwering. Dit sal 'n toets wees, nie net vir MY Teenpool nie, maar ook vir al MY WARE KINDERS, om te sien of, uit hoofde van die HEILIGE GEES in MY NUWE JERUSALEM, elkeen van hulle vir ewig bestand sal wees teen enige aanloklikheid en bedekte bedoeling van MY Teenpool.

217 Gedurende die tyd van toets en verhoor, sal MY Teenpool haar noodwendig beroep op `n veel meer gesofistikeerde verskeidenheid van slange in die gras as vandag, aangesien sy nie anders kan as om aan te pas by die hoë graad van VOLMAAKTE LIEFDE in die NUWE JERUSALEM nie, as haar anti-geestelike saad 'n voedingstof wil vind! Buigsaamheid was altyd MY Teenpool se krag, en omdat sy aanvanklik voordeel getrek het van MY HEILIGE GEES se krag en heerlikheid, kan sy hierdie eienskappe monster soos wat sy goeddink. Dis waarom MY ou vermaning vir alle tye geld, met inbegrip van die NUWE JERUSALEM, en dit sê:

*"Waak en bid,*

*sodat julle nie in die versoeking kom nie;*

*want die gees is gewillig,*

*maar die vlees is swak! "*

*(Mark 14:38)*

## DIE JAHSHUA-MIRIAM-KERK

218 Omdat die vlees egter, as gevolg van die hoë suiwerheid van WARE LIEFDE deur die gebooie van hierdie NUWE BYBEL van MY, nie geneig sal wees om vir die versoekings te val wat deur MY Teenpool in die NUWE JERUSALEM opgevoer sal word nie, sal sy haarself beroep op hoogs geestelike truuks om MY ware kinders te verstrik gedurende die tyd van toets en beproewing.

219 Dit is die rede waarom

DIE JAHSHUA-MIRIAM-KERK

van die NUWE JERUSALEM gebou sal word deur Petrus, MY ROTS VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID, op die vaste rotsbed van MY HEILIGE GEES, en hierdie NUWE BYBEL voortkomend uit die HART SE OERGRONDPOOL VAN MY EWIGE LIEFDE het reeds hierdie GEBOU OP DIE ROTSE geword : "DIE BOEK VAN BOEKE vir die NUWE JERUSALEM", soos wat EK DIE MEESTER reeds beklemtoon het. En die gees van MY teenstander kan nie in die heilige stad inbreek nie, nie deur die hekke nie, nog minder oor die onoorklimbare MURE VAN DIE NUWE JERUSALEM, volgens MY HEILIGE ORDE.

220 Maar by die verstryking van die een "duisend jaar" deur MY HEILIGE WIL, sal MY Teenstander losgelaat word van haar reinigingsgebondenheid, en selfs vrye toegang kry tot die NUWE JERUSALEM, en dan het die tyd aangebreek om te sien aan watter kant DIE KRAG VAN EWIGE LIEFDE is!

221 EK JAHWEH sê dat die "eerste opstanding", soos aangekondig in die Openbaring aan Johannes, gevolg sal word deur 'n veel groter "TWEEDE OPSTANDING". Die brandstof vir die versoekings van MY Teenpool sal deur die ywerigste JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE verbrand word, terwyl die "angel van

die dood" weggeneem sal word van die sondige vlees en die nuwe JAHSHUA-MIRIAM kleding van MY WARE KINDERS sal nie meer 'n kreukel van sonde toon soos voorheen nie, maar slegs die GEES VAN DIE EWIGE HEILIGMAKING.

222 Dan kan lewe op hierdie verlossende ster "Aarde" verdere stappe neem vir 'n DERDE OPSTANDING waardeur MY HOOGSTE EN EERSTE KIND sy weg terug sal vind na MY KONINKRYK VAN EWIGE LIEFDE EN VOLMAAKTHEID.

## Die drie Bybelfases

223 EK JAHWEH het aan julle mensekinders tot hier 'n geestelike verklaring gegee van die belangrikste punte van die Openbaring aan Johannes, waarby EK sal voeg:

224 Deurdring jou siel met hierdie dinge, nie net somtyds nie, maar so dikwels as moontlik, en skuif dit diep in jou hart in om hul heiligste dieptes te verken, en jy sal elkeen van hulle as 'n HEILIGE WAARHEID ervaar, terwyl jyself geleidelik groei en jy sal dikwels in staat wees om die verre, maar die tog so nabye toekoms van hierdie aardse lewe te beskou. Die groeiende verfyning van jou siel se tekstuur sal toelaat dat jy visioene sal sien wat die waarheid van MY heilige woorde sal bevestig. Dit kan nie verstaan word deur 'n suiwer intellektuele oefening nie, maar slegs deur die HEILIGE YWER VAN JOU HART SE LIEFDE VIR MY in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE.

225 Teen hierdie tyd sal julle die waarheid besef van die verklaring dat die Bybel tot dusver nie afgeseël kon gewees het met die NUWE TESTAMENT nie, maar dat die EWIGE OMVANG VAN MY LIEFDE slegs deur hierdie NUWE BYBEL van MY geopenbaar kon word, wat die hele versameling van die Skrifte in 'n HEILIGE DRIE-EENHEID kroon van OU- en NUWE

TESTAMENT, met hierdie HEILIGE NUWE BYBEL nou as 'n HEILIGE ANKER VAN VERLOSSING, nie net vir hierdie mensdom nie, maar vir alle siele en wesens in die wêreld van materie.

226 Hier is 'n oorsig van die groot tydperke van menslike ontwikkeling deur middel van die drie fases van BYBELSE VOORSTELLING:

227 In die eerste BYBELFASE het EK JAHWEH gereël vir 'n onbekende Moses om die antieke Egiptiese koningshuis met die heidense aanbidding van die gode te skud aan aan die wortel van sy goedgeorganiseerde, maar moreel verrotte regering-stelsel, en het die mensdom op Sinai, vir sy volwassewording, die reddende gebooie gegee, met verwysing na MY DIE SKEPPER en MY VOLMAAKTHEID; verder het EK vir Moses die eerste BYBELFASE in sy sewe boeke laat bevestig, wat gelei het tot die OU TESTAMENT - soos in DIE BYBEL - nie net vir MY gekose volk Israel nie, maar vir alle mensekinders wat ontwaak het tot geloof in MY, DIE UNIEKE WARE ELOHIM VAN HEMELE EN AARDE.

228 Die tweede BYBELFASE is geïnisieer deur MY DIE MEESTER SELF, in MY aardse lewe as die onbekende seun JAHSHUA, wat begin het met MY geheimsinnige geboorte op Aarde deur die "Onbevlekte Ontvangenis" van MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE in die deugsame, maar onopmerklike meisie "MIRIAM", van die huis van Dawid. Hierdie tweede BYBELFASE het sy hoogtepunt bereik deur MY OPSTANDING in die KRAG VAN MY HEILIGE GEES na die VERLOSSENDE DOOD aan DIE KRUIS VAN GOLGOTA, gevolg deur die martelare loopbaan van MY apostels en die pad van lyding wat voorberei is vir al diegene wat onwrikbaar geglo het in MY, ELOHIM DIE MEESTER JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA. Die NUWE en die OU TESTAMENT moes versprei word, nadat hulle

vertaal was, as die BOEK VAN BOEKE, "DIE BYBEL", onder die mense van byna al die nasies op Aarde.

229 Voorwaar, sê EK JAHWEH, elke regdenkende verstand moet besef dat hierdie twee BYBELFASES onmoontlik nie 'n volledige algemene herbelyning van die hele mensdom deur die EWIGE VOLMAAKTHEID VAN ELOHIM DIE MEESTER kon veroorsaak nie, maar eerder toegelaat het vir tydperke van geleidelike ontwikkeling van MY kinders se geïnkarneerde gees, wat in so vele geestelike blinde stegies tot stilstand gekom het, self tot vandag toe. Dwaasheid, praatsieke dwaasheid, en blatente of verborge hoogmoed alleen is in staat om voor te gee dat die BYBEL CORPUS beëindig is, sodat ELOHIM met daardie twee BYBELFASES vir eens en vir altyd 'n einde gemaak het aan die oneindige aktiwiteit van SY EWIGE GEES.

230 Die derde BYBELFASE, op die Aarde bekendgestel deur hierdie NUWE BYBEL, is die SKEPPINGSTYDPERK VAN DIE NUWE JERUSALEM; hierdie tydperk, soortgelyk aan die vorige BYBELFASES is ingelui deur heeltemal onbekende en ongewone aspekte van MY HEILIGE WIL. Inderdaad, beide die KONINGIN VAN MY HEMELE MIRIAM, en MY ROTS VAN GELOOF, PETRUS, het in hul menslike gewaad net so onbekend gebly, tot by die publikasie van hierdie eerste volume van MY NUWE BYBEL, as wat die herder Moses en die timmerman se seun JAHSHUA en SY beskeie liggaamlike moeder MIRIAM. Weer in parallel met die eerste en tweede BYBELFASES wat hul onderskeie klimaks deur MY Plan van die skepping gehad het, nou deel van die geskiedenis van die mensdom, is die hoogtepunt van die derde BYBELFASE beslis die OPSTANDING van MY WARE KINDERS in die NUWE JERUSALEM.

231 So 'n opstanding van MY WARE KINDERS sal ervaar word deur almal wat MY ALLEEN HEILIGE WIL sal vervul, vertrouend

op die HEILIGE VERLOSSINGSARM van MY MOEDER VAN WELEER MIRIAM, ongeag hoe lank hulle onder die kinders van MY LIGSIRKEL VAN DIE HEMELE EN AARDE was, want EK JAHWEH kan in elke hart insien en sal weet wie opreg bereid is om vanuit die bodem van sy hart 'n BEELD VAN MYSELF te word, terwyl sy oë voortdurend na MY opgehef is.

## Die opstanding in DIE NUWE JERUSALEM

232 Julle kan daardeur sien dat die HEILIGE WEE VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER volmaak is vir elke siel en dat niemand uitgesluit word van MY NUWE JERUSALEM op Aarde nie, nie eens laaste minuut bekeerlinge deur hierdie NUWE BYBEL nie, na 'n lewe saam met MY in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, vertrouend op MY REDDENDE ARM VAN VERLOSSING! Geen kastige geloof kan voor MY bestaan nie, maar slegs die uit die bodem van julle hart. Onthou dit, wie ookal bereid is om MY te volg! Onthou dit ook, elkeen wat klop aan die deur van MY HEILIGE LIGSIRKEL met ander bedoelings as die suiwer en ernstige wil om volmaak te word! Verseker sal elke siel noukeurig ondersoek word tot aan die bodem van sy hart, en geen geheime gedagte sal MY oog kan ontsnap nie.

233 Groot dinge gaan binnekort op Aarde plaasvind waarvan julle nou nog skaars kan droom, en dit sal so oorweldigend wees, dat julle na julle asem sal snak!

234 En almal wat nog nie tot dusver aan MY ALMAG in die huidige sake van hierdie wêreld gedink het nie, sal gou besef dat die verloop van die gebeure nie meer gestuur kan word sonder ELOHIM SE HEILIGE RAADSBESLUIT nie.

235 MY NUWE BYBEL sal dien as 'n ANKER VAN VERLOSSING, ook vir daardie voormalige skeptici, en uit hul geledere sal vele

siele die weg na MY LIGSIRKEL VAN DIE GESALFDE vind.

236 Dit sal dus nie so lank wees voordat baie vertalings sal uitspruit vanuit hierdie eerste volume van MY HEILIGE NUWE BYBEL nie, terwyl 'n tweede volume, "DIE BOEK VAN WYSHEID", wat EK JAHWEH sal skenk aan MY gewillige mensekinders in MY ALOMGENADIGE LIEFDE, binnekort sal volg.

237 Intussen sê EK vir almal wat hierdie eerste volume, "DIE BOEK VAN LIEFDE" in hand het: Neem hierdie "BOEK VAN LIEFDE" as julle daaglikse brood in die vomaakte oortuiging van julle gloeiende LIEFDE VIR MY, JULLE SKEPPER, en van julle bestendige bereidwilligheid om volmaaktheid te bereik. Julle sal daardeur die voorvereiste vir toelating as MY WARE KINDERS skep, tot die OPSTANDING IN MY NUWE JERUSALEM.

238 Hierdie opstanding in die NUWE JERUSALEM op Aarde sal die einde van die "laaste dae" wees, dit is daardie dae op Aarde, wanneer, deur MY HEILIGE WIL "die sifting van die kaf van die koring" bereik sal word;

239 die opstanding in die NUWE JERUSALEM is die finale slag voor die tydperk van die nag en droefheid op hierdie Aarde van verlossing;

240 hierdie opstanding in die NUWE JERUSALEM sal elke skepsel se groot sug van verligting wees oor die einde van sy onderwerping aan MY Teenpool en die koms van die HEILIGE VOLMAAKTE LIG van ewige styging omhoog;

241 vir hulle wat by verre die oorgrote meerderheid sal wees en gelei sal word as "die kaf", na hul onderskeie rypwordingsfere, sal dan nie meer slawe van MY Teenpool wees nie, maar bevry vir ware rypwording en, net soos MY WARE KINDERS, sal hulle toegedraai word in MY EWIGE LIEFDE en sal sulke leiding van MY GOEDENTIERENHEID ontvang om steeds meer LIG te ontvang om hul sig duideliker te maak! Die

"geween en gekners van tande" is maar die onontbeerlike oorgang vanaf die verstoktheid van die donker sfere van slawerny, na die verhewe sfere van MY LIG, waartydens die swaar skuldbelaaide siele die verlies van hul aardse ballas sal voel as "die dood" van hul duister siele; die skeiding van die wêreld van die dood maak dat hulle "pyniging van die hel" ervaar, wat self toegedien is, op grond van hul hardnekkige weiering om die wêreld van MY Teenpool te verlaat. Tog sal die Oordeel 'n opskorting bring by die hierdie hoogtepunt, deurdat hulle byna dadelik gewaarword van die GOEDAARDIGHEID VAN MY GENADIGE LIEFDE en hulle `n sug van verligting kan gee by die besef dat hulle bevry is van hul selfopgelegde voetboeie deur MY GENADE.

242 want die OORDEEL is ook 'n GENADE, 'n buitengewone GENADE! Sonder OORDEEL sou MY Teenpool sekerlik alle lewe na Ewige dood bespoedig het.

243 Die enigste slawerny wat vir "eenduisend jaar" sal oorbly, sal MY Teenpool s`n wees, tesame met diegene in haar naaste kragsfeer; nog net "eenduisend jaar ", dit is soos EK DIE MEESTER reeds verduidelik het, totdat die MAG VAN LIEFDE Haar WARE EWIGE KRAG bewys het.

244 Almal kan meehelp om hierdie "duisend jaar" te verkort, almal, sê EK JAHWEH!

245 Bygevolg jy ook, MY kind, wat hierdie HEILIGE WOORDE van MY lees, deel daarin om 'n ware KIND VAN MY LIEFDE te word en help om daardie "duisend jaar" te verkort, eerder as om dit te verleng!

246 Hierdie "duisend jaar" sou nie nodig gewees het as MY kinders op Aarde aan hulself gewerk het en alles in die volmaaktheid van MY EWIGE WIL gevolg het deur die vermanings van die Ou Bybel en die aanvulling in hierdie NUWE

BYBEL nie.

247 Hierdie "duisend jaar" is uitsluitlik `n gevolg van julle swakheid, o mensekinders, om dadelik verlok te word deur die Slang se staar en gespoeg te word deur sy vorm van proteinegif wat al julle lewensweë besmet, en wat julle dwaas genoeg is om graag te sluk, sodra dit vir julle aangebied word as `n betowerende bril, in plaas van om MY ELOHIM DIE MEESTER binne-in jou hart te vra, om uit te vind oor waar en hoe die waarheid gevind kan word.

248 MY HEILIGE VOLMAAKTE WOORDE van hierdie NUWE BYBEL stel julle in staat om die brandpunttoets toe te pas op alles wat julle omgewe of opvang en om alles in sy ware lig te herken. Julle hoef net opgeleiding te kry in die korrekte gebruik van hierdie lens, dan kan niemand julle meer in `n strik vang nie.

249 Julle sal dan nie meer die bos gelei word deur daardie woorde wat as aas gebruik word, wat julle dan volg en julle siel en julle hele bestaan verkoop aan MY Teenpool se oorlopers nie. Hoe waar inderdaad is die storie nie oor die oorloper wat 'n hele klomp kinders in die duisternis gelei het deur die klank van sy betowerende fluit nie; hierdie gelykenis pas ook die meeste van julle, want oor en oor word julle bedrieg deur die verlokking van duisternis en EK JAHWEH kan nie anders as om julle maar te laat gaan deur julle eie vrye wil nie, aangesien EK nie Self MY HEILIGE WETTE ongeldig kan maak nie, want as EK met julle vrye wil moet peuter, sal EK Self MY WETTE moet omkeer en nooit kan julle, o mensekinders, toeneem as BEELDE VAN MY SELF nie! Dit is waarom EK JAHWEH julle maar uitsluitlik moet leer met MY HEILIGE STEM en op geen ander wyse nie, en sal julle slegs direkte leiding gee as dit julle eie wil is en julle MY, JULLE HEMELSE VADER JAHSHUA daarvoor vra!

250 EK, JULLE ELOHIM EN MEESTER het 'n toegewing gemaak aan julle, o mensekinders, sonder om die HEILIGE WET VAN VRYE WIL af te skaf, deur na die Aarde terug te keer in MY ALLERHEILIGSTE en MY bereid te verklaar om julle sigbaar en direk te lei, as dit julle wil is.

251 Hierdie is die begin van die NUWE JERUSALEM as `n soort inleiding, MY onmiddellike teenwoordigheid onder julle, wat alles uitdeel van MY ELOHIM DIE MEESTER, in MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, vir julle beskerming teen die mag van die duisternis en julle leiding na die EWIGE LIG VAN DIE NUWE JERUSALEM!

252 Voorwaar kan die tyd op julle Aarde dadelik begin wat EK as JAHSHUA duidelik afgebaken het in

MY BERGPREDIKASIE

"Geen mens kan twee MEESTERS dien nie, want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, óf anders sal hy vashou aan die een en die ander verag. Jy kan nie ELOHIM en Mammon dien nie. Daarom sê EK vir julle, moenie bekommerd wees oor julle lewe nie, wat julle sal eet of wat julle sal drink, of oor jul liggaam, wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die Hemele: Hulle saai nie nie en hulle maai nie en maak nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie meer werd as hulle nie? Daarom moet julle julle nie kwel en sê: "Wat sal ons eet?", of "Wat sal ons drink?". of "Wat sal ons aantrek" nie? Want die heidene soek na al hierdie dinge, en julle Hemelse Vader weet dat julle dit alles nodig het. Maar soek eers die KONINKRYK VAN ELOHIM en SY Geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal na homself kyk. Elke dag het genoeg van sy eie probleme."

253 Julle weet dat EK DIE MEESTER reeds gesê het dat julle nie moet toelaat dat julle deur die letter doodgemaak word nie! En as julle die dieper geestelike betekenis van hierdie woorde van MY JAHSHUA sal begryp, sal julle weet dat al julle probleme opgelos sal word wanneer

"julle eers die KONINKRYK VAN ELOHIM soek

en

SY GEREGTIGHEID",

want dan sal MY HEILIGE WETTE so effektief word dat MY LIEFDE EN GENADE die regte gedagtes sal verwek, sodat julle mensekinders nie meer sal kan dwaal nie.

254 Is julle regtig gereed daarvoor, MY kinders van hierdie wêreld? Of is die slang se sensuele gif nog meer aantreklik vir julle as MY HEILIGE STEM in MY NUWE BYBEL?

255 Besluit, sê EK JAHWEH, aan die einde van hierdie eerste volume van MY NUWE BYBEL! Kan jy wetens aanvaar dat MY Teenpool "Satana", die "Prins van hierdie wêreld" smalend verheug sal wees dat jy beter sal voel in Satana se voetboeie, as in die ware vryheid van MY EWIGE LIEFDE? Kan jy die vooruitsig aanvaar van haar heerskappy oor jou en om by haar aan te sluit in die "duisend jaar" van slawerny?

256 Voorwaar, kinders van hierdie wêreld, julle het by die kardinale punt gekom om `n besluit te maak:

257 OF VIR MY

ELOHIM DIE MEESTER

IN MY HART SE OERGRONDPOOL

VAN EWIGE LIEFDE

Of teen MY

258 Eerder vir
DIE NUWE JERUSALEM
op hierdie Aarde
of vir die "duisend jaar" slawerny met
SATANA
die "Prins van hierdie wêreld"
259 Voorwaar,
EK ELOHIM DIE MEESTER herhaal
hierdie besluit is die besluit van alle besluite
vir julle
KINDERS VAN MY LIEFDE
op hierdie ster van verlossing,
"Aarde"
Amen

# - Finale appèl -

## ELOHIM DIE MEESTER SE Heilige laaste oproep

1 Hier het jy nou tot jou beskikking hierdie heiligste Woord van jou ELOHIM en MEESTER. EK JAHWEH sê dat dit die kosbaarste geskenk is aan julle kinders van MY LIEFDE in hierdie tyd op Aarde! Laat hierdie ware Liefde met die grootste krag uit jou hart straal, sodat MY Heilige Woord vir jou vervul word:

AAN U BEHOORT DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE!

2 Voorwaar, sê EK JAHWEH, jy hou nou in jou hande die waardevolste pêrels van Liefde, aangebied deur jou ELOHIM EN MEESTER, JOU HEMELSE VADER JAHSHUA, SY HOOGS BARMHARTIGE LIEFDE aan julle!

Word Liefde,

Die mees vurige barmhartige

JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE

net soos EK JAHWEH hierdie Liefde is,

EK, JAHSHUA DIE GESALFDE,

Die gekruisigde van Golgota

IN MY HART SE OERGRONDPOOL,

van Ewige Liefde

wat na die Aarde teruggekeer het in die

KONINGIN VAN MY LIEFDE EN HEMELE

AMEN

sê EK JAHWEH

# - Voltooi -

## VOLTOOI IS DIE BOEK VAN DIE LIEFDE

1 EK JAHWEH begin nou net MY twaalf-volume NUWE BYBEL vir die NUWE JERUSALEM op Aarde met hierdie eerste volume, wat

2 DIE BOEK VAN WYSHEID sal volg as die tweede volume van hierdie NUWE BYBEL.

3 EK JAHWEH sê: Alhoewel jy nie kan bydra tot die geestelike skepping van hierdie NUWE BYBEL corpus nie, kan jy nietemin bydra tot die wêreldwye verspreiding met die volle krag van jou BRANDENDE LIEFDE, en daardeur vir MY, ELOHIM die MEESTER bewys dat jy MY liefhet bo alles en jou naaste soos jouself!

4 Waarlik, EK JAHWEH gee aan jou, saam met hierdie NUWE BYBEL, 'n geskenk van Ewige waarde!

5 En dit word aan jou oorgelaat wat materieel in hierdie verband gedoen moet word, red jouself deur MY te volg en MY heilige wil tot stand te bring!

6 Net soos wat EK JAHWEH julle alles offer vir julle verlossing, insluitend MY ALLERHEILIGSTE, word jy geroep om MY IN MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE alles te gee wat jy kan in jou gloeiende Liefde vir MY en jou naaste, ten opsigte van hierdie heilige NUWE BYBELteks en die wêreldwye verspreiding daarvan. Dit is duidelik dat hierdie NUWE BYBEL versprei moet word deur die materiële middele van julle wêreld onder al julle broers en susters in die tale wat EK JAHWEH nodig ag; veral by diegene wat onder die slawerny van MY Teenpool ly.

7 Niks op Aarde kan bereik word sonder geld nie, wat die duidelikste bewys is dat julle vasgevang is in die boeie van MY Teenpool, want geld is geen skepping van MY nie! MY skepping

is slegs Liefde van A tot Z, die vurigste, ewig gloeiendste Liefde, die ewige oorvloedige bron van lewe vir almal en alles wat toegerus is met Ewige Lewe.

8 Plaas julle geld bygevolg in Liefde en verwyder die slangagtigheid daarvan deur dit vir HEILIGE WERKE VAN LIEFDE aan te wend! Laat MY HEILIGE seën daardeur dus seën oor julle geld bring, nie net vir die hele mensdom nie, maar ook vir julle!

9 Met hierdie NUWE BYBEL van MY word 'n rykdom bo al die rykdomme deur MY LIEFDE en Genade aan julle geskenk - 'n RYKDOM VAN DIE EWIGHEID! Voeg jou eie aandeel daarby, volgens jou hart se Liefde en plaas dit in

DIE OFFERBEKER

van MY EWIGE SKENKENDE LIEFDE,

sodat deur MY SEËN, jou hart se aanbieding kan floreer deur vermenigvuldigende WERKE EN VRUGTE VAN LIEFDE, soortgelyk aan elke saad wat eindeloos vermenigvuldig wanneer dit op suiwer en Ewige Liefde floreer.

10 Geseënd is elke LIEFDE OFFERGAWE van julle vir

MY NUWE BYBEL

AS 'N SELF-VERMENIGVULDIGENDE BOUSTEEN vir

DIE NUWE JERUSALEM OP AARDE

11 Julle weet goed wat in die Ou Bybel gedokumenteer is, naamlik dat die eerste gemeentes van MY apostels 'n enkele offergawe-gemeente van ware Liefde gevorm het. Sonder so 'n ware Liefde GEMEENTE kon MY onderrig van EWIGE LIEFDE nooit wortel geskiet en orals versprei het nie. Doen dus deur MY heilige wil wat EK JAHWEH nou in jou hart geplaas het en sluit aan by

DIE GEMEENTE VAN HARTE VAN WARE LIEFDE

IN

MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE,

DIE LIGSIRKEL VAN DIE GESALFDE

12 Inderdaad sal hierdie LIGSIRKEL die sleutel gee aan al die mensekinders, sonder uitsondering, oor hul lot in MY skepping: Die ware opwaartse styg in die vryheid van jouself en 'n ware vrede in die veiligheid van MY EWIGE LIEFDE EN GENADE, omdat jy MY ALLEEN HEILIG EN VOLMAAKTE WIL vervul, soos geopenbaar in MY NUWE BYBEL vir julle!

13 Doen daarom dus weg met alles wat nie geregverdig kan word voor MY HEILIGE AANGESIG nie! Plaas voor MY, binne-in MY ALLERHEILIGSTE IN MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE, alles wat verlos moet word, en deur die openbaringe van hierdie NUWE BYBEL, dit wat jou nog steeds skei van

MY,

DIE EEN EN EWIGE ELOHIM VAN HEMELE EN AARDE

JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA

WAT IN HIERDIE TYD TERUGGEKEER HET NA DIE AARDE

IN

MY ALLERHEILIGSTE,

MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE

14 Maak seker dat geen selfopgelegde opinies van MY mensekinders, wat op Teenpool wêreldse idees gebaseer is, nie kan en sal bestaan in

MY NUWE JERUSALEM nie,

maar slegs dit wat geskep het en wat vir ewig hierdie wêreld onderhou ten opsigte van haar redding, welsyn en opgang, naamlik:

MY HEILIGE GEES

VAN EWIGE VOLMAAKTHEID

15 Tog is jou wil vry en nooit sal daar deur MY, jou ELOHIM DIE MEESTER mee gepeuter word nie! Maar elkeen wat besluit het om in heilige vryheid sy wil oor te gee aan MY DIE SKEPPER VAN ALLE DINGE vir alle ewigheid en vir sy eie heil, laat hom aansluit by die GEMEENTE VAN HARTE VAN MY WARE KINDERS, vir bydraes tot die

HEILIGE WERK VAN REDDING EN VREDE

VAN EWIGE LIEFDE

IN MY

LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE

wat jou die beskerming bied teen die duisternis van die komende gebeure, en waarin

JY DIE HEILIGE LIG SAL ERVAAR

VAN MY JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE

IN DIE KONINKRYK

VAN JOU ELOHIM EN MEESTER

OP AARDE

IN DIE NUWE JERUSALEM

# NUWE BYBELTAALSKEPPINGS In hierdie NUWE BYBEL van ELOHIM DIE MEESTER

1 MY HEILIGE stem is die Ewige aanvangsbron van selfuiting deur die vrye wil van 'n gees, óf in die suiwer geestelike koninkryk van MY Hemele, óf in die veelkleurige tussenryk van die siel of in 'n siel se menswording.

2 Die eerste roering van selfuiting deur die vrye wil van 'n gees is DIE WOORD, net soos wat DIE WOORD VAN MY HEILIGE STEM, die instrumentale oorsaak was van die geestelike en materiële skeppings, soos oorgedra deur MY apostel Johannes:

*"In die begin was die Woord, en die Woord was by ELOHIM, en die Woord was ELOHIM, Hy was in die begin by ELOHIM. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. "*

*(Johannes 1:1-5)*

3 So is dit heeltemal korrek om te sê dat lewe en lig in die mens slegs deur DIE WOORD gebring is. En dit is 'n heilige waarheid dat slegs DIE WOORD - maar slegs die WARE WOORD - weer lewe en lig in julle mensekinders van hierdie tyd sal laat wees!

4 Maak seker dat die WARE WOORD sy oorsprong in die EERSTE BRON VAN MY HEILIGE STEM het! Want MY HEILIGE STEM en DIE WOORD is EEN en tog is hulle twee, want die Woord kom voort uit MY HEILIGE stem, dit is een met die stem insoverre as wat dit is een is met MY en MY HEILIGE WIL.

5 Maar as die Woord van MY HEILIGE STEM, wat gerig is aan MY kinders van hierdie wêreld, nie in 'n werklike Nuwe

Skepping omvorm nie, maar eerder as woordspeling deur die menslike verstand as 'n blote taalkundige element, waaruit die lewenskragtigheid van 'n daad vanuit die hart ontbreek, word DIE EENHEID VAN DIE WOORD MET MY HEILIGE STEM ontwrig deur die mensekind, dit skei van MY en word `n blote skaduwee sonder die HEILIGE GEES VAN MY STEM, dan verminder die krag van DIE WOORD as die woord vermenslik word en die lig van MY HEILIGE STEM uitgaan en eindig in die duisternis van die siel en hart.

6 Dit is dus van kardinale belang om MY HEILIGE STEM in die hart se reinheid te hoor deur die WOORDE VAN MY LIEFDE te spreek, om dus so daarmee deurtrek te word tot op die vlak waar julle lewenskragtige dade produseer om so die eenheid met die HEILIGE GEES VAN MY STEM te herwin.

7 MY HEILIGE STEM is die HEILIGE GEES wat vir julle mensdom optree, wat vir julle die beste, die grootste en die hoogste dinge laat vorm aanneem in WOORDE VAN LIEFDE, daarom sal jy nooit die woorde van MY LIEFDE met jou gedagtes kan verstaan of peil nie, maar slegs deur jou BRANDENDE LIEFDE VIR MY, waardeur jy kan ingaan in die HEILIGE GEES VAN MY STEM en bekwaam word om die beste, die grootste en die hoogste dinge te herken en te verstaan.

8 Vergelyk 'n klippie wat in rustige water gegooi word met 'n LIEFDEVOLLE IMPULS VAN MY HEILIGE STEM: Net soos wat die klippie uitgebreide golfies produseer op die water, wat volgens die krag van die impak versprei, vorm MY HEILIGE STEM ook woord na woord wat in alle rigtings versprei as trillende GOLWE VAN LIEFDE wat angstig is om enigiets te bereik wat bereid is om te leef en ten volle te werk vanuit MY HEILIGE GEES, wat op sy beurt nuwe uitgebreide lewensimpulse sal produseer deur die WOORD VAN MY HEILIGE STEM, om so LIG te bring aan MY

hele skepping vanuit MY HEILIGE LIG.

9 Hierdie inleidende opmerkings behoort dit duidelik te maak aan elke menslike siel dat die ontvangs van die WOORDE VAN MY HEILIGE STEM nie beheer kan word deur rigiede reëls nie, maar dat die menslike volwassenheid en openheid van die hart sal bepaal hoe MY Woorde sal uitbrei in die menslike lewensfeer; die formulering van MY woorde deur die menslike siel hang dus af van die verskillende menings wat varieer na gelang van die onderskeie volwassenheid en wilskrag, wat geen vaste reëls volg nie.

10 As jy lui en onwillig is om te streef na volmaaktheid, as jou geïnkarneerde gees moeg of selfs leweloos is, soos wat dit die geval met byna alle mense op Aarde is, dan sal selfs die aanhoudende LIEFDEVIBRASIES VAN AL DIE WOORDE VAN MY HEILIGE STEM verbygaan sonder dat dit enige uitwerking op jou sal hê: Jy sal beteuterd met 'n neerslagtige en verswakte siel kyk hoe die paar ware kinders van MY LIEFDE moeite doen om die werklikheid van MY HEILIGE STEM, DIE STEM VAN JOU ELOHIM EN MEESTER te bring, terwyl jy dit verkies om in die modder van MY Teenpool te rol, eerder as om te luister na MY HEILIGE WOORDE van die EWIGE LIG van MY HEILIGE GEES.

11 Dit is die rede waarom julle mensdom nie in staat is om nuwe impulse van MY HEILIGE LIG te reflekteer nie, want julle wese word al meer verstrengel deur die vuilheid van duisternis wat enige hoër strewe in julle onderdruk.

12 Dit is weer waarom die WOORDE VAN MY HEILIGE STEM moet lui met ongehoorde vibrasies, sodat MY HEILIGE GEES nog jou siel kan red. Hierdie fyn vibrasies is veral heilige impulse wat in jou taal verskyn as nuwe skeppings (neologismes/nuwe woorde), beide in die grammatika sowel as in gedrukte vorm, wat jy aanvanklik nie kan begryp nie, en wat jy selfs ook bespot,

omdat jy nog steeds in die duisternis vasgevang is; en tog sal sulke siele onder julle, wat hulself nog nie heeltemal aan die duisternis verkoop het nie, waarskynlik nog steeds opgewek kan word deur MY HEILIGE WOORDE wanneer hulle met onbekende klanke lui as NUWE SKEPPINGS in jou aardse wese.

13 Julle sal dus baie nuwe WOORDSKEPPINGS in hierdie NUWE BYBEL vind, maar hulle is net NUWE SKEPPINGS in jou oë, - jou sig moet uitbrei, as gevolg van nuwe onbekende of vreemde WOORDSKEPPINGS, wat die gees in jou moet stimuleer om ware dade te doen met die oog op volmaaktheid.

14 In die geestelike werklikheid is 'n woord wat vreemd of nuut vir julle mense is, maar net 'n heeltemal duidelike GLOEIENDE VONK VAN LIEFDE uit die VUUR VAN MY HEILIGE GEES, wat verder gevorm en geformuleer word deur 'n geïnkarneerde gees wat in sigself reeds 'n vlam in die VUUR VAN MY HEILIGE GEES geword het, om in staat gestel te word om hierdie HEILIGE WOORDE van MY uit te druk in woord en skrif.

15 Neem die woord "heilig" in sy versterkte oortreffende vorm "allerheilig". 'n Blinde, lui kêrel met sy geestelik verlamde siel, ook 'n snobis, - wanneer hulle ookal hierdie woord lees of hoor, sal met veragting sê: Buitensporig, onlogies of selfs deurmekaar.

16 Maar EK ELOHIM DIE MEESTER sê: Hierdie nuwe oortreffende vorm "ALLER HEILIG" van "heilig" is in werklikheid maar 'n klein graad van die oneindige skaal van die EINDELOSE VUUR VAN MY HEILIGE GEES wat steeds streef na hoër vorms van MY EWIGE LIEFDE.

17 Toe EK JAHWEH gekies het om hierdie nuwe konsep "allerheilig" te munt deur MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE en deur MY ROTS VAN DIE EWIGE ONVERNIETIGBARE GELOOF met die ywer van die VOLMAAKTE

LIEFDE, het dit beteken dat 'n nuwe verlossende lig daardeur aangesteek is in die duisternis van die siele van MY mense-kinders sodat julle kan verstaan hoe onbegryplik groot die maat van MY LIEFDE en Genade vir julle mensdom is!

18 Laat niemand aanstoot neem deur die gebruik van die woord "allerheilig" uit die VUUR VAN MY HEILIGE GEES nie, in 'n veelheid van variasies, nie net in hierdie NUWE BYBEL nie, maar ook in die daaglikse praktyk van MY LIGSIRKEL op Aarde.

19 Hou altyd in gedagte dat julle nog steeds op die dofste vlak van die Liefdeslig leef en dat aardse gemeenheid vanuit eieliefde en eiebelang altyd sal probeer om enige impuls wat ware WERKE VAN LIEFDE produseer, te onderdruk! Dit is die rede waarom die GLOEIENDE VUUR VAN MY HEILIGE GEES eers die dop van die gemeenheid van die menslike siel moet ontbind; moet dus daarom nie hierdie BEKOORLIKE VERLOS-SINGSWERK VAN EWIGE LIEFDE weerstaan nie, maar poog om in die VUUR VAN DIE LIEFDE VAN MY HEILIGE GEES binne te gaan, werkend in die onbekende HEILIGE WOORDE VAN MY LIEFDE en om julle op te wek tot WERKE EN DADE VAN LIEFDE, deur alles wat nog eieliefde is, van julle weg te neem om die ware kinders van MY LIEFDE te word!

20 Julle sal nie in staat wees om ware kinders van MY LIEFDE te word en dinge op Aarde verander nie, tensy julle woorde nie eerstens toon watter mate van liefde julle hart voel en sodoende dui op 'n verligting in die dofheid van julle liefdeslig nie. Verlig dus julle liefde, nie net vir MY DIE MEESTER VAN HEMELE nie, maar ook as `n voorbeeld vir julle Aarde, julle lewende Moeder Aarde, en in hierdie geval word "Aarde" altyd geskryf met 'n hoofletter "A", ten einde die groot belangrikheid van hierdie ster van verlossing uit te druk. Dit geld ooreenkomstig in die geval van ander uitdrukkings in hierdie

NUWE BYBEL.

21 Wat ookal tot dusver gesê is, geld net so vir die skrif en die druk van MY HEILIGE WOORDE in hierdie NUWE BYBEL. Die gebruik van hoofletters vir al die woorde van die onthulling van MY, ELOHIM DIE MEESTER, in MY LIEFDE, GENADE EN BARMHARTIGHEID, MY HEILIGE OEREIENSKAPPE en WERKE aan julle mensekinders van hierdie Aarde, is maar 'n kleinste graad van klem in die uitleg van hierdie Bybelteks, voor die ellendigheid van julle wese; hierdie spesiale uitleg is bedoel om julle op te wek, o mensekinders, en om julle te lei om julle gedagtes, gevoelens en menings oor julle perspektief van JULLE ELOHIM EN SKEPPER in lyn te bring, en om julle nederigheid op te skerp, met inagneming van die onwaarskynlike GENADE van MY koms in woord en skrif om julle te ontmoet in julle sondigheid, en MY regstreekse wederkoms na hierdie Aarde.

22 Neem dus geen aanstoot deur die massiewe gebruik van hoofletters ter wille van klem of oortreffende trap van MY HEILIGE WOORDE in hierdie NUWE BYBEL nie!

23 Al hierdie vorme van benadruk is bedoel om die mees ernstige begeerte in julle op te wek om betrokke te raak in die werkdadige Liefde en werk aan julleself.

24 Nog 'n vorm van klem is die oortreffende eienskappe, soos "mees direkte", "mooiste", ens, waardeur EK JAHWEH julle wil vra vir die grootste moontlike akkuraatheid in die vervulling van MY VOLMAAKTE HEILIGE WIL, om julle in staat te stel om alles met die grootste noukeurigheid te bereik, soos in die geval met al MY WERKE wat julle oral kan bewonder, indien julle julleself nog steeds kan verstom oor MY VOLMAAKTE WERKE, en hulle nie toe te skryf aan 'n gelukkige toeval of 'n "bevlieging van die noodlot" nie, wat inderdaad 'n betreurenswaardige getuigskrif van die toestand van julle siel sou wees.

25 Eweso die uitleg van MY HEILIGE NAAM, in die letters van julle taal, soos "ELOHIM DIE MEESTER", "EK JAHWEH", en so meer sonder die skeidende leestekens (kommas) volg MY HEILIGE WIL, want EK JAHWEH is die HEILIGE EENHEID VAN MY EWIGE SELF wat nie kan en nie verdeel behoort te word deur enigiets nie! En indien dit in stryd is met die reëls van julle taal - sê EK JAHWEH, verander die reëls om aan te pas by MY HEILIGE TAAL wat EK sal gebruik met julle wêreldse kinders, waar hierdie NUWE BYBEL van MY die toon sal aangee.

26 Julle weet goed dat tale nie in rigiede vorms gegiet kan word nie, en dat hulle sal ontwikkel deur gebruik en verfyning. Nou sal MY NUWE BYBEL `n heeltemal nuwe rypwording van alle tale op Aarde begin, met die finale doel die vorming van

'N TAAL

VAN

HEMELSE LIEFDE EN VOLMAAKTHEID

# Opmerkings oor die vertaling van 'n paar Duitse uitdrukkings / op aantekening van die vers uittreksels

Opmerkings oor die vertaling van 'n paar Duitse uitdrukkings:

"Anker van verlossing" is afkomstig van die Duitse "Rettungsanker" en stem ooreen met die "plechtanker" in 'n figuurlike sin (Voorwoord / 4).

Die Duitse woord "Leibesmutter" beteken "Moeder van MY (JAHSHUA) Liggaam (van weleer)", dus onverwyld verkort "(MY) Moeder van weleer" (Voorwoord/45).

"OER-Ewige" is geneem van die Duitse woord "urewig" en word gebruik in die sin van "Eerste en Ewige" (vgl. voetnota tot 1:31) (1:2).

"HART SE OERGRONDPOOL" is die oorspronklike Duitse woord wat beteken "Hart se Oergrondpool" (1:15).

"OER" dui op so 'n voorvoegsel "oorspronklike, vroegste, eerste, oer", "OERTOESTAND" = "primitiewe toestand" (Oxford Eng Ref. Dieet, p.1588, 1995) (1:31).

"UR-GRUNDPOL"-is die oorspronklike Duitse woord wat beteken "OERGRONDPOOL" of "BEGIN GRONDPOOL" (1:38).

Satana as die eerste geskape gees is beide manlik en vroulik. In sommige kontekste soos bv. 2:54 "Die verlore seun" of 3:7 "die Prins van duisternis", word Satana gebruik as 'n manlike gees. In die meeste ander gevalle soos "MY eerste geskape Gees Satana", of "MY Teenpool" ens, word die Gees Satana gebruik in die vroulike geslag (3:7).

Duits: "UR-ZENTRAL-LIEBESFEUER -" (7:37).

Die vers uittreksels aangehaal verwys na die nuutste Revised Standard Version van die King James teks van 1951. Die getalle voor die punt dui die hoofstuk aan, na die punt dui die vers aan. Afkortings het die volgende betekenis:

OT - Ou Testament

NT - Nuwe Testament

NR - Nuwe Openbaring van JAHSHUA DIE GESALFDE aan Jakob Lorber (1800-1864)

## EINDE VAN BOEK 1 - Die Liefde

# DIE NUWE BYBEL

# Boek 2

# Die Wysheid

# INHOUDSOPGAWE

## Die Nuwe Bybel -

## Boek 2 - Die Wysheid


| | | |
|---|---|---|
| **Hoofstuk 1** | Openingsnota | **316** |
| **Hoofstuk 2** | Waarheid, Liefde, Lewe | **323** |
| **Hoofstuk 3** | Woorde van Liefde | **330** |
| **Hoofstuk 4** | Verganklikheid | **339** |
| **Hoofstuk 5** | Waarheid van Menswees | **349** |
| **Hoofstuk 6** | Die Huis in die Hemele | **354** |
| **Hoofstuk 7** | Beërwing van Heiligheid | **358** |
| **Hoofstuk 8** | Barmhartigheid | **361** |
| **Addendum** | | **363** |

# DIE NUWE BYBEL

## BOEK 2 – DIE WYSHEID

EK, die BRON van alle bestaan, open hiermee die Boek van WYSHEID aan MY BEMINDES wat MY aangeneem het in DIE LIEFDE. Elke spoor van LIEFDE kom van MY af. Elke BRON van Barmhartigheid word gevind in MY. Weet jy wat die basis en punt van jou bestaan is? Die MENS is werklik net `n asemteug toegestaan op aarde, die ster van MY LIEFDE. Die MENS is `n afbeelding van MY, soos wat die SABBAT `n afbeelding van MY VREDE is. Die kompleksiteit van die MENS is te sien in die vorming van voor geboorte tot op die sterfbed, maar in geen oomblik belemmer dit die GEES in die MENS om te lewe nie. Wat wel belemmering meebring, is die liefde vir die omgewing en skeppings buiten die MENS wat vorm aanneem en groter raak as die LIEFDE vir MY, die afbeelding in die MENS. Hoekom sal EK KINDERS wat selfsugtig en selfgesentreerd is, liewer hê as VOLWASSENES wat hulle onskuld en nederigheid prysgegee het vir LIEFDE vir die materie en konsepte van die aarde, naamlik tyd en ruimte. Het `n kind `n benul van tyd en ruimte? Nee, net EK kan `n kind VREDE gee. Onderrig dus julle kinders oor MY teenwoordigheid en LIEFDE, wat nie gekoppel is aan tyd en ruimte van hierdie aarde nie.

EK is ALLES, die BEGIN (ALFA) en EINDE (OMEGA), die EERSTE en LAASTE, wat verwys na tyd en ruimte in die ewige, wat nie bestaan nie. Herken jy nou al MY stem, geliefde?

# HOOFSTUK 1

## OPENINGSNOTA

1) Hierdie is die WEG wat EK, DIE OERBRON van HEMEL en AARDE vir julle wys, KINDERS van MY LIEFDE. Hierdie oomblik is vir julle `n GENADEBEWYS van MY LIEFDE, wat sonder perke en voorskrif bestaan. Elke oomblik wat julle LIEFDE vir MY vermeerder, gebeur dieselfde in MY en daarom kon MY OERGRONDPOOL van LIEFDE haar beliggaming op aarde ontvang. Die SIELEDELE van die AARDSE BESTAAN was fyn en sag genoeg. Nog een keer sal julle MY op hierdie aarde in haar beleef, dan is alles volbring vir hierdie wêreld, soos wat julle dit ken. EK red die wat verlore was en bring hulle na strate van GOUD. Onthou jy MY verduideliking hiervan? EKSELF het elke WOORD daarvan verklaar in die harte van die wat daarna verlang het in opregtheid. Word waardig aan die EWIGE LIEFDE wat op julle uitgestort moet word en bedink die weë waarop EK elkeen van julle geneem het om MY te vind. Dank MY vir die BARMHARTIGHEID wat julle koester en lewe in afwagting van die LIEFDE wat julle elke oomblik beter leer begryp.

2) Weerhou julle van bejammering van dit wat aan die verlede behoort en skyn met blymoedigheid die LIEFDE uit wat in jou vorm aanneem, want dit is hoe EK jou wil laat ontkiem en groei en vrugdra. Georden sal jou lewe wees, regverdig en sonder onheil. EK sal jou Wysheid gee om elke dagtaak uit te voer sonder bejammering van jouself en jou situasie. Elke situasie is tot rypwording van jou siel.

3) Word verlig in hierdie uur waar EK weer Woord aan jou bring, elkeen wat dit lees. EK het besluit dat die oomblik van VERLOSSING nou nog `n tree nader gekom het. EK dra julle

op die hande na `n beter plek. Net die wat hierdie aanneem sal die NUWE HEMEL en NUWE AARDE beërf. Hoekom sluit EK die ander uit? Nee, geliefde, hulle sluit hulleself uit, soos gaste op `n bruilof nie die bruilofskamer sal betree nie, maar net die feesviering sal geniet en dan weer terugkeer na hulle onderskeidelike bestemmings toe, so sal EK net die wat verlangend na MY lewende, groeiende WOORD smag, die voorreg van MY beliggaming en seën gee. Wees wakker om nie jou smagting prys te gee nie.

4) Weer sal EK skryf, na hierdie BOEK van WYSHEID en die beloofde boek sal heet, BEGKRAGTIGING. Dit sal ook die LIG sien voor hierdie jaar sal draai. Volume 3 sal die finale wees, voordat die klok sal slaan en die uur van BRUILOF verby is.

5) EK neem nou jou hart, en gee jou die WEG om MY te begryp. Weer sal EK jou nadertrek en seën.

6) Jou OERBRON van LIEFDE trek met hierdie VOLUME van Wysheid, jou nader aan SY HART vol GEHEIMENISSE van die EWIGHEID. Elke Woord sal val op goeie grond as jy bewus bly van jou opdrag van LIEFDE. Waar kan jy versterking vind van jou LIEFDE tot MY en jou NAASTE? Verseker in die WOORDE van MY as `n VADER, tot jou, MY KIND, in jou hart en ook as die BRUIDEGOM vir SY BRUID in jou Gees gegraveer. Elke dag wat jy opstaan om aan MY te wy, gee EK jou LIEFDESWYN in die vorm van MINERALE in die regte hoeveelhede in jou liggaam. Hoekom kan goddeloses dan lewe op die wyse wat hulle doen, sonder tekorte in hul liggame? Dit is waar julle die fout begaan. `n Kind van MY LIEFDE wy sy LEWE aan MY deur dankbaarheid, gebed en naastediens en daarom beleef hy versadigende blymoedigheid in sy siel. Goddeloses doen alles tot bevordering van die self en die eie, hetsy familie, goed of besigheid. As jy dus die self se neigings en behoeftes oorkom het, het jy eers die

titel van goddelose oorkom en begin leef in MY orde van ‘om te gee sonder voorbehoud’. Lewe met die uitroep van ‘ALLERHEILIGHEID’ en jy sal alles begin dien. So kan ook EK ook mateloos vir jou begin gee.

7) Spreek met die kinders van MY LIEFDE in besorgdheid oor hulle behoeftes. Hoor waar die tekorte is wat hulle liefdeloosheid meebring. Bid daaroor tot MY om die LIEFDE in hulle te laat ontwaak en EK sal die orde van hulle liggame herstel en verhoog tot `n hoër orde. Bid oor mekaar in die LIEFDE die seën van MY HEILIGHEID toe en EK sal alle tekorte in julle lewens wegwas. Verneder jouself voor jou naaste meer gereeld deur nie die laaste sê te hê nie en dra MY in jou hart as einde van `n gesprek, maar begin van jou groei. Jy sal slaag met die uitkyk wat MY verhoog en so sal jy `n eerste word in MY Ryk.

8) Jy wat hier lees is `n brandoffer en `n slagoffer, voor MY, JAHSHUA. Jou las het EK reeds gedra en sal ook in die toekoms die sware las van MY martelare dra wat die weg sal berei tot volmaakte LIEFDE. Werk hard aan jou insig en bevorder dit deur middel van LIEFDE. Werk hard om alles te begryp wat EK openbaar tot verlossing van jou siel uit die duister van hel wat jou omvou as aardling of mens.

9) Jy is geregtig op die uitspreek van VERLOSSING as jy jou hart gebind het aan MY ANKER VAN VERLOSSING in DIE NUWE BYBEL. Waarlik sal elkeen wat die WOORDE daarin eie gemaak het in sy lewe, nie die verrotting van liggaam en SIEL vrees nie, maar weet dat eenwording van SIEL en GEES sy lot sal wees. Word daarom vreesloos, vol vertroue in MY LIEFDE en wees BLYMOEDIG. Bid dat WYSHEID jou pad sal verlig en hoor as EK met jou spreek om te handel of te wag. Word een met MY, jou Skepper, in gehoorsaamheid aan die

LIEFDE waarin jy ewig deel sal hê, omdat dit `n onuitputlike bron het in elke mens wat daarvolgens leef.

10) Wees verseker, sonder die LIEFDE is WYSHEID waardeloos, want die grondslag van WYSHEID is die LIEFDE. Net soos wat die mens gebore word om self asem te haal, word die LIEFDE lewend in die MENS om WYS te kan handel, anders is werke dood. Die graad van WYSHEID groei of ontwikkel met tyd, soos aan die mens geleer word wat fase-ontwikkeling behels. Bly daarom by MY en in MY al lyk fases stagnant, anders sal jy eindelose tye op `n vlak spandeer. Net EK weet wanneer elkeen reg is om `n nuwe vlak van WYSHEID te betree en meer verantwoordelikhede en pligte te dra.

11) Nou het die tyd aangebreek om pligte uit te deel vir MY NUWE ORDE om aan die MENS geopenbaar te word:

1. Stel jou NAASTE bo jouself
2. Stel jou begeertes uit MY as beginsel vir jou lewe en lewe so om van MY te gee aan jou naaste. Jy bly `n afbeelding van MY wat opgroei om MY werke te volbring.
3. Dra jou laste met blymoedigheid dat jy die kans het om ryper te word. Laste is MY manier om jou te versterk, net soos wat die aantrekkingskrag van die aarde gemaak is om alles wat groei, `n sterker WIL wat gerig moet word na BO, te laat ontwikkel.
4. Dra die laste van jou naaste deur sorgsaam hulle weë te aanskou en sonder oordeel in die LIEFDE `n hand uit te reik waar doodlooppaaie hulle voordoen. EK sal die gevolge seën.
5. it nie stil wanneer moegheid en oorwerktheid jou oorweldig nie, maar gee Brood aan MY kinders wat

honger is, dan sal jy versadig word met KRAG uit MY HEMELE.

6. Die ONS van die ewigheid, is `n organisme, soos `n gemeenskap miere en bye wat werk om die grootsheid van LIEFDE WYS in stand te hou. Wees deel van die ONS wat ander lei om hulle plig te besef. Dit kom neer op die feit dat geen gemeenskap kan lewe sonder `n doel voor oë en samewerking in LIEFDE om die doel na te streef nie. Word deel van die NUWE JERUSALEM deur in WYSHEID die LIEFDE lewend te laat word onder MY KINDERS. EK sal jou insig gee soos wat jy vorder.

7. Dra die ander KINDERS van MY LIEFDE op aan MY in elke gebed waarin jy MY verhoog, sodat EK die gemeenskap van wedergebore LIGWESENS hoër en hoër kan lig na MY. EK is deel van julle en kan daarom MY teenwoordigheid gebruik om julle opwaarts te laat ontwikkel.

8. Gee altyd jou beste, vir wie dit ookal vra. Gee omdat jy die geleentheid ontvang om `n GEWER van Goeie Gawes te wees. Gee omdat geen ander jou plek en Gawe kan volstaan nie en geen WESE hoër as EK bestaan om jou leemte weer aan te vul nie. Gee omdat LIEFDE opoffering is en verwag niks terug nie, want waar jou GAWES vandaan kom, is `n ONUITPUTLIKE BRON. Leef in verhouding met ewige sake wat nie tyd of ruimte ken nie, sodat die oomblikke van tekorte nie jou LIEFDE belemmer nie, maar eerder jou geloof versterk.

9. Wees `n ouer, `n gade, `n versorger, `n maat met WYSHEID as beginsel, deur nie na ander te kyk vir raad

nie, maar na MY te verlang as MEESTER in die uitleg van oplossings en die dra van laste.

10. Wees `n meester oor jou probleme en foute, omdat volmaaktheid spruit uit WYSHEID. Wees `n LIG deur jou tekorte te laat verdwyn in die ewige sprankel wat alles omvou. Weet dat as jy jou tekorte oorwin, jou grense verbreek word. Wat is tekorte dan in hierdie uur? Elke saak wat jou laat dwaal en sloer om LIEFDE teenoor jou naaste uit te leef, behoort aan goddelose denke. EK sorg vir en bemin AL MY KINDERS van MY LIEFDE. Wat verenig julle as KINDERS voor MY? Wel die feit dat deur die MOEDER VAN LIEFDE elke WESE wat beliggaam word op aarde die weg stap wat lei tot begrip van WAARHEID, dit is WYSHEID. Weerhou jouself van neerdrukkende gedagtes, want deur geloof word LIEFDE gebou. Dra mekaar op die hande, want dan sal WYSHEID in jou hart vermeerder en jy jou naaste se Weg na BO stuur. Breek die verlede se negatiewe gedagtes deur jouself lief te hê as afbeelding van MY VOLMAAKTHEID EN SKEPPENDE VERMOËNS.

11. Dra jou dag op aan MY, voordat jy dit aanpak. So laat jy MY toe om dit te seën en te rig. EK sal elke saak aan jou uitlê en jou VREDE gee in die uitvoering daarvan, omdat EK jou KRAG gee.

12. Jou LIEFDE vir MY ontwikkel uit die HEILIGE LIEFDE vir jouself. Sonder eieliefde, gegrond op die WARE, ewige lewensbeginsels kan geen MENS MY erken, dank en verhoog nie. Wees van nuuts af ootmoedig in die wete dat EK net die beste vir die KINDERS VAN MY LIEFDE bestem, hetsy dit op aarde bereik word, of in die hiernamaals. Eers as die siel alles opgeoffer het

om te gee, sal sy in staat wees om die ontvang, te eer en te heilig. Groei daarin, sodat selfs jou liggaam vernuwe sal word.

12) Ewig is die WOORDE wat hier neergeskryf is, aangesien die uur vir vernuwing aangebreek het. Die aarde is laaste in die ry, maar die MENS is die begin van alles. Draai jou `sente' om, soos in die gelykenis, om soveel as moontlik aan MY te toon as EK besoeking doen. Laat dit vermeerder deur WYS te handel en soek daarom die LIG. Dwaasheid is ledig, duister en vol konkelwerk.

13) Voltooi is die openingsnota van hierdie BOEK VAN WYSHEID aan MY KINDERS. Met seën en LIEFDE, spreek EK, JAHSHUA, die EWIGE, ALMAGTIGE van HEMELE EN AARDE julle toe as GESALFDE.

14) Word ware KINDERS VAN MY LIEFDE deur onderhouding van MY WOORD. Daarin lê EWIGE seën.

# HOOFSTUK 2

## WAARHEID, LIEFDE, LEWE

1) Sondaars word vergewe deur die Bloed van MY Verlossingsdaad. Sondaars word nadergetrek deur bevryding van aardse bande, hetsy rook, dwelms, wellus en drank. Slegs sondaars wat soek na `n uitkoms en heenkome kan gehelp word en MY vind. Slegs elkeen wat uitroepe van walging beleef in hulle oortredings is gereed om geheilig en gedoop te word deur MY GEES.

2) Geen lou entiteit is tot sukses in staat nie. Net die wat voluit streef na uitvoering van die doelwit sal `n uitkoms vind en MY LEER verstaan. Daarom sal die teenpool van MY tot bekering wil kom, eens as hy die walglikheid van sy doellose en nuttelose duister as klimaks beleef en weet dat EK die WARE POOL van Verlossing is en vir hom sal word as hy MY erken en aanneem as SY Leidsman.

3) a, daardie dag sal kom, al is dit nog ver, maar elkeen wat verstaan hoe dit bereik sal word, sal deel uitmaak van MY Reddingsdaad van hom in die heelal. Waarlik, net EK kan die sleutel gee vir elkeen om die duister en teenpool se weë te oorkom. Die sleutel is die Liefde en wel soos weer uiteengesit in hierdie voorwoord.

4) Waak teen onnoukeurige dade van verlustiging in die vlees. Beplanning is soortgelyk aan oordenking en dit lei na Wysheid en Orde.

5) Kragtig sal elkeen MY ontvang, selfs fisies teenwoordig as hulle die besef van oorgawe begryp. Oorgawe behels die Liefde vir die self, maar dra die kruis van opoffering tot diens van die naaste. Dit alles geskied in oomblikke van nederigheid en bevorder WARE WYSHEID.

6) Gee in hierdie lewe jou wese as offer en ontvang MY WESE as gawe.

7) Wedergeboorte van elke bekeerling is voorwaar moontlik, in soverre dit die verkryging van MY KRAG behels om werke van LIEFDE te volbring. EK sal elkeen wat wonder oor MY tydsberekening tegemoet kom met `n groet van: `VREDE vir jou'. Laat dit aan MY oor en doen net jou deel tot die opwaartse beweging na LIG, teenoor die aantrekkingskrag van duister. Weer elke aanval in guns van die duister af, en groei na MY LIG, so vinnig soos wat jy moontlik kan, want die uur het gekom om jou laaste besluit uit te voer.

8) Sal die aardse sisteme en hulle eise jou belemmer om MY te ontvang? Nee, solank jy hou by die bepalings van MY Liefde en deugsaamheid in jou huwelik en lewe. Jou gees staan geskei van die dade en emosies van jou liggaam, daarom kan EK waarlik sê dat net EK jou ken, maar juis om daardie rede daag EK elkeen uit om homself te verbeter in guns van MY, Jahshua, se Ryk in die ewigheid.

9) Word verbly in die wete dat engele saam juig in elke geestelike prestasie, want dit maak die `loop op die water' van Petrus, naamlik `n geloofsdaad, tot werklikheid.

10) Juig saam met elkeen wat blydskap ervaar in hy of sy nuwe vlak van Liefde.

11) Jahshua, Man van Nasaret, spreek met julle deur MY OERBRON van LIEFDE, MIRIAM.

12) Wedergeboorte is die weg na rypwording uit `n wêreldgerigte, vleeslike toestand na geestelike LIG, waar EK die Leidsman en Draer van die bekeerling is. Deur die Liefde is dit alles moontlik, maar deur die Gees van Miriam is dit nou `n werklikheid.

13) Die Gees van Miriam is die ALWYSE LIEFDE wat die KRAGTIGE LIEFDE help in die skepping en onderhouding van alles wat bestaan. Die verwesenliking of beliggaming van haar het geskied om die volwaardige kinders te lei na hulle HEMELSE wonings. Dit is MY terugkeer na die aarde in elke tuiskoms van Heilige Gesalfdes. Iedereen met die erns na volmaakte Liefde sal die deur daarheen gewys word.

14)Werke van Liefde sal die Nuwe Jerusalem se voeding wees. Geen hongere sal daar meer wees nie, want elke nood sal versadig word deur die voeding van diensbare naastes wat gee uit MY oneindige voorraad. Maar soos elkeen ontvang, sal hulle ook gee. Ure, dae en maande sal gevul word met gee en ontvang in die Liefde, tog sal aardse struikelblokke nog die nood voortbring wat bevredig moet word en groei meebring. Liefde is lewend en moet groei, soos EK.

15) Werke van Waarheid spruit uit LIEFDE en het tot gevolg dat die persoon of individu die sterkte of waarde van eienaarskap van optrede en gevolge besef. Juis daarom is Liefde nodig, want die besef is nie maklik nie en meestal skokkend. Dit spruit uit die WET van SONDE EN VERSOENING, naamlik, dat as die LIEFDE die werke erken wat LIEFDE inhou, die KRAG van genesing die werke van boosheid uitlig en vra om konfrontasie en vergifnis. As die individu dan die vergifnis laat geld het oor alle partye, sal die LIEFDE WAARHEID word en laat groei in daardie mens. `n Ware Adamiet leef dus in die Liefde waar Wysheid hom of haar onderrig in die Waarhede van ewige bestaan.

16) Liefde is die sterkste Krag in die Heelal, want daaruit spruit alle ander kragte. Liefde is die draad wat elke atoom aanmekaar hou, al kan hedendaagse wetenskaplikes dit nie sien of begryp nie. Liefde is MY Wil, daarom sal net die wat

in LIEFDE leef, erken word as MY VRIENDE. LIEFDE is BARMHARTIGHEID en lei tot NEDERIGHEID.

17) Ware vriende van die ewige GODHEID, sal die WIL van LIEFDE bo alles uitleef, daarom kan EK, JAHSHUA, kies wie EK wil om MY WOORD na die aarde te bring, want LIEFDE herken LIEFDE en slegs die wat moet hoor, sal hoor, al lê die Brood voor heidene of Fariseërs. EK sal die se harte open wat ware voorlopers en instandhouers van MY NUWE JERUSALEM sal wees.

18) Wetende sal elke bekeerling van MY NUWE HEMEL EN AARDE hulleself bekwaam met dankbaarheid; blydskap uit goeie wil tot naastediens. Elkeen wat tot nou gelewe het, kon kies om so te wees, maar EK kom nou almal tegemoet met hierdie kosbare kennis, direk aan julle verwoord. Laat julle erns wees om in onderhouding van MY wette van LIEFDE te slaag, maar laat die LIEFDE sagmoedig en barmhartig uit julle gesigte straal.

19) Win kennis in in alle vlakke van belangstelling, want nie almal lewe heilig genoeg dat EK hulle kan onderrig nie. As jy eers kennis het van onderwerpe, sal EK die LIG in jou aansteek in hoe om dit tot jou naaste se voordeel te gebruik in MY LIEFDE. Hoe EK egter die voordeel aan jou naaste bedoel, lei altyd tot geestelike loon vir jou as jy die kneg was deur wie EK kon werk. EK skep nou vir MY `n volk uit klippe, want soos klip was julle harte, maar deur MY GEES van LIEFDE kon EK julle aanspreek en versag. Dink daaraan in die opvoeding van julle suigelinge en kinders. Wees barmhartig, tog streng, berispe en betug met mate en leef liefde, sodat hulle MY in julle kan beleef.

20) Weerhou die kinders nie om MY te sien nie, want aan hulle behoort die KONINKRYK aan MY HEMELE. Hulle sal dit die beste uitleef en verstaan as julle hulle so leer. Die

huidige sisteem van ekonomie en winsbejag verduister siele so, dat dit jare se loutering neem om weer `n lewende BRON van LIEFDE daarin te laat ontwaak. Leef vir MY in die sisteem deur jou naaste se nood te klee en te voed en EK sal met julle wees in die tye wat voorlê.

21) Roep MY aan met `Allerheilig is U Lieflike Naam' en jy bevind jouself dan in die ootmoed wat jou hart nodig het om wortel te skiet en te groei na MY – omhoog. Word lieflik soos EK, JAHSHUA-MIRIAM-GEES.

22) Dink nie dat EK net een waardige skryfkneg het nie, daar is vele. Elkeen ontvang sy opdrag op tyd. Nou is dit `n ander se beurt, en om die beurt sal die volumes van hierdie NUWE BYBEL gevul word met MY WOORD uit die HOOGTE. Laat jou hart jubel om MY in al die moontlike fasette te leer ken.

23) Waarheid, Liefde, Lewe, is die Naam van hierdie hoofstuk van hierdie Boek en is die begin van die WEG na WYSHEID vir elke mens. Geestelik is daar maar net een WEG, naamlik hierdie een en hoe meer jy jou geloof ontwikkel, hoe meer sal jy die Waarheid daarvan besef. Waarheid is die KENNIS VAN GOED EN KWAAD, die LIEFDE vir die EWIGE, rig jou na die goedheid van die ELOHIM en die LEWE is jou loon vir die bereidwilligheid om die pad na BO te stap.

24) Hieruit volg die wapenrusting van `n gelowige. Die HELM VAN VERLOSSING is die KROON wat jou hou op die WEG na MY, JAHSHUA-MIRIAM-GEES, sodat jy die aanvalle van duister en MY teenpool kan teenstaan.

25) Weer sal hierdie wapenrusting nodig wees, want in `n lewe waar die vlees en die GEES teenpole is van mekaar, kan net die WAARHEID Lewe gee. Hoe sal die WAARHEID van elke situasie dan na vore kom? Deur MY GEES van LIEFDE wat in elkeen se harte woon. As die Liefde teenoor jou

naaste `n ewige sin het in groei na LIEFDE, is dit die keuse na WAARHEID wat jy moet maak. Net ware kinders van MY sal altyd sonder uitsondering gehoor gee aan MY en so die samelewing lig uit sy duisterheid en ondergang.

26) Maak dit jou doel om MY in alles te raadpleeg en MY wil van LIEFDE sal in jou hart `n werklikheid word. Neem hierdie boek as jou stap-vir-stap handleiding tot die belewing van MIRIAM as `n vriend en vertroueling en EK sal jou oprig en voed tot `n waardige BEELDDRAER van MY NUWE JERUSALEM op aarde. So sal jy ander kan bystaan in die oorgang van hier na waarheen julle wêreld op afstuur.

27) Dra jou laste dus tot voordeel van jou siel en dit sal spoedig tot `n einde kom, om plek te maak vir nuwes en groteres wat jou siel binne die asemteug van menslikheid sal omvorm tot `n engelgees waar jy tuishoort.

28) Wie kan sê dat hy MY bedoeling ken en verstaan in elke swaar situasie? As dit so was, was die situasie nie nodig nie en die mens nie onvolmaak nie, want net swaarkry en die besef met die loop van tyd, bring jou nader aan MY hart waar die Liefde tot MY lei tot Wysheid. As jy nie arbei aan jou Liefde vir MY nie, sal Wysheid van jou wyk en swaarkry geen nut hê nie. Voorspoed is dus nie sommer elke bekeerling se lot nie, want baie moet eers geleer word, voordat voorspoed voordelig sal wees vir `n siel. Bekeer jou en bid tot MY vir WYSHEID, sodat jou swaarkry nie vir ewig sal duur nie. Wat dan van mense wat `n sekere lot vir `n hele aardse lewe moet dra? Nadat Wysheid in die persoon ontkiem het en groei, moet die persoon met MY verenig om tot groot loon van hulle siel MY BEELD en NAAM – dit is LIEFDE – aan ander uit te dra. Hoe wyer hulle bereid is om te werk, al is dit in gebed, hoe groter sal hulle geestelike huis wees in die hiernamaals. `n Aardse lewe word om verskeie redes

toegestaan en sulke mense het die hoogste loon om te verwag, want wie laaste is, sal eerste wees, as hulle MY liefhet.

29) Hiermee is hierdie hoofstuk voltooi, met die wete dat elke mens `n doel het op hierdie ster van Verlossing en dat die onderskraging van mekaar die geheel na Bo rig. As jy jouself dus as individu beskou op die pad na wedergeboorte, het jy nog baie swaar om te beleef. Die BOOM VAN DIE LEWE bestaan uit elke sel en organisme wat EK goedgedink het om te skape en soos ELIJAH van ouds `n swaar lewe gelei het tot voordeel van alle mense wat nog gebore moes word, sal net MY ware kinders lewend in die Hemele opgeneem word, as toonbeeld van MY KRAG wat WYSHEID ewig laat lewe.

# HOOFSTUK 3

## WOORDE VAN LIEFDE

1) Weerhou jou van kwaad, sodat woorde van LIEFDE jou wese kan heilig. Laat jou mond en oordenking van jou hart rein wees. Laat elke asemteug `n gedagte aan LIEFDE voortbring. Laat dankbaarheid soos `n rivier deur jou spoel en jy soos Dawid van ouds nie die einde van jou Maker se lof kan bewoord nie. Laat jou gebed `n lied wees in jou hart, sodat die waarde van Woorde jou herinner aan MY Woord wat jou as volmaakte afbeelding van MY gemaak het. Wees groot en versterk in die dae, datums en tye wat jy kon oorgee aan MY sorg.

2) EK is altyd, ewig en LIEFDE. Jou hart sal word soos EK en in daardie oomblik sal EK en jy kan verenig.

3) Die samesmelting van LIEFDE is verseker die oomblik waarop die hele mensdom en heelal wag. Dit is al soveel maal in die verlede as doelwit verwoord en tog kan geeneen totaal oorgee nie, want een of ander kwessie van die vlees weerhou altyd die samesmelting. Daal laer in jou wese af om nederiger te word, sodat jy MY en jou naastes bo jou uit sien troon. Erken dat jy `n swakkeling is wat op een of ander manier nog harder moet werk aan nederigheid. Bid dat die lot van `n sterfling, naamlik slawerny, jou siel onaangeraak sal laat en jy deur die sorge MY Wil en Krag sal vind om die kwaad te oorkom.

4) Dra MY LIEFDE op jou voorhoof, hande en voete as seëls om ONS EENHEID `n werklikheid te maak. Oordink alles uit die oogpunt van LIEFDE tot jou naaste en nageslag. So sal jy meer en meer van MY helderheid ontvang om weer op te klim in die KRAG wat EK aan jou toevertrou.

5) Sterker, kragtiger en `n eenheid sal elkeen met mekaar bereik wat streef na dieselfde doel, naamlik: WEDERGEBOORTE van siel en gees. Word versterk: dit kom nou.

Wedergeboorte is `n onvervulde belofte waarop soveel hoop. Sodra die LIEFDE bemeester is, sal dit volg. Dit is so moontlik vir elke menslike skepping, want dit is die geheim van die hartkamer in die mens. Niemand is egter gelowig genoeg om MY in hulle harte tot lewe te roep nie. Wees versterk hierin en volg MY in MY OERBRON VAN LIEFDE, MIRIAM, wat reeds onder julle vertoef, maar ewig bemin en funksioneer. Sware laste help jou vinniger begeer en bereik, moet dus nooit ophou om jou dankbaarheid soos `n LIG te laat skyn nie.

6) Draai om van jou weë wat lei na fisiese vooruitgang, want daarvoor sal EK sorg. Draai om van jou weë van dood, want dit maak jou siel siek. Draai om van jou weë van darteling op genotsug, want dit sus jou en maak jou lou vir MY. Draai weg van geld as doelwit en werk vir jou naaste se makliker bestaan en jy sal gevoed en geklee word met die beste op die aarde en in die hemele.

7) Doodsheid is `n anker wat jou weerhou daarvan om jou seile te span na waar lewe floreer. EK wil deel wees van jou lewe en dit is ver van die verlate geloofslewe wat baie wil leef. Ondersteuning van mekaar deur lofprysing en gebed, is die grootste naastediens wat jy `n siel kan bewys.

8) Watter lofsang behaag MY? Die sang uit die hart met die oog op jou naaste se nood wat jy kan help verlig.

9) Dooies word dan gewek tot lewe en geklee tot kroon vir MY SKEPPING, sodat geloof in hulle kan ontkiem. Geloof is in

elkeen, maar is geduldig tot die siel wil tyd bestee en oorgee aan diensbaarheid.

10) Die dien van die naaste is die eerste les wat `n siel van die LEWE leer. Beskou maar die natuur aan wie EK almal een of ander instink van diensbaarheid as wet gegee het.

11) Die natuur se opwaartse ontwikkeling na LIG en KRAG en nederigheid is die kern van die mens se bestaan. Daaruit moet die WIL spruit om die hoogste doel te bereik en die sagte vroulike deel van die Godheid te aanvaar en uit te leef as WYSHEID.

Baar WYSHEID deur jou WIL ononderbroke te rig op volmaakte LIEFDE.

12) Kanse daarvoor raak al skraler, daarom hierdie BYBEL as genadebewys aan die aarde. Lewe, MY diensbare kudde, lewe en deur julle berei EK die LEWE.

13) Kragtig sal julle opstaan as `n eenheid in die LIEFDE en so die swaar tye wat voorlê deurstaan. Glo in MY.

14) Herhaaldelik bewoord EK hierdie boodskap aan julle, sodat elkeen hoor, op die manier wat vir sy siel goed is, want geeneen sal kan sê dat hy nie geweet het nie.

15) Sekerlik het EK die aarde en haar tye in MY HAND. Niks of niemand besluit oor beliggaming of sterftes as EK dit nie toelaat nie. Elke dag wat die son sy baan voltooi, is `n nuwe betuiging van LIEFDE en elke geboorte of sterfte, net soveel. Hoe kan `n ongebore baba se kort oomblikke van lewe gereken word as `n betuiging van MY LIEFDE? Net soos wat `n plantjie met `n kort lewe nie vergelyk kan word met die leeftyd van `n jare-oue boom nie. Elkeen het sy doel en leef dit binne MY orde. Tyd bestaan mos nie in die ewigheid nie, daarom is `n taak volbring, kort of lank, gereken as `n ewe groot sukses.

16)MY LIEFDE ken nie die raampies en grense wat julle geleer het om daaraan te koppel nie. Dit neem julle al hoe verder weg van MY ware LIEFDE, eerder as wat dit julle nader bring. Kyk vir `n oomblik na jouself en beoordeel jou ewige waarde. Het jy `n verlange na iets wat jou waarde verminder? Het jy `n vaardigheid wat nie gekoppel is aan tyd en ruimte nie? Die ware werklike vaardighede wat jou MY VRIEND kan maak vir ewige tye is geloof en naasteliefde. Besef dit en maak dit jou uitgangspunt om dit in alles te beoefen.

17) Geloof behels vergifnis van sonde, anders is geloof waardeloos. Geloof behels oorgawe aan diensbaarheid, anders is geloof sonder KRAG. Geloof vra dat aardse bande jou rugsteun word om wyer te kan kyk, soos om jou vlerke te sprei. Sonder `n aardse band, het jy geen verwysing na waar jy werklik nuttig was nie en dit belemmer LIEFDE. Waardeer jou bande en laat LIEFDE daaruit en daardeur ontwikkel in jou.

18) Draers van MY KLERE VAN GEREGTIGHEID kan maklik die sin vir BARMHARTIGHEID ontsien, maar GEREGTIGHEID het nie ewige waarde as dit nie met BARMHARTIGHEID gepaard gaan nie. `n Ware regverdige sal met MY WYSHEID omgaan asof LIEFDE streng betug en so GEREGTIGHEID laat seëvier. Word deur MY JAHSHUA-MIRIAM-GEES bekragtig om elke dispuut in LIEFDE op te los, deur BARMHARTIG te handel, want dit is WYS.

19) Kragtig sal elke vesel in jou liggaam LIEFDE begryp en uitleef as jou keuse EK bly in elke situasie. Kies MY deur al MY fasette van JAHSHUA-MIRIAM-GEES as anker te neem van waar jy vandaan kom en elke onsekerheid in elke situasie sal vir jou opgeklaar word. So omvorm jy jou wil tot MYNE en kan EK MY KRAG druppel vir druppel in jou loslaat.

20) Wilskrag is `n aspek van menswees wat onderskat word en daarom wil EK daarop uitbrei. Die glansrykheid van die mens as afbeelding van ELOHIM is geskoei op die bede van `LAAT U WIL GESKIED'. Net soos wat die mens slegs homself kan vind en ontwikkel met die uitleef van die vrye wil, kan die ELOHIM slegs sy VOLMAAKTHEID behou deur die vrye toegang tot die WIL in die ewige. Dit beteken dat alles moet onderdanig raak aan MY WIL, voordat EK `n SKEPPINGS-BRON kan wees. As daar `n belemmering van MY WIL bestaan, kan EK geen GOEDHEID laat ontstaan nie, want alleen EK is GOED, geen wil buite MY is goed nie. As die mens dus `LAAT U HEILIGE WIL GESKIED' uit die diepte van die hart kan uiter, sal alleenlik die skeppingsdaad wat daaruit spruit goed en uit MY wees. Geen lou skeppings-ontstaan kan volmaaktheid inhou nie. Leef met oorgawe aan MY ALLERHEILIGE WIL.

21) Soos die oorgawe aan MY vorm aanneem van skeppingsoomblikke tot voltooide en herhalende werk en selfs naastediens, sal die kleinigheid of nietigheid van elke las duidelik raak. As laste of struikelblokke nie teenwoordig is nie, sal die uitkoms of minder indrukwekkend wees of minder HEILIG. Raadpleeg MY met ootmoed en elke daad sal `n LIEFDESDAAD uit BO-AARDSE VOLMAAKTHEID wees.

22) Waarheen sou die mens reis as daar nie `n waterskeiding as begrensing gedien het nie. Die beperkings wat EK op gebiede gelê het, is die ware grense wat mense moet inperk. Jou land en gebied is dus jou trots en woonplek. Geen ander land sal jou siel soveel kan baat as waar jy tuishoort nie. Elke land se mense is ook eie aan daardie sieledele waaruit jy ontstaan het en daarom is jou grootste werk tussen of onder hulle.

23) Emigrasie, soos van voëls is seisoenaal en het `n oorlewingsdoel. Dan kan die mens ook redeneer dat oorlewing makliker is in ander lande. Die teendeel is waar. Jou siel sal die maklikste rus vind waar jy gebore is en daarom moet `n mens nederigheid en diensbaarheid ontwikkel vir die land van jou vaders. Binne die grense van die see geld as die land van jou herkoms.

24) Emigrasie het tot voordeel dat nuwe dinge aangeleer en bemeester word om `huis' toe te neem. Dit bly egter eie aan die oorspronklike land en daarom kan dit nie tot voordeel van elke skepsel aangewend word in die nuwe land nie. Dink aan taal en kultuurgebruike, skoonheid en musiek. Slegs dit wat eie is aan jou heenkome is jou siel tot bate.

25) Glo dat jy in staat is tot groter werke uit geloof in jou eie land. Glo dat EK daar jou ROTS sal wees. Glo dat EK na jou sal kom op die uithoeke van die aarde, waar jy jou ookal bevind.

26)Woorde en beloftes maak die mens liggelowig. Daarom vra EK dat jy MY WOORD sal onderhou, sodat die WYSHEID in jou hart van LIEFDE kan woning maak om jou met KRAG te vernuwe.

27)As jy `n lewe van LIEFDE lei, sal WYSHEID by jou woning maak en KRAG baar. Wees vol vertroue en gereed.

28) Geraak deur MY JAHSHUA-MIRIAM-GEES van LIEFDE sal elke asemteug `n wonderwerk wees, soos dit behoort. Die skepping is `n boaardse wonder wat dit MY ster van LIEFDE en seën as middelpunt maak. Geen mens is in staat daartoe om die samestelling en samewerking van soveel skeppings te kan bymekaar voeg nie. Tog sal WYSHEID julle onderrig om dit te kan onderhou binne MY ORDE. EK dra die las van

die skepping wat verwoes, vernietig en geminag word, want EK moet elke orde weer regstel.

29) Dra die skepping net soveel op aan MY, as wat jy in gebed intree vir jou naaste, aangesien die skepping ook medelye benodig as gevolg van duistere wil en handelinge se invloed op die sieledele. Geen verbranding van weefsel is in MY orde nie, geen bestuiwing sonder manlike teenwoordigheid is in MY orde nie. Geen drag van `n lewende, wat ontstaan het uit `n menslike wil sonder gebed en afhanklikheid, sal geestelike seën voortbring nie.

30) Die vernietiging van die wêreld se ingewande, deur die uitgrawing en uitpomping van minerale, verswak die aardkorse en belemmer toekomstige skeppings wat EK daarmee beplan het. Slegs die natuurlike gang en gebruik van aardse voorrade is wat die aarde en sieledele wat dit tans bewoon, tot seën strek.

31) Wees deel van MY herwinningspan as EK alles omverwerp en nuwe skeppings en sisteme verplig. Bid dat WYSHEID jou kennis lei om `n beter bestuurder van MY wonderwerke te word. Laat die minerale van die wêreld wat diep begrawe is, binne die aarde bly - dit voed haar op `n manier wat julle nog nie begryp nie - en arbei met elke stof en mineraal wat met regverdige moeite ontgin kan word op MY aardkors. Dit is geseën as instandhouding van Godgegewe woonplekke in die ewigheid.

32) Soorte hoort bymekaar en daarom sal die nodige stowwe vir spesifieke tegnologie of skeppings elk almal in dieselfde gebiede voorkom. WYSHEID is in alle gevalle nie ver nie, dit is binne jou, waar EK woon.

33) Vra MY vir leiding en deur MY GEES van LIEFDE, MIRIAM, sal jy duidelikheid ontvang oor hoe om jou naaste te

bevoordeel en so hulle behoeftes te vervul en nood te verlig in elke situasie, van skepping van nuwe masjiene tot die voorbereiding van voedsame maaltye, alles uit MY store.

34) Genadiglik sal elke mens wat oorbly die wil hê om te genees en te dien. So sal die aarde vinnig haar wonde bedek en gesond word. EK sal altyd MY SKEPPING gebruik tot voordeel van die opwaartse groei van sieledele. Waarde-sisteme mag nou reg lyk, maar in die LIG van ewige groei is byna alles wat tans as norme gestel word, nutteloos. Bemin MY genoeg om te vra wat EK as standaarde wil vaslê en EK sal dit aan julle verwoord.

35) Soos in die lente as alles nog koue deurstaan en vol energie wag op volle drag en blom in die somer, staan die aarde nou in rou oor haar toestand. Elke siel weet dat sake spoedig gaan verander. As EK nie ingegryp het nie, sou elke sieledeel op aarde in die duister se oorheersing en slawerny tot lot van geestelike dood behoort het. Ingryping gaan nie meer lank uitgestel word nie. Bid daarom selfs meer gereeld as wat jy jou liggaam voed. Bring aan MY die lof en eer en jy sal MY WEG help berei in ootmoed.

36) MY LIEFDE vir julle is meer as `n lied en `n oomblik van ontferming. Dit is `n allesoorheersende, onophoudelike daad van Verlossing, waarvan MY ROL as JAHSHUA, die grootste sigbare belewenis was. Elke ander daad waarmee EK julle weg berei, bring julle stapsgewys nader aan MY, maar omdat julle nie die ander dade kan waarneem nie, word julle geloof slegs getoets op wat as bewyse in MY HEILIGE WOORD opgeteken is. Slegs die aanvaarding van daardie VERSOENINGSDAAD sal julle met MY verenig in die LIEFDE. Alle verdere besef wat julle oor MY beleef, sal julle op verder vlakke, soos WYSHEID, verenig. En eindelik as julle tot by BARMHARTIGHEID kon vorder, sal EK MY GEES in julle tot

lewe kan roep. Slegs dan is julle opnamehouers, waardig van MY KRAG.

37) Niemand ken die tyd of uur waarop MY sifting `n aanvang sal neem nie, maar in die tyd en ruimte van die aarde sal dit `n nuwe vlak van bestaan inlei, waar EK weer MY HEERSKAPPY sal kan oorgee aan waardige leiers. Die wat MY verwag, sal vroeg reeds hulle take ontvang en weet om daarmee te wag tot elke ander die eer aan MY sal gee.

38) Waardesisteme wat gegrond sal wees op MY WAARHEID, sal soveel nuwe lewe bevorder, dat die bevolking nie die wonder van VRYHEID in MY diens sal kan glo nie. Tog sal elkeen wat die vreugde van geloof beoefen en ervaar, die dankbaarheid in hulle laat groei wat die vereniging in die vlak van BARMHARTIGHEID moontlik maak. Glo MY.

39) Waak teen ongeloof en vestig julle hoop op MY. In hierdie WOORDE van LIEFDE het EK die beloftes gemaak aan die persone wat MY BOEK van LIEFDE hulle eie gemaak het en MY aanbid as uitgangspunt van hulle bestaan. Elke besef, hetsy oor MY bestaan, werke, sorg of heiligmaking, maak die mens `n beter toonbeeld in geloof, van MY WAARDES. Slegs in totale vereenselwiging van wat EK openbaar het, sal die wedergeboorte van siel en GEES kan volg.

40) Hiermee is hierdie hoofstuk volbring en die BOEK sal spoedig voltooi wees as `n tweede handleiding vir die wat MY wil ken.

Jahshua spreek deur die GEES van MIRIAM, OERBRON van LIEFDE.

# HOOFSTUK 4

## VERGANKLIKHEID

1) Spoedig sal al die Woorde wat hierin neergeskryf is `n eenheid vorm om elke leser die geheelbeeld te gee van MY MANLIKE en VROULIKE WESE wat as EENHEID julle as kinders, sowel as elke ander lewende, voortgebring het. Julle is maar die eerstes om MY te vind. In die hiernamaals sal vele meer MY ook vind en ewig dank vir daardie genade.

2) Sekere volke sal MY in MY werke vind, ander meer gekultiveerde volke sal MY deur die oor vind, deur middel van die hart wat geraak word deur gedigte, musiek en spreekwoorde. Ander volke sal MY EENHEID vind in die WEG van die huwelik, soos die Boere van Suid-Afrika. Die huweliksband is MY manier om siele die heilige aspekte van onderdanigheid, WYSHEID, samewerking, LIEFDE en EWIGHEID te leer. Deur elke paartjie wat MY geëer het, het `n heilige nageslag hulle weg terug gevind na MY. Bid dus julle voorouers seën toe dat hulle julle herkoms heilig gehou het en doen dit ook so vir julle nageslag.

3) Weet dat die heiligheid van die huwelik net so `n ewige insetting is as die SABBAT en julle dit selfs in MY eerste Bybel sal vind as `n beginpunt vir geestelike ontwikkeling. Elkeen wat smag na sy maatjie en nederig verkleef raak aan daardie maat, sal leer verstaan hoe onafskeibaar EK van MY VROULIKE deel is. Die een is soos die ander, tog is ons twee wat EEN is in die EWIGHEID.

4) Waarom sal `n mens wonder oor sake wat hom nie kan baat nie? Wonder eerder oor sake wat die gees tot volwassenheid kan bring. Geen ander sal jou kan weerhou van groei as jy jou energie op die regte sake fokus nie. Fokus

dus eerstens op wat EK geseën en verlig het vir julle, naamlik die naasteliefde in die huwelik, dan elke dag se doen en late tussen naastes en laastens aan die EWIGE of sake waarvoor MY WIL nog onbekend is. EK bly altyd en oral betrokke. MY GEES, MIRIAM, is hier om julle elkeen aan die hand te neem en na groen weivelde van verkwikking te lei. Die waters van rus vloei reeds en julle drink, tog nie elkeen ewe flink nie.

5) Wanneer kan EK MY swaar verdiende lone uithandig? Die bekragtiging is reeds om die draai en daarom mag niemand slaplê in gebed nie. Die aarde wag daarna op haar vernuwing en kan ook nie meer haar afwagting verbloem nie. Kyk na al die aktiwiteite op die aardkors, soos `n kleuter wat nie kan stilsit nie.

6) Waarheen met die wat so hard probeer om die natuurrampe te ontkom? Elkeen sal dit anders beleef, maar al wat EK van MY Geliefdes vra, is om stil te wees en in gebed vir die volke, geliefdes en aarde in te tree.

7) Waardig is elkeen wat MY aanroep uit die diepte van hulle hart, want hulle sal EK tegemoet kom met aanraking uit die ewige. Seën wat hulle nie verwag nie, sal op hulle reën om hulle menswees te bekragtig as Voorlopers vir MY.

8) Kom na MY om onderrig te word in weë wat julle ewig sal baat. Kom dank MY daarvoor dat EK weer met julle spreek, want EK sal julle hier deur MY JAHSHUA-MIRIAM-GEES lei tot vrymaking van julle kragteloosheid. Seën behels die ontsluiting van alle vermoëns wat uit Geloof en Naasteliefde spruit.

9) Dra jou wese op aan MY deur net LIEFDE te bedink en handel eerste met LIEFDE, om die WYSHEID te kry om verder te gaan. As die toorn eers deur LIEFDE versag is, sal WYSHEID die kragtigste teenmiddel toon vir die sonde.

10) Word opgelos in WATERS wat heel, want die mensdom het dit nodig. Selfs in jou eie kinders se opvoeding kom die LIEFDE goed te pas. Waak teen toorn. Werk aan jou kinders se harte deur hulle altyddeur te herinner aan hulle werke se invloed op hulle harte, wat MY HEILIGE WONING moet wees. Die verbeelding van `n kind sal dit baie makliker as julle regkry om `n `woning' vir MY te skep en skoon te hou, sodra hy of sy dit begryp.

11) Let daarom op na die invloed wat julle probleem-hantering het op kinders. Hoe kleiner hulle is wanneer hulle van geloof geleer word, hoe vinniger sal hulle dit verstaan en bemeester. Geloof is die Goddelike wil om skeppend op te tree. Elke oomblik van die aardse bestaan vra geloof, byvoorbeeld om die liggaam te gebruik, is `n Goddelike wil. Dit word egter misken en daarom vorder min mense verder. As geloof jou hart brandend maak deur LIEFDE, sal WYSHEID jou leer waar en hoe Geloof jou meer diensbaar vir jou naaste kan maak. Werk dus hard aan jou geloof om lewend te word op die vlakke waar die mens bedoel is om te funksioneer. Dit onderskei hom van die dier.

12) Geloof moet groot genoeg word om soos `n baba eerste treë te begin gee. Die mens is nie in staat om alleen deur geloof te handel nie. Slegs as die mens met MY JAHSHUA-MIRIAM-GEES van LIEFDE verenig het, sal Geloof as krag daaruit spruit. Daarom kan die mens nie aanspraak maak op enige werke van Geloof nie, maar die eer sal MY altyd toekom. Geloof is egter soos `n mosterdsaad in die mens se vermoë geplaas. Oorwin net die self deur die LIEFDE, soos ook in Volume 1 van hierdie NUWE BYBEL uiteengesit en leer om MY WYSHEID te bemin as uitvloeisel van jou Liefde vir MY.

13) Sisteme in hierdie wêreld is gegrond, eerstens op tyd en ruimte en daarna, op die selfgesentreerde bevoordeling, wat Satana, haar eiendom en vasgekluisterde toestand meegebring het. Net EK kan `n vernuwing van sisteme in plek stel waaraan alle lewendes gehoor sal gee en dit sal wel soos volg lyk:

1. Die geldstelsel wat julle nou in gebruik het, moet vervang word met `n wedersydse gee-en-ontvang-stelsel. Almal moet net genoeg hê en hou wat vir hulle huisgebruik nodig is en die res aan daardie uitdeel wat `n nood daarvoor het. Voorraadskure is onnodig in tye van swaarkry waarin die mensdom nou werklik is. Hoor altyd met ore wat wil luister waarin jou naaste `n nood het en of jy of iemand wat MY volg, hom of haar sal kan help. Die gee en ontvang moet geskied in wedersydse nederigheid en dankbaarheid. As mense persele het om met ander te deel, moet dit op grond van gebedsaanduidings van drie partye bevestig word, wie die delers moet wees. In die huidige sisteem is dit baie belangrik, maar in tye wat kom, sal gebed en bevestiging aandui TUSSEN wie nuwe aankomelinge hulleself mag vestig, nie in spesifieke grense nie, want die see is die grens van `n land, maar verder moet almal vry wees om te help om die aarde te bewerk en in stand te hou en so ook te deel in die oeste. Niemand sal mekaar te nakom of tekort doen in die Liefde nie.
2. Die dae van arbei en rus is in `n vasgestelde orde. Ses dae sal jy arbei en die sewende dag rus, beginnnend met die dag-en-nag-ewening as eerste SABBAT van die jaar. Daarna op elke sewende dag vir die res van die jaar en op dag en datum van die feeste, soos aangedui

in die eerste Bybel. EK het reeds Woord gegee aan hierdie kneg oor die gebruik van hierdie in `n kalender en dit sal die norm en standaard vir die hele aarde word.

3. Ware werke van Liefde berus op die instandhouding van lewe, daarom sal elke mens nader aan die natuur begin leef, hetsy in die versorging van mense, diere of plante. Elkeen het sy roeping en take en dit baar krag as dit met ywer uitgevoer word. Mense wat nie kan help nie, as gevolg van tekortkominge van liggaam of hart, het hulle rol as skakelings tussen MY en die aarde. Dit hou die samewerking van mense in beweging, soos die ratwerk van masjiene, deurdat dit mense dwing om aktief te bly rondom behoeftiges. Daar is nie tye vir stilsit en rus vir lank nie, daarom moet mense mekaar afwissel en so naasteliefde op verskeie vlakke bemeester. Behoeftiges het dus deur die staat van vernedering waarin hulle hulleself bevind, vooraf gekies om naastes so te help ontwikkel en moet in blymoedigheid en dankbaarheid hulle taak, al is dit deur gebed en vriendskap help om as dienaars te groei in geloofswerke. Dit is om te hoop op goeie resultate van hulle werk en spanwerk.

4. Nie almal is ywerige sprekers of leiers nie. Sommige is net soos `n veldplantjie wat lewe vir die son se krag en reënwater om hulle te voed, maar hulle groei as beginsel en sien uit na klein dinge. Sulke geeste moet bygestaan word en betrek word by klein spanprojekte om hulle lewensvreugde en deursettingsvermoë te help lig na hoër vlakke. Hulle is nie noodwendig gelowig nie, maar het die samehorigheid van mense nodig. Help hulle dus om dankbaar te word en

blymoedig MY WIL oor hulle lewe af te bid. Elke gees se ontwikkeling op aarde is vir `n ander doel Respekteer elkeen op die manier wat EK hulle gun om te ontwikkel.

5. Waarheid is nie vir elke mens `n noodsaaklikheid nie. Hulle wat lewe vir elke dag se werk en verantwoordelikhede is nie veel gepla oor die Waarheid wat elke erfenis, insetting, wet of gebed inhou nie. Hulle leef wel met erns en is daarom op `n ander manier betrokke by die tot stand-bringing van MY NUWE HEMEL EN NUWE AARDE se werkings. Hulle is roetinegedrewe mense wat vroeg opstaan om te versorg en uithouvermoë aan die dag lê om elke aktiwiteit met sorg af te handel. Sulke werkers is soos bye en miere deel van die kolonie en belangrike werkers in die instandhouding van die sisteem, maar nie leiers in die voortbou, onderrig of beraadslaging oor besluite nie. Moenie hulle ywer onderskat of minag nie. Vertrou en deel alles met en seën al jou naastes, MY kinders.

6. LIEFDE is die WETGEWER en WYSHEID is die UITVOERDER daarvan. Niemand is in staat om dit te volbring as EK hulle nie die KRAG daarvoor gee nie. Bid dus vir WYSHEID om by julle woning te maak dat EK in julle huise kan tuisgaan, want sonder MY is julle wetteloos en dit is liefdeloos.

7. Karig is elke gawe as EK nie die beginsel, beginpunt en Gewer is daarvan nie. Moet dus nie gee, voordat jy MY nie geraadpleeg het nie. Moenie oordink om te gee, voordat EK nie jou dag en handelinge geseën het nie, want soos jy dan in oorvloed ontvang, sal jy ook in oorvloed wil gee.

8. Hoekom sal eenders-lykende vervoermiddels verskillende passasiers vervoer as dit na dieselfde eindbestemming oppad is? Slegs omdat die afdruk van die passasiers die is van MY HEILIGHEID en eiendom. EK is ewig, sonder gelyke, daarom is elke 'passasier' in jou liggaam ook sonder gelyke, maak elke passasier gehoorsaam aan die voertuig se reëls om van punt A na punt B te reis en jy heilig daardeur jou hele liggaam. Maak hulle nog verder gehoorsaam deur die nodige stoppunte en nuwe passasiers te eer en jy maak hulle nederig. Leef so nederig om `n suksesvolle reis te geniet en MY as erfenis te ontvang.

14) EK, JAHSHUA-MIRIAM-GEES, vul jou en elkeen om jou met MY EWIGE LEWENSASEM, sodat julle kan lewe. Hoe anders is lewe op aarde in staat? Weet jy dat as die gees in jou geblus word, jy maar slegs jou asem in `n ander oomblik terugkry? Vele het al daaroor bespiegel en gelees, maar hierdie oomblik se asemteug is net so ver van MY as die volgende s'n, solank jou hart MY nie gevind of geken het nie. As jy egter naby MY leer leef het, sal jou oë ook oopgaan in die oomblik wat jy jou asem verwissel met die `ander kant' s'n, soos julle praat en jy sal MY dadelik herken. Die Manlike en Vroulike in MY is so verenig, dat julle MY altyd in die manlike `vorm' met die vroulike `skoonheid' sal herken. Skoonheid is `n term wat die wêreld gekies het vir behaaglikheid van die siel. Aanvalligheid en behaaglikheid is gebaseer op die mens se interpretasie van wat hy voor hom sien. Aanloklikheid is meer gebaseer op die sintuiglike, waar `Skoonheid' `n verwysing is na die siel. Sodra die siel en die gees begin verenig, raak die beskrywing `behaaglik'. EK is dus `n behaging vir die siel wat MY aanskou en daarom sal die siel nie meer honger en dors ken nie. EK is alles wat `n siel nodig het om voort te bestaan. As jy dit dus reeds op

aarde vermag, sal jy soos in MY dae in die woestyn `nie van brood alleen hoef te lewe nie'.

15) Waar wil die mens hulle aangesig verberg as hulle sou besef dat EK teenwoordig is in elke verligte mens om hulle? Hoe skaam sal hulle kry as hulle moes weet dat MY alwetende WYSHEID vertoef in elke hoeveelste persoon? So sal dit voorkom in die dae voor die NUWE HEMEL EN AARDE werklik neerdaal en daarom sal hulle werklik uitroep. `Berge val op ons en mure bedek ons'. EK sal hulle lot egter verlig en hulle wegneem van hierdie aarde voor hulle siel te geskok raak om MY te wil vind.

16) Waarde in elke oomblik lê in die LIEFDE wat jy uitleef. Hoe hoër jy jou naaste ag en dien, hoe meer waarde het die oomblik vir jou siel gehad. As jy net jouself behaag, het jy so goed, as daardie oomblikke uit jou lewe weggevee. Dit is soos jou aardse skatte wanneer EK jou kom haal. Dit alles verdwyn in die niet, want dit behoort nie aan jou nie. MY beloningstelstel is onmeetbaar en akkuraat. Vir elke oomblik gewy aan jou naaste, behaal jy uitermate loon in die ewige. Daarom sal die `laaste' op aarde `n `ryk' man in die ewige wees.

17) Kyk na die sterre en beskou MY almag. Lees hoeveel die mens al daarvan kon ontdek en jy besef MY Wese se omvang. Elke ster is maar `n oomblik, `n sekonde, `n kers in die Lig van MY Wese en tog deurdring en vul EK, as JAHSHUA -MIRIAM-GEES alles. Niks ontsien MY Oog nie. EK wil daarmee slegs MY LIEFDE aan jou openbaar. Bedink MY nederigheid en Grootsheid en bemin MY.

18) Hierdie hoofstuk se naam is `Verganklikheid' en dit wys alles uit wat nog met hierdie aarde te make het, sodat elke leser die kans kan gebruik om te kies tussen Waarheid en leuen of LEWE en DOOD. As jy jou keuse gemaak het deur

die LIEFDE, vir MY en MY WEE, sal jy die volgende hoofstukke `n vreugde vind en verstaan.

19) EK, Jahshua, spreek deur MY GEES van LIEFDE, MIRIAM, om julle harte te laat saamsmelt as MY nuwe kudde en Verbondsvolk vir die tye wat voorlê.

20) Word lewend as `n eenheid en die een sal die ander se swakhede wegwas voor MY, sodat EK julle kan beskerm, red en bemagtig.

21) Weeklaag oor die dooies wat hulle doodsheid uitleef en geen LIG sal verstaan nie en vind MY in MY skepping van LIEFDE.

22) Weerhou jouself van openlike bande met doodsheid en sonde. Word HEILIG, want EK is HEILIG.

JAHSHUA-MIRIAM-GEES, OERBRON van jou bestaan, neem nou jou hand in ONS huwelik, MY VOLK:

Wees geseënd in die aarde deur MY Bloed gekoop,
Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop,
Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai
En die arend se gesang uitrys bo die kraai.
Edel is die Volk deur MY Hand uitverkies
Edel is die Hart wat Liefde verkies,
Edel is die Man wat Hart aan Hande bind
En die kind wat opgroei, net deur MY Bloed verbind.
EK, die Begin en Einde hiervan spreek:
Geseënd is die siel waarin MY Brood nou breek.
Amein.

Julle het die LEWE nou voor julle, neem dit.

# HOOFSTUK 5

## WAARHEID VAN MENSWEES

1) Die mens weet nie wat op hom wag nie. EK, deur MY JAHSHUA-MIRIAM-GEES van LIEFDE, maak in hierdie hoofstuk die Waarhede bekend wat WYSHEID lewend maak in die hart. Elke een wat verder lees moet bereid wees om sy ou weë neer te lê en MY voluit te volg in wat EK as eise stel vir die wedergeboorte, anders sal dit hoegenaamd nie moontlik wees nie.

2) Net die wat in alle ywer hulle weg na hierdie waarhede rig, sal gered word.

3) Eerstens moet jy MY, die SKEPPER, erken as jou RIGTING-GEWER. Tweedens moet jy MY eer as die Volheid van die WET. Dit behels dat alles wat met jou gebeur, spruit uit die Wet van Sonde en Versoening, die Wet van Ewige Lewe, die Wet van Kennis van Goed en Kwaad, die Wet van Liefde en die Wet van Krag uit die Hoogte. Geeneen sal sonder kennis van hierdie wette kan ingaan in die poorte van die Stad as `n Bruid nie.

4) Die Wet van Sonde en Versoening is breedvoerig behandel in Volume 1 van die NUWE BYBEL en EK sal weer sê: Elke sonde vra verootmoediging en vergifnis, alvorens `n mens weer met vrymoedigheid kan lewe, daarom moet jy waak met al jou krag teen oortreding van die LIEFDE, sodat jy nie op die pad van hierdie wet bly nie. Word vry daarvan deur te besluit om net in LIEFDE te handel.

5) Die Wet van EWIGE LEWE, is ook reeds behandel, naamlik dat geen siel ooit tot niet gaan nie, want MY ewige, volmaakte Wil het dit tot stand gebring en daarom sal dit vir altyd lewe saam met MY, hoewel in verskillende vorms.

6) Die Wet van Kennis van GOED en Kwaad sal elkeen herken in die feit dat die mens `n verpligting beleef, sodra hy van enige saak ingelig word, hetsy die verpligting `n verantwoordelikheid, `n emosie of `n begeerte is. Hierdie wet maak dat as jy besef wat `n situasie behels, jy `n keuse MOET maak. Jy MOET altyd MY WIL vra en daardie keuse aanneem om in die Goeie te bly. Die wet het tot stand gekom, toe MY teenpool begin duister handel het, want op daardie oomblik het 'kwaad' ontstaan. Die geskapenes het tot op daardie oomblik net skeppend gehandel as werk, geen keuses was nodig nie, maar nou word die lewe gevul met keuses wat soms voel asof dit mekaar onophoudelik opvolg. Jy kan egter `n einde maak daaraan deur aan die LIEFDE haar regmatige plek in jou hart te gee en alles uit die oortuiging van LIEFDE te bestudeer en te oorweeg.

7) Die Wet van LIEFDE is daarom die volgende belangrike wet. Elke wese is geskape uit en deur die LIEFDE. Dit beteken soveel as in die ewige oomblik van LIEFDE. Daarom is die tuiste en herkoms van elke lewende, LIEFDE. Ook is die ware aard van alles LIEFDE. Die enigste oomblik van VREDE is dus as die wese in LIEFDE leef. LIEFDE is daarom die OERBRON en OERGRONDBEGINSEL van alles en aangesien alles uit MY Godheid wat bestaan uit MANLIKE en VROULIKE KRAG, ontstaan het, is EK, JAHSHUA-MIRIAM-GEES die OER-BRON van LIEFDE. LIEFDE is ONS punt van vereniging, omdat dit die beginpunt van ONS en jou bestaan was. Dit was waar jy uit ONS uitgegaan het en dus sal dit ook wees waar jy kan terugkeer. Net in volle aanvaarding van jou OERBRON van bestaan, kan jy weer daarmee verenig. Geloof hierin, maak jou lewend met `n Wil en `n Krag om dit te ontvang. EK beloof dit aan elke gees wat verlang om weer EEN met MY of ONS te wees. Neem LIEFDE as jou alles en die ewigheid van VREDE spruit vir jou daaruit.

8) Laastens is die Wet van KRAG UIT DIE HOOGTE jou heenkome. Die HOOGTE is EK, waar EK ookal vir jou geleë is. Die HOOGTE is in die reinste deel van jou hart, maar ook in die hoogste hemele van bestaan. Dit is een en dieselfde as jy in die GEES ontwaak. Die ontwaking is die oomblik waarin jy KRAG ontvang om te weet waar jy jou bevind.

Met jou vereniging met MY in die LIEFDE, versmelt alle dele van jou WESE met MY en jy neem die besluit om alles aan MY terug te gee, wat EK aan jou toevertrou het, sodat ONS as `n EENHEID weer kan handel en skep. Daar is soveel lewe wat nog kans gegun moet word om by daardie punt uit te kom. Slegs as die eerstes oorgee en die weg baan, sal die aarde kan volg.

Besef dat alles wat lewe moet terugkeer tot die LIEFDE om weer hulle waarlike geestelike status of toestand te kan ontvang. In daardie toestand is name, net soos tyd in `n ander orde of nie so doelmatig soos op aarde. `n Gees se Naam is nie werklik sy alles nie. Die wese van die gees maak dit herkenbaar. Met die opneem van die LIEFDE en die KRAG, tree jy ook weer in die orde waar jou uitstraling belangriker is of jou ewige, ware identiteit is. Daarom sal almal mekaar herken in die LIEFDE, sonder gesprekvoering of bekendstelling, want EK is almal se OERBRON en die ooreenkomste maak die een herkenbaar vir die ander, hoewel die verskille ook eienskappe van MY is. Kyk daarom na jou naaste met oë van LIEFDE en herken MY KRAG wat EK in daardie MENS geplaas het en besef daardeur dat jy ewe veel `n gedeelte van MY en herkenbaar is as jy in die LIEFDE bly. EK, JAHSHUA-MIRIAM-GEES, jou OERBRON van LIEFDE, beloof aan jou, omdat dit `n wet is, dat jy aan MY gelyk sal wees as jy maar net jou WIL en WESE rig tot die LIEFDE. Alle dinge is vir jou moontlik in MY. KRAG in die ewigheid is nog

vir jou onverstaanbaar of onduidelik, maar eers as jy dit ontvang, sal jy die Grootsheid en LEWE daarin besef.

9) Volg hierdie wette getrou na en dit sal vir jou die Weg van bestaan word, sonder `n wil om daarbuite te lewe. Dit is die LEWE en daarom die WAARHEID van menswees.

10) EK het hierdie hoofstuk nou maar slegs begin en daarom gaan EK nou meer geheimenisse openbaar oor Manlikheid en Vroulikheid, sodat elkeen met hierdie en die voorafgaande kennis sy wedergeboorte kan verstaan en bereik.

11) Lewe is net moontlik met die samesmelting van `Manlikheid' en `Vroulikheid' se Krag. Ander lewensvorme blyk sonder dit te bestaan, maar in werklikheid laat EK nooit hierdie twee partye afwesig. Slegs dan is dit binne die ewige orde. Kyk na die blom met die inwendige vrugbeginsel en die manlike kroon. So vind bestuiwing plaas vir die vrug om saad voort te bring. Net so werk dit by soogdiere. Die Manlike is die Kroon van die onderskeidelike Skepping, maar sonder die vroulike vrugbeginsel is Lewe nie ewig nie en baat die krag niks nie. Waarom is hierdie geskape? Eerstens as `n afbeelding van MY, JAHSHUA / JAHWEH / SKEPPER en MY KRAGBRON / OERBRON van LIEFDE / LEWENSMOEDER. Die rolle dra dieselfde waarde in die kleine, maar kan nie bestaan of hulle funksie vervul sonder die oorspronklike Kraggewers nie. Tweedens is die voorkoms geskoei op samewerking van LIEFDE as Wet tot Kraggewing. Alles wat lewe moet daardie Wet gehoorsaam. Derdens is die LEWE wat geskep word afhanklik van `n herkoms en net as dit `n eie spesie of voorbeeld het, sal die geestelike krag daarvan soortgelykes voortbring. Daar kan nie geestelike krag gevind word in enige gemanipuleerde of kruisbestuifde variëteite nie. Alles wat nie deur MY skeppende vermoëns ontstaan het deur die mens nie, sal nie kan voortplant met deur-

lopende, standhoudende krag nie. Moet daarom nie peuter met MY WIL vir voortbestaan nie, hou net in stand wat EK in julle sorg plaas.

12) Manlike Krag bring stabiliteit en genesende vermoëns vir onsekerheid, wanorde en wispelturigheid. As die Krag geëer word, sal dit vrede in stand hou. Vroulike Krag bring egter `n sekerheid vir ontferming, geloof en vryheid, dit wil sê vryheid van oortreding en negatiewe emosies deur die GOEIE aan te neem en uit te leef. Saam bind hierdie kragte enige wese tot volmaaktheid. As een van die twee kragte egter uit die volmaakte toestand na die negatiewe beweeg, kan die hele volmaakte vrug in die negatiewe in groei. Bid daarom om aan die anker van geloof, MIRIAM, vasgekleef te bly, sodat die groei na volmaaktheid sal geskied. EK as MIRIAM, is jou dryfveer en versorger, EK as JAHSHUA is jou Maker en Weg. Saam is jou wese vervul om die LIEFDE uit te leef. Die Wysheid is die LIG en so verkry jy KRAG. Elke wese is bestem om by die KRAG uit te kom, wat hulle na hoër vlakke lig. Bly daarom op die Weg as jy na die hemele wil vorder.

13) Hiermee is hierdie hoofstuk voltooi. Elkeen wat die manlike en vroulike kragte herken en uitleef in hulle lewe, sal by eenwording met ONS of MY uitkom. EK is altyd en oral en daarom sal elke WIL erken en beloon word. Wees die werker van geloof wat jou weë in LIEFDE heilig. Jou loon sal na liggaam en siel wees en jy sal nooit `n tekort beleef nie.

Dankbaarheid vir hierdie kennis lei tot meer insig en EK sal elke druppel voed.

# HOOFSTUK 6

## DIE HUIS IN DIE HEMELE

1) Werklik is die voorraadskure van MY HEMELE vir elke rein en opregte bekeerling bedoel. Dit sal altyd oop en toeganklik wees, omdat vriende, kinders en familie in die HUIS van voorraad geen tekort sal beleef nie. Die wat kies om nie in die HUIS te vertoef nie, sal altyd en gereeld `n nood voel druk. In die voorafgaande hoofstukke het EK die geheime rondom bekering en eienskappe om te bemeester, uitgelê en nou sal dit stawend geskied. In die BYBEL van ouds is geskryf dat die een wat sy broer vergewe ook sonder sonde gereken sal word, daarom sal die broer en die een wat vergifnis toegestaan het, in LIEFDE herstel word voor MY en EK sal hulle verblyf in die HUIS seën. Vergeet daarom van jou broer se oortredinge en wees vry.

Vryheid in die HUIS behels eenheid met LIEFDE en al haar eienskappe. Daarom kan enigeen en elkeen in die huis gevoed wees, want eienskappe vul tekorte aan. By jou naaste sal jy jou vervulling vind en elkeen sal MY beleef met oë wat begryp.

2) Jou naaste is jou hulp om waardigheid te leer. Die HUIS van die ewigheid is waar jy jou herkoms sal besef. Nou is als nog vaag, maar eers as jy jou aardse laste afgelê het, sal jy die waarde van ewige RUS en LIEFDE begryp. Hê jou mede-gelowiges lief wat voluit leef vir heiligmaking en wees barmhartig oor die wat in duister wandel. Strawwe en reëls soos in die eerste Bybel is geldig waar uitvoerbaar, maar om hulle af te skei van die gemeenskap gaan geen gemeenskap oorhou nie. EK sal self oor hul lewenslot besluit en niemand

mag meer `n ander doodslaan as straf nie. Net EK ken die Weg van `n siel en wat dit sal baat.

3) Die dooies roep om nuwe kanse en sal dit op tyd gegun word, maar lewendes het nog kans om die HUIS van die HEMELE deelagtig te word.

4) Neem jou kans en benut dit om MY HUIS `n werklikheid te maak, want die tyd daarvoor is min en EK is Barmhartig oor almal om hierdie woorde `n werklikheid te maak.

5) Geesteskwessies wat uit misdaad spruit is moeilik om te hanteer, maar EK sê vir julle dat as `n siel leer om homself lief te hê met Liefde uit MY Hemele, sal alle misdaad verdwyn. Onderrig dus julle kinders om selfwaarde, selfwaardering en nederigheid te hê en julle het die stryd gewen om kinders vir MY HUIS op te voed. Nederigheid is die moeilikste van die drie om te onderrig, maar as jy kan uitwys hoe die swakste persoon die gelukkigste is in elke situasie, byvoorbeeld deur nie te ooreis of te beseer of te kwyn van uitputting nie, maar altyd `n glimlag te hê, sal wedywering en daardeur ook eendag, misdaad, verdwyn.

6) Nederigheid en gehoorsaamheid loop hand aan hand en daarom sal onderrig in nederigheid ook lei tot self-respek en gehoorsaamheid. As `n kind leer om homself en gevolge te bedink, en so sy naaste as deel van hom ervaar, sal hy of sy die Krag ontvang om LIEFDE uit te leef. EK IS LIEFDE.

7) LIEFDE as begin van die weg as mens is die grootste vooorreg en kans op vordering tot `n inwoner van MY HUIS.

8) Jy as mens alleen het kans om inwoner van MY HUIS te word, daarna sal jy net kneg kan wees. EK benoem elkeen wat met MY verenig as beërwer van MY KRAG.

9) Nêrens in die hele heelal sal nog `n liefdesasem lei tot KINDSKAP nie. Net in hierdie ster van LIEFDE, sal EK die oordeel gee volgens werke.

10) Lewe volgens MY WOORD en LIEFDE sal jou omvorm tot `n waardige draer van MY volheid. Daagliks is nuwe KRAG te put uit MY as ELOHIM en julle wat in MY HUIS woon is die erfgename daarvan.

11) Waarlik sal elkeen wat sy weë neerlê en in LIEFDE leef besef wat die waarde van `n ONS is in die ewigheid en elkeen sal dit uitbeeld op `n eie manier.

12) Jou gedeelte van die EWIGE HUIS lyk anders as die erfgenaam langs jou of oorkant jou, daarom mag niemand die ander oordeel nie, maar ondersteun om MY te vind op hoër en dieper vlakke.

13)Weerhou jou daarvan om te proe aan die Liefdeswyn wat EK skink vir jou naaste en hou self jou leë glas vir MY dat EK dit kan vul met wat goed is vir jou.

14) Niemand sal op mekaar nydig wees of neersien, solank julle almal die OERBRON van LIEFDE, MIRIAM, in julle lewens en harte verwelkom nie. Net EK kan dan julle werke rig.

15) Almal wat hierdie BOEK lees is nie uit dieselfde agtergrond en vlakke van geloof nie, tog een in die LIEFDE, daarom bring EK julle saam deur hierdie BOEK van alle tye as `n nuwe Volk en Kudde vir MY. Laat elkeen nederig kyk na sy hart of hy werklik al hierdie linligting begin toepas het, voordat hy of sy kritiek lewer, want net EK, JAHSHUA-MIRIAM-GEES van LIEFDE is die BRON waaruit hierdie lewende water spruit en dit sal elkeen heel, van watter hartseer, pyn of verlies hulle ookal besig is om te herstel.

16) Dra dit vir MY na elkeen wat honger het - jou JAHSHUA-MIRIAM-GEES het beveel.

17) JAHSHUA en MIRIAM is een en daarom is die NUWE BYBEL aan julle geopenbaar; sodat julle bewus kan word van die groeiende LIEFDE in MY VADERHART vir MY Skepping. EK wil elke gedeelte wat EK geskep het weer met MY verenig en die LIEFDE is die enigste weg daartoe.

18) EK sien uit na die omvorming van elkeen se wil om die LIEFDE hulle toestand van bestaan te maak, dan is ONS vir ewig by mekaar.

19) MY HUIS is `n werklikheid vanaf hierdie tydstip op aarde. Niemand sal `n eie lewe kan lei in MY nuwe orde sonder `n las van verlatenheid nie. Vreugde en LIEFDE sal elkeen wat in geloof lewe `n voorsprong gee in alle ontwikkeling, aangesien dit KRAG voortbring wat lewe baar.

20) Weet dat elkeen met verlustiging MY WOORDE sal ontvang as hulle harte rein gewas en vol geloof is.

21) EK roep elkeen uit hulle moeras van ongeloof en wanorde na MY HUIS van orde en rus in die LIEFDE. Glo dat die toestand van LIEFDE vir jou moontlik is en bou jou geloof op die ROTS. Dit sal jou sleutel tot MY HUIS bly.

22) Die HUIS waarin EK julle verwelkom is die gemene faktor tussen almal wat EK behoue laat bly vir MY NUWE HEMEL en NUWE AARDE. Elkeen wat oorbly, sal mekaar vind, herken en aanneem as werkers van geloof.

23) Hoekom berei EK julle voor op aanneming van mede-gelowiges? Want nie almal sal reeds die siel kan evalueer en `sien' nie, daarom sal sommiges uit plek voorkom, maar EK bepaal die lot en die kans van elke siel volgens die LIEFDE wat lewend word daarin.

24) Voltooi is hierdie hoofstuk en daarmee lei dit die volgende vlak van geloof in, naamlik: Beërwing van HEILIGHEID.

# HOOFSTUK 7

## BEËRWING VAN HEILIGHEID

1) `Allerheilig' is die uitroep wat EK uit MY KUDDE se hart hoor. `Allerheilig is U lieflike wonings, Allerheilig is U binnekamer, U heilige Berg, `n Rotsvesting, U veilige vesting vir die wat U bemin. Allerheilig is die kleed van U BRUID, die ragfyn linnekleed met klokkies en goue draad versier. Heilig in die hoogste hemele is Uwe.'

2) Hierdie lofprysing vul hulle harte en speel die mooiste melodieë voor MY TROON. EK, die ANKER VAN VERLOSSING het julle nuwe lewe gegee en rigting getoon na die Waarheid. Laat LEWE julle oopsluit vir MY Heiligdom waar tyd geen betekenis het nie. Daar is julle tuiste.

3) EK alleen kan julle ophef uit die modderslyk waarin julle nou spartel en julle HEILIGHEID laat toekom. Al wat julle nie raaksien nie is `tyd'. In die ewige oomblik maak dit nie saak hoe kort of lank iets neem om te bereik nie. `n Dag is die `nou'. Maak daarom jou hart rein om nie `n oomblik langer in die `nou' van duister te wandel nie.

4) Heilig is die NAAM van die REGVERDIGES, want hulle sal MY NAAM dra as erfgename van MY HUIS. Heilig is die volle wese van MY NUWE JERUSALEM-bewoners, want hulle het met MY verenig in WAARHEID.

5) EK, JAHSHUA-MIRIAM-GEES, beveel julle om julle verganklikheid te heilig, soos wat EK julle gees heilig deur te let op die inname van julle liggame en selfs dit met MY leiding te kies.

6) Voedsel na siel en gees bepaal alles jou heiligheid en EK sal aan julle toon wat onwaardig is om met MY te vereenselwig.

7) Wees getrou tot die dood en EK sal julle heiligheid verewig.

8) Hiermee bring EK julle tot die besef dat die volheid van MY HEILIGHEID ook julle erfporsie is as julle MY aanneem. EK, JAHSHUA-MIRIAM-GEES, is Allerheilig en julle hoort by MY. Leef Heilig sodat die LIEFDE mekaar oombliklik kan herken.

9) EK neem hierdie Boek as `n VERBOND tussen MY en MY uitverkore kudde. Laat jou hart bloei vir MY en opgroei tot Engelgees wat MY Beelddraer is op aarde. Leef in die tyd en ruimte van LIEFDE, dit is ewigheid.

10) EK roep julle by die naam om te sorg dat julle hierdie VERBOND sal opneem en aanneem. Elke kind wat geloof sy doel van bestaan maak, bou jou weg met die fondasie en stene van hierdie boek en jy sal MY BELOFTES van wedergeboorte en KRAG deelagtig word.

11) Waar vele in MY NAAM verkeer en hierdie Rots hulle hoeksteen maak, sal `n LIG uitgaan wat die aarde sal lig uit haar duistere lot.

12) Bekering van die gelowige tot die Woord en Wet van ELOHIM, trek alle betrokkenes uit die moeras van sonde na die hemele. Leef in MY hemele wat EK nou laat neerdaal op julle aarde.

13) EK, JAHSHUA, deur MY MIRIAM-GEES van LIEFDE spreek met julle in oorvloed van BARMHARTIGHEID sodat julle WYSHEID kan vind.

14) Leef in alle vlakke van julle bestaan volgens MY orde en omvorm MY Skepping tot ALLERHEILIGHEID.

15) Hierdie boek is nie voltooi voordat ONS julle ingelei het in die taal van die ewigheid nie en daarom sal die volgende hoofstuk handel oor BARMHARTIGHED.

# HOOFSTUK 8

## BARMHARTIGHEID

1) EK, JAHSHUA-MIRIAM-GEES hou nou hierdie pen in MY HAND om elke WOORD uit WAARHEID op jou hart te graveer. EK IS BARMHARTIGHEID, daarom mag jy niks anders wees of uitleef as jy deel wil wees van MY nie. EK as BARMHARTIGE WESE vul ook elke lewende organisme, alhoewel dit in die jagtende deel van die skepping anders voorkom. Slegs die mens, wat met MY kan verenig, kan BARMHARTIGHEID toepas, daarom is dit die KROON waardig. Keuses gemaak in LIEFDE, toon BARMHARTIGHEID uit WYSHEID, daarom vertoon dit LIG, want dit bring VREDE.

2) BARMHARTIGHEID is net soos LIEFDE, dus `n toestand van bestaan, want as gevolg van die uitleef van LIEFDE is die gevolge of resultate BARMHARTIG.

3) Wees werksaam in LIEFDE en BARMHARTIGHEID om HEILIGHEID uit te straal, want hoe meer jy daarop ag slaan om WYSHEID se raad aan te neem en BARMHARTIG te handel, hoe sterker trek jy MY BARMHARTIGHEID aan om aan jou gawes toe te vertrou. Elke gawe wat sy oorsprong uit MY het, het `n KRAG tot gevolg wat die beërwer nader aan MY KERN trek.

4) Daal nooit terug na waar jy ontwaak en bekeer het nie, maar werk daaraan om BARMHARTIG te handel in elke situasie.

5) Wat beskou EK as BARMHARTIGHEID?

LEWE is heilig. Net in die sin van heerskappy, tot groei of ontwikkeling of onderhouding van plekke, mag iets gedood of vernietig word.

Herwinning is goed, maar sieledele hoef nie telkemale 'herwin' te word nie. Dit is net een of twee maal moontlik, voor totale dood dit nietig maak. MY WIL sal bepaal wat met sieledele gebeur.

6) Liefdeslaste word deur BARMHARTIGHEID `n offer, wat grootliks beloon sal word in die ewige. Elke kind wat `n las dra vir sy naaste, sal bekroon word.

7) Geeneen kan na MY kom as EK nie BARMHARTIGHEID betoon nie, daarom kan elkeen maar uit dankbaarheid BARMHARTIGHEID probeer beoefen. EK sal elkeen lei om MY BARMHARTIGHEID te besef, soos wat nuwe dinge waargeneem en geleer word, sodat MY KONINKRYK kan kom.

8) Hoe bring GEREGTIGHEID BARMHARTIGHEID mee, want EK is tog nie net LIEFDE nie. Ja, LIEFDE is in GEREGTIGHEID en BARMHARTIGHEID te vind, tog nie net in een en nie die ander nie. `n Ouer wat tug, het steeds lief genoeg om te versorg. So het EK julle lief as MY eiendom en Skepping, maar ook MY vriende en geliefdes. Hieruit spruit die volmaakte huwelik: As julle verenig met MY in alle vlakke om ook WYSHEID deelagtig te wees, sal EK julle met MY GEES van MIRIAM, die WYSHEID, bekroon, waar julle dan MY vroulike wese se rol opneem om MEDE-SKEPPERS te wees uit MY WIL en so MY WESE aanvul in diensbaarheid. Begryp nou dat EK met MY Volk moes skei as gevolg van hulle ontrouheid aan die LIEFDE, maar weer julle hand as `n BRUID neem uit die WIL van BARMHARTIGHEID om julle weer te heilig vir ewige diens. Maak hierdie VERBOND `n werklikheid deur elkeen jou eie hart te suiwer in die LIEFDE en met BARMHARTIGHEID jou kleed af te rond as `n bruilofsgewaad, want EK staan gereed om julle in MY WESE op te neem dat ONS nuwe lewensvorms kan bewerkstellig.

Laat MY Lammers wei, Petrus. So spreek EK, JAHSHUA, deur die GEES van MIRIAM as slot van hierdie volume van die NUWE BYBEL. EK spreek weer: Petrus, laat MY Lammers wei. Amein.

# ADDENDUM

## Kalender

Die dag-en-nag ewening is wel die eerste sabbat van die jaar, maar 'die sewende dag' is nie sewe dae later in alle gevalle nie, maar wel die oorgelewerde sewende dag van die aarde se bestaan. Volgens julle huidige kalender is dit Saterdag en daarmee word die weke bepaal vir die res van 'n jaar. Die kalender soos wat EK dit deurgegee het vir verdere onderhouding, is soos volg bewoord en uiteengesit:

Die vrae in MY Volk rondom die Kalender wat gevolg moet word by feestye is wel ‘n saak van verwarring en groot stryd. EK wil hiermee duidelikheid daaroor bring, sodat ieder en elk sal besef dat alles aan MY onderworpe is.

Die wêreld, oftewel Babilon het ‘n kalender ingestel, wat MY Volk verslaaf het om sekere dae sekere sake af te handel en ander dae verpligtend te moet rus. Hierdie is nie hoe EK van die begin af MY Volk se weë bestem het nie. EK het bedoel dat die Volk as landbouers en veeboere die vryheid moes hê om ter enige tyd die nood van wat rondom hulle aangaan by te staan deur ‘n oorgrote hoeveelheid tyd op hande. As almal in ‘n gesin of familie mekaar bygestaan het, sou daar ook geen hongersnood of ledigheid wat uit werkloosheid spruit, voorgekom het nie. EK wil julle weer laat terugkeer na daardie staat en daarom sal EK verduidelik hoe die dae gesien en erken moet word.

Naweke is nie deel van MY orde nie. Alle hulp en kuier by die naaste is onder die orde van Liefde en rus geregverdig, maar as jy nie jou dae in volle Liefde begin en afsluit nie, sal nie een dag vir jou die Volkome ewige rus inhou, wat EK bedoel het jy reeds op aarde deelagtig moet word nie. Die Sabbatrus van die Melgisédek-orde, wat die Priesterorde en Hemelse orde aandui, sal noodwendig vir jou 'n werklikheid word, as jy die dae begin erken, soos wat EK dit nou aan jou voorhou. Amein.

Eerstens begin die dag in die aand, want uit die duister skep EK die Lig. Die Lig sal vir Ewig voortduur en jy sal ook hieruit uit die duister die Lig aanneem en vir Ewig die Sabbatsrus ingaan.

Tweedens het elke week sewe dae, daar is nie 'n uitsondering op daardie reël nie. Tel daarom die eerste dag van die jaar as 'n Sabbat en volg elke sewende dag daarna as die weeklikse Sabbat. Die eerste dag van die jaar sal op die dag- en nag-ewening van julle huidige derde van die jaar val. Die feeste se Sabatte word bygevoeg by hierdie Sabatte as elke maand vier weke het en alles sal vir julle 'n vrolikheid van uitreiking na swakkeres en hulpbehoewendes word uit die seëninge wat EK op julle laat neerdaal.

Moenie wonder oor waar die gawes vandaan sal kom nie en moenie die gawes wat jy ontvang bloot aanneem nie. Behou altyd 'n porsie daarvan om aan 'n volgende uit te deel. Amein.

Wees nie hard in jou handel nie en moenie die ander aan sy eie lot oorlaat nie. Wees ondersteunend, ook wat die Sabbatsrus betref, sodat ander uit jou werke hulle geloof ontdek.

Amein.

# DIE NUWE BYBEL

# BOEK 3

# DIE BEKRAGTIGING

# DIE NUWE BYBEL

# BOEK 3

# DIE BEKRAGTIGING

Uit MY WESE, JAHSHUA-MIRIAM-GEES, blink 'n nuwe more, 'n geleentheid vir elkeen om by MY te wees en hulle gereinigde bestaan te omvorm tot totale diensbaarheid. Geeneen wat sorgeloos rondom geloof lewe, kan dit deelagtig word nie, want soos die mossie net soek na sy daaglikse brood, sal net die wat MY soos daaglikse Brood opsoek, Krag van geloof ontvang om lewende werke vir MY te verrig.

# HOOFSTUK 1 -

## DIE LIEFDE

1) Die LIEFDE se KRAG lê in MY VOLHEID. MIRIAM, die spreker in hierdie Boek, is die barende wat KRAG sal bewerk, aangesien WYSHEID en KRAG MY saad in HAAR laat vrugdra.

2) Geen Ware gelowige kan MY vind, sonder die LIEFDE nie. Slegs met die uitlewing van die LIEFDE, sal EK herkenbaar word en in al MY vorme woning maak by jou. As EK eers woning gemaak het en die LIEFDE, MIRIAM, genooi word om by jou intrek te neem, wat daarmee saam WYSHEID in jou laat groei deur die vereniging van jou gees met MY GEES, MIRIAM, kan EK met julle verenig, al woon EK reeds in jou hart en dan eers sal KRAG daaruit spruit.

3) Laat niemand twyfel oor die begin van hierdie skrywe nie, want soos elkeen weet, sal EK alleen bekragtig wie EK wil en toevertrou wat EK wil. Geen Kennis uit die Hoogte is toe te vertrou aan liefdelose, onheiliges nie. Daarom is MY Kruik, hierdie skryfkneg, die olie waardig.

4) Laat julle geloof versterk word in die wete dat EK julle dra in swaar tye en al wat EK vra, is ootmoed en nederigheid om 'n groeibodem vir LIEFDE te kan wees.

5) Laastens is LIEFDE die reiniger om KRAG die goeie grond te gee wat dit nodig het om 'n goeie oes te lewer.

6) LIEFDE is die Allerheiligheid wat elkeen moet raaksien in die Skepping om dankbaarheid te laat groei, sodat die Moeder van bestaan, die LIEFDE, 'n tuiste kan vind in daardie hart. 'n Dankbare kind word altyd met meer gawes beloon, want hy sal dit oppas en ontwikkel.

7) Geen taak sal uitgedeel word om te doen as daar nie rede

is tot groei nie. EK is ewig en groei elke dag om nuwe skeppings voort te bring en as jy lewend raak saam met MY, sal LIEFDE jou intrek in die groei- en skeppingsproses.

8) Alle take is skeppend as die LIEFDE dit met WYSHEID seën en dit tot diens van die mensdom gebruik word. Geestelik is dan `n nuwe Waterbron geskep, waarheen almal kan kom om te drink, soos `n oase in die woestyn. Daarom sal elkeen wat 'n gebed rig voor daar met werk begin word, seën ontvang om iets uit MY tot lewe te roep.

9) Lewe algeheel in gebed en jy word bekragtig in die LIEFDE. Laat geeneen glo dat bekragtiging met wonderwerke die enigste wyse is nie. Bekragtiging behels die volmaakte aanwending van die LIEFDE.

10) LEWE is in MY en daarom in elke mede-skepper in MIRIAM se sfeer. Slegs met ONS vereniging is skepping moontlik. EK sal MY WOORD wat WET is in jou hart lewend hou en jy sal jubel en lof betuig met blydskap oor jou ontwaking in MY.

11) Laat die kindertjies na MY toe kom, want aan hulle behoort die KONINKRYK van die LEWE. Daarmee gee EK MY WOORD dat as jy die geloof van 'n kind toepas en die nederige, afhanklike LIEFDE vervul in jouself, MY KONINKRYK jou erfporsie is.

12) EK is alles wat die Skepping behels. In elke geskapene is 'n vorm van MY bestaan teenwoordig. Die negatiewe is oorblyfsels van Lucifer se teenkragte wat hulleself moet uitleef en werk tot omvorming van daardie deel in LIEFDE. Slegs belaaide skuld sal 'n klimaks bring wat lei tot bekering.

13) LIEFDE lewe in HEILIGES, want daar is die naaste die rede vir bestaan en die nageslag of daaruitspruitendes die rede vir BARM-HARTIGHEID. Laat jou hart groei na 'n perspektief

wat alle geskapenes omhels, dan is jy rein.

14) Hierdie Boek is vir die lewendes van hart by wie EK reeds MY intrek geneem het. Elkeen wat seker gemaak het dat EK sy begin en einde is, sal 'n hart vol dankbaarheid beleef en in alle dae wat kom verlossing ontvang van die swaar van die lewe.

15) EK is altyd en ewig die LEWENSBRON in al MY vorme, maar as gevolg van wat nou met die aarde gebeur en die NUWE VERBOND wat in werking gestel word, is EK in MIRIAM tasbaar vir julle almal.

16) Nie te min en nie te veel sal verlore skatte vind nie. EK sal sorg dat elkeen wat erns het met MY wel die taak of vermoë besef wat EK eie aan hom geskape en bestem het.

17) Jare kom en gaan voor EK veranderinge bestem, maar hierdie fase van die aarde waarin MIRIAM beliggaam is, is weer 'n kernoomblik van die aarde se bestaan. EK kan dit nie duideliker stel nie: Wees dankbaar en sorge sal van julle wyk.

18) Waarde is deur MY GOEDHEID bepaal. MY GOEDHEID teenoor MY teenpool bepaal die waarde van elke toestand. Die toestand waarin jy jou bevind of omgeef, hetsy negatief of WAAR, bepaal jou waarde in die oomblik wat aanbreek. EK sal vir jou die gawes oopmaak wat EK vir jou bestem het as jy 'n WARE kneg is en dus waarde toevoeg tot MY RYK.

19) By MY, MIRIAM, is elke lot beantwoord deur Vryheid van sorge. As jy dus waarde tot MY VOLHEID en HEILIGHEID toevoeg, sal jou sorge jou nie raak nie, want EK vervul die tekorte. Elke las sal wees soos 'n vanselfsprekende lewens-noodsaaklikheid om sekere swakhede te oorkom en volmaaktheid te bereik.

20) Waardigheid beloof dus volmaakte insig. Beskou die

lewe as 'n raaisel en bid MY altyd om insig, sodat EK die lot van verslaentheid van jou kan wegneem. EK sal jou beklee met verstand en GEES en jy sal MY nooit weer bedroef nie. Net goedheid en guns sal EK jou bied, al die dae van jou lewe.

21) Waarom spreek EK soveel beloftes uit en hoe gaan dit vir elke ywerige 'n werklikheid word? Deur MY genade in die vorm van MIRIAM se liggaam en LIEFDE, sal elkeen MY beleef en herken om so MY HAND te neem in geloof.

22) EK roep daarom nou vir MIRIAM en PETRUS om na vore te tree en die BEKRAGTIGING as WOORD te begin.

*My Lief, JaHweshua,*
*September 2016*

*In U Naam wil ek graag die ewige skool vir klein kindertjies op hierdie aarde vestig. Ek wil graag die hoekstene lê en U grootsheid daardeur in eenvoud weergee aan die siele wat in afhanklikheid na ons opsien om U weer in alles te vind.*

*As dit U gewyde wil is, neem dan my hande en denke vir U en vorm die skool soos wat U dit bedink het en jare al in my hart gelê het om te begryp. Help asseblief my weerlose, swak denke om U groot werk te volbring.*

*Al my liefde vir U, my Koning en Skepper.*

*Amein.*

Ja, My liewe kind,

Vind in hierdie oomblik die wedergebore krag waarvoor jy ook al jare bid om die taak uit te voer waarvoor jy in die moederskoot geplaas is. Vroeg al wou jy net ander help en so het 'n vuurproef-bestaan jou gebrei om net My Wil uit te voer in die taak wat jy telkens voor jou sien oopvou. Amen.

Ek rig hierdie boek van die Lewe aan al die KINDERS VAN MY LIEFDE, want daarmee sal die kleintjies My weer leer liefhê, meer as die koning van duister met wie se weë lewendes van hul eerste asemteug reeds gekonfronteer word.

Ek blaas My lewende asem oor hierdie werk en gee al die woorde wat nodig is om hierdie BOEK 3, DIE BEKRAGTIGING te maak, soos voorheen ingelei. Amen.

# HOOFSTUK 2

My liewe kinders,

Neem My woorde aan Noag as julle beginpunt vir jul aardse lewe. Daar het die nuwe lewe vir My skepping begin te midde van onheil oral rondom.

'Gaan jy en jou gesin in die Ark en daar sal Ek julle behoed.'

My kinders, GEHOORSAAMHEID aan My, AFSONDERING in My heiligheid en die LIEFDE onder mekaar is nodig om van hierdie aardse bestaan 'n nuttige saak te maak.

Dit is die drie grondbeginsels wat julle my kleintjies mee moet omvou om hulle met BARMHARTIGHEID na My te trek.

Dit is vêr van 'n siel wat geskok na hierdie verdorwe, verworpe siele kyk om uit sy eie nader aan die om hom te kom, vandaar die 'op myself ingestelde' bestaan van 'n jongeling. Maak alles van die self deel van die beskermende ONS waar Liefde en gehoorsaamheid wet is en die kleintjie sal My leiding en sorg begin verstaan.

Dank My vir die eenheid en vesting tussen julle gesin in My kleintjie se teenwoordigheid en bid vir My beskerming en dit sal van vroeg af tweede natuur by My kleintjies raak.

Noag het nog 'n baie belangrike eerste lewensles vir My kleintjies, naamlik, die water wat moes opdroog voordat nuwe land vir hulle nuwe lewe aan hulle gegee is.

Die water is wêreldse invloede en skommelings. Sodra die bestaan van die gesin in hulle Ark nie meer geskoei is op die golwe en storms van die 'noodlot' nie, maar op MY BERG VAN VEILIGHEID EN SORG tot rus gekom het, sal die gesin nuwe lewe, rus en vreugde in hulle bestaan vind. Eers dan sal vrede na hulle as gesin terugkeer. Amein.

# HOOFSTUK 3

Hiermee, My kinders, volg die volgende belangrike les in 'n kind se opvoeding.

Uit al die mense op aarde het Ek ABRAHAM, ISAK EN JAKOB gekies om MY VOLK se erfenis en naamdraers te wees, nie omdat hulle groot en beroemd was nie, maar omdat hulle My in nederigheid liefgehad het. Ek was met hulle in hulle soeke na die ware God van hemel en aarde en het hulle roepe na My beantwoord met My heilige Lig en opdragte tot nederigheid en self-aflegging. Elkeen van hulle moes leed en skaamte in hulle hart dra oor hul lewens wat aan My gewy was sonder dat hulle dit gekies het. Dit was 'n vooraf-bepaalde lot en daarom 'n keuse met bewyse gerig tot grootsheid. Vleeslike dood was die gevolg van die keuse teen My, maar as hulle die skaamte kies wat Ek hulle opgelê het, het My Grootsheid deur hulle tot hul redding gekom om My roeping op aarde vir hulle te verwesenlik.

Aan die einde van elkeen van hulle se lewens is hulle eervol in herinnering gehou deur hulle kinders wat hul verhale aan die nageslagte moes inskerp om nuwe kinders tot GEHOOR-SAAMHEID EN LIEFDE vir My te bring.

Elke uur wat aan My bestee word in SAMEHORIGE GESINS-LIEFDE, is soos 'n duisend aardse jare wat tot die siel se groei toegevoeg word. Van jongs tot oud sal My kleintjies hierdie ure in herinnering roep en My dade deur hul geliefdes kragtig herbeleef. Dit is die lewende water wat die boom sal help om soortgelyke vrugte te dra op haar eie. In My dae op aarde was Ek vir vele mense, soos genoem in geskrifte, die enigste Ark waar hulle liefde beleef het om lewende water uit hul binneste mee te open.

Ek wil dat hierdie bekragtiging die harte van klip onder My

kinders, almal sal oopbreek om lewende water oor al die landskappe van hierdie aarde en die bewoners as aardes te laat vloei. Amein.

Hierdie boek sal die SLEUTEL WEES TOT WERKE VAN WEDERGEBOORTE indien dit noukeurig ingeneem word en deur My in My kinders se siele verlig word. Amein.

# HOOFSTUK 4

Die volgende kerngebeurtenis is die vaslê van DIE TWAALF STAMME VAN ISRAEL waarop MY EWIGE POORTE gebou is. Edelstene wat aan elke stam toegeken is, dra belangrike waarde in die hart van elke mens wat as priester oor sy eie lewe moet waak. Elke edelsteen het 'n plek of orde in die borswapen in die diens wat aan My gedoen word. So het elke stam 'n ewige plek, orde en doel in My Koninkryk gekry, al is hulle nie uit een moeder of een geslag nie. Net Ek kan Eenheid, orde en ewige waarde aan iets toeskryf, daarom moet alle besluite eers voor MY VOETE neergelê word, dat Ek die priester van die hart daaroor kan insig gee en tot die regte antwoord lei. Let wel dat die hart daardeur bewapen is en nie die hoof nie. In die hart lê My geheimenisse in elke mens as skat begrawe en dit is die lewenstaak van elke mens om die skat te vind wat Ek voor geboorte reeds vir My kleintjie daar begrawe het. Net as aan die TWAALF ORDENINGE voldoen word, soos vir Moses gegee op die berg Sinai, sal die skat in die hart bereikbaar word om die land Kanaän mee te mag beërwe. Die weg na Sinai is weer-eens weg van die vleeslike behaging en in wolkedonkerheid en afsondering sal die priester die KLIPTAFELS lewend beskrewe ontvang om die hartskat te ontsluit vir Sy eie doel op aarde. Wees daarom 'n Moses wat nederig moes lei en gehoorsaam moes doen wat Ek beveel het. Wees daar ook gereed op die uur wat Ek jou kom haal om die vlees te absorbeer in die wedergeboorte wat Ek vir al Myne bedoel.

Dink dan in hierdie les aan wat jy eet en wat jy drink, hoe jy jou liggaam heilig en klee om 'n tempel vir MY, AS HOËPRIESTER te wees. Gebruik die dag in jou bestaan om My te vra om jou te leer van HEILIGHEID EN REINHEID,

KUISHEID EN SINDELIKHEID. Laat My toe om aan jou insig te gee van ware skoonheid. Ek het jou geskape met elke WAARDEVOLLE LIGGAAMSEIENSKAP wat jy besit, maar gewyd is dit aan My en diep is die gevolge van die versorging en gebruik daarvan.

Beginnend by die HOOF sal geen oorringe, halssnoere en skoonheidsmiddele My sorg vir jou kan verfraai nie. Net as jy as siel My LIEFDE EN NEDERIGHEID in jou dra sal jou skoonheid van ewige waarde wees. Mag die vleeslike gebruik word? Nie ter verfraaiing, maar vir praktiese redes is dit nuttig vir die weg op aarde. Geen onnodige aandag moet daaraan bestee word nie, anders faal die siel in Sy doel vir die dag. Amein.

Daarna volg die bedekking en verfraaiing van die liggaam. Alle KLEDING moet vir praktiese manlike of vroulike dade oorweeg word en GESONDE VENTILASIE EN BEDEKKING in een begrip bewerk. Weereens sal oordadige of uitdagende kleredrag na die teenpool se guns neig en Ek sal daarmee vêr van die siel se sorg en leiding vir die dag wees. Elke dag is ‘n nuwe kans om My te behaag en in die diepte van die hart te vind. Ek is naby elkeen wat My daarvoor aanroep. Amein.

SKOENE AAN DIE VOETE van My kleintjies is bedoel om werk en beweging te vergemaklik. Geensins moet die fokus van die dag op die voete se uitputting, kwelling en versorging gerig wees nie. Alle praktiese, diensbare skoene sal die aardse kleding voltooi en daarmee is daar genoeg daaroor gesê.

In die geheelbeeld is HAARVERSORGING van kop tot tone geensins bedoel tot ure se debattering en voorskrifte nie. Dit is vir gesondheidsredes die spesifieke liggaam toebedeel en indien die praktiese diens aan My en die naaste ‘n spesifieke

versorging vereis, sal die siel geen las daardeur beleef deur daaraan te voldoen nie. Eer My in jou weë en voorkoms-ingesteldheid en geheilig sal dit wees in die ewigheid. Bid My om leiding en antwoorde in jou eie kwelpunte en Ek sal dit vir jou verlig en antwoorde bring. Amein.

Geen INSKRYWINGS OF INPLANTINGS in die vel is aanvaarbaar nie.

Ringe is in hierdie bestaan ‘n simbool in julle samelewing, maar Ek wil die ring aan jou bestaan wees, die ANKER VAN VERLOSSING en die sieraad voor jou naaste. Vertel My kleintjies dat Ek hulle mooi gemaak het en hulle versiering is wat nooit kan vergaan deur mot of roes nie. Toon hulle die waarde daarvan deur dit self uit te lewe en My opreg te bemin. Heg waarde aan MY TEENWOORDIGHEID IN HULLE TEENWOORDIGHEID, sodat hulle deur hulle sintuie kan ontwaak tot ‘n hoër vlak van bestaan.

ORE wat My stem in hulle binneste herken.

OË wat die wêreld in My Lig aanskou.

‘n NEUS wat nederig hulle eie weë ondersoek en My asem daaroor begeer.

‘n MOND wat stil is uit haarself en spreek uit My, wat smaak vind in My skeppingswondere en geure en My dank vir elke gawe uit My Hand.

‘n VEL wat sensitief is vir My blik en dankbaar is vir My son wat hitte en lewe bring vir alle lewendes.

‘n LIGGAAM wat sy plek in die heelal voel en beweeg in diensbaarheid van ander lewendes, hetsy mens, plant of dier. Hierdie liggaam se funksies is almal geheilig as praktiese redes uit My en daarom moet MY SEËN oor elke funksie gebid word. Amein.

Toon aan My kindertjies die basiese eenhede van hulle liggame, die miniatuur skepping wat in ‘n sekere orde en onder gesonde omstandighede moet funksioneer om die groot geheel lewend te hou vir haar praktiese, volmaakte doel. Toon dan dieselfde ooreenkoms tussen alle lewende organismes en hoe die aarde ook so ‘n organisme in die heelal is wat ‘n bepaalde orde en volmaakte doel het. Vergelyk die aarde met die mens se hart wat die vuil of onsuiwer bloed ontvang en dit moet suiwer om diensbaar te kan wees in sy volmaakte doel. Die hart is ook die draer van MY GEES en die OORSPRONG VAN LEWE in die Mens. Amein.

Bewaak daarom die hart deur My ordes uit te leef. Amein.

# HOOFSTUK 5

Hierdie TWAALF STAMME het 'n VERBONDSVOLK geword waarmee Ek regdeur al die eeue wonders laat gebeur het, profete geroep het en lig op die aarde neergelaat het. Elke volk op hierdie aarde moet SY EIE ERFENIS bewaar om sodoende 'n onverstoorde FONDASIE VIR SY NAGESLAG te bied, hetsy deur vertellings, geskrifte of versamelings goedere. Dit is in MY WIL EN ORDE dat elkeen MY WARE LIEFDE onder mekaar sal vind en uitleef. Elke volk het egter nodig om haar by haar eie besit te bepaal en nie ander volke te vermeng met sy skat nie.

Net so het Ek Israel telkens geroep om bekering van vermenging, sodat My suiwer geestelike skat in hulle kon groei. Net soos wat DNA uniek aan 'n persoon is, so is My erflating uniek aan elke volk en die vrye wil bly die dun lyn tussen goddelike krag en vernietigende erfenis. Vertel My kleintjies van al die volke dat Israel die voorbeeld van verbonde bly en dat enige volk haar tot My kan rig om redding van laste te ontvang. Ek sal die volk tegemoet kom as sy haar hart op MY LIEFDE AS ROTS EN ANKER plaas. So sal MY LIG oor die heelal uitspruit soos plante in die lente uit nat grond.

Verkondiging van My Woord dien 'n goeie doel onder volke wat reeds tekens van diensbaarheid en liefde toon, maar andersins is daar steeds net onreine hoogmoed en ydelheid wat die siele vasketting aan My teenpool. Moenie gaan waar Ek jou nie stuur met My Woord nie. Amein.

My kleintjies het net nodig om hulle te bepaal by die ERFENIS VAN HULLE EIE VOLK, sodat Ek daarmee My tabernakel in hulle hart kan oprig. Wanneer daar met ywer gebeure en woorde gememoriseer word, kan die hart die

raamwerk tooi met grootser, monument-agtige waardering. Indien die ruimte van HERKOMS leeg gelaat word in die gemoed van 'n kind, sal hy droombeelde uit My teenpool se verbeeldingswêreld of die herkoms van ander nasies soek om sy raamwerk vir waardering te bou. Maak MY HAND in jou volk se bestaan die sterk raamwerk van jou nageslag se geestelike huis. Bou saam aan daardie huis deur gedoop te word in My JAHWESHUA-MIRIAM-GEES Naam en jou gesin se lewens aan My op te dra. Amein.

Hierdie raamwerk van die twaalf stamme in MY ISRAELVOLK is die goud van al die eeue werd in die behoud van My kinders se siele. Sonder hierdie erfenis sou geen gelowige sy lewe kon aflê met goeie geloof dat Ek vir sy geliefdes sou sorg nie, maar omdat die wêreld die twaalf stamme kon behou deur oorloë, geloofsteisterings, slawerny en noodlottige gebeure deur, was vlees oorkombaar, soos ook tydens My dood. Verlossing het met My dood gekom vir die erfsonde van ewighede gelede, maar ook vir volke wat teen My Liefde gedraai het en hoogmoedige hardheid hul harte laat verower het. Ek was die martelaar vir elke hart op hierdie aarde.

Ek strek MY HAND uit in die OERGRONDPOOL van LIEFDE na elkeen wat hierdie BOEK sy eie maak en sy verlossing van die vloek van eieliefde daarin vind. Hê My, die Skepper van die heelal lief, My kinders, en leer My kleintjies die ONSE Vader bid, sodat hulle almal sal weet dat hulle 'n Enige Vader in die hemele het en 'n naaste volksgenoot op die aarde. Laat die naaste-beginsel vir hulle uitgebeeld word deur plante en diere wat elkeen geskape is volgens sy soort. Toon aan hulle families van plante en diere wat 'afstam' van die tipe, maar steeds die tipe familie heilig deur RASEG EN APART te bly. Leer hulle hoe om akkers, gewasse en diere met skeidslyne

te help om 'n sterk besetter van grond te word en hoe om diere uit te keer en plante van indringers te suiwer, want so sal hulle leer dat harde handelinge en streng besluite sterker, geseënde resultate en saad oplewer. Wees 'n voorbeeld deur apart te bly van ander gelowe en bose invloede. Amein.

Redding van slawerny het 'n nuwe fase vir MY VOLK ingehou in die woestyn. Dit was 'n suiweringstyd waarin elke liefde-lose, waarderinglose siel moes struikel sodat die regte leiers na vore kon kom om My Volk na Kanaän te lei. Wees 'n voorbeeld van ootmoedige waardering en dank in MY HUIS. So sal jy saam met My kleintjies die Kanaän in julle lewens ontvang waar vrugte van een boom talle mense kan voed en onbeperkte hulpbronne gevind word om aan behoeftes te voldoen.

Ek spreek seën oor elkeen wat in geloof hierdie BOEK sy eie maak uit, dat My kleintjies deur die ware lering My ryker sal word in hulle nuwe land. Amein.

# HOOFSTUK 6

Enkele gebeure in Kanaän het ‘n goeie voorbeeld gedien van My sorg, voorsorg en seën, maar omdat My volk My weë verlaat het en vol eieliefde ‘n eie koning begeer het aan wie hulle sigbare eer kon betoon, het hulle weer verval in slegte gevolge en slawerny. Die KONING VAN MY VOLK het verseker die beeld van die Volk voorgestel en daarom sal hierdie les gepas wees om karakters, beroepe en eerbetoning te bespreek. Die ware eerbetoning wat Ek vra, is net NEDERIGE, OPREGTE LIEFDE wat van My getuig voor ander wanneer Ek die geleentheid daarvoor skep. Lei dus ‘n nederige beroep waarin ander My kan dank vir die diens deur jou hande en seën jou naaste met die opbrengs van jou arbeid. Daaruit sal jy geseën word om al jou afhanklikes ryklik te versorg. Amein.

Koning Dawid, die nederige, jong skaapwagter, het ‘n volk gekry om te seën, omdat sy hart My as Kanaän geneem het, Amein. Sy droom was nie groot of ydel nie, maar gerig op BEHAGING VAN MY deur sy weë en dit het My hart verbly. Amein.

Laat banvloek en ydele oorloë ver wees van die KINDERS VAN MY LIEFDE. Laat hulle op hulle knieë neerval en My vra om uitkoms en hulp en weer sal Ek verbonde oprig met My geslagte wat kom. Amein.

Ek seën elkeen met begeertes uit My, koester en voed om WYSHEID te ontvang in MY MIRIAM-GEES wat soos KONING SALOMO oor My aardes sal spreek en aan Wysheid geken sal word. Amein.

My Liefde gee Ek julle in hierdie dae, My kinders. Wees ontvanklik en loop uit die sinagoges van julle verstande na die tempels van julle harte waar Ek julle offers wil ontvang. Amein.

# HOOFSTUK 7

Die volgende les aan 'n jongeling is dié van selfverloëning deur die oë van die profeet JeshajaHuw*(Jesaja)*. Om nederig te wees, het baie voorkomste, maar om die ek en self te verloën tot 'n staat van vriendskaplose, armoede in 'n woeste landskap is die weg om eenheid met My te vind. Daarin open Ek die ewige boekrolle van My Liefde in die betrokke siel, sodat sy haar plek in My diens kan vind. Die siel moet alle begeertes en wellustige gedagtes in bedwang kan bring en sodoende afsterf om net te kan vra wat Ek vir die siel wil. Dán eers is die siel in ooreenstemming met die orde waaruit Sy voortgekom het uit My. Dit is nie 'n willose orde nie, maar 'n WIL IN OORGAWE tot die Grootsheid waarvoor dit bestem is. Geen dwang sal unieke skeppings meebring nie, alleen wil in oorgawe maak 'n nuwe vrug deur My water wat deur die lewensaar loop om uit te spruit in die vorm van vrugte aan 'n geestelike plant. Só vorm die aarde 'n ryk bron van veelsydige vrugte deurdat siele van verskillende vlakke onder mekaar woon. Tog plaas Ek soortgelyke vrugte in dieselfde familie, omdat daar reeds waardering en hulp vir daardie vrug is om tot volle wasdom te kom in 'n enkele bestaansduur.

Jeshajahuw het selfs kos opgegee om tevrede te wees met sprinkane in die woestyn en so sal GEESTELIKE VOEDSEL in die woestyn van hierdie aarde deur My gestuur word om te braai in My hemelse vuur tot net die sagste, voedsaamste spys oorbly om die siel tot verryking te dien. Ek het 'n sprinkaan gemaak om die beste van die land af te eet en vinnig te beweeg sodat vars kos vir hom toeganklik kan bly. Dit is tot nut vir die mens se siel in die feit dat afhanklike gebed daardeur bewerk word om 'n oes te lewer. Sprinkane

dui op die teenpool se verterende mag en spoed om siele in te trek en solank die landbewoners sprinkane in toom hou deur hulle gebede aan My, sal hulle harte ook op 'n hoër vlak wees om edel en in Liefde te lewe. Jeshajahuw het hierdie begryp en net soos Johannes later in My dae die vyand tot voedsel gemaak deur dit te braai en as stapel-voedsel te nuttig. So moet die mens na die hele skepping om hom kyk om My krag daarin te vind.

Leer MY KINDERTJIES om oor alles te heers saam met My deur te bid oor die waarde en betekenis van alle materie. Dit is gegee tot insig en afsterwing van die laer sieledele en tot verhoging van die hele siel nader aan My. So het Jeshajahuw tydens sy lewe op aarde gespreek oor MY VOLK wat hulle tot My moet keer vir verlossing en 'n nuwe lewe. Ek vra van elke opvoeder om die boek van Jeshajahuw aan My kleintjies voor te hou as geestelike skat in hulle opvoeding. Elke woord daarin het 'n diepe geestelike lering tot verhoging van die siel na aan My.

MY KINDERTJIES kyk na die vlees om hulle om My daarin te vind, net soos wat julle, MY KINDERS na die woorde in boeke kyk om My daarin te vind, maar net soos wat EK lewe in elke organisme wat lewenskrag dra en toon, lewe Ek in die woorde voor julle oë en is daar omhoogliggende, omhoog-beurende krag in elke Woord wat Ek gespreek het. As die siel dan die krag gebruik deur dit te waardeer en oor die waarde daarvan te bid, sal dit soos brood die siel voed en versterk. Maak daarom van My woorde vir My kleintjies 'n daaglikse BROOD om elke dag versterk te word in die ewige sin. Toon hulle MY LIEFDE in elke woord van Jeshajahuw en Ek sal dit vaslê in hulle saad. Amein.

# HOOFSTUK 8

Hiermee is die grondbeginsels van die eerste dele van die geskiedenis vasgelê. My kindertjies het baie meer as hierdie woorde wat reeds gegee is, nodig om tot volwasse kinders voor My te groei in hulle harte. Dit is belangrik dat hulle elke les wat julle aanbied aanhoor en beleef deur die vleeslike om hulle en daarom sal EK hierdie boek aanvul met uitgebreide lesmateriaal wat My kindertjies tot volmaakte Liefde sal ontwikkel. Só sal die slang op hierdie aarde sy krag verloor en met minder en minder dienare sal Myne uiteindelik die lot van die heelal totaal op My rig. Ek bedoel om daarmee die duur van skepping tot herskepping vir julle draaglik en soet te maak. Verkondig daarom My woorde en lesse aan elke siel wat 'n neiging na vereniging met My toon, want hulle sal die krag verleen vir die mensdom om in totaliteit na My te keer. Ook dié wat die laagste, vleeslike behagings nuttig, sal deur die toestroming van krag na julle, julle wysheid opneem om laag vir laag hulle harde skille te verloor en sag te word soos Myne en water.

My geboorte was nie in verre so belangrik soos My doop deur Jehôwganan*(Johannes)* se water in die Jordaan nie. Die betekenis van die Jordaanrivier was ook belangrik in My geval, maar vir julle is die betekenis van water in julle bestaan allernoodsaaklik. Die water wat julle drink, reinig die kleinste dele van julle liggame om sag te bly en ligryk te beweeg deur julle ingewande. Dit hou julle liggame beweeglik en soepel om lewend bruikbaar te wees. Net soos wat dit julle reinig van binne, reinig dit julle ook van buite en daarom reinig dit simbolies julle siele van alles wat nie van My is nie. Ek rig daarom 'n opdrag aan julle deur hierdie Nuwe Bybel net soos tydens My wandel op die aarde om

julle te laat doop in die Naam van julle Maker, Verlosser en Ewige Gees wat julle Lewe gee. Ek sal julle dan deur Gees doop om te spreek uit My in julle lewenswandel en nie uit die aarde en sy vleeslike sorg nie. My sorg strek vêr verby die vastheid van hierdie sigbare, soos wat die bodem van 'n oseaan baie dieper as die oppervlak is, waar ook lug baie hoër as die bodem eindig. Elke verligting van die materie na die eteriese is 'n voorbeeld van hoe omvangryk die vlakke tot by My is.

Water maak materie sag, hetsy deur voedende eienskappe, harde, kragtige eienskappe, of verterende hitte-eienskappe. Sonder water sal die sagtheid nie bewerk word nie en daarom is water die doopmiddel op julle aarde om My siele se toestemming of versoek te toon om deur My Gees versag te word. Laat water daarom tydens kinderopvoeding deurlopend 'n leermedium bly, want dit sal insig in my leermetodes, reinigingsmetodes en skeppingsmetodes bring. Dit is dié noodsaaklike element van lewe op julle aarde en daarom die voorbeeld van My Gees se werking onder julle. Wees nederig en kragtig soos water. Wees werksaam en bruikbaar soos water, Wees gewillig en vrolik soos water. Wees helder, deursigtig en eendragtig soos water. Amein.

My kleintjies moet elke aspek van water verstaan, nie in 'n materiële sin alleen nie, maar in die doelmatige gebruik van water, sodat hulle die behoefte in hulle siele kan vergelyk met wat hulle in die die aardse behoeftes waarneem. So kan hulle my vra om die simboliese ook in hulle siele te verrig, sodra die siel daarvoor gereed is. Amein.

Na afloop van My doop is die getuienis oor My van uiterste belang vir My kindertjies se geestelike ontwaking. Die Gees wat soos 'n duif op My neergedaal het, word nie altyd reg oorgedra nie. Soos wat Ek wegbeweeg het, het Jehowganan

My in die gees sien een word met die alomteenwoordige Gees wat uit die eteriese na My gekom het. Hierdie toevou van groot na klein, het soos 'n duif gelyk wat neerdaal, maar so sal dit vir elkeen wees in die dag van wedergeboorte van Gees, waar die siel se oë geopen sal word vir die Gees wat toestroom na die klein porsie Gees wat Ek in julle geplaas het. Hierdie toestroming is te ken aan die reënboog wat Ek as teken aan Noag gegee het, toe hy met sy gesin uit die ark mag beweeg het, die nuwe wêreld in. Ek sal aan elke siel hierdie sewe kleure in volmaaktheid seën, omdat die siel uit haar vrye wil haarself omskep het tot rustige waters waarop My sewe eienskappe kon weerkaats. Open daarom My kindertjies se harte vir die toestroming van My sewe geeste deur kleure om hulle te ontleed en water se noodsaaklikheid uit te lig in die lewendige bestaan van die kleur. Ek sal hulle só verhelder en na My trek. Amein.

# HOOFSTUK 9

My kinders, die volgende gebeure in My lewe was gekenmerk deur versameling van mense as leerlinge en navolgers. So wil Ek hê moet elkeen van julle vir My wees, 'n ywerige student en navolger van wat Ek gespreek het tydens My tyd op aarde. Die weergawes daarvan wat in julle hand behoue gebly het, is net 'n breukdeel van wat Ek al onder My ywerige luisteraars versprei het. Open julle harte om My lewendig in julle te vind, sodat Ek julle kan lei na die Fontein van hierdie helder waters wat Lig werp op My lewe en woorde tydens My verblyf op aarde.

Watter rol die Miriam-Liefde in hierdie les het, sal spoedig na vore kom.

Ek het mense genees van siektes en dooies opgewek uit die dood, maar dít was simboliese werk vir wat Ek vir al My navolgers doen. Dooie plante is julle as julle nie groei of vrug dra nie en met My Water wek Ek julle op uit die dood, neem Ek julle by die hand en blaas My Lewensgees in julle harte om meer en helder My stem te hoor, om gretig uit te kom en My tegemoet te hardloop as Ek 'n ruk stil was en terugkeer. Ek wil hê dat My kleintjies elke gelykenis in hulle harte moet opneem om lewend op te staan in My en uiteindelik soos Ek. Amein.

Ek sal julle lei en vertel wat elke gelykenis wat nog onbeantwoord gelaat is, beteken. Amein. Ek wil dat julle soos Ek in die wildernis aan Lucifer kon sê dat 'n mens nie van brood alleen sal lewe nie, maar van elke lewende Woord wat uitgaan van Elohim. Waarmee sal 'n jongeling sy pad dan suiwer hou? Deur dit te hou na die Woord van die Allerhoogste. Amein.

My Liefling-kinders wat hierdie lees, besonder groot is die

uur waarin Ek hierdie bekendmaak aan julle harte, want dit is die uur waarin Ek op die aarde neerdaal in haar wat My ten volle gevind het. Sy sal My Woord opneem en met haar verenig om die eerste te wees om met Miriam te verenig, want Miriam is hier om alle skuld van erfsonde vry te spreek en My met julle te laat verenig. Vrygespreek is elkeen wat My Woorde soos Water opgedrink het, My nagmaal in hulle hart gebreek en geëet het en hulle in My opstanding bevry het van die aardse leed en laste. Amein.

# HOOFSTUK 10

Hoekom loop die draaie van My sterfte tot in die doderyk? Het Ek nie die lewe in My gehad nie, maar helaas moes Ek ook die dooies aandurf in die doderyk om My smetteloosheid tot in die laagste te laat vloei, waar dit ook die duisterste siele op hulle kettings en bande kon wys. Vol skaamte het hulle inmekaargekrimp in My Lig en weer verlang na vryheid van gees. Ek het dit aan hulle belowe as hulle My hulle draaipunt van bestaan kon maak.

Maak daarom My kinders bewus van die heelal se werking, van die son as middelpunt en die aarde met planete en sterre daarrondom. Vertel van verre sterrestelsels en vertel van die dieptes van die aarde wat holtes het en waar My teenpool se siel gekluister is. Vertel My kleintjies dat EK gekom het om alles te omvorm na die lig van die son, wat na aan My beeld is vir hulle en vertel hulle dat hulle lig ook so moet skyn dat almal hulle eie vuil in die sonlig moet kan raaksien. Vertel dat die son nie praat met teregwysings nie, maar met vrolike stiltes vol lig. Wees soos julle son wat alle ruimtes ligter maak as wat dit was, voordat die son nader beweeg het. Vertel hulle van dag en nag en dat Ek in die nag die aarde laat rus van haar selfondersoek, dat dit die tyd is van nabetragting en lofprysing, sodat die nuwe môre vol krag, nuwe ywer en lewe kan meebring, waarin die dag se groei sal plaasvind. Beleef daarom die nag as die begin van ‘n nuwe tydperk, net soos wat winter eerste die grond voorberei met rus en somer dan volle bloei en kragtige vrugte tot gevolg het. Die dag in jou lewe is die kans om uit te leef wat jy bymekaar kon maak in die nag. Beplan daarom vooruit om julle lampies vol olie te hê in die nag wat kom, want dit bepaal waar jy sal wees in die DAG wat daarop volg.

Amein.

Al my Liefde stel Ek tot julle beskikking in die versameling van olie. Hierdie Nuwe Bybel se riglyne is die ANKER VAN VERLOSSING en Ek is die WATER VAN LEWE waarin jou Ark dryf. Laat jou water rustig wees deur te verlang na nuwe lewe in My. Amein.

# HOOFSTUK 11

Met die bestudering van al die woorde uit julle huidige Bybels, is daar spesifieke riglyne wat in gedagte gehou moet word, sodat die siel verlig kan word deur navolging van wat behoue gebly het.

Elke hoofstuk uit die Wet, behels riglyne vir volke van alle klasse en stande. Dit is tot verbetering van die siele om by die bepalings van die wet te hou, maar as gevolg van oorleweringe van geslag tot geslag, het sekere wette laste geword vir die siel. Kyk daarom uit 'n praktiese, regverdige oogpunt na elke wet en verduidelik dit aan My kleintjies aan die hand van saamwoon-beginsels.

Orde, as een van My eienskappe is van kardinale belang in die vervolmaking van 'n siel. Sonder die orde van gehoorsaamheid, sal die siel nie een met My Gees kan word nie. Ek rig daarom 'n opdrag aan elke opvoeder en kinderversorger om 'n ordelike ruimte, met genoeg spasie vir beweegruimte, skryf-aktiwiteite en sinvolle self-ondersoek aktiwiteite daar te stel, sodat My kleintjies die aarde deur die oë van Liefde, Orde en Erns kan ondersoek. Ek sal deur Miriam-gees daar wees om te lei en te help om My kindertjies se harte op My te fokus.

Wees gereed en voorbereid wanneer 'n dag begin om al die onskuldige vrae sinvol te beantwoord en te help om self antwoorde te vind uit al die bronne wat My vereer. Help My kleintjies, asof dit jy is wat deur My gehelp wil word. Wees sag, hulpvaardig, liefdevol en vreesloos. Laat geen eis te groot wees in jou diens aan My Lieflinge nie, want so verlaag jy jouself en word jy een met My Skeppende, Versorgende Krag. Jy sal My beter en beter vind, hoe meer jy fokus op die ondersoeke en behoeftes van My kleintjies.

Daar is nie ‘n beter leerskool in onvoorwaardelike Liefde as die een van onselfsugtige kinderversorging nie. Spreek uit My Liefde, al is dit streng nodig soms, maar bewys hoflikheid, gemoedelikheid en begrip vir die kind se ingesteldheid om alles rondom in een oomblik in te neem en daarop te wil reageer. Bewys geduld wanneer die kind nie meer geduld oor het vir die dag of oomblik nie. Moenie troos as wangebruik instel nie, maar assosieer met die kind se emosie en beantwoord aan die kind se behoefte, soos wat Ek deur al My versorgers aan jou eie behoeftes van veiligheid, voeding, kleding, omgewingsversorging en sielsnode beantwoord. Nooit beleef jy dat die behoefte te veel gevra is van Ons kant af nie. Wees so ‘n volmaakte versorger uit My vir al My kindertjies wat Ek in jou sorg plaas. Hulle behoort aan My in My ewige Liefde en daarom sal jy ook aan My verantwoording doen oor hulle. Lei hulle eerste na My en dan na Wysheid oor die wêreld om hulle. Amein.

# HOOFSTUK 12

Wees geseënd deur die woorde van hierdie boek in jou siel op te neem as nog 'n BROOD UIT MY HANDE, want hiermee sal 'n nuwe geslag voor My opstaan, wat een sal word met al die aspekte van MY WESE. Hierdie hemel op aarde is die begin van al die beloofde eindes en oorgange van tye. Neem daarom sorg daarin om hierdie werk die hoogste te ag onder julle. Maak dit vir die opvoeders onder julle 'n geseënde belewenis deur hulle by te staan met redelike voldoening aan behoeftes.

Ek wil hiermee die riglyne beëindig en die praktiese leer open, sodat daar nog meer geestelike opheldering sal plaasvind onder al My kinders.

Waarde ver bo julle maatstawwe, het hierdie boek se woorde in die mens se hand, want sonder My opheldering bly die mens gekluister in 'n verstand van redenasies en vêr van 'n hart van nederige diens. Dien My, soos wat Ek begeer en word soos Dawid, oor vele aangestel vir die verloop van jou ewige bestaan. Amein.

My vriende sal MY STEM herken en jubel in die klank daarvan, want weer het EK MY BROOD mildelik gedeel en MY WYN vir hulle geskink. DIE BRUILOF is die geleentheid waaroor Ons juig en vrolik gesels en Ek bedien elkeen wat teenwoordig is met My Gees se gawes. Amein.

# DEEL 2

## HOOFSTUK 1

### Getalle

Waarom sou Ek die hele heelal op getalle fundeer? Het Ek nie genoeg lewe om dit sonder metings te kan laat bestaan nie. Tog het elke skeppingseenheid 'n proporsie van kleiner dele en 'n grootte ten opsigte van alles om dit wat so noodsaaklik is vir sy eie bestaan. Sou die dinosourusse byvoorbeeld 'n plek hê in julle huidige bestaan? Nee, want dan sou die grond tot klei vertrap geword het onder hulle voete en niks verder kon groei nie. Alles is nou proporsioneel kleiner as ten tye van hulle bestaan, omdat fyner sieledele daarvoor plek gemaak het. Weer sal in die herskepping fyner dele tot bestaan geroep word en My Lig sodoende nog meer tussen die lewe op aarde bewys word daardeur. Dit is die rede dat Ek nou aan julle verduidelik hoekom die verandering noodsaaklik is. Alles wat nou hard is, moet nog sagter word en dit begin deur die siele waarin julle bestaan tot My te omvorm.

Gebruik elke oomblik van gebed om in Liefde aan My ere te bring, dan sal die dele van jou liggaam die spoedigste tot sagte opwellings neig en soet Wyn in My Ryk word. Ek staan julle hiermee by deur My Gees dan sterker in julle harte vry te laat om julle sodoende te suiwer voor My. Wat het die woorde beteken dat Ek water in Wyn verander het tydens die eerste huweliksfees op aarde? Presies hierdie. Sodra jou siel met My Gees verenig in die huwelik op jou hart se aardbodem, sal die water (nederige ek) in die beste Wyn (My Liefde) verander vir ander om te geniet tydens die

bruilofsfees. Dit was nog nie tyd vir My om Myself op daardie stadium bekend te maak nie, tog het My Moeder dit van My gevra. So doen Ek aan julle, omdat Miriam My vra. Julle houers is nog nie volmaak nie, tog vul Ek dit in die kleine met My Hemelse Wyn om aan almal om julle My Grootsheid te bied, omdat Miriam-Gees dit vra. Amein.

Hierdie is die begin van getalle-leer vir My kinders. Die water in julle maak van ‘n opname-houer (0) ‘n eenheid (1). So sal die Water wat nou (1) is met julle, My in hulle midde vind en die krag verhoog na (2). Elke versterking van die Water in jou wat My aanroep, verhoog die Krag wat Ek deur jou laat vloei na ‘n volgende getal, totdat 10 bereik word, waar My Gees dan in jou begin werk verrig, die 10 voudige vergroting van die Krag in jou, geskied net as jy ‘n waardige kruik is wat elke eienskap na My bring in naastediens. Die naaste moet dan My plek inneem, dat wat jy aan hulle doen, sou wees wat jy aan My sou gedoen het, tot die 100 merk behaal is, waarvandaan Ek saam met jou sal handel. Die 70 keer vergifnis is die hoeksteen vir die wedergeboorte. Sonder soveel oorgawe sal getalle nie kan vorder nie.

Wat beteken 1 dan in My Ryk as dit eenheid van My Gees met julle beteken op aarde. Dit is so eenvoudig soos die eerste jaar van ‘n kind. Die pasgebore baba is op een maand nog verknog aan die Mamma se hande en bors, sig begin dan ontwikkel om meer as net skadubeelde te kan onderskei. Op twee maande, is die kind reeds besig om die eie hande (werke) te ondersoek. Op drie maande sal die kind begin beweeg en deel word van die wêreld (Geestelike), op vier maande is die kind al babbelende saam met die gesin (Gees). Vyf maande dui die kind se begeerte aan om self iets te behaal en op ses maande sal die kind reeds op sy eie kan sit en besig wees. Op sewe maande is een plek nie meer

genoeg nie en op agt maande wil die kind hoër begin sien en aanraak. Op nege maande begin die kind stamelend self treë gee (in geloof en blydskap) en op tien maande moet die kind fyn dopgehou word dat die regte dinge binne die kind se bereik is, want dit kan noodlottige gevolge hê as daar nie sorg vir die kind naby is nie. Die elfde maand is 'n vry maand, waarin die kind met alles begin eksperimenteer en teen die twaalfde maand is die kind gereed vir selfspraak en selfwerksaamheid. Woorde uit die eie mond bly egter nog uit vir nog 'n kragtige jaar vol lering.

Dieselfde volgorde volg in die jare se opeenvolging van die kind en so ook in My Ryk (dus die geestelike ontwikkeling van 'n mens). Ek wil My kinders die 12 eenhede van sorg by My soveel as moontlik versterk, maar kan dit net doen as hulle naby My WIL wees en My Sorg wil toelaat. Daarom dat My Water in hulle binneste tot Lig omvorm as hulle dit voortdurend deur My laat suiwer. Amein.

Hoe moet hierdie dan aan 'n kind oorgedra word?

Elke getal wat 'n kind leer moet met die baba se gang op aarde vergelyk word, dan sal die kind 'n verwysings-raamwerk hê van wat hyself gedoen het in vroeër jare. Vergelyk dit dan met wat hy nou kan doen, sodat hy begrip het van vordering. Laat hom toe om te voorspel watter vaardighede volg, dan sal hy verstaan dat dit meer is as aan die begin van die belewenis. Bring dan sy gees daarby in om te verduidelik dat die gees in 'n kraglose toestand aan die liggaam gegee word en net soos wat die baba moet vra vir melk en sukkel om kos in die mond te kry, moet die hart van die mens na My roep om te vra vir voeding en om te help om dit te verteer, dan sal daar groei en vordering en vermeerdering van werksaamheid en vaardighede in die gees plaasvind.

Bespreek dan as ‘n volgende vlak die vermeerdering van 10 in die mens se wese, soos wat die werke en vergifnis as deel van self-verloëning in die mens ontwikkel tot hoër vlakke nader aan My vermoëns. Die tiene sal dan My Gees se werking in die Mens voorstel, waar die honderde My werking deur die Mens in My Gees sal voorstel. ‘n Duisend is die voltooiing van die ontwikkeling na ‘n staat van vrede waar die mens skep saam met My.

Om te kan tel en vergelykings te kan tref, is ‘n belangrike aspek by ontwikkeling, want anders kan die self nie in die korrekte plek teenoor My dien nie. Fokus vir die eerste 4 jaar net op die eienskappe van ooreenkomste, verskille, grootte en waardes. Dus vergelykend met mekaar. Na die vierde jaar van die kind se lewe, kan daar met vermeerdering en vermindering begin word, waar die wete dat oortreding krag wegneem en self-verloëning krag toevoeg bygevoeg word. Dit sal ‘n gepaste tyd wees om teregwysings met waardering tot gevolg, tot die kind se opvoeding by te voeg. Die volume van lesse in hierdie verband sal hand aan hand gaan met die kind se sielsnood. Indien die kind ‘n moeilike of harde temperament het, sal die les homself meer gereeld herhaal as in ‘n kind wat maklik begryp waaroor dit handel. Hierdie kind kan meer baat by die toon van Barmhartige gawes, omdat waardering reeds deel van die hart se vermoëns is. Hierdie les moet egter voortgaan tot op ‘n laat ouderdom, sodat die kind voortdurend bewus bly van die verantwoordelikheid teenoor sy eie siel. Amein.

Vanaf die vyfde jaar kan die kind met getalle speel in die vorm van prente om self te begin skep daarmee. Dit sal die kind die Wysheid gee van beplanning en gevolge en eie vermoëns. Laat die kind vele vrye tyd met eie skeppings in die vorm van praktiese gereedskap en kunstige skeppings

toe, sodat die kind vertroud kan raak met die skeppingsproses. Ek wil hierby betrokke wees, deur die kind se hartsoortuiging. Leer die kindjie bid met 'n ootmoedige gebed dat My Gees asseblief sal help met die taak of skepping en dit so tot My eer sal wees. Indien dit met elke les aan die kind geleer word, sal dit spoedig die teenpool se mag breek en Ek ook so in drome aan die kind begin toon wat en hoe om dinge te skape. Ek sal ook elke skepping uit My aan die kind verduidelik indien die kind geleer word om My daaroor te vra. Help die kind om aan My vrae te stel in sy hart oor wat Ek gemaak het in die kind se nabye omgewing en hoekom dit daar is. Glo die kind as daar antwoorde deur My in die kind se hart instroom en help die kind om dit in sketse uit te beeld. Eenvoudige lyne en baie kleure is 'n goeie beginsel. Die kind sal daardeur geroep word tot meer en meer vrae, waarop die opvoeder met geduld en toewyding moet reageer om die kind te help om My in sy hart te vind en te gehoorsaam. Indien die kind 'n weerspannige kind is, wat glad nie gehoor aan die hulp wil gee nie, moet die skeppende materiale van die kind ontneem word en die kind met boeke wat My vereer of die natuur gelaat word, waar slegs na alles gekyk mag word, maar niks gedoen mag word nie. Laat die tye van afsondering net 'n paar minute duur en verduidelik dan aan die kind dat My Gees kragteloos in die siel is as die siel My nie vra om haar te help om te skep nie. Kragteloosheid beteken dan in die kind se geval dat die kind tot niks in staat sal wees nie. Hierdie is voldoende lesse vir die vyfde jaar van die kind.

Teen die sesde jaar moet die kind dus gehoorsaamheid, diensbaarheid, samewerking, afhanklikheid, nederigheid en liefde (in die vorm van waardering) verstaan. Die kind kan dan moeiliker take opgelê word om tot My in die hart te

nader. Ek sal die kind seën in die moeite met 'n eie tuintjie, waar daar onderrig moet geskied met die plant van saadjies in hulle eie gebied, die oplei van plantjies wat moet rank, die verwydering van indringers uit die plantjie se gebied, die waardering van bloeisels aan 'n plant en die doel daarvan en dan die oes van die vrug met toegewyde sorg. Hierdie tydperk van wag om 'n vrug van die plant te ontvang nadat dit met sorg hanteer is, moet alles as geestelike lesse aan die kind aangebied word om te verseker dat die kind geduld en deursettingsvermoë begin begryp. Die geestelike les hiervan is 'n baie beter les as die een van sit in 'n klaskamer vir langer ure om werksblaaie te voltooi soos in die huidige onderrigsisteem. Ek sal steeds as Skeppende Krag geken wil word en by die aanleer van taal en getalle die onderwerp wil wees, maar die oorheersende denkwyse van die kind moet gerig wees om My in Sy hart te vind en tyd met My deur te bring deur die leiding van die opvoeder.

Wees daarom vol inisiatief en lewenslus om die hele dag aan My te wy tydens die opvoedingstaak, sodat elke moontlike les wat na My gekeer word tot verheldering van die kindertjies se siele sal dien. Amein.

Die sewende jaar is 'n jaar van beplanning vir die kind. Die kind besef waar hy nie meer sy eie wil kan volg nie en waar Ek in sy lewe inpas, maar hy besef ook verantwoordelikheid in hierdie wêreld se verpligtinge. Maak die kind daarom deel van die opruimingsproses in die leervertrekke, sodat die kind genot kan ervaar met dinge wat voltooi is en telkens 'n nuwe begin. Dit sal die kind die belangrikheid van 'n einde laat besef en dat die siel dan met vreugde 'n nuwe begin kan tegemoetgaan. In getalle sal hierdie begrip tuis te bring wees met die gebruik van seisoene en wat dit behels in werk. Ook sal die horlosie se tydsaanduidings nou 'n beter

plek hê in die kind se begrip. Ek wil dat die kind flink leer optree in kort tye. Leer die kind van noodgevalle en dat om My aan te roep die enigste sleutel is tot flinke denke. Ek sal altyd die hart met antwoorde toestroom as die hart My daarom vra. Ek wil ook die kind beskerm in enige situasie en moet so aan die kind verduidelik word, maar die kind moet geleer word om ander te kan help in slegte omstandighede en daarom is hierdie les van belang. Die slegte situasie sal voorkom wanneer iemand in die omtrek nalatig oor My en die Lewe handel en Ek nie altyd kan ingryp en die siele daardeur geskaad word nie. Elke siel moet uit haar eie wil My sorg en voorsorg afbid en doen. In ‘n situasie waar almal dit doen, sal die kwaad vêr wegbly. Amein.

Nou is die kind al vêr gevorder in gedagtes rondom lewe en dood. In die agste jaar wil Ek hê die kind moet leer om alle getalle te kan uitlees. Dit sal die kind My Grootheid laat besef, want die oneindige moet ook hier ‘n plek in die kind se leermateriaal vind. Nou is dit weer nodig vir die kind om nederigheid as belangrikste les op te neem, aangesien die kind met nuwe oë leer dink oor die wêreld om hom. Ek wil dat die kind ander bedien, meer hoflikheidslesse beleef en leer om te help met skoonmaak van lewensruimtes waar water gebruik word. Wanneer die kind leer om deel van die water te wees in die skoonmaakproses, sal hy meer gemoedelik ander rondom hom aanvaar met hulle maniere van doen en gebreke. Dit is ook ‘n goeie tyd om die kind bloot te stel aan mense met gebreke en te verduidelik waarom die gebreke daar is. Soms word mense met gebreke gebore en ander male is die gebreke ‘n oorsaak van ‘n slegte gebeurtenis of siekte. Ek is in beheer van elkeen se lewe en het ‘n doel met die sielsontwikkeling van die betrokke persoon en mense om hom. Die gebrek is dus ‘n ekstra lering in die omstandighede waarin die betrokke mense

lewe om hulle nader aan My te kan bring en toon eerder My betrokkenheid by die mense as My afwesigheid. Ek wil almal na My trek en sal op die regte tye dinge oor mense se lewe bring om My te vind, as hulle daarna verlang. Amein.

Die negende jaar mag die kind volstoom aan vermenigvuldiging en deling begin aandag gee, aangesien die nuwe verantwoordelikhede die denke open vir kragtige gedagtes en werke. Ek vermeerder byvoorbeeld 'n plant se lewensduur met die aantal saadjies wat Ek aan die plant gee en so vermeerder mense se lewensherinnering met die aantal kinders wat aan hulle toevertrou word. Indien Ek die begin van die paartjie se eenheid is, sal daar vele kinders met suiwer siele aan hulle toevertrou word. So ook sal die teenoorgestelde waar wees en die stryd om My te vind saam met die kinders aangepak moet word. Ek wil dat die kind op hierdie stadium die wette van Moses ken, gebede namens almal teenwoordig kan bid en My krag in elke nuwe dag rondom hom kan beskryf. Ek wil hê dat vriendskappe bespreek moet word, sodat die kind die gevolge van goeie en slegte dade tussen vriende kan verstaan en hoeveel krag dit uitoefen op die siel se geestelike vermoëns. Dit sal die vermenigvuldiging en deling begrip lewendig maak vir die kind in sy eie bestaansruimte. Ook moet orde hier 'n plek in die leermateriaal vind, sodat die kind kan insien dat ordelikheid die siel open om vinnig te beplan, te skep, te voltooi en weer vrede te hê en dat onordelikheid die siel belemmer en dus aansienlik van krag ontneem in elke stap van die skeppingsproses. Toon weer aan My kindjies die hoeveelheid skeppings op 'n gestruktureerde wyse, wat Ek rondom hulle en op die aarde geplaas het en lig die belangrikheid van ordelike denke en handelinge uit, sodat hulle die opeenvolging van stappe in handelinge kan begin beskryf en waardeer. Ek wil vir hulle 'n lewende voorbeeld

wees in hierdie lering en daarom is dit nodig om vir die kind ‘n troeteldier toe te ken indien die omstandighede dit toelaat, al is dit net in die leersituasie. Die troeteldier se behoeftes moet met die kind se eie liggaam se behoeftes vergelyk word, sodat erkenning gegee kan word aan My sorg vir alle siele, ook in die natuur. As die kind besef hoeveel werke Ek vir sy eie siel en die van ontelbaar ander doen, sal sy behoefte om My te ken, vergroot. Die kind is nog jonk genoeg om vol bewondering die lewe te aanskou, daarom moet die nut van die troeteldier en ander skeppings ook aandag geniet. Vergelyk dit met die nut van die kind se bestaan vir die mense om hom, sodat hy ook ‘n plekkie vind om in vrede te geniet. Ek is teenwoordig in al die lering wat aan die kind gegee word en sal so oomblikke verlig met insig vir die opvoeder.

Die tiende jaar gaan oor keuses in die kind se lewe. Die keuse om My te aanvaar of te vergeet in sy hart sal eerste aandag geniet en blyk uit sy optrede. Hierdie jaar is ’n kernjaar in betrokkenheid van die ouers en opvoeders. Hou voor oë dat die kind op enige stadium van die aarde ontsê kan word as ‘n leerskool en bly die kind bystaan met gedagtes rondom My en My werke en bedoelings. Ek wil ‘n plek in die kind se roetine geniet deur nou as leermateriaal geken te word. Die kind moet daarom elke dag uit die boeke van My geskrifte lees om My in sy hart te vind. Wanneer lees gemaklik geskied, kan die oorskryf en in herinnering nasê van wat Ek die kind wil leer ook ‘n plek vind in die dag. Hierdie taak het met getalle te doen in die daaglikse gebruik daarvan. Indien die kind verstaan dat elke dag ‘n belangrike dag in My bestaan is, en dat take nooit ‘n einde het nie, sal die kind My Grootheid begin besef. Gee aan My die eer deur sang en leer die kind verstaan waaruit musikale elemente wat mekaar deurgaans herhaal, bestaan. Geniet sang voor

My deur My lof te besing en die natuur om julle te bewonder. Geniet dit deur beweging en ritmes van My natuur na te boots. Geniet dit deur self natuurlike klanke te probeer skep, sodat die aanhoudende ritme 'n begrip in getalle vir die kind raak. Tel saam met die ritmes sodat die kind leer dat geduld 'n positiewe belewenis is en leer dan die kind van sy eie liggaam se ritmes in asemhaling en hartklop en hoe die kind eintlik as 'n geduldige wese geskape is, waarin ongeduld net 'n plek vind wanneer die siel op haarself ingekeer raak. In diens van sy eie liggaam en die behoefte van andere is geduld die enigste uitweg tot voortbestaan. Ek wil die kind met hierdie les bystaan deur voedselvoorbereiding as les te gebruik. Indien die kind leer watter voorbereidende stappe daar bestaan om voedsel op die tafel neer te sit, vanaf die skep van die item in die natuur tot die verwerking daarvan om uiteindelik keurig gegeur op die tafel te staan en hoe vinnig dit dan deur die siel verorber word, sal die siel verstaan watter lang pad dit weer neem om afgebreek te word in bruikbare sieledele vir die ewige doel – bykans ewe lank. So moet die kind ook leer nadink oor watter voeding goed is vir die siel en wat die gevolge van die gebruik daarvan is vir die siel, sodat voedselkeuses ook 'n daaglikse verantwoordelikheid vir die siel word. Amein.

In die elfde jaar is die kind nou gereed om op sy eie take aan te pak. Leer die kind daarom deur werksblaaie en boeke soos versamelings bymekaar te voeg hoe kompleks My take is. Nou moet die kind groepe gedagtes met gemak kan bymekaar voeg en bereken, vergelykend met take en verantwoordelikhede se beplanning en afhandeling. Hier kan masjiene se werking en ontleding 'n plek vind in die vergemakliking van take vir die mens en hoe kragte dus deur hulp van sterker materiale vergroot word. Bestudeer daarom ook die sterkte van materiale wat deur My natuur

en die mens se denke ontstaan het. Leer om dit met water en die invloed van water daarop te vergelyk. Verduidelik aan die kind die bestaansduur van nie-lewende dinge en waarom sieledele dan gebonde bly aan hulle verpligte, willose toestand van diens. Verduidelik aan die kind dat die siele onder in die aarde se ruimtes ook so gebonde sal bly om diensbaar te moet wees, voordat hulle 'n lewe van vrye wil mag ontvang en daarna in diensbare ruimtes uit eie wil vrygelaat sal word, na gelang hulle sag word soos water. Hierdie les oor bestaansduur moet in getalle vir die kind getoon word, sodat die kind kan bereken wat 'n enkele verkeerde keuse se gevolge vir 'n siel kan beteken. Verduidelik hiermee aan die kind dat 'n neiging na keuses teen My eer ophoop om 'n verharde hart tot gevolg te hê, wat Ek nie deur dwang, maar deur diens moet versag. Leer daarom om alles wat lewe toon te waardeer, omdat dit reeds sagte sieledele is. Vorm die wil van die troeteldier daarom ook om diensbaar vir ander te wees, indien die omstandighede dit moontlik maak. Hierdie jaar bring 'n voltooiing mee in die kind se slypingsproses. Vanaf hierdie jaar kan die kind aan die lewe se diens blootgestel word om daaruit te leer en alle kennis oor sake ondersoek. Dit is nie My Wil dat die kind nou reeds oor die mens se voortplanting kennis moet dra nie. Bewaar daarom die siele om nog nader aan My te groei deur vele keuses, voordat die siel My voortplantingskrag in haarself ontdek. Vanaf vyftienjarige leeftyd moet die siel kennis dra oor die beskerming van die saad en daarom mag daar tot dan uitgebreid na plante en diere verwys word om suiwer saad se voordele uit te lig.

Ek seën hierdie leerproses honderdvoudig (met verwysing na My verduideliking van honderd), in elke opvoeder wat die riglyne volg. So sal 'n nuwe geslag met verantwoordelike, sterk individue My vind in hulle roeping om Kinders van My Liefde te wees voor My aangesig. Amein.

# HOOFSTUK 2

## Kleure

My Naam is vol van die ligrykste, kleurvolste klanke – Jahweshua-Miriam-Gees. Hiermee vertel Ek aan julle dat klanke en kleure een word in die mens se siel. Ek wil dat My Kleintjies kleure deur klanke leer ken, en julle, My kinders, is die wyse waarop dit moet gebeur. Toon aan hulle My natuur se klanke en kleure tesaam, byvoorbeeld die donderweer en donker wolke, die blou tydens bewolkte dae en die helder-geel lig as die son 'n vertrek binnestroom met 'n glimlag op jou gesig. Toon aan hulle die voëlgesang en die blommeprag in die helder wit sonlig buite. Toon aan hulle die skoonheid en vredevolle klanke van 'n watermassa as My son se lig daarop reflekteer. Ek wil hê dat hulle My deur die klank van julle stemme leer ken, deur die kleur van julle emosies en deur die sagtheid van julle hande en werke. Ek wil hê dat julle kleur as 'n eenheid tussen die sintuie waarneem en nie net as 'n kleur op 'n skaal van lig na donker of 'n wiel van verskillende afdelings nie. Dit is nie My volledige kleure nie. My kleure vloei ineen en smelt saam om 'n 'gevoel' of wete tuis te bring. Wees in die helder kant van daardie skaal, want My teenpool se kleure is vertroebel met digte en donker dele en so sleur dit saam met klanke wat swaar en vol is. My klanke is eenvoudig en lig, soos wat 'n ouer met sy kind sal kuier. Amein.

Leer daarom My kleintjies van die begin af van die variasies van dieselfde kleur, van deursigtigheid van kleure en van Lig se breking om die kleure voort te bring. Leer daarom die kleintjies om die kleure in volmaakte samestelling te vind in My Lig en dat dit weereens in water 'n tasbare voorbeeld het. Ek wil dat hulle dit leer gebruik deur kleurpalette

waterverf te geniet. Die groter hoeveelheid water by die verf, laat My Lig se vloeibaarheid ‘n lewende begrip word. Die samesmelting van kleur is hier ook ‘n goeie voorbeeld. Maak kleurskywe waarop My kindertjies kleure se oorgange van die basiese, rooi, geel en blou na al die ander kleure kan waarneem. Maak lig en donker ‘n ander les. Gebruik skaduwees om te toon hoe sterk vaste stof lig blokkeer en verduidelik dat Ek nie die soort lig is wat deur vaste stof gekeer word nie. My Lig skyn orals en daarin is nie skaduwees nie. My Lig deurtrek die liggaam en daarom is daar helder bloed en water in die liggaam. Ek heel ook deur Lig en daarom sal die liggaam gesond wees as dit gereeld in My son se Lig baljaar. Toon aan die kindertjies dat gesonde liggame soos ligstrale kan buig en beweeg en dat lig alle ruimtes binnedring as daar ‘n gaping gelaat word. Tref daarmee ‘n vergelyking met hulle harte wat die deur vir My moet oopmaak dat My Lig alle ruimtes kan vul om mee te handel, maar dat My Gees teenwoordig is om alles te sien, al is die deur nie oop nie. Ek wil dat My kindertjies modelle bou van hul hartshuisies om Lig te sien instroom daarin, sodra die deur vir My geopen word. Maak dit ‘n blye gebeurtenis as die lig daarin vloei. Sluit weer die hart dig en maak kleiner openinge en sien dat hoe groter die deur vir My oopgaan, hoe groter sal die hart se blydskap wees om My daar te hê. Ek is hier om elkeen se tempel te verlig met My EWIGE LIG wat nie uitgedoof word nie, as die deur maar net wyd vir My oopgemaak word. Amein.

Kleur is te sien in die blommeryk, die diereryk, die voëls van die hemel en die visse in die waters. Die plante het ook ‘n kleurskakering eie aan die omgewing en daarmee wil Ek uitlig dat kleure gegroepeer kan word na gelang van die skepping waarin dit hulle bevind. Ek het My kindertjies bymekaar geplaas in groepe waar hulle My maklik sal vind in

mekaar op die vlak waarin hulle hulle bevind. Maak daarom seker dat jy jou kindertjies met siele van dieselfde soort laat saamspeel om hulle te help om My in mekaar se werke te waardeer. Wanneer verstaan word dat groepe kleure saam hoort, kan kleurpalette met ander mediums saam aangebied word, sodat die siel leer hoe om kunstig kleure saam te gebruik in die skepping van 'n unieke werk. Lig aan My kindertjies uit dat Ek ook 'n kunstenaar is en tyd en dus Liefde in elke skepping se vorming geplaas het om dit prakties en uniek aan die aarde te gee. Net so is daar talle skeppings waarvan die mens nie bewus is nie, in ander ruimtes van My heelal, waar Ek ook 'n doel en nut vir elkeen het.

Op tweejarige ouderdom, moet kindertjies basiese kleure kan onderskei en beskryf, op drie-jarige ouderdom moet hulle sinvol daarmee kan speel, deur groepering en benoeming. Op vierjarige ouderdom moet die kind sy eerste kunswerke bedink, op vyfjarige ouderdom kan die kind verskillende mediums vir kunswerke byvoeg, op sesjarige ouderdom kan die kind 'n kunsprojek aanpak en op sewejarige ouderdom moet die kind vryheid beleef in die kies van sy kunsmediums vir sommige projekte. Op agtjarige ouderdom moet My werke as voorbeeld gegee word om te begin naboots en op negejarige ouderdom sal die kind uit sy eie teksture begin noem in die skeppingsproses. Dui dan aan hoe lig en skadu die teksture vorm en ondersoek natuurlike maniere om teksture en lig weer te gee. Tydens die tiende jaar sal die kindjie 'n baie goeie begrip toon vir die vlakke van materie, omhulsels, samestelling en groepering van die kleure. Nou is 'n goeie tyd om voorgrond en agtergrond uit te lig in lesse van dimensies en proporsies en daarom sal vêrtes en dieptes goeie lesmateriaal wees. Ook kan die mens se liggaam proporsies bygevoeg word en die gesig se dele

ontleed en nageboots word. Sodra die kind verstaan hoeveel klein deeltjies die geheel opmaak, sal waardering nog meer uit die hart spruit en daar opnuut na die skepping gekyk word om Lig en Lewe daarin te vind. Tydens die elfde jaar sal strukture wat deur die mens saamgestel is, 'n goeie studie wees om proporsies van stabiliteit te ondersoek en die kleurgebruik in raamwerke te vind. Lig dan aan die kind uit dat die skoonheid van ontwerp in die lyne lê en hoeveel lig daarin kan vloei. Die versiering van kleur deur materiale en byvoegings, is die karakter van die ontwerp wat laaste bygevoeg word, maar deur die ontwerp geïnspireer word. Dit word dus 'n eenheid, soos wat Ek die mens as 'n eenheid bedink het met 'n raamwerk en fyner skoonhede vir praktiese gebruik. Sien al die skeppings op aarde in daardie lig en bid voor jy werk verrig, dat die werk tot My eer sal geskied. Amein.

Hierdie inleiding in kleur sal verseker dat die kindertjies alle fasette van kleur ontdek en waardeer. Wetenskaplik kan baie aandag aan kleur gegee word, om te verstaan hoe kleur vorm, hoe dit meng en hoe om dit suiwer te hou. Ook sal kleur in die lugruim 'n studie wees om te verstaan hoekom sekere seisoene en ruimteverskynsels sekere kleure tot gevolg het. Maak My altyd die middelpunt van die gesprek deur te vra hoekom Ek so iets sou wou laat verskyn en wat die nut daarvan is, want geen verskynsel is sonder rede nie. Amein.

Ek is elke kleur in volmaaktheid. Ek vul elke kleur in volmaaktheid. Kleure kan in die natuur gevind word om begrippe soos eenvoud, vrolikheid, weelderigheid en koninklikheid uit te beeld, maar water voed steeds elke kleur en kan nie skoonheid en lewe verbeeld as dit nie deurentyd die kleur voed nie. Net so kan die mens se

emosies nie kleurvol en helder bly as dit nie deur My Water gevoed word nie. Reinig daarom daagliks jou geestelike kleure deur dit voor My te bring en My seën en voeding daarvoor te vra. Amein.

Dit is die voltooiing van hierdie leerwerk oor kleure, want die aarde kan nie die volheid dra van wat kleur behels in die ewige nie. Laat My kindertjies net die belangrikheid en waarde van My bestaan in elke kleur vind en die eenheid daarvan, dan sal My Ryk se kleure voor hulle begin oopvou as die siel gereed is daarvoor. Amein.

# HOOFSTUK 3

## Vorms

Hierdie hoofstuk se werk het ‘n baie diep betekenis vir die siel, maar sal nie in die bestaan van die kind besef word nie. Ek heg bepaalde vorms aan alle lewende dinge om die siel se neigings daarmee ten toon te stel en so het nie-lewende dinge se vorms ook te doen met die doel waarvoor hulle in bestaan gebring is.

Die eerste les van vorms is dus hoe dit ander kan dien of tot nut kan wees. Die tweede les is veel dieper in die gees, dus hoe dit ontwerp is tot geestelike ontwikkeling. Hoe kan dit moontlik wees, vra ‘n mens My dit dan af? Wat is die nut van die klip, die berg, die skulp, die mos, die eiland of die blad van ‘n landskap? Elke ding wat die mens om hom sien is tot nut van die gekluisterde siele daarbinne en sal deur die suiwering en versagting van vloeiende water tot nut en gebruik kom in sekere aardse tydperke. Die aanvanklike los spoel van rotse tydens groot watermassas, die verkleining van die gronddele met waterkragte, die samevoeging van fyn gronddele in bruikbare hope, die bemesting daarvan deur verrotte sieledele, die in die lewe roep van plantegroei om stukkie vir stukkie weer die leë aardkors te versier met kleure, is alles werke wat Ek deur My engele en lewenskragte in werking stel om sieledele weer ‘n kans te gee om opwaarts te beur in die groeiproses. Amein.

Groot vorms is niks beter as die kleiner vorms wat julle om julle vind nie en elkeen loop dieselfde pad om reiniging en eenwording te bereik, as julle siele. Die voltooiing van die eenwording met My Gees van Liefde, is net vir elke vorm op ‘n ander terrein of vlak. Indien die plant sy lewensenergie

ingespan het om die hoogte vir sy tipe te bereik, blomme, vrugte of sade voort te bring en My Lewenswater in te span om 'n goeie voorbeeld van sy tipe plant te wees, het dit sy huidige doel volbring en is gereed vir 'n volgende doel in die ewigheid. Dit maak die ontwikkelingsgang vir die plant se sieledele moontlik en hoewel dit etlike jare vir sommige plante neem om die ontwikkeling van daardie tydperk te voltooi, is dit 'n voortdurende, hernuwende proses om die sieledele te help om meer en meer diens aan My te verrig. Amein.

Ek wil vorms nou verder bespreek aan die hand van fyn lyne in lewende dinge. Elke lyn wat Ek gevorm het, het ten doel dat iets buigbaar of verfynd voorkom en daarmee diensbaar is. Net so moet die lyne op 'n bejaarde gesig toon dat die jare se diensbaarheid nou sigbare resultate toon. Ek het net lyne in die aardse dinge bewerk, omdat tydperke hier in jare gemeet word. Fyner stowwe, soos insekte en plante se lyne is van korte duur. Ek wil dat lyne vir julle simboliese waarde dra as verantwoordelikheid. Die swaar, aardse stowwe en leerskool is 'n verantwoordelikheid wat die siele hier opgelê is om na My terug te keer nadat hulle eens van My wegbeweeg het en daarom sal elke buiging 'n goeie nut dien om hulle weer na My te laat terugkeer. Die enigste vorms wat sonder lyne vir buiging bestaan op aarde, is lig en water. Daar is ook wind, maar dit dien as 'n krag en kwik dien as 'n vernietigende swaar metaal. Metale op sigself is met lyne geskape in hulle skeppingstoestand, so ook is visse vaartbelyn en met organe, dus nie 'nonbelynde voorkoms. Wat sal dit dus oor die wedergebore toestand uitlig? Die feit dat eenheid van vorm 'n hemelse waarde het en dus net aan alles in My Ryk toegeken kan word. Word daarom een met die waters in julle siel en gees, want dan sal die Lig deur julle kan begin stroom.Amein.

Lyne is dus die begin van vorms en daar is reeds uitgelig dat dit net aan dinge kan behoort wat tot My moet terugkeer. Die diensbaarheid is dus ook uitgelig om die vorm te help om tot My terug te keer. Nou wil Ek aanraak dat volume dus net bepaal kan word wanneer vorms aanwesig is. In die ewige is bestaan nie gekoppel aan tyd of volume nie. My krag werk deur alles en dit is oneindig, maar het 'n doel in elke taak. Volume en verantwoordelikheid kan ook in een begrip gebring word. Hoe meer volume daar is, hoe swaarder is die verantwoordelikheid om diensbaarheid en bekering. Wees daarom lig in volume om maklik buigbaar en diensbaar te wees, sodat bekering nie 'n swaar pad vir die siel inhou nie. Amein.

Hoe gaan al hierdie leermateriaal vir die kind aangebied word, aangesien dit op 'n baie hoë begripsvlak staan ten opsigte van die ontwikkelende siel. Ek sal hierdie hoofstuk gebruik om dit aan die kind te kan weergee.

Tydens die vierde lewensjaar met die bestudering van kleur, kan daar aandag gegee word aan die nut van die kleur tesame met volumes waarin dit voorkom. Hoe swaarder die kleur is, hoe swaarder sal die volume van die geskape item wees. Tref daarom verwantskappe en ooreenkomste met waar kleure en groottes tuishoort, sodat daar 'n ware begrip tussen die grootte van die kleur in die samelewing met die diensbaarheid van dieselfde kleur voorkom. Hier het die teenpool ingegryp en alle kleure se waarde vertroebel deur dit aan foutiewe dinge toe te skryf. Helder kleure is vir fyn versierings in die natuur gebruik en dowwe kleure vir die swaarder, groter volumes. In die hedendaagse bestaan, word die helderste kleure vir verkeerde doeleindes aange- wend en daarom is die siele ydel en eiewys. Nederigheid is baie ver van die hedendaagse mens, omdat elke sintuiglike

waarneming sonder hemelse ordes en waardes is. Ek wil hê dat die ware begrip van die vleeslike bestaan in alle vorms vir My kinders herstel moet word. Gebruik daarom die regte kleure vir materiale in My Kinders se klaskamers en omgewings. Ek sal dit met goeie geestelike gevolge vir die hele gemeenskap seën. Amein.

Tydens die vyfde jaar het die kind met eksperimentering van spasies en vorms te doen gekry deur met beelde van lewende dinge te begin speel. Hierdie les moet met vele kuier-besprekings gepaard gaan om die kind 'n sin te gee in waar die lewende dinge hulself bevind op aarde en waar hulle beskut sal word ten tye van rus, kleintjies versorg of gevare. Dit sal baie uitlig oor die vlak van die siel in die lewende organisme. My sorg vir elke plant of dier is van groot belang in die voortbestaan daarvan in 'n enkele lewe, maar Ek het ook 'n groter doel met noodlottige gebeure vir elke lewende organisme, aangesien dit die vorderingstyd van die siele daarin versnel. Moet dus nie treur oor die heengaan van 'n troeteldier of oor die heengaan van 'n plantjie waarvoor jy probeer sorg het nie. Dit het 'n positiewe siele-ontwikkeling tot gevolg en jou sorg vir die plant of dier het daartoe bygedra. Die besluit om die lewe van iets te beëindig, moet egter voor My gebring word en uitgevoer word soos wat Ek dit vra. Amein.

In die sesde lewensjaar van 'n kind, het alle vorms name in abstrakte vorm, maar werk ook met dimensie, sodat die kind kan leer hoe dinge inmekaarpas en waaruit dinge bestaan. Die volheid van die vorm-begrip, sal aan die kind die doel van vorms toon, sodat dit nie net meer lyne is nie, maar 'n tasbare volume. Ooreenkomste met vorms in die dinge rondom hulle is so noodsaaklik dat daar ook modelle van die omgewing gebou kan word om die vorms te kategoriseer.

Hierdie hele proses baat die siel sodat dit My skeppings volgordes kan leer begryp en naboots. Net soos wat Ek skep en lewe gee, moet die kind leer skep en My seën daaroor vra. Amein.

Die sewende jaar is vir die kind 'n kragtige jaar in die stel van vrae en die bymekaarbring van spel en verantwoordelikheid, daarom moet die kind die vorms nie meer as apart van sy bestaan beleef nie, maar deel van sy take en ontwikkeling. Vergelyk daarom die sfeer met waterdruppels en eenheid, net so is alles op die aarde deel van die aarde, solank dit op die aarde is. Dui nou aan dat soos 'n ui lae het, die liggaam ook lae het en dat die sigbare hier bly, maar die reuk van die ui wat oë laat traan, styg op (gaan na 'n hoër bestemming) sodra die liggaam sterf en Ek My Krag daaruit onttrek. So kan na vele lewensmiddele gekyk word om die kind te toon wat aards en hemels is en hoe vorm die hemelse help omvat om diens te doen op die aarde. Selfs smaak speel hier 'n rol, want wanneer die voedsel reeds ingesluk is, sal die smaak daarvan nog in die mond agterbly. Dit is 'n teken van 'n hoër waarde of komplekse samestellings, meer as net 'n vorm met lyne. Dit dien 'n doel in die gebruik daarvan. Amein.

Eksperimentering met stowwe, voedsel en samestellings kan vir die volgende paar jaar deel uitmaak van die leer-materiaal, maar altyd met My as beginsel en die soeke na die siele se waarde daarin. Legkaarte soos julle dit ken, is nie van soveel nut in die siele-ontwikkeling nie. Bou-eenhede waar meer dimensie aan lewende dinge toegevoeg word, sal 'n groter nut hê vir die kind se begrip van skeppings en ewigheidswaarde. Moenie oppervlakkige beelde gebruik in die opvoedingstaak nie, want dit vermors kosbare tyd om My te vind in elke dag. Gebruik materiale wat die kind se siel laat vrae stel en nie net die brein-vermoëns voed nie. Ek wil

betrokke wees en die gesprekke lei.

Wanneer die funksies van lewende dinge begryp word, kan die vorms oorgaan na mensgemaakte voorwerpe, sodat die mens se skeppende vermoëns daarmee ondersoek kan word. Die mens se materiale is hoofsaaklik in staat tot hoekige ontwerpe en harde lyne. Sagtheid wat deur die mens se hand ontstaan, het nooit so 'n buigbare, diensbare vermoë om as nederig beskryf te kan word nie. Die hardheid van die aarde is altyd te ken in 'n mens se skeppende vermoë. Soek daarom saam met die kind die teksture in vorms, sodat My Grootsheid daardeur erkenning kry. Amein.

Hierdie voltooi die les oor vorms, want in die Hemelse Ryke het vorm nie so 'n groot doel soos op hierdie aarde nie. Vorms is dus 'n eindigende skepping en dit wat daarbinne is, moet ewig ontwikkel. Toon dit deurgaans aan My kleintjies, sodat hulle dit voor oë hou in al die keuses wat voor hulle gelê word. Elke behaaglike item op hierdie aarde kom in 'n vorm voor en net My Hemelse voeding en seën is vormloos vir die aarde en dus 'onsigbaar'. Nee, My kinders, dit is die volheid waarna julle verlang, die inhoud, die voeding en die Krag. Leer My kindertjies om te vra vir Krag in elke taak en dag en daaruit sal die vermoë spruit om met My Skeppende Krag een te word. Amein.

# HOOFSTUK 4

## Lewe

Redding is nodig vir alle lewe op aarde, want die lewe waaruit julle krag put, het die dood tot gevolg, soos wat mot en roes alles laat vergaan. Hoe kon 'n God dit bedink en in die 'lewe' roep? So vra menige kind buite My Liefdesorde. Indien die kinders nou gehelp word om My Liefde te verstaan deur lewe in alles te ondersoek en My vir die ewige nut daarvan te vra, sal hierdie onsinnige gedagte van die Kinders van My Liefde wyk. Ek het niks geskape om soos 'n papier na 'n enkele gebruik te vergaan nie. Die woorde wat op die papier van My Skepping geskryf word, gaan saam met daardie siel na elke volgende geestelike vlak. Hierdie is die lering wat nodig is vir My kindertjies om waarde tot hulle dade en denke toe te voeg. Hierdie wêreld vra: wat het jy in jou lewe vir die wêreld beteken of gedoen? Ek vra: wat het jy in jou aardse bestaan tot jou ewige bestaan toegevoeg? Het dit nut gehad vir My om jou na hierdie aarde te stuur om soveel tot jou beskikking te hê om ewig te ontwikkel? Wees daarom ingestel op ewige prestasies en nie die aardse prestasies in die klaskamers van My kindertjies nie. Help hulle daagliks om te verstaan en te dien in die plek van te onthou en te bewys. Niks hoef bewys te word as daar na die LEWE gekyk word nie. 'n Baba bewys nie dat hy asem haal en jou nodig het nie, dit is bloot die lewe. 'n Dier bewys nie dat dit in die omgewing is en skade gaan verrig nie, dit is die lewe. Die wind bewys nie dat dit 'n sekere seisoen is en dat dit sy werk goed doen nie. Dit is die lewe.

Neem daarom die prestasie-bewyse uit My Kindertjies se leerskole en gee aan hulle die lewe terug. Dit beteken dat daar met vryheid moet leer uitgesien word na elke klas, elke

ondersoek, elke bespreking en elke taak. Dit moet in die groter prentjie vir hulle sin maak dat dit die lewe se behoeftes is waaraan antwoord gegee moet word. Dit beteken dat daar nie idees oor die toekoms se werkloosheid of nood geskets moet word nie, maar dat afhanklikheid, nederigheid en diensbaarheid teenoor My Sorg hulle moet leer dat Ek alles wat Ek geskape het liefhet en WIL onderhou. Dit is die lewe. Ek skep lewe en dit is geduldig. Leer die kind dat take gekoppel word aan sy eie vermoëns en nie aan voorgeskrewe prestasies vir 'n sekere ouderdom of skool nie. Help die kindjie om sy vermoëns te ontgin, op die maniere wat Ek in hierdie boek aan julle uitlê, sodat die kind groot treë op hierdie aarde neem vir sy ewige bestaan. Amein.

Die ondersoek van die lewe kan begin deur na die hande te kyk. Die wil om te beweeg, die verskeidenheid take wat verrig kan word daardeur, die sagtheid van vlees, die kern wat sterk bene nodig het, die naels as praktiese versiering, dit alles is 'n deeglike studie van die lewe. Die vinger-afdruk, handafdruk en kullende skadu-beelde wat met hande gemaak word is alles deel van eienskappe van die lewe. Help die kind om dit te vergelyk met dinge wat werklik om hom gebeur. Leer dan die kind dat die hand versorging nodig het en opreg gebruik moet word. Niks mag My oneer aandoen nie. Leer die kind dat alles met 'n keuse voor-af gaan. Die hande sal doen en dien soos wat gekies word om te dien. Die hande sal lyk soos wat die persoon kies om sy tyd te spandeer. Kies tyd saam met My in My dade van Liefde. Amein.

Die volgende studie sal die kind help om My te vind buite homself. Ontdek die lewenskrag in 'n saadjie deur ontkieming te bestudeer. Ondersoek die nood van die

saadjie in die ontkiemingsproses en die kwesbaarheid daarvan deur weers-omstandighede. Laat saadjies in verskil-lende toestande gelyk ontkiem en beskou die gevolg daarvan in gesprekke. Dit sal die kind help om verantwoor-delikheid en voor-uit beplanning te oordink, sodat hy as versorger in My plek op hierdie aarde kan dien. Leer deur hierdie ondersoek die kind wat dit beteken om te heers met My, soos wat Ek aan Adam opgedra het. 'n Verdere les hierin sal die ondersoek van volgroeide plante en hulle habitatte wees. Net sekere plante is geskik om in kleiner tuine te dien en selfs dan sal die heerser se sorg aangedui word deur die voorkoms van die plant. Sommige tuine word net aan sy eie lot oorgelaat en daar sal plante mekaar maklik verdring en selfs doodgaan. Sommige tuine word te veel gedruk in 'n vorm in en daar sal oormatige betrokkenheid van die heerser 'n willose toestand verbeeld. Leer My kleintjies dat Ek aan elkeen sy eie lewenskrag gun en net ingryp indien 'n naaste bedreig word daardeur en dit die siel daardeur sal baat. Indien 'n plant egter nie goed wil aard in die omstandighede waarin ek dit geplaas het nie, sal dit beter wees om dit te verwyder. Al hierdie waardevolle lesse oor waar en waarom lewe toegeken word en hoe om te beplan, lei en te rig, sal My kindertjies inlei in hemelse wyshede oor hulle siele en help om waardige leiers te wees vir My kinders. Amein.

Die sorg vir 'n troeteldier is reeds genoem en dra by tot die eenheid met My Wese deur die kind se besef in die energie wat gepaard gaan met lewe. Lewe kan nie gekeer word of verander word nie, net gelei word en beëindig word. Dit is My taak om dit vir elke lewende wese te doen en so wil ek My kindertjies leer om dit ander toe te laat en in vreugde te seën deur die liefde en toewyding van 'n troeteldier te leer verstaan. Ware vriendskappe kan daarmee belig word, deur

waardes in die verhouding tussen kind en troeteldier te bespreek en die kind kans te gee om sy waardering of gevoel daaroor te verwoord. Die belangrikste les in die lewensaspek vir kinders is om te leer om nie voorskriftelik of agter-af te wees nie. Dit bring negatiewe gevolge vir al die betrokke siele. Slegs openlike vertroue en liefde sal alle verhoudings baat en help groei nader aan My. Amein.

Die lewe bestaan in alle vlakke van die omgewing rondom die kind, hetsy die tuiste, die klaskamer, die natuur en water oral om. Die kind se besef van lewe sal met alles groei in volwassenheid en dit is die taak van die opvoeder om in al die vrae bystand te bied om denke en liefde na My te wend. Maak die lewe 'n werklike konsep deur 'n afdeling in die klaskamer in te ruim waar al hierdie lewende dinge daagliks aandag geniet. Die lewe van plante, diere, mense en die weer is 'n eenheid. Dit benodig die waarneming, betrokkenheid en sorg van die mens om sy lewensruimte in liefde te geniet. Daar moet beplan word hoe om prakties aan te trek, sodat diens vir die dag met toewyding kan geskied. Daar moet besluit word hoeveel kos en water is vir verskeie lewende dinge in die omgewing nodig om gelukkig te kan groei en gee. Daar moet diensbaar gevra word wat die mense se behoeftes is om hulle take te verlig en My Lig so in die omgewing te vergroot. Leer My kindertjies om Lig te bring onder al die lewe om hulle op hierdie manier. Leer hulle die vreugde daarin om dit daagliks te doen en help hulle om opruiming na take se waarde in die lang duur te beleef. Lig so die ordelike denke en vrede wat daarmee gepaard gaan uit. Amein.

Ek is in alles wat lewe, maar ook die krag wat alles in stand hou. Sonder My sou 'n klip nie sy vorm kon behou nie en grond nie op die aarde kon bly nie. Alles van die aarde vorm

‘n eenheid met die aarde, omdat Ek dit so wil en die krag is wat dit aanmekaar hou. Ondersoek die omgewing saam met die kind en bespreek natuurkragte en verskynsels as gevolge van aardse omwentelinge. Dinge wat op een plek nie reg is nie, veroorsaak ‘n reaksie op ‘n ander plek en so gebeur dit ook in die siel. Siektes is die oorsaak van sekere dinge wat nie binne die regte orde gebeur het op ander plekke in die liggaam nie. Ek wil die orde wees in alle lewe, maar kan dit net wees as Ek daarom gevra word en toegelaat word binne die siel se lewensfeer. Wanneer daar deur gebed en vertroue na My gekeer word, kan Ek liggame, kragte en omgewings seën met vrede en groei. Help daarom mekaar om My as versorger aan te roep en bid om Wysheid in hoe die omgewing bestuur moet word en node aangevul moet word. Amein.

Die kind moet leer dat alle persone in die gemeenskap ‘n ewe groot taak in die sorg van die omgewing het deur gebed en vertroue en moet daarom teenwoordig wees tydens sulke gebede. Die verantwoordelikhede van die omgewing moet ook as ‘n tipe tabel of werkskaart aan die kind sigbaar gemaak word, sodat die orde en roetine en dus geduldige verantwoordelikheid van die inwoners ‘n sigbare beeld in die kind se gedagtewêreld bring. So kan die kind leer uitsien na My Groeiseisoene en die waarde van Oesseisoene begryp. Al die take in die voedsel voorsiening van die gemeenskap moet in ‘n geestelike sin aan die kind oorgedra word deur dit te vergelyk met fases van sy geestelike ontwikkeling. Die kringloop daarvan kan verduidelik word, as ‘n hoër vlak in die siel wat homself elke keer ontvou. Net soos wat die vordering elke jaar korter voel as in vorige, onervare jare, kan daar na die ewige gekyk word om te besef dat vreugde en vrede ‘n ‘ewige’ bestaan na ‘n oogwink laat lyk. Bespreek tyd en lewe in daardie verband, waar

goeie seisoene tyd nutteloos laat voorkom, omdat daar oorgenoeg van alles is, maar slegte seisoene maak dat nood noodlottige gevolge kan meebring, omdat alles vir te lang tye sonder sorg gelaat is. Ek wil nie die swaarkry aan My kinders sien nie, Ek wil graag die ewige seën oor hulle uitroep, maar dit is teen die orde van hierdie bestaan om net in seën te lewe. Alle siele hier moet gedwing word tot hoër ontwikkeling en moeisame groei en daarom moet die moeilike omstandighede die siele help om My Krag te vra in tye van nood. Net daardeur sal hulle My toelaat om hulle te laat groei in dankbaarheid. My Krag toon aan die siel sy eie magteloosheid, onvolmaaktheid en nederigheid teenoor My Grootsheid. Ek laat dit egter nie oor 'n lewe toe met 'n septer en swaard nie, maar met geduldige gevolge om die siel te laat besef dat hy My moet soek met groter erns. Amein.

Hierdie is voldoende lesse oor die lewe op die vlak van 'n kind. Ek wil dat die opvoeders ruim verwysings bymekaarvoeg in die onderrigsituasie om die kind die mooi en lewenskrag van die lewe te laat begryp. Die negatiewe lesse is nodig as terloopse verwysings, maar die gemoed van die kind moenie te veel tyd aan slegte gevolge spandeer nie. Eerder moet die vrye ontwikkeling van die kind soos 'n lente-seisoen in die planteryk beskou word, waar baie water en sonlig en genoeg ruimte nodig is om die kind te laat groei soos wat die lewenskrag in die kind dit toelaat. Amein.

Ek seën hierdie kennis in die Kinders van My Liefde, sodat daar meer werk as lewende siele in My Ryk verrig kan word tydens hierdie laaste tye op aarde. My Kinders het nodig om mekaar te vind as Ligsirkels en daarmee vrede te vind in hulle bestaansdoel op aarde. Amein.

# HOOFSTUK 5

## Die Mens

My klein kindertjies het nog geen besef van hulle rol in die heelal nie. Die wêreld bestaan vir hulle uit alles en almal wat hulle om hulle beskou in kinderlike vertroue. Dit is julle taak as opvoeders om 'n goeie voorbeeld te wees van Die Mens voor hulle, dus om al My eienskappe in julle te koester en te vervolmaak om hulle sodoende te help om 'n riglyn te vind in die ontdek en vorming van hulleself. Amein.

Hoe die taak aangepak moet word, is reeds breedvoerig beskryf in die vorige hoofstukke, maar hier wil Ek weer meer Lig werp om die siel in die mens. Die aarde het genoeg riglyne oor die versorging en inligting oor die samestelling van die mens se liggaam, maar Ek wil julle toelig oor die ware werking van die mens se siel om nader aan My te groei. Amein.

Eerstens is die mens se omhulsel My Skepping wat waardeer en versorg moet word binne My riglyne, sodat daar 'n vlekkelose eenheid tussen My Lig en die uiterlike van die mens kan vorm. Dit wil sê die mens se omhulsel moet My werke doen met sagmoedigheid en ywer, sodat dit voorkom asof dit Ek is wat die werke doen. Hierdie sal die mens se uiterlike suiwer van vlekke en vreemde dinge voor My. Sodra die mens se uiterlike gesuiwer is en daar daagliks gewerk word aan die nuwe kleed van Lig voor My, kan die suiwering na die dieper vlak, naamlik die menslike siel gaan, waar ingewande se werking en die wil om dinge te doen vandaan kom. Dit is die vlak waar gesondheid of siektes ontvou, waar die siel opreg leer wees en swakhede wat na My teenpool neig koester of oorwin. Hierdie vlak het

versorging nodig deur My te vra vir suiwering en seën op elke dag se weë. Dit vereis dat die eienaar van die siel wakker is om enige negatiewe neiging of las gou aan te spreek en uit die weg te ruim. Dit is maklik om dit vir 'n kind te leer, deur dadelik verantwoording te bewerk vir konflik, slegte samewerking en verkeerde optredes. Hou dit aan die kind voor as 'n reël om dit altyd dadelik met die teenparty op te los of versoening daarvoor te doen teenoor My en die verontregte. Ek wil hê dat daar altyd en met sekerheid beskerming en 'n sterk vloei van energie in My kindertjies moet wees van My af en daarom is die oop hart 'n voorvereiste. Die hart se deur is die siel se begeerte en neigings. Indien die siel so 'n oop verhouding met ander en My handhaaf, sal dit die hart uitnodigend en ontvanklik maak vir My lering, teenwoordigheid en skoling om dit te help volwasse word in My Ryk. Ek wil dat elke siel volwasse word in My Ryk, omdat dit eenheid met My Wil beteken en dus 'n vergroting van My Skeppende en Versorgende Krag in die heelal. Amein.

Die koestering van ander siele maak die mens nog meer een met My, omdat dit die siel leer van die verskillende aspekte van My Wese wat telkens sterker is op 'n ander manier in ander as in die self. Indien die siel die Liefde vir ander ontdek en voed deur dade van omgee, diens en bemoediging, sal My Krag in die mens ontwikkel tot 'n diensbare gawe om die wil lewend te maak in die mens. Elke mens het 'n nut as Hemelse Versorger en selfs in daardie begrip is oneindige vorme van diens omvat. Ek wil My nuwe geslag in die lewe roep wat soos engele reeds op aarde hul take wil opneem, maar kan dit net bekragtig as die harte van daardie geslag suiwer geword het om nie bevooroordeeld teenoor ander te staan nie. Al is die ander nie op dieselfde ontwikkelingsvlak as die self nie, is dit nodig vir die siel om die

ander as eenhede van My Wese te beskou. Die opnamehouers is nie altyd ewe groot nie, maar soos wat reeds vermeld is, is volume ten opsigte van krag iets wat aan hierdie aarde behoort. Amein.

Gebruik die volgende lesse om hierdie begrippe aan My kindertjies tuis te bring:

Neem ‘n staf en deel dit in gelyke eenhede. Noem aan My kindertjies dat die eenhede elkeen ewe belangrik is vir die staf om ‘n sekere lengte te wees. Plaas die staf op ‘n balanspunt sodat die kindertjies kan leer dat die middelpunt van die staf die balans sal vorm. Skuif die staf rond op die punt en toon aan dat indien die staf nie presies in die middel vasgehou word nie, die balans onmoontlik te vind is om dit in ‘n horisontale posisie te hou. Verduidelik vir hulle dat indien een van die eenhede wat daarop gemerk is, weggeneem sou word, die balans ‘n nuwe middelpunt moes neem en die ou middelpunt nie meer bruikbaar sou wees nie.

Net soos wat hierdie staf uit dele bestaan, bestaan hulle menslike liggaam ook uit dele. Dit is die waters in hulle siele, die waters in hulle vlees, die waters in hulle harte en My water as Krag. Indien een van hierdie dele weggeneem word, wat in die meeste van die gevalle die water van My Krag is, sal die middelpunt wat Ek vir die siel bedoel het ‘n nuwe plek moet inneem, die siel kleiner wees as wat dit bestem is en Ek dit vir minder dinge kan gebruik. Gebreke veroorsaak ook hierdie gevolg, maar indien die persoon dan My bid om Krag om deur die gebrek sy volwaardige diens aan My te doen, sal My Krag daardie te kort deel van die staf aanvul om dit ‘n

onbenullige probleem te maak. Die wil van die mens sal die waters bepaal en daarom moet My kindertjies van kleins af getoon word hoe die wil die volwaardige mens beïnvloed. Ek wil die Wil wees, maar sal geen siel dwing om dit aan My te gee nie. As My Wil die wil van die siel word, is die middelpunt in hemelse balans vir die siel en soos wat dit bestem is om te wees. Amein.

Die volgende les is met behulp van dieselfde staf in 'n vertikale posisie. Indien hierdie staf nou in My Hand is, veroorsaak dit geen ekstra uitputting en moeite om dit te gebruik terwyl Ek beweeg nie. Dit is presies die lengte wat Ek benodig om My taak van beweging en ondersteuning uit te voer. Die verkorte staf sou My baie moeite besorg het, totdat dit so 'n uitputting raak om vas te hou dat Ek dit eerder neergesit het of 'n ander gesoek het om My taak mee reg uit te voer. Leer daarom My kindertjies dat Ek nodig het dat hulle die staf moet wees wat Ek hulle gemaak het om te wees, sodat Ek My take volmaak deur hulle kan uitvoer. Elke staf het 'n doel en diens om te verrig in My plan en indien die staf nie diensbaar is soos wat Ek benodig nie, moet Ek dit vervang met een wat My van nut kan wees in My taak. Amein.

Dit bring die kind by die vraag of Ek dan die staf sal vernietig? Nee, My kindertjies, nooit sal Ek die staf vernietig nie. Daar is 'n groot verskil tussen diensbaar vir 'n doel en nutteloos. Ek wil hê dat die nut gekoppel moet word aan 'n taak en omdat 'n staf nie nuttig is vir een taak nie, beteken nie dat dit geen nut het nie. Dit beteken dat dit sy beurt moet

afwag totdat daar ‘n taak is waarvoor dit dan nuttig sal wees. Die nut gaan gepaard met die gewilligheid. Tot die staf dan nie gewillig is om ‘n diens te verrig nie, sal daar ook nie ‘n nut vir die staf wees nie. Elke taak waarna verwys word is iets wat My sal verhoog onder die mense op aarde. Die verantwoordelikhede om hulle siele te wen om in My te wil groei, tesame met die verantwoordelikheid om hulle te versorg met voeding en seën in die vorm van gawes wat uit My vloei, is alles take waarvoor ‘n siel tot nut kan wees. Amein.

Ek wil ook dat My kindertjies na hierdie staf kyk van alle kante en sien dat dit ‘n omhulsel en ‘n kern het. ‘n Hol staf sal nie sterk genoeg wees om as staf te dien nie. Stawwe het soliede materiaal nodig. Hierdie kern is die mate van volmaaktheid wat die siel homself toelaat om te bereik. As die wil om diensbaar te wees en homself tot My te wend aanwesig is, sal die voorgee van ‘n hol staf wyk en die staf stuk vir stuk gevul word met krag om die diens te doen. Ek wil dat My Krag die siel totaal vul om ‘n betroubare werktuig vir My te wees. Amein.

Hierdie laaste les is van belang vir die ontwikkelde kind, wat reeds verstaan hoe en waarom die staf gebruik word. Neem nou die staf in die hand en beskou dit van alle kante. Elke deel van die staf is soortgelyk aan die volgende, tog het elke deel ‘n doel in die diens van die staf. Net so is elke deel van die mens ‘n deel op sy eie, maar een met die hele staf en belangrik in die doel van die staf. Hierdie dele is een en tog nie. Wanneer ons na die merke kyk, word dit afsonderlike dele, maar wanneer ons na die staf kyk,

> is daar geen laste nie. Soos wat hierdie eenhede inmekaargevloei het, wil Ek hê dat die mens se dele voor My 'n eenheid moet word. Ek is genoem in daardie dele, sodat dit saam met die res as 'n Eenheid sal dien. Dan sal die staf 'n volmaakte staf voor My wees, wat sterk genoeg is om My te help in My take. Sonder laste sal daardie staf 'n ewigheid se diens kan verrig. Amein.

Hierdie les oor die mens se wese sal vir My kindertjies stof tot nadenke wees in elke jaar se groei. Dink dus daaroor na dat elke vraag van My kindertjies 'n ewige antwoord van julle kant af sal kry. Moenie vrae wegwys vir later nie en moenie vrae afjak nie. Antwoord die vrae soos wat die siel My Water vra, dat die siel op die kwesbare oomblik sy groei kan beleef waartoe dit aangespoor word. Amein.

Ek wil 'n verdere aspek van die mens noem en bespreek hiermee. Die samestelling van die liggaam as voorbeeld van die diens wat die liggaam moet doen in die ewige.

Eerste kom die voete aan die beurt, wat daagliks gewas moet word om suiwer treë en sterk beweging te verseker. Hier is al vele oor gesê onder My kinders en Ek wil dit weereens bevestig. Die voete van die siel is die nederige self wat gesuiwer en gewillig voor My moet staan. Die bene van die mens is die wil om die self tot nuwe werke te bring of om diens te doen. Die lendene is die suiwerheid van bedoeling in die handeling, sodat Ek dit kan seën met My Krag of nie. Die ingewande van die mens is die verwerking van die handeling, dat dit 'n vloeiende proses is of ongesonde 'vertering' tot gevolg het. Die skouers en rug vorm die raamwerk van die beweging en moet sterk en fier saamwerk om kragtig te beweeg. Dit verbeeld die sin en begrip van beweging uit My. Die nek is die balanspunt van

die hoof en ook belangrik om die stem te dra. Hierdie waarde in My is een van getrouheid. Die diens wat gedoen word, sowel as enige spraak moet My eer en daarom is getrouheid baie belangrik. Die hoof is die volheid van die mens se wil as individu en daarom is dit nodig om suiwer en helder te wees. Enige vertroebeling of onwilligheid, sal die daad of beweging belemmer en skaad. Maak hierdie les verstaanbaar vir My kleintjies deur na die liggaamsdele op 'n kaart te verwys en dit te bespreek in eie optredes wanneer daar opdragte uitgedeel word.

Dit alles dui op die ewige eenheid van die mens met My en indien elke liggaamsdeel geheilig word aan My Wil, sal Ek dit verenig met die ewige Krag in hulle (Myself) om daaruit te handel en oor te gaan in die suiwere wedergebore toestand. Amein.

Hoe moet die liggaamsdele dan afsonderlik geheilig word? Deur te kyk na waaraan dit koppel in die siel, sal daar 'n duidelike riglyn vir die self wees om die liggaamsdeel tot eenheid met My te bring. Ek wil dat elkeen wat hier lees hulleself denkbeeldig ondersoek van kop tot tone om die sterkte van die oorgawe aan My Wil te ondervra. Indien daar enige twyfel bestaan of die liggaamsdeel se sielefunksie My Wil uitleef, moet daar dadelik aandag aan geskenk word deur My te vra om daarmee te help en dit te suiwer. So word die hartsdeur vir My uitnodigend en kan Ek die waarde van die liggaamsdeel met die hart verenig. Amein.

Hierdie lesse oor die liggaam, siel en hart van die mens wat in 'n diensbare eenheid saam met My Krag hierdie aardse weg moet bewandel is die hoeksteen van elke lering wat aan 'n kind gegee moet word. Daarom het Ek die leerstof van My geslag kinders in My Hand geneem om dit vir julle moontlik en begryplik te maak. Amein.

Ek wil dat julle dadelik daarop begin fokus, want tyd het reeds oorgegaan in ‘n nuwe orde voor My en Ek Wil deel wees daarvan vir julle. Ons het groot werk op hierdie aarde en Ek het al My engele nodig om gereed te wees om My Kinders se harte na My te laat terugkeer en so totale ondergang van Myne te verhoed. Amein.

Julle as mense, die kroon van My Skepping, sal binnekort die tipe seëninge wat Ek vir die mensdom bedoel het begin beleef, wanneer julle toegewyde+ werksaamheid en wil een word met Myne. Amein.

Dit is die Liefde waarmee Ek hierdie Bybel wil vul – die aanbod om julle in My Ligkring van Liefde in die ewige te verwelkom en op te neem as werktuie in die onmeetbare tye wat voorlê, sodat julle weer julle eersgeskape verantwoordelikhede en rolle kan uitleef en Lig so ‘n werklikheid raak vir almal op aarde. Amein.

Groot is die genesingskrag in hierdie werk, indien die siele aan wie Ek dit bied dit opdrink en met hulle wese een maak, sodat Ek suiwer in hulle gestalte kan vorm aanneem. So sal elkeen My ken by die Naam as Man en nie meer kneg nie. Amein.

# HOOFSTUK 6

## 'n Familie

Hiermee wil Ek julle begrip verbreed oor wat 'n familie vir My beteken. Ek het reeds verduidelik dat 'n familie se siele gekies en bymekaar gevoeg is vir die rede van sielsontwikkeling met die korrekte ondersteuning. Hoekom is dit dan dat sommige siele verworpe en soos 'die swart skaap' voel tussen die ander in die familie. Alles gaan oor lewenskeuses, ja, maar tog is daar 'n onderliggende faktor waaraan nie gereeld gedink word nie. Die samestelling van elke siel begin deur die betrokkenheid van My by verwekking, maar dit gaan ook veel dieper. So vêr terug soos die val van Lucifer. Daar het elke siel 'n sekere plek in sy skepping beklee en omdat daardie versoening deur hierdie lewe op aarde gedoen moet word, moet Ek daardie siele ook in die oorspronklike verwantskap verneder en saamvoeg om weer een te word, soos dit aanvanklik bedoel was. Die siele wat nie in 'n familie pas nie na die afvallige kant, was duidelik die siele wat die ander gelei het in hulle dwase optrede en moet nou met Liefde weer gewen word vir My. Die siele wat uitgewerp word as die oordrewe gelowiges en 'engeltjies wat guns by ander probeer wen' was wel die siele wat saamgetrek was in die groot val, maar net as gevolg van verwantskap en nie eie wil nie. Ek wil al hierdie siele die kans gee om weer My Liefde te kies en daarmee een te word en daarom sal Ek die kans op 'n regverdige manier aanbied. Vind daarom vrede met die familie waarin jy jou bevind, want dit gaan baie verder terug as die etlike jare wat jy reeds op aarde spandeer het. Amein.

Hoe moet die taak van bekering dan aangepak word? Ek is in elke liggaam 'n stukkie krag, soos reeds verduidelik. Sodra

die mens homself reeds aan My Wil oorgegee het en Ek die instrument van skepping kan gebruik, soos wat hemels beplan en in die lewe geroep is, kan Ek met My Krag wat deur die persoon werk wel die ander familielede se guns en liefde vir My wen. Hierdie hemelse krag kring vêr verby die aardse bestaan uit, daarom is daar 'n ewige kans om weer My Skepping met mekaar in My te verenig. Hoe harder elke siel egter werk aan die krag in sy vermoë om homself en ander nader aan My te bring, hoe groter kring hierdie krag uit om siele uit ander families ook by te staan in hulle taak. Ek wil hê dat julle hierdie les op die volgende manier aan My klein kindertjies moet uitbeeld en aanbied:

Neem 'n waterplas en drup 'n druppel water daarin. Die kringe van inval, sal uitkring tot die watervlak weer glad is. Dit is die neerplaas van 'n siel in 'n familie. Daar is baie rimpels in die familie tot die siel een geword het met die massa en almal weer tevrede is met die nuwe eenheid. So raak My Gees wat in die nuwe siel is een met die gees wat onder die familie heers en raak dit 'n groter krag wat die familie tot hulle beskikking het om My tot diens te wees. Daarin lê die seën van vele nakomelinge. Dit kan egter net 'n seën wees as daar op My Krag in die familie gefokus word, anders raak die Krag skraler en kan die water selfs opdroog. Daar is dan geen seën of eenheid in die familie oor nie. Dit is vêr van My Wil. Erken en verhoog My Krag in julle watermassa, deur julle aan My op te dra en te heilig. Amein.

Die volgende les is deur 'n grasspriet te beskou, waaruit nuwe blare uit litte ontspring en opskiet om nuwe bossies gras te maak en wortel te skiet onder elke bossie. Hierdie gras is 'n voorbeeld van hoe 'n familie as deel van 'n eenheid, tog afsonderlik as nuwe plant kan vermeerder met die lewenskrag wat van die oorspronklike familie af deurvloei vir

’n oneindigende voortplantingsvermoë solank as wat daar water en grond as voeding bestaan. Ek is die Lewegewer van hierdie grasplant en elke familie het die geleentheid om soos die grasplant een te wees met die vorige dele van die plant, sowel as met My wat die goeie, voedende grond onder die plant voorstel om sodoende gesonde vooruitgang van die plant te verseker. Amein.

Die volgende beginsel is te vind in die son wat net bedags strale op die aardbodem gooi. So is elke familie wat met hulle teenwoordigheid ‘n goddelike uitstraling laat, maar wanneer die geleentheid verby is, sal die uitstraling ook nie meer te beleef wees nie. Tog wek die herinnering daarvan ‘n vooruitsig van opgewondenheid oor die volgende belewenis in mekaar se teenwoordigheid. Laat elke familie dus so ‘n voorstelling van My Lig en Liefde wees, dat die belewenis saam met mekaar ‘n blye, geseënde geleentheid is. Amein.

Die les oor die ewige sielseenheid tussen familielede is ‘n heelwat moeiliker les en daarom vir ‘n ouer kind bedoel (rondom nege-jarige ouderdom). Hier sal dit gepas wees om na My aardse lewe te verwys waar Ek neergedaal het as ‘n kind tussen mense wat baie suiwer van hart en werke was. Nie een van hulle het ‘n kind in gedagte gehad nie, want hulle toewyding aan My Wil was so sterk dat hulle mekaar se belange die hoogste geag het, wat hier veiligheid en versorging beteken het. So ‘n toewyding vra Ek onder My kinders as families. Dit is die hoogste eer vir ‘n familie as daar niemand in die familie swaar kry en van nood ondergaan nie, want dan het almal mekaar se belange op die hart gedra.

Hierdie familie wat My ontvang het, het egter na die eerste ontnugtering van ‘n nuweling om voor te sorg, hulle uiterste bes gedoen om die nuweling ook te omvou met beskerming

en sorg. Liefde het glad nie by hulle ontbreek nie, hoewel hulle nie werklik begryp het, Wie aan hulle toevertrou was nie. Ek het daardie ouerpaar vir My aardse bestaan gekies, omdat hulle ware knegte van My was in die tyd voor die aardse skepping, een met My Wese en dus maklik te heilig in hierdie aardse bestaan. Die deurtog van die aardse pad, soos wat die Israeliete deur die geopende waters die land Kanaän moes inbeweeg, is presies wat hierdie paar moes deurgaan om hulle Liefde met My te verenig. Geloof, vertroue, heilige verseëling en vernederende laagtes is die weg vir 'n ware Kind van My om die beloofde Kanaän te mag beërf. Amein.

Indien hierdie les voorgehou word met die verduideliking dat laer siele ook die omringende laer omstanders uit hulle vorige bestaan as familielede ontvang, sal daar beter begrip vir die opwaartse ontwikkeling en heilige doel van die aardse bestaan wees by die kind. Stel aards en laer geestesvlakke voor deur die materiële ydelheid wat slegte lewenswyses as uitgangspunt het. Stel die hemelse voor deur My aardse lewe wat nederig, sonder enige besit en gewyd aan die diens en seën van My naastes en volksgenote was. Dit is wat Ek van elke kind van My Liefde vra. Geen verwerping van die ander is aanvaarbaar voor My aangesig nie. Selfs nie eers totale verkeerde wandel regverdig verwerping in die familie nie. Gebed en sorg in die mate waarin die siel tot bekering aangespoor sal word, is uiters belangrik. Ek wil dat al My Kinders op hierdie aarde soos die lelies van die veld gevoed en geklee sal wees met sorg na liggaam en siel en sal daarom in elke familie iemand van sterk genoeg aard gee om die ander so te bedien, maar vra genoeg nederigheid van daardie persoon om die ander te aanvaar vir die krag wat hulle reeds ontgin het en in Liefde te help dra tot die hele familie weer soos water 'n groot eenheid voor My word. Selfs in die hiernamaals word voortgegaan met die wen van

siele wat mekaar ken en nie. Amein.

Ek wil ook dat My Kindertjies kyk na die herkoms van families uit vroeëre geslagte en hoe dit by mekaar aansluit in die huidige tyd as oorlewering vir hulle eie nageslagte. Maak daarom 'n voorstelling van 'n familieboom soos wat julle dit ken, maar wel van onder na bo en dui aan dat die boonste geslagte nader aan My sal kan lewe as hulle dit so kies, omdat hulle van die fyner siele van die boom is en hoër kan reik. Die krag van die boom bly egter eie aan sy soort en vloei voort van die oorsprong tot in alle sade wat weer nuwe bome sal bewerk. Hierdie boom is geanker in My Krag en kan slegs bly lewe indien My Krag gebruik word om dit te voed. Ek wil dat die bome uitspruit om meer en groter te word en nuwe, vars groeipunte mee te bring. Amein.

Hierdie bome se oorsprong is veel verder terug as die ontstaan van hierdie aarde. Elke siel wat deel vorm van die skepping wat nou as 'n boom voorgestel word, was voorheen deel van dieselfde groep, maar in 'n ander vorm van groei. Hierdie groei het My Krag geneem as middelpunt en uitgekring in al die kleure waaraan daar gedink kan word tot ''n blomvormige lewenspunt waaruit nuwe klanke en geure gespruit het. Elke blomvormige lewenspunt het unieke werke in stand gehou en samewerking tussen die sieledele het die skoonheid van die lewende organisme hoog gehou. Net soos wat daardie bestaan van die lewenspunt in een oomblik almal omvat het, is die bestaan van daardie lewenspunt nou 'n uitgerekte geleentheid oor baie jare met dieselfde sieledele as lewenspunt daarin. Apartgestelde lewens van ander volke is daarom gegee, sodat hierdie lewenspunte nie vertroebel sal word met die werke wat daaruit moes vloei nie. Elke volk en stam het sy eie werke voor My wat hom diensbaar maak vir 'n sekere doel. Amein.

Ek wil dat My kindertjies hierdie deel maak van hulle begripswêreld van vroeg af, om sodoende die nodige waardering en liefde vir elke familie se wese te ontwikkel. Blootstelling aan ander families is goed onder leiding van die ouers en opvoeders, maar 'n kind is nog nie gereed om ander families op hul eie te beleef en die belewenis gesond te verwerk nie. Hou dus die kindjie onder jou sorg tot op 'n laat ouderdom, voordat daar vryheid van saamwees as individue toegelaat word. Amein.

Ek heg hierdie eenheid weer saam op hierdie aarde om die diens wat Ek deur hulle bedoel het, weer 'n kans op lewe te gee en sodoende die volmaakte Eenheid van My Wese weer heel te maak. Indien die familie in geloof en liefde diensbaar word, sal hulle in die ewige tye wat voorlê weer 'n oorvloed van My krag beleef. Amein.

Die voorstelling van hierdie krag wat families besit kan geïllustreer word deur die ondersoek van 'n byekorf waarvan daar vele op aarde bestaan. Die versameling van die soet nektar is die enkelinge se pogings om krag bymekaar te maak op hulle eie in hierdie lewe. Die berging van die verwerkte nektar in die vorming van heuning is die uitleef van die krag wat hulle iewers gevind het en 'n nalatenskap daarmee bied. Die lê van eiers deur die koninginby, is My krag wat Ek aan die familie gee om weer nuwe bye (samewerkers) in die vooruitgang van die byekorf te ontvang. Geen selfsug onder hulle, maak dat die kolonie kan swerf en voortplant en 'n diens lewer waar hulle ook al gaan, onder instruksie van die koninginby. Elkeen doen sy deel en gee sy kragte tot voordeel van die hele kolonie se voortbestaan en tog is elke kolonie se taak uniek ten opsigte van die ligging en diens wat hulle in 'n gebied doen. Amein.

'n Verdere voorstelling van 'n familie se krag wat uit My

vloei is die bestudering van swaeltjies wat as ‘n groep migreer en so die voortbestaan van die families verseker, maar op hul eie onder My sorg lewe in ‘n gebied waar hulle heen gelei word. Elkeen dra ook sorg in die voortbestaan van hulle geslagte, maar is ‘n eenheid sonder om mekaar te benadeel. Amein.

Hierdie kennis van familie-werking wat die voortbestaan van die hele groep beïnvloed is uitermate belangrik in die tye waarin julle leef, aangesien satan hard werk daaraan om die familie-verwantskappe te skaad en op te breek. Indien hy slaag in sy doel, is daar geen krag wat bou op die vorige gawes om die skepping mee te laat vorder nie. Elke krag toestroming van My af is dan van korte duur om ‘n enkele ydel werk tot stand te kon bring en weer ‘n leemte te laat. Soek jou taak as deel van die eenheid van jou familie, want daarin lê geheimenisse opgesluit oor die werk wat die familie voor My moet verrig. Amein.

Hierdie kennis oor families moet op ‘n eenvoudige manier aan My kindertjies oorgedra word, sodat hulle waardering, liefde en toewyding ontwikkel om een te wees met almal om hulle in familie-verband. Selfs die ‘sondaars’ in families moet weer ingetrek word deur liefdesdade om van hulle verkeerde weë te bekeer. Net My Liefde as krag sal dit bewerk en daarom moet gebed die manier wees om dit te beredder. Moenie uit jou eie die ander partye nader nie. Gee dit aan My en bid My Krag en heling oor jou geliefdes, want dit is die lewende Krag wat die eenheid sal bewerk. Amein.

# HOOFSTUK 7

## ‘n Gemeenskap

Sorgsame handelinge in ‘n gemeenskap om die wees en weduwees en oues van dae en ouerlose kindertjies te versorg dra veel seën uit My Hand. Dit is egter nie die belangrikste tekorte wat raakgesien moet word nie. Gemeenskappe skeur uit mekaar as gevolg van hoogmoed en eiewysheid. Hulle dra die belange van stigtings en aansien van dade in die openbaar hoër in die hart as die versorging van hulle eie familie se siele. Gemeenskappe het ‘n groot tekort aan balans in die sin waarin Ek dit wil toelaat. Eerstens moet die stigtings laaste in aanmerking kom vir tyd en hulpbronne, tweedens moet die naastediens wat daardeur opgehemel word ware Water as Krag vind, deur eerstens families se tekorte aan te vul en daarna die gemeenskap se tekorte te vind en daaraan aandag te gee.

Indien ‘n familie byvoorbeeld in ‘n minderwaardige woning vertoef, kan die welgestelde persoon wat sy aandag aan die stigting se behoeftes wou opdra, eers na sy eie familie keer met minderwaardige lewensmiddele en daar, sonder aansien en verering sy verantwoordelikheid tot sorg en seën van die familie uitleef. As elkeen dit in Waarheid en Liefde doen, sal daar meer hande wees om gemeenskapstake vinniger en met minder ydelheid te volvoer. Amein.

‘n Gemeenskap het verder middele tot genot en diens in plek gestel om dit soos ‘n vloeiende masjien se werk te laat vlot. In die meeste gevalle is die nederigste persone die persone wat die meeste diens moet doen, sodat die belangrikste persone net die genotsure se aansien kan beleef. Dit is ’n ware nes waar onheil uitbroei. Die idees

waarom genot draai spruit nie uit My nie en dus is dit die eerste aanduiding van valse naastediens. Sodra die gemeenskap hulle na My wend, sal genot nie meer tyd en plek hê nie. Ware waardering van die natuur en My werke daarin, sal groter waarde vir die siele se genot bied en moet daarom eerder aandag kry in die beplanning van 'n seisoen se aktiwiteite. Ek wil dat landstreke meer aandag geniet in voorbereiding en ter beskikking stel van families se gebruik om My te vereer. Ek wil nie dat grense en selfsug, vernielsug en losbandigheid veroorsaak dat die kinders van My Liefde so min van My ware werke van Liefde aan hulle ken en beleef nie. Amein.

Hierdie les kan aan kinders uitgebeeld word deur besoe-deling van My mooi skepping met vreemde voorwerpe en dit dan te vergelyk met die besoedeling van 'n goeie gemeenskap as 'n lewende eenheid met vreemde gebruike, sodat die natuurlike vloei van krag en lewe daardeur belemmer word en verrotting, dood en stank oorbly, aangesien die orde waarin dinge moet gebeur versteur is. Amein.

Herstel die ordes deur tyd en versorging aan families te bied en sodoende ligter werk vir almal in die groot geheel te verseker. Indien almal kan saamwerk om die gemeenskap se natuurlike behoeftes te vervul, sal daar minder tyd vir ydelheid, afguns en onderdrukking wees. Amein.

Die volgende belangrike begrip rakende gemeenskappe is die hoogmoed wat draai na liefdelose optrede en verwerping. Indien gemeenskappe nie sekere 'wette' uitvaardig en streng toepassers is daarvan nie, maar alle inwoners net onder My Liefde se vergrootglas bekyk, sal daar nie soveel teenkanting onder mense vir mekaar bestaan nie, want almal sal mekaar herinner daaraan dat My

Liefde vergewe en dien. Dit trek mense nader aan mekaar. Ek wil nie dat elke stukkie krag wat van My uitgaan net gefokus word op die lewensduur van een gesin of persoon nie. Ek wil dat dit inmekaarvloei, soos 'n mat van grasspriete en 'n uitspansel van sterre wat 'n verhouding en orde teenoor die ander handhaaf. Elkeen gaan nie net sy eie gang nie, maar help die ander om 'n diens te doen deur self gehoorsaam te wees aan die orde waarin dit geskape is. Amein.

Hoe kan dit beredder word indien 'n gemeenskap soveel groeperings gemaak het om af te stam van die eenheid. Die hoogmoedsgees in gemeenskappe kan net gebreek word deur gebed. Een persoon se take en diens sal nooit as te nimmer die krag van die teenstander se hoogmoed wat goed gewortel is onder mense breek nie, maar gebed kan. Indien Ek so sterk aangeroep word om in al die betrokkenes se harte te werk, sal daar vernuwing en bekering plaasvind, al is dit as gevolg van 'n noodlottige gebeurtenis oor 'n gebied, dat almal mekaar weer kan vind in nederigheid. Laat nederige, opregte gebed dus deel uitmaak van My kindertjies se gebede onder mekaar. Laat hulle verstaan hoe belangrik dit is om daagliks vir ander te bid om My as 'n diensbare eenheid te nader. Amein.

Wat het hierdie te doen met die ewige sieleheil, aangesien Ek reeds genoem het dat wat een persoon vir die mensdom tydens sy aardse lewe gedoen het, geen nut het ten opsigte van wat hy vir sy eie sieleheil bereik het in sy aardse lewe nie? Ek wil dat die diens in gebed gesien word as bekroningswaardig vir 'n siel se ewige bestaan. Indien die siel leer hoe en waaroor om vir ander te bid, sal hy binnekort besef dat gebede vir siele 'n eindelose en vry taak is wat oor grense van tyd en afstand tot uitvoer gebring kan

word. Die gawe om met krag te bid vir ander in die ewigheid, bepaal ‘n siel se diensbare vermoëns in My ewige ordes. Dit is tog nie moontlik om ‘n siel te nader om haar van hulp te wees, as daar nie geglo word dat die siel gehelp kan word nie. Deur die beoefening van gebed, ontwikkel die geloof dus om ander te help en daaruit vloei die krag om dit te vermag. Dit is ‘n logiese wiskundige gevolg tot krag wat bestaan en gebruik moet word. Amein.

Neem daarom die taak om vir ander te bid baie ernstig op en beoefen dit nie om die ydele begeerte om krag te ontvang nie, maar omdat dit ‘n hemelse vermoë is wat weer lewend moet word in elkeen. Bid, sodat geloof en vertroue ‘n eienskap van jou ewige bestaan kan wees en leer My klein kindertjies hoe om te bid deur ‘n voorbeeld daarvan vir hulle te wees. Amein.

Die besef dat Krag dan deur mense begin vloei om eenheid te bewerk of versoening onder mense te bewerk of genesing tot gevolg te hê, moet gevolg word deur dankgebede en dankgesange tot My, sodat My klein kindertjies die hemelse gevolge van nederige versoeke en die antwoord daarop as ‘n gawe uit My Hand beleef. Bou so ‘n gemeenskap wat dien op alle vlakke. Amein.

Gemeenskappe kan blom in volmaakte uitleg voor My as hierdie beginsels en My algemene saamwoon-wette soos deur Moshè gegee, nagevolg word. Die ontwerpe sal dan My Lig op die kosbaarste manier reflekteer, sodat My Water die grond sal seën en voldoende sorg ook uit die natuurlike aarde vir hulle sal spruit. Gebruik ‘n les in die natuur om dit aan My kindertjies te toon deur die bestudering van hemelse sorg in die benatting van My aarde. Amein. Indien die siele die Liefdeshitte wat onder hulle bestaan tot My wend en die lewende Water uit hulle harte, so opstyg na

My, kan die wolke van seën en oordekking oor hulle begin vorm, wat binnekort reën tot gevolg het, tot almal se voordeel. Indien daar geen eerbied en gehoorsaamheid van die inwoners van 'n gemeenskap ten opsigte van My bestaan nie, droog die lewenswater wat van My vloei op daardeur en is daar geen goeie vog wat na My opstyg nie. Op hierdie manier verdroog die lug en daaruit vloeiend die aarde onder dit ook. Beskou so die droogtetoestande wat oor die wêreld heers. Te min Liefde na My is geprofeteer om droogte-toestande te bewerk, maar die sin daaragter was nooit voorheen bekend nie. Verstaan hiermee dat die wetenskap nie die siel se werking begryp nie en daarom nie op sy eie bestudeer mag word nie, maar wel met die leiding van My Woord om die siel lewe te gee, tesame met die ondersoeke en proewe. Proewe beteken egter niks as dit buite die orde van My Liefde geskied nie, want dan sal daar geen seën daarin opgesluit wees nie. Amein.

Wees 'n aarde vol seën in 'n gemeenskap deur die waters van jou wese te verenig in diens aan My en ander en My Skepping so tot nut te wees. Amein.

'n Gemeenskap se ordes en strukture soos op papier uiteengesit, het 'n doel in die skep van werk en vooruit-beplanning van voedselgebruik. Indien Ek geraadpleeg word om hier van hulp te wees, sal daar soos ten tye van JôWsef se diens in Egipte meer mense daarmee gevoed word as waaruit die gemeenskap bestaan. Ek is altyd in beheer van die lewensmiddele as harte na My gewend is. Leer My kindertjies dat eenheid onder 'n gemeenskap begin deur eenheid in gebed onder mekaar. Wanneer geloof en vertroue dan sterk genoeg ontwikkel het, sal belangrike sake soos die voortbestaan en gesonde strukture van gemeen-skappe ook voor My gelê word vir antwoorde en leiding. Dit

sal verseker dat vele volke deur My seën bly voortbestaan. Amein.

Die dae is min waarin al hierdie omwentelinge moet plaasvind, maar indien My kinders My so soek van harte, sal daar soos in die dae van Noag vir hulle redding gebied word om te bly voortbestaan as Beelddraers van My op hierdie aarde. Ek het die diens van Myne nodig om seën te kan laat vloei na die aarde. Amein.

# HOOFSTUK 8

## Oefening

My klein kindertjies het nie veel aanmoediging nodig om oefening deel van hulle lewens te maak nie, tog wil Ek hê dat opvoeders dit 'n daaglikse saamdoen-aktiwiteit moet maak wat prettig inwerk op hulle kreatiewe gedagtes, sodat hulle die vreugde van beweging kan leer ken en dit nuttig kan aanwend in enige situasie. Leer hulle ook dat daar 'n tyd en plek is vir alles en dat die beweging as deel van die dagprogram op 'n spesifieke tyd en plek geskied, sodat dit 'n ordelike reëling vir hulle word. Spaar geen energie in die voorbereiding van 'n goeie bewegingsprogram nie, want die liggaam ontwikkel as 'n slim masjien, wanneer hy genoeg bewegings baasgeraak het. Amein.

Oefening het vir die siel 'n nut en doel in die diensbaar-making van die wese. Amein.

Die mens is aangestel oor sy eie liggaam ook om dit gesond te hou en daaroor te heers en sodra beweging gestaak word of tot die minimum beperk word, begin die liggaam ydel raak en slegte sieledele daarin opgaar wat diensbaarheid en nederigheid al hoe moeiliker maak. Beweging is dus 'n eienskap van die tuig waarin julle julle bevind, wat julle moet gebruik om nader aan My te kom in die diens van alle lewe om julle. Amein.

Oefening gaan meestal gepaard met musiek en so het danse ook 'n ontstaan gevind onder die mense. Die ritmiese herhalings elemente in musiek is die aanspoorder tot die oefening wat uiteindelik goeie energieverbruik tot gevolg het. Ek vra net van elke kind van My Liefde om nie die musiek hulle fokus te maak in die bewegingsperiode van 'n

dag nie, maar My aan te roep as die Heiliger van die liggaam en siel. As Ek die krag is waarmee die oefening geskied, sal dit 'n geseënde belewenis wees vir beide die opvoeder en die kind. Leer hulle om My te vra om hulle krag en deursettingsvermoë te gee om hulle liggame sterk en gesond te hou en dat beweging nie beperk is tot 'n klas nie, maar tot diens van die lewe. Amein.

Die danse wat ontstaan het, het My kinders se harte vertroebel, omdat daar gefokus word op eie skoonheid, die liggaam se verleidings en die metgeselle se aanbiedings daarvan. Indien dans 'n middel is om My te vereer en die wellustige bewegings waaraan dit meestal geken word, opsy geskuif word, is dans 'n goeie middel tot beweging en die leer van orde op 'n sigbare wyse. Ek keur daarom die gebruik van musiek en ritme goed wanneer dit 'n beeld uit die natuur in herinnering roep of 'n gestruktureerde, ritmiese tentoonstelling wat beweging van verskeie liggame uitbeeld, byvoorbeeld plante in die wind of die golwe wat sand saamstroom by die see. Fyn bewegings is ook goed, solank die liggaam nie benadeel word deur die gereelde gebruik daarvan nie en die diens aan die naaste belangriker is as die beoefening van die aktiwiteit. Wanneer die mens gevoed word deur aansien en ydel ure, omdat dit as verskoning sekere dade 'n gewoonte gemaak het, is dit buite My Wil en orde om die dade te beoefen. Elke uur van elke dag is 'n kans om die siel te bearbei deur diensbaar te wees en My te vra vir krag. Wanneer die liggaam so versterk word deur oefening dat dit voel asof alle krag uit die self kom om aksies uit te voer en dit altyd tot hulp geroep word deur omstanders, omdat dit so sterk en versorgd voorkom, is daar 'n wanbalans in die siel van die liggaam se eienaar. As daar soveel tyd aan die eie liggaam gespandeer is, is daar te min tyd in diens van die naaste spandeer en het hoogmoed 'n

vashou-plek by die persoon gevind. Ek wil deur nederigheid geken word by My kindertjies. Leer hulle om net oefening te gebruik om soepel en sterk te bly en dit nie oormatig te beoefen nie, aangesien elke dag net ‘n sekere hoeveelheid ure het om ander te help. Amein.

Hierdie les oor oefening gaan ook dieper as wat die mens kan dink. Elke sieledeel wat homself in die liggaam verenig het, word aangespoor tot lewe tydens ‘n flink aktiwiteit wat oefening aanspoor. Die sieledele word dus sodanig uit hulle slaap wakker geskud en aangemoedig om die liggaam tot diens te wees. Dit verneder die sieledele en maak hulle dus meer bruikbaar in My Ryk. Wanneer ‘n liggaam min genoeg sieledele besit, wat altyd gereed is vir arbeid en diensbaarheid, is die liggaam maklik te wen vir My dade en Woorde van Liefde, want dit is reeds deel van die handelswyse van al die siele in daardie liggaam. Wanneer ‘n liggaam egter ‘n oormaat van lustelose, ydel sieledele besit wat die liggaam vra om bevrediging van hulle rustende toestand, is die liggaam traag om aan My Stem en Wil gehoor te gee, want die teleurstelling in die liggaam wek ‘n swaartekrag na die aarde en Sy verlokkinge. Moet dus nie die liggaam die kans gee om te veel ondankbare sieledele bymekaar te maak nie, maar spoor die eie liggaam aan tot nuttige energie-verbruik en diensbaarheid aan die self en ander lewe en raak so bewus van My Lig wat in nederigheid skyn. Amein.

Leer daarom My kindertjies hoe liggame met beweging energie verbruik en spiere versterk. Leer hulle dat hulle ‘n betroubare tuig nodig het om hulle werk op aarde mee te volbring en dat hulle die krag daarvoor in My vind deur geseënde voedsel te eet en My te bid vir krag in hulle siele om te WIL diensbaar wees. Amein.

Hierdie les kan ook verder ontleed word, deur na plante te

kyk en die groeiende krag daarin te ondersoek. Indien die plant nie voeding opgeneem het uit die aarde nie, sou dit nie kon verleng of uitbrei in grootte nie. Die plant raak egter nooit 'oorgewig' nie, maar neem met mate die voeding op wat nodig is vir daardie dag se groei. Wanneer daar voeding geneem word, word dit dadelik omgeskakel in lewe-gewende energie om groei te bewerk. So is daar geen gestoorde sieledele om die plant aan die lewe te hou vir 'n langer tyd as wat daagliks benodig word nie. Amein.

Laat My kindertjies kossoorte so leer beoordeel om net genoeg te eet vir hulle daaglikse behoeftes en ook die edele kossoorte na waarde te leer ag. Hierdie aarde het die siele verduister deur dit te verlei na onedele kosse wat te veel energie verleen en 'n oormaat van verlustiging vir die liggaam inhou. Indien daar teruggekeer word na die oor-spronklike orde van swaar arbeid om voedsel te produseer en aan te bied, sal meer waardering bestaan vir die rol wat dit in die liggaam vervul. Amein.

Ook kan My kindertjies die lewe om hulle ondersoek en sien dat indien een dier kos benodig en 'n ander daarvoor vang, daar nie vermorsing van sieledele geskied deur ydele beplanning nie. Al die diere in die omgewing wat kan deel in die vangs, kry 'n beurt om van die sieledele te verorber en so weer 'n nuwe doel vir die vangs te bewerk. Kos moet dus nie net na willekeur gebruik en vermors word nie, want elke sieledeel het nodig om 'n hoër doel as die vorige te beklee. Wees daarom verantwoordelike verbruikers van voedsel en leer My kindertjies so uit julle gedrag. Amein.

Hierdie is genoeg inligting oor die gebruik en voeding van die liggaam en daarom wil Ek oorgaan na die volgende belangrike les in 'n kind se opvoeding. Amein.

# HOOFSTUK 9

## Kuns

Vele gedagtes is al rondom kuns en kunsvorme op hierdie aarde gedebatteer. Ware kuns is nie om probleme uit te lig nie, maar om My Lig vas te vang in 'n oomblik en so waardering by ander te wek vir die Skeppingsoomblik wat iemand kon raaksien. Heiligheid, nederigheid, eenvoud en 'n ware weergee van die Skepping wat Ek laat lewe is 'n werklike voorstelling van My Liefde. Die uitgangspunt van My Kinders is tog gegee om die Liefde die hoogste waarde in hulle bestaan te maak en daarom kan Ek net My seën op 'n kunsskepping plaas as My Liefde die waarde daarvan is. Amein.

Ek laat 'kuns' op hierdie aarde toe, soos wat die mense dit voorstel as huldigers van verskeie grade op die skaal na My teenpool, want daarin sal die goeie navolgers van My Liefde hulle motivering vind om My Liefde op meer maniere aan die mensdom te toon. Asof die aanskoue van My Liefde in elke dag se Lewe nie genoeg is nie, sal 'n afdruk daarvan die herinnering daaraan verhoog. Om 'n afbeelding te maak van wat bo in die hemel en onder op die aarde en in die waters onder die aarde is en daarvoor neer te buig en dit te dien, soos genoem in die gebooie deur Moshè aan die volk gegee, is ver van waardering van die Liefdeselement in My skepping. Neem byvoorbeeld die lug tydens 'n asem-rowende sonsondergang. Sal iemand in 'n straat vol geboue dit kon aanskou en na waarde onthou? Nee, slegs die siel wat met 'n geopende oog van waardering My opsoek in die natuur se stiltes en skoonheid, sou hierdie oomblik op 'n kunstige wyse kon vasvang om met ander te deel. Ek is die Lewe in daardie oomblik en afbeelding. Amein.

Roep My aan in die diepste van julle wese om My met helder geestesoë te vind in alles om julle, want soos genoem is Ek selfs as Lig te vind in hande van die mense om julle. Enige oomblik se Lig wat vasgevang word om met ander te deel sal dien as 'n goeie kunswerk in My Oë. Amein.

Hoe sal kuns dan aan My kindertjies verduidelik word en moet almal dan geskool word daarin om kunstig te kan skep? Ja, soos hul Maker, is daar 'n vorm van kunstigheid in elke wese gegee. Kyk maar na die natuur en vind die kunstige vermoëns in menige dier, voëltjie en insek versteek. Op die regte tyd, dus onder die regte omstandighede sal die hemelse kunsvermoë homself voordoen en al die omstanders hulself saam verbly oor die vermoë wat die lewende organisme gevind het om kunstig te handel vir 'n bepaalde doel. Selfs plante het 'n kunstige vermoë in die oprank of wyse waarop hulle spasie vul op aarde. Elke 'spasie' is 'n genadegawe van My Liefde vir die plant om homself in My Liefde te baai. Amein.

Maak dus die uitkyk om My kinders van kunsvorme en kunsvermoëns te leer eerstens een van die waardering van ware kuns soos dit in My orde is en moenie tyd verspil op die teenstander se beoordeling van kuns nie, want daarin lê meer bande vir die siel opgesluit as Vryheid in My Liefde. Vind die kuns wat uit My Liefde gespruit het in julle omgewing, al is dit 'n stellasie of tuin-uitleg. Enige vorm van ordelike weergee van My Lig en Liefde wat die mens se wese tot waardering, en diensbare skepping aanspoor sal goed wees vir My kindertjies om na te kyk en die elemente van balans, hemelse kleurgebruik en ware diensbaarheid en ootmoed te ontleed. Bring dan dieselfde elemente na die onderrigruimtes van My kleintjies om sodoende aan hulle onervare hande en harte die kans te gee om daarmee te

werk in die doel om ook iets van Myself daarin vas te vang. Amein.

Om te kan gesels oor die oomblik van Lig wat waardeer word is 'n belangrike stap in die skeppingsproses. Dit maak die hart se vrae oop teenoor My, sodat Ek binnegenooi word om te mag opklaar wat onduidelik mag wees. Dit open ook die siel vir geesteservarings deur My Liefde, aangesien daar hemelse begeertes gewek word waarin Ek mag beantwoord. Amein.

Wees 'n opvoeder uit My hemele deur hierdie aspek van opvoeding na waarde te ag en deurgaans daaraan aandag te gee op 'n manier wat My die Middelpunt van die gesprekke maak. Ek wil nie net as 'n Skepper van die kuns-onderwerp geken word nie, maar as die Bron van die kunsvermoë in elkeen wat daarna kyk en dit afbeeld. Laat My Lig vir die siel daarin dus bespreek word en die gesprekke lei om maniere te vind om dit aan ander te toon. Amein.

Kuns is 'n baie wye bestaanswêreld vir iemand wat werklik verstaan waar om dit te vind en hoe om daarna te kyk. Ek wil egter nie dat kinders van My Liefde hulself so in die kunsbesef verdiep dat hulle naastediens eenkant skuif nie. Deur naastediens sal die waarde van kuns selfs meer beteken in die wat die sleutel daarvan gevind het, maar sonder naastediens sal die siel maklik weer verval in die ydel beginsels van My teenpool en die waardering vir die verkeerde resultate begin aanwend. Kunsvorming is nie 'n edele bron van inkomste nie, maar indien dit tot diens van die naaste aangewend word as Skeppings wat die naaste benodig en gebruik, is dit in die korrekte orde. Wees daarom nie 'n alleenloper om die 'kuns' wat Ek geskape het te soek en te vind nie, maar deel van gemeenskappe en families waar 'kuns'-waardering gesprekke oor My en My Liefde kan

ontlok. Dit dien ewe veel as verheffing van die siel as die verhoging van My Wese in die self om met ander daaroor te kan gesels. Amein.

Om 'n nageslag van My te ontvang is een van die grootste gawes van kunswaardering wat aan 'n mens toevertrou kan word, daarom spoor Ek eerder die kinders van My Liefde aan om na hulle familie-lede en nageslag te kyk in die Lig van My Liefde om daarmee die volheid van My Liefdesgawes op die hoogste vlakke te vind. Die Lig van My Skepping om julle wat weergegee word in die blye kyke van familie-lede of in die sagte werke wat geliefdes teenoor mekaar doen, voed die siel in so 'n mate dat dit versterk na My kan keer vir vaste spys. Ek is die lewe wat nie 'n begin of 'n einde het nie in elke familie-lid om jou en bring so die beste van 'lewe' uit as daar in Liefde en eenheid saamgewoon en saamgewerk word. Amein.

Kuns is prakties aan 'n kind voorstelbaar deur eerstens skadubeelde van voorwerpe te maak, sodat die kind die vorm as deel van volume kan begryp. Die buitelyne moet noukeurig nagetrek en bestudeer word, rakende die doel van die lyn en die verhouding daarvan teenoor die res van die skepping. Elke nagebootste lynskets moet dan gevul word met waterverf om die bestaan daarvan lewend te maak vir die kind se begrip. Sodra daar verskeie voorwerpe met verskeie kleure op die blad bestaan, kan 'n verhaal vertel word oor die rede waarom hulle saam op die blad is en waarom die spesifieke voorwerpe saam gekies is. Dit sal verklaar wat hulle byeengebring het en wat hulle voornemend is om saam te doen. So sal 'n storie-prenteboek kan volg wat die kind self moet saamstel om 'n verhaal van sy eie te skep.

Wanneer die kind begryp dat elke item 'n naam het en 'n

koppeling aan tyd deur middel van ‘n plasing in ‘n verhaal, kan die lewe soos in die werklikheid afspeel aan hom voorgehou word en realistiese aksies en toevoegings bygevoeg word. Kleure kan bespreek word om die waarde van die kleur en sieledele toe te voeg en nuwe kleure kan tot die omgewing bygevoeg word om te verseker dat daar ‘n persepsie van grond, lug en voor en agtergrond bestaan.

Sodra die kind al hierdie self in sy werke as kunsvorm begin gebruik, kan toenemende besonderhede van enkele voorwerpe bygevoeg word. Alvorens die kind egter nie die bogenoemde alles waarneem en weergee nie, moet daar nie voortgegaan word met meer kleure en fyner lyne nie. Sodra die kind dan gereed is vir die fyner lyne, kan sterk, dik lyne gebruik word om groot vorms af te rond, byvoorbeeld bome of klippe, diere en wolke. Daarna moet die lig in die gestaltes aandag geniet. Dus moet skadu-lyne dikker geteken word. Indien ‘n kind dit van vroeg af leer ondersoek, sal kuns waarlik lewe kry in kinderopvoeding. ‘n Kind se waarneming is nog nie belemmer deur allerlei invloede nie, daarom sal hierdie les maklik aan ‘n kind oorgedra kan word. Sodoende leer die kind ook om die hand met meer en minder krag te gebruik en waarom dit ‘n doel het. Sodra hierdie bemeester is, kan die kind geleer word om spasies met lyne te vul, dus ‘in te kleur’ soos wat julle dit noem. Hierdie ‘inkleur’ se doel is nie so omvattend soos al die vorige lesse nie en moet daarom nie soveel aandag geniet in die opvoedingstaak nie. Dit kan hoogstens een maal per week ’n tydgleuf vul, want die skeppende vermoë wat daarmee ontwikkel word, is skraal. Amein.

Teen hierdie tyd is die kind gereed vir eie verf-skeppings en kan waterverf as medium ‘n groter doel dien deur skeppings in periodes op te breek waar aan verskeie lae van die

afbeelding aandag gegee word op verskeie tye. Laastens sal die voorste beelde ingeverf word. Hierdie sal ook die ondersoek van kleurgebruik bo-oor mekaar uitlig en daarmee kan lig verder ondersoek word deur verskeie kleure oor mekaar te laat skyn. Kyk ook hier na ligbreking wat toon dat lig bymekaargevoeg kan word om meer krag te dra as enkele kleure. Bespreek tydens elke element ook My waardes en leer. So sal die siel gevoed word tydens elke skeppende oomblik. Amein.

Hierna is die siel gereed om met teksture te begin speel, sowel as mediums wat sterker kleurwaardes gebruik om die teksture makliker te vorm. Ander verf-mediums kan bygevoeg word en met aanvanklike geleide ondersoeke, kan die kind later gelaat word om self te skep. Kuns sal op hierdie manier vinniger waarde dra en in diens van die samelewing gebruik kan word. Soek daarom geleenthede om die ware balans in grootte en vorm aan die kind te leer, alvorens kleure en mediums aandag geniet.

Kuns is 'n dienende vaardigheid bo alles, geskep om siele die skoonheid van My Volmaakte Liefde te laat waardeer en enige ander gevolg van kuns draai die siele na die teenpool in 'n hartseer vloed wat aanhangers werf. Al die siele raak sodoende weer verlore vir My onvoorwaardelike Liefde. Ek roep hiermee elke hart tot bekering van ydel waarderings en passies. Soek My afbeeldings en My Liefde in die beelde waarmee julle julle harte en vestings versier en My Liefde sal na julle terugkeer in die OERGRONDPOOL VAN MY LIEFDE om julle by te staan met Wysheid, Barmhartigheid en 'n oorvloed gawes tot My eer. Amein.

# HOOFSTUK 10

## Wetenskap

Wanneer Ek genader word om enige verskynsel te verklaar, sal die siel daarmee gevoed word tot groei. Wanneer wetenskap egter gebruik word om ‘n verskynsel te verklaar, sal die verstand aangespoor word om op sy eie nuwe oorsake en redes te soek. Ek is die begin en einde van alle lewe en instandhouding daarvan, daarom is dit nodig dat die eer aan My gegee word daarvoor. ‘n Ondankbare mens sal nie die waarde van skeppings in die regte orde sien nie en dus nie die antwoorde op die regte plekke vind nie. Amein.

Wetenskap bestaan uit die ondersoek van hoe dinge werk en wie is die wysste om die antwoorde te kan gee? Wees daarom net ’n ondervraer van verskynsels maar met afhanklikheid van My om dit te verklaar en die antwoorde op alle probleme te bring. Die studie van wetenskap in die hoër onderrig vlakke behels vele benamings en sogenaamde wette om verskynsels mee te staaf. My Wil is dat hierdie in aanmerking geneem word met dieselfde agting as die woorde van enige vreemde taal. Dit dien slegs ‘n doel tot kommunikasie. Daar is geen ander rede om daaraan agting te gee as hierdie nie. My verduidelikings sal dus ook nie altyd met die wetenskap-bewyse ooreenstem nie, maar die siel is die verskil tussen wêreldse wetenskap verklarings en ewige Waarheid. Amein.

Wetenskap het ‘n plek in die daaglikse onderrig by ‘n kind in die mate waarmee dit die kind aanspoor daartoe om vrae aan My te stel oor die doel van skeppings en die gevolg van die skeppings vir die verbonde siele. Wanneer die les oor geestelike groei die kind lei tot sielsgroei deur na die

omgewing te kyk, sal die waters in die kind se wese een word en vrede sy deel word in die bewustheid van doel en rede vir alles om hom. Dit sal lei tot 'n eenwording met My deur nederige liefde en vertroue dat daar ook 'n doel is met die eie bestaan. So wil Ek die kind rig tot hoër vermoëns as wat die aardse skyn-onderrig toelaat. Wees 'n opvoeder wat waarlik siele skool vir ewige diens in die plek van opvoeders wat die taak van opvoeding as 'n aardse tydverdryf en wyse tot broodwinning beskou. Die siele wat in jou sorg is, is ewighede meer werd as die broodwinning wat daaruit voortvloei. Amein.

My kindertjies moet van die kleinste eenhede af leer om die sieleleer in alles te bevraagteken en as 'n skynbare legkaart aanmekaar te sit, sodat die groter eenheid tussen lewende en nie-lewende dinge op aarde 'n diensbare beeld in hulle harte vorm. Begin daarom in die kleine met ondersoeke na My en Lewe. Begin by 'n grondkorreltjie en vergelyk dit met die son. Kyk na lig, grootte, afstand, hitte, voedende vermoë en behoeftes. Vra hoeveel daarvan nodig is vir lewe. Gaan verder na die water wat daaroor vloei en dit saambind. Bestudeer waar die water vandaan kan kom, wat die water se temperatuur en krag is, wat die voedende vermoë van die water kan wees vir die grond en wat die water alles saamneem op sy reis. Verder moet soortgelyke en meer vrae gevra word rondom die kleinste saadkorrels, groter sade en die plante wat daaruit spruit. Elke waarde in My Liefde moet daarby gelys word, sodat My kindertjies die sekerheid beleef van My Sorg en bestaan sonder einde. Amein.

Die klippe om julle met elke aspek daarvan, soos reeds deur julle wêreld bestudeer en uitgelig dra nie net tekens van bestaan nie maar van diensbaarheid as 'n verharde element.

Lae rots, minerale en edelstene dui op toestande van willose, onbewerkte bodems. In hierdie tye het die vasgevangde dele geen ander diensbare lot gehad as geduldige wagtye en samebinding tot iets groter en skoner van aard nie. Hierdie saamgebinde eenhede is nou daar tot verhoging van My Aard en Wese in klein aspekte en sal net deur harde omwentelinge in die aarde die kans kry om weer te versag. Amein.

Hoe regverdig is die een se kans op groei en die ander op 'n skynbare ewige vasvanging in 'n samestelling? Elke nuwe samestelling wat met die vorige gemaak word, is goed vir die verdere diensbare bestaan van die stof. Enige diens wat My Wese verhoog, behaag My en is 'n beeld van My Lig vir julle. Waardeer dit dus, al is dit om die balans van die aardbodem op verskeie plekke te handhaaf. Elke diensbare eenheid sal sy loon en eenwording met My verkry na gelang van die gewillige uitvoering van My Wil. Amein.

Eenhede wat nie meer 'n wil het nie, het dit ontvang omdat hulle nie onder beter geleenthede sou dien nie. Ek bepaal die lot van elkeen om die beste vordering van sy siel te verseker en wil daarom dat julle, Kinders van My Liefde wat hier lees, EEN word met My wat elkeen 'n regverdige plek in die skepping toeken vir die wyle wat dit daar diensbaar moet wees. Leef voluit met die doel om My in alles te vind en te verhoog en Ek gee aan julle die ewige geleentheid om saam met My te heers. Amein.

Wanneer My Kleintjies dan na die kleinste en grootste eenhede en die willose eenhede gekyk het, kan die lewende eenhede met hulle eienskappe, behoeftes en nut bygevoeg word, sowel as die mens as die kroon daarvan. Genoeg het Ek reeds gesê oor die mens om hierdie leerstof te vul. As uitvloeisel uit die mens se vermoëns spruit nou die werke

van die mens, hetsy goed en sleg en die gevolge daarvan op die skepping. Mengsels van stowwe en die nut daarvan, diensbare produkte en werkende eenhede om arbeid mee te verlig kan ondersoek word. Beskou elkeen in die mate waarin dit die mens tot nut is in My diens en hoe om dit te verbeter dat minder beskadiging van die omgewing en meer verering aan My daarmee sal geskied. Amein.

Ek wil dat die mens die gebruik van die omgewing se kragte inspan om grootser werke te verrig tot voordeel van gemeenskappe en families. Dit moet egter nooit tot verryking van 'n enkele persoon geskied nie, maar in liefde vir mekaar en vir My as diens tot ander. Wanneer Ek aangeroep word om Hulp en Leiding te bied, sal daar altyd 'n toestroming van kragtige idees en vereenvoudigde probleme in die gedagtes ontspring wat spruit uit My Leiding en Wysheid. Hierdie is die antwoorde wat die probleem sal opklaar en die omstandighede heilig en daarom moet dit met gehoorsame vertroue uitgevoer word. Hoe kweek 'n mens dit dan as 'n gewoonte aan by 'n kind? Amein.

Eerstens moet daar tydens die ondersoeke van alles wat bestaan en alle resultate van toetse aan My die eer gebring word vir die grootsheid van die skepping en die onverwagte, bruikbare resultate. Hierdie is die begin daarvan om My deel te maak van 'n skeppingsdaad. Wanneer die hart dan so ontvanklik geraak het om My te verwelkom in volgende werk, kan die gebed die skepping vooraf-gaan om te vra vir wysheid en leiding in hoe om die probleem op te los. Wanneer Ek dan die oplossing gebring het, moet ook gevra word hoe dit op groot skaal aan 'n gemeenskap as hulp gebied kan word en wat die benodigde hulpbronne sal wees, aangesien die werking en gevolge op klein skaal nou reeds bekend is. Amein.

Moet nooit 'n wetenskaplike ekspedisie of ondersoek loots sonder om My die middelpunt daarvan te maak nie, want aangesien die verstand meer betrokke is as die hart hierby, sal die hart maklik ydel en hoogmoedig raak in die aksies en geen afhanklikheid van My meer wil toelaat nie. Ek is nie verheug oor die gebruik van wetenskap by verskeie skole om siele mee onafhanklik en 'slim' te maak op die wyse waarop hulle dit aanbied nie. Eerstens keur Ek nie die inmenging met My lewende skeppings se prosesse toe nie en tweedens is daar geen respek vir die krag wat deur My na die aarde vloei deur al die skeppings nie. Wanneer hierdie twee regstellings in aanbiedings gedoen word is die ondersoek van wetenskaplike beginsels en oplossings wat daaruit spruit wel deur My geseën. Amein.

My Liefde oordek die hele aarde en alhoewel die bande wat die siele bind om hier te bestaan en om te oorkom om met My Liefde te verenig, is My Liefde aan elke lewende gegee as 'n sleutel en krag binne die self. Solank die Liefde gekies word, is die siel goed besig om die self te oorwin en My te vind. Amein.

My klein kindertjies het nodig dat wetenskap lewend vir hulle aangebied word, sodat hulle die lewende Krag wat van My voortvloei daaruit kan vind. Laat hulle dus toe om die begin en einde van lewe vir elke lewende onderwerp te ondersoek. Laat hulle toe om vrae te stel oor die begin en die einde en die antwoorde na My te rig, aangesien alles wat bestaan na My moet terugkeer. Amein.

Die volgende ondersoek moet die hartklop in elke lewende wese wees. Wat hou die wesens aan die lewe en waar is die krag te vind in die lewende wese. Laat hulle My om die antwoord vra en luister saam na die antwoorde. Amein.

Wanneer die begin en einde en die voortbestaanskrag se

antwoorde beantwoord is, lê daar nog 'n vraag voor die ondersoeker: Wat word gedoen met die krag of hoe word dit aangewend? Is dit net ter behoud van die self of 'n gemeenskap. Sien die bruikbaarheid en dus vlak van die siele -ontwikkeling in hierdie lig. Hoe meer diens die lewende organisme doen, hoe meer liefde is daar te vind in die siel van die organisme. Het die organisme dan enige hulp nodig in die uitvoer van die take? Nee, is die antwoord, want die organisme dien in gehoorsaamheid. Waarom vra die mens dan om hulp in die uitvoer van take? Leer die kind om take te onderskei tussen klein en groot en self te glo dat Ek die krag is om met die taak te help, soos wat organismes sonder hulp hulle take moet uitvoer. Slegs groot take waarby die krag van 'n enkele mens te min is, het weer liefde as doel in die versoeke van hulp van een persoon aan 'n ander. Voldoen dan aan die versoek, aangesien dit die liefde en krag van meer as een persoon vra om tot uitvoer te bring. Amein.

Wanneer 'n span arbeiders nodig is om 'n taak te verrig, is gebed van nog meer belang tydens die arbeid as vir 'n enkele persoon, aangesien die liefde onder mekaar die resultaat van die arbeid tot My eer rig al dan nie. Indien Ek geken word in die saak sal vele meer siele baat by die arbeid as daarsonder. Ondersoek dus werkswyses waar Ek die middelpunt is en hoe dit gebruik kan word in diens van 'n gemeenskap. Amein.

Dit is in hierdie geval waar siele baat by noodlottige gebeure, aangesien daar dan sonder vrae eers na My geroep word om die gemeenskap by te staan. Vir die daarop-volgende tyd is siele weer nederig en wen My Ryk baie meer toewyding as in welgestelde gemeenskappe waar geen ingryping geskied nie. Wees dus nederig as 'n gemeenskap,

sodat Ek nie nodig het om noodlottige gebeure toe te laat, sodat siele as ‘n eenheid weer nederig na My opsien nie. Amein.

Ek wil graag die begin en einde van hierdie les wees vir al My Kleintjies, daarom is dit nodig dat hulle reeds van vroeg af die werking van dinge en mense ondervra en beleef om sin te maak uit die liefde en nederigheid daarin. ‘n Opvoeder wat geskool is in My Liefde sal met gemak hierdie kan oordra aan My Kleintjies. Hou voor oë dat Liefde en Nederigheid die hemelse waardes is wat in ‘n saak My die Lewende Krag maak. Enige ander benadering maak My Teenpool in daardie mate die krag en hoeveel meer kan Ek dan doen om die siele vir My te wen, as om hulle harte deur baie seer weer te bekeer na My. Amein.

Hierdie hoofstuk is veel dieper as enige vorige en het ‘n mate van geestelike rypheid nodig om te onderrig. Vra dus as opvoeder aan My om jou voor te berei op die taak om bespreking van nederigheid en Liefde as kraggewende beginsels in die skep van vloeiende beginsels en in die ondersoek van lewende dinge. Amein.

# HOOFSTUK 11

## Patrone

In hierdie wêreld dien patrone ten doel om die siele te kluister aan 'n spesifieke omgewing of diens. Ritmiese patrone, gekleurde patrone en herhalende werke, is alles maniere om siele te bind aan 'n willose situasie. Wanneer Ek die middelpunt van die siel se bestaan is, sal die patroon of roetine gekoppel word aan Liefde en behoefte in die plek van 'n lewensnoodsaaklike, herhalende volgorde van handelinge. Ek is die lewe en daarom is die krag vir herhaling en volgorde in My Hande en nie in die verstand van enige mens wat die werking van iets koppel aan die volgorde van gebeure nie. Amein.

Ondersoek die natuur en vind daarin die roetine wat deur vryheid van Liefde in plek gestel is. Sien dat die patrone gelei word deur wat die Liefde vra en daagliks aangepas word om te voldoen in wat die behoeftiges toon as wat dit rigied volgens wekkers, horlosies en klokke uitroep. Hierdie harde slae om die siele te rig tot 'n spesifieke werkswyse is nie geskoei op ware liefde nie, maar op harde orde. Keur Ek dit goed as orde-reëling in groot gemeenskappe? Ja, wel vir die doel dat almal herinner word aan wat die Liefde onder hulle vra, maar nie as tugmiddel om te voldoen aan 'n sekere daad op 'n sekere tyd nie. Wees daarom nie 'n opvoeder wat met harde slae My klein kindertjies roep om verantwoording van hulle tyd en gedagtes nie. Help hulle eerder om My te vind in die tye van die dag wanneer hulle harte daarna verlang. Amein.

Patrone het verder 'n doel op hierdie aarde as skeppende krag. Deur vorms en herhaling daarvan te gebruik word

items bruikbaar gemaak. Ek wil dat hierdie vorms deur My Liefde gedryf en gelei word. Moenie iets skep sonder om na My te keer vir die insig in die korrekte vorm en herhalende element daarin nie. Die beelde uit My sal die korrektes wees om die werking van die item in Liefde tot nut te maak. Amein.

Verder is daar verwysings na manlike en vroulike patrone op hierdie aarde. Dit is korrek vir die praktiese gebruik daarvan. Om iets te koppel aan 'n geslag dui 'n gebruik daarvoor aan en daarmee wil Ek hê dat die geslag dit moet heilig tot My. Patrone as eenhede van identiteit het geen waarde as Ek dit nie seën nie. Ek vra daarom van ontwerpers van patrone en gebruikers van patrone om My seën oor die skeppings te bid, sodat die geestelike bestaan van die persoon daardeur nut beleef, eerder as wat die vlees verleiding daarmee bewerk. Amein.

Om patrone te gebruik om kinders van My Liefde te verlei tot verkeerde handelinge en gedagtes wat hulle nader aan My teenpool bring, lê die grootste las op die skouers van daardie ontwerper. Daardie las sal met jare van versoening eers gebreek kan word en die siel weer vry wees om My in nederige liefde te dien. Indien 'n siel leer om homself te verdedig vir die verleiding wat hy bewerk het, sal die las nie gebreek word, alvorens vele pyniging geskied nie. Amein.

Ek wil dus hê dat wanneer My kindertjies se opvoeders aan patrone dink, My Skeppingswondere en Liefde die grootste aandag moet geniet by die ontwerp van patrone, vorms en idees. Amein.

# HOOFSTUK 12

## Edelstene

Hoe die siel na 'n edelsteen kyk, beïnvloed die gebruik en nut wat die siel daarin vind. Indien die siel se geestesoë op My gerig is, sal daar met 'nuwe' oë na die steen gekyk word. Die waarde in die stene is soos reeds genoem, omvorming deur jare se diensbare toestand tot iets kosbaars vir almal om te bewonder en te waardeer en steeds hou die diensbaarheid in daardie toestand nie op nie. Dit is as te ware 'n bekroning op die harde siel se jarelange toewyding aan My Wil daarvoor, ook om My te verhoog in die voortbestaan in daardie toestand. Wanneer so 'n mineraal dan uit die oorspronklike plek verwyder word, moet My seën eers daaroor afgebid word, aangesien die mens wat dit neem, inmeng met die wil wat Ek vir daardie sieledele beskik het. Dit is nie 'n oortreding nie, maar 'n inmenging in die orde wat Ek vir daardie siele wou hê. So is dit vir elke mineraal op hierdie aarde. Dit het 'n natuurlike doel in die diens van My en die aarde se behoeftes op die aangewese plek, maar indien die mens 'n ander doel daarvoor bedink en dit verwyder, verplaas of hergebruik, kan dit net tot seën van die mensdom en aarde wees, indien Ek in die saak geken is en My seën daarop gevra is.

Leer My klein kindertjies dus om met respek na al die natuurbronne te kyk, dat dit wel bestaan, omdat Ek dit wil. Indien My wil daaroor verander, sal die verskynsel ook van voorkoms verander. Indien daar dus versoeke van die mens se kant na My gerig word oor die gebruik van bronne en seldsame minerale, sal Ek die insig gee in hoe om dit te verwyder en hoe om dit te gebruik, sodat die siele steeds eervol tot My kan keer. Amein.

Die respek en Liefde waarmee omgegaan word met edelstene, is van uiterste belang in die siele wat daarin vasgevang is, se pad in die ewigheid. Indien die edelsteen verering en bewondering geniet van almal wat dit beskou, is daar 'n groot te nakoming van die orde waarin dit op die aarde geplaas is. Dit is nie daar om My plek in harte in te neem nie en vertroebel die vasgevange siele se uitstraling na My. Hulle orde word versteur en het baie tyd nodig om weer tot nederigheid te herstel. Ek wil dat daar na My gebid word om My seën oor die steen se bestaan te plaas en dan met bewondering na My werke te verwys in die plek van die kosbaarheid van die steen self. Amein.

Namakings van stene en hulle doel vir gebruik is meestal tot ydelheid gerig en daarom keur Ek dit geensins goed nie. Diensbare doele van enige steen of item is die allerbelangrikste hulpmiddel om alles op die aarde na My Liefde te keer. Indien Ek nie die middelpunt van alle bestaan is nie, kan My heiligheid nie daaroor uitgeroep word nie. Kyk dus na die materie met oë wat wil heilig en bid dit toe op alle hulpmiddels in jou vesting of omgewing, sodat Ek die werking en vloei van My Krag daar kan seën. Amein.

Om mense en vestings te salf het dus hierdie doel, naamlik dat alle elemente in die bestaan van die mens of vesting geheilig sal wees aan My diens en daarom 'n geestelike verhogingskrag het in die take wat daaraan toegeskryf word. Ek wil dat alles opwaarts groei of neig na My en wil My seën daarvoor gee, maar kan slegs indien Ek daarom gevra word. Amein.

My Kindertjies se opvoeders moet hierdie in gedagte hou wanneer daar lesse gegee word oor die gebruik van alle hulpbronne en vestings op hierdie aarde. Indien My seën afgebid is oor die gebruik van die materie tot nut en diens

van siele, sal daar geestelike groei en vryheid uit die gebruik daarvan spruit. Indien daar ydel versamel is aan alles wat pronk in en rondom die vesting of in die tentoonstelling van die elemente, sal dit kluistering, bande en verhoging van My teenpool se krag tot gevolg hê. Amein.

Edelstene het elkeen 'n bepaalde doel en funksie en kan gevind word in My Liefde. Elke kleur verwys na 'n waarde en word so in lyn gebring met aspekte van Myself tot verhoging van die siele wat dit gebruik. Kyk daarom met oë wat die geestelike daarin opsoek en wil benut, eerder as met oë wat vererend en ydel verlang na prag en praal. Amein.

Ek sal die gebruik van die edelstene seën as die nederige versoek van die hart is om My daarmee te verhoog. Amein.

Die mens se waarde lê egter in al die onsienbare en nie in die gebruik van verfraaiing van die liggaam deur middel van enige asemrowende omvouing en optowering nie. Ek kan dus net vryheid van diens en Liefde gee as die persoon My die plek in die hart gee, wat dit sal verseker. Amein.

Word nie ydele navolgers van gebruike en aardse simbole nie, maar soek My in die uitkies van enige items tot nut en diens van die mens. Amein.

# HOOFSTUK 13

## Lug in die Atmosfeer

Hiermee lei Ek ‘n besondere insiggewende hoofstuk in vir die wat My liefhet en My werklik wil vind in alles om hulle. Ek wil meer Lig werp op die lug om julle, waaruit julle lewe spruit in die vorm van suurstof en lewenskragte wat julle heilig voor My. Die oormaat suurstof in lug, ten opsigte van water, is nie die enigste rede waarom lewendes net in lug kan lewe nie. Ek het vele ander lewensmiddele in lug geplaas wat die mens en lewende diere benodig om gesond en vol krag te bly. Amein.

Kyk maar eenmaal na ‘n insek wat in ‘n huis vasgekeer raak en vele vrae en antwoorde begin opduik. Die insek verloor sy krag binne enkele ure en verlaat so ook die lewe. Julle as mense beleef dieselfde oor ‘n langer tyd, aangesien daar groter hoeveelhede vlees is wat lewenskrag kon stoor as by ‘n insek. Hierdie is ook die rede waarom ouer mense meestal vinnig verswak en die lewe verlaat. Hulle word nie genoeg blootgestel aan die lewegewende lug buite huise nie. Bring nou ‘n lewende voor My en Ek wil bespreek wat Ek tot lewe gegee het as beginsel vir onderhoud van ‘n lewende liggaam. Amein.

Die lewe wat Ek in ‘n siel blaas, bestaan waarlik uit die samestelling van My Gees in die omtrek. Indien naby gekyk word na enige gesonde lugdeeltjie, sal vele lewende organismes daarin gevind word, sowel as eteriese krag-elemente, wat te klein is vir die oog om te sien. Dit is hierdie krag-elemente wat deeltjies is van My Gees wat aan alles lewe gee en so ook die heengegane geeste dra tot by hulle nuwe bestemming of liggaam van rus. Hierdie dele is wat

alomteenwoordigheid inhou en waarin die geestelike oë hulle beelde beskou, soos wat die aardse oë water benodig. Dit is nie die son se strale wat die oë soms opmerk rondom hom nie, maar die ware 'lewe'. Hierdie lewe is die lewe wat Ek ook in liggame blaas om onophoudelike werk te verrig, 'n vervoermiddel van gees te wees en kragtige versterking te bied aan siele wat die gebruik van die liggaam heilig. Dit is ook om hierdie rede wat genoeg blootstelling aan die buite-lug die liggaam baat in versterking en suiwering. Word daarom wakker as slapende uit 'n rustende, trae toestand en gebruik beweging in die buite-lug om meer van My in jou op te neem en so meer krag in jou siel te genereer. Amein.

Hoe werk hierdie dele, vra julle as My kinders en knegte? Elke stukkie van My wat so lewend om julle beweeg, dra Krag as eenheid in die kleine, maar bly tog deel van die Grootsheid van My. Dit beweeg onkeerbaar in elke ruimte in, maar die versterking van die sonlig, maak dat die deeltjies met meer Krag voortbeweeg en reinig en voed, waar dit ook al met vlees in aanraking kom. Amein.

Gebruik hierdie kennis om julle liggame en siele gesond te hou en word werksaam in die ooptes van die buite-lug. Deur julle energie so te verbruik, vermeerder dit tienvoudig, daarom is edele werk enige werk waar My krag die mens binnestroom in diens van Sy naaste. In die ruimtes buite vestings is naastediens baie makliker te onderskei van diens vir eie belange. Binne vestings moet daar altyd oorweeg word of die gevolg van die diens die siel traer sal maak, al dan nie. Vind My daarom in die natuur in meer as klank en kleur en lewe. Vind My in die kosbare, lewegewende lug wat die liggaam omvou en krag gee. Amein.

Ek wil graag hê dat julle hierdie 'n daaglikse belewenis vir My klein kindertjies moet maak in die diens wat hulle by

julle moet leer verrig. Dit sal geseënd wees as versterkende dade van Vrede, wanneer die siele aangemoedig word om in My ooptes te werk. Amein.

Maak daarom die natuur deel van My kindertjies se leervertrek. Gesels en getuig van My en geniet die lug as 'tasbare' teenwoordigheid van My Gees om julle. Vind dit in julle, soos 'n ballon wat vol lug is, met die verskil, dat die lug sirkuleer en nie vasgekeer is binne die mens nie. Is suurstof waarlik so 'n groot element van lewe soos wat die wetenskap dit meedeel? Ja, maar besef dat die Eenheid van die suurstof tesame met die liggaam lewe gee en nie suurstof alleen nie, dus is die opnamehouer nodig om die Lewe in hom te dra en kan die Lewe nie homself vertoon sonder 'n houer nie. Hoe kan die lewe dan geneem word van 'n persoon? Deur die keer van vernuwende krag wat deur die lug die opnamehouer binnestroom, raak die opnamehouer swak, soos in 'n toestand van rus, en daarom sal die lewende siel daarbinne deurbreek na waar dit weer kan lewe en beweeg. Net so is 'n saadjie in 'n toestand van rus en sodra My Liefde dit binnestroom in die vorm van Water en Lug, gebruik dit die lewende krag om nuwe lewe te vorm. Amein.

Ek wil hierdie insig toevoeg tot die leersituasie, sodat die hemelse beginsels vir gesonde siele My kindertjies sal baat in die ontwikkeling van hulle siele tot volwasse siele voor My. Met hierdie leerstof wil Ek alle houvas van My teenstander op My kindertjies se siele breek en insig vergroot, dat Wysheid soos saadjies uit goeie grond sal ontkiem. Wanneer die begrip terugkeer na My kinders, in watter mate Ek lewend onder julle vertoef en hoe betrokke Ek is, sal daar soos in Adam se dae weer eerbied van julle kant en seën van My kant in die vryheid van Ons Eenheid

geskied. Amein.

My klein kindertjies moet die lewe van LUG voel binne hulle en daarom beweging en oefening geniet. Hulle moet die waarde van LIG insien deur die invloed daarvan op lewende dinge te ondersoek en LUG as kraggewende bron gebruik in hulle daaglikse opvoeding. Amein.

Wees getrou in julle diens aan My en My kindertjies en Ek sal julle met ewige seën beloon. Amein.

# HOOFSTUK 14

## Water op die aarde

Waters is reeds bespreek as geestelike sagmaakmiddel op hierdie aarde. Verder het water ‘n doel as lewensmedium, waaroor nog nie veel gesê is nie en ook ‘n doel tot omvorming van een aard na die volgende. Die lewens-medium waarin lewende dinge hulself bevind is nie net gevul met My Krag soos die Lug nie, maar met My Gees van Barmhartigheid, Miriam. In die water het die volume-krag verhouding nie meer soveel nut en sin soos in die lug nie. Om hierdie rede is beweging makliker en spoed nie verbind aan die wil op dieselfde manier as op die aarde nie. Ek het al hierdie in My orde en wil neergeplaas, ook dat daar op die aarde meer water-area’s as land-area’s is, om te toon dat die Gees in ‘n baie groter mate beskikbaar is, as hulpbron binne die mens as die Wil van die mens tot homself en sy eie kragte. Amein.

Om hierdie beter te belig, vra Ek elkeen wat hier lees om vertroue en geloof te beoefen, soos wat hulle wilsbesluite beoefen in hulle lewens. Die vreugde sal spoedig daaruit voortvloei dat My sorg onbepland en onvoorwaardelik op hulle neerreën, soos wat water as versagter van bewe-gingskrag, waterliggame help beweeg en massa verlig. Net soos wat dit in die vleeslike uitgelig word deur water se invloed op materie en in die geestelike deur die vleeslike sorg wat Ek laat voortvloei uit die vertroue en geloof wat Ek vra, dra dit nog ‘n veel dieper waarde en dit is die eenword van die siel met die water om dit as versorger en verligter van laste te waardeer. Indien elkeen kan insien dat om in water (Gees) ander van hulp te wees, hulle onderdompel in die watermassa van Barmhartigheid, sal die eenheid wat Ek

verlang van My Kinders en die geestelike sorg, voeding en groei wat Ek wil bied aan My Kinders sonder grense vergroot. Dit is My Wil en wat Ek van elkeen vra in die OERGRONDPOOL VAN MY LIEFDE, die Water om julle. Amein.

Hierdie Water moet op maniere aan kinders voorgestel kan word. Die beste en maklikste om hierdie les te toon is deur die eie beweging in 'n watermassa, maar indien dit nie moontlik is nie, sal die gebruik van 'n diep houer toon hoe stadig iets val in water as dit vergelyk word met die spoed waarmee iets val op hierdie aarde. Verduidelik dan dat die val wel die neerdaal tot 'n laer sielsvlak beteken en dat die gees die draer is van die siel om dit as te ware stadiger te laat neerdaal en te dra op die vorige vlakke. Dit kan egter nie die val keer nie, net vertraag. Die val is gekoppel aan die krag waarmee die siel gekoppel het aan verharde materie. Indien die hardheid weer wyk, sal die siel weer deur die water na bo gebring kan word. Amein.

In hierdie les moet al die geestelike aspekte met die kind bespreek word in verharding wat verkeerde gedagtes en handelinge (dus teen die Liefde van My en die naaste) behels. Ook wat neerdaal en opstyg beteken en laastens dat die Gees die helpende middel is tot redding (sigbaarmaking) van die siel. Soos wat die kind dan begryp dat siele wat neerdaal na die bodem van die waters toe onsigbaar raak in die gees en laer daal as waar hulle begin het, moet dit uitgelig word, dat dit ook lank voor hulle aardse lewens gebeur het en dat daar nou baie meer diepte is om uit gelig te word as vir die item wat gedaal het in die houer. Die enigste manier is om die water (My Gees) toe te laat om die siel sag te maak, sodat die water (My Gees) dit kan toelaat om weer na die oppervlak terug te keer en Krag uit die Lug

(Myself) te put. Amein.

Ek wil dat hierdie 'n duidelike beeld in elkeen van julle se harte word oor die Barmhartige hulpmiddel (Miriam-Gees) wat Ek vir julle agtergelaat het. Wees dankbaar en word een met haar in julle handel en wandel, sodat die krag van die water en waarheen dit julle wil voer vir julle duidelik word. Ek bied die volmaakte omgewing om julle te voed en diensbaar te maak as julle wil dit toelaat. Amein.

# HOOFSTUK 15

## Grond en Vuur

Deur na die water te kyk as versagtende medium tot beweging, bring dit die siel tot by vergelykende gedagtes, naamlik harde teenpole, waarvan grond en vuur dan die teenoorgestelde uitmaak. Grond as die harde, ongenadige medium vir beweging en Vuur as die harde, ongenadige verwoester van Lewe. Amein.

Hoe het hierdie verskynsels enige plek in My Geestelike Leer? Die hardheid van die wil is gekoppel aan beweging en arbeid op die land. Indien die water nie die regmatige plek in die siel inneem en alle afhanklikheid van die water (Miriam-Gees) besef word nie, sal die siel 'gekluister' wees aan die aarde en die barmhartigheid wat daar beskikbaar is met seisoene en weerverskynsels soos wat Ek dit toelaat. Hier sal die voeding deur harde arbeid en afhanklikheid bewerk moet word. So kan na die lot wat Adam te beurt geval het, verwys word, waar hy in die sweet van sy aanskyn sy brood moes verdien. Dit beteken soveel as dat die liggaam alle krag moet inspan om alles om hom diensbaar te maak en te soek na die diensbare soort plante om hom en sy gesin te voed. Indien die Barmhartige Gees gevra en vertrou was as voeding, sou daar veel meer na die gesin gekom het as voedende bronne om nie net die liggaam nie, maar ook die siel te voed. Amein.

Hierdie harde aarde put meer bronne van die siel uit as wat dit kan voed. Slegs water in klein hoeveelhede, soos op die aardbodem gevind, sal dan die siel kan voed tot groei. Helaas, hou dit net voeding in vir die vlees en slegs My Gees kan die siel laat groei. Amein.

Ek is alomteenwoordig in hierdie aardse toestand ook as sonkrag en in die lug, ja. Daarom is die mens nie alleen nie, maar nog steeds blind vir die bestaan daarvan en daarom nie deurentyd oop vir die gebruik daarvan nie. Amein.

Ek wil dat die mens beelde in gedagte hou by die vergelyking en herinnering van die geestelike elemente en groei, aangesien dit in alle bestaan die waarde-koppeling in My uitbeeld. Amein.

Hier is waar die vuur 'n belangrike les word. In die vuur word alles vernietig tot geen beeld of sigbare materiële elemente meer oor is nie. Slegs wat Ek geskep het as ewig-lewend sal oorbly. Om hierdie rede word na vuur as suiweringselement verwys. Geen aardse bande, eie wil buite My en ydele voorkoms kan stand hou teen die suiweringskrag van vuur nie. Vuur is nie deel van My Wese nie, dit is 'n skepping buite My, wat teen die orde en eenheid van My handel, maar aangesien die mens dan kies om buite My te lewe met een van hierdie eienskappe, bevind die siel homself dan in die vuur (My teenpool) en sal suiwering daardeur toegelaat word tot alle elemente wat by die teenpool hoort daarin vernietig is en net die ewig-lewende elemente weer na My kan terugkeer. Ek wil nie vir 'n siel hierdie weg toeskryf nie, maar die siel bring dit oor haarself as sy nie afhanklikheid en dankbaarheid vir My Waters en Wil toon nie. My Water kan wel die vuur blus indien die siel om My Liefde en Barmhartigheid roep in die suiweringsproses. Dan sal die siel haarself in 'n ander leersituasie bevind as in die verterende suiweringskrag van die vuur. Bekeer daarom van enige handelinge wat die siel sal open vir die eenwording met vuur as suiweringselement, want Ek kan net help waar My hulp verlang word. Amein.

Hierdie lesse moet ook aan 'n kind uitgebeeld kan word en

wel op die volgende maniere:

Eerstens moet die volume ten opsigte van massa en die krag wat daarvoor ingespan moet word vir beweging en arbeid op hierdie aarde aandag geniet om aan te dui wat ‘n siel wat op sy eie vermoëns ingestel is, moet aanwend om enige werking tot stand te bring.

Tweedens moet die omgewingsfaktore van seisoene en weerverskynsels se rol in die voorsiening van voedsel aan lewendes na hierdie geestelike les verwys.

Verder moet die vernietigende krag en gevaar van vuur vir alle materie ondersoek word en verwys word na die siel daarin wat nie vernietig kan word nie. Hier moet baie omslagtig verduidelik word dat vuur nie ‘n geredelike gebruikte middel is om enige werk te verrig anders as diensbare hitte-bereiding en vernietiging van middele wat nie gevraagd of nuttig is nie. Voorbrande val daarom in hierdie kategorie. In die bereiding van voedsel is vuur dus ‘n middel om iets verteerbaar te maak, wat andersins ‘n doel, maar ‘n onbruikbare hardheid besit het. Alles is deel van die geestelike bereiding van die siel om ‘n hoër en diensbare doel te kan dien. Amein.

Indien al hierdie inligting in die leermateriaal van die kind verweef word, sal dit deel raak van die erfenis van nageslagte en so sal almal weer die waarde aan die siel koppel wat Ek daarvoor bestem het op hierdie aarde. Ek wil dat almal met geestelike wakker harte na mekaar kyk en hulp verleen, sodat My aardes vol saad bemes en natgelei kan word en die oes ryklik geseën kan word. Amein.

Die opvoeding van die kind is die kernpunt vir al hierdie resultate en daarom vra Ek van My Kinders op hierdie aarde om met erns na hulle nageslag se geestelike lering en

alledaagse tydverdryf te kyk. Indien almal My gehoorsaam om spoedig ‘n geslag met geestelike helder bestaan in die Lewe te roep, sal die aarde se lot aansienlik verbeter. Amein.

Ek wil hierdie kennis seën in julle harte en verstande en julle so teruglei na Kanaän, waar julle vandaan kom. Alles lê egter in die wil van die mens om dit aan te neem of eenkant te laat. Roep My Miriam-Gees aan om lewend tussen julle te arbei, want die tyd daarvoor is hier. Amein.

# HOOFSTUK 16

## Armoede

Die grootste vorm van armoede is die armoede wat in die harte van My Geliefde Kinders heers, waarvan hulle meestal nie eers bewus is nie. Daardie behoeftes is uiteenlopend en tog onvervuld, daarom soek die siel na die vervulling op alle weë en plekke, behalwe by My. Ek wil die armoede wegvee en welige sorg tot julle beskikking stel, maar helaas is dit gegrond op die toe deur van die hart wat die Lig nie wil ontvang nie. Indien die deur wel oopgemaak word, is My Lig daar en kan dit voedend vir die siel dien. Amein.

Ek wil dat julle aan My Kindertjies die verskeie gevolge van armoede voorhou as uitvloeisels van geestelike tekortkominge in mense. In die geval van heerssug, sal daar armoede heers, omdat hoogmoed van hart oorspoel van die heerssugtige heerser na elke onderdaan onder hom. Elkeen sal dan neem wat hy begeer en so die heerssug lewend maak soos 'n verdrukkende organisme wat alles wil verslind. Die enigste manier om hierdie soort armoede te breek, is diepe gebedsondersteuning van die nederigste af, tot dit My Wil is om die heerssug te breek. Amein.

Die volgende vorm van armoede is as gevolg van nalatigheid van die kant van die heerser af. Indien die heerser nie die insig toepas wat nodig is om die onderdane te versorg en vooruit te beplan nie, sal die heerser die enigste wees wat nie onder die lot van die armoede benadeel word nie. Hierdie lot kan slegs gebreek word deur vir ander om te gee en hulle by te staan in hulle behoeftes, al is dit ten koste van die self. Ek sal op wonderbare maniere so aan versorgers voorsien om ander te help. Amein.

Die volgende rede vir armoede is die soeke na die verkeerde plesier. Hierdie armoede sal die hele volk, insluitend die heerser oorspoel, aangesien dit spruit uit 'n skaamtelose armoede van liefde. Indien die liefde vir al die verkeerde dinge die oorhand oor 'n volk geneem het, is die lot van die volk so erg soos dié van Sodom en Gomorra en kan Ek dit net wegvee om plek te maak vir 'n nuwe volk wat My sal liefhê. Wat anders behels My Liefde as eerbare waardes en naasteliefde. Alle liefdes wat daarteen is, is tot nadeel van die gemeenskap en die eie siel. Amein.

Armoede is ook te vinde in siele wat seergekry het. Hierdie armoede is deur gebedsgenesing en baie liefde oorkombaar. Indien 'n heerser aan hierdie tipe armoede lei, moet daar baie vir die heerser gebid word, want die kruispaaie van goeie en verkeerde weë lê dan gereeld voor die heerser. Gebed van andere kan die heerser help rig om weer te herstel van die seer en salwing kan die heerser weer ontvanklik maak vir My Liefde. Amein.

Al hierdie tipes oorsake vir armoede is 'n bewys van wat die siel benodig om 'n goeie diens te verrig. Elke siel kan haarself hiermee ondersoek om te sien in watter groef sy verval het, want slegs die siel wat heel is en My waarlik lief het, sal tot seën van ander siele kan handel. Ek wil dat elke siel die plek van seën vind, voordat haar aardse lewe verbygegaan het, daarom het Ek die aardse lewe toegelaat. Daardie plek is die eenwording met My Gees van Liefde. Dit omvat al die volmaakte vorme van Liefde vir My, die self en die naaste. In daardie vorm is die siel herstel in haar eersgeskape orde om te dien en kan Ek enige taak aan die siel oplê. Amein.

Leer My kleintjies dat daar herstel en bekering bestaan vir alle armoede, omdat dit spruit uit die toestand van harte. Ek

moet egter vir alle armoede van Liefde, vleeslike armoede inspan om die harte weer te veredel, voordat daar enige seën in die vlees reg gebruik sal word. Amein.

Die grootste les wat My kindertjies sal baat in hierdie verband is om hulle te leer bid om My aan te roep as Hulp en Versorger. Geen mens kan sy lot vir goed verander deur self sy sorg te probeer bewerk nie. Indien dit nie gepaard gaan met intense gebed en afhanklikheid dat My Wil sal geskied en Ek so die siel sal vorm na My Wil nie, sal die sorg kort voor lank agterweë bly en die siel van vooraf dwing tot hierdie gebed. Leer daarom My kindertjies van kleins af om so tot My te bid. Sê die ootmoedige gebed van die Onse Vader saam met hulle op as basis en volg daarna, soos dae verloop met ander gebede uit die hart om hulle te leer om afhanklik te wees van My sorg, leiding en Liefde. Gee aan hulle die geleentheid om self sulke gebede voor ander te bid en help hulle sagkens reg as daar verkeerde bewoording in die gebede is, na afloop van die gebed. Amein.

Hierdie voorbeeld van gebed is een van die grootste werke wat opvoeders as seën van 'n gemeenskap kan aanwend en My Krag en Liefde sal julle hierin bystaan as die wil daar is om die kindersiele op die Weg na My te lei. Amein.

Ek wil die armoede wegneem, maar solank dit in die harte heers, is die resultaat in die vlees onveranderlik. Bring die nood en afhanklikheid na My en Ek sal eers die harte en dan die toestand van die vlees daarmee aanraak. Amein.

Hierdie les is 'n deurlopende les in die opvoeding van 'n kind en moet altyd as verwysing dien om te sorg dat die kind die belangrikheid daarvan sal besef. Ek wil dat elkeen die armoede van siel teenwerk wat met onkruidsade begin. Rig daarom jou oë op na My Liefde en vra My om die onkruid uit te wys soos wat dit in die lewe kom op jou hart se grond, dat dit nie die goeie grond inneem en alle oeste verdring nie. Amein.

# HOOFSTUK 17

## Vuilheid

Die vuilheid van die vlees belemmer die suiwerheid van die Gees om met krag te kan werk. Hoe kan die vuilheid van die vlees uitgeken word vir heiliges, aangesien dit die wedergeboorte weerhou? Ek sal aan elkeen sy eie vuilheid uitwys as die siel My daarom vra, tog is daar stappe wat die siel kan volg om seker te maak dat die algemene vuilheid mee weggedoen is. Amein.

Die eerste stap wat Ek vra van alle siele wat hulleself uit die materie wil lig nader aan My is om met Barmhartige oë na hulle naaste te kyk. In die lig van die barmhartigheid is begrip opgesluit vir ‘n siel se harde wilshandelinge en kan die Lig wat Ek dan in die toeskouer plaas, die harde handelinge openbaar aan die siel wat so handel. In die Lig van My Barmhartige Liefde sal die ander een sy foute raaksien. Beskou so die Lig wat julle uitstraal na My klein kindertjies. Indien jou sagtheid in strengheid aan die kind toon dat hy of sy nou ‘n groot fout begaan het, hoef slegs die mate van Barmhartigheid genoeg tugtiging te wees in sommige misdade of oortredings. Indien die siel van die kind sag genoeg is om die hardheid van sy oortreding in die Lig wat van jou uitstraal, waar te neem, sal dit intense berou by die kind meebring en is harde tugtiging onnodig. Die kind sou egter nie gelei gewees het om berou te beleef indien die Lig van volmaakte Liefde hom of haar nie gewys het op sy foute nie. Beskou daarom die situasie van oortreding en versoening met baie deernis en bid om insig om die mate van teregwysing te gebruik wat by die siel pas. Amein.

Hierdie Lig van Barmhartigheid is in elkeen se eie siel ook

beskikbaar om Lig te werp op die eie vuilheid, want in My Lig kan daar geen ander vuilheid standhou in 'n siel nie. Solank die siel in 'n ootmoedige toestand van Liefde teenoor My staan, is daar nie grond vir enige ander duistere gedagte of handeling nie. Ondersoek dus die eie siel om die Liefde vir My daarin te beoordeel en daarmee ook die Lig wat voortvloei vanuit die siel na andere. Indien die Lig genoeg is om aan ander 'n son te wees, is die Liefde in die siel in die korrekte orde en moet daarop voortgebou word. Indien die siel egter ander ontstuimig maak terwyl hulle in toestande van Liefde verkeer het, moet noukeurig gevra word of dit as gevolg van Lig of Duister uitstralings ontstuimig geraak het in ander. Die antwoord is gewoonlik maklik te vind. Amein.

Nou moet die siel in hierdie uitstraling van Lig absolute nederigheid toepas om nie woorde saam met die Lig te laat vloei buiten waar kinders onderrig word nie. Slegs kindersiele in jou sorg mag gelei word om hulle eie foute reg te stel. In die volwasse siele rondom jou, moet die Liefde die aandrywing wees tot bekering en daarom moet die leidende Lig onder die groep baie gebed toepas om Liefde die oorheersende krag te hou. Amein.

Ek kan nie die groep nader as daar geen Liefde vir My bestaan nie, maar Ek kan die Liefde wat bestaan seën deur My Lig en so almal uit die kluistering van hulle eieliefde verlos wanneer daar selfs 'n sweempie van Liefde vir My onder 'n groep mense bestaan. Moet dus nie jouself ophou met 'n groep waar daar nie Liefde vir My te vinde is nie, maar beweeg aan na 'n volgende, tot die Lig wat daar uitgestraal word, jou siel aanspoor tot meer en groter Liefde. Die doel op hierdie aarde is nie om 'n hoeksteen in 'n groep te wees waar Ek die minste tyd en prioriteit inneem nie, maar om My die eerste prioriteit te maak en so My Lig

neer te laat op hierdie aarde. Indien Ek dan 'n groep op jou pad stuur waar meer Lig deurlopend ontvang word, moet die siel My ewige eenheid daarin ondersoek om te sien of dit wel 'n neerlating van die volmaakte suiwerheid is. Indien dit so is, kan die siel vir die res van haar dae daar diens doen, maar altyd met die skaal van Lig en Liefde in die een hand, want sodra die Liefde vir My uit die groep wyk, sal die Lig ook wyk en sal die siel weer moet aanbeweeg om 'n eenheid in My te vorm in 'n ander groep. Amein.

Vuilheid is dus alles wat teen die Lig van My Liefde staan en dus duister. Vuilheid is maklik ten toon te stel aan die kindertjies van My Liefde. Laat een kindjie in vuil grond, gras en blare rol en laat die ander dit vir hom afskud. Verduidelik dan dat die siel onaangeraak is deur die vuil, maar nie diensbaar is in die vuil toestand nie. Solank die siel dan ongemaklik is met sy eie vuilheid van blare, stof, grond en sand, voel dit beswaard daarmee en kan geen diensbaarheid van die siel verwag word nie. Die siel sal dan eers gehelp wil word om skoon te kom deur sagte afborseling en skoonskud en selfs soms die was van kledingstukke voordat dit weer vrymoedig sal help om enige werk te verrig. Net so is die siel in die mens gepla met die vuil wat aan hom vasklou van waarmee hy homself ookal besig gehou het. Vuilheid is dus nie iets wat die siel op haarself vergader, sonder om iets te doen wat dit meebring nie. Indien 'n siel haar weerhou van verkeerde handelinge en selfs gedagtes, sal 'n suiwer toestand gehandhaaf kan word, maar indien 'n siel haar soos 'n vark in die vuil gaan baai, wat selfs soms stinkende vuil kan wees, sal die vuil aan die siel kleef, tot hulp gevra is om die siel te help reinig. Ek self kan ook die hulpgewer wees, maar omdat die siel nie die hulp kan sien en beleef soos met die fisiese hulp van 'n geliefde nie, is dit 'n langsamer en moeiliker weg – slegs tot die siel ontwaak genoeg is in die

gees om meer waarde te heg aan My hulp as aan die van 'n ander persoon. Amein.

Vuil op hierdie aarde kan in vlakke gemeet word vir die skade wat dit aan gesondheid kan aanrig. Die 'bietjie' vuil wat hierbo bespreek is, kan so smetterig en giftig raak, dat 'n mens se hulp te min raak om die siel weer daarvan te suiwer. Dit is daarom so belangrik om die situasie waarin jy jouself inlaat te ondersoek om te bepaal hoeveel van My Lig daar wel te vind is. Indien My Lig nie gevind kan word nie, sal die vlak van vuilheid dalk te diep wees om weer in hierdie aardse lewe suiwering te vind. Bly daarom daar weg. Leer My kindertjies om My so lief te hê dat hulle geestesoë geopend kan kyk na omstandighede en mense om hulle en so te weet dat My Liefde daar is of nie. Ek wil die beste vordering en groei vir hulle bewerk tydens hierdie aardse bestaan en dit kan net gebeur indien My kleintjies verbeter uit hulle toestand en nie vuiler word nie. Amein.

Suiwere lewenswandel is gekoppel aan Liefde vir My, nie aan My Liefde vir julle nie. Die verantwoordelikheid om suiwer te lewe is daarom 'n opdrag en wilsbesluit. Suiwer lewenswandel kan aan My klein kindertjies voorgehou word as water se helderheid wat deursigtig, teenwoordig, weerkaatsend, suiwerend en sag is. Enige vertroebeling is onsuiwer voor My en voortspruitend uit liefde vir die vleeslike behagings en besit. Amein.

Gloei as 'n hemelse lig vir almal om jou deur jou hart elke dag te verseël in My Liefde. Bid dit voor enige werk begin en sluit die dag daarmee af as maatstaf tot heiligheid. Amein.

# HOOFSTUK 18

## Vrede

Hiermee stuur Ek 'n Lig van die Hemele na julle om julle harte se vertroebeling op te klaar. Vir elkeen wat hierdie woorde lees, gee Ek 'n kragtige versterking om julle naby My te hou in die kalm waters wat tussen julle lê. Ek is die Jahshua-Miriam ANKER van VERLOSSING wat julle uit die wêreld se maalkolk van vernietiging wil trek en in Eenheid met My Wese wil verkwik. Laat My toe deur uit te roep na My om julle uit die water te trek en op die water te laat loop aan My sy. Amein.

Vrede is 'n moeilike begrip om aan 'n kind oor te dra, maar omdat Ek julle vrede gee in die Waarheid wat Ek hier in julle hand plaas om My Kleintjies mee te onderrig, sal daar vrede in julle harte wees oor die onderrigmateriaal. Verdere vereistes van vrede sal julle help om dit aan My kindertjies oor te dra op die geskikste maniere vir hulle harte om dit in hulle op te neem. Neem byvoorbeeld die rustigheid van die planteryk in die onderrigmateriaal. Indien die kindertjies met tye in stilte gelaat word om plante, hulle groei en vorms te bestudeer en te oordink wat hulle tot lewe wek, sal die kindertjies spoedig die vreedsaamheid van ywer begin ontleed. Gee dan aan die kindjie die geleentheid om skeppend te werk en vra dat dit in dieselfde stilte van die so pas bestudeerde natuur moet geskied en die kindjie sal begin verstaan dat vrede lewe en skeppende krag behels. Gee vervolgens aan die kindjie die geleentheid om waterlewe te bestudeer en lig die vermoë van die wesens binne die water se beweging uit om met ywer te groei, te beweeg en te voed en maak die kindjie so bewus van die stilte en selfstandigheid waarmee die natuur te werk gaan

om te bly voortbestaan. Vrede beteken dus nie rus van alle handelinge nie, maar 'n eenheid van aktiwiteite en lewe om voortbestaan te verseker, sonder enige weerspannige optredes. Amein.

Die grootste teenwerker van vrede is die mens se vrye wil wat elkeen die eie belange voorop stel en daarna eers na die naaste omsien. Indien die mens dit bemeester om die naaste te dien in die noodsaaklike situasies wat na vore kom, sal daar vrede in almal se harte heers. Die belangrikste bewerker van vrede is dat die siel haar eie belange moet prysgee in die dien van die ander se belange. Daar sal wel genoeg tyd en ruimte wees om die self te versorg nadat die ander se behoeftes vervul is. Selfs by die sorg van selfsugtige kindersiele wat geen begrip het vir die behoeftes van ouer mense nie, moet die sorg, nie die bederf van die siele na omgesien word, voordat daar na die self gekyk word. Die onderskeid tussen sorg en bederf is 'n fyn lyn tussen bekragtiging en ontneming van krag van 'n siel. Elke 'sorg' moet goed beoordeel word in 'n hemelse gebed om te onderskei of dit wel die siel baat of te na kom deur toe te gee. Indien dit 'n behoefte van die siel is om tot groei te dien, moet dit eerste prioriteit geniet. Indien dit egter die siel se volmaakte groei sal skaad, moet dit gelaat word om in die niet te verdwyn. Kinders aanvaar gewoonlik met moeite dat 'n behoefte nie aan voldoen kan word nie. Die 'harde werklikheid' is hier waarlik van toepassing, want indien dit tot 'n siel se nadeel is, is dit in die 'werklikheid' van die gees 'n nietige versoek. Stel hiermee die volgende les aan My kindertjies rakende vrede, naamlik die ewigdurende waarde van 'n behoefte.

Bespreek elke behoefte as sorg vir 'n siel op die aarde of in die hiernamaals. Indien dit slegs vir die aarde is, bring dit

geen vrede mee nie, want die bevrediging 'raak op'. Dit moet herhaaldelik hernu word. Indien die bevrediging in die ewige is, maak dit 'versadig' en sal die honger vir dieselfde bevrediging nie terugkeer nie. Die behoefte sal verseker skuif na iets groters en meer omvangryk, soos wat die siel in My groei en meer nodig het om ewig te ontwikkel. Amein.

Hoe moet dit dan gedemonstreer word aan 'n kind? Gebruik die voorbeeld van 'n plantjie in die grond. Wanneer die plantjie tot lewe kom, het dit baie water in klein hoeveelhede nodig. Die wortelstelstel sal sodoende vergroot, totdat die plantjie groter hoeveelhede water op een slag kan verdra en verbruik. Die water bly 'n behoefte, maar die hoeveelheid daarvan en die benutting daarvan verskil van die begin na die einde van ontwikkeling. Later-aan sal blare, blomme, vrugte en sade deur die gebruik van die water voortgebring word. Dit bly afhanklik van die water, maar tot diens en nut van meer as die self. Die vrede-aspek word hier aangespreek deur die omsetting van die krag wat ontvang word tot 'n krag wat dien en so die energie versprei. Indien die energie binne die omvang van die opnamehouer moet bly, word die vrede versteur en kan die opnamehouer nie die energie alles verbruik nie. Dit veroorsaak woeste waters.

Hierdie les kan dus gebruik word in die verduideliking van enige onderrigmateriaal wat betrekking het op die opneem van energie as 'n behoefte en daarna die verbruik daarvan in diens of tot gebruik van ander. Indien die energievloei geblokkeer word om op die self en die bevrediging van eie behoeftes te fokus, sal die ewewig van die lewende organisme versteur word en vrede teengewerk word. Wees daarom 'n nuttige herleier van My Energie as Krag uit die Gees wat Ek aan julle open en dien My Skepping daarmee. Amein.

Vrede is dus die Liefde wat beleef word wanneer arbeid verrig word, want dit is My Krag wat deur die arbeider vloei. Hierdie Liefde is ewig en Lig deurlatend. Indien die arbeid gestaak word, kwyn die Lig en die Liefde ook in so 'n mate dat dit slegs herstel kan word indien arbeid weer in werking gestel word. Daarom het Ek tydens My wandel op aarde opdrag gegee dat daar aan julle siele gearbei moet word. Dit stel die Liefde in staat om in julle te vergroot en dit is die onderhouding van My gebod. Amein.

Hierdie kan aan My Kindertjies verduidelik word deur die voorbeeld van 'n moederhen. Sy lê haar eiers met die geloof en hoop dat daar kuikens sal voortkom uit haar eiers. Sy het haar nes ywerig berei en hou dan haar eiers met toewyding warm vir die volgende paar weke. Sodra die kuikens uitbroei, begin haar taak om geduld toe te pas met hulle manewales en voedselbehoeftes. Wanneer sy die kuikens gehelp het om self kos te gaan soek en 'n lêplek in die nag te vind, is haar taak volbring en kan die kuikens self aanbeweeg in hulle bestaan. Hier het die moederhen vrede gevind in elke taak as 'n tydelike noodsaaklikheid in die voortbestaan van lewe. Sy moes elke fase se toewyding met al My eienskappe aanpak om te sorg dat die nuwe lewe sal ontwikkel soos wat dit bestem is. Slegs oorgawe in die arbeid sal die moederhen met vrede laat om voort te gaan en die taak te voltooi van die begin tot die einde. Amein.

Ek wil hê dat al My Kindertjies beurte moet kry om hierdie vrede in die lewe om hulle raak te sien en te verwoord. So sal daar baie Lig instroom in hulle siele as hulle vind hoeveel arbeid daar rondom hulle geskied om lewe aan die gang te hou en dat daar geen klagtes bestaan, behalwe by die mens waar die eiebelange die wiel se beweging stop nie. Beskou dan die voortbeweging van seisoen tot seisoen en die

aanvaarding en loop van gebeure wat mekaar opvolg van jaar tot jaar. Ondersoek die natuur wat haar plig uitvoer in die voortbring van plantjies en diere, die weer wat voortrol om kenmerkende dinge te doen in elke seisoen en die son wat betroubaar daar is elke dag. Beskou die vrede wat verantwoordelikheid en betroubaarheid daarstel, sodat elke ander lewende afdeling sy holte in My Hand kan benut. So wil Ek ook 'n plek vir elkeen wat Ek in die lewe gestel het, gee. Indien die afhanklikes hulle afhanklikheid aan My erken en in vrede hulle arbeid verrig om ander afhanklikes te dien, sal hulle ontwikkeling en sorg in My Hand wees en kan Ek seën en toevertrou soos wat Ek Wil. Amein.

Hierdie les oor vrede is 'n moeiliker les wat 'n kind met die loop van ontwikkeling beter sal leer begryp. Moet dit dus nie net in een fase van onderrig aanraak nie, maar verwys gereeld daarna in die bespreking van lewe. Amein.

Ek wil dat elke mens hierdie beginsel in homself vaslê as hoeksteen van lewe, want daarin is Ek te vind en kan Ek met 'n siel gemeenskap hou. Indien die siel vol vrede, liefde en afhanklikheid na My kyk, kan die siel My hoor in alles wat Ek het om met die siel te deel. Indien die siel egter een van daardie aspekte in wanbalans laat, sal My stem onhoorbaar bly en die siel al hoe meer spartel en vrede verloor in die soeke na eie krag om arbeid mee te verrig. Amein.

Ek seën hierdie inligting in julle harte, sodat daar 'n eenheid onder My Kinders kan vorm, waar vreugde en dankbaarheid julle aanspoor om meer en meer arbeid van geesteswaarde te verrig. Amein.

# HOOFSTUK 19

## Sorg

In die bestudering van alles om die mens, kan daar duidelik gemerk word dat Ek die Sorg voorsien, sodat lewe aanhou vloei en voortbestaan. Sonder My Hand en Wil in alles, sou alles binne 'n baie kort tyd tot niet kon gaan. Net so sorg Ek vir die mensekinders op hierdie aarde, al beur hulle vooruit in die denke dat hulle hulle eie sorg kan bewerk. Dit is nie die waarheid nie. Om 'n kind te leer van geldsisteme en hoe geld vermeerder is nie in My wil nie, want dan koppel die kind waarde aan sorg, wat na ydelheid oorleun. Om 'n bord kos voor jou te hê, om geklee te wees in praktiese, diensbare kledingstukke, om 'n vesting te hê om in tuis te gaan en om die krag te hê om dit diensbaar in te rig en tyd oor te hê om ander te dien, is sorg wat 'n mens nie met waarde moet vergelyk met die van 'n ander nie. 'n Paleis se sorg is dieselfde sorg voor My as sorg in 'n wildernis. Indien aan alle behoeftes voldoen is, sodat die mens krag in homself ontvang om te arbei, is daar voldoende aan die siel verleen. Amein.

Hierdie sorg wat die wêreld so graag voorhou as beter as vir 'n ander, is die kern van My teenpool se bestaan, want daarmee word alle negatiewe eienskappe gevoed, wat teen My Liefde en Krag is. Ek wil dat daar in die leer wat julle aan My kinders voorhou geen melding gemaak word van betaling en verdienste nie, want My Lewe in die ewige is gebaseer op 'n hemelsbreë teenoorgestelde waardesisteem as wat tans op julle aarde in gebruik is. Ek gee aan almal genoeg om mee voort te bestaan, maar seën dit met 'n ewige waarde indien hulle afhanklikheid van My erken en die krag so eer deur Liefde en diensbaarheid. Amein.

In die mate waarin die afhanklike op My vertrou vir sorg, sal Ek voorsien en dit met ewigheidswaarde vermeerder. Beskou daarom julle lewens as 'n skatkis wat gevul moet word met ewige gawes en dat julle die waarde daarin toevoeg deur My toestroming van Krag in julle krag te vra en te eer. Indien Ek nie geken word in die bestaan en arbeid van 'n lewende nie, is daar nie 'n ewige bekleding, woning en Liefde in die siel te vind nie. Amein.

Al hierdie bied Ek julle aan as ewige sorg indien julle die beginsels van die lewe onderhou soos in hierdie Nuwe Bybel vir julle aangebied, want dit is julle ANKER VAN VERLOSSING in die teenpool se storm en oorweldigende mag. Amein.

My klein Kindertjies moet bewus wees van Krag om hulle, wat eksponensieel vermeerder kan word in arbeid, indien hulle My afhanklik en in Liefde daarvoor vra. Hulle moet My bestaan kan vind in alles om hulle en verstaan dat indien Ek erken word en daar met My saam 'n lewe geleef word, alle aardse waardes nietig is, omdat dit vergaan, maar dat Ek in My volheid die siel kan vul om aan haar ewige positiewe waardes toe te voeg. Amein.

Hoe moet hierdie aan 'n klein kindjie uitgebeeld word? Gebruik weer die voorbeeld van lig wat 'n ruimte vul. Indien die ruimte donker gelaat word, is dit vir niks diensbaar nie. Die lug verouder, groei en daarom kwyn krag weg, die spasie is beperk tot wat binne die grense lê, want alles buite is duister en onbekend en positiewe waardes raak moeilik te vind en uit te leef in die beperkte, donker ruimte. Indien daar lug binnestroom, is die grense verbreek en hernu dit die krag deurlopend binne die ruimte. Positiewe waardes is maklik te bou en 'n oorvloed van Krag is binne die ruimte se bereik. Hou dit aan die kind voor deur die voorbeeld van die hartsruimte. Indien die hartsdeur vir My geopen word, is die

waarde van die hart verhoog deur die toelating van My wat die ruimte rondom die hart beslaan. Ek is oneindig en bied daarom nie net oneindige horisonne om te verken nie, maar 'n oneindige toevloei van krag na die hart. Hierdie hart word dan 'n lewegewende ruimte om skeppings in te skep en te versorg en positiewe waardes te vergroot in die self. Koppel alle verwysings van sorg vir die kind aan hierdie hartsruimte, sodat die nuwe 'oorvloed' wat die kind ken, nie 'n dooie, groot getal is en alles wat daaraan vergelyk kan word nie, maar 'n bron van Lig, Lewe en Liefde. Amein.

Indien 'n kind My reeds op so 'n vroeë ouderdom as hierdie leer verstaan, sal die ewige omvang van My Wese te begryp word en binne My Kindertjies se bereik gestel wees. Maak dit 'n Liefde vir hulle deur hulle met opgewondenheid Lig en natuurklanke te laat ondersoek en waardeer. Maak van elke dag 'n nuwe geleentheid om iets mooi en nuut van die natuur aan hulle as ewige skat uit te wys en na te laat. Amein.

Ek sorg vir al My Kinders, maar Ek oorweldig die wat My waarlik liefhet met 'n vloed van Lewende Water, so sterk soos wat die siel dit kan hanteer. Amein.

# HOOFSTUK 20

## Liefde

Hiermee is nog ‘n hoofstuk in die Boek van Liefde voltooi. Weer sal Ek met julle in My aarde spreek om julle weë na My te rig en meer van julle met My te verenig, want elke boek spreek tot die siele van ‘n ander groep mense. Die Liefde in die harte van My Kinders is al wat Ek nodig het om ‘n ewigheid se skeppings tot die huidige by te voeg. Liefde wek dankbaarheid, diensbaarheid en ootmoed. Hierdie waardes is van ewige belang in die ontwikkeling van ‘n siel. Indien ‘n siel nie daarby uitkom nie, sal geen bruikbaarheid en groei by die siel te vinde wees nie. Amein.

Die Liefde wat onder julle heers is goeie voorbeelde wat aan My Kinders voorgehou kan word, mits dit onselfsugtige belange uitbeeld. Elke Liefde wat in die onderrig-opset bygevoeg word, moet eers gemeet word aan die mate van verhoging wat dit My Ewige bestaan bied en die mate van Liefde wat dit by My Kinders wek tot onderhouding van al die gebooie van My Liefde. Amein.

Liefde is ‘n basis, ‘n wyse van bestaan, ‘n medium tot Krag, dit is nie ‘n toevoeging tot ‘n lys van ander dinge nie. Indien die Liefde wat Ek aan Moses (Moshé) gegee het as waardesisteem vir Lewe nie onderhou word nie, kan die Liefde nie groei tot meer Liefde en groter diensbaarheid nie. Begin daarom altyd daarby en brei uit daarop met opvolgende lesse van onvoorwaardelike Liefde. Alles om julle praat die taal van My Liefde. Net die mens loop op afdraaipaaie weg van daardie taal. Dit is die taal wat verwar is by die toring van Babel. Geen groep mense het meer dieselfde taal van Liefde gepraat nie en daarom het hulle

mekaar vernietig in plaas daarvan om verder te bou aan hulle doel. Die verskynsel herhaal homself altyd by groepe mense waar die suiwer, ewige Liefde weggewys word om aan ander liefdes 'n groter plek in die hart te bied. Open altyd die groep se hart tot My Liefde en bou voort daarop, andersins kan die ewige taal nie onder julle ontwikkel nie en sal daar nie 'n Kanaän gevind word waar almal in My seën en sorg kan deel nie. Amein.

Ek breek hierdie Brood deur die hande van My Koningin van Liefde, Miriam, om aan almal 'n verhoging van sielevlak te bied. Dit is genoeg om elke siel te laat deurbreek na die ewige lewe wat versoen is deur haar in My. Ek kus elkeen op die voorhoof soos 'n Vader Sy Kinders na 'n lang tyd van afwesigheid en bestraal julle met My Liefde wat sonder einde is. Amein.

Word een met hierdie Waarhede wat Ek in julle hande geplaas het en leer dit aan al die Kinders van My Liefde wat in jou sorg is. Elkeen van hulle het nodig om in hierdie laaste dae die redding vanuit My teenpool se mag te ontvang. Ek roep My Engele wat op aarde beliggaam is om hulle take op te neem, want die wiel het gedraai. Amein.

Dit is die einde van hierdie boek in My Nuwe Bybel aan julle. Ek, Jahweshua-Miriam-Gees is onder julle om julle harte van alle vroeëre bande te verlos en bied aan elkeen die Krag daarvoor as die siel My daarom vra. Amein.

Julle Liefdevolle Skepper wat alles in stand hou, hou ook jou hart se uitnodiging dop, want daarop volg die ewige bekragtiging.

Amein.